UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GEMEENTEBOU EN DIE BEGELEIDING VAN ROUPROSESSE IN 'N KONTEKS VAN OMVATTENDE VERANDERING

(STEMME UIT DRIE GEMEENTES VAN DIE NG KERK SE NOORDELIKE SINODE)

**DEUR**

**WILLEM STERNBERG BOSHOFF**

**TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**IN**
**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**FAKULTEIT TEOLOGIE**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**2011**

**PROMOTOR: PROF MALAN NEL**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BEDANKINGS

My promotor, professor Malan Nel. Hy het woord gehou om my vriendelike opponent te wees. Oom Malan, u is ’n lewende voorbeeld van wat “lewenslange leer” is. Dit beteken u studente drink vars fonteinwater en nie slykerige damwater nie. Baie dankie.

Die NG Kerk-gemeentes Marondera, Louis Trichardt en Hartbeesspruit-Queenswood vir die voorreg om saam met julle in die leerskool van die geloof te wees. Dankie ook aan laasgenoemde twee gemeentes vir julle geduld, begrip en meelewing met hierdie groot projek!

My kollegas tydens die studiejare: Wynand Minnaar, André Botha, André Louw, Jan Pretorius, Karel Albrecht, Jan van den Berg, Jan Steyn, Kobus Gerber. Julle kollegaskap is vir my goud werd!

Vriende, familie en kollegas wat genoeg belang gestel het in my studies om op verskillende stadiums verskillende dele van die manuskrip te lees en vir my terugvoer te gee: Henri Boshoff, Jaco Dreyer, Elsie Venter, Drikus Kriek, Willem Boshoff, Dirk Human.

Die Sinodale Diensraad van die Noordelike Sinode en die gemeente Hartbeesspruit-Queenswood vir finansiële ondersteuning.

Die gemeentes en respondente wat deelgeneem het aan die gevallestudies.

Marti Gerber vir kundige taalversorging en redigering.

My familie van oorsprong, vir die ryk en gelowige omgewing om in gevorm te word.

My vrou Nalize en kinders Henri, Rudolph en Lynette – nie die gemiddelde gesin nie! Dis ’n voorreg om my lewe met julle te deel.

Soli deo gloria!

# INHOUDSOPGAWE

## Hoofstuk 1
## Bekendstelling van die studie-onderwerp. Navorsingsprobleem, hipotese, belang van die navorsing. Breë navorsingsmodel.


1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP 1
1.1.1 In die praktyk fokus NG-gemeentes eensydig na binne 1
1.1.2 Eensydige fokus na binne is teenstrydig met teologiese teorie 2
1.1.3 Die fokus was nie altyd so sterk na binne nie 4
1.1.4 Kontekstuele faktore in Suid-Afrika sedert 1990 7
1.1.5 Drie prominente samelewingskonsepte: verandering, verlies en treur 8

1.2 NAVORSINGSPROBLEEM 8
1.2.1 Teorie en praktyk klop nie 9
1.2.2 Hoekom klop teorie en praktyk nie? 9
1.2.3 Geformuleerde navorsingsprobleem 10

1.3 NAVORSINGSVERMOEDE 11

1.4 NAVORSINGSDOEL 12

1.5 WERKSHIPOTESE 13

1.6 AFGRENSING EN BEPERKINGS 13
1.6.1 Teologies 14
1.6.2 Kerklik 14
1.6.3 Geografies 14
1.6.4 Empiries 14
1.6.5 Navorsingsmetodologies 14
1.6.6 Die jare 1990-2010 15

1.7 DEFINISIES VAN BELANGRIKE TERME EN KONSEPTE 15
1.7.1 Teologie 15
1.7.2 Praktiese Teologie 15
1.7.3 Evangelie 16
1.7.4 Gemeentebou 16
1.7.5 Verandering 16
1.7.6 Verlies 16
1.7.7 Treur 16
1.7.8 Rou 17

1.8 ASPEKTE VAN VERANDERING IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990 17
1.8.1 Politieke verandering 18
1.8.2 Staatkundige verandering 19

1.8.3 Demografiese verandering 19
1.8.4 Sosiale en kulturele verandering 20
1.8.5 Ekonomiese verandering 21
1.8.6 Onderwyskundige verandering 22
1.8.7 Veranderinge ten opsigte van taal 22
1.8.8 Grondsake, landboukundige verandering 23
1.8.9 Kerklike verandering 24
1.8.10 Verandering in sport 24
1.8.11 Misdaad, persoonlike veiligheid 24
Gevolgtrekking 25

1.9 KONTEKS: KOMPLEKSE VERANDERING, VERLIES EN ONAFGEHANDELDE TREUR 25
1.9.1 Rassisme en vervreemding 26
1.9.2 Emigrasie 26
1.9.3 Gemeentebou in ’n konteks van verlies 28

1.10 BELANG, RELEVANSIE, AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING 28
1.10.1 Afskeid van ou bedeling leerstellig geneem, nie pastoraal nie 29
1.10.2 Minder geslaagde begeleiding 30
1.10.3 ‘n Sinvolle rouproses lei na nuwe identiteit 31
1.10.4 Is die navorsingstema belangrik? 32

1.11 METODOLOGIESE VERANTWOORDING 33
1.11.1 Epistemologiese verantwoording 33
1.11.2 Breë navorsingsmodel 34
1.11.2.1 Heyns & Pieterse 34
1.11.2.2 Browning 35
1.11.2.3 Osmer 36
1.11.2.4 Voorkeurnavorsingsmodel: Heitink 37

1.12 OORSIG OOR DIE STUDIE 38
1.12.1 Hermeneutiese siklus 38
1.12.2 Empiriese siklus 39
1.12.3 Strategiese siklus 40

## Hoofstuk 2
## Rasionaliteit en epistemologie, die “nuwe” praktiese teologie, navorsingsontwerp

2.1 EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE 41
2.1.1 Objektiewe waarheid of kontekstuele geldigheid? 41
2.1.2 Epistemologiese ontwikkelings na die renaissance 42

2.1.2.1 Newton 42
2.1.2.2 Einstein 46
2.1.2.3 Gadamer en Habermas 48
2.1.3 Teologie en ander wetenskappe 50
2.1.4 Postfundamentele epistemologie vir die teologie 51
Samevatting 53

2.2 DIE "NUWE" PRAKTIESE TEOLOGIE 53
2.2.1 Hoekom "nuut"? 53
2.2.2 Praktiese teologie se agenda: hoe kan gelowiges ten beste woeker met dít wat God aan hul toevertrou het? 55
2.2.3 Paradigmaskuif: 'n nuwe wetenskap gebore in krisistye 59
2.2.4 Gesagskrisis, nadraai van die verligting 60
2.2.5 Praktiese teologie: 'n krisiswetenskap 62
2.2.6 Praktiese teologie is teologie 63
2.2.7 Praktiese teologie is geanker aan die konteks 66
2.2.8 Praktiese teologie is prakties en betrokke 67
2.2.9 Watter praktyk? 70
2.2.9.1 Praktyk van predikante se ampswerk 70
2.2.9.2 Eerste verbreding: Al drie besondere ampte 71
2.2.9.3 Tweede verbreding: Ook die amp van die gelowige 71
2.2.9.4 Derde verbreding: Christelike geloof in die samelewing 73
2.2.10 Kommunikasie van die Evangelie in historiese perspektief 74
2.2.11 Handelingelingswetenskaplike benadering 74
2.2.12 Empiriese navorsing in teologie? 75
2.2.13 Gemeentes is pneumatologiese en sosiale verskynsels 78
2.2.14 Praxis as kenbron in die teologie: Breër siening van die studie-objek van teologie 79
2.2.15 Teologiese fundering van praxis as kenbron in die teologie 81
2.2.16 Teologies-kritiese element: "In diens van die Evangelie" 83
2.2.17 Breër studie-objek vereis ekstra metodes 86
2.2.18 Kwalitatiewe en/of kwantitatiewe metodes? 87
2.2.19 Hoe word 'n prakties-teologiese ondersoek gedoen? Die teorie-praxis verhouding 87
2.2.20 Dubbele beweging vanaf bestaande praxis 89
2.2.21 Praktiese teologie as hermeneutiese kommunikasiewetenskap 90

2.3 DIE EMPIRIESE NAVORSINGSPROJEK 91
2.3.1 Praktiese teologie beweeg naby aan die empiriese werklikheid 91
2.3.2 Empiriese siklus in wisselwerking met hermeneutiese en strategiese siklusse 92
2.3.3 Metodologiese oorwegings 93
2.3.4 Keuse vir konstruktivistiese metodologie 93
2.3.5 Die keuse vir die kwalitatiewe styl van navorsing 95
2.3.5.1 Holistiese, interpretatiewe, in-diepte ondersoek 97
2.3.5.2 Konteks, teenstrydighede en geldigheid van bevindings 98
2.3.6 Motivering van die keuse vir die kwalitatiewe navorsingstyl 99
2.3.7 Beginsels in alle kwalitatiewe navorsing 102
2.3.7.1 Nog kenmerke van kwalitatiewe navorsing 104

2.3.8 Die persoon van die navorser in kwalitatiewe navorsing 104
2.3.9 Verklaring van persoonlike belang 106
2.3.10 Praktyknavorsing deur deelnemer-waarnemer 112
2.3.11 Empiriese navorsingsontwerp en die navorsingsprobleem 114
2.3.11.1 Twee groepe probleme 114
2.3.12 Empiriese navorsingsontwerp en die werkshipotese 115
2.3.13 Empiriese navorsingsontwerp en die navorsingsdoelwitte 116

2.4 NAVORSINGSONTWERP 117
2.4.1 Die keuse vir twee aanvullende kwalitatiewe strategieë 117
2.4.1.1 Deelnemende waarneming 118
2.4.1.2 Gevallestudies, prosesbeskrywing 119
2.4.2 Analise van die gegewens 121
2.4.3 Gevallestudies: tegnieke vir data-insameling 121
2.4.3.1 Half-gestruktureerde diepte-onderhoude met individue 121
2.4.3.1(a) Skedule met konsepte vir onderhoude 122
2.4.3.2 Onderhoude met fokusgroepe 123
2.4.3.3 Analise van gemeentelike dokumente 125
2.4.4 Seleksie van drie gemeentes vir gevallestudies 125
2.4.4.1 Eers 'n geheelbeeld 126
2.4.4.2 Seleksie is nie verteenwoordigend van alle gemeentes nie 126
2.4.4.3 Seleksie streef wel daarna om verskeidenheid weer te gee: faktoranalise 126
2.4.5 Seleksie van respondente 128
2.4.6 Prosedure met individuele onderhoude en fokusgroepe 129
2.4.7 Kort beskrywing van geselekteerde gemeentes 130

## Hoofstuk 3
## Gemeentebou in sistemiese perspektief

3.1 SISTEEMTEORIE 133
3.1.1 Sisteemteorie onderliggend aan praktiese teologie 134
3.1.2 Freud se fokus op die individu 136
3.1.3 Eerste deurbraak: fokus op interaksie 137
3.1.3.1 Sirkulêre kausaliteit 138
3.1.3.2 Wat gebeur elders? 140
3.1.3.3 Homeostase, ekwilibrium 141
3.1.3.4 Morfostase en morfogenese 142
3.1.4 Tweede deurbraak: sisteem na ekosisteem 143
3.1.4.1 Inklusiewe, anti-reduksionistiese benadering 143
3.1.4.2 Ekosisteme is onvoorspelbaar 144
3.1.4.3 Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie 144
3.1.4.4 Familieterapie en die ekosistemiese benadering deel van nuwe epistemologie 146
3.1.4.5 Sistemiese navorser is deelnemer 147
3.1.4.6 Sisteme in die navorsingsprobleem en werkshipotese 148

3.1.4.7 God en ekosisteme 149
3.1.4.8 Sisteme van die verlede, prosesbeskrywing 149
3.1.4.9 Narratiewe perspektiewe 150
3.1.5 Ekosistemiese blik op verandering in Suid-Afrika sedert 1990 151
3.1.5.1 Aspekte van verandering in Afrika sedert 1957 151
3.1.5.2 Aspekte van verandering in die res van die wêreld 153
3.1.5.3 Saamgestelde effek: die kompleksiteit van gelaagde verandering 156

3.2 GEMEENTEBOU AS OMVATTENDE, REFORMATORIESE BEDIENING 157
3.2.1 Vertrekpunt: optimistiese siening van gemeentes 158
3.2.2 Gemeentebou se plek binne die praktiese teologie 161
3.2.3 Eksegetiese basis: die "bou" metafoor 162
3.2.3.1 Herkoms van die Ou-Testamentiese metafoor 162
3.2.3.2 Die "bou"-metafoor by Jeremia 163
a. "Bou-afbreek" as begrippe-paar in tandem met "plant-uitruk" 164
b. Gemeentebou is 'n langtermyn- en prosesmatige bediening waar tydsverloop en tydsberekening saak maak 167
c. Die mens Jeremia is geroep om as God se profeet te "bou" en te "breek" 170
d. Geen geografiese of nasionale beperkings nie 171
e. God "bou" en "breek af". Alle gemeentebou-inisiatief kom van God 174
f. Genadetyd 176
g. Getallegroei 178
h God verkies "bou" bo "breek" 179
3.2.3.3 Die "bou"-metafoor in die briewe aan die Korintiërs 180
a. Verdeeldheid is altyd kontra-produktief 182
b. Christus is die norm: die één fondament en die een hoeksteen 183
c. Die gemeente is die gebou van God en elke lidmaat tel 185
d. God die Vader is die Oorsprong en Eienaar van die gebou 185
e. Bouers wat voortbou op die fondament is *dienaars* wat hulle opdragte van die Eienaar kry 186
f. "Afbreek" is altyd 'n moontlikheid 187
g. Bouwerk moet van kwaliteit getuig 187
h. Niemand moet op mense roem nie 188
i. Die teenwoordigheid van gawes waarborg nie 'n gesonde gemeente nie 189
3.2.3.4 Gemeentebou-perspektiewe uit ander Skrifgedeeltes 190
3.2.4 Gemeentebou: 'n werksdefinisie 190
3.2.4.1 Gemeentebou is 'n reformatoriese bediening 191
3.2.4.2 Reformatoriese ekklesiologie 192
3.2.4.3 Gemeentebou is 'n omvattende bediening 194
3.2.4.4 Gemeentebou is 'n integrerende bediening 194
3.2.4.5 Gemeentebou is 'n gemeentelike aktiwiteit 195
3.2.4.6 Die gemeente is 'n teken van die komende koninkryk van God 195
3.2.4.7 Opbou en uitbou in balans 196
3.2.4.8 Gemeentes het 'n roeping met twee komplementêre kante 196
3.2.5 Fases in gemeentebou 197
3.2.5.1 Motivering, ontvriesing en missieformulering 197

3.2.5.2 Gemeente-analise 198
a. Gemeenteprofiel 198
b. Omgewingsdiagnose 198
c. Gemeentediagnose 199
3.2.5.3 Strategiebeplanning 200
3.2.5.4 Implementering van strategiese plan en bereiking van doelwitte 200
3.2.5.5 Evaluering, stabilisering en herhaling van die proses 200

## Hoofstuk 4
## Kollektiewe treur en rou

4.1 'n BEELD VAN DIE ONAFGEHANDELDE TREURPROSES 202
4.2 GEMEENTEBOU EN ROU? 207
4.2.1 Treurproses se impak op gemeentebou 208

4.3 KLASSIEKE TEORIEË OOR TREUR EN ROU 209
4.3.1 Freud: Treurendes beweeg deur tipiese fases of stadia 209
4.3.2 Lindemann: Normale treur het vyf elemente 210
4.3.3 Bowlby, Parkes: Fases- en stadiateorie 210
4.3.4 Worden: Treurtake 212
4.3.5 Intervensie is moontlik 212
4.3.6 Kübler-Ross: vyf stadia by sterwendes 213
4.3.7 Sterwe en verlies 214
4.3.8 Verbreding na ander verliese 214
4.3.9 Verlies is 'n normale deel van die lewe; treur kom oral voor 215
4.3.10 Geantisipeerde verlies 217
4.3.11 Negatiewe fisiese en sielkundige gevolge van verlies 218
4.3.12 Die verlore geliefde is onvervangbaar 219
4.3.13 Kollektiewe onderbewuste 221
4.3.14 Onderskei treur van rou 223
4.3.15 Treur tap energie; rou stel energie vry 224
4.3.16 Gemeentes kan kies om hoopvol te rou 225
4.3.17 Rou oor afskeid van apartheid? 226
4.3.17.1 Ouer lidmate se verlies 230
4.3.17.2 Middeljarige lidmate se verlies 230
4.3.17.3 Jonger lidmate se verlies 231
4.3.18 Kontekstuele rou en deurlopende rou 231

4.4 DIE ROL VAN LEIERS IN GEMEENTELIKE ROU 232
4.4.1 Watter soort leier fasiliteer werklike groei? 235
4.4.2 Die dominante leier 235
4.4.3 Die betekenisvolle leier 236
4.4.4 Leierskap in spanverband 237

4.5 BYBELSE VERLIESLITERATUUR 238
4.5.1 Wêreldwye nuwe belangstelling in die klaaglied 238
4.5.2 Die funksie van klaagliedere vir gelowiges in rou 239
4.5.3 Klaagliedere is verhoudingsinstrumente 241
4.5.4 Geykte struktuur van die klaaglied 243
4.5.5 Bybelse vloek- en wraakpsalms 244

4.6 EREDIENSTE IS GELEENTHEDE VIR BEGELEIDE, OPENBARE ROU 244
4.6.1 Grondatmosfeer in die erediens 246
4.6.2 Ritueel en sorg in die erediens 247
4.6.3 ’n Rouliturgie? 248
4.6.4 Ambivalensie in ’n rouliturgie 249

4.7 VERWAGTE UITKOMSTE VAN ‘N SINVOLLE ROUPROSES 250

**Hoofstuk 5**
**Empiriese navorsing: stemme uit drie gemeentes van die Noordelike Sinode** 252

5.1 EMPIRIESE SIKLUS 253
5.1.1 Een navorsingsmodel, drie invalshoeke 253

5.2 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 1 254
5.2.1 Fase 1: half-gestruktureerde onderhoude 254
5.2.1.1 Inhoudsanalise aan die hand van eerste aspek van die navorsingsdoel 254
a. Magsverlies van Afrikaners 255
b. NG Kerk was dominant; het aansien verloor 256
c. NG Kerk verloor lidmate 257
d. Charismatiese beweging 257
e. NG Kerk dra die las van apartheid 258
f. Verdeelde Afrikanerdom voor 1990 258
g. Militêre betrokkenheid, orde en vrede 258
h. Misdaad 259
i. Wanfunksionerende staatsdiens 260
j. Transformasie, regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging 261
k. Wrokkig teenoor ou politici 262
l. Staatkundige veranderings en demografiese verskuiwings 262
m. Lidmaatverliese en finansiële nood 264
n. Verlies aan kundigheid 264
o. Grond-eise 264
p. Karakter van gemeenskap verander 266
q. Armoede 267
r. Nuwe maatskaplike probleme - NG Kerk hanteer dit alleen 267

s. Profiel van gemeente 1 verander drie keer 268
t. Emigrasie 268
u. Tradisionele gesagstrukture geld nie meer nie 269
v. Verlies ten opsigte van skole 270
w. Posisie van Afrikaans 270
x. Houding teenoor die regering het verander 271
y. Moraliteit 271
z. Verlies van hoop 272
aa. Omvangryke verandering en verlies 273
bb. Kollektiewe verlies en treur 273
cc. Treurproses onafgehandel 274
5.2.1.2 Hoe word verandering en verlies hanteer? 275
a. Ontkenning 275
b. Onttrekking 276
c. Isolasie en verbittering 277
d. Woede 277
e. Leiers vermy rou 278
f. Treur en glo tegelyk 278
5.2.1.3 Inhoudsanalise aan die hand van die tweede aspek van die navorsingsdoel 279
5.2.1.4 Nabetragting en evaluering van eerste fase van die gevallestudie 283
5.2.1.5 Konsepte vir die fokusgroep 284
5.2.2 Fase 2: onderhoud met fokusgroep 285
5.2.2.1 Inhoudsanalise aan die hand van eerste aspek van die navorsingsdoel 286
a. Oorgang was makliker as wat verwag is 286
b. Grond-eise het die seerste gemaak 286
c. Finansiële verlies 287
d. Wetteloosheid 288
e. Verlies van ‘n toekoms en drome 288
f. Goeie verhoudings het versuur 289
g. Grond-eise ‘n landboukundige mislukking 290
h. Grondliggende veranderings van die gemeenskap 292
5.2.2.2 Treursimptome 294
a. Aggressie 294
b. Isolasie, anti-sosiale gedrag 295
c. Depressie 295
5.2.2.3 Inhoudsanalise aan die hand van die tweede aspek van die navorsingsdoel 295
5.2.3 Opsommend resultate van fases 1 en 2 296

5.3 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 2 298
5.3.1 Seleksie van respondente 298
5.3.2 Inhoudsanalise aan die hand van die eerste aspek van die navorsingsdoel 300
5.3.2.1 Magsoorname 300
5.3.2.2 Transformasie is omvattend 300
5.3.2.3 Tempo van verandering was te vinnig 301
5.3.2.4 Verandering van streeksregering 302
5.3.2.5 Dorp word stad 303

| | | |
|---|---|---|
| 5.3.2.6 | Demografiese verskuiwings | 303 |
| 5.3.2.7 | Stadsbevolking se rasse-samestelling het verander | 305 |
| 5.3.2.8 | Minder lidmate, minder inkomste uit dankoffers | 305 |
| 5.3.2.9 | Fokus op oorlewing | 307 |
| 5.3.2.10 | Laer vlakke van kerklike betrokkenheid | 307 |
| 5.3.2.11 | Openbare posisie van die NG Kerk | 307 |
| 5.3.2.12 | Onsekerheid | 308 |
| 5.3.2.13 | Geloofwaardigheidskrisis | 308 |
| 5.3.2.14 | Ontnugtering met ou bedeling se leiers | 309 |
| 5.3.2.15 | Ouer mense kry swaarder | 310 |
| 5.3.2.16 | Vroue vaar beter as mans | 311 |
| 5.3.2.17 | Werksverliese, loopbaanverliese | 311 |
| 5.3.2.18 | Gesinne onder druk | 313 |
| 5.3.2.19 | Einde van die patriargale stelsel | 313 |
| 5.3.2.20 | Tradisionele godsdiens vs denkende godsdiens | 313 |
| 5.3.2.21 | Misdaad neem toe; verlies van werkstrots en werksbevrediging | 314 |
| 5.3.2.22 | Werksetiek | 315 |
| 5.3.2.23 | Laer standaarde van dienslewering | 316 |
| 5.3.2.24 | Verlies aan natuurlike aanklank | 317 |
| 5.3.2.25 | Rassisme | 317 |
| 5.3.2.26 | Sekondêre, werksverwante verandering en verlies | 318 |
| 5.3.2.27 | Misdaad en verandering in lewenstyl | 319 |
| 5.3.2.28 | Huisbesoek | 320 |
| 5.3.2.29 | Pastorale sorg in ‘n konteks waar mense hulle onttrek | 321 |
| 5.3.2.30 | Bywoning van eredienste | 321 |
| 5.3.2.31 | Boere | 322 |
| 5.3.2.32 | Blankes verloor moed; verloor hoop | 322 |
| 5.3.2.33 | Emigrasie | 323 |
| 5.3.2.34 | Nog samelewingsveranderings | 323 |

5.3.3 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE TWEEDE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL 324

5.3.3.1 Treurreaksies 324

| | | |
|---|---|---|
| a. | Ontkenning, ontvlugting, ontnugtering | 325 |
| b. | Kla, voel verontreg | 326 |
| c. | Geen toekomsperspektief, min energie | 326 |
| d. | Woede, aggressie, soek ‘n sondebok | 326 |
| e. | Emosionele pyn | 327 |
| f. | Depressie | 327 |
| g. | Gees van negatiwiteit | 327 |
| h. | Nuwe identiteit, meer energie | 328 |

5.3.3.2 Versorgingsdimensie 329

5.3.3.3 Missionêre dimensie 331

5.3.3.4 Nie in balans nie? 332

5.3.3.5 Opsommend gevallestudie 2 333

5.4 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 3 334
5.4.1 Seleksie van respondente 334
5.4.2 Prosedure met die hantering van die data 335
5.4.3 Inhoudsanalise aan die hand van die eerste aspek van die navorsingsdoel 335
5.4.3.1 Omvattende verandering van die hele samelewing 336
5.4.3.2 Magsverlies 336
5.4.3.3 Leierskap in politiek en samelewing verander 337
5.4.3.4 Christelike staat verander in 'n sekulêre staat 338
5.4.3.5 NG Kerk staan in 'n ander verhouding met die staat 338
5.4.3.6 Afrikaanse Protestantse Kerk 339
5.4.3.7 Persoonlike siftingsproses 339
5.4.3.8 Misdaad, veiligheid 340
5.4.3.9 Onsekerheid 341
5.4.3.10 Veranderings by die werkplek 342
5.4.3.11 Misluk die skoolstelsel? 347
5.4.3.12 Posisie van Afrikaans 347
5.4.3.13 Held of skurk? 348
5.4.3.14 Afrikaanse mans en hulle gesinslewe is onder druk 350
5.4.3.15 Boikotte en internasionale isolasie is deurbreek 351
5.4.3.16 Die NG Kerk was "geslote" en het "oper" geraak 352
5.4.3.17 Ander lewensgevoel 353
5.4.3.18 Emigrasie 353
5.4.3.19 Egte en onegte skuld 355
5.4.3.20 Patriargale samelewing, kritiese samelewing 356
5.4.3.21 Ouderdom maak saak 357
5.4.3.22 Kortliks 357
5.4.3.23 Gemengde beeld oor treur 359
5.4.3.24 Posisie van gemeente 3 ten opsigte van treur 360
5.4.4 TReursimptome. Hoe word verandering en verlies hanteer? 361
5.4.4.1 Ontkenning 361
5.4.4.2 Aggressie 362
5.4.4.3 Emosionele pyn 363
5.4.4.4 Moedeloosheid, depressie, wanhopigheid 363
5.4.4.5 Onderhandeling 364
5.4.4.6 Aanpassing by nuwe omstandighede, nuwe energie 364
5.4.4.7 As een lid ly... 365
5.4.4.8 Is mans risikogevalle? 365
5.4.4.9 Langdurig, onvoltooid, kollektief? 365
5.4.4.10 Sal dit help as die kerk rou fasiliteer? 366
5.4.4.11 Verlies en die krag van die gereformeerde geloof 367
5.4.4 Inhoudsanalise aan die hand van die tweede aspek van die navorsingsdoel 368
5.4.4.1 Lidmaatbetrokkenheid 368
5.4.4.2 Balans 368
5.4.4.3 Na binne 369
5.4.4.4 Na buite 370
5.4.4.5 Opsomming: gevallestudie 3 371

5.5 OPSOMMING VAN AL DRIE GEVALLESTUDIES 372
5.5.1 Vergelyking met treursimptome wat ander waarnemers opmerk 375

## Hoofstuk 6
## Strategiese siklus 377

6.1 VERRYKING VAN DIE GEMEENTEBOUTEORIE 378
6.1.1 Gemeente-analise: kontekstuele perspektiewe op verandering, verlies en treur 379
6.1.1.1 Gemeenteprofiel 379
6.1.1.2 Omgewingsdiagnose 380
6.1.1.3 Gemeentediagnose 381
6.1.2 Strategiebeplanning: perspektiewe op intensionele, gemeentelike rou 381

6.2 HOE KAN GEMEENTES ROU? 384
6.2.1 Die beginpunt: leiers wat rou 385
6.2.2 Die skep van 'n veilige atmosfeer in die gemeente 386
6.2.3 Herwaardering van die Bybelse klaaglied 387
6.2.3.1 Leer ken die genre van die Bybelse klaaglied 387
6.2.3.2 Sing en bid die klaagliedere 388
6.2.3.3 Skryf 'n eie klaaglied 389
6.2.4 Benutting van vloek- en wraakpsalms 389
6.2.5 Rou in gemeentelike pastoraat 389
6.2.6 Huisbesoek herleef? 393
6.2.7 Eredienste is geleenthede vir begeleide, kollektiewe rou 393
6.2.7.1 Grondatmosfeer in die erediens 393
6.2.7.2 'n Rouliturgie 394
6.2.8 Rou in kleingroepe 397
6.2.9 Benutting van bestaande geleenthede 398
6.2.10 Vryheidsdag 398
6.2.11 Nasionale konferensie 27 April 2014 399
6.2.12 Rou oor verlies mag nie rassisme aanmoedig nie 399

6.3 HIPOTESE 400

BRONNELYS 401

# SUMMARY

This study examines the impact of rapid and multi-faceted change (both domestically and internationally over the past four decades) on the Dutch Reformed Church. 2 February 1990 is taken as a water shed date in the history of South-Africa: a speech in parliament of former president FW de Klerk put South-Africa on a course of fundamental change in all spheres of society.

The research problem deals with loss the Afrikaans community experiences as a result of societal change. The result of change and loss is long-lasting, collective grief. Grief is defined as the normal, spontaneous reaction to change and loss. Unresolved grief and nostalgia saps a lot of energy and tends to turn a congregation's attention to itself, thereby contradicting the sound reformed ecclesiology. There is no appropriate practical theological theory to help congregations address unresolved grief. Change, loss and grief are made focus points for theological reflection and empirical study. The guiding hypothesis states that efforts to build up the local church are more likely to succeed, once the "black holes" of unaddressed grief have been dealt with by a collective and on-going process of mourning. Mourning is defined as an intentional and courageous process of letting go of different losses. It is hard work, but the result of deliberate mourning is growth – and eventually a more appropriate, new identity. Unresolved grief causes congregations to get stuck in survival mode, in stead of reaching out to the nations with the gospel of Jesus Christ. Mourning is an antidote (Hamman 2005:35).

The research model of G Heitink (1993) is employed to generate fresh practical theological thinking on the research problem: that congregations fail to live according to their missional identity. The hermeneutical cycle explores the "new" practical theology in the framework of a post-Einstein epistemology, as well as the theory of building up the local church in the framework of an ecosystemic meta-theory. The hermeneutical cycle is concluded with the study of contemporary theories of loss, grief and mourning. The empirical cycle reports the results of a

qualitative empirical study in three local congregations of the Northern Synod of the Dutch Reformed Church. A rich description is given of 31 respondents' experience of loss and grief in the new South-Africa. It is established that unresolved grief indeed impacts negatively on efforts to build up the local church. The strategic cycle searches for practical theological wisdom and for a theory that can guide congregations to more productive responses to change and loss. The research boils down to twelve strategic suggestions for local congregations on how to make collective mourning a normal and on-going part of their ministry.

The study concludes with the hypothesis that practical theology can serve the church by developing a theory that integrates intentional mourning and grief work as a necessary and normal aspect of ministry.

# KEY TERMS

Practical theology

Building up the local church

Societal change

Loss

Grief

Tasks of mourning

Hermeneutical, empirical and strategic cycles

Qualitative empirical research

Postfoundational epistemology

Constructivist methodology

Case study

Focus group

Holding environment

Lament

Significant leader

# HOOFSTUK 1

# BEKENDSTELLING VAN DIE STUDIE-ONDERWERP. NAVORSINGSPROBLEEM, HIPOTESE, BELANG VAN DIE NAVORSING. BREë NAVORSINGSMODEL

Die doel van hierdie hoofstuk is:

- Om die onderwerp vir studie en die navorsingsveld bekend te stel: die uitdagings wat omvattende veranderings in die samelewing, met die oorgang van die "ou" na die "nuwe" Suid-Afrika, aan gemeenteboupogings in die NG Kerk stel.
- Om die navorsingsprobleem, die navorsingsdoel en die werkshipotese te stel.
- Om die studieveld tot haalbare dimensies te beperk en om die belangrikste konsepte wat herhalend in die studie voorkom, te definieer.
- Om die navorsingsprobleem te plaas in die konteks van aspekte van verandering in Suid-Afrika, Afrika en wêreldwyd.
- Om die belang, relevansie en aktualiteit van die onderhawige studie aan te toon.
- Om die keuse van die breë navorsingsmodel te beredeneer en aan te toon hoe dit in die ander hoofstukke van die studie ontwikkel word.

## 1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP

### 1.1.1 IN DIE PRAKTYK FOKUS NG KERK-GEMEENTES EENSYDIG NA BINNE

Dit is my waarneming as deelnemer-navorser (vgl Jarvis 1999:xi), dat NG Kerk-gemeentes die afgelope twee dekades, hoofsaaklik **na binne gekeerd** lewe. Verreweg die meeste aandag en energie word gegee aan bedienings na binne. Gemeentes doen moeite om lidmate so goed en so omvattend moontlik te bedien met die Evangelie. Dit is my ervaring as leraar en deelnemer in

gemeentes, dat dit veel moeiliker is om bedienings buite die kring van lidmate op te bou en in stand te hou. Daar is nie dieselfde entoesiasme vir uitreik na buite, as vir die opbou van die bestaande gemeente nie. As voltydse gemeentepredikant vir die afgelope 22 jaar, is dit hoe ek my eie bediening beleef het. By ringsittings en sinodevergaderings, waar daar insae is in die lewe van ander gemeentes, is die waarneming bevestig: oor die algemeen is gemeentes van die NG Kerk se bediening van hulle eie lidmate uit die boonste rakke. Maar dit is ongelukkig waar die uitnemendheid eindig. Bedienings na buite word meestal afgeskeep.

### 1.1.2 EENSYDIGE FOKUS NA BINNE IS TEENSTRYDIG MET TEOLOGIESE TEORIE

Min gemeentes het ’n visie wat verder strek as hul eie lidmate en eie gemeentegrense. Betrokkenheid by buitestaanders, ongelowiges, samelewingsprobleme, ander kulture en ander lande is raar. Dit is **in botsing met die gereformeerde teologie** wat dit só verstaan dat gelowiges en gemeentes gestuur en gedring word deur die liefde van Christus (2 Kor 5:14). En die liefde van Christus is nie slegs ’n liefde vir die gemeente nie, maar “... die magtige beweging van God se hart na die wêreld toe” (Jonker 1977:13). Volgens die heersende teologiese teorie is betrokkenheid na buite vir ’n gemeente van gereformeerde belydenis nie ’n “ekstra” nie, maar ’n logiese uitvloeisel van haar diepste identiteit (in hierdie studie word in die vroulike vorm na die gemeente verwys as bruid van Christus). Die gemeente is **in wese missionêr** – tegelyk onderskeibaar van en solidêr met die wêreld (Bosch 1979:222). Die term “missionêr” word in hierdie studie gebruik in die sin soos wat Bosch dit verstaan: dit staan in verband met die *missio dei* en die diepste teologiese identiteit van die kerk en nie met imperialisme of kultuur-Christendom nie (vgl Nel 2009:433–434). Nie kerkverband of gemeente kan anders verstaan word as God se gestuurdes nie. “But always, the focus is mission” (Mead 1991:8). Gelowiges is “in Christus” en het nie ’n eie agenda, onafhanklik van Hom nie. Jesus het gesê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh 20:21). Gelowiges is gestuur. God het sy Seun aan *die wêreld* gegee (Joh 3:16). Onlangse publikasies wat wyd in die NG Kerk gebruik word, bevestig dat daar algemene instemming is met die **teorie** dat gemeentes gestuurdes van die Here is met visie wat ver verby die bestaande gemeente reik (Robinson 1996:11–19; Algemene Sinode van die NG Kerk 2002, 2006; Nel 2006; Niemandt 2007). In die **praktyk** kom daar egter weinig van die suiwer teorie tereg.

Onlangse praktyk-ervaring in gemeentes is egter dat dit slegs met groot moeite en volharding is dat leiers ’n visie vir bedienings na buite, ywer vir meer as net instandhouding en ’n evangelisasie-kultuur in gemeentes gevestig kry. In 2003 het die houding van sommige van ons eie gemeente se kerkraadslede my genoop om verlof te neem om ’n uitreik na ’n bybelskool in Malawi te lei. Hulle het sterk gevoel dat dit nie die predikant se werk is nie en dat die uitreik gaan beteken die gemeente word verwaarloos. Hulle keuse was baie beslis vir die versorging van die gemeente, ten koste van uitreik na buite.

Die keuse vir die versorging van die gemeente bo die uitbreiding van die koninkryk van God, strook nie met die teologiese teorie wat die NG Kerk onderskryf nie. Die teorie streef na balans tussen opbou en uitreik, soos geformuleer deur beide Suid-Afrikaanse en buitelande teoloë. Uit die NG Kerk se eie geledere is daar die volgende formulering: “Gemeentebou impliseer altyd weer groei – kwalitatief en soos dit God behaag ook kwantitatief” (Nel 1994:8). ’n Invloedryke praktiese teoloog uit die VSA skryf: “But in keeping with the move to go beyond yet include the clerical paradigm, strategic practical theology is concerned with areas of praxis that relate to the church’s activity in the world as well as its ministries within its own walls” (Browning 2007:16). Vanuit Europa word die kerk beskryf as tegelykertyd *“liggaam van Christus”* met ’n gerigtheid na binne – op onderlinge verhoudings, en “*eersteling”* met ’n gerigtheid op die wêreld met die doel om uit te deel na die mate wat sy van God ontvang het (Berkhof 1973:411, 429–433). “Het gaat God immers om de wereld en dus niet om de kerk” (Berkhof 1973:432). ’n **Gesonde gemeente** se gerigtheid is **tegelyk na binne en na buite** (vgl ook Heitink 1993:238; Mouton 2007:3–4; Smit 2003:167–174; Wepener 2007:12–14).

My waarnemings (dat gemeentes tans, in stryd met die gereformeerde teologie, ongesond na binne gekeerd is) is deur die NG Kerk se empiriese studie, *Kerkspieël 2006*, op ’n kwantitatief-wetenskaplike wyse bevestig. Die volgende oop vraag is aan alle NG Kerk-gemeentes gevra: “Wat is die belangrikste doelwitte waarop die kerkraad ooreengekom het?”. Die resultaat toon duidelik aan dat gemeentes se beste aandag en energie na binne gerig word. Die *eerste drie doelwitte* wat die mees algemene voorkom, *fokus almal op eie lidmate* (versorging/omgee, erediensgroei, opbou). Dit is eers die vierde doelwit op die lys wat dui op ’n gerigtheid na buite (uitreik/sending) (Schoeman 2008:15).

’n Volgende vraag van *Kerkspieël 2006* sluit hierby aan en die resultaat versterk die vermoede dat gemeentes hoofsaaklik met hulleself besig is. Gemeentes moes naamlik hulle funksionering op ’n skaal tussen sendingprojekte en ’n missionale verstaan van gemeentewees, plaas. Om mee te begin, moet ons verstaan dat nie alle gemeentes besig is met sendingprojekte nie. En dan is daar nog baie van die gemeentes wat wél sendingprojekte ondersteun of self onderneem, wat dit doen op ’n wyse dat dit ’n “ekstra” is, dat dit nie ’n uitvloeisel en weerspieëling van die gemeente se identiteit is nie. “Slegs ’n derde het hulleself binne ’n missionale verstaan van gemeente-wees geplaas ... Sonder om ’n waarde-oordeel te maak, kan gevra word na gemeentes se verstaan van hulle taak en roeping binne ’n nuwe en veranderende konteks” (Schoeman 2008:15). Die veranderende konteks word, myns insiens tereg, geïdentifiseer as ’n moontlike struikelblok in die weg van ’n missionêre verstaan van gemeentewees.

### 1.1.3 DIE FOKUS WAS NIE ALTYD SO STERK NA BINNE NIE

Dit was nie altyd so dat die gerigtheid na buite so laag op die NG Kerk se agenda was nie. Inteendeel, nie te lank gelede nie, het die NG Kerk ’n lewendige visie vir die **evangelisering van die hele kontinent** gehad! Sy het haar identiteit en roeping so verstaan dat God ons voorsate doelbewus in Afrika geplant het om die lig van die Evangelie in ’n donker kontinent in te dra (Beukes 2001). Die visie dat ons nie ter wille van onsself in Afrika is nie, was helder. “Ons roeping in die wêreld het ons Afrika laat sien. Hiervoor moet ons God sonder ophou dank” (Nel 2006:11). Dit was nie net mooi woorde en ’n suiwer teologiese teorie nie. Die NG Kerk het dit ook in die praktyk gedoen. Die kerk het ’n trotse en eeuelange sendingtradisie, binnelands sowel as buitelands. Sedert die beginjare van die Hollandse handelsending – die eerste inwonende Christene – aan die Kaap, is die Evangelie aan die plaaslike bevolking gebring. Die Kaapse Sinode van 1857 het besluit om buitelandse sendingwerk aan te pak. In 1889 gaan die NG Kerk na Malawi, in 1891 na Zimbabwe, 1899 na Zambië, 1908 na Nigerië, 1909 na Mosambiek en so vestig die gereformeerde geloof via die NG Kerk in 11 Afrikalande (Cronjé 1981).

Ook binnelands het die NG Kerk oor die eeue erns gemaak met die groot opdrag om die evangelie aan al die nasies te verkondig (Crafford 1982). “Hoe verryk is ’n mens se gees nie wanneer hy aan die einde van die lees van die geskiedenis van die Sending – in hierdie geval buite die R.S.A. – gekom het nie. Die groot dade van God het onmiskenbaar onder ons plaasgevind en ons is erfge-

name van ’n ryke verlede” (CWH Boshoff voorwoord in Cronjé 1981:1). Baie energie en aandag is na buite die bestaande gemeentes gerig. Teen 1978 was die lidmaattal van die “Jongkerke”, die vrug van die NG Kerk se sendingwerk in Suid-Afrika en 11 ander Afrikalande, byna dubbel die lidmaattal van die NG Kerk self: 2,98 miljoen vergeleke by 1,53 miljoen. Daarby het die Jongkerke op daardie stadium ’n lewenskragtige groeikoers in lidmaattal van 17% per jaar gehandhaaf (Cronjé 1981:383; Crafford 1982:189, 463, 564).

Die sendingywer van die vorige eeu was ’n logiese uitvloeisel van die kerk se teologie en selfverstaan. ’n Invloedryke teoloog van die NG Kerk van 50 jaar gelede het byvoorbeeld die bede oor die koms van die koninkryk in die *Ons Vader*-gebed soos volg vertolk: “Die vermeerdering van die kerk is net so belangrik. Sending en evangelisasie hoort tot die wese van die kerk. Omdat ons kerk *Christelik* is, dit wil sê aan Christus behoort en deur Sy Gees besiel word, kan dit nie anders as missionêr te wees nie. Dis die verhoogde Christus wat deur Sy gemeente werk. ’n Kerk moet uitbrei, anders lei dit tot stagnasie en verstening, en stilstand beteken die dood (Du Toit 1963:288). Die vraag wat aanleiding tot hierdie studie gegee het, is die volgende: Wat sou die rede wees daarvoor dat ’n kerk wat vir só ’n lang tydperk só wyd betrokke was by ons hele kontinent – met ’n visie om lig vir Afrika te wees – die pas begin markeer het? Vanwaar die nuwe na-binne-gekeerdheid vir ’n kerk wat die vorige eeu geen grense in diens van die Evangelie geken het nie? Dit ten spyte van ’n suiwer teologiese teorie, wat soos volg deur ’n Algemene Sinode in sitting gestel is: “Die sin en bestemming van die gemeente se bestaan is om deur God gebruik te word ...” (Roepingsverklaring Algemene Sinode 2007).

Dieselfde na-binne-gekeerde tendens wat daar tans is ten opsigte van kerkgroei, kan ook opgemerk word ten opsigte van **gemeenskapsbetrokkenheid.** Die algemene indruk bestaan dat die NG Kerk haar onttrek het van die groot gemeenskapskwessies in Suid-Afrika (Bisschoff 2008:10). Ook dít strook nie met die gereformeerde tradisie, wat daarna streef om elke vierkante sentimeter van die wêreld op te eis vir die koningsheerskappy van Christus nie. Jesus is Koning, nie net oor die kerk nie, maar oor die hele mensdom en die hele kosmos (Kol 1:18). Die kerk se bediening is daarop gerig om Christus se heerskappy konkreet te maak in die hele gemeenskap en vir alle mense. “Die koninkryk is self, as werklikheid van God, ’n oproep aan sy burgers, om die sosiale lewe as terrein van Gods onbetwisbare alleenheerskappy te proklameer” (Heyns 1986:45). Die NG Kerk se teolo-

gie het nog altyd die hele mens raakgesien en die omvattende heil van God vir alle samelewingsverbande in woord en daad verkondig.

Wanneer gemeentes verkies om *nie* betrokke te raak by die groot probleme in hulle omgewing nie, strook dit nie met die volgende teologiese teorie wat in die NG Kerk lewe nie: "Die kerk mag homself nie in 'n ghetto van vroomheid terugtrek en weier om die implikasies aan te toon wat die versoening in Christus vir die politiek, die samelewing, die kultuur en die etos van die gemeenskap het nie. Dit kan vir die kerk nie om't ewe wees hoe dit op al hierdie terreine toegaan nie. Christus het inderdaad in 'n universele sin aanspraak op die lewe van mense en volkere" (Jonker 1983:211).

Omdat die gereformeerde teologie alle aspekte van menswees en nood in ag neem, het sending en maatskaplike betrokkenheid tradisioneel hand-aan-hand beweeg. Die omvattende ontferming van God is 'n Bybelse grondmotief in die betrokkenheid na buite (Bosch 1979:55–59) en die trefwoord was "missionêre diakonaat" (sien Bosch 1979:179; Crafford 1982:578–588). Waar die Evangelie gebring is, het die kerk ook by maatskaplike nood betrokke geraak. Die NG Kerk het nog altyd die lot van minderbevoorregtes ter harte geneem. In navolging van, sowel as onder opdrag van die Here Jesus, word kreupeles, melaatses, dowes en siekes genees, versorg en gehelp (vgl Matt 10:8; Luk 7:22–23; Mark 16:17).

Die NG Kerk is vandag baie minder as 'n geslag gelede betrokke by die groot probleme in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. *Kerkspieël 2006* het NG Kerk-gemeentes se betrokkenheid ondersoek by sewe samelewingsprobleme wat SACLA (South African Christian Leadership Assembly) die sewe reuse noem wat die Suid-Afrikaanse samelewing uitdaag en selfs afbreek: MIV/vigs, misdaad en korrupsie, geweld, armoede en werkloosheid, seksisme, rassisme, gesinsgeweld (Bisschoff 2008:10–12). Die navorsing het bevind dat net twee van die sewe uitdagings (armoede/werkloosheid en gesinskrisisse), bevredigende aandag kry. "Die geheelrespons is teleurstellend. Minder as 50% van gemeentes gee spesifiek aandag aan die probleme wat vyf van die sewe reuse skep" (Bisschoff 2008:11).

Uit die hoek van gemeenskapsbetrokkenheid gesien, is die vraag wat onderliggend aan hierdie studie leef, die volgende: Hoe gebeur dit dat 'n kerk wat in die dekades voorafgaande aan 1980 nie

minder nie as 78 sendinghospitale en 112 gespesialiseerde inrigtings vir sorgbehoewendes soos blindes, gestremdes, melaatses en weeskinders daargestel het (Cronjé 1981:383; Crafford 1982: 582-588), haar tans in groot mate eenkant hou van die groot samelewingsprobleme?

### 1.1.4 KONTEKSTUELE FAKTORE IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990

Die navorsingsvermoede is dat samelewingsfaktore in die jare sedert 1990 ’n groot rol speel in die verskuiwings ten opsigte van gemeentebetrokkenheid na buite.

Die NG Kerk se vroeëre prominente rol in die samelewing het natuurlikerwys daarmee saamgehang dat ’n groot persentasie regeringsleiers lidmate van die NG Kerk was. Die Nasionale Party-regering was ’n blanke (hoofsaaklik Afrikaanse) regering met Christelike uitgangspunte. Die NG Kerk het ’n simpatieke oor by regeringsleiers gekry. Die NG Kerk se posisie ten opsigte van die regering het drasties verander. Eerstens is NG Kerk-lidmate in die geledere van huidige regeringsleiers baie skaars. Tweedens is die nuwe Suid-Afrika ’n sekulêre staat en die Christelike uitgangspunte het verval. Daar is godsdiensvryheid, maar alle godsdienste word oor dieselfde kam geskeer. Wanneer die regering godsdienstige leiers raadpleeg, is die Christelike kerke nie die enigstes nie. En onder die Christelike kerke, is die NG Kerk net een van baie verskillende denominasies. Sy is boonop die kerk met die albatros om die nek, omdat sy apartheid teologies regverdig het. Dit alles werk mee daartoe dat die NG Kerk ’n besondere posisie van invloed in die samelewing verloor het. In die praktyk word haar stem nie meer deur die regering as belangrik geag nie. Die teendeel is eerder waar: op grondvlak word sy soms stief behandel deur staatsdepartemente. Maar hierdie mindere posisie in die samelewing is nie die hele antwoord vir onbetrokkenheid by groot gemeenskapsprobleme nie. Daar is steeds baie ruimte en vryheid om op ’n groot skaal by die breë samelewing se geestelike, maatskaplike, veiligheids-, mediese en ander probleme betrokke te wees. Die vermoede is dat die effek van samelewingsfaktore soos **verandering en verlies** so sterk is, dat dit die hele klimaat in ’n magtige organisasie soos die NG Kerk verander het. Daar het ’n verskuiwing plaasgevind: die bewustheid van die *missio dei* wat die gemeente as geheel *gestuurdes* maak, het plek gemaak vir ’n algemene stryd om oorlewing.

Die twee dimensies van gemeentebou – die versorgingsdimensie en die missionêre dimensie – (Bisschoff 1993:42) of, anders gestel, die twee pole van bewaring en vermeerdering (Nel 1994:32)

is nie in balans nie. Versorging van die gemeente kry eensydig aandag ten koste van die missionêre dimensie.

### 1.1.5 DRIE PROMINENTE SAMELEWINGSKONSEPTE: VERANDERING, VERLIES EN TREUR

Drie samelewingskonsepte staan sentraal in hierdie studie: VERANDERING, VERLIES en TREUR.

Suid-Afrika het in die jare sedert 1990 op baie terreine enorme *veranderings* beleef. Die totale omgewing waarbinne gemeentes hulle geloof uitleef, het verander. Die wêreld waarvoor hulle sout en lig moet wees, lyk gewoon nie meer soos 20 jaar gelede nie. Enige geloofsgemeenskap wat die konteks waar hy geplaas is, ernstig opneem, word ten diepste geraak deur sulke groot veranderings in die makro-omgewing.

Met grootskaalse verandering gaan noodwendig *verlies* gepaard. Dit is normaal, selfs onvermydelik, vir ’n individu en ’n gemeenskap om te *treur* oor verlies (Hamman 2005:46–60). Selfs diegene wat uitgesien het na die “nuwe Suid-Afrika” en dit verwelkom as iets kosbaars, ervaar verlies, omdat die samelewing waarvan hulle ook deel was en aan gewoond was, nie meer bestaan nie. Om te treur is ’n spontane reaksie wat universeel voorkom by almal wat verlies ervaar (Parkes 1986:23). Dit kan nie anders nie, as dat lidmate van die NG Kerk sal treur in hierdie dae. En om te treur is harde werk (Worden 2003); dis ’n vermoeiende proses wat energie dreineer, energie wat andersins in ander areas van menswees en gemeentewees beskikbaar sou wees. Wanneer gelowiges nie sinvol handel met hulle verliese en hoopvol rou nie, kan die nostalgiese en rigtinglose treur oor die vergange “goeie ou dae” gemeentes se energie opslurp: “Then grief becomes a literal black hole devouring the spiritual and relational energy within the gospel community” (Hamman 2005:28).

## 1.2 NAVORSINGSPROBLEEM

“Science starts only with problems” (Karl Popper).

### 1.2.1 TEORIE EN PRAKTYK KLOP NIE

Die gereformeerde teologie se **gemeentebouteorie** sê die gemeente is primêr 'n kontekstueel-relevante gawe van God aan ’n plaaslike gemeenskap (Nel 2006:11). Die heersende teologiese teorie, wat ook in kerklike besluite neerslag gevind het (Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2002, bylae A.8.1) spel ’n kerkbegrip uit waar die arbeid en energie wat die gemeente na binne en na buite aanwend, in **balans** is. In 'n gesonde gemeente word daar dus in gelyke mate aandag gegee aan sorg en groei. Die gemeente is nie ’n doel in sigself nie, maar ’n kontekstueel-betrokke instrument van God se reddende genade en versoening wat vreugde vind in evangelisasie, barmhartigheid en betrokkenheid by die wêreld in nood buite die gemeente. “Daar *is* geen ander teologie as missionêre teologie nie” (Bosch 1979:179; vgl ook Smit 2003:160–167). Kok & Niemandt (2010:507) beskryf die kerk as “missional by intent”. Gemeentebou het ’n intensiewe en ’n ekstensiewe doel, die voortgaande vernuwingsproses in die gemeente is sowel kwalitatief as kwantitatief, die huidige gemeente word opgebou én diegene wat nog ongelowig is, word bygebou deur verkondiging, geloof en bekering. “Gemeentebou impliseer gemeentegroei. Die doel is juis groeibou – anders is dit nie Bybelse gemeentebou nie” (Nel 1986:53). Die teorie handhaaf balans tussen die versorgende en die missionêre dimensies van gemeentebou (Bisschoff 1993:42).

Die **praktyk** vertel egter ’n ander verhaal. Gemeentes mag miskien self ook die mooi beleid eggo, maar as dít wat in werklikheid gedoen word, nagegaan word, blyk dit dat gemeentes hoofsaaklik met hulleself besig is, in plaas van met die wêreld. Die meeste gemeentes is ongebalanseerd. Hulle het groot en goed ontwikkelde bedienings na binne, maar klein en swak ontwikkelde bedienings na buite (*Kerkspieël 2006*).

### 1.2.2 HOEKOM KLOP TEORIE EN PRAKTYK NIE?

Die vraag is hoekom daardie gaping tussen teorie en praxis so groot is en waarom gemeentebou-programme so maklik tot stilstand kom. Bloot teologies beskou, is so ’n situasie moeilik om te verklaar. Die Bybel is onmisverstaanbaar duidelik daaroor dat die gemeente nie ter wille van haarself bestaan nie, maar ter wille van hulle wat nog nie glo nie (Mat 28:10–20, Joh 20:21, Ef 1:10). NG Kerk-lidmate weet dit. Dit is nie ’n vreemde gedagte in die NG Kerk dat sending, evangelisasie, barmhartigheid en die uitbreiding van die Koninkryk van God hoë prioriteite is nie.

Die navorsingsvermoede is dat die situasie van verandering in Suid-Afrika en die gepaardgaande verlies wat NG Kerk-lidmate beleef, dalk meer daarmee te doen as wat ons tot dusver besef het. Dit is dalk die “swart gat” wat energie opslurp, sodat gemeentes nie kans sien vir meer as die minimum nie.

Die oorgangstyd in Suid-Afrika neem langer en is moeiliker as wat gemeentes 20 jaar gelede voorsien het (vgl Burger 1995:9). Die oud-moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode, dr Coenie Burger, het dit vyftien jaar gelede al opgemerk, maar sy stelling is vandag soveel meer van toepassing as in 1995. Die langdurige en moeilike oorgangsproses veroorsaak sekere obstruksies vir individuele gelowiges en gemeentes om te fokus op hulle taak en roeping in nuwe omstandighede. As deelnemer-navorser is dit my waarneming dat gelowiges en gemeentes die meeste van hulle energie gebruik om by nuwe omstandighede aan te pas, te konsolideer en te oorleef, eerder as om te ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Die kerk se amptelike navorsing bevestig die waarneming: ’n somtotaal van 52,2% van die NG Kerk se gemeentes, kan in terme van gemeentebouteorie beskryf word dat hulle uitsluitlik (of byna uitsluitlik) fokus op die *versorgingsdimensie* en dat die *missionêre dimensie* afwesig is (*Kerkspieël 2006*).

### 1.2.3 GEFORMULEERDE NAVORSINGSPROBLEEM

Die navorsingsprobleem kan soos volg saamgevat word:

***Min NG Kerk-gemeentes slaag tans daarin om die versorgingsdimensie van hulle bediening te balanseer met ’n voldoende missionêre dimensie. Vrae wat na vore kom, is die volgende:***

1. ***Is daar samelewingsfaktore wat gemeentebou-ideale en gemeenteboupogings demp?***
2. ***Is dit akkuraat om te beweer dat daar 'n*** langdurige, onvoltooide en kollektiewe treurproses ***in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang is wat NG Kerk-lidmate en gemeentes se geestesenergie dreineer?***
3. ***Kan ’n gemeentebouteorie wat die huidige treurproses verreken, ’n bydrae lewer om die probleem op te los?***

Die ingeligte en opmerksame waarnemer sien oorvloedige tekens van treursimptome by NG Kerk-lidmate (vgl Kübler-Ross 1969:34–98; Bowlby 1980:85–111; Parkes 1986:50–106). Daar is egter nog min tekens van die laaste fases van die treurproses, naamlik aanvaarding en die herinvestering

van geestesenergie in iets of iemand anders as dít wat jy verloor het (Kübler-Ross 1969:99–138). Die aanvaarding van ’n nuwe identiteit, onafhanklik van die verlore geliefde (Parkes 1986:107–123; Hamman 2005:47) en ’n duidelike doel om voor te leef in die omstandighede ná verlies, is nog skaars in Afrikanergeledere.

Sinvolle gemeentebou veronderstel dat die gemeente en haar lidmate die moed en geesteskrag het om uit te reik na buite. Die klaarblyklike probleem is dat lidmate en gemeentes in baie gevalle gewoon nie oor daardie geesteskragte beskik nie. Die rede vir die onvoldoende missionêre bewussyn en missionêre betrokkenheid moet dus nie net gesoek word by 'n sondige en moedswillige selfbeheptheid nie, maar by 'n lang en ingewikkelde, onafgehandelde, kollektiewe treurproses.

## 1.3 NAVORSINGSVERMOEDE

Die navorsingsvermoede is dat daar ’n verband is tussen NG Kerk-gemeentes se lae missionêre betrokkenheid en die situasie van omvattende verandering en verlies in Suid-Afrika na 1990. As die vermoede reg is, behoort gemeentebouwanbalanse te verbeter wanneer aandag gegee word aan die verwerking van verlies.

Die vermoede is gegrond op twee faktore: *Eerstens* is die NG Kerk se ekklesiologie, missiologie en gemeentebouteologie suiwer en handhaaf dit die balans tussen sorg en uitreik (Bosch 1979:44–87; Nel 2006:11–28; Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2002). T*weedens* lewer die kerk se geskiedenis oorvloedig getuienis van groot klem op uitreik na buite, klem op die nood van die wêreld en die uitbreiding van die koninkryk van God (vgl Cronjé 1981; Crafford 1982). Die teologiese teorie het nie sedert 1990 verander nie. Maar die konteks het dramaties verander en die rede vir die huidige gebrekkige missionêre identiteit en bewussyn (vgl Nel 2002) moet gesoek word by kontekstuele faktore. Die vermoede is dat een van die kontekstuele faktore, wat ’n negatiewe invloed het op gemeentes se uitlewing van hulle missionêre identiteit, lidmate se belewenis van *verlies* is. As gemeentes die komplekse nood wat met die verlies wat hulle lidmate beleef verband hou, kreatief en gelowig kan aanspreek met ’n hoopvolle bediening van rou, kan dit moontlik een of meer van die volgende heilsame uitkomste hê:

1. Gemeentes kan hulle lidmate help om los te kom van ’n onproduktiewe treurproses en te beweeg na ’n produktiewe rouproses.
2. Lidmate se fokus kan skuif van ’n pynlike verlede na ’n hoopvolle toekoms.
3. Geesteskragte wat tans op onproduktiewe treur gemors word, kan beskikbaar word vir diens in God se koninkryk.
4. Gemeentes kan in sulke omstandighede dalk meer geredelik kans sien vir die uitdagings van missionêre gemeentewees.
5. As die missionêre dimensie van gemeentebou sterker ontwikkel, is daar beter balans en sodoende kan die gemeenteboupraktyk nader beweeg aan die mooi gemeentebouteorie wat die NG Kerk onderskryf.

Tot sover die navorsingsvermoede.

## 1.4 NAVORSINGSDOEL

*Om, deur middel van ’n kwalitatiewe ondersoek in geselekteerde gemeentes van die NG Kerk,* ***eerstens*** *’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van verlies.*

*Om, deur middel van ’n kwalitatiewe ondersoek in dieselfde geselekteerde gemeentes,* ***tweedens*** *te kontroleer of ’n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode.*

*Indien dit bevestig word dat die treurproses ’n hindernis vir sinvolle gemeentebou is, om* ***derdens*** *die heersende gemeentebouteorie te verryk met kontekstuele perspektiewe op verandering, verlies en treur, asook perspektiewe op intensionele, gemeentelike rou.*

***Vierdens*** *om strategies weë te ondersoek vir gemeentes om intensionele rou, as ’n bediening van hoop (Hamman 2005:66–67), te integreer as normale deel van die gemeentebediening.*

Hierdie onderneming het van die begin af ’n praktiese belang wat in die navorsingsdoel weerspieël word. Teologie is nie waardevry of belangevry nie. Die uitgesproke doel is die soeke na meer sinvolle optredes vir NG Kerk-gemeentes in ’n veranderende konteks. Die beginpunt is om die tyd en omstandighede te begryp (vgl Browning 2007:15; Osmer 2008:36).

## 1.5 WERKSHIPOTESE

Die metodologie rakende “hipotese” moet kortliks verduidelik word. Hierdie ondersoek in sy geheel is *hipotese-genererend* van aard. Dit sluit al die hoofstukke in. Die feit dat ’n werkshipotese reeds in hoofstuk 1 van ’n hipotese-generende studie gestel word, vra om ’n verduideliking.

Ek gebruik die **werkshipotese** as ’n voorlopige formulering wat die **navorsingsvermoede** verwoord. Die hipotese sal in die laaste, integrerende hoofstuk weer ter sprake kom. Die werkswyse is dus om ’n werkshipotese aan die begin te formuleer, maar dit aan die einde van die navorsingsproses te herformuleer in ’n behoorlike, wetenskaplike hipotese wat nie meer op vermoedens gegrond is nie, maar uit die hele wetenskaplike proses na vore getree het (sien p 399).

Die werkshipotese waarmee hierdie studie aangepak word, is die volgende:

*Gemeentebou sal meer geredelik slaag in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode wanneer die kollektiewe treurreaksies oor verliese ná 1990 grootliks afgehandel is en meer geestesenergie beskikbaar is om die uitdagings van optimale, missionêre gemeentewees aan te pak. Praktiese teologie kan ’n bydrae in dié verband lewer deur ’n gemeentebouteorie te ontwikkel waarin die konteks-spesifieke nood van lidmate en gemeentes, naamlik die behoefte om verliese genoegsaam te betreur en vordering te maak met die komplekse en langdurige kollektiewe rouproses, geïntegreer is.*

## 1.6 AFGRENSING EN BEPERKINGS

Die navorsingsveld moet vervolgens afgegrens en beperk word tot ’n haalbare, realistiese veld van

studie.

### 1.6.1 TEOLOGIES

Hierdie is ’n studie in die praktiese teologie. Samelewingstendense word beskou, maar vanuit ’n prakties-teologiese belang. Dit beteken empiriese bevindings oor samelewingstendense word beskou in wisselwerking met heersende teologiese teorieë. Die studie is beperk tot die vakgebied gemeentebou, wat geïnteresseerd is in die geheelbeeld van ’n gemeente se selfverstaan en funksionering in konteks.

### 1.6.2 KERKLIK

Slegs die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom doelbewus ter sprake. Die resultate mag wel van toepassing wees op ander kerke (veral Afrikaanse kerke met gereformeerde inslag), maar hierdie studie se veld is in die empiriese ondersoek beperk tot die NG Kerk.

### 1.6.3 GEOGRAFIES

Slegs een van die tien geografiese sinodale gebiede van die NG Kerk kom ter sprake in die empiriese ondersoek, naamlik die Noordelike Sinode. Dit sluit ’n gedeelte van Pretoria en noord-Gauteng in, asook die grootste gedeelte van Limpopo en noordelike dele van die Noordwes-provinsie.

### 1.6.4 EMPIRIES

Die empiriese ondersoek word beperk tot stemme van plaaslike *gemeentes*, wat impliseer dat stemme van meerdere vergaderings van die NG Kerk soos ringe en sinodes, buite die veld van ondersoek val, asook stemme van prominente individue soos teoloë, outeurs en openbare meningsvormers.

### 1.6.5 NAVORSINGSMETODOLOGIES

’n Kwalitatiewe empiriese ondersoek word onderneem in ’n klein aantal geselekteerde gemeentes. Die bedoeling is nie om die bevindings te kwantifiseer, te ekstrapoleer of wetenskaplik te veralge-

meen nie, maar om te fokus op die unieke en onherhaalbare stem van elke betrokke gemeente. Die stemme wat ter sprake gebring word, is subjektief, maar waaragtig, en as sodanig volgens die nuwe wetenskapsbeskouing belangrik vir vooruitgang in die vak praktiese teologie (Pieterse 1991:42).

### 1.6.6 DIE JARE 1990–2010

Daar is nie ’n tydsgewrig wat nie verandering en verlies vir sy mense inhou nie. “... loss is a common experience for all Gospel communities” (Hamman 2005:35). Maar, met dit in gedagte, was die jare 1990–2010 ’n buitengewone tydvak in Suid-Afrika. Sedert sy toespraak op 2 Februarie 1990 in die parlement, toe die destydse president FW de Klerk die beperkings op die African National Congress (hierna ANC) opgehef het, het baie dinge ingrypend verander in Suid-Afrika. Vir die doel van hierdie studie neem ons die datum **2 Februarie 1990** as ’n keerpunt, toe die bal aan die rol gesit is vir groot en noodwendige veranderings, wat niks minder nie as ’n omwenteling in die hele samelewing tot gevolg gehad het. Dit is die oorgangstyd waartydens langdurige, omvattende en uiters komplekse veranderings in elke faset van die samelewing plaasgevind het.

## 1.7 DEFINISIES VAN TERME EN KONSEPTE

Enkele konsepte wat volop in die studie voorkom, word nou gedefinieer. Elk van die definisies hieronder word elders in meer besonderhede beredeneer en uiteen gesit. By wyse van inleiding word hier volstaan met ’n beknopte definisie van elke konsep.

### 1.7.1 TEOLOGIE

Teologie bestudeer die koms van God na die mens in sy wêreld. Die geloofsaannames is dat God bestaan en dat Hy ingryp in mense se lewens; dat die mens God kan ken. Die studie-objek van teologie is nie “God” nie, maar die **handelinge** van God deur Jesus van Nasaret en deur mense wat in Hom glo. Enersyds is dit ’n vorm van respekvolle liefde vir God met die hele verstand (Heyns & Jonker 1977:9). Andersyds is dit ’n egte wetenskaplike aktiwiteit.

### 1.7.2 PRAKTIESE TEOLOGIE

Praktiese teologie is ’n hermeneutiese en kommunikatiewe handelingswetenskap: daardie deel van die teologiese *corpus* wat die gebeure tussen God en die mens van vandag bestudeer en vertolk – soos dit afspeel in tussenmenslike kommunikasie en verhoudings in diens van die Evangelie.

### 1.7.3 EVANGELIE

Die goeie nuus in verband met die verwagting, koms, optrede, boodskap, lyding, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms van Jesus van Nasaret, die Seun van God.

### 1.7.4 GEMEENTEBOU

Gemeentebou is dié deel van die praktiese teologie wat vra na die wese, roeping en optimale, totale funksionering van die gemeente as teken van die komende Koninkryk van God.

### 1.7.5 VERANDERING

Die omvattende veranderings in al die fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing (in die konteks van Afrika en die hele wêreld) vanaf 2 Februarie 1990 tot einde 2010.

### 1.7.6 VERLIES

Die belewenis van mense wat iets kwyt is wat vir hulle dierbaar was. Baie verskillende soorte verliese kom gedurig oor mense se pad: dit kan materieel van aard wees, verlies in verhoudings, intrapsigies, verlies van funksie of rol, of sistemies van aard (vgl Hamman 2005:50–58). Verlies het hier te doen met NG Kerk-lidmate se belewenisse in Suid-Afrika in ’n tydperk van omvattende samelewingsverandering.

### 1.7.7 TREUR

Om te treur, is die universele, normale, spontane menslike reaksie op verlies. Dit is om bedroef te wees, verdriet te hê (HAT 2009) en het emosionele, geestelike, fisiese en verhoudingsdimensies. Om te treur is ’n kragtige en on-vrywillige reaksie; dit manifesteer in tipiese treurreaksies en neem

heelwat tyd en energie van die treurende in beslag. Die treurreaksies van NG Kerk-lidmate, wat verliese ly in Suid-Afrika sedert 1990, word in hierdie studie beskou.

### 1.7.8 ROU

Rou word onderskei van treur. “Rou” word hier in ’n baie spesifieke sin gebruik as ’n doelbewuste en begeleide proses. Waar treur spontaan is, is rou in onderskeid daarvan intensioneel. Dit is die doelbewuste proses om afskeid te neem van dít wat die persoon of groep verloor het: materiële dinge, die bekende, verhoudings, drome, hoop, identiteit, funksie of rol. Rou is die harde werk om doelbewus deur al die treurdimensies te leef, om realisties met verlies en verandering saam te leef. Rou is, anders as treur, ’n gedrewe en hoopvolle proses wat afstuur op ’n nuwe identiteit en lewensruimte (Hamman 2005:18). Die hoopvolle element in hierdie studie is dat NG Kerk-gemeentes kan leer om produktief te rou en sodoende ’n nuwe identiteit in nuwe omstandighede te vind.

## 1.8 ASPEKTE VAN VERANDERING IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990

Gedurende die afgelope 20 jaar het daar ’n omvattende rekonstruksie van die ganse Suid-Afrikaanse landskap plaasgevind (Du Plessis 2009; Labuschagne & Nel 2010:1; Van der Merwe 2010:314–315). Die NG Kerk kan nie anders as om te vra of haar gemeentelike bediening nog kontekstueel in pas is nie. “Die nuwe Suid-Afrika vra teologiese besinning” (Heyns 1995:52). Daar het nog vyftien jaar verloop sedert Heyns hierdie stelling gemaak het. Daardie vyftien jaar het teologiese besinning nie minder belangrik gemaak nie. Inteendeel, die situasie het intussen net meer en meer kompleks geraak. Noukeurige empiriese werk en noukeurige teologiese besinning is noodsaaklik, omdat dit lyk asof die NG Kerk nog baie onseker is van haar identiteit in die nuwe konteks. Die “nuwe Suid-Afrika” as konteks waarbinne die NG Kerk leef en werk, is geensins staties nie. Dinge het die afgelope 20 jaar omvattend en teen ’n geweldige tempo verander en veranderinge is steeds aan die orde van die dag.

Om samelewingsveranderings in Suid-Afrika volledig te beskryf, val buite die bestek van hierdie studie. Tog is dit noodsaaklik om ’n paar bladsye daaraan af te staan, omdat die veranderende Suid-Afrika die konteks is waarbinne gemeentebou in die meeste gemeentes nie tot sy reg kom nie

– moontlik juis as gevolg van verandering en die gepaardgaande verlies. Die doel met die notas hieronder is om ter wille van 'n vinnige geheelbeeld 'n opsomming te maak van die belangrikste fasette van verandering. Die doel is ook nie om veranderings te beoordeel nie; bloot om dit aan te stip.

### 1.8.1 POLITIEKE VERANDERING

Die land Suid-Afrika het sedert 1990 grondliggend en omvangryk verander. Die eerste, voor die hand liggende veranderings het plaasgevind in die politieke omgewing: die swaartepunt van politieke mag het verskuif van die destydse Nasionale Party na die ANC. Alle volwassenes het in 1994 stemreg verkry in 'n eenheidstaat. FW de Klerk is as president opgevolg deur NR Mandela, T Mbeki, KP Motlanthe en J Zuma. Die Afrikaanse gemeenskap, waaruit die oorgrote meerderheid NG Kerk-lidmate kom, was 'n klein, maar baie dominante groep in die ou Suid-Afrika. Hulle het mag en politieke seggenskap verloor. "Afrikaners ... have a full-blown minority status in the new South Africa ... and ... were thus necessarily constrained to make certain adjustments very rapidly ..." (Van der Merwe 2010:313). Die verandering van regering op 27 April 1994 het verdere grootskaalse skuiwe tot gevolg gehad in elke faset van die samelewing: staatkundig, polities, sosiaal, demografies, ekonomies, kerklik, onderwyskundig, landboukundig, kultureel, vermaak, sport, ensovoorts.

Suid-Afrika is in 2010 'n ander land as wat dit in 1990 was. Die Suid-Afrika van 1990 was die produk van blanke (Hollandse, Engelse en Afrikaanse) bestuur, beheer en assosiasie oor 'n tydperk van eeue. In die tydperk sedert 1990 is gekenmerk deur omvattende transformasie. "Transformation is the overarching political project of the ANC government, and it determines the political context of everything that happens in the country" (Buys 2011:1). Die land se identiteit is verander na 'n Afrika-staat onder hoofsaaklik swart bestuur en beheer. Die eerste linie assosiasie is met Afrika, nie meer Europa nie. "Die ANC is onwrikbaar verbind tot die uitwissing van die erfenis van apartheid" (Van der Merwe 2010:316). Daar moes dus afskeid geneem word van baie dinge wat die Europese identiteit weerspieël het en wat met apartheid geassosieer is: bekende simbole byvoorbeeld openbare vakansiedae soos Stigtingsdag op 6 April, Republiekdag op 31 Mei en Krugerdag op 10 Oktober, die ou landsvlag en die Stem van Suid-Afrika as volkslied. Die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty, wat onder die Nasionale Party bewind 'n gevaarlike vyand was, re-

geer sedert 1994 in ’n drieparty-alliansie saam met die vakverbond Cosatu en die ANC. Die verandering van die land se identiteit word weerspieël in nuwe simbole, nuwe openbare vakansiedae soos Vryheidsdag op 27 April, Werkersdag op 1 Mei en Jeugdag op16 Junie, nuwe provinsies, ’n nuwe landswapen, vlag en volkslied, ander helde (soos bv diegene wat vereer word in die nuwe Freedom Park in Pretoria) en ideale, nuwe name vir damme, strate, lughawens en dorpe. Twee amptelike landstale is uitgebrei na elf. Honderde wette uit die apartheidsbedeling is geskrap en vervang met nuwes. Wit ministers en staatsamptenare is in ’n gedrewe transformasieproses van die staatsdiens, met streng transformasiedoelwitte, vervang deur swartes.

Die proses van radikale hervorming van die samelewing deur wetgewing, gaan steeds voort.

### 1.8.2 STAATKUNDIGE VERANDERING

Suid-Afrika het ’n nuwe grondwet en ’n omvattende, nuwe grondwetlike bedeling. Ou tuislandregerings is ontbind en tuislande is ingelyf by een Suid-Afrika. Tuislande se staatsdienste is ingelyf by Suid-Afrika se staatsdiens. Die vier ou provinsies met al hulle strukture is ontbind. Nege nuwe provinsies, met provinsiale regerings, is gestig.

### 1.8.3 DEMOGRAFIESE VERANDERING

Toe wette op instromingsbeheer, die groepsgebiedewet en andere sedert 1990 geskrap is, het daar in sommige gebiede grootskaalse bevolkingsverskuiwings plaasgevind. Verstedeliking het versnel. Die regering het tienduisende “HOP-huise” gebou, meeste daarvan in stedelike gebiede. Ek haal net twee voorbeelde van demografiese verandering uit die geografiese gebied van die Noordelike Sinode aan, wat nuwe eise aan die gemeentelike bediening stel. In Pretoria het tienduisende swartmense ingetrek in die middestad en in voorstede soos Sunnyside en Arcadia, in dieselfde verhouding wat blankes weggetrek het. Die lidmaattalle van NG Kerk-gemeentes het in ’n kort tydjie dramaties gekrimp. Een gemeente het ontbind. Die oorblywende vyf gemeentes het die trauma van samesmelting in een gemeente, asook die weggaan van die een predikant na die ander, beleef. Die konteks het verander en die geykte bedieningspatrone het nie meer gewerk nie. Die Pretoriagemeente het vandag ’n vinnig groeiende bedieningspunt van jong, professionele swartmense, wat twintig jaar gelede ondenkbaar sou wees. Die tweede voorbeeld is dat Sibasa as ’n florerende bedieningspunt van die Levubu-gemeente doodgeloop het nadat die Venda-staatsdiens in 1994

ontbind is. Die gemeente het meer as ’n derde van haar lidmate verloor toe honderde staatsamptenare uit Sibasa weggetrek het. Demografiese veranderings raak sommige NG Kerk-gemeentes nie juis nie, maar dit raak ander gemeentes ten seerste.

### 1.8.4 SOSIALE EN KULTURELE VERANDERING

Daar is nie meer, soos voor 1994, wette op aparte geriewe nie. Swart en wit meng sosiaal baie meer as in die apartheidsdae: hulle lê langs mekaar in dieselfde hospitaalkamers, werk saam in dieselfde kantore en staatsdepartemente, eet in dieselfde restaurante, sit langs mekaar op skoolbanke en woon saam skoolfunksies by. Meeste wittes sien swartes nie meer, soos tydens die koloniale era, as minderwaardige mense wat “voogdyskap” nodig het nie. Meeste swartes sien wittes nie meer as die “baas” of die koloniale verdrukker nie. Niemand skrik klaarblyklik meer vir rasgemengde paartjies nie. Op 19 September 2009 is die Springbokheld Bryan Habana getroud met die blonde Janine Viljoen en volgens hierdie deelnemer-waarnemer was min mense geskok daaroor. ’n Kort 15 jaar gelede sou dit skokgolwe veroorsaak het – ten minste in die Afrikaanse gemeenskap. Die sosiale landskap lyk ook anders omdat die regering ’n ander houding jeens Afrika het. Waar die landsgrense voor 1990 deur die weermag en polisie gepatrolleer is, is die grense tans vir alle praktiese doeleindes “oop”. Daar woon miljoene mense uit ander Afrika-lande (Zimbabwe, Zambië, Mosambiek, Malawi, Nigerië, ensovoorts) wettig of onwettig in Suid-Afrika. Daar is nie syfers beskikbaar van die getal onwettige inwoners nie, maar volgens ’n deurwinterde demograaf is ’n getal van tussen 8 miljoen en 11 miljoen ’n realistiese raaiskoot (Smit 2010). Dit verteenwoordig ongeveer 20% van die bevolking. Hierdie verandering in die sosiale samestelling het reperkussies, omdat hulpbronne, werksgeleenthede en infrastruktuur beperk is. Dit het in 2008 tot lelike voorvalle van vreemdelingehaat en bloedvergieting gelei.

Die afrikanerkultuur en tradisies is deur die vorige regering beskerm en uitgebou. Presies die teenoorgestelde gebeur sedert 1994. “Nasiebou, soos dit tans deur die ANC-regering geformuleer en in werking gestel word, beteken in die praktyk vir Afrikaners gedwonge akkulturasie ... Hiervolgens moet etniese minderhede gedepolitiseer en gedenasionaliseer word ten einde nasionale homogeniteit – oftewel kulturele eenvormigheid – te bewerkstellig. Dit kom neer op akkulturasie, ’n proses waarin lede van die minderheidsgroepe hulle tradisies, taal en kultuur moet laat vaar ten gunste van dié van die dominante groep” (Van der Merwe 2010:316). Gesonde maatskaplike kohesie,

oordrag van innerlike waardes en adel, karaktervorming en ander kulturele funksies is gevolglik onder ernstige druk in Afrikanergeledere.

### 1.8.5 EKONOMIESE VERANDERING

In die ou Suid-Afrika is blankes ekonomies bevoordeel. Swart ekonomiese bemagtiging is ’n belangrike deel van die nuwe ekonomiese werklikheid. Maatskappye en ander ondernemings word gedwing om rassekwotas te haal ten opsigte van eienaarskap, bestuur en personeel. Die regering het beleid daargestel wat swartmense doelbewus ekonomies bevoordeel en die doel het om die ongelykhede van die verlede uit te wis. Ons gesin beleef die skadukant van hierdie ekonomiese beleid, deurdat ons oudste kind, met 9 A-simbole in matriek en onder die top 10-presteerders in sy provinsie, in 2009 by geen maatskappy ’n beurs vir universiteitstudie kon kry nie. In die ou bedeling sou dit anders gewees het.

’n Nuwe swart elite het na 1994 baie vinnig fabelagtig ryk geword. Die mynmagnaat Patrice Motsepe se portefeulje is byvoorbeeld US$3,3 biljoen werd (Forbes Magazine 2011). Volgens navorsing deur ’n afdeling van een van Suid-Afrika se groot banke, FNB Private Clients, was 45% van die 200 000 rykste mense in Suid-Afrika in 2006 al swart (Bateman, Du Plooy & Kijko 2006). ’n Groeiende swart middelklas het ook die afgelope twee dekades ontstaan. Die besigheidswêreld gebruik die term “black diamonds” om na hulle te verwys. Van die einde van 2005 tot die begin van 2007 het hulle getal “black diamonds” aangegroei van 2 miljoen na 2,6 miljoen en hulle koopkrag van R130 biljoen na R180 biljoen per jaar (Unilever Institute 2007). Meer as 12 000 swart middelklasfamilies, ongeveer 50 000 mense, verhuis elke maand uit swart townships na meer gegoede voorstede. (Unilever Institute 2007). Swart vroue is die groep wie se verdienste verhoudingsgewys die meeste gegroei het. Hulle het baie meer ekonomiese mag as in 1990. Dit verteenwoordig ekonomiese en sosiale veranderings. “Independent, financially secure and ambitious, South Africa’s 1,5 million Black Diamond women are increasingly calling the shots when it comes to making decisions about purchases” (Unilever Institute 2008).

Aan die onderkant van die ekonomiese spektrum is die armes armer as ooit. Die “sagte” werksgeleenthede in die staatsdiens en maklike tenders vir staatswerk het die groot meerderheid swart mense nie bevoordeel nie. President Zuma het voor die 2009-verkiesing, met sy besoeke aan

blanke plakkerskampe, die groot aantal nuwe kolonies van armoedige blankes ook deel van die openbare debat oor armoede gemaak.

Die grootste veranderings in die nasionale begroting sedert 1990, is die groeiende persentasie van die begroting vir maatskaplike toelaes (in die 2010/2011 begroting is dit R128,4 miljard of 14,2% van die begroting) en die krimpende persentasie vir verdediging.

As regeringsbeleid in ag geneem word, is daar tans terselfdertyd ’n baie ironiese ekonomiese tendens in Suid-Afrika te bespeur: “Die ironie van die onlangse verlede is dat regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging sy grootste voorstanders ontmagtig en sy grootste kritici bemagtig het” (Cronjé 2010). Wit mense se lewenstandaard het sedert 1994 oor die algemeen verbeter. Frans Cronjé van die Instituut vir Rasseverhoudinge meen die verklaring daarvoor is dat wit mense genoodsaak is om meer onafhanklik te word van die staat en self groter verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle lewenstandaard. Hy stel dit soos volg: “Die verbetering van wit mense se lewenstandaard kan net verklaar word deur ondernemerskap, die loop van risiko’s en die verkryging van ’n steeds beter vlak van onderwys en vaardigheid” (Cronjé 2010).

### 1.8.6 ONDERWYSKUNDIGE VERANDERING

In 1990 het die groot meerderheid skole kinders van net een ras toegelaat. Net enkele privaatskole was rasgemeng. Twintig jaar later lyk die situasie totaal anders. Talle voormalige dubbelmediumskole het Engels geword, met ’n meerderheid swart leerders, byvoorbeels Laerskool Soutpansberg. Baie voormalige Afrikaanse skole het vandag ’n Engelse (hoofsaaklik swart) leerderstroom, byvoorbeeld Laerskool Louis Trichardt en Hoërskool Hendrik Verwoerd. Ander voormalige Afrikaanse skole het heeltemal Engels geword, byvoorbeeld Laerskool Nellie Swart en die Hoërskool Staatspresident CR Swart in Pretoria. Die omstrede “uitkomsgebaseerde” onderrigstelsel het in 1997 ’n omwenteling in onderwyskringe veroorsaak en is in 2009 weer deur die onderwysdepartement laat vaar. Technikons het opgehou bestaan en tersiêre onderwysinstellings is gerasionaliseer en hergroepeer. Die magte van skole se bestuursliggame is deur onderwysdepartemente ingekort.

### 1.8.7 VERANDERINGE TEN OPSIGTE VAN TAAL

Voor 1994 het Suid-Afrika twee amptelike landstale gehad: Afrikaans en Engels. Die nuwe Suid-

Afrika het 11 amptelike tale. Alhoewel IsiZulu (23,8%), IsiXhosa (17,6%) en Afrikaans (13,3%) volgens die RGN se syfers die tale met die grootste aantal moedertaalsprekers is (www.southafrica.info/about/people/language), is Engels baie dominant as die owerheid se gebruikstaal.

Aangesien die NG Kerk hoofsaaklik ’n Afrikaanse kerk is, is die posisie van Afrikaans hier ter sake. Verskeie hofsake oor skole se taalbeleid het koerante se hoofopskrifte gehaal. Telkens was dit die Afrikaanse gemeenskap wat onder druk was en hulle toevlug tot die howe geneem het ter beskerming van hulle taalregte, byvoorbeeld Laerskool Mikro en Hoërskool Ermelo. In Hoërskool Ermelo se geval het die Appèlhof op 28 Maart 2009 beslis dat ’n skool sy eie taal mag kies. Daar is egter steeds druk op Afrikaans as onderrigtaal by skole en tersiêre inrigtings en op die ontwikkeling van die hoër funksies van die taal. “Afrikaans gaan uitsterf. Dit is besig om te gebeur en gaan in sy leeftyd plaasvind, het die bekroonde digter Breyten Breytenbach gister gesê” (Fourie 2010). Die redes wat Breytenbach aanvoer vir sy stelling is die taal se verlies aan amptelike status en “die gevaar om in die volgende vyf tot tien jaar as akademiese, tegnologiese en wetenskapstaal ‘geknak’ te word” (Fourie 2010). Die Universiteit van Stellenbosch (en ander tradisioneel Afrikaanse universiteite) se taalbeleid was in die jare 2006–2009 kort-kort in die openbare spervuur. Afrikaans as akademiese taal is voor 1994 positief deur die regering bevorder in ’n era toe Afrikaans een van net twee amptelike landstale was. Die situasie het baie verander ná 1994.

### 1.8.8 GRONDSAKE, LANDBOUKUNDIGE VERANDERING

Wetgewing rondom grondrestitusie, grondeise en grondhervorming het groot rimpelings en skuiwe veroorsaak in die landboukundige omgewing. Sekere landbougemeenskappe soos Soekmekaar, Levubu en Magoebaskloof het haas onherkenbaar verander as gevolg van grondhervorming en baie NG Kerk-lidmate het persoonlike verlies beleef in die proses. Teen die einde van 2009 is die proses rakende grondrestitusie en grondeise byna afgehandel. Die minister van landelike ontwikkeling en grondsake, Gugile Nkwinti, het egter op 2 Maart 2010 tydens ’n inligtingsessie erken sowat 90% van die 5,9 miljoen hektaar landbougrond wat die staat sedert 1994 vir grondhervorming gekoop het, lê huidig onbenut (Du Toit 2010). Meer as 5 miljoen hektaar landbougrond, wat vroeër in vol produksie was, het die regering reeds miljarde rande gekos, maar lê tans onproduktief. Voedselsekerheid raak gevolglik toenemend belangrik in die

openbare debat oor grond. Die regeringsdoelwitte wat grondhervorming betref, naamlik dat 30% van alle landbougrond teen 2014 aan swart eienaars moet behoort, is veranderings wat nog voorlê. Die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming sê in sy strategiese plan tot 2013 hy oorweeg die moontlikheid om alle produktiewe landbougrond tot nasionale bate te verklaar (Duvenage & Van Rooyen 2010). Hierdie strategiese plan, tesame met die ANC se hantering van waterregte en mineraalregte, skep onsekerheid en spanning – veral in landboukringe en platteland-se NG Kerk-gemeentes wat direk van landbou afhanklik is.

### 1.8.9 KERKLIKE VERANDERING

Die NG Kerk is "'n kerk wat in die verlede 'n heel belangrike rol in Suid-Afrika gespeel het" (Meiring & Joubert 1992:52), onder andere in die aanvanklike regverdiging en verdediging van apartheid en die latere kritiek op die verworde apartheid. Die *kerkverband* het 'n prominente posisie van invloed en gesag verloor. Die NG Kerk is in groot mate gemarginaliseer in die nuwe Suid-Afrika (Smit 2001:121).

### 1.8.10 VERANDERING IN SPORT

Daar kan volstaan word met twee voorbeelde van veranderings op sportgebied. Voorbeeld een: Voor 1990 was Suid-Afrika se amptelike sportspanne leliewit en vandag moet hulle die demografie van die land verteenwoordig. Soms word wit spelers wat op meriete 'n provinsiale of nasionale span sou haal, weggelaat om rassekwotas te haal. Voorbeeld twee: Die tydperk voor 1990 was isolasiejare. Geleenthede vir Suid-Afrikaanse sportlui om internasionaal mee te ding, was skaars. In 2010 is ons sportspanne byna enige plek in die wêreld welkom en neem baie gereeld internasionaal deel.

### 1.8.11 MISDAAD, PERSOONLIKE VEILIGHEID

Die weermag en polisie het 'n prominente rol in die ou Suid-Afrika gespeel. Dit was magte om mee rekening te hou en misdadigers het dit geweet. Die strafregstelsel en howe was effektief. Misdaad was onder beheer en oor die algemeen het mense in hulle persoonlike lewens veilig gevoel. Die situasie rakende landsburgers se gevoel van persoonlike veiligheid het baie verander. Misdaad het hand oor hand toegeneem. Die Polisiediens se oneffektiwiteit is die direkte oorsaak

van die toename in misdaad. Twee derdes van die polisiekantore in Suid-Afrika se bevelvoerders versuim hulle mees basiese pligte (Steenkamp 2010). In die aanloop tot die 2010 FIFA- sokker-wêreldbeker eindtoernooi in Junie en Julie 2010, was die hoë vlakke van misdaad een van die grootste bekommernisse vir beide die aanbieders van die skouspel en voornemende sokkertoeriste (www.goal.com 2010). Vrees vir misdaad impliseer vir Suid-Afrikaners wat permanent in die land woon, 'n sekere verlies van vryheid en lewensvreugde. Misdaad is ook een van die hoofoorsake vir emigrasie.

GEVOLGTREKKING

As 'n Rip van Winkel 20 of 30 jaar gelede in Suid-Afrika aan die slaap geraak het en vandag moes wakker word, sou hy die land, as gevolg van die baie veranderings, nie herken het nie.

## 1.9 KONTEKS: KOMPLEKSE VERANDERING, VERLIES EN ONAFGEHANDELDE TREUR

Die konteks waarbinne die NG Kerk leef, is een wat gekenmerk word deur verbysterende verandering op baie vlakke en terreine. Groot veranderings gaan noodwendig met ervarings van verlies gepaard. Die soort verlies wat hier ter sprake is, is uiters kompleks, omdat die veranderings wat daartoe aanleiding gee, oor 'n lang tydperk plaasvind en nie ophou nie. Sestien jaar na die aanbreek van die nuwe bedeling in Suid-Afrika, is die groot veranderings in die samelewing nog nie afgehandel nie. Heelwat nuwe wetgewing en veranderings aan die samelewing word steeds ingevoer, wat onsekerheid en verlies by NG Kerk-lidmate veroorsaak. In 'n samelewing waar verandering een van die min konstantes is, raak die treurtake nie afgehandel nie. Voordat een verlies behoorlik verwerk is, word mense met nóg veranderings en nóg verliese gekonfronteer.

Daar is baie voorbeelde van onafgehandelde treur te sien in die Suid-Afrikaanse samelewing. Soms lyk dit asof 'n joernalis of 'n kunstenaar 'n baie sensitiewe senuwee van die Afrikaanse gemeenskap aanraak en dan is daar ongekende reaksie: Die enorme openbare reaksie op die joernalis Chris Louw se artikel "Boetman is die bliksem in" (oorspronklik gepubliseer in 2001 en na Louw se afsterwe herdruk in *Beeld* van 2 Desember 2009) en die sanger Bok van Blerk se liedjie

"De la Rey" is sprekende voorbeelde daarvan. Dit weerspieël die nood van 'n hele gemeenskap in 'n tyd van verandering en verlies, wat steeds kwalik onder die oppervlak leef. Die kerk behoort deeglik daarvan kennis te neem.

Daar is byna daagliks openbare voorbeelde van standpunte en gedrag wat aggressie weerspieël wat, tipies in 'n treurreaksie, buite verhouding is tot die direk aanleidende gebeure. Insidente van padwoede, waar iemand 'n medepadgebruiker uit sy motor ruk en aanrand of doodskiet, maak meer sin as dit gesien word as aggressie wat nie net reageer op die direk aanleidende gebeure (die slegte maniere van 'n medepadgebruiker) nie, maar op onverwerkte verliese van baie jare. Daar is byna daagliks inbellers op die Afrikaanse radiostasie RSG se geselsprogramme oor aktuele sake (Praat saam, Sê wie?, Loslip) wat onredelik kwaad is oor talle aspekte van hulle lewe in die nuwe Suid-Afrika en wat oor die radio stoom afblaas daaroor. Die tipe reaksie van die Afrikaanssprekende publiek op nuusberigte, soos te sien op die dagblad *Beeld* en die sondagkoerant *Rapport* se blogs, weerspieël 'n gemeenskap met wie dit glad nie goed gaan nie. Daar is daagliks voorbeelde van openbare reaksies wat die gemeenskap se sinisme, venynigheid, aggressie, oppervlakkigheid, blatante rassisme, vulgariteit en algemene koersloosheid weergee.

### 1.9.1 RASSISME EN VERVREEMDING

Die vinnige tempo van verandering, tesame met die hoë insidensie van onbillike swart-op-wit rassisme van die kant van sekere politici en prominente mense, veroorsaak dat blankes by tye soos vreemdelinge in hulle eie land voel. 'n Banale voorbeeld is die voormalige hoof van Atletiek Suid-Afrika, mnr Leonard Chuene, wat die blaam vir die openbare storm aangaande die atleet Caster Semenya op "wit rassiste" gepak het om sy eie leuens en onbeholpe hantering van die saak weg te steek (Tucker & Dugas 2009). Dit is duidelik dat die ANC in die na-Mandela era ver weggedwaal het van die ideaal van 'n nie-rassige samelewing.

### 1.9.2 EMIGRASIE

Tienduisende NG Kerk-lidmate het al sedert 1990 hulle gevoel van vervreemding tot 'n ekstreme besluit geneem, geëmigreer en 'n heenkome gaan soek in ander lande. 'n Anonieme lid van die publiek skryf soos volg: "Ek is so moeg vir die onherstelbare verval van Suid-Afrika dat ek gaan padgee" (Riempies op *Beeld*-blog 21 September 2009). Ongeveer een uit elke vyf wit Suid-Afri-

kaners, 850 000 of meer, het na raming geëmigreer in die dekade na 1995. ’n Voormalige navorser van die RGN beskryf die uittog soos volg: “Nou is dit die era van die Derde Groot Trek: wit burgers soek in ’n verstommende tempo ’n ander heenkome. Of het reeds hul oorsese bestemming bereik. En die oorwegend wit emigrasiestroom is nog lank nie afgeloop nie” (Eloff 2008). Daar is byna nie meer ’n NG Kerk-familie oor, wat nie iemand in die buiteland het nie.

Baie emigrante is landuit as gevolg van veranderinge in die land en die gevolglike verliese wat hulle ondervind het ten opsigte van werksgeleenthede of bevorderingsmoontlikhede, onder andere as gevolg van swart ekonomiese bemagtiging en rassekwotas en -teikens by die werkplek. Hulle reaksie op verlies, naamlik emigrasie, het ’n nuwe soort verandering en verlies tot gevolg: vir diegene wat emigreer, asook vir hulle geliefdes wat agterbly. Emigrante lewe ’n lewe van verlies (Hamman 2005:15) en hulle families en goeie vriende ook.

Die impak van emigrasie op die NG Kerk is sover ek weet nog nie ondersoek nie, maar die vermoede van hierdie studie is dat dit beduidend bydra tot die verandering van die klimaat ten opsigte van sending, evangelisasie en gemeenskapsbetrokkenheid in gemeentes. Lidmaatgetalle neem af. My waarneming is dat dit hoofsaaklik jonger en goed opgeleide mense is wat emigreer, mense wat vir baie jare ’n belangrike rol sou kon speel in hulle plaaslike gemeentes. NG Kerk-gemeentes het in die kort tydsbestek van 20 jaar tienduisende hoë potensiaal jong lidmate verloor. Dit is verstaanbaar dat die klem geruisloos geskuif het van ’n visie om lig vir die kontinent te wees (Beukes 2001), na oorlewing en konsolidering (*Kerkspieël 2006*).

Gemeentes se getalle het gekrimp sedert 1990 en dit bevorder nie kerklike entoesiasme om die dalende statistiek te sien nie. Prof Flip Smit se opsomming van demografiese tendense in die blanke deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, waarvan die NG Kerk deel is, is dat hulle minder, ouer en armer word en dat die tendens nie afgeloop is nie (Smit 2007). Heelwat gemeentes wat vroeër finansieel sonder bekommernis was, moet uitgawes besnoei, leraarsposte wat vakant raak vries en groot pogings aanwend om die boeke te laat klop. Sendingbegrotings bly maklik in die slag of word verminder. Omdat gemeentes hoofsaaklik jongmense verloor het, verminder die dooplidmaatgetalle en jeugbediening gaan agteruit. Die gemiddelde ouderdom van die lidmate van NG Kerk-gemeentes word hoër en hoër. “Ons word ouer en ons kinders minder. Dit is ’n empiriese werklikheid” (Nel 2008:7). Jongmense wat agterbly, is redelik pessimisties oor hulle

vooruitsigte om werk te kry en finansieel gevestig te raak. Ons gemeentes beleef dus ook sekondêre verliese, want hulle verloor lidmate en leierspotensiaal, hulle raak finansieel in die knyp en moes al belangrike werk laat vaar waaroor hulle óók treur. Byna ’n miljoen blankes se emigrasie, laat ’n besliste leemte in die kerk. Diegene wat agterbly, bly agter met ’n gemis. Hulle treur onvermydelik oor hulle eie verliese aan familie of vriende en ly ook saam met hulle geliefdes wat moeilike aanpassings in ’n ander land moet maak. Hulle bly agter met dieselfde gemeentelike verantwoordelikhede, wat nou deur minder mense gedra moet word. Daar is groter wordende druk op gemeentes se oorblywende leiers.

### 1.9.3 GEMEENTEBOU IN ’N KONTEKS VAN VERLIES

Goeie teologie moet grondvat in die gemeentelike konteks. As dit ’n konteks van verlies is, is dit goeie teologie om betrokke te raak en gemeentes daarmee te help. Net soos wat stewige ekklesiologie onontbeerlik is vir die selfverstaan en roepingsverstaan van ’n gemeente (Nel 1994:11), is handeling met die verhaal van die gemeente se pyn en verliese in die harde werklikheid ook onontbeerlik (Hamman 2005:50). Om met treurtake besig te wees, is in hierdie omstandighede deel van die omvattende gemeentebouproses.

## 1.10 BELANG, RELEVANSIE, AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Daar is baie op die spel vir die NG Kerk en vir almal wat onder haar bediening val. Die grootste Afrikaanse kerk in die wêreld word getoets deur langdurige samelewingsverandering. Die NG Kerk is, byna soos die kerk in Europa na die Tweede Wêreldoorlog, “voorbeeldloos” (Firet 1968:7) in die sin dat ons nie êrens anders kan “afkyk” hoe om effektief in die veranderende Suid-Afrika kerk te wees nie. Die beste aanwending van geesteskrag is in hierdie omstandighede nodig vir die NG Kerk om nie net te oorleef nie, maar om ’n outentieke bydrae te maak tot die samelewing waarbinne sy geplaas is. Daardie bydrae moet ’n uniek kerklike bydrae wees – ’n bydrae in lyn met haar teologiese en missionêre identiteit (Nel 2009:433–443); ’n bydrae wat strook met die kernwaardes van die Koninkryk van God.

Die navorsingsleemte is dat daar nie empiriese navorsing beskikbaar is wat kontekstueel betroubaar en wetenskaplik verantwoordbaar aandui in watter mate die afskeid van die ou Suid-Afrika in die NG Kerk voltrek is nie. Daar is ook nie betroubare inligting oor die mate waartoe die kerk al ’n nuwe identiteit gedefinieer en haar daar begin inleef het as resultaat van ’n suksesvolle rouproses nie (vgl Hamman 2005:47).

Daar is nie ’n teologiese teorie beskikbaar wat leiding gee in verband met sinvolle teologiese en kerklike response op die huidige kontekstuele nood van lidmate en diensleiers, wat met verlies saamhang nie. ’n Sinvolle teologiese teorie oor begeleiding van verlies en treurreaksies in gemeentes gedurende ’n oorgangstyd is dringend nodig. Die heersende gemeentebouteorie neem nie in ag dat daar vir die afgelope twee tot drie dekades waarskynlik sosiale en emosionele faktore bestaan wat lidmate en gemeentes van die NG Kerk se geestesenergie dreineer nie. Daardie faktore is normale, maar veeleisende en kollektiewe treurreaksies, wat vermoedelik goed-bedoelde gemeenteboupogings laat stol. Gemeentes het begeleiding nodig om die uitdagings wat verandering en verlies meebring, sinvol aan te pak.

### 1.10.1 AFSKEID VAN OU BEDELING LEERSTELLIG GENEEM; NIE PASTORAAL NIE

Die afskeid van apartheid is in die NG Kerk op ’n *dogmatiese* en etiese wyse hanteer deur kerkvergaderings, maar die pastorale node van die tyd het nie behoorlik aan die orde gekom nie. Openbare, kerklike standpuntstelling was in die brandpunt in die tagtiger- en negentigerjare. Die NG Kerk se sinodale en ander vergaderings het in daardie proses duisende bladsye standpuntstelling geproduseer van debatte, verslae en besluite. Maar die “sagter”, *pastorale* kant van die saak, waar geluister word na die verskeidenheid pynlike ervarings van individuele lidmate en gemeentes, het grootliks agterweë gebly. Die afskeid van die ou bedeling het vir die NG Kerk enorme verlies ingehou. Daardie **ervarings van verlies het egter nog nie die onderwerp van teologiese besinning geword nie.**

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie het die pynlike ervarings van die slagoffers van apartheid in opspraakwekkende, openbare byeenkomste hanteer. Dit was ’n pastorale diens aan diegene wat geleentheid gekry het om in ’n simpatieke atmosfeer hulle verhale te kom vertel, asook baie

ander wat met die verhale kon identifiseer (Meiring 1999). Terwyl landsburgers aan die een kant van die spektrum op ’n evangeliese wyse bedien is om afskeid te neem van die trauma van die ou bedeling, het ’n ander deel van die bevolking (wat die groot meerderheid van die NG Kerk insluit) hulle hoofsaaklik van die verhore onttrek, maar in die proses het hulle openbare skuld toegeneem.

Waarom is die verlies en treurreaksies nie voorheen verwerk nie? Die antwoord het waarskynlik daarmee te doen dat die NG Kerk vasgevang was in ’n situasie waar die verskeidenheid politieke sienings in dieselfde gemeente en die drif waarmee lidmate mekaar se politieke standpunte beveg het, gesprek oor politiek-verwante onderwerpe soos verandering, verlies en treur byna onmoontlik gemaak het. Die tagtiger- en negentigerjare was die dae van kerklike skeuring en dreigende skeuring. Die Afrikaanse Protestantse Kerk het pynlik van die NG Kerk afgeskeur in 1986. NG Kerkgemeentes het kosbare lidmate verloor en die emosie daarrondom was nog rou. Die politieke en kerklike debatte van die negentigerjare was in so ’n mate oorverhit dat standpunte verhard het en eerlike pogings tot gesprek dikwels in rusies ontaard het.

Daarby was daar die onoorkomelike dilemma, wat dit prakties onmoontlik gemaak het om die verliese behoorlik te verwoord en daaroor te rou: Die NG Kerk het haar aandeel aan apartheid herhaaldelik as sonde bely. Maar dit het nie die verlies wat mense met die afskeid van apartheid beleef het, uitgekanselleer nie. “But **how do you grieve something that you have confessed as a sin?** This paradox cannot be solved, for the body of Christ does not live only theologically, ecumenically, or even ethically, but also emotionally and relationally” (Hamman 2005:15). Die kerk het waarskynlik in die eerste dekade na 1994 eerlik nie geweet hoe om verliese te hanteer nie en dit daarom maar links laat lê. Baie gemeentes het vasgeval in onproduktiewe treur en nostalgie. Die groot verliese het in groot mate onverwerk bly lê. Waar die verliese wel deurgewerk is, was dit meestal in die privaatheid van pastorale gesprekke en nie in die openbare domein van gemeentebou nie.

### 1.10.2 MINDER GESLAAGDE BEGELEIDING

’n Mens kan spekuleer oor nog redes waarom die NG Kerk se begeleiding van lidmate en gemeentes deur die huidige tydperk van verandering nie so geslaagd is nie. Ek noem twee redes, wat deel is van die navorsingsvermoede van hierdie studie:

Eerstens is "die kerk" van wie leiding verwag word, self net *mense* – mense wat individueel en as groep midde-in die maalkolk van verandering leef. Die NG Kerk het nie die luuksheid van 'n onbetrokke afstand-perspektief nie. Inteendeel, die georganiseerde kerk as gemeenskapstruktuur sukkel self om haar te posisioneer in nuwe omstandighede. Dit is 'n groepering van mense – die kerklike leierskap op gemeente-, rings-, sinodale en nasionale vlak, wat aan 'n groter groepering van mense – die lidmate in 'n wye verskeidenheid persoonlike omstandighede, probeer leiding gee oor hoe om met verandering te leef, terwyl hulle self ten diepste daardeur geraak word, self onseker is en self met onafgehandelde treurtake worstel.

Tweedens het "die kerk" nie genoeg betroubare inligting oor die onderwerp nie – ons weet byvoorbeeld nie wetenskaplik en betroubaar hoe NG Kerk-lidmate verandering en verlies beleef nie. Ons weet ook nie in watter mate lidmate en gemeentes die verlies reeds deurgewerk het nie. "Rou" as begeleide proses, is ook nie deel van enige praktykteorie waarvan ek weet, wat gemeentes se optrede in hierdie konteks van verlies rig nie.

### 1.10.3 'N SINVOLLE ROUPROSES LEI NA NUWE IDENTITEIT

My vermoede as deelnemer-waarnemer is dat die meeste NG Kerk-gemeentes onseker is oor hulle identiteit en roeping in die nuwe Suid-Afrika. Die impak van verandering is so groot dat gemeentes vandag nog soek na hulle identiteit: 'n nuwe identiteit wat vorm aanneem wanneer die rouproses genoegsaam afgeloop het; 'n identiteit wat uitdrukking gee aan die roepingsverstaan van 'n kontekstueel-relevante Afrikaanse kerk in die na-koloniale Afrika en die nuwe Suid-Afrika.

Die onafgehandelde treurproses eis baie geestesenergie en gemeenteleiers verstaan soms nie waarom die gemeente so traag is om te reageer op hulle goeie programme nie. Met tye kan treurwerk mense lam lê en dit vir gemeentes onmoontlik maak om enige iets meer as die noodsaaklikste werk aan te pak. Daar kan ook nie beplan of begroot word vir treurtye nie, omdat dit ongenooid opdaag en sigself "afdwing" op mense en gemeenskappe. Gemeentebou is 'n hoërorde-werksaamheid, in die sin dat dit nie noodsaaklik is vir oorlewing nie. Wanneer mense se bronne en energie onder druk is, kom daar tye dat individue, families en selfs geloofsgemeenskappe op oorlewing ingestel raak. Daar is eenvoudig nie krag en kreatiwiteit beskikbaar om te ywer vir 'n verdienstelike saak soos gemeentebou nie. Die afgelope twee dekades was vir die NG Kerk so 'n tyd.

Die bediening van gemeentelike rou sal op die kort termyn swaar werk wees – nog ’n moeilike ekstra? Maar op die langer termyn sal gemeentes die vrugte pluk wanneer die energie wat tans deur ’n onvrugbare treurproses getap word, beskikbaar raak vir bedienings na buite. Rou is ’n hoopvolle bediening, omdat individue en gemeentes mettertyd hulle verliese deurwerk, aanpas by nuwe omstandighede en ’n nuwe identiteit ontwikkel wat pas by hulle diepste oortuigings en by die nuwe omstandighede. Rou is die roete na ’n nuwe roepingsbesef, ’n nuwe visie en ’n nuwe identiteit (Hamman 2005:177–179). Mens kan verwag dat nuwe gedrag sal voortvloei uit die nuwe identiteit.

Studie oor hierdie onderwerp het ook nut vir die gewone lidmaat. Hulle het leiding van hulle kerk nodig om in te sien dat die kollektiewe treurproses ’n demper is vir gemeentebou en dat daarvan werk gemaak moet word. Geen reggeaarde Christen wil lewenslank aanhou treur en in die proses die vreugde van optimale Christenwees misloop nie. Geen reggeaarde gemeente wil ook vir te lank vasval in kollektiewe treur en in die proses onvrugbaar in God se koninkryk wees nie. Lidmate en gemeentes leef vandag in 'n wêreld waarvoor hulle nie voorberei is nie. Die praktiese teologie as kritiese teologiese teorie wat naby aan die empiriese werklikhede beweeg, behoort hulle te help om hulle wêreld te verstaan en betekenisvol daarop te reageer.

### 1.10.4 IS DIE NAVORSINGSTEMA BELANGRIK?

Die **relevansie en belang** van studie oor die onderhawige onderwerp kan soos volg opgesom word:

**Die nuwe identiteit en geloofwaardigheid van die NG Kerk in die jare wat voorlê, hang in groot mate saam met die sinvolheid waarmee haar gemeentes die oorgangstyd vertolk en die verliese wat daarmee saamhang hanteer deur ’n hoopvolle bediening van rou as ’n normale werksaamheid te vestig.** Die situasie in Suid-Afrika het onherroeplik verander. Intensionele rou kan gemeentes help om verlies op ’n gelowige manier te verwerk en dan meer toepaslik te reageer in ’n nuwe konteks. NG Kerk-gemeentes het nodig om hulle rol, taak, visie, identiteit en roeping in die nuwe Suid-Afrika nuut te definieer. Gemeentelike rou is die roete daarheen.

Hierdie onderwerp is aktueel, want die tyd is nou ryp vir die NG Kerk om hoopvol te rou oor alles wat sy verloor het met die oorgang na die nuwe Suid-Afrika.

# 1.11 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

## 1.11.1 EPISTEMOLOGIESE VERANTWOORDING

Vir hierdie studie is dit nodig om behoorlike aandag te gee aan rasionaliteit en die kenteoretiese begronding – met die oog op inhoude wat later in die studie volg. Die rede daarvoor lê hoofsaaklik by die kwalitatiewe empiriese ondersoek en -ontleding. ’n Navorsingsfilosofie en navorsingsmetodes word gebruik wat tot heel onlangs nie as deel van die wetenskaplike proses beskou is nie. Die navorsingsfilosofie en -metodes wat hier gebruik word, lê ingebed in ’n nuwe, breë siening van rasionaliteit en wetenskaplikheid. Die studie van sosiale en subjektiewe werklikheidsdomeine (soos die gevallestudies wat hier aangebied word), het byvoorbeeld so onlangs as die tagtigerjare eers wetenskaplike erkenning begin geniet, omdat die siening van waarheid en kennis vir die eeue voorafgaande te eng was (Pieterse 1993b:198–201).

Kwalitatiewe navorsing is nog in die proses is om in die praktiese teologie gevestig te raak as ’n bruikbare empiriese weg naas die kwantitatiewe (Heitink 1993:229; Van der Ven 1994:42–44). Die metodes vir dataversameling vereis ook verantwoording. Deelnemende waarneming is een van die metodes van dataversameling. Die proses van deelnemende waarneming het verloop oor die hele tydperk terwyl die formele studie aan die gang is. ’n Tydperk van minstens 15 jaar voor die navorser formeel ingeskryf het vir studie kan egter navorsingsmetodologies nie buite rekening gelaat word nie. Ek het die rol vervul van deelnemer-navorser (*practitioner-researcher*) (Jarvis 1999:xi), lank voor daar planne was van graadstudies en voor daar planne was om enige resultate te publiseer. Die werkswyse om die hele voor-formele proses van *participatory action research* (Wepener 2005:115–116) metodologies in te trek as deel van die navorsingsproses en -resultate, sal party puriste uit die ouer skool van navorsingsmetodologie se wenkbroue laat lig, daarom word daar genoeg spasie afgestaan aan die epistemologie wat daaraan ten grondslag lê. Die tweede metode vir dataversameling is gevallestudies, waar halfgestruktureerde onderhoude met individue en pare, asook gesprekke met fokusgroepe gebruik word. Sulke metodes is vir sommige net té naby aan alledaagse gesprekke om in wetenskaplike werk gebruik te word.

Hierdie studie en sy resultate is bedoel om in die praktiese teologie ernstig opgeneem te word, daarom begin hoofstuk 2 met ’n hele afdeling oor die onderliggende rasionaliteit. Om te voorkom dat die wetenskaplikheid en geldigheid van die totale navorsingsprojek in die gedrang kom, word

ruimte in hoofstuk 2 (in samehang met die nuwe praktiese teologie), asook in hoofstuk 3 (in samehang met sisteemdenke en gemeentebou), gewy aan die uiteensetting van keuses ten opsigte van die nuwe rasionaliteit. Die navorsingsfilosofie en -metodologie moet kenteoreties geplaas en wetenskaplik verantwoord word.

Die "nuwe" vak praktiese teologie rus kenteoreties op die "nuwe" epistemologie, daarom word die twee velde saam-saam uitgewerk in hoofstuk 2. Deel van die nuwe benadering tot praktiese teologie is die legitimering van die empiriese ondersoek as sodanig, want ook dít is relatief nuut as kenbron in die teologie. Die benutting van empiriese data in die ontwikkeling van 'n teologiese teorie (Van der Ven 1993:vii–viii), asook die wyse waarop te werk gegaan word met verskillende soorte inligting (Browning 2007:9), hang saam met die nuwe, ruimer benadering tot wetenskapsbeoefening (De Jongh van Arkel 1988:225–226), asook met 'n nuwe benadering, nie net tot die praktiese teologie nie, maar tot die teologie as sodanig (Browning 1996). Dit maak dus sin om 'n behoorlike epistemologiese begronding aan te bied en om dit te doen in die hoofstuk wat die "nuwe" praktiese teologie uiteen sit.

### 1.11.2 BREË NAVORSINGSMODEL


Drie bruikbare modelle vir navorsing in die praktiese teologie word vervolgens baie kortliks bespreek, voordat daar meer aandag gegee word aan die voorkeurmodel: dié van Gerben Heitink, wat hy in 1993 breedvoerig uiteengesit het in sy boek *Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden.*

#### 1.11.2.1 HEYNS EN PIETERSE

Wanneer 'n Afrikaanse praktiese teoloog besin oor 'n breë navorsingsmodel – met ander woorde HOE prakties-teologiese navorsing gedoen word, is dit moeilik om iets anders as die model van Heyns en Pieterse as aanknopingspunt te gebruik. Dit is immers "die eerste volledige uiteensetting in ons land van die nuwe benadering in die praktiese teologie, wat sedert die sestigerjare in Europa ontwikkel is" (Heyns & Pieterse 1990:voorwoord). Hulle model kan grafies voorgestel word as 'n ellips met twee middelpunte. Die twee middelpunte verteenwoordig die teologiese teorie en die geloofspraxis (Heyns & Pieterse 1990:34). "Die belangrikste stuk gereedskap van die praktiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teologie is, na my oordeel, die teorie en praxis wat in ’n bipolêre spanningsverhouding tot mekaar staan” (Heyns & Pieterse 1990:35).



Ek verkies die breë navorsingsmodel van Heitink (sien p 37–40) bo die model van Heyns en Pieterse, omdat dit drie “pole” het, in plaas van die twee. Heitink noem dít wat Heyns en Pieterse die pole van teorie en praxis noem, die hermeneutiese en empiriese siklusse. Maar dan voeg hy ’n derde siklus daarby: die regulatiewe of strategiese siklus. Dit gee prominensie aan strategieë om verandering te weeg te bring en brei dus die werkswyse uit van ’n bipolêre na ’n drieslagmetodologie.

1.11.2.2 BROWNING

Die tweede bruikbare model dateer ook uit die negentigerjare en kom uit die VSA. Browning het in 1991 in ’n artikel sy model bekend gestel, wat later in die boek *A fundamental practical theology* (1996) meer volledig uitgewerk is. Die model het vier afdelings of rigtings waarin dit beweeg. Hy skryf self later die volgende oor 1991 se artikel *Toward a fundamental and strategic practical theology*: “In this article, I turned this hermeneutical circle *(Gadamer’s practical hermeneutical circle – WB)* into a full-blown theological method that saw all fresh theological reflection (1) beginning with the description of concrete questions, (2) moving backward to the interpretive concerns of historical theology, (3) moving to systematic theology as ordered reflection on this interpretive process, and (4) then finally moving foreward to strategic practical theological

reflection about ways to proceed with concrete and faithful action in the future" (Browning 2007:4).


Browning se model stem baie ooreen met Heitink s'n en hy voeg niks wesenliks by nie. Hy deel

net dít wat Heitink die hermeneutiese siklus noem, op in twee afdelings: bewegings na die historiese en sistematiese teologie. Ek verkies die eenvoudiger model met die drie fokuspunte.

1.11.2.3 OSMER

'n Derde, onlangse, model waarvan kennis geneem móét word, omdat dit binne 'n kort tydjie reeds baie internasionale erkenning geniet, is die model van RR Osmer wat in 2008 gepubliseer is in die boek *Practical theology: an introduction*.

Osmer stel sy model grafies soos volg voor:




Osmer stel 'n navorsingsmodel voor met vier bewegings, aan die hand van vier belangrike vrae. Die vier kerntake van die praktiese teologie hang saam met hierdie vier vrae (Osmer 2008:4):


1. "What is going on? The descriptive-empirical task: Priestly listening.

| | | |
|---|---|---|
| 2. Why is this going on? | The interpretive task: | Sagely wisdom. |
| 3. What ought to be going on? | The normative task: | Prophetic discernment. |
| 4. How might we respond? | The pragmatic task: | Servant leadership.” |

Osmer deel ook Heitink se hermeneutiese perspektief op in twee vrae: die vertolkende en die normatiewe.

1.11.2.4 VOORKEURNAVORSINGSMODEL: HEITINK

Al drie die navorsingsmodelle hierbo, asook Heitink se model bevat die elemente van 1) empiriese ondersoek, 2) literatuurstudie: studie van die kerk se brondokument, die Bybel, en die teologiese tradisie, 3) kritiese teologiese en innoverende praktiese denke. Al vier metodes dwing die ondersoeker om naby aan die praktyk, naby die Bybel en beproefde teologie en op ’n kreatiewe en strategiese wyse naby aan die gewenste toekoms te beweeg. Ek kies Heitink se model, omdat dit ’n gedurige wisselwerking en heen-en-weer beweeg tussen die verskillende perspektiewe behels. Daar kan geen sprake wees van ’n metodologie wat stapsgewys in een rigting gebeur nie. Die eie karakter van die prakties-teologiese metodologie wat hier benut word, kan soos volg skematies voorgestel word (Heitink 1993:161):



Hierdie studie as geheel volg die drie groot siklusse van die prakties-teologiese ondersoek, soos deur Heitink uitgewerk (1993:174–230). Die sogenaamde "drieslagwerkswyse" geniet al vir ongeveer 20 jaar wye aanvaarding onder praktiese teoloë (Dingemans 1990:103–105; vgl ook Van der Ven 1994:37–42). Die werkswyse is om die hermeneutiese, empiriese en regulatiewe (ook genoem "strategiese") perspektiewe van die prakties-teologiese ondersoek afwisselend aan die orde te stel en krities met mekaar in verband te bring.

## 1.12 OORSIG OOR DIE STUDIE

### 1.12.1 HERMENEUTIESE SIKLUS

Eerstens kom die hermeneutiese siklus, wat Heitink (1993:174) "begrijpen" noem, aan die beurt. In **hoofstuk 2** word die "nuwe" praktiese teologie as hermeneutiese handelingswetenskap, wat mense se geloofshandelinge in diens van die Evangelie bestudeer en vertolk, geplaas in die raamwerk van die na-Einstein epistemologie. Met "na-Einstein epistemologie" word nie radikale postmoderne relativisme bedoel nie. Dit word vermy deur te kies vir "postfoundational" epistemologie, wat teoloë in 'n interdissiplinêre gesprek ontwikkel saam met denkers uit ander vakgebiede. Die paradigmaskuif in die praktiese teologie gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu word beskryf. Die keuse vir die "nuwe" praktiese teologie word verantwoord. Die nut van empiriese ondersoek en die geldigheid van die geloofspraktyk as tweede kenbron vir die teologie word beredeneer. Hierdie studie se bydrae tot teorievorming, is om aan te toon dat die huidige kontekstuele nood van NG Kerk-gemeentes (volgens die navorsingsprobleem) in die prakties-teologiese teorie behoort te reflekteer. Die waarde van empiries-georiënteerde teologie (Van der Ven, Browning) word beredeneer.

In die ontwerp van die empiriese navorsingsprojek word die kwalitatiewe navorsingsfilosofie ondersoek. Die teoretiese keuse vir die konstruktivistiese metodologie onderliggend aan die empiriese ondersoek word uiteengesit. Hierdie soort navorsing is deel van die nuwe, breër sienings van rasionaliteit en wetenskapsbeoefening en pas goed by die navorsingsprobleem en die veld wat ondersoek word. My eie posisie as praktyk-navorser en deelnemer-navorser word uitgeklaar. Twee aanvullende navorsingstrategieë word geïdentifiseer wat gebruik sal word om gegewens te versa-

mel. Drie gemeentes word geselekteer vir gevallestudies. Die seleksie van respondente word beplan, asook die skedule met vrae wat gebruik word in die onderhoude. Die navorsingsprobleem, navorsingsdoel en werkshipotese word geoperasionaliseer in ’n haalbare navorsingsprojek en wel op so ’n wyse dat al vier aspekte van die navorsingsdoel deeglik funksioneer.

In **hoofstuk 3** word die hermeneutiese siklus verder ontwikkel met ’n uiteensetting van die sistemiese benadering en die belangrikheid daarvan vir die vakgebied gemeentebou. Die verbande van die sistemiese benadering met die nuwe epistemologie word aangetoon. Die teorie vir gemeentebou as ’n omvattende, reformatoriese bediening word aangebied in samehang met die nuwe epistemologie en die nuwe praktiese teologie. Die praktiese belang is om die huidige gaping tussen gemeentebouteorie en gemeentelike praktyk te hanteer (tweede, derde en vierde aspekte van die navorsingsdoel).

Die hermeneutiese siklus word afgesluit in **hoofstuk 4**, waar die teorie oor verlies, treur en rou ondersoek en toegepas word op Afrikaners se komplekse belewenisse in die nuwe Suid-Afrika.

### 1.12.2 EMPIRIESE SIKLUS

Die tweede perspektief van die breë navorsingsmodel, is die empiriese siklus, wat Heitink (1993: 212) ook “verklaren” noem. Die beplanning en ontwerp van die empiriese navorsingsprojek is aan die einde van hoofstuk 2 gedoen. **Hoofstuk 5** rapporteer oor die proses van die versameling van gegewens in drie gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode. Die eerste twee aspekte van die navorsingsdoel is op die voorgrond: eerstens word die belangrikste resultate van die empiriese ondersoek weergegee en vertolk. Daar word met aandag geluister na unieke stemme uit elk van die drie gemeentes. Sodoende word in-diepte beskrywings aangebied van die stand van sake ten opsigte van drie uiteenlopende gemeentes se belewenisse van verandering en verlies. Die deelnemer-waarnemer se waarnemings word geïntegreer met insette van respondente in die gevallestudies.

Tweedens word nagegaan of ’n langdurige treur- en rouproses belemmerend inwerk op gemeentebouogings van die drie gemeentes. Hierdie hoofstuk is doelbewus die langste van die ses hoofstukke, omdat hierdie studie ’n keuse gemaak het vir ’n praktiese teologie wat naby aan die empiriese werklikheid beweeg en wat die impulse vir die ontwikkeling van die vakgebied vanuit die geloofspraktyk ontvang.

Die versamelde data word georden om lig te werp op die navorsingsprobleem, navorsingsdoel en werkshipotese. Insigte uit die literatuurstudie (hoofstuk 2–4) word krities in verband gebring met die gevallestudies.

### 1.12.3 STRATEGIESE SIKLUS

Die derde perspektief van die gekose navorsingsmodel is die strategiese of regulatiewe siklus, wat Heitink (1993:195) "veranderen" noem. In **hoofstuk 6** word aandag gegee word aan die gewenste, nuwe, verbeterde praxis. Die derde navorsingsdoel kry gefokusde aandag: die verryking van die heersende gemeentebouteorie met perspektiewe uit die empiriese ondersoek waaroor hoofstuk 5 rapporteer. Die tweede en derde fases van die gemeentebouproses (sien p 196–198) word spesifiek uitgelig en verryk met perspektiewe op verandering, verlies en treur. Aspekte van die vierde navorsingsdoel, naamlik om strategies weë te ondersoek vir gemeentes om intensionele rou, as 'n bediening van hoop, te integreer as 'n normale deel van die gemeentebediening, kom ter sprake.

Die moontlikhede van toekomstige ontwikkelings van gemeentes se bediening moet nie net geïdentifiseer word nie, maar ook strategies beplan en begelei word om 'n impak te maak (Heitink 1993:195). Die vraag HOE gemeentes betekenisvol leiding kan gee om 'n bediening van hoopvolle rou as permanente deel van die gemeentebediening te vestig, word oorweeg. Twaalf praktiese moontlikhede word uitgespel hoe gemeentes strategies 'n sinvolle rouproses kan fasiliteer.

Heelwat dinkwerk en teologiese onderskeiding is deel van die voorbereiding van hierdie hoofstuk, op soek na praktiese wysheid. Die heersende gemeentebouteorie word weer oorweeg en aangevul met perspektiewe op verlies, spontane treur en intensionele rou; oor die langdurige en kollektiewe aard van reaksies op verlies wat die Afrikaanse gemeenskap beleef. 'n Begeleide rouproses word aangebied as 'n teologiese aktiwiteit van belang in 'n konteks van grootskaalse verandering en verlies. Hoofstuk 6 is die vertolkende, teologies kreatiewe en integrerende hoofstuk waar teorie en praxis in bipolêre spanning met mekaar hanteer word (Heyns & Pieterse 1990, Nel 1991), in die lig van die rykdom van die resultate van die empiriese ondersoek.

Die werkshipotese word krities herbesoek in die lig van die literatuurstudie en die empiriese data. Hierdie hipotese-genererende studie sluit dan af met 'n behoorlik geformuleerde wetenskaplike hipotese.

# HOOFSTUK 2

# RASIONALITEIT EN EPISTEMOLOGIE, DIE “NUWE” PRAKTIESE TEOLOGIE, NAVORSINGSONTWERP

Die doel van hierdie hoofstuk is om te begin konstrueer aan die konseptuele en teologiese raamwerk, waarbinne die studie van die NG Kerk se rol in ’n veranderende Suid-Afrika inpas. Die hermeneutiese siklus van die breë navorsingsmodel (Heitink 1993:174–194), is aan die orde. Hierdie hoofstuk bestaan uit drie dele:

1. Eerstens word belangrike **epistemologiese vertrekpunte** gestel en kortliks verduidelik. Dit het implikasies vir die wetenskaplikheid van die vak praktiese teologie en die aansprake op geldigheid van hierdie studie se navorsingsresultate.
2. Daarna word die eerste teologiese keuses onderliggend aan hierdie studie uiteen gesit. **Die “nuwe” praktiese teologie**, ’n jong wetenskap, word aangebied in samehang met die “nuwe” epistemologie, ’n jong beskouing van wat rasionaliteit en wetenskap is.
3. Derdens val die kollig op die ontwerp van die **empiriese navorsingsprojek** binne die parameters van die epistemologiese vertrekpunte en die uiteensetting van die “nuwe” praktiese teologie. Beslissings in verband met navorsingsmetodologie en die tipe ondersoek wat beplan word, word uitgespel. ’n Empiriese navorsingsprojek word ontwerp waardeur die eerste twee navorsingsdoelwitte bereik kan word.

## 2.1 EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE

### 2.1.1 OBJEKTIEWE WAARHEID OF KONTEKSTUELE GELDIGHEID?

Praktiese teologie is ’n wetenskaplike vak wat aan universiteite bestudeer en doseer word; wat in die sfeer van wetenskaplike arbeid ontwikkel word. Dit is vir enige wetenskap belangrik om re-

kenskap te gee van rasionaliteitsaansprake, die benadering tot wetenskapsbeoefening, die soort(e) kennis of waarheid wat nagestreef word en die norme vir wetenskaplike kennis wat ter sprake is. Dit geld ook die praktiese teologie (De Jongh van Arkel 1991; Pieterse 1991,1993(a); Van Huyssteen 2006). Gegewe die paradigma-wisseling wat daar in die teologie plaasgevind het (De Jongh van Arkel 1988:223; Pieterse 1994:93), kan die vak in die huidige tydsgewrig nie anders as om hom kenteoreties te verantwoord nie. Die kenteorie of wetenskapsleer "is een filosofisch onderzoek naar de aard van de wetenschapplijke kennis en die wijzen waarop deze bereikt wordt (Beerling, Kwee, Mooij, Van Peursen 1978:9).

Voordat inligting ingesamel word, is dit gepas om te besin oor die aard en geldigheid van kennis. Kwessies in hierdie studie wat epistemologiese begronding nodig het, is

- die "nuwe" vak praktiese teologie met sy breër siening van die studie-objek van teologie (p 53-90)
- die sistemiese benadering tot gemeentebou (p 132-199)
- die kwalitatiewe styl van empiriese navorsing in die praktiese teologie (p 95-99)
- die twee strategieë wat vir data-insameling gebruik word, naamlik prosesbeskrywing aan die hand van veelvuldige gevallestudies en die funksionering van die deelnemer-navorser in 'n empiriese studie (p 117-120)

Die empiriese navorsingsfilosofie en -metodes is nog nuut in die vakgebied en benodig daarom 'n fondament in die kenteorie. Hierdie studie huldig 'n ander siening van wetenskaplikheid en gebruik ander metodes as wat vir eeue in die teologie geyk was.

## 2.1.2 EPISTEMOLOGIESE ONTWIKKELINGS NA DIE RENAISSANCE

### 2.1.2.1 NEWTON

Die vorige wetenskaplike paradigma, wat die toneel totaal oorheers het vir ongeveer 250 jaar, se herkoms was vanuit die natuurwetenskappe en wiskunde van die laat sewentiende eeu. Isaac Newton (1643–1727) was die sentrale figuur. Sy bydrae was *eerstens* dat hy in sy vakgebiede van fisika en wiskunde voortgebou het op die deurbrake van die groot ontdekkers van die Renaissance en vroeë Verligting: Nicolaus Copernicus (1473–1543), Johannes Kepler (1571–1630), Galileo

Galilei (1564–1642), Robert Boyle (1627–1692) en andere. Galilei het die grondbeginsels van ’n suiwer kwantitatiewe, wiskundige en meganiese natuurwetenskap geformuleer. “Deze grote Italiaan is de eigentlijke grondlegger van de huidige natuurwetenskap” (Störig 1972:272). Newton het die baanbrekers van die Renaissance se werk voortgesit. Hy het calculus uitgevind en die klassieke teorieë van meganika en optika geformuleer. Hy het inhoudelik baie bygedra tot die wiskunde, fisika, sterrekunde en ander natuurwetenskaplike rigtings. “Newton singlehandedly contributed more to the development of science than any other individual in history ... It is no exaggeration to identify Newton as the single most important contributor to the development of modern science” (Weisstein 1996–2007). Hy het trouens byna al die wetenskaplike probleme van sy tyd opgelos.

Die merkwaardige is dat Newton se *tweede* bydrae was selfs nog groter was: Hy het al die wetenskaplike vooruitgang na die Middeleeue in ’n magtige eenheid saamgevat (Störig 1972: 333). “Newton mathematized all of the physical sciences, reducing their study to a rigorous, universal, and rational procedure which marked the ushering of the Age of Reason” (Weisstein 1996–2007).

Hy het nie net as begaafde wetenskaplike talryke ontdekkings gemaak en natuurwette beskryf nie, maar ’n *wetenskaplike metode* daargestel wat vir eeue na sy dood as die ideaal sou geld. Sy invloed het in die dekades na sy dood groter en groter geword. Deur sy bydrae is daar finaal afskeid geneem van die filosofiese en spekulatiewe metodes van die voorafgaande eeue. Newton se analitiese metode het voortgebou op dié van Galilei, deurdat eksperimente, noukeurige waarneming en wiskundige berekenings gedoen is. Gevolgtrekkings uit die waarnemings en berekenings is op ’n induktiewe wyse gemaak. “In de wetenschappelijke werkwijze beteken het werk van Newton een hoogst suksesvolle combinatie van de inductief-empirische met de deductief-matematische methode...” (Störig 1972:333). As ’n probleem eenmaal opgelos is, het die antwoord vir altyd vasgestaan. Enige ander wetenskaplike kon dit toets deur dieselfde metode te volg. As die oplossing korrek was, sou enige ander wetenskaplike altyd by dieselfde antwoord uitkom. Latere wetenskaplikes sou verifieer of die oorspronklike oplossing reg was. Selfs nuwe wetenskaplike oplossings kon heel gou vasstaan as die geverifieerde, objektiewe waarheid. Van die eerste helfte van die agtiende eeu af het Newton se suksesse en metodes die wetenskaplike toneel oorheers. ’n Tydperk van “Verligting” het gevolg (Störig 1972:332–370). Newton se invloed was enorm (vgl Jammer 1999:155-159). ’n Nuwe geslag ondersoekers het Europa met ’n algemeen-aanvaarde en beproefde wetenskaplike metode uit die Middeleeue gelei, die moderne wêreld in.

In die ontwikkeling van die klassieke werklikheidsbenadering en opvatting oor wetenskaplike waarheid na Newton, het die subjek-objek skeiding ’n sentrale rol gespeel. Die kennende subjek het ’n objektiewe werklikheid “daar buite” bestudeer. Die werklikheid is beskou as ’n objektiewe gegewe met ’n onveranderlike struktuur, wat onafhanklik van die mens bestaan. Kenteoreties was daar geen onsekerheid oor die waarhede wat vasgestel is nie (vgl De Jongh van Arkel 1988:224). Wetenskapsbeoefening het gedraai rondom objektiewe waarneming van die werklikheid daarbuite en eksakte, wiskundige berekenings deur ’n neutrale wetenskaplike – alles faktore wat sekerheid meebring. “Objektiewe kennisverwerwing deur sistematiese waarneming” was die klassieke wetenskaplike ideaal (Pieterse 1991:39).

Om data te versamel deur onderhoude te voer met individue en klein fokusgroepe; om fyn te luister na deelnemers se subjektiewe ervarings (die voorkeur empiriese navorsingsmetodes vir hierdie studie – sien die navorsingsontwerp p 117–125), sou in Newton se model hoegenaamd nie as ’n wetenskaplike metode kwalifiseer nie – veral nie as die navorser eksistensieel en subjektief betrokke is by sy navorsingsveld soos ek by die NG Kerk se Noordelike Sinode nie (sien p 104–113). Newton se metodologie kom uit die natuurwetenskappe en pas nie baie goed by die geesteswetenskappe se terrein van ondersoek nie. Tog het al die geesteswetenskappe, teologie inkluis, baie lank met Newton se (wesenlik natuurwetenskaplike) model gewerk. Studies soos hierdie sou gewoon buite die veld van wetenskaplikheid val, as dit met Newton se maat gemeet is.

In die teologie het daar, met betrekking tot die sosiale en subjektiewe werklikhede waarin die praktiese teologie geïnteresseerd is, ’n dualistiese skema ontwikkel: die Skrif is beskou as die objektiewe openbaringsgegewe. Die suiwer teologiese vakke (Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek) se taak was om die goddelike openbaring te lees en die Bybelse waarhede op ’n objektiewe wyse vas te stel. Die praktiese teologie se taak was sedert Schleiermacher (1768–1834), om predikante te leer hoe om die praktiese bediening te behartig, deur daardie vasstaande waarhede wat van “van bo” kom, toe te pas in die praktyk (Dingemans1996:13–15; Heitink 1993:34–36; Müller 1996:2). Dit was ’n onsimpatieke model waarmee praktiese teologie bedryf is, in die sin dat mense en hulle omstandighede geen rol gespeel het nie.

Die *metode* wat teologie vir eeue gebruik het, was ontoereikend vir die veld waarin dit betrokke is. Sosiale werklikhede soos gemeentes en gemeenskappe; subjektiewe werklikhede soos die beoefe-

ning van geloof en die belewenisse van gelowiges, is deur Newton se wetenskaplike metodes buite rekening gelaat.

Die klassieke benadering tot teologie is epistemologies en metodologies baie ver verwyder van die geldigheidsaansprake en metodologie wat in hierdie studie gevolg word. Dit is daarom noodsaaklik om kortliks die wendinge ten opsigte van werklikheidsbeskouing, rasionaliteitsopvatting en wetenskaplike ideale van die afgelope dekades aan te stip en die implikasies vir 'n prakties-teologiese ondersoek soos hierdie uit te spel. Die epistemologiese wendings van die tweede helfte van die twintigste eeu het enorme implikasies vir die geesteswetenskappe, sosiale wetenskappe en natuurwetenskappe se metodologie en waarheidsaansprake – selfs "eksakte" wetenskappe soos wiskunde en fisika. Praktiese teologie, wat mense se geloofshandelinge en die kommunikasie van die Evangelie bestudeer, is aan sy wortels geraak deur hierdie groot wendings in die hele wetenskaplike wêreld. "... die groot verskuiwinge in die wetenskapsfilosofie in hierdie eeu het ook sy merk in die teologie gemaak" (Pieterse 1994:93).

Pieterse (1991:39) het aangetoon dat die subjek-objekskema – 'n kennende subjek wat op 'n afstand en mooi neutraal staan ten opsigte van die objektiewe werklikheid wat bestudeer en geken word – waarmee die modernisme in die tydvak na Newton gewerk het, 'n versmalde rasionaliteitsopvatting geïmpliseer het. Slegs die objektiveerbare aspekte van wetenskaplike probleme kon ter sprake kom, omdat die *metode* dit voorgeskryf het. Maar die werklikheid is veel wyer as die objektiveerbare wêreld van objekte en dinge.

Die modernisme se werklikheidsbenadering en die tipe wetenskaplikheid wat algemeen aanvaar en gebruik is, het met 'n enorme waarheidstregter gewerk. Elke aspek van die werklikheid wat wetenskaplik ondersoek is, is by wyse van spreke deur 'n tregter gegooi. "Wetenschappelijke probleemoplossingspatronen funktioneren in westerse maatschappijen als een gigantische trechter, een waarheidstrechter. Om welk probleem het ook gaat, deze trechter staat klaar om ze in zijin brede opening op te vangen en zodanig te kanaliseren dat er een rationele, wetenschappelijk verantwoorde oplossing uit de trechter te voorschijn komt. (Kunneman, aangehaal deur Claessens & Van Tillo 1990:77). Die waarheidstregter kanaliseer egter nie net die probleme deur die tregter van 'n spesifieke wetenskaplike metode nie; deur die gekose wetenskaplike proses verander dit ook die probleme wat hanteer word. Die tregter het verder ook 'n filter wat slegs objektiveerbare aspekte

van probleme deurlaat "en normatiewe, expressieve en esthetische aspecten tot een irrationele, onverwerkbare rest reduceert" (Kunneman, aangehaal deur Claessens & Van Tillo 1990:77). Die tregter laat nie sosiale, normatiewe of subjektiewe aspekte deur nie. Die aanname was dat waarneming objektief is en daarom is wetenskaplikheid beperk tot daardie dele van die werklikheid wat deur die gekose, objektiewe tregter gegiet kon word (Pieterse 1991:39).

Die (Newtoniaanse) natuurwetenskaplike model, wat vir baie dekades nie bevraagteken is nie, het deur die loop van die twintigste eeu al meer ontoereikend geblyk te wees, veral vir die sosiale wetenskappe, maar ook vir die natuurwetenskappe.

2.1.2.2 EINSTEIN

Dit is terugskouend eintlik vreemd dat die deurbraak na 'n meer omvattende, meer toereikende kenteoretiese paradigma, wat sosiale en individueel-menslike aspekte insluit, nie uit die geesteswetenskappe of sosiale wetenskappe gekom het nie. Thomas Kuhn (1970) het aangetoon dat die wetenskaplike revolusie of paradigmaskuif weer 'n keer deur 'n fisikus veroorsaak is: Albert Einstein (1879–1955), 1921 se Nobelpryswenner vir fisika en *Time Magazine* se persoonlikheid van die twintigste eeu. "Albert Einstein was the first person to see that the geometrical rules which apply to one small part of the universe, as seen from our limited perspective, are not universal. This freed him to look at the world in a way no one had done before" (De Jongh van Arkel 1988: 225). Sy bekendste werk is die teorieë van spesifieke relatiwiteit (1905) en algemene relatiwiteit (1915/16). Einstein self het gesê sy werk berus op twee postulate. **Een:** die beginsel van relatiwiteit. Tyd is relatief tot die spoed van lig. Gravitasie, beweging, tyd, ruimte is alles relatief tot mekaar. Sy beroemde formule $E=mc^2$ stel massa relatief tot energie en ligspoed. **Twee:** die spoed van lig is die enigste konstante in die heelal (*Wikipedia* 2009, sv "Einstein"). "All the things the Newtonians thought measure objectivity, independent of the observer – mass, velocity, length, time – have become secondary, relative to the observer, altered by one's frame of reference, and hence not absolutely quantifiable" (De Jongh van Arkel 1988:226). Die konsep "relatiwiteit" bring al die sekerhede en finaliteit van die ou model se wetenskaplike kennis grondig in gedrang. Die belang van Einstein se relatiwiteitsteorieë vir hierdie studie, is dat die modernistiese waarheidsbegrip, wat gerus het op Newton se fisika, kenteoreties in beginsel in 1915/16 reeds agterhaal is toe Einstein sy Algemene Relatiwiteitsteorie geformuleer het. Einstein se teorie het rimpelings

veroorsaak in velde ver buite die teoretiese fisika. “The great change in theoretical physics which began in the early years of the present century is a purely scientific development; but it must affect the general current of human thought, as at earlier times the Copernican and Newtonian systems have done” (Eddington, aangehaal deur Jammer 1999:156).

Maar Einstein se teorieë was revolusionêr en sy tyd vooruit. Dit het lank geneem voordat die nuwe paradigma deurgewerk het tot in die praktiese teologie.

Aan die een kant het min wetenskaplikes sy werk verstaan. Daarby was hy ook nog in dispute gewikkel oor onderliggende wetenskaplike teorieë met party van die grootste fisici van sy tyd. Einstein en Max Planck se bekende, openbare dispuut met Niels Bohr en Werner Heisenberg (*Wikipedia* 2009, sv “Bohr–Einstein debates”) is ’n voorbeeld daarvan. Die debatte het onsekerheid onder leidende fisici veroorsaak oor die geldigheid van Einstein se teorieë.

Aan die ander kant was Newton se model vir 200 jaar gevestig en het bevredigende verklarings gebied vir meeste situasies. Gevolglik het dit dekades geneem vir Einstein se Algemene Relatiwiteitsteorie om ander velde van wetenskapsbeoefening metodologies te beïnvloed. Die kenteoretiese implikasies van Einstein se radikale teorie is eers dekades later deur groot groepe wetenskaplikes ingesien. Denkers soos Thomas Kuhn (1970) en Jürgen Habermas (1981) het die implikasies van sy teorieë vir die waarheidsbegrip – ook in die geesteswetenskappe – uitgespel (De Jongh van Arkel 1988:225–228; Pieterse 1993:89–96; Garbers 1996:17–22). Konsepte soos ’n objektiewe, neutrale waarnemer, ’n vaste en voorspelbare werklikheid “daar buite” en die subjek-objek skeiding, kan nie meer geld in die era na Einstein nie. “Naive realism, the idea of an external world which exists apart from us, and which can therefore be objectified, observed, measured without changing it, a world indifferent to us and our needs, had to be abandoned, even by the ‘exact’ physics” (De Jongh van Arkel 1988:226). Die deurbraak na ’n nuwe paradigma is gemaak; daar sou net eers heelwat tyd moes verloop voor die implikasies van die nuwe paradigma vir die breë wetenskaplike wêreld duidelik geword het.

Die strewe na objektiwiteit is ná Einstein se deurbrake ’n futiele oefening. Die filosoof Richard Rorty het in 1980 die belangrikste twintigste-eeuse filosofiese ontwikkelings in dié verband soos volg opgesom: “Wittgenstein, Heidegger and Dewey are in agreement that the notion of know-

ledge as accurate representation, made possible by special mental processes, and intelligible through a general theory of representation, needs to be abandoned" (Rorty 1980:6). Leidende wetenskapsfilosowe het eeue-oue aannames in twyfel begin trek. Die goue draad deur Rorty se kritiek op vorige eeue se filosofiese aannames, is dat die mens se bewussyn en denke nie 'n groot spieël is waarin die wêreld daarbuite weerkaats nie (Rorty 1980:12). Kennis is ook nie die akkurate weergawe van die werklikheid daarbuite in die wetenskaplike se denke (spieël) nie. "I argue that the attempt ... to explicate 'rationality' and 'objectivity' in terms of conditions of accurate representation is a self-deceptive effort ..." (Rorty 1980:11).

2.1.2.3 GADAMER EN HABERMAS

Die studie-objek van geesteswetenskappe is anders as in die natuurwetenskappe en die wetenskaplike metode behoort daarvoor ruimte te maak. Mense se handelinge, bedoelings, geloof, waardes, standpunte en soeke na sin is nie objektiveerbaar nie. Dit kan egter van binne-uit verstaan en verklaar word. H-G Gadamer het in 1972 in sy bekende werk *Wahrheit und Methode* (Engelse vertaling *Truth and Method* 1979) opnuut die verhouding tussen mens en werklikheid ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat die werklikheid nie onafhanklik van mense bestaan nie. Die werklikheid wat ons ken, is nie objektief nie, maar kry op 'n subjektiewe wyse vorm in mense se *verstaan* van die werklikheid.

Die mens verwoord aktief sy verhouding met die wêreld wat hy verstaan, in taal. Taal is die instrument waarmee die mens verwoord wat hy verstaan. Taal is ook die kommunikasie-instrument tussen mense waardeur kennis of begrip van die wêreld aan andere meegedeel word (Meylahn 2010). "... the only worlds that people can know are the worlds we share in language, and language is an interactive process, not a passive receiving of preexisting truths (Freedman & Combs 1996:28). Die werklikheid het 'n "talige" karakter (Pieterse 1993:198) wat afhanklik is van die navorser. Dit is onsinnig om te dink in terme van 'n objektiewe wêreld "daarbuite", want verstaan, verwoording en kommunikasie gebeur deur middel van taal en nie "daarbuite" nie. "Gadamer het die ontologiese aanname van die werklikheid vanaf 'n objektiewe na 'n subjektiewe, talige werklikheid verstel en gevolglik die rasionaliteitsbegrip verbreed" (Pieterse 1993:199).

Die norm vir wetenskaplikheid verskuif in die proses ook van objektiewe, meetbare en toetsbare

waarhede na intersubjektiewe kontrole en ooreenstemming in die forum van wetenskaplikes (Pieterse 1993:197; Freedman & Combs 1996:20). Dit impliseer dat daar ’n groter terughoudendheid is wanneer waarheidsaansprake gemaak word. Waar die ideaal in die ou model was om waarhede te *verifieer,* sodat dit eens en vir altyd kan vasstaan, is alle wetenskaplike resultate in die nuwe paradigma voorlopig en oop vir *falsifikasie* (vgl Garbers 1996:22; Van Aarde 2004:1112; Osmer 2008:83).

Jürgen Habermas het voortgebou op die bogenoemde ontologiese wending en beskryf drie werklikheidsdomeine wat al drie oop is vir wetenskaplike arbeid: Eerstens is daar die *objektiewe werklikheid* van dinge en gebeurtenisse waar hoofsaaklik natuurwetenskaplikes streef na waarheidsaansprake. Tweedens is daar die *sosiale werklikheid* van waardes en norme waar sosiaal-wetenskaplikes juistheidsaansprake maak. Derdens is daar die *subjektiewe werklikheid* van intensies, behoeftes en gevoelens, waar waaragtigheidsuitsprake gemaak word deur die geesteswetenskappe (Pieterse 1991:42; 1993(a): 94–95). Van Huyssteen (in Gregersen & Van Huyssteen 1998:7) vertolk die breër rasionaliteitsbegrip en domeine vir wetenskapsbeoefening soos volg: “Human rationality in fact has many faces, many dimensions, and complex resources: some are cognitive, others are evaluative, while still others are pragmatic.”

“Met sy kommunikatiewe rasionaliteitsopvatting het Habermas die begrip ‘wetenskap’ op ’n onomkeerbare wyse verbreed” (Pieterse 1993(a):200; vergelyk ook Claessens & Van Tillo 1990:87–88). Normatiewe uitgangspunte en subjektiewe ervarings (soos die stemme van ’n deelnemer-navorser en respondente uit enkele, geselekteerde gemeentes wat in hierdie studie aan die woord gestel word), kan wetenskaplik onder woorde gebring word en deel word van die breër wetenskaplike diskoers.

In die vakgebied van teologie in die algemeen en die praktiese teologie in die besonder, is daar ná Einstein, en veral ná Gadamer en Habermas, nie meer sprake van ’n strewe na objektiewe en ewiggeldende waarhede nie. Die kennis van alle wetenskaplikes is tydgebonde (Claessens & Van Tillo 1990:85) en die wetenskaplike bydraes in alle teologiese velde, is veranker aan tyd en konteks. Die hedendaagse benaderings in ander teologiese dissiplines, byvoorbeeld die bibliologiese vakke, het ook afskeid geneem van die ou paradigma en werk met kontekstuele interpretasies “... no longer anchored in positivistic, historicist, objectivist claims” (Brueggemann 1998:x).

Hierdie studie kies vir ’n breër opvatting van rasionaliteit en wetenskaplikheid onderliggend aan praktiese teologie (vgl De Jongh van Arkel 1988:233–234; Claessens & Van Tillo 1990: 76–94; Pieterse 1991:41–44, 1993:198–200; Müller 1996:2–3; Van Huyssteen 2006:11–18); ’n model wat nie poog om ’n werklikheid “daarbuite” te ken en akkuraat weer te gee nie. Die siening van rasionaliteit wat ek onderskryf, doen weg met die waarheidstregter, die ideale van objektiwiteit en ’n neutrale, onbetrokke waarnemer wat die ondersoek uitvoer. Die doel met hierdie navorsingsprojek is nie om objektiewe en finale waarhede daar te stel nie; eerder ’n waaragtige en kontekstueelgeldige vertolking van die navorsingsveld.

Die nuwe praktiese teologie is ’n betrokke wetenskap. Prakties-teologiese navorsingsresultate is betrokke literatuur. Dit is wetenskaplik onsinnig vir die praktiese teologie om in ’n tydvak nadat die subjek-objek skeiding ontmasker is, daarna te streef om afstand te neem van die veld wat ondersoek word. Die impulse wat lei tot wetenskaplike vrae en nuwe navorsing in praktiese teologie, kom juis vanuit ’n situasie van betrokkenheid (Browning 2007:13). Navorsing en wetenskapsbeoefening in die teologie is altyd kontekstueel ingebed (Van Huyssteen 2006:13) en het praktiese belang. In hierdie studie is die navorser ’n predikant van die NG Kerk en voltyds in die bediening in ’n gemeente in die Noordelike Sinode – gemeentes in die Noordelike Sinode synde die veld van empiriese ondersoek. Daar is dus geen skeiding van ondersoekende subjek en die objek wat ondersoek word nie. Die navorser is deel van die navorsingsveld en doelbewus subjektief betrokke daarby. Die wenslikheid van ’n *betrokke* navorser in kwalitatiewe ondersoekwerk word aan die einde van die hoofstuk verder beredeneer (sien p 112–113, 118–119).

Die aanvaarding van die nuwe kenteoretiese paradigma, was ’n groot impetus vir ontwikkelings in die geesteswetenskappe. In die nuwe model van wetenskaplikheid kan alle fasette van die werklikheid wetenskaplik beskou word, nie net die objektiveerbare aspekte soos in Newton se model nie.

### 2.1.3 TEOLOGIE EN ANDER WETENSKAPPE

Alle teologiese vakke het raakpunte met nie-teologiese vakgebiede: die bibliologiese vakke met taalwetenskappe, dogmatiek met filosofie, kerkreg met regsvakke en praktiese teologie met sosiale wetenskappe. Dit is wenslik dat teoloë wetenskaplike dialoog sal voer met ander vertakkings van wetenskapsbeoefening (Gregersen & Van Huyssteen 1998:1–6) en dit is onvermydelik dat episte-

mologie in sodanige dialoog ter sprake sal kom (Van Huyssteen 2006:3–4; Shults 2009:1–3). Teologie kan nie bekostig om geïsoleerd te raak van die groter wetenskaplike diskoers nie. Die nut van dialoog tussen teologie en ander vertakkings van die wetenskap is dat daar, ook vir die teologie, ’n wetenskaplik-aanvaarbare staanplek geïdentifiseer is in die moeras van postmoderne relativisme: “One of the central methodological issues in the dialogue between theology and science is the nature of rationality ... The postfoundationalist model of rationality has emerged out of this ongoing discussion as an explicit attempt to move beyond the impasse between foundationalist and nonfoundationalist models” (Shults 2009:1).

### 2.1.4 POSTFUNDAMENTELE EPISTEMOLOGIE VIR DIE TEOLOGIE

Die grondslae van wetenskapsbeoefening kom onvermydelik ter sprake in die interdissiplinêre gesprek: Einstein het begrippe soos relatiwiteit en onsekerheid in die fisika (wat tot op daardie stadium as ’n eksakte wetenskap gesien is) ingedra. Praktiese teologie en ander vakgebiede wat by die sosiale en subjektiewe werklikhede betrokke is, kan glad nie reken op sekerheid en ewige waarheid nie (vgl Van Aarde 2004:1107–1113). Ons lewe in ‘n tyd van groeiende kognitiewe pluralisme (Gregersen & Van Huyssteen 1998:3). Dit impliseer egter nie epistemologiese oorgawe aan radikale relativisme nie. J Wentzel Van Huyssteen en andere het sedert die negentigerjare die “postfoundationalist” benadering in die teologie ontwikkel (Gregersen & Van Huyssteen 1998:7–8, 13–50; Van Huyssteen 2006:xiv). By gebrek aan ’n meer elegante Afrikaanse ekwivalent sal ek, soos Müller en andere, die woord “postfundamenteel” gebruik om Van Huyssteen se Engelse begrip “postfoundational” weer te gee. Dit soek ’n middeweg tussen die objektiewe ideaal van die modernisme na Newton en die radikale relativisme van sekere eksponente van die postmodernisme na Einstein. “Over against the objectivism of foundationalism and the extreme relativism of most forms of nonfoundationalism, a postfoundationalist notion of rationality helps us to acknowledge contextuality, the shaping role of tradition and of interpreted experience, while at the same time enabling us to reach out beyond our own groups, communities and cultures, in plausible forms of intersubjective, cross-contextual, and cross-disciplinary conversations” (Van Huyssteen 2006:10).

Die benadering van Van Huyssteen (2006), Müller (1996, 2005) en andere lyk na ’n begaanbare weg in die forum van eerlike praktiese teoloë: “A postfoundationalist view ... does not imply that

either modern themes or postmodern concerns are cast aside, but that they are creatively revisioned in a move beyond these extremes, precisely by constructing plausible forms of intersubjective, rational accountability" (Van Huyssteen 2006:12). Objektiewe waarheid is nie haalbaar nie – dit is wensdenke (Van Aarde 2004: 1107). Dit is ook nie die ideaal van hierdie studie nie. Wat wel deeglik in die visier is, is intersubjektiewe geldigheids-, juistheids- en waaragtigheidsaansprake wat met argumente bevestig of weerlê kan word.

Hierdie kenteoretiese vertrekpunt is belangrik vir die empiriese studie wat volg: Die resultate van die empiriese ondersoek, maak aan die een kant nie aanspraak op objektiwiteit of algemeen-geldige waarheid nie. Aan die ander kant is die individuele en kwalitatiewe data tog meer as bloot interessant – dit is wetenskaplik bruikbaar. Dit maak aanspraak op wetenskaplikheid binne die nuwe, breër soort rasionaliteit. Dit is sosiale en subjektiewe werklikhede wat op 'n wetenskaplike wyse ondersoek en beskryf word. Die doel, spesifiek met die empiriese studie, is om 'n juiste en waaragtige beeld aan te bied van plaaslike Christelike gemeentes se worsteling om integriteit en identiteit in 'n konteks van verandering. Epistemologies kies ek dus hier vir 'n hermeneutiese en intersubjektiewe model van ken en weet (Van der Ven 1993:32) wat deeglik kontekstueel geanker is in die Suid-Afrika van 2010, teen die agtergrond van die gebeure sedert 2 Februarie 1990.

Die praktiese teologie moes homself die afgelope vier dekades telkens "her-ontwerp" in die lig van groter bewegings in die intellektuele wêreld op die gebied van werklikheid- en waarheidsbeskouings (Heitink 1993:105–230; Pieterse 1993:53–98; Van der Ven 1993:33–40, 89–111; Müller 1996:1–72, 2009:201-206). Dit is noodsaaklik dat die proses voortgaan en dat die praktiese teologie as universiteitsvak homself posisioneer binne hierdie verskuiwende, maar breë siening van rasionaliteit en wetenskaplikheid. Die praktiese teologie behoort op datum te bly met die groter wetenskaplike diskoerse en deel te neem aan die interdissiplinêre gesprek oor rasionaliteit. In 'n tydsgewrig wanneer daar baie skeptiese stemme oor geloof, kerk en teologie in die openbare domein gehoor word, kan teoloë nie bekostig om aan die groter wetenskaplike diskoerse te onttrek nie. Teologie behoort ook saam met die gerespekteerde wetenskaplike wêreld verder te besin oor die grondslae van wetenskapsbeoefening.

SAMEVATTING

Bydraes wat in die klassieke siening van wetenskap nie as "wetenskap" sou kwalifiseer nie, word die afgelope vier dekades wêreldwyd meer en meer algemeen as wetenskaplike insette aanvaar. "Ware kennis het nie alleen betrekking op kognitiewe insigte nie, maar ook op die geldigheid van normatiewe en subjektiewe gesigspunte" (Pieterse 1991:40). Die geldigheid word krities beredeneer, argumente word vertolk en geweeg in die forum van wetenskaplike vakgenote. Die konsensus van wetenskaplikes is die norm, eerder as ooreenstemming met die objektiewe werklikheid. Volgens die voor-Einsteinse wetenskapsbeskouing sou 'n ondersoek soos hierdie, wat soek na die mees produktiewe response van 'n kerk op 'n nuwe stel samelewingsfaktore, nie die toets van wetenskaplikheid geslaag het nie. Maar binne die breër siening van wetenskaplikheid kan die argumente en resultate van die studie genoeg vakgenote oortuig dat dit 'n bepaalde geldigheid het, totdat iemand die meerderheid vakgenote met beter argumente anders oortuig.

**"Objektiewe waarheid"** is 'n uitgediende konsep vir die hedendaagse beoefenaars van alle vertakkings van die wetenskap. Die bydrae van hierdie studie is om unieke stemme van individuele gemeenskappe van gelowiges te laat hoor vanuit baie spesifieke kontekste. Die kenteoretiese aanspraak van die navorsingsresultate wat ek aanbied, is 'n aanspraak op k**ontekstuele geldigheid.**

Die epistemologiese uitgangspunte en raamwerk kom weer ter sprake in hoofstuk 3, waar aspekte wat met die sisteemteorie en gemeentebou saamhang, aandag sal geniet.

## 2.2 DIE "NUWE" PRAKTIESE TEOLOGIE

### 2.2.1 HOEKOM "NUUT"?

Hier word verwys na die "nuwe" praktiese teologie, omdat hierdie vak 'n gedaanteverwisseling ondergaan het in die tydvak toe die na-Einsteinse epistemologie duidelik begin word het. Praktiese teologie kan binne die siening van rasionaliteit en wetenskaplikheid wat hierbo beredeneer is, nie meer soos Schleiermacher en andere werk met die aanspraak op ewige, geopenbaarde waarhede wat "van Bo af" kom en eenvoudig in die praktyk toegepas moet word nie. Teologie is nie

goddelike openbaring wat "van Bo af" ontvang word nie, maar menslike aktiwiteit: die "taal van stervelingen" (Claessens & Van Tillo 1990:4). Dis die produk van gewone, gelowige mense se wetenskaplike aktiwiteit, wanneer hulle nadink oor wat hulle glo. Dit word ontwikkel deur feilbare mense, binne 'n sekere konteks. Praktiese teologie is nie ooit volledig of "klaar" nie – dit is mens-gemaakte teorieë en dra die stempel van voorlopigheid en kontekstualiteit (Pieterse 1993(a):174; Müller 2009:205).

Die belang van die praktyk en die konteks vir die ontwikkeling van goeie teologiese teorieë het die afgelope 50 jaar sterk op die voorgrond getree. Praktiese teologie is minstens tot na die Tweede Wêreldoorlog beskou as 'n toepassingsvak, of, op die beste, as 'n ondergeskikte teologiese vak wat voed op "egte teologie" afkomstig uit vakke soos Ou Testament, Nuwe Testament en Dogmatiek (Dingemans 1996(a):15). Vandaar het dit gegroei tot 'n selfstandige wetenskap van teologiese besinning oor die geloofspraktyk (Dingemans 1996(a):13; Müller 1996:2) – 'n wetenskap in eie reg met eie studieveld en eie metodes. Dit is nodig om van die ontwikkelings in Europa sedert die vyftigerjare kennis te neem. Belangrike grondliggende keuses ten opsigte van die studieveld, teologiese integriteit, empiriese gerigtheid, taak, metodes en geldigheid van die praktiese teologie word verderaan in hierdie hoofstuk uitgespel.

Die praktiese teologie as universiteitsvak in Suid-Afrika is nog jonger as in Europa. By die Universiteit van Pretoria kan 1973 beskou word as die geboortejaar van die vak praktiese teologie. "The person who was responsible for the fundamental establishment of practical theology as a theological discipline was Professor J.J. (Mias) de Klerk" (Büchner & Müller 2009:42). Professor de Klerk het op 20 Februarie 1973 die aanstelling as praktiese teologie professor aanvaar.

Praktiese teologie is by sekere teologiese opleidingsentra in Suid-Afrika – tot baie onlangs nog – nie as 'n selfstandige universiteitsdissipline in eie reg, met 'n eie studieveld en metodologie gedoseer nie. Die naam van die vak "praktiese teologie" het ook lank geneem het om inslag te vind by sekere teologiese fakulteite wat die naam "diakoniologie" verkies het. Die feit dat sommige teologiese fakulteite (Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Noordwes-Universiteit, ensovoorts) onlangs eers die vak se naam verander het na "praktiese teologie", dui daarop dat die nuwe benadering tot die vak in Suid-Afrika jonk is. Baie van die ouer generasie predikante wat in die 1970's en selfs 1980's en 1990's studeer het, het nie voorgraads die vak op

hierdie nuwe, opwindende wyse bestudeer nie. Heyns en Pieterse het eers in 1990 die boek *Eerste treë in die praktiese teologie* gepubliseer, wat hulle bekend stel as "die eerste volledige uiteenset-ting in ons land van die nuwe benadering in die praktiese teologie, wat sedert die sestigerjare in Europa ontwikkel is" (Heyns & Pieterse 1990:voorwoord).

Een van die grondleggers van die nuwe rigting, J Firet, kon so onlangs as 1987 eers verklaar dat 'n noemenswaardige ontwikkeling in die vakrigting plaasgevind het gedurende die sewentiger- en tagtigerjare: 'n dissiplinêre matriks het ontwikkel, 'n kern van konsepte waaroor daar nou konsensus tussen die beoefenaars van die vak bestaan, wat aangedui kan word met die woorde "communicatief handelen in de dienst van de evangelie" (Firet 1987:260). Praktiese teologie is 'n jong vak wat die afgelope twee dekades maar eers 'n volwasse identiteit begin ontwikkel het. Tipies aan 'n jong vak is daar nog verskeie rigtings, benaderings en uitgangspunte. Daarom is dit vervolgens nodig om die prakties-teologiese uitgangspunte en keuses ten grondslag van hierdie studie uit te spel.

### 2.2.2 PRAKTIESE TEOLOGIE SE AGENDA: HOE KAN GELOWIGES TEN BESTE WOEKER MET DíT WAT GOD AAN HUL TOEVERTROU HET?

Die gelykenis van die muntstukke (τάλαντα) in Matteus 25:14–30, plaas die vak praktiese teologie in 'n bepaalde perspektief. Dit funksioneer as onderliggende metafoor vir die verstaan van die we-se en taak van die vak wat fokus op die dringende taak van die kommunikasie van die Evangelie in die lig van die wederkoms wat op hande is (Firet 1980:10–12; 1987:31).

As deel van sy laaste gesprekke met die dissipels, die "profetiese rede" in Matteus 24 en 25, het Jesus die bekende gelykenis vertel:

Matteus 25:14–15 *Verder gaan dit soos met 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaar geroep en sy besittings aan hulle toevertrou. Vir die een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander twee, en vir 'n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan ...*

Matteus 25:19 *Na 'n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en van hulle rekenskap gevra ...*

Hierdie gelykenis sluit aan by die voorafgaande gelykenis van die 10 meisies wat op die bruidegom gewag het. "Verder" in vs14 verwys daarna dat hier 'n volgende perspektief volg op hoe dit sal gaan met "die koninkryk van die hemel" (Mt 25:1). Jesus plaas die hele tydperk tussen sy hemelvaart – "op reis gaan" (vs 14) en sy weerkoms – "na 'n lang tyd teruggekom" (vs 19) in 'n bepaalde perspektief. Net soos die bruidegom van die voorafgaande gelykenis, bly die eienaar van hierdie gelykenis lank weg. "Beide gelykenisse handel oor die manier waarop die gelowige die **lang wag** voor die terugkeer van Christus moet deurbring" (Van Zyl 1999:1175).

Die eienaar in die gelykenis deel geldstukke uit voor hy op reis gaan. Die slawe lewe, vandat die eienaar vertrek tot hy terugkom, met die verantwoordelikheid van dít wat die eienaar aan hulle toevertrou het. En dit is noemenswaardige verantwoordelikheid, want die waarde van die "talente", die goue munte wat die slawe ontvang het, was 6 000 denarii, die Romeinse muntstuk wat destyds aan 'n arbeider vir 'n dag se werk betaal is (Die Bybel 1983:woordelys). Dit sou 'n dagloner 6 000 werksdae, of ongeveer 20 jaar neem om één talent te verdien. Vir 'n slaaf was een talent 'n fortuin en vyf talente meer as 'n leeftyd se verdienste.

Die aksie van die eienaar, dat hy *"toevertrou het" (παρέδωκεν)* is die trefwoord wat die lewe van die slawe tussen die eienaar se weggaan en terugkeer bepaal (Firet 1980:12). Die veronderstelling was dat elk van hulle met die eienaar se volmag moes woeker met dít wat aan hulle toevertrou is (Van Zyl 1999:1175). Twee van die drie slawe het inderdaad "met aktiewe getrouheid en persoonlike verantwoordelikheidsin" (Combrink 1989:36) daarmee gaan werk en wins gemaak. Die een wat vyf ontvang het, het 'n wins van nog vyf gemaak. Dit was die korrekte optrede en die eienaar het hom geprys as 'n goeie en getroue slaaf (vs 21). Die derde slaaf het nie gaan werk met dit wat aan hom toevertrou is nie. Hy het sy eienaar se geld in 'n gat gaan wegsteek. Dit was nie die korrekte optrede nie en die eienaar was ontevrede met die slegte en lui slaaf (vs 26).

Hierdie is 'n gelykenis wat handel oor lewe in die "koninkryk van die hemel"; lewe onder "God se koningsheerskappy" (Mt 25:14 NLV) in die lig van Jesus se weerkoms wat naby is, maar nog uitbly. Dit is dus 'n manier van kyk na die lewe van die kerk en haar lidmate, die burgers van God se koninkryk. God vertrou dit wat syne is, aan sy volgelinge toe. Die naam van die muntstukke "talente" het 'n sekere misverstand in die Afrikaanse gemeenskap veroorsaak: dat hierdie gelykenis handel oor die ontwikkeling van jou natuurlike talente en aanlegte. Die oorspronklike teks het hoe-

genaamd nie hierdie betekenis nie. Die muntstukke wat die slawe ontvang, dui op die gawe van die koninkryk van God (Van Zyl 1999:1175). Met ander woorde – die koninkryk van God word toevertrou aan elke Christen in die tydperk tussen Jesus se hemelvaart en sy weerkoms. Met die toevertroude koninkryksgawes en die veronderstelde koninkryksverantwoordelikhede wat met die gawe gepaard gaan, lewe hulle. Die Eienaar wat sy talente uitgedeel het, kom weer en dan sal Hy sy slawe roep om te kom verantwoording doen.

Twee gelyktydige en gelykwaardige perspektiewe uit hierdie gelykenis is krities vir die verstaan van praktiese teologie wat in hierdie studie gehuldig word: **Eerstens,** dit is die *Eienaar* se muntstukke wat die werk doen. Uit die verband is dit duidelik dat die slawe nie vir een oomblik gedink die geld is nou hulle s'n nie. Die wins wat hulle gemaak het, het hulle *vir die* E*ienaar* gemaak, met die *Eienaar se geld*. God is met sy heil en sy koninkryksgawes aktief werksaam in ons wêreld. Hý laat sy koninkryk kom en sy wil geskied (Mt 5:9–10). "Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om sy koninkryk te vestig" (*Kerkorde* 2007, artikel 3.1). Die mens kan nie krediet neem vir enige resultate wat daar mag wees nie. Die werk behoort aan die Here (*Liedboek van die Kerk* 527:1); nie aan mense nie. God se Woord en Gees doen die werk. Hierdie waarheid beklemtoon Jesus ook in die gelykenis van die saad wat vanself groei: "... die saad ontkiem en groei – hóé weet hy (die persoon wat saai) self nie. *Vanself* bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar" (Mk 4:26–29).

**Tweedens**, die muntstukke is aan *slawe* toevertrou. Die eienaar gee sy geld in húlle hande en neem die risiko om dan weg te gaan. Hy skakel hulle in en maak hulle aktiewe deelnemers aan sy saak. Hulle moes aan die werk spring, planne maak, inisiatief neem, iets doen om vir die eienaar wins te maak. Dit is God wat aan die werk is in die wêreld, MAAR God maak gebruik van menslike aktiwiteit. Hy maak ons (alle gelowiges) deel van al sy grootse werke (*Liedboek van die Kerk* 464:4). Jesus se bediening gaan voort na sy hemelvaart, tot by sy weerkoms. God maak gedurende daardie periode gebruik van die koninkryksdiens van sy volgelinge om sy werk op aarde te doen.

Die gelykenis klop met die res van die Bybel se getuienis: God het die mens na sy beeld geskep, sodat die mens Hom op aarde kan verteenwoordig (Gen 1:26–27). In die Ou Testamentiese bedeling het God rigters, profete, priesters, konings en ander dienswerkers gebruik om Hom te verteenwoordig en sy wil te doen. In die laaste dae, toe die tyd daarvoor gereed was, het God gepraat en

gehandel deur sy Seun (Heb 1:1–14). Jesus van Nasaret, ewige Seun van God (Joh 1:1–14), het die Vader op aarde verteenwoordig en verheerlik deur die werk te volbring wat die Vader Hom gegee het om te doen (Joh 17:4). Aan die einde van sy tyd op aarde het Hy vir die dissipels gesê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21b).

Die boek *Handelinge* vertel die verhaal hoe die vroeë kerk, met die krag van die Heilige Gees, getuies van Jesus was (Hand 1:8). Die apostels het die goeie nuus van die opstanding van Jesus verkondig in Jerusalem (Hand 2–7), in Judea en Samaria (Hand 8–12) en tot aan die uithoeke van die wêreld (Hand 13–28). Daarmee het hulle direk aangesluit by Jesus se laaste opdrag (Mt 28:19–20). Petrus en Johannes, apostels en leiers van die eerste gemeenskappie van gelowiges in Jerusalem, het verstaan dat hulle opgetree het in diens van God, met die roeping om ten spyte van dreigemente getrou te wees aan die boodskap wat aan hulle toevertrou is (Hand 4:18–20). Hulle het verstaan dat hulle optrede in lyn was met die boodskap van die Ou Testament (sien byvoorbeeld die veelvuldige aanhalings uit die Ou Testament in Petrus se toespraak na die uitstorting van die Heilige Gees Hand 2:17–21, 25–28, 31, 34). Hulle het ook verstaan dat hulle optrede in lyn was met Jesus se optrede as Gesalfde van God (Hand 2:22–36). God se heil was deur die loop van eeue toevertrou aan profete, toe aan Jesus die Gesalfde en toe aan die apostels. Petrus se toesprake in die Pilaargang van Salomo (Hand 3:11–26) en voor die Joodse Raad (Hand 4:8–22; 5:29–32) volg dieselfde teologiese lyn: die apostels tree op met die boodskap wat aan hulle toevertrou is: die boodskap van die lankverwagte koninkryk van God en die verlossing van God wat deur Jesus 'n werklikheid geword het.

Die rentmeesterskaptekste in die Nuwe Testament dra dieselfde betekenis as Matteus 25 se gelykenis van die talente: Die bediening is deur God aan gelowiges opgedra (2 Kor 4:1). Gelowiges is maar kleipotte wat in sigself nie veel waarde het nie en maklik breek, maar die evangelie van die heerlikheid van Christus wat aan hulle toevertrou is, oortref alles (2 Kor 4:7). Gelowiges is *"... dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is"* (1 Kor 4:1). Rentmeesterskap vereis betroubaarheid (1 Kor 4:2–3) en 'n rentmeester word nie deur mense beoordeel nie, maar deur God wat die geheimenisse van die evangelie aan hom toevertrou het. Praktiese teologie kan in hierdie sin ook as 'n **teologie van rentmeesterskap** verstaan word. Kollektief is 'n gemeente rentmeester van die skat van die evangelie en van die geleenthede wat die konteks bied vir die uitdra van die evangelie.

Om saam te vat: Daar is ’n sekere kontinuïteit tussen die bediening van die profete van die Ou Testament, Jesus se eie bediening, die bediening van die apostels van die Nuwe Testament en die bediening van gelowiges vandag. Die beginsel bly dieselfde: God maak van die diens van diensknegte gebruik om sy wil op aarde te doen. Oral waar mense optree in diens van die Evangelie, is God in aksie en is ons op die terrein wat die praktiese teologie bestudeer.

Firet (1980:10) beskou God se aksie om koninkryksgawes aan sy kinders toe te vertrou, as die kern van alle pastorale optrede. Hy noem dit “de paradosis van de Heer” (Firet 1987:31). Hy beskou praktiese teologie in sy geheel as ’n **teologie van die paradosis** “en dat zij te maken heeft met een handelen dat zijn zin vindt in die praxis van God, moet tot de conclusie leiden dat er voor haar een legitieme plaats is binnen de theologie” (Firet 1987:32). In die *paradosis* lê die geheim van die praktiese teologie as ’n *teologiese* vak. Alle pastorale optrede bemiddel God se aksies. God is werksaam, maar Hy gebruik die dienswerk van gelowige mense. In hierdie grondlegger van die “nuwe” praktiese teologie se woorde, is praktiese teologie “de theologische theorie omtrent handelingssystemen die het komen van God tot de mens in zijn wereld intermediërend dien” (Firet 1987: 34). God kom deur die intermediêr van die dienswerk van mense wat Hom verteenwoordig. Daar is baie ander Bybelgedeeltes wat dieselfde gedagte dra, naamlik dat God werksaam teenwoordig is in die dienswerk van sy kinders, byvoorbeeld Eks 3:7–10; Jos 1:1–9; 1 Sam 3:10–18; Jes. 6; Ef 1:4–14, 3:20, 4:1, 4:24; Fil 1:29–30, 2:12–13; Kol 1:27; Heb 1:1–4, ensovoorts.

### 2.2.3 PARADIGMASKUIF: ’N NUWE WETENSKAP GEBORE IN KRISISTYE

Ek ry graag op die wiek van die paradigmaskuif wat in die 1960's in Europa in die praktiese teologie plaasgevind het en skaar my dus by die “nuwe” siening van die vak. Die sestiger- en sewentigerjare was vir die praktiese teologie ’n tydperk van paradigmaverskuiwing (Heitink 1993:11). Tot die middel van die twintigste eeu was “praktiese teologie” nog ’n versamelnaam vir ’n aantal ongelyksoortige praktykvakke. Die enigste gemene deler van die vakke was dat almal iets te doen gehad het met die praktyk van kerklike werk, meer spesifiek met die praktyk van die predikant se ampswerk (Heitink 1993:13; Dingemans 1996(a):16). Aan teologiese fakulteite was vakke soos Ou Testament, Nuwe Testament en Dogmatiek die belangrike, primêre vakke. Van daar af het eenrigtingverkeer plaasgevind: Die kerk se vergaderings en die teologiese fakulteit se suiwer teologiese vakke stel vas wat die waarheid is en die praktiese teologie pas dit toe (Dingemans

1996(a):18–19). Die ou tipe praktiese teologie is as toepassingsvak (*theologia applicata*) gesien, ’n vak met die taak om toekomstige predikante te help om die insigte van die primêre vakke in die gemeentelike praktyk toe te pas in bedieninge soos prediking, pastoraat, kategese, ensovoorts.

In die “ou” praktiese teologie is dit nie as die vak se taak gesien om teologiese teorieë te ontwikkel nie. Dit was nie ’n primêre vak aan die Teologiese Fakulteit wat aan die voorpunt beweeg en kennis of wetenskaplike teorieë gegenereer het nie. Dit was ’n sekondêre vak wat die teologie en teorieë van ander teologiese vakke moes toepas en bruikbaar maak vir die praktyk van die predikant se werk in ’n gemeente (Dingemans 1996(a):16). Op daardie wyse was daar ’n breuk en ’n afstand wat moeilik te oorbrug was tussen teologie en praktyk; tussen die eintlike teologiese vakke en praktiese teologie; tussen wetenskap en toepassing. Die vraag kan in retrospek gevra word of die “ou” praktiese teologie hoegenaamd ’n selfstandige vak was en bestaansreg gehad het aan ’n universiteit. “Solank as wat die ou dualistiese paradigma gebruik word, is daar na my mening nie plek vir praktiese teologie as wetenskap nie” (Müller 1996:3).

### 2.2.4 GESAGSKRISIS, NADRAAI VAN DIE VERLIGTING

Thomas Kuhn het in die sestigerjare aangetoon wetenskaplike ontwikkeling is nie liniêr en egalig nie. Daar is tye van “normale wetenskap” wanneer daar meer en meer data ingesamel word, maar sonder groot deurbrake. Dan is daar periodiek tye van “revolusionêre wetenskap” wanneer ’n nuwe, beter, meer omvattende teorie die ou teorie vervang (Garbers 1996:17-18; *Wikipedia* 2009, sv “Thomas Kuhn”). Die sestigerjare was so ’n tydperk van revolusie vir die praktiese teologie in Europa. Die paradigmaskuif het ongeveer 20 jaar later eers in die Suid-Afrikaanse praktiese teologie plaasgevind.

Die impetus wat die vak oor die afgelope vier dekades byna onherkenbaar laat ontwikkel het, was ’n diepliggende gesagskrisis in die na-oorlogse Wes-Europa en VSA. Die proses van verligting en demokratisering wat in die sestiende eeu al begin het, het die laaste oorblyfsels van ’n outoritêre kultuur in die Weste afgebreek teen die middel van die vorige eeu (Heitink 1993:14). Die feit dat Einstein tradisionele gesag gewantrou het, was waarskynlik ‘n voorwaarde vir die vryheid van denke en intellektuele onafhanklikheid wat nodig was vir die formulering van sy relatiwiteitsteorie (Jammer 1999:29). Die kerk en kerklike strukture was deel van die outoritêre, ou wêreld. Die

kerkkrisis van die afgelope dekades is niks anders as die uiteindelike konsekwensies van die *Aufklärung* van die sestiende eeu nie (Heitink 2007). In kerklike kringe het dit beteken dat die tradisionele gesag van die Skrif, die amp en die kerk se leerstellings al meer bevraagteken word.

Burger (1991:13) identifiseer presies dieselfde krisis in Suid-Afrika: “Die impak van veral die gesagskrisis in ons samelewing word miskien nie altyd duidelik genoeg begryp nie.” Het die tradisionele vorms van bediening regtig so goed gewerk, of het lidmate maar al die jare die geykte manier van kerkwees verdra as gevolg van hulle onkritiese houding ten opsigte van die gesag van die kerk as instelling van God? As dit die geval is, beteken dit nie die kerk maak nou ewe skielik baie foute nie: die kerk het al vir eeue die foute gemaak, maar die lidmate van vandag se mentaliteit is sodanig dat hulle nie meer bereid is om stil te bly en lewenslank onkrities met die kerk se bedieningsfoute saam te leef nie. Hulle lewer kritiek en protesteer, of, erger: hulle bly net weg. Maar hulle aanvaar nie sonder meer die kerk se gesag nie. Hierdie gesagskrisis is deel van die pakket van die beweging van ’n moderne na ’n postmoderne denkwyse wat in hoofstuk 3 aangetoon is as deel van die veranderings in die res van die wêreld, wat op die agtergrond funksioneer wanneer oor die verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing nagedink word.

Terug na die na-oorlogse Europa en VSA: In die tydperk van ontnugtering na die Tweede Wêreldoorlog, het die stroom kritiek, waarvan die herkoms in die Verligting en Reformasie lê, al voller begin vloei (Heitink 2007). Aan die een kant is daar die krities-solidêre stemme binne die kerk, van teoloë en lidmate wat kritiek het op die hedendaagse kerk, maar nie planne het om die kerk te verlaat nie. Aan die ander kant is daar ook diegene wat nie meer vertroue in die georganiseerde kerke het nie. Die nuwe geslag vrye, mondige individue het reeds die hoofstroomkerke in hulle tienduisendtalle verlaat.

Statistieke oor kerklidmaatskap in Nederland vertel ’n somber verhaal: In 1849 het die *totale* Nederlandse bevolking aan ’n kerk behoort. Teen 1889 was 1,5% buitekerklik en in 1909 5%. In 1947 was 17,1% van die Nederlandse bevolking buite-kerklik. Twee en dertig jaar later, in 1979, was die syfer 27% (Dekker 1987:172). Teen 1992, slegs nog 13 jaar later, was die syfer volgens ’n minder amptelike ondersoek reeds 52%. (Dekker 1992, aangehaal by Heitink 1993:14). Behalwe dat die kerk binne 45 jaar se tyd (1947–1992) 35% van haar lidmate verloor het, lyk dit ook of dit ’n progressiewe tendens is, omdat die tempo waarteen mense die kerk verlaat, toeneem. Sulke

syfers beskryf sonder twyfel ’n ernstige krisis in die kerk! Die eerste golf van kerkverlating was in die jare 1920–1930. Toe was daar min verandering vir ongeveer 30 jaar, maar sedert 1960 beleef Nederland ’n tweede golf van kerkverlating (Dekker 1987:173). Vir die eerste keer in die moderne wêreld, is kerklidmate ’n minderheid in Nederland. “Het Christendom heeft zijn dominante positie in de westerse wereld verloren” (Knepper 1991:10). Daar is tans meer buite-kerklikes as kerklidmate, en die tendens van kerkverlating gaan voort. Vir diegene wat nog kerklidmate is, is dit glad nie vanselfsprekend om eredienste en ander kerklike aktiwiteite by te woon nie. Die praktyk van die kerk se bediening moes dringend en krities ondersoek word. Die krisis rondom kerkverlating het uitgeroep om antwoorde. In hierdie krisisjare, wat saamgeval het met die heroriëntering van Europa na die Tweede Wêreldoorlog en die tydperk toe die implikasies van Einstein se Algemene Relatiwiteitsteorie deurgewerk het na al die terreine van die wetenskap, is die “nuwe” praktiese teologie gebore.

### 2.2.5 PRAKTIESE TEOLOGIE: ’N KRISISWETENSKAP

In 1968, 25 jaar na die einde van die Tweede Wêreldoorlog, het die Rooms-Katolieke kerk Frans Haarsma aangestel as hulle eerste professor in die praktiese teologie. In dieselfde jaar het die eerste protestantse professor in die praktiese teologie, Jakob Firet, ook diens aanvaar in Nederland. Dat dit juis in dieselfde jaar gebeur het, was nie toevallig nie. Uit albei oorde is die kerklike krisis dringend aangevoel (Heitink 1993:15). Beide die eerste professore in die praktiese teologie het tydens hulle eerste jare in die akademie die geboorte van ’n nuwe Westerse samelewing en ’n gepaardgaande geloofskrisis beskryf (Firet 1968). Die samelewing het verander en die kerklike praktyk kon nie voortgaan soos vroeëre eeue nie. Dit wat vir eeue lank (vir die Protestante sedert die sestiende eeu en vir die Rooms-Katolieke Kerk veel langer) gewerk het, het skielik nie meer gewerk nie. Lidmate het hulle ontevredenheid openlik begin uitspreek en die ontevredenheid ook progressief meer begin uitleef deur die kerk te verlaat.

Die nuwe (protestantse en katolieke) praktiese teologie kan beskryf word as ’n krisiswetenskap (Heitink 1993:14) wat die dringende taak aanvaar het om uit te vind waarom die geykte bedieningspatrone nie meer werk nie. Die kerklike praktyk, die kommunikasie van die Evangelie in al sy gestaltes, het in die “nuwe” benadering tot die vak indringende aandag begin kry. ’n Nuwe benadering en ’n nuwe metodologie is gebore wat in dringende tye vir die kerk antwoorde moes gee

oor die effektiwiteit van haar bediening in nuwe omstandighede. Die “nuwe” vak kan soos volg beskryf word: “Praktiese teologie is die vak binne die teologie wat hom bemoei met die vraag na die effektiewe funksionering van die kerk in die daaglikse praktyk van die lewe” (Burger 1991: 31).

Volgens Firet (1968:7) was die verandering in die Europese samelewing so radikaal dat dit die geslag van die sestigerjare “voorbeeldloos” gelaat het. Praktiese teologie moes verander van toepassingsvak na 'n volledig selfstandige teologiese dissipline wat self diepliggende teologiese vrae gevra het en teologiese teorieë ontwikkel het in die wisselwerking tussen teologiese teorie en geloofspraxis. Dit moes gedoen word in die tweede helfte van die twintigste eeu – die tydvak van revolusionêre wetenskap of paradigmaverskuiwing in baie vertakkings van die wetenskap (Kuhn 1970; sien ook Jonker 1981:24–25), dieselfde tydperk toe ’n nuwe epistemologie vir wetenskapsbeoefening in die algemeen en vir die geesteswetenskappe in die besonder, na vore gekom het. ’n Ander gebou moes op nuwe fondamente opgerig word. Praktiese teologie het in krisistye sy eie identiteit en taak herontwerp.

Hierdie studie onderskryf graag die “nuwe” praktiese teologie, wat in ’n kort tyd reeds gevestig geraak het en goed beskryf is in Europa (Dingemans 1996(a), Firet 1986, Heitink 1993, Van der Ven 1993), in die VSA (Browning 1996; Osmer & Schweitzer 2003; Osmer 2008) en in Suid-Afrika (Heyns & Pieterse 1990, Lemmer 1991, Louw 1993, Pieterse 1993(a), Vos 1995). Hierdie vak en sy metodologie is uitnemend geskik vir die bestudering van die gekose tema, omdat dit in pas is met die nuutste ontwikkelings in wetenskapsbeoefening en op die voorpunt beweeg; op die snypunt van teologiese teorie en die eietydse praktyk van geloofshandelinge.

### 2.2.6 PRAKTIESE TEOLOGIE IS TEOLOGIE

In die teologie gaan dit om God. Die aannames wat pront gestel word, is dat God bestaan, dat Hy op ’n verstaanbare wyse kommunikeer met mense, dat mense universeel bewus is van Hom: dat mense God kan ervaar en ken en in ’n geloofsverhouding met Hom kan leef.

Teologie is stamelende woorde oor God, maar teologie bestudeer nie vir God nie. God kan nie tot objek vir wetenskaplike ondersoek gemaak word nie (Heitink 1993:114–115; Pieterse 1994:95). Die Skrif bely dat God die Skepper nie deel van sy sintuiglik waarneembare skepping is nie (Gen.

1–2); Hy woon in ontoeganklike lig (1 Tim 6:16). Hoe wyd die werklikheidsdomeine wat vatbaar is vir wetenskaplike ondersoek ook al gestel word (Pieterse 1993: 94-95), God bestaan nie binne daardie velde van ondersoek nie. Die Skeppergod bestaan nie binne die sigbare of onsigbare skepping, wat wetenskaplik bestudeer kan word nie. Hy is die direkte objek van geloof, maar net indirek die objek van wetenskaplike ondersoek in die teologie. "God is in de theologie-beoefening niet direct toegankelijk. Hij is slechts toegankelijk in en door het geloof van de gelovige" (Van der Ven 1985(a):195).

Die objek van Christelike teologiebeoefening is nie God nie, maar die **mens se reaksie op God.** Teologie bestudeer die mense se kenne van God, soos dit neerslag gevind het in die Christelike geloof se brondokument (die Bybel) en in die geloofstradisie. Teologie bestudeer vroeëre en huidige gestaltes van geloof in die samelewing (Firet 1986:5; Heitink 1993:115). God kom na sy wêreld wat Hy liefhet en nooit prysgee nie (Nel 1994:16). Sy koms word bemiddel deur die Christelike geloof. In daardie sin sê Firet (1980:10) "dat het object van de theologie een praxis is, nl. de praxis van God, zijn handelen in verleden, heden en toekomst. De 'zaak' van de theologie is geen andere dan die van de christelijke verkondiging en het christelijk geloof: het komen van God tot de mens in zijn wereld." Só verstaan, is teologie die wetenskaplike studie van die koms van God na sy wêreld. Die objek van teologie sluit in die proses om God te leer ken; die kommunikasieproses tussen mense wat geloof bemiddel. "In other words, theology's field of study embraces all factors essential to knowing God, functions of his revelation and his companionship with us human beings, including the functioning of the faith-community, pastoral role-fulfillment, and pastoral communication" (Firet 1986:5).

Die aanname waarmee teologie werk, is dat God Homself op so 'n wyse aan die mens openbaar, dat die gelowige gefassineer en aangegryp word. Moses het volgens Eksodus 3 by die brandende bos so 'n ervaring van God gehad. Hy wou bietjie nader gaan om die wonderlike verskynsel te bekyk (vs 3), maar hy het ook sy gesig toegemaak, want hy was bang om na God te kyk (vs 6). *Mysterium tremendum et fascinosum* is die ondervinding van die gelowige in die teenwoordigheid van God, waar hy terselfdertyd vrees en nader getrek word. Die beginpunt van godsdiens, is waar 'n gelowige aangegryp word deur 'n Werklikheid buite homself, veel groter en heerliker as enigiets anders wat hy ken (Moltmann 2000:10). Die gelowige reageer vanuit die werklikheid van God wat hom geken, gewy en aangestel het (Jer 1:4–10). Hy reageer in die ervaring dat die werklikheid

religieus is (Van der Ven 1985(a):195). Menslike reaksies op God sluit in gebed, studie, belydenis, viering, verkondiging, diens, ensovoorts. Al daardie geloofsuitinge is objektiveerbaar en op ’n wetenskaplike wyse ondersoekbaar. God kan nie in wetenskapsbeoefening vasgevang word nie, maar ’n verskeidenheid van die mens se reaksie op God, wel.

Teologie leef vanuit die belydenis dat God is wie Hy is (Eks 3:13–15) en doen wat Hy wil (1 Sam 3:18; Jona 1:14). Dit is ’n vorm van respekvolle liefde vir God met die verstand, ’n vorm van gehoorsaamheid aan God (Heitink 1993:109; Heyns & Jonker 1977:9). Ek stem met hierdie siening saam en kies dus om teologie van binne die geloof, vanuit ’n verhouding met God te beoefen. Die teoloog hou nie op om gelowige te wees nie. Hy distansieer hom nie van sy oortuigings of religieuse ervarings nie. Teologie is kritiese besinning op die verlengde van die praktiese geloofslewe. “Die teologie wil verstaan wat geglo word, om des te beter te kan glo (Heyns & Jonker 1977:130). Die teoloog praat terselfdertyd oor God én met God. Hy is gelowige wat bely, aanbid en gehoorsaam. Hy staan kinderlik en afhanklik voor God, ook terwyl hy as teoloog kritiese, wetenskaplike werk doen. Die teoloog is ’n gelowige, maar terselfdertyd ook ’n wetenskaplike wat wetenskaplike vrae vra, krities en sistematies werk onder die dissipline van wetenskaplike metodes. Firet (1975: 381) noem teologie daarom samevattend ’n gelowige mens se “sistematiese geloofsbesinning onder streng wetenskaplike voorwaardes.” Om teologie te beoefen, is om besig te wees in die polêre spanning tussen vertroue en kritiek, gebed en redenering, bely en bly vra (Firet 1975:380–381).

’n Volgende uitgangspunt is dat teologiebeoefening nie net ’n akademiese aktiwiteit is nie. Voltydse studente en persone met universiteitsgrade in teologie is nie die enigste teoloë nie. “Theology is the business of all God’s people ... All Christians *who believe and who think about what they believe,* are theologians...” (Moltmann 2000:11). Die siening van ’n gedeelde teologie van alle gelowiges stem ooreen met die reformatore se klem op die priesterskap van alle gelowiges (Moltmann 2000:11–15). Hierdie perspektief is in die besonder noodsaaklik in gemeentebou. Die hoof-aktiwiteit in gemeentebou is dat die hele gemeente gesamentlik besin oor hulle funksionering as gelowiges en die gemeente se totale funksionering in konteks (Burger 1991:149; Nel 1994:14). Dit is ’n korporatiewe teologiese aksie, wat gelyktydig gelowig en krities is. Ek kies hiermee vir ’n praktiese teologie van betrokkenheid na drie kante toe: eerstens betrokke by God en die saak van sy koninkryk, tweedens betrokke by medegelowiges in die gemeenskap van gelowiges wat

korporatief praktiese teologie beoefen, derdens betrokke by die hele gemeenskap wat gedien word deur die Evangelie van die koms van God se koninkryk.

Om teologie te beoefen, is ’n aktiwiteit wat onlosmaaklik aan die Heilige Skrif verbonde is (Heyns & Jonker 1977:164–178) op grond van die belydenis dat die Bybel die Woord van God is (Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2–7), of dan God se Woord in mensetaal. Die Christelike teologie se bron-dokument is die ses-en-sestig Bybelboeke. Die Bybel bevat die neerslag van mense se geloof, verwoord in mensetaal. My geloofs-a-priori is dat die Bybel terselfdertyd ook die geïnspireerde Woord van God is (2 Tim 3:16–17): dít wat God deur mense se woorde en aktiwiteite van Homself en sy groot plan bekend maak. Teologie bestudeer dus mense se woorde oor God en hulle geloof in God (Heyns & Pieterse 1990:4). Teologie is nie waarde-vry nie en ook geen intellektuele spel nie. Teologie is altyd betrokke. Teologie dien die geloof en die lewe uit die geloof; dit dien die saak van die Evangelie en van God se betrokkenheid by alle mense. Die bedoeling van hierdie studie is baie spesifiek om gemeentes in die Noordelike Sinode van die NG Kerk te dien.

### 2.2.7 PRAKTIESE TEOLOGIE IS GEANKER AAN DIE KONTEKS

Die interdissiplinêre epistemologiese ontwikkelings van die afgelope eeu het ruimte geskep vir spesifieke kontekste en spesifieke ervarings in die proses van teologisering. Teologie groei uit die spesifieke konteks en nie net uit die geloofstradisie nie (vgl Gregersen & Van Huyssteen 1998:4–5). Gemeentebouteorie in hierdie denkklimaat moedig gemeentes aan om gedurig te vra: “Wat is ons roeping in *hierdie* konteks?” Al 11 outeurs in die bundel *Prediking:kommunikasie in konteks* (Nel 1996) is dit eens dat diepgaande begrip van die konteks belangrik is, nie net vir die kerk se prediking nie, maar vir alle aspekte van kerkwees.

Wanneer die omgewing so vinnig en so drasties verander soos die Suid-Afrika van die afgelope twee dekades, is dit nie vanselfsprekend vir ’n gemeente om by te bly en kontekstueel akkuraat te wees nie. Sonder werklike begrip van die konteks, kan ’n gemeente kwalik optimaal as kerk van Jesus Christus funksioneer. Browning (2007:4) stel dit dat die praktiese teologie altyd baie naby aan die konteks moet beweeg en dat die prakties-teologiese proses met ’n praktiese belang by die konteks begin, van daar beweeg na die teologiese teorie, om weer by die konteks te eindig. Osmer

(2008:4) meen dit is die praktiese teologie se heel eerste taak om die relevante konteks te leer ken en te beskryf.

Die Middeleeuse benadering om toegewyde gelowiges uit die wêreld te onttrek en in ’n klooster te versamel, was ’n fout wat die kerk van sy krag en invloed beroof het. “Terwyl die gemeente die ruimte is waarbinne geloofshandelinge beoefen word en waarin gelowiges geskool en toegerus word, is die samelewing die konteks waarbinne die kerk met sy evangeliese praxis bydra tot die bevryding van die mens en die samelewing” (Heyns 1995:53). Die wêreld behoort nie aan die bose nie en mag ook nie aan die bose oorgegee word wanneer Christene hulle onttrek nie. Praktiese teologie is ’n teologie van betrokkenheid: “... de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samelewing” (Heitink 1993: 18). Binne hierdie siening van ’n betrokke praktiese teologie, het drastiese veranderings in die samelewing reperkussies vir die teologie.

### 2.2.8 PRAKTIESE TEOLOGIE IS PRAKTIES EN BETROKKE

Praktiese teologie het met die praktyk te make. Dit is geen leunstoelwetenskap nie (Heyns & Pieterse 1990:14). Maar daarmee word nie bedoel dat ander teologiese vakke nie prakties is nie en “teoretiese teologie” bedryf, terwyl hierdie vak net prakties is en nie met wetenskaplike teorieë werk nie. Browning huldig die standpunt dat alle teologie prakties is en ek gaan daarmee akkoord: “I believe that viewing theology as a practical discipline through and through leads to discoveries that will benefit theology, the churches and theological education” (Browning 1991:ix).

Goeie teologie word nie in ’n vakuum bedryf nie. Dit is betrokke by God, betrokke by sy koninkryk, sy mense en sy wêreld. Alle teologiese vakke, nie net praktiese teologie nie, is na hul aard betrokke, bruikbaar en prakties. Die bekende dogmatikus Jürgen Moltmann (2000:4) skryf as ou man die volgende oor die herkoms van sy teologie: “My experiences of death at the end of the war, the depression into which the guilt of my people plunged me, and the inner perils of utter resignation behind barbed wire: these were the places where my theology was born”.

Daar is ’n saak voor uit te maak dat teologie as sodanig nooit ’n “suiwer” wetenskap kan of behoort te wees, wat sy teorieë onafhanklik van die sosiale konteks ontwikkel nie. Die outeurs van die Bybel was nie objektiewe waarnemers of teoloë wat klinies en neutraal, onbetrokke van die

eerste lesers se wêreld gestaan het nie. Inteendeel – hulle was deurdrenk van die heersende kultuur en omstandighede. "... each one of the Old Testament prophets spoke out of the midst of a situation in which they were wholly involved, bodily, mentally, and spiritually, in the crisis in question. The prophets took no balcony view of events, but belonged with their brethren down in the arena, where the heat of the battle was most intense ... In fact, the prophets needed just such a living contact with the minds of their fellows if their own minds were to work fruitfully on the events which they knew God meant them to interpret" (Knight 1984:2). Amos se profesie was protes teen die korrupsie en sosiale onreg van sy tyd. Jeremia se profesieë kom voort uit sy eksistensiële betrokkenheid by die Judeërs se lot kort voor die ballingskap; sy verset teen die maghebbers van sy dag en sy gevolglike persoonlike lyding. Paulus se briewe adem ’n persoonlike en kontekstuele gees; dit is gerig aan gemeentes en individue wat hy goed geken het en met wie se praktiese nood en omstandighede hy goed bekend was. Al sy briewe is pastoraal van aard, in die sin dat dit mense in die praktyk van hulle nood geestelik bedien en versorg het. Dieselfde betrokkenheid by hulle wêreld en hulle mense, kan aangetoon word by vele ander bybelskrywers.

Die hedendaagse lesers van die Bybel, teoloë ingesluit, is eweneens nie neutraal of onbetrokke nie. Dit is trouens vir enige teoloog onmoontlik om hom/haar los te maak van die eie kultuur en omstandighede, beskikbare begrippe en denkraamwerke. "The view that Christian theology cannot exist in a ‘pure’ form as though it were somehow independent of its social settings and applications has become increasingly recognized" (Elford 1999:6). Alle goeie teologiese dokumente is *betrokke literatuur* wat ontstaan het in die wisselwerking tussen die Skrif, God, die teoloog, sy teologiese teorie en die praxis waarbinne hy staan. Dit spreek die konteks aan waaruit dit gebore is. "The proper agenda of theology is not self-setting. It cannot be pre-programmed. ... theology is done by human beings and, therefore, always reflects directly or indirectly their social and political circumstances as well as their aspirations (Elford 1999:7).

Die proses van teologisering begin by die wêreld waarin die teoloog leef, wat Browing (2007: 13) noem "theory laden religious and cultural practices." Bevrydingsteologie is ’n voorbeeld van teologies betrokke literatuur, so ook hedendaagse Westerse teologie wat fokus op omgewingskwessies en nuwe tegnologie en Derdewêreldse teologie wat fokus op armoede en ontwikkeling (sien Vos & Müller 1991:1–8).

Alle teologiese vakke is dus prakties en het praktiese waarde. Die praktiese teologie hou hom egter besig met sistematiese, teologiese besinning oor die praktyk (Dingemans 1996(a):13) en die ontwerp van teorieë met die oog op ’n meer effektiewe praktyk. Die geloofspraktyk (Grieks: *praxis*) word wetenskaplik ondersoek en daar word in die lig van die Skrif en onderliggende teorieë krities nagedink oor die heersende praktyk. ’n Mens kan dus sê praktiese teologie is ’n empiriese teologie (Van der Ven 1993) wat ontwikkel word in die spanningsveld tussen teologiese teorie en geloofspraktyk, met die doel om probleme in die praktyk met die kommunikasie van die evangelie te probeer uitskakel.

Die teologiese teorie en geloofspraktyk word nie as aparte entiteite gesien nie. Daar is geen teorielose praktyk nie (Burger 1991:16) en ook geen belangvrye “suiwer” teorie nie (Elford 1999:1–18; Pieterse 1993(a):91–94). Elke teologie het ’n “*Sitz im Leben*” (Moltmann 2000:3) en agter elke geloofspraxis lê ’n teologie. Geïntegreerd in die praktyk is reeds aannames, uitgangspunte en ’n teoretiese raamwerk. Wat die deelnemers aan die praktyk aan betref, is die enigste verskil of hulle bewus is van die onderliggende teorie of nie. Die teorie funksioneer óf bo die oppervlak op ’n bewuste vlak, óf onder die oppervlak op ’n onbewuste vlak. Maar die teorie kan nie weggedink of weggewens word uit enige geloofspraktyk nie. Die praktyk is die resultaat van ’n lang proses van wisselwerking tussen teorie en praktyk, wat Gadamer horisonsversmelting noem (Gadamer 1979; Browning 2007:3). Net so bestaan daar nie iets soos suiwer teologiese teorie sonder praktiese belange nie. Geen wetenskapsbeoefening en geen teorie is waardevry nie. Dit is by voorbaat reeds betrokke by die praktyk (Pieterse 1993:89–96). Die teorie-gelade praktyk bestaan in ’n spanningseenheid met ’n teorie vol praktiese belange (Van Huyssteen 2006:13; Browning 2007:9). Hierdie studie is doelbewus betrokke by die NG Kerk, by Suid-Afrika, by die verlange daarna dat gemeentes ’n sterker en meer heilsame rol sal speel in hulle omgewings.

Die impuls vir vordering van die praktiese teologie begin gewoonlik by een of ander struikelblok of probleem in die praktyk (vgl Browning 2007:4; Osmer 2008:4–11). ’n Navorser kom agter dat die een of ander aspek nie goed in die praktyk werk nie. In hierdie ondersoek se geval het die navorser oor ’n lang tydperk bewus geraak daarvan dat NG Kerk-gemeentes nie meer spontaan uitreik nie, maar al meer in hulle dop kruip tot skade van hulleself en die omgewing waar hulle leef. Van daar af kom die praxis-teorie spanningsverhoudings van ’n meer formele ondersoek aan die gang. Maar die punt is dat dit meestal in die praktyk “gebore” word. Vanaf die geïdentifiseerde

probleem in die praktyk, verloop die ondersoekproses in ’n beweging *praktyk-teorie-praktyk*. Die navorsingsprobleem kom uit die praktyk, dit dwing die navorser tot kritiese leeswerk en nadenke oor die onderliggende teorie en eindig by ’n plan of ’n beter teorie om die praktykprobleem op te los. “The view I propose goes from practice to theory and back to practice. Or more accurately, it goes from present theory-laden practice to a retrieval of normative pracitce-laden theory to the creation of more critically held theory-laden practices” (Browning 1991:7). Hierdie beskrywing geld natuurlik alle teologiese vakke en nie net die praktiese teologie nie. Müller (1996:1) beskryf so ’n ondersoekproses as ’n “geïntegreerde, sirkulêre model van heen-en-weer beweeg tussen praktyk en teorie”.

### 2.2.9 WATTER PRAKTYK?

Dis nie genoeg om te sê dat die praktiese teologie ’n breër studie-objek het en dat dit deesdae ook gaan oor teologiese besinning oor die praktyk nie. Want *watter praktyk* is hier ter sprake?

#### 2.2.9.1 PRAKTYK VAN PREDIKANTE SE AMPSWERK

Die “ou” praktiese teologie het hom beperk tot die praktyk van die predikant se ampswerk. Dit was die geval in protestantse kringe (vgl Firet 1968:24), sowel as in Rooms-Katolieke kringe, waar die vak se naam dan ook “Pastorale Teologie” was. Die drie onderdele van praktiese teologie was sedert 1876 homiletiek, kategetiek en pastoraat – die belangrike ampsfunksies van die predikant of priester (Dingemans 1996(a):17). In samehang hiermee het die ou waarheidsbegrip gefunksioneer, asook die ou siening van wat praktiese teologie is: Die waarheid is op hiërargiese wyse van bo vasgestel deur die “egte” teologiese vakke en die kerklike vergaderings. Van daar af was dit eenrigtingverkeer na onder.

Praktiese teologie was ondergeskik aan die bibliologiese vakke en die dogmatiek. Thurnysen se invloedryke praktiese teologie in die middel van die twintigste eeu, met ’n swaar klem op verkondiging – ook in kategese en pastorale werk – is ’n goeie voorbeeld daarvan (Dingemans 1996(a):17). Studente is in die praktiese teologie net voorberei en afgerig hoe om daardie suiwer waarheid in al die verskillende fasette van ’n gemeente se bediening, oor te dra aan die lidmate. In die gemeente was die lidmate die gehoorsame skape wat die predikant, hulle herder, kritiekloos nagevolg het.

2.2.9.2 EERSTE VERBREDING: AL DRIE BESONDERE AMPTE

Die praktyk wat net die leraar se ampswerk beskou, was te eng. ’n Eerste verbreding sluit die **ander ampte en hulle werk** in, nie net die predikant nie. Vandaar die naam “amptelike vakke” wat vandag nog in sekere kringe gebruik word. Die praxis wat ondersoek word, is breedweg die kerkraad se werk. Die praktiese teologie help nie net die predikant nie, maar al die ampte met die uitvoering van hulle take. Die probleem is dat die lidmate nog as passiewe ontvangers beskou word.

2.2.9.3 TWEEDE VERBREDING: OOK DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

Die tweede verbreding hang saam met ’n verbreding in die ampsbegrip: nie net die besondere ampte nie, maar almal in die amp van gelowige se dienswerk word beskou.

Hierdie verbreding benodig ’n paar opmerkings oor die agtergrond: Namate die waarheidskonsep van die wetenskappe al minder finaal geraak het en die epistemologiese debat in die natuurwetenskappe (Einstein, Kuhn en andere) en in die geesteswetenskappe (Gadamer, Habermas, en andere) gevoer is, het die beeld van wat waarheid is en hoe die waarheid nagespeur kan word, ook in die praktiese teologie begin verander. Dit het duidelik geword dat die deduktiewe wyse van praktiese teologie beoefen (van bo af met behulp van die vooraf-vasgestelde waarheid: eenrigtingverkeer na onder), nie bevredig nie. Die nuwe epistemologie werk met konsepte soos voorlopigheid, falsifikasie en intersubjektiwiteit (p 46–53, vgl Pieterse 1993:68–71). Binne so ’n raamwerk is daar nie meer ruimte vir vaste waarhede wat elders vasgestel is en net so in die gemeentes toegepas moet word met hulp van die praktiese teologie nie. Die predikant en sy kerkraad se werk as toepassingsveld is ook te eng en die onbehae daarmee om praktiese teologie so te beperk, het in die laaste dekades van die vorige eeu gegroei.

Min of meer gelyktydig met die verbreding van die wetenskapsiening om die sosiale en subjektiewe fasette in te sluit, het waardering ontwikkel vir die mondigheid van die gelowige individu en vir die plaaslike gemeente as *ecclesia completa.* Die ou skool teoloë se eenrigtingverkeer van bo via die ampte na die gemeente as die eindpunt van die bediening, het nie meer bevredig nie. Die gesagskrisis in die Weste (Heitink 2007) en die nuwe mondigheid van die individu, laat nie meer ’n teologiese teorie toe wat die gemeente as gehoorsame en passiewe ontvangers beskou nie. Die

gemeente is nie die eindpunt en ontvangers van die bediening nie, maar die omdraaipunt daarvoor, 'n aktiewe kanaal wat God se groot dade kreatief verder voer. Die hele gemeente hoor die Evangelie, interpreteer dit as teoloë in eie reg en leef kreatief daarvolgens in die moderne samelewing as diensknegte van God (Dingemans 1996(a):20–22).

Die **tweede verbreding** bou op 'n prakties-teologiese ekklesiologie wat die gemeente nie sien as passiewe en onbekwame ontvangers wat deur die aktiewe en bekwame ampte bedien moet word nie. Dit volg die lyn van die reformatoriese visie op die algemene priesterskap van die gelowiges (vgl Nel 1994:50–56). Almal – leraars, ampsdraers en lidmate, is funksionele lede van dieselfde liggaam (Rom 12:4–8; 1 Kor 12:12–31). Elkeen het die Heilige Gees ontvang en is deur die Gees toegerus tot diens (1 Kor 12:1–11; Ef 4:4–16).

Die gebruik van διακονία in die Nuwe Testament het te make met die **dienswerk van elke gelowige.** Elke gelowige wat God dien uit gehoorsaamheid, tree namens Hom op en verteenwoordig Hom in die wêreld (Louw 1994:26–27). Die verbreding is om te fokus op die funksies van die gemeente. Baie vroeë eksponente van hierdie verbreding was Graf in 1841 en Nitzsch in 1847. Hulle was hulle tyd ver vooruit. "In retrospect Graf and Nitzsch were the prophets of a renewal that took a century to gain broad support" (Van der Ven 1993:36). Dit het die kerk wêreldwyd nog 'n eeu geneem om te herontdek die *hele gemeente* is diensknegte en in wese missionêr; leef op die kruispunt van die Christelike tradisie waarin hulle geanker is, met die huidige kultuur waar hulle 'n roeping het om uit te leef. Die uitgangspunt is nie meer die ampswerk van die predikant of die kerkraad nie, maar die funksies van die gemeente; die praxis van die **funksionering van 'n gemeente binne 'n bepaalde kultuur en samelewing** (Dingemans 1996(a):22, Browning 2007:vii).

Die ontwikkelings in die praktiese teologie kan nie losgemaak word van die groot skuiwe wat in die intellektuele wêreld plaasgevind het rakende rasionaliteit en wetenskaplikheid nie. Waarheid blyk nou situasiegebonde te wees, asook paradigmaties bepaal. Die tweede verbreding het die weg gebaan na prakties-teologiese ondersoeke wat beide deskriptief en normatief werk aan 'n gemeentelike ekklesiologie. Dit wat *in werklikheid* gesê, bedoel en gedoen word deur 'n gemeente (deskriptief), asook dit wat in 'n gemeente *behoort* te gebeur in die lig van die Evangelie (normatief) is deel van die dinamiek van 'n prakties-teologiese ekklesiologie wat naby aan die Skrif, naby aan die geloofstradisie en naby aan die praktyk beweeg. Persoonlike en kollektiewe geskiedenis van

individue en gemeentes speel 'n rol by hoe die teologiese waarhede funksioneer. Daar het 'n totale paradigma-wisseling plaasgevind (Pieterse 1993:1). Die omvattende kontekste van kerke, gemeentes, predikante, lidmate en gemeenskappe kom al meer in die blikveld van die praktiese teologie – nie slegs as plekke waar die evangelie toegepas moet word nie, maar as plekke waar goeie en immer-ontwikkelende teologie gebore word (Elford 1999:11).

#### 2.2.9.4 DERDE VERBREDING: CHRISTELIKE GELOOF IN DIE SAMELEWING

Maar daar is ook 'n derde verbreding, wat al hoe meer noodsaaklik word in die lig van 'n groeiende Christendom buite die kerk (Nel 2005:11–12; Heitink 2007). Die proses van kerkverlating wat in die na-oorlogse Europa krisisafmetings aangeneem het, is lankal nie meer net 'n Europese verskynsel nie. Dit kom in baie ander lande voor, ook in Suid-Afrika. Ondersoeke dui daarop dat 'n beduidende persentasie *kerkverlaters* nie die Christelike geloof of *God verlaat* het nie. Hulle beskou hulleself steeds as gelowiges, maar buite die strukture van die georganiseerde kerk (Heitink 2007; Nel 2005:26; vgl ook Burger 2010).

Hierdie derde en laaste verbreding van die terrein wat die praktiese teologie beskou, is een wat die georganiseerde kerk se grense oorsteek en 'n bydrae lewe in die groter samelewing. “There is a need for theologians and especially practical theologians to participate in the public debate on societal problems” (Pieterse 2010:2). Die praxis waarin hierdie studie geïnteresseerd is, is toegespits op die kerkwees van gekose gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode. Maar die praktiese teologie wat ek onderskryf, kyk wyer as die kerkverband of die georganiseerde kerk as geheel. Gelowiges wat nie meer aan 'n gemeente of 'n kerkverband behoort nie, is ook ingesluit. Die gelowige lewens van almal wat in Jesus Christus glo en Hom verteenwoordig waar hulle ook al beweeg, word bestudeer (Heitink 1993:20). Geen gelowige of geloofsuiting kan in beginsel van die prakties-teologiese praxis uitgesluit word nie. Die studie-objek van die praktiese teologie is dus so breed as die **funksionering van die Christelike geloof in die moderne samelewing.** “Als het gaat om de doorwerking van het evangelie in de hele wereld en in de hele cultuur dan moet men verder kijken dan de traditionele kerken” (Dingemans 1996(a):27).

Hierdie siening relativeer die kerk as instituut in 'n mate. Kerke en gemeentes soos ons hulle ken, is nie die alfa en die omega nie. Die Evangelie van Jesus Christus en die Koninkryk van God is

wel die begin en einde. Die Evangelie kan in ruimtes buite die georganiseerde kerk geleef en gekommunikeer word. Dan is dit steeds deel van die praktiese teologie se studieveld.

### 2.2.10 KOMMUNIKASIE VAN DIE EVANGELIE IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Om die praxis waarin die praktiese teologie geïnteresseerd is se omtrekke te bepaal, is dit laastens nodig om die kommunikasie van die Evangelie in historiese perspektief te plaas. Die kerk en die Christelike geloof is die produk van ’n eeue-lange tradisie. Geloofsopvattings, gebruike en instellings het gegroei as die resultaat van opeenvolgende geslagte se interpretasies wat op mekaar bou, eeue se gesprek en wedersydse beïnvloeding van deelnemers, die nalatenskap van dit wat Gadamer (1979:xix) “horisonsversmelting” noem (sien ook Elford 1999:8–11). Die NG Kerk se huidige geloofspraktyk se wortels kan dus nagespeur word oral waar daar gesprek en beïnvloeding was oor dekades en eeue heen, plaaslik in Suid-Afrika, in Nederland en ander Europese lande en selfs tot in antieke Israel. Praktiese teologie beskou nie ’n gestolde dwarssnit van die veld wat ondersoek word nie, maar vertolk dit binne die historiese verbande wat ter sake is. Hierdie studie kies in die ontwerp van die empiriese ondersoek doelbewus vir *prosesbeskrywing* (sien p 118–120) wat die historiese verloop in ag neem. Sonder die perspektief van die NG Kerk onder die Nasionale Party en apartheid, kan die verliese wat NG Kerk-lidmate vandag beleef, kwalik begryp word.

Die samelewing waarbinne die NG Kerk die Evangelie oordra, behoort nie anders as op soortgelyke wyse – in historiese perspektief – verstaan te word nie.

### 2.2.11 HANDELINGELINGSWETENSKAPLIKE BENADERING

Die vraag wat die “nuwe” praktiese teologie moes beantwoord, is watse *tipe* wetenskap hy is. Daar is vandag breë konsensus dat die vak ’n handelingswetenskap is, omdat dit die geloofshandelinge van mense bestudeer (Pieterse 1993:107–108; Dingemans 1996(a):39–40). Die handelingswetenskaplike benadering is ’n nuwe paradigma in vergelyking met die ou toepassingstipe praktiese teologie en die diakoniologiese benadering (Dingemans 1996(a):15; Pieterse 1993:103–107). Dit hang saam met die verbreding van die studie-objek van die vak, soos hierbo aangetoon. Op grond van ’n koninkryksperspektief kom die samelewing in sy breedste sin en alle geloofshandelinge in die praktiese teologie se visier.

Die handelingswetenskaplike benadering het die wetenskaplike karakter van die vak gevestig, omdat dit aansluiting vind by die wetenskapsteoretiese begronding van invloedryke outeurs wat in baie ander handelingswetenskappe nagevolg word, byvoorbeeld die breë rasionaliteitsmodel van Habermas (Heitink 1993:131–138; Pieterse 1993:109), die hermeneutiek van Gadamer (Heitink 1993:179–180), ensovoorts. ’n Eie ondersoekveld en wetenskaplike metodologie is ontwikkel, wat die vak van die ondergeskikte rol aan die resultate van ander teologiese vakke bevry het. Empiriese ondersoeke word gedoen met dieselfde metodes wat in ander sosiale wetenskappe gebruik word. Die verhouding tussen die praktiese teologie en sosiale wetenskappe is soortgelyk aan die verhouding wat Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese eksegese het met die taalwetenskappe, in die sin dat van dieselfde wetenskaplike instrumentarium gebruik gemaak word (Pieterse 1993: 109).

Die afstand tussen teologie en praktyk is deurbreek, omdat teologiese teorie in noue wisselwerking met die praktyk ontwikkel word. Die bipolêre teorie/praxis spanningseenheid is die ruimte waar praktiese teologie dinamies ontwikkel: naby aan die Skrif en teologiese tradisie; naby aan die kommunikasieprosesse en menslike handelinge wat God teenwoordig stel in ’n wye verskeidenheid kontekste binne en buite die kerk (Heyns & Pieterse 1990:34–35).

### 2.2.12 EMPIRIESE NAVORSING IN TEOLOGIE?

Die hele kwessie van empiriese navorsing en die metodologie verbonde daaraan, is belangrik vir die handelingswetenskaplike benadering tot die praktiese teologie. Praktiese teologie as universiteitsvak; as “scientia” (Van der Ven 1994:30) moet sy studie-objek en metodologie kan verantwoord naas ander universiteitsvakke. Die vraag of empiriese ondersoeke hoegenaamd van pas is in ’n teologiese dissipline, hang saam met die fundamentele vraag na die objek van teologie, wat hierbo beredeneer is. Vir eeue lank is daar NIE empiriese ondersoeke op ’n wetenskaplike wyse in die teologie gedoen nie. Maar die afgelope dekades word die empiriese metode, naas ander metodes, wel gebruik. Daar moes in die beginjare van die “nuwe” praktiese teologie, grondige verantwoording gedoen word van die legitimiteit van die gebruik van empiriese navorsing in die teologie (Van der Ven 1983, 1985(a), 1994; Pieterse 1993(a)). Die wending na empiriese ondersoeke as deel van die proses van teologisering, hang saam met die nuwe epistemologiese grondslae van die geesteswetenskappe, asook die paradigmaskuif in die praktiese teologie. Sonder om te herhaal wat

reeds daaroor gesê is, behoort drie voorwaardes vir die benutting van empiriese navorsing in die teologie, gestel te word:

**Eerstens** moet die *definisie van teologie* ruim genoeg wees om die menslike handelinge waardeur die Goeie Nuus van God se bemoeienis met die wêreld gekommunikeer word, in te sluit, omdat presies dít empiries nagespeur word. Deur sy Gees is God teenwoordig en Hy inspireer mense se kommunikatiewe handelinge in diens van die koms van sy koninkryk. Daarom kan empiriese ondersoeke van sulke kommunikatiewe handelinge bydra tot *teologiese* kennis.

**Tweedens** behoort die *rasionaliteitsbegrip* ten grondslag van wetenskaplike kennis breed genoeg te wees vir empiriese teologie. Dit moet al drie werklikheidsdomeine wat Habermas onderskei het, erken (vgl Pieterse 1991:42-43): die objektiewe, sosiale en subjektiewe werklikhede (sien ook Pieterse 1993(a):181).

**Derdens** moet die *wetenskaplike verwysingsraamwerk* ruim genoeg wees om die teologiese vertrekpunte, waardes, doelstellings en norme vir evaluering te akkommodeer (Van der Ven 1985(a): 196). Binne hierdie raamwerk poog die empiriese ondersoeke nie om geloofsuitsprake as waar te bewys nie (verifikasie), maar om die geldigheid of ongeldigheid van hipoteses, wat verband hou met die kommunikasie van die Evangelie, aan te toon. Enige hipotese kan egter in beginsel om ver gewerp, verbeter of verander word (falsifikasie).

Daar is besware teen empiriese metodes in die teologie. In gereformeerde kringe handel die besware gewoonlik oor die teologiese identiteit van die vak: Het teologie nog met God te doen as die handelinge van mense bestudeer word met metodes afkomstig uit die sosiologie, sielkunde en ander geesteswetenskappe? "Will theology remain theology?" (Van der Ven 1994:34). Een van die eerste voorstaanders van die handelingswetenskaplike benadering, het van die begin af gewaarsku dat die vak balans moet hou en nie in die opwinding oor die nuwe, empiriese ondersoeke moet oorhel in die rigting van "sinkretistiese banaliteite" nie (Firet 1987:29). Die permanente behoefte is aan 'n werklik *teologiese* praktiese teologie. Dit is nodig om kortliks op die kwessie in te gaan, omdat daar teoloë is wat meen daar word in die "nuwe" praktiese teologie te veel oorgehel na sosiologie, antropologie en sosiale sielkunde (Erasmus 1995:45).

Empiriese metodes bring nie die teologiese identiteit van ons vak in die gedrang nie – net so min as wat taalwetenskaplike metodes die teologiese identiteit van eksegese bedreig of filosofies-gangbare metodes die teologiese identiteit van dogmatiek in die gedrang bring. Metodologie is vak-neutrale wetenskaplike gereedskap en in beginsel "inhouds-invariant" (Van der Ven 1985: 203).

Die verbreding van die blikveld na die totale funksionering van die gemeente – en veral die rol van die praktyk en empiriese ondersoeke as kenbron vir teologie was aanvanklik 'n revolusionêre siening van teologie en nie alle teoloë was ewe entoesiasties daaroor nie. "Die vernaamste kwessie wat ons daarby aan die orde sal moet stel, is of die teologiese gehalte van die praktiese teologie nie langs hierdie weg in die gedrang kom nie" (Jonker 1981:25). Dit blyk egter dat daar by beoefenaars van die vak oor die afgelope drie dekades groter konsensus gegroei het oor die teologiese integriteit sowel as die praktiese betrokkenheid van die vak (Nel 2006:11).

Die navorser wat empiriese metodes gebruik, werk binne 'n teologiese teorie en hy maak van teologiese konsepte en teologiese doelstellings gebruik, wat dan geoperasionaliseer word vir empiriese navorsing. Die ideaal is dat die praktiese teoloog self die navorsing sal ontwerp en konseptualiseer vanuit teologiese teorieë (Dingemans 1990:124; Pieterse 1993:179, 190). Die ideaal is dus om intradissiplinêr te werk deurdat die teoloog op die hoogte kom van die sosiaal-wetenskaplike metodologie en daardie wetenskaplike gereedskap self hanteer, maar dan as teoloog. "What does empirical intradisciplinarity mean within practical theology? It means conducting practical-theological research with the help of empirical methodology, concepts, methods and means in order to build up relevant and adequate practical-theological theory for achieving practical-theological aims" (Van der Ven 1994:34). Die siel van 'n teologiese ondersoek word nie op hierdie wyse uitverkoop aan ander menswetenskappe nie en die teologiese identiteit van die praktiese teologie kom nie in die gedrang nie.

Die teologie se wetenskaplike "gereedskapskas" word groter om 'n ekstra stuk gereedskap te akkommodeer: die empiriese metodes, naas en in wisselwerking met die literêre, historiese, hermeneutiese en sistematiese metodes. Die teologiese teorieë, konsepte en doelstellings, saamgestel deur 'n teoloog met bepaalde vertrekpunte, bepaal steeds die identiteit van die vak en die navorsing – nie die metodes wat gebruik word nie. Van der Ven (1993:119–139) en Pieterse (1993(a):

188–190) is van mening dat praktiese teoloë goed genoeg geskool moet raak in die empiriese navorsingsmetodologie dat hulle dit onafhanklik kan gebruik en die hele navorsingsproses ’n *teologiese* proses kan bly.

Praktykanalise het die afgelope dekade of twee ’n onontbeerlike onderdeel van prakties teologiese werk geword (Dingemans 1996(a):18–20; Heitink 1993:212–213). Praktiese teologie het die status van *theologia applicata* ontgroei. ’n Eie studieveld en -metodes is goed genoeg ontwikkel. Skakeling, op gelyke voet, met ander akademiese dissiplines is nou deel van die praktiese teoloog se werk. Sielkundige, filosofiese, ekonomiese, demografiese, sosiologiese, kriminologiese en pedagogiese data is alles ter sake en het ’n woord mee te spreek in die ontwikkeling van teologiese teorieë. Maar empiriese navorsing is ook nie die begin en einde van die nuwe generasie praktiese teoloë se werk nie. Dit is net een van *drie* perspektiewe in die gekose breë navorsingsiklus (sien p 37–38). Die doel van die empiriese perspektief is om te sorg dat die vak naby genoeg aan die praktyk beweeg en met die werklikheid gekonfronteer bly. Die empiriese gedeelte werk verrykend tot die navorsingsiklus en lei tot beter teologie. Daar is nie rede om die empiriese metodologie met agterdog te bejeën nie. Dit is daarby ook ’n aspek van ’n ander styl van apologetiek as die teologie sy plek as volwaardige gespreksvennoot, op gelyke voet en met dieselfde wetenskaplike instrumentarium as ander vakke inneem in die intellektuele wêreld (vgl Van Huyssteen 2006).

Die praktiese teologie as “empiriese teologie” (Van der Ven 1993:vii) het reeds ’n mate van volwassenheid bereik sedert die tagtiger- en negentigerjare toe Van der Ven (Nederland), Pieterse (Suid-Afrika), asook ander akademici baanbrekerswerk met empiriese ondersoeke gedoen het. Hoewel die gebruik van empiriese metodes in teologie nog relatief jonk is, is die eksperimentele fase verby. Empiriese werk in die teologie is oud genoeg dat daar konsensus is dat dit ’n wesenlike bydrae lewer tot die ontwikkeling van die praktiese teologie (vgl Heitink 1993:17–18). Daarom word empiriese metodologie met vrymoedigheid gebruik in hierdie studie, in samehang en wisselwerking met die teologiese, hermeneutiese en regulatiewe perspektiewe.

### 2.2.13 GEMEENTES IS PNEUMATOLOGIESE EN SOSIALE VERSKYNSELS

Die kerk is ŉ unieke gemeenskap met ŉ *pneumatologiese* en ŉ *antropologiese* kant (Burger 1991: 27–28). Die diep teologiese geheim vir die andersoortigheid van die kerk lê in die heilswerk van

die Drie-enige God. Die kerk is deur God die Vader uitverkies, deur God die Seun verlos en deur God die Heilige Gees versamel (Ef 1:3–14). Daar is onderliggend aan enige gemeente hier en nou, teologiese (meer spesifiek: pneumatologiese) waarhede wat nie vatbaar is vir empiriese ondersoeke nie. Byvoorbeeld: God se vergifnis, die ewige lewe, die troos van die Heilige Gees, die roeping van die Here, ensovoorts, is groot geloofswerklikhede waaruit ŉ gemeente leef en waarsonder die gemeente nie volledig verstaan kan word nie. Maar dit kan nie tot onderwerpe vir empiriese ondersoek gemaak word nie. "Die geestelike dimensie van die kerk is iets wat bo ons analises en begrip lê en wat ons in die geloof aanvaar, bely en dankbaar vier, al verstaan ons dit nie volkome nie" (Burger 1991:29).

Maar aan die ander kant is die gemeente ook ŉ antropologiese werklikheid. God se verlossing maak mense nie tot iets anders as *mense* nie! As mense vertoon hulle dieselfde waarneembare gedrag en ander verstaanbare eienskappe soos waardes, motiewe en subjektiewe ervarings – net soos enige ander mense. "Maar met die menslike kant van die kerklike werklikheid is dit anders gesteld. Dit is navorsbaar – ons kan en moet dit trouens so goed moontlik probeer verstaan… So is daar vir die praktiese teologie veel te leer uit die sosiale wetenskappe" (Burger 1991:29; vgl ook Louw 1992:132–134).

ŉ Gemeente word na die pneumatologiese kant verstaan vanuit die Skrif. Maar na die antropologiese, psigologiese en sosiologiese kant word sy beter verstaan via empiriese metodes.

### 2.2.14 PRAXIS AS KENBRON IN DIE TEOLOGIE: BREËR SIENING VAN DIE STUDIE-OBJEK VAN TEOLOGIE

Die "nuwe" praktiese teologie moes hom kenteoreties sowel as teologies verantwoord oor die **praktyk as kenbron vir die teologie** en die gepaardgaande vraag na die teologiese gehalte van die vak (Pieterse 1993:103–107), omdat die **Bybel** tradisioneel, oor al die eeue heen, ál die teologiese vakke se **enigste kenbron** was (vgl Jonker 1981:38–42).

Volgens sommige vakgenote is die voorwerp van studie in al die teologiese vakke net één ding, naamlik die Bybel as die Woord van God (Jonker 1981:41–42; Erasmus 1995:43–45). Sekere eksponente van die diakoniologiese benadering tot die vak aanvaar die praktyk dus nie as kenbron vir teologie nie. In die diakoniologiese benadering tot die vak (Jonker 1981:7; Erasmus 1995:43)

word die klassieke definisie van teologie as "kennis van God" gehuldig. Karl Barth, as invloedryke eksponent van die gereformeerde teologie, se siening van teologie as die sistematiese studie en interpretasie van God se Self-openbaring aan die Christelike kerk, het menslike begrip, denke, reaksies en handelinge per definisie uitgesluit van die studie-objek van die teologie (Jonker 1981: 31–33). Binne daardie definisie van teologie, is teologie slegs prakties in soverre dit God se openbaring so suiwer en so direk as moontlik toepas op die konkrete lewensituasies. "The theologian moves from revelation to the human, from theory to practice, and from revealed knowledge to application … This, I believe, is a classic expression of the *theory-to-practice* model of theology" (Browning 1991:5). In die deduktief-normatiewe skema (Pieterse 1981:145–146) word Kuyper se indeling van teologiese vakke en hulle onderskeie studievelde en take, soos uiteengesit in sy ensiklopedie, nagevolg. Die klem is sterk op die openbaring van God, die Heilige Skrif, as enigste kenbron vir die praktiese teologie, net soos vir al die teologiese dissiplines (Jonker 1981:26–27). Jonker gee wel toe dat kommunikatiewe en handelingsaspekte wel bestudeer mag word, maar dan sekondêr tot die studie van die Heilige Skrif (Jonker 1981:41–42).

Dit is myns insiens reg om in die beoefening van praktiese teologie naby aan die Skrif en naby aan die teologiese tradisie te bly. Die gekose drieslag-werkswyse neem sy uitgangspunt in die pneumatologie en bly doelbewus naby aan die Skrif en die teologiese tradisie (Heitink 1993:187–189). Die hermeneutiese siklus van hierdie studie poog om reg te laat geskied aan die Bybel en die gereformeerde teologie. Dit is vanselfsprekend vir 'n studie wat onbeskaamd kies om in die gereformeerde tradisie te werk. Maar kerk en teologie het 'n slegte naam opgebou dat dit neig om wêreldvreemd te raak. Die inhoud van die "ou" benadering tot die praktiese teologie was hoofsaaklik nadenke oor die funksies van die kerk, sonder dat die samelewing ernstig geneem is (Heyns 1995: 54–57). Dit is nodig dat teologie die Skrif baie ernstig neem, maar dit is terselfdertyd ook nodig om baie nader aan die geloofspraktyk te kom.

Moltmann (2000:3–9) bepleit die gedurige wisselwerking tussen verskeie *loci theologicus:* die persoonlike, eksistensiële ervarings, die gemeente, die kerkverband en die universiteit. As die praktyk, waarvoor teorieë ontwikkel moet word wat gaan werk, nie ook volledig in beeld kom in die proses van teorievorming nie, is daar 'n probleem wat in die definiëring van die vakgebied hanteer moet word (vgl Heyns & Pieterse 1990:30–35). Die probleem is dikwels 'n onsensitiwiteit by "professionele" teoloë vir die persoonlike en gemeentelike geloofspraktyk. Dit veroorsaak 'n

breuk tussen teologie en praktyk. Hierdie studie huldig daarom saam met die "nuwe" praktiese teologie 'n ruimer siening van wat teologie is, een wat die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie deur vandag se mense in vandag se kontekste insluit (Firet 1986; Heyns & Pieterse 1990; Browning 1991, 2007; Van der Ven 1993; Heitink 1993; Nel 1994; Vos 1995; Dingemans 1996(a)). Teologie word nie net uit boeke geleer nie; dit leef oral waar God se mense stamelend aspekte van die Goeie Nuus kommunikeer en God se koms sodoende bemiddel.

### 2.2.15 TEOLOGIESE FUNDERING VAN PRAXIS AS KENBRON IN DIE TEOLOGIE

Die teologiese fundering vir die feit dat die studie van die geloofspraxis ook teologie is, is dekades gelede reeds deur Firet en Haarsma in die *pneumatologie* gevind (Pieterse 1993(a): 106; vgl Heitink 1993:187–189). Daar is kontinuïteit tussen die werk van God die Seun en God die Heilige Gees (Firet 1987). Die Goeie Nuus is nie afgesluit by die hemelvaart nie. In die tydvak na die hemelvaart van Christus werk die Gees juis so dat Hy aan mense die bevoegdheid en toerusting gee om God se koms na hul wêreld te dien. *"... julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld"* (Hand 1:8). Lukas se dubbelwerk vertel die verhaal van Jesus en die verhaal van die handelinge van die apostels as twee dele van die koms van dieselfde nuwe regering van God (Joubert 1999:1375). Die gelowige mens is die slaaf wat gaan woeker met die Heer se muntstukke. Die vertolkende, kommunikerende, handelende gelowige is 'n kreatiewe deelnemer aan die praxis van God. Die Gees van God is nie gestuur om die werk van die mens oorbodig te maak nie, maar om dit moontlik te maak (Firet 1968:155–159; vgl ook Buitendag 1991:8). God is deur sy Gees inderdaad teenwoordig en werksaam waar sy kinders in geloof handel en daarom kwalifiseer die bestudering van daardie praktyk ook as teologie.

Die teologiese fundering van die breër opvatting van wat teologie is, kan ook gevind word in die *organiese inspirasieleer*: die leer dat God die Bybel aan die kerk geskenk het deur van die diens van mense gebruik te maak. Die lang en ingewikkelde proses van hoe die Bybel geskryf is, kan as menslike handelinge beskou en bestudeer word. So ook die proses van kanonvorming (vgl Roberts & Du Toit 1978). Daarom is dit nie so radikaal om menslike kommunikasie en handelinge in te sluit in die siening van wat teologie is nie. Die Bybel is volledig God se Woord, maar is aan ons

geskenk deur ’n volledig menslike proses. “Nie net *kennis* van God (uit ’n boek, die Bybel) is teologie nie, maar ook die *kenne* van God” (Firet 1968:14; Pieterse 1993(a):106).

Praktiese teologie kan bowendien nie uitgesonder word as die enigste teologiese dissipline wat menslike handelinge as studie-objek neem nie. Kerkgeskiedenis, kerkreg en sendingwetenskap gee ook ruim aandag aan menslike handelinge in diens van die evangelie in die beoefening van hulle vakke – en heeltemal tereg so binne die ruimer definisie van teologie.

Dit het duidelik geword dat die teoloog ook moet kan “eksegese” doen van die kerklike praxis en van die nood van die wêreld (Hendriks 1992:200–204). Die gebeure waar God die mens (deur sy Woord en sy Gees en deur die diens van ’n gelowige) tegemoet tree, waarin ons as mense God leer ken, is kragtens ’n dinamiese pneumatologie, teologies ter sake. Die bestudering van die interpretatiewe en kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie, wat hierdie ontmoeting bemiddel, is ’n teologiese aktiwiteit. ’n Goeie teoloog moet na twee kante kan luister, ontleed en vertolk, want teologie is ’n besondere soort hermeneutiese werksaamheid. Aan die een kant moet die teoloog helder insig hê in God se Woord en diep nadink oor wat God se wil is. Aan die ander kant moet hy sy mense en sy tyd ken. Prof Johan Heyns was bekend daarvoor dat hy sy studente geleer het ’n dominee/teoloog behoort elke week sy Bybel én sy koerant te lees. Hy moet bid én in voeling wees met die regte wêreld waar mense daagliks leef.

Die praktiese teologie is ’n boodskapper wat heeltyd heen en weer beweeg tussen teologie en praxis. Hy moet geloofs- en teologiese onderskeiding ontwikkel. Hy  ook politieke, sielkundige, sosiologiese, maatskaplike insig openbaar. Hendriks (1992:203) toon aan dat dit moderne bewoording is, maar hierdie dubbele betrokkenheid het die ware profeet al die eeue gekenmerk: Hy het aan die een kant God gesien (vgl Jes 6), maar hy het aan die ander kant soveel insig in sy konteks dat die woord wat hy in die Naam van die Here spreek, vlymskerp insny in die situasie van die hoorders (Jesaja 5). Heitink (1984:22) sê die bibliologiese vakke het die Bybel as teks, maar die praktiese teologie het daarnaas ook die gelowige mens as teks.

In die praktiese teologie word geloofshandelinge van mense bestudeer in samehang met die teologiese teorie wat aan daardie handeling ten grondslag lê (implisiet of uitgesproke). Gelowiges se lewens is in diens van die Evangelie en in diens van die medemens en gemeenskap. Die Blye

Boodskap is dat God die mens ter wille is en die mens ontmoet. Hierdie ontmoeting vind in die gewone wêreld plaas. In die ontmoeting is die Heilige Gees altyd betrokke, maar gewoonlik ook ander mense wat ’n bydrae lewer tot die ontmoeting.

Een **voorbeeld** sal die punt illustreer: God skenk aan gelowige ouers ’n kindjie en daarmee saam die opdrag om haar binne die geloof groot te maak (vgl Deut 6:4–9). Gelowige ouers maak van hulle kant ’n belofte aan God dat hulle die kindjie in Sy weë sal opvoed (doopformulier). God is betrokke by die kindjie voordat sy dit nog verstaan (teologiese teorie, vgl Gen 15:18–21, 17:7). Haar ouers leer haar van kleins af om te glo, te bid en die Here te vertrou. Die ouers verteenwoordig God by hulle kind. Maar hulle is onervare ouers wat nie veel van kinderopvoeding weet nie. Hulle gemeente ken egter die mense van die omgewing (informele empiriese navorsing) en weet daar is baie jong, onervare ouers in die omgewing. Die gemeente glo in die krag van die verbond (teologiese teorie) en wil graag vir die hele gemeenskap ’n diens lewer (gemeentebouteorie wat “sorg” en “diens” balanseer) daarom bied hulle gereeld ouerleiding aan (teologiese teorie verryk deur empiriese navorsing). Ons gelowige ouerpaar woon dit gereeld by en omdat dit vir hulle van soveel waarde is, nooi hulle hul ongelowige vriende saam. God ontmoet hulle kindjie (en deur die diens van die gemeente se ouerleiding, baie ander kindertjies ook), maar Hy maak gebruik van verskillende mense se kommunikasie en verhoudings: die ouers se voorbeeld, opvoeding van hulle kind en die uitnodiging aan hulle ongelowige vriende; die gemeente se leiers wat die ouerleiding aanbied en die span gemeentelede wat sorg vir die ete en gesélligheid na ouerleidingsessies. Die ouers bemiddel dus die koms van God na hulle kleutertjie se wêreld. Die gemeente bemiddel die koms van God na ander kleuters se huise en wêrelde. Daardie geloofshandelinge en kommunikasieprosesse is optredes in diens van die Evangelie. Dit bemiddel die koms van God na hierdie wêreld en dit is deel van die praktiese teologie se breë studie-objek.

Om op te som: “De moderne praktische theologie zal een wetenschap zijn die het gebeuren tussen God en mens, voorzover dat geschied in het spanningsveld van tussenmenslijke relaties, naar zijn strukturen en funkties onderzoekt” (Heitink 1984:19).

### 2.2.16 TEOLOGIES-KRITIESE ELEMENT: “IN DIENS VAN DIE EVANGELIE”

As ’n deel van die teologiese *corpus* sigself bloot as handelingsteorie verstaan, word die eenheid

van die teologie bedreig. Deur te veel klem op menslike handelinge te lê, kan die handelinge van God inderdaad op die agtergrond geskuif word (Pieterse 1993:113; vgl Jonker 1981) en daarmee kom die teologiese gehalte van die vak in die gedrang. "Wat almal egter van die praktiese teologie mag verwag, is om teologie te bly in die pregnante sin van die woord" (Jonker 1981:36). Louw (1993:206) noem die handelingswetenskaplike model 'n moderne variant van die eksistensiële fenomenologie en gee toe dat die fenomenologiese benadering in 'n empiriese model help om die bediening te verfyn, maar plaas die volgende vraag op die tafel: "Wat word intussen van die teologiese gehalte van die vak? Is alles wat deur middel van 'n empiriese analise verkry is noodwendig teologie net omdat dit in verband staan met die praktyk van die kerklike bediening"? Hierdie kritiese vrae moet opnuut ernstig oorweeg word.

Hoewel menslike handelinge ondersoek word en lewendige gesprek gehandhaaf word met verskeie sosiale wetenskappe, hou die praktiese teoloog hom hiermee besig *soos 'n teoloog* en nie as 'n halfgebakte sosioloog of sielkundige nie. Nie enige handeling is hier van belang nie; slegs handelinge in diens van die koninkryk van God, of, in diens van die Evangelie. Die binneste kern van die Evangelie vind ons in 1 Kor 15:3–8 *"Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is, maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte verskyn."* Wanneer hier sprake is van "die Evangelie", word bedoel die goeie nuus soos in die Bybel oorgelewer van Jesus Christus se lankverwagte geboorte, sy lering en lewe, kruisiging en begrafnis, opstanding en hemelvaart en die koms van die Heilige Gees. Die Evangelie is die normatiewe, kritiese element in die beoefening van praktiese teologie as 'n handelingswetenskap (vgl Firet 1987:261; Dingemans 1990:140).

Die empiriese siklus in prakties-teologiese navorsing kan op sy eie geen *teologie* oplewer nie. Teologiese teorieë kan eers ontwikkel wanneer die empiriese siklus in verband gebring word met die hermeneutiese en strategiese siklusse, waar die Skrif, die teologiese tradisie, teologiese nadenke en die kritiese element *"in diens van die Evangelie"* voluit ter sprake kom. Daar moet ook 'n beskeidenheid wees ten opsigte van die bevindings van die empiriese ondersoeke. Geloofsgedrag kan nie volledig geanaliseer word met empiriese metodes nie, veral nie as geloof gesien word

as "wesenlik opstandingshoop" (Louw 1993:208) nie. Die werkinge van die Gees van God is ter sprake en dit ontglip empiriese waarneming; tog is dit deel van die geloofspraktyk (Dingemans 1996(a):79–84; Louw 1993:208). Die werk van God, al is dit via die intermediêr van mense wat diens lewer, mag nie "platgewalst word tot alledaagse maatschappelijke verschijnselen, zodat de eigenheid van het Evangelie en van de gemeente verloren gaat" (Knepper 1991:12).

Daar krities besin word oor die soort empiriese ondersoeke en of die data regtig nuttig is vir die teologie. Die volgende opmerking oor onkritiese gebruik van enige soort empiriese data in die praktiese teologie is ter sake: "Het lijkt wel of de kerken alle mogelijke hulptroepen willen inschakelen bij de verdediging van de laaste schansen" (Knepper 1991:11). Wanneer die ontwerp en uitvoering van empiriese ondersoeke van begin tot einde krities teologies gedoen en begelei word, kan die teologiese en wetenskaplike integriteit beter gehandhaaf bly.

Die polariteit van empiriese bevindings met die Skrif, die teologiese tradisie, teologiese beoordelings en teologiese norme moet volledig gehandhaaf word, anders raak die praktiese teologie sy teologiese gehalte kwyt. Pieterse (1993(a):188) haal juis voorbeelde aan van indrukwekkende kwantitatiewe ondersoeke wat mank gaan aan teologiese nadenke en teologiese beoordeling van die empiriese resultate. In sulke gevalle is die teorie-praxis-spanningseenheid uit balans, omdat Skrifstudie en teologiese refleksie, wat lig moes werp op die empiriese resultate, ontoereikend is. Mat 6:33 spel die teologies-kritiese element, wat voluit moet funksioneer in hierdie styl van die beoefening van praktiese teologie mooi uit: *"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* Teologiese beoordeling van empiriese data, geskied aan die hand van die norme van God se koninkryk, wat Jesus in sy Persoon en deur sy bediening teenwoordig kom stel het (Mark 1:14–15) en God se wil, wat die hele Bybel omvat, maar saamgevat is in die Dekaloog (Eks 20:1–17) en nuut vertolk is in die Bergrede (Mat 5–7).

Praktiese teologie behoort altyd deel te bly van die groter teologiese gesprek in die teologiese fakulteit. Sy eerste linie gespreksgenote is nie die sosiale wetenskappe nie, maar teoloë wat spesialiseer in ander teologiese vakke (vgl Moltmann 2000:xvi). So bly die vak naby aan die heersende teologie soos dit in ander vakke beoefen word. In gedurige dialoog speel die ander teologiese vakke 'n kritiese rol ten opsigte van die teologiese gehalte van die praktiese teologie. Deel van die

beskrywing van die empiriese werklikheid, is ’n teologiese vertolking daarvan. Wanneer Müller (1996:2) van die praktiese wysheid in die beoefening van die vak praat, stel hy dit spesifiek as “*prakties-teologiese wysheid*, om dit daarmee duidelik te stel dat dit om ’n teologiese integrasie van teorie en praktyk gaan”. Die betrokkenheid by en samewerking met ander menswetenskappe, hetsy interdissiplinêr of intradissiplinêr, bly altyd ’n kritiese een en die kritiese element is die Evangelie van Jesus Christus.

Die kommunikasie van die Evangelie is sinsoekend en sinsontsluitend. Die sinvolheid van gelowige menslike handelinge word daarin gevind dat dit opgeneem word in die praxis van God (Pieterse 1993(a):113). Hier lê die dieptepunt van prakties teologiese arbeid: Dit gaan oor die handelinge van God. Agter gelowiges se handelinge, staan die liefdevolle Vader van Jesus Christus wat sorgsame bemoeienis maak met ’n wêreld wat Hy nie prysgee nie (Joh 3:16).

Daar is in die nuwe paradigma van rasionaliteit en wetenskaplikheid ruimte vir waardegelaaide teorieë waar praktiese teoloë hulle geloofsaannames uitspel, byvoorbeeld dat die hele prakties-teologiese onderneming getoets word of dit “in diens van die Evangelie” is. Dit is bevrydend om teologie te beoefen in so ’n ruimte, waar geloofsvertrekpunte niemand by voorbaat uitrangeer as onwetenskaplik nie. Teoloë toets mekaar se vertrekpunte en soek binne ’n ruim rasionaliteit konsensus oor geldigheid, juistheid en waaragtigheid van sosiale en subjektiewe uitsprake. Die formulering van die teologies-kritiese element van die praktiese teologie as “in diens van die Evangelie” is al genoegsaam geweeg en getoets deur vakgenote dat dit as norm vir hierdie studie kan geld.

Ek onderskryf bogenoemde teologies-kritiese element van die prakties-teologiese proses. Hierdie studie se vertrekpunte is onbeskaamd die geloof in Jesus van Nasaret, die Gesalfde van God, die aktuele werking van sy Gees, die vertolking van die Bybel in die beproefde gereformeerde tradisie en besorgdheid oor die NG Kerk se onvermoë om in hierdie tydsgewrig in Suid-Afrika haar volle missionêre rol te speel.

### 2.2.17 BREËR STUDIE-OBJEK VEREIS EKSTRA METODES

Die breër siening van teologie het metodologiese implikasies. Die nuwe praktiese teologie moes ook ’n nuwe metodologie ontwerp wat by die breër aard van die studie-objek pas. Die drieslag metodologiese raamwerk vir prakties-teologiese ondersoeke (p 37–40), is saam met die nuwe

weergawe van die vak ontwikkel in die tydperk van revolusionêre wetenskap. Dit is ontwerp om die breër studie-objek van praktiese teologie elegant te akkommodeer (Dingemans 1990:103–105). Hierdie studie maak van die drieslag-metodologie gebruik in die ontwikkeling van 'n teologiese teorie wat begeleide, kollektiewe rou insluit as 'n noodsaaklike onderdeel van gemeentebou in die konteks van die NG Kerk se soeke na identiteit in die nadraai van die staatkundige en ander veranderings in Suid-Afrika sedert 1990.

**2.2.18 KWANTITATIEWE EN/OF KWALITATIEWE EMPIRIESE METODES?**

Die gebruik van empiriese metodes as sodanig is nog baie jonk in Suid-Afrikaanse teologie – ongeveer dertig jaar. Aanvanklik het leidende praktiese teoloë soos Van der Ven en Pieterse die kwantitatiewe metodes verkies. Daar het nog 'n dekade of twee verloop voordat kwalitatiewe metodes gelyke erkenning begin geniet het. Gevolglik is die algemene gebruik van kwalitatiewe metodes in die teologie selfs nóg jonger: twintig jaar of minder (vgl Dreyer & Pieterse 1993).

Een van die baanbrekers wat empiriese ondersoeke in die praktiese teologie aan betref, JA van der Ven, het in die vroeë stadiums uitsluitlik kwantitatief gewerk, maar verklaar in 1985: "De tijd van de exclusiviteit van de kwantitatief-empirische methodologie is voorbij. Deze is doorbroken doordat naast en in wisselwerking daarmee ook de noodsaak en het nut van een kwalitatief-empirische methodologie word erkend" (Van der Ven 1985:197; vergelyk ook Van der Ven 1994:42–44). Pieterse (1993(a):186) is dit met hom eens, dat die praktiese teologie albei style van empiriese ondersoeke nodig het: die eksaktheid van kwantitatiewe analise word gekomplimenteer deur die diepgang van die kwalitatiewe ondersoek, om die studieveld met sy baie fasette na behore te ondersoek. Hy beoordeel die gebruik van empiriese metodes soos volg: "Dit is 'n weg wat kwalitatief en kwantitatief bewandel moet word, omdat ek oortuig is dat dit 'n begaanbare weg in die praktiese teologie is" (Pieterse 1993(a):190).

**2.2.19 HOE WORD 'N PRAKTIES-TEOLOGIE ONDERSOEK GEDOEN? DIE TEORIE-PRAXIS-VERHOUDING**

Omdat daar so 'n groot mate van ooreenstemming is tussen verskeie leidende praktiese teoloë se konseptualisering van die prakties-teologiese proses, maak ek gebruik van perspektiewe van

Heyns en Pieterse (1990), Heitink (1993), Browning (2007) en Osmer (2008) om die verloop van ŉ prakties-teologiese navorsingsprojek te beskryf.

Browning (2007:13–15) beskryf prakties-teologiese navorsing as 'n siklus wat dikwels begin wanneer 'n geloofsgemeenskap 'n krisis het of 'n praktykprobleem teëkom. Vanuit die probleemsituasie word die kommunikasiepatrone, gebruike, tradisies of metodes wat gebruik word, bevraagteken en soveel moontlik inligting word daaroor versamel. Hy noem dit *"descriptive theology"* (Browning 2007:13). In Osmer se teorie is die beginpunt van ŉ ondersoek ook die een of ander probleemsituasie. *"What is going on?"* Die eerste taak in die navorsingsproses is die empiries-beskrywende taak, wat slegs uitgevoer kan word wanneer die teoloog teenwoordig en betrokke is en al sy aandag skenk om met fyn onderskeiding te luister na wat aangaan. "Ultimately, the descriptive-empirical task of practical theological interpretation is grounded in a spirituality of presence" (Osmer 2008:34). Twee perspektiewe op die empiries-beskrywende taak, handhaaf die teologiese integriteit van die hele proses. Eerstens is die hele gemeente as *geloofs*gemeenskap betrokke by ŉ luisterproses wat liefde adem. Tweedens voer die gemeente die empiries-beskrywende taak op ŉ priesterlike wyse uit (1 Pet 2:5), deurdat hulle mense en hulle probleme in gebed voor God bring (Osmer 2008:35-36). Die proses begin dus waar ŉ probleemsituasie empiries ondersoek en beskryf word om uit te vind wat aangaan. Heitink (1993) noem dit die empiriese perspektief.

Die prakties-teologiese proses bring die praktykprobleem dan krities in verband met die teorie wat onderliggend daaraan bestaan. Browning praat in hierdie verband van *"historical theology."* "...this process inevitably leads to a fresh confrontation with the normative texts and monuments of the Christian faith (Browning 2007:13). Die Bybelwetenskappe en eksegese kom opnuut in spel in hierdie interpretatiewe proses. Die vrae is: "Wat sê die Bybel oor híérdie probleem? Het ons die Bybel reg verstaan op hierdie punt?" Die onderliggende teologiese teorie word uitgelig en krities bevraagteken vanuit die vars begrip van die praktykprobleem. Die tweede taak is dus ŉ vertolkende taak, veranker in ŉ spiritualiteit van wysheid (Osmer 2008:81–86). Heitink (1993) noem dit die hermeneutiese perspektief.

Die eerste twee take het dus te make met die praxis en die teorie. Met **"praxis"** word bedoel die handelinge van enkelinge of groepe, in die georganiseerde kerk of daarbuite, in diens van die

Koninkryk van God. Met **"teorie"** word bedoel ŉ teologiese teorie wat ontstaan het deur die wetenskaplike interaksie tussen die saak van Jesus (of dan die koninkryk van God) en die kerklike praktyk of samelewingsituasie (Pieterse 1981:154). Dit het gebruiklik geraak om van die teorie-praxis-verhouding te praat as ŉ bipolêre spanningsverhouding (Heyns & Pieterse 1990; Pieterse 1993(a):109–110), of beter, bipolêre spanningseenheid (Pieterse 1991:155). Daardie spannings-eenheid is die lokaliteit waar praktiese teologie ontwikkel. Die praxis en die teorie word in kritiese gesprek met mekaar gebring. Pieterse (1991:49) noem dit "die lewensbelangrike interaksie tussen teorie en praxis", wat in bipolêre spanning naas mekaar geplaas word. Nel (1991:35) vergelyk die wisselwerking grafies met die beeld van ŉ pyl en boog: Die eerste vereiste vir die afskiet van ŉ pyl, is dat die twee punte van die boog (teorie en praxis) met ŉ snaar aan mekaar verbind moet word. Die tweede vereiste is dat die snaar gespan moet word (kreatiewe teologiese denke), sodat die twee punte van die boog nader aan mekaar beweeg. So word die spanning tussen teorie en praxis ŉ dinamiese krag wat die pyl, ŉ nuwe praxis, kan afskiet.

Presies net daar, in die konteks waar dit ontwikkel is, moet die geldigheid van die teorieë ook ge-toets word in die nimmereindigende wisselwerking tussen teorie en praxis. In die hermeneutiese siklus word die Skrif en die teologiese tradisie altyd weer vertolk en die wisselwerking met die empiriese siklus beteken dat dit kontekstueel gedoen word. Daar sal ook nooit 'n einde wees aan praktykstudies nie, omdat mense en gemeenskappe en kultuur dinamies is; altyd aan die beweeg en verander. Die snaar moet weer en weer gespan word, sodat daar telkens nuwe pyle afgeskiet kan word.

### 2.2.20 DUBBELE BEWEGING VANAF BESTAANDE PRAXIS

Daar is breë konsensus dat die model van Zerfass, wat hy al in 1974 gepubliseer het, 'n baie bruik-bare proses daarstel vir wetenskaplike, prakties-teologiese ondersoeke (Pieterse 1993(a):108). Die bestaande praxis is die beginpunt, soos dit byvoorbeeld in ŉ gemeente voorkom. Vandaar is ŉ dubbele beweging na die teologiese tradisie en die empiriese analises (wat verkieslik van begin tot einde deur teoloë met 'n teologiese interesse gedoen word), na ŉ verbeterde teologiese teorie en wat dan uitmond in ŉ nuwe praxis. Grafies kan dit soos volg voorgestel word:

Die twee komponente, teologie en sosiaal-wetenskappe insigte, word geïntegreerd betrek op die eerste praxis, sodat daar sinvolle, wedersydse beïnvloeding kan plaasvind en die teorievorming kan vorder. Pieterse (1993(a):112–113) sluit sterk aan by Habermas en Van Niekerk en stel dat ʼn sinvolle teologiese teorie gerig is op emansipasie en transformasie: bevryding in die wydste sin van die woord wat nuwe moontlikhede op sinvolle lewe *coram deo* open, en verandering van uitgediende, onbevredigende of onderdrukkende praktyke in nuwe praktyke wat die waardes van die koninkryk van God beter vergestalt. Die proses is nie afgehandel wanneer die praxis eenmaal verbeter is nie. Dit proses herhaal. Daarom is die spiraal ʼn goeie verduideliking van hoe die proses lyk: dit doen sirkulêr om die beurt aan by teorie en praktyk, maar maak ook gedurig vordering (Osmer 2008:11).

### 2.2.21 PRAKTIESE TEOLOGIE: HERMENEUTIESE KOMMUNIKASIEWETENSKAP

In die gereformeerde tradisie kan die mens nie anders as *in verhouding* gesien word nie. Eerstens leef die mens in verhouding met God (Gen 1:28–30, 2:15–17; Joh 21:15–17; 2 Kor 5:17–19).

Tweedens leef die mens in verhouding met ander mense. Die tweede skeppingsverhaal vertel van die een tekortkoming in God se goeie skepping: *"Verder het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke"* (Gen 2:18). Hierdie twee verhoudings word aangespreek in die groot gebod (Mat 22: 34–40). Hierdie twee basiese verhoudings stempel die mens se totale bestaan as **menswees-in-verhoudings.** En verhoudings impliseer kommunikasie. "Die mens moet dus wesenlik in kommunikasie, in dialoog gesien word" (Vos & Pieterse 1992:150).

Die praktiese teologie ondersoek die kommunikasie tussen God en mens, soos dit in die geloofspraktyk bemiddel word (en ondersoekbaar word) in verskillende ontmoetingsgestaltes waar mense mekaar ontmoet in die Naam van die Heer. Oral waar mense kommunikeer, word daar ook vertolk, daarom is Vos en Pieterse (1992:149) reg as hulle sê: "Die praxis waarop ons vak konsentreer, het 'n hermeneuties-kommunikatiewe basis." (vgl ook Dingemans 1996(a):45–50).

Die teologiese konsep van die verbond, huisves bogenoemde verhoudings en kommunikasie-netwerke.

Tot sover die uiteensetting van die "nuwe" praktiese teologie en die proses van 'n prakties-teologiese ondersoek.

## 2.3 DIE EMPIRIESE NAVORSINGSPROJEK

### 2.3.1 PRAKTIESE TEOLOGIE BEWEEG NABY AAN DIE EMPIRIESE WERKLIKHEID

Uit die voorafgaande is dit duidelik empiriese data is nie net nuttig nie, maar noodsaaklik vir die ontwikkeling van die vakgebied (Heyns & Pieterse 1990:75–80; Van der Ven 1993:1–8; Browning 2007:4, Osmer 2008:31–73). Die fokus skuif nou na beplanning van die empiriese navorsingsprojek waardeur die data ingesamel moet word.

Die empiriese siklus is 'n vorm van respek en liefde: eerstens teenoor gelowiges, omdat dit hulle kan help om die konteks waar hulle leef met die opdrag om God se beeld en verteenwoordigers te wees (Gen 1:26–27), beter te verstaan. Tweedens teenoor die wêreld, met wie God kommunikeer

deur die geloofshandelinge van sy kinders (Joh 17:18–21). As gelowiges se kommunikasie van die Evangelie verbeter, het die wêreld ʼn beter kans om die Evangelie te hoor. Empiriese werk in die teologie toon respek, omdat dit die teoloog se erns bewys om die mens in konteks te verstaan en in konteks te dien. Betekenisvolle empiriese werk kan die teologie help om sy beeld van wêreld-vreemdheid af te skud (vgl Burger 1994:84; Nel 2003:18–20) en die kloof tussen teologiese teorie en mense se leefwêreld te oorbrug.

Die uitgangspunt vir die empiriese siklus is die ervaringswêreld van NG Kerk-lidmate in 2010 en die aktuele situasies waarin hulle hul geloof in die samelewing uitleef (sien Dingemans 1996(a): 35; Osmer & Schweizer 2003:5). Metodologies word empiriese data volledig ernstig geneem in die proses van teologiese teorievorming (Heitink 1993:213).

### 2.3.2 EMPIRIESE SIKLUS IN WISSELWERKING MET HERMENEUTIESE EN STRATEGIESE SIKLUSSE

Metodologiese en teoretiese oorwegings is belangrik, voordat daar aandag gegee word aan die ontwerp van ʼn empiriese ondersoek. Empiriese ondersoeke as sodanig en "rou" empiriese data beteken vir die praktiese teologie niks nie. Dit kan wel in wisselwerking met die hermeneutiese en strategiese siklusse van groot betekenis wees vir teologiese teorievorming (Heitink 1993:213). Die beweging van begrip (hermeneutiese siklus) na verklaar (empiriese siklus) en van verklaar na begrip roep mekaar op. Die wisselwerking tussen die element van "begrip", wat voortspruit uit die kritiese hantering van die teologiese teorie en die element van "verklaar", wat die resultaat is van sinvolle empiriese ondersoeke, bied "... samen een adequate methodologie voor de menswetenschappen met zingevend handelen als object" (Heitink 1993:160). Metodologies kom ʼn elliptiese bipolêre spanningseenheid waarvan Heyns en Pieterse (1990:34) praat tot stand, wanneer ʼn sinvolle empiries-teologiese ondersoek in verband gebring word met die insigte van die toepaslike hermeneutiese siklus (sien ook Pieterse 2002:76).

Teologiese arbeid gaan die ontwerp van die empiriese navorsing vooraf. Navorsing word ontwerp met die doel om teologiese vrae te antwoord. Na afloop van die empiriese ondersoek, word die resultate weer teologies geïntegreer (Müller 1996:2) en teologies-kreatief in die strategiese proses

gebruik (sien hfst 6). Die beweging is dus heen en weer tussen begryp (teorie) en verklaar (praxis), met die oog op strategiese verandering.

In die erkende drieslag-werkswyse word die prakties-teologiese handelingsteorie afwisselend vanuit drie invalshoeke benader: die hermeneutiese, empiriese en strategiese (Heitink 1993: 174). Die empiriese invalshoek van die navorsingsiklus (Heitink 1993:212–230) kom eers in hoofstuk 5 voluit aan die beurt. Maar voordat die empiriese ondersoek gedoen kan word, moet dit beplan en ontwerp word op grond van belangrike onderliggende beslissings wat vervolgens aandag geniet.

### 2.3.3 METODOLOGIESE OORWEGINGS

In die strewe na wetenskaplike kennis, moet daar rekenskap gegee word van die **proses** wat gevolg word om kennis in te win. Die wêreld van die moderne wetenskapsbeoefening en kennisverwerwing is divers en daar is verskeie onderliggende filosofieë. “There are – quite simply – different ways of knowing” (Moses & Knutsen 2007:1). In hierdie studie is die navorsingsprobleem en die vrae wat daarmee verband hou, reeds uitgespel (sien p 10-11). Dit is deel van die wetenskapsfilosofiese verantwoording om naas ontologie en epistemologie, ook aandag te gee aan metodologie: hoe gaan die navorser te werk om die navorsingsvrae te antwoord? Die basiese ontologiese vraag is: *“Wat is die aard van die werklikheid waarin ons leef en wat ons wil ken?”* Die basiese epistemologiese vraag is: *“Wat is die aard van kennis?”* Die basiese metodologiese vraag wat daarop volg en wat nou ter sake is, is: *“Hoe word kennis verwerf?”* (vgl Moses & Knutsen 2007:5).

Metodologiese vrae is grondliggende vrae van wetenskapsfilosofiese aard, wat saamhang met die manier waarop die navorser die wêreld wat hy wil ondersoek, verstaan. “... methodologies imply real and important differences in understanding the world...” (Moses & Knutsen 2007: 5). *Metodologie* moet duidelik onderskei word van *metode*. Die omvattende metodologiese keuses (wat op ŉ wetenskapsfilosofiese vlak lê) moet eerste gemaak word, voordat die keuse van metode(s) (wat op die vlak van praktiese strategieë en tegnieke lê), ter sprake kom.

Oor metodologie in die sosiale wetenskappe, skryf Moses en Knutsen (2007:7) soos volg: “This terrain is dominated by two methodological traditions: naturalism and constructivism.” Hoewel die filosofiese debat veel meer genuanseerd gevoer word, is dit hulle oortuiging dat die metodo-

logiese pad in praktiese, hedendaagse navorsing in die sosiale wetenskappe vurk in hierdie twee basiese rigtings: "... we contend that this research is still strongly characterized by this simple methodological dichotomy" (Moses & Knutsen 2007:7).

**"Naturalisme"** se basiese uitgangspunt is dat daar ŉ "regte wêreld" daarbuite bestaan, onafhanklik van die navorser. Die strewe is om ŉ enkelvoudige waarheid in verband met daardie objektiewe, sintuiglik waarneembare wêreld daar te stel. Hierdie metodologiese rigting pas in die algemeen by die "moderne" opvatting van wetenskapsbeoefening en word in verskillende vakgebiede geassosieer met positivisme, empirisme en behaviourisme.

### 2.3.4 KEUSE VIR KONSTRUKTIVISTIESE METODOLOGIE

**"Konstruktivisme"** daarenteen, erken dat verskillende waarnemers dinge verskillend sien en dat dit saamhang met elke waarnemer se komplekse mengsel van voorveronderstellings, waardes, persoonlike, sosiale en kontekstuele faktore. Die basiese uitgangspunt vir navorsing in die sosiale wetenskappe, is dat daar nie ŉ "regte wêreld" daarbuite bestaan, onafhanklik van die navorser nie. Navorsers se waarnemings is nie objektief nie, maar telkens geïnterpreteerde weergawes van die werklikheid (Pieterse 2002:83). Hierdie metodologiese rigting word geassosieer met filosofiese rigtings soos hermeneutiek (Gadamer), kritiese teorie (Habermas), dekonstruksie, post-strukturalisme, ensovoorts (vgl Moses & Knutsen 2007:10; Wester & Peters 2004:14).

In aansluiting by die na-Einstein epistemologie wat nie meer aanspraak maak op sekerheid en finale waarhede nie (sien p 46–48), vind hierdie studie hom metodologies tuis in die konstruktivistiese omgewing. "Constructivists are more hesitant and careful to claim the truth as their own (Moses & Knutsen 2007:12). Die studie-objek is nie ŉ onafhanklike, objektiewe "regte wêreld" daarbuite nie, maar "zingevend handelen" (Heitink 1993:160) van gelowiges en geloofsgemeenskappe. Hierdie metodologiese keuse het implikasies vir die status van die kennis wat deur die empiriese ondersoek verwerf word: "When our scientific investigation is aimed at perceptions of the world, rather than the world 'as it is', we open the possibility for multiple worlds (or, more accurately, multiple perceptions)" (Moses & Knutsen 2007:11).

Die status van die nuwe kennis waarna hier gestreef word, is nie dat dit korrespondeer met die "regte wêreld" daarbuite en daarom "reg" of "waar" is nie, maar dat dit intersubjektief geldig, juis

en waaragtig is (Pieterse 1993:94). Intersubjektief word gestreef na ’n gedeelde begrip van die werklikheid (vgl Müller 2009:221), soos wat dit tot stand kom in die ideale kommunikasiesituasie waar deelnemers (met hulle onderskeie persepsies) mekaar in vryheid en op gelyke voet ontmoet, mekaar wedersyds onvoorwaardelik erken en deeglik na mekaar luister met die oog op begrip en konsensusvorming (vgl Pieterse 1993:94 se parafrase van Habermas se intersubjektiewe waarheidsopvatting).

Elke bydrae tot die *corpus* van wetenskaplike kennis wat uit die empiriese ondersoek na vore kom, moet in konteks gelees en vertolk word (konteks van die navorser, die betrokke respondent, die NG Kerk, die nuwe Suid-Afrika, ensovoorts). Die verwagting is nie dat die stemme van verskillende gemeentes wat ondersoek word dieselfde sal klink nie; ook nie dat die stemme van alle lidmate van ’n gegewe gemeente se stemme dieselfde sal klink nie. Verskillende gemeenskappe vorm deur interaksie met mekaar en met hulle kontekste “lense” waardeur die lede van die betrokke gemeenskap die wêreld interpreteer (Freedman & Combs 1996:16). Die lense kan verskil van gemeenskap tot gemeenskap en van gemeente tot gemeente. Metodologies is daar ruimte geskep vir unieke stemme wat elk praat oor betekenis wat hulle toeken aan hulle wêreld, vanuit hul eie persepsies van die werklikheid. “... constructivists recognize that people may look at the same thing and perceive it differently” (Moses & Knutsen 2007:11).

### 2.3.5 DIE KEUSE VIR DIE KWALITATIEWE STYL VAN NAVORSING

In die algemeen kan twee soorte empiriese navorsingsprojekte in die praktiese teologie onderskei word: kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoeke (Pieterse 1993(a):177–188; Kritzinger 2000:16). Kwantitatiewe navorsing is daarop gerig om harde data (meetbare, telbare, vergelykbare data) in te samel en te verwerk. Kwalitatiewe navorsing, daarenteen, is meer geïnteresseerd in mense se menings, afleidings, standpunte en insigte (Kritzinger 2000:16) en is wesenlik interpretatief van aard (Wester & Peters 2004:21).

In die teologie het albei benaderings ’n plek. Pieterse (1993) en Van der Ven se standpunte is reeds aangehaal (sien p87). Ander outeurs soos Claessens & Van Tillo (1990:44), Dreyer (1992) en Heitink (1993:219–223) het ook al geruime tyd gelede die geldigheid van verskillende soorte ondersoeke erken, wat die vak praktiese teologie aanvullend tot mekaar verryk. Dit blyk dat daar

konsensus tussen leidende praktiese teoloë is, dat albei benaderings bruikbaar is en dat die keuse van navorsingstrategie afhang van die navorsingsprobleem en die vrae wat die navorser wil beantwoord.

Vir hierdie studie word 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek in die vooruitsig gestel. Kwalitatiewe ondersoeke pas by die onderliggende, ontologiese en wetenskapsteoretiese raamwerk wat reeds uitgespel is. Dit pas by die keuse vir 'n postfundamentele epistemologie (sien p 51–52) – hoewel die passing nie eksklusief is nie. Kwalitatiewe ondersoeke pas ook by die keuse vir 'n breë konstruktivistiese metodologie wat hierbo beredeneer is – hoewel ook híérdie passing nie eksklusief is nie.

Volgens die HAT (2009) beteken die woord "*kwalitatief*": "Wat die kwaliteit, die hoedanigheid betref; volgens die gehalte, waarde." Kwalitatiewe *navorsing* is egter moeiliker om te definieer. Die styl van navorsing het ontwikkel in 'n verskeidenheid vakrigtings soos sosiologie, antropologie, sielkunde, opvoedkunde ensovoorts. Kwalitatiewe navorsing het eers erkenning begin kry in die 1970's (*Wikipedia* 2009, sv "Qualitative research"). Die groei in gewildheid van kwalitatiewe ondersoeke het min of meer saamgeval met die deurwerking van die ruimer siening van rasionaliteit en wetenskaplikheid. Dit vertoon, tipies aan 'n jong rigting in wetenskapsbeoefening, nog baie onderlinge verskille en min konsensus tussen teoretici. Beoefenaars beoefen dit ook verskillend. "... we should not be surprised by this, because qualitative research – whatever it might be – certainly does not represent a unified set of techniques or philosophies, and indeed has grown out of a wide range of intellectual and disciplinary traditions" (Mason 1996:3). Die uiteensetting van die kwalitatiewe navorsingsfilosofie hieronder, sal dus nie deur alle kwalitatiewe navorsers aanvaar word nie, maar dit reflekteer híérdie navorser se keuses.

Voordat kwalitatiewe metodes wetenskaplike erkenning kon geniet, moes die ou, ontologiese aannames dat die werklikheid objektief bestaan en deur neutrale subjekte bestudeer word, eers deurbreek word. Die "waarheidstregter" waarmee die modernistiese wetenskap gewerk het, moes eers as sodanig herken en verwerp word, anders sou die studie-objek van hierdie navorsingsprojek by voorbaat uitgefilter en op die ashoop van onwetenskaplikheid beland het. Die intersubjektiewe en "talige" karakter van kennis moes eers erken word. Die sosiale en subjektiewe werklikheidsdomeine moes eers as velde vir wetenskaplike arbeid erkenning kry in die wetenskaplike wêreld,

voordat kwalitatiewe metodes erken kon word. Kwalitatiewe ondersoek en analise pas naatloos by Habermas se tweede en derde werklikheidsdomeine in sy breë benadering tot rasionaliteit, naamlik die sosiale werklikheid van geldende waardes en norme en die subjektiewe werklikheid van intensies, behoeftes en gevoelens (Pieterse 1991:41–43; 1993(b):199–200).

Agter gemeentes se (sigbare) doen en late lê ’n (onsigbare) wêreld van emosies, motiewe, beweegredes, waardes en norme. Sonder insig in daardie onsigbare wêreld, kan die sigbare doen en late van gemeentes kwalik verstaan word. Hierdie navorsingsprojek wil ’n juiste weergawe aanbied van onderliggende persoonlike en sosiale faktore wat gemeentes se gemeenteboupogings beïnvloed. ʼn In-diepte, kwalitatiewe beskrywing is die beste wyse waarop wetenskaplike insig verdiep kan word in dit wat *agter* die sigbare sosiale verskynsel (gemeente se handelinge) lê.

Uit ʼn gesprek met die departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria het geblyk dat hierdie kwalitatiewe, beskrywende, hipotesegenererende studie goedskiks opgevolg kan word met ʼn kwantitatiewe ondersoek.

2.3.5.1 HOLISTIESE, INTERPRETATIEWE, IN-DIEPTE ONDERSOEK

In die algemeen word kwalitatiewe navorsing geassosieer met ʼn onderliggende **interpretatiewe filosofie** (Mason 1996:3; Wester & Peters 2004:21). Kwalitatiewe ondersoeke kan uitloop op die een of ander vorm van kwantifisering, maar rye syfers, statistieke of tabelle maak gewoonlik nie deel van die kwalitatiewe ondersoek uit nie. Navorsers probeer eerder duidelikheid kry oor hoe mense hulle sosiale wêreld beleef, interpreteer en hoe hulle betekenis daaraan toeken. Hierdie styl van ondersoek maak ruimte vir verskillende mense en gemeenskappe se verskillende persepsies en konstruksies van die werklikheid. Sosiale en menslike kompleksiteite word in ryk detail ondersoek en vertolk.

Die navorsingstyl is verder **holisties** van aard: alle faktore wat vir die respondente belangrik is, is ter sake. “Qualitative research aims to produce rounded understandings on the basis of rich, contextual and detailed data” (Mason 1996:4). Die oogmerk van hierdie empiriese studie is om baie data, gedetailleerde data en dalk teenstrydige data in te samel, wat reg kan laat geskied aan individue en gemeentes se persepsies, belewenisse en response in die nuwe Suid-Afrika.

Vir kwalitatiewe navorsing maak die grootte van die navorsingsveld en die getalle mense in die navorsingsveld nie saak nie: die fokus is op die spesifieke hoedanighede, die aard en gesteldheid, die unieke eienskappe van die ondersoekveld (vgl Wester & Peters 2004:11). Die bedoeling is om ʼn klein veld van ondersoek **in diepte** te verstaan. Groot, verteenwoordigende steekproewe word gewoonlik nie gebruik nie; eerder klein, gefokusde ondersoekvelde. In die geval van hierdie gemeenteboustudie gaan dit om stemme van ʼn klein aantal respondente uit *slegs drie* gemeentes van die Noordelike Sinode.

2.3.5.2 KONTEKS, TEENSTRYDIGHEDE EN GELDIGHEID VAN BEVINDINGS

Die spesifieke **kontekste** waar mense leef, word besonder ernstig opgeneem (Mason 1996:4). Dit is aantreklik vir hierdie studie, omdat die verandering in die Suid-Afrikaanse konteks, waar gemeentes leef, juis aanleiding gegee het tot die studie. Wanneer die drie gemeentes vir gevallestudies geselekteer word, sal doelbewus gepoog word om verskeidenheid van gemeentelike kontekste in te sluit.

Kwalitatiewe ondersoekmetodes is nie rigied of gestandaardiseer (soos gestandaardiseerde toetse of gestandariseerde vraelyste in kwantitatiewe studies), of onnodig gestruktureerd nie. Inteendeel, die metodes word aangepas om konteks-sensitief te wees. Die ondersoekveld geniet ʼn bepaalde voorrang bo teorie. ʼn Reeds-erkende ondersoekmetode soos ʼn toets of ʼn vraelys (wat die neerslag is van ʼn bepaalde teorie), sal byvoorbeeld in hierdie soort ondersoek van geval na geval verander kan word om by die spesifieke konteks te pas. Dit maak hierdie styl van ondersoek aantreklik, omdat dit so aanpasbaar is.

Paradoksale kontekstuele data, wat in ʼn komplekse veld soos dié van hierdie ondersoek verwag kan word, skep ʼn mate van verleentheid vir ʼn kwantitatiewe ondersoek, maar nie vir ʼn ondersoek in die kwalitatiewe styl nie. **Paradokse** word nie weg-verklaar of platgestryk nie, maar alle teenstrydige data word saam-saam geïnterpreteer en langs mekaar geakkommodeer. Kwalitatiewe verslagdoening is dikwels beskrywend van aard en skep ruimte vir die rapportering van paradokse. Teenstrydige resultate in die data word nie in óf-óf-formaat gerapporteer nie, maar as én-én. Navorsingsresultate word ook nie as die enigste perspektief of as die finale waarheid aangebied nie. Kwalitatiewe navorsing kan na sy aard nie nié aanspraak maak op algemene waarhede of univer-

sele geldigheid nie (sien p 52). Die soort navorsing wat in die vooruitsig gestel word, bedoel nie om te kwantifiseer, of te veralgemeen nie. Dit wil ook nie beweer dat wat op een plek gevind word, op ander plekke waar móét wees nie. Kwalitatiewe ondersoeke se sterk punt is om ŉ klein stukkie werklikheid in diepte na te vors en te deurgrond; om helder lig te laat val op ŉ klein navorsingsveld. Die klem is op die individuele, die konteks-gebonde onherhaalbare. Hierdie styl maak sin binne vele vertakkings van die eietydse wetenskapsbeoefening wat deur kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme gekenmerk word (vgl Brueggemann 1993:8–9).

### 2.3.6 MOTIVERING VAN DIE KEUSE VIR DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSTYL

Ek motiveer die keuse vir die kwalitatiewe navorsingstyl in die empiriese siklus soos volg:

**Eerstens** is die aard van die **studie-objek** sodanig dat dit effektief in die kwalitatiewe styl ondersoek kan word. Die studie-objek wat beskou word, is nie ŉ objektiewe wêreld, onafhanklik van die navorser en respondente nie, maar die sosiale en individuele leefwêreld van die NG Kerk-lidmate wat ter sprake is, hulle betekeniswêreld en werklikheidskonstruksies (Wester & Peters 2004:21). Die soeklig val op individuele NG Kerk-lidmate uit drie gemeentes se belewenis van die oorgangstyd in Suid-Afrika en hulle gemeente se rol in die proses. Hierdie sosiale en individuele werklikheidsdomeine kan sinvol kwalitatief beskou word.

**Tweedens** pas kwalitatiewe navorsing die beste by die **spesifieke veld** wat ondersoek word. Die doel van hierdie navorsingsprojek is om individuele stemme uit die NG Kerk se Noordelike Sinode aan die woord te stel en dit kan op die beste gedoen word in die kwalitatiewe styl. Daar is verskeie empiriese navorsingstrategieë beskikbaar op die mark van wetenskaplikheid; ook baie verskillende metodes om data in te samel (Wester & Peters 2004:11–14; Wysocki 2004:5–8). Uit die groot aantal wat beskikbaar is, moet die navorser die strategie en die metode vind wat vir sy spesifieke navorsingsvrae die beste data kan lewer. "The general principle is that the research strategy or strategies, and the methods or techniques employed, must be appropriate for the questions you want to answer" (Robson 1993:38). Navorsingsvrae soos: *"Is daar samelewingsfaktore in Suid-Afrika ná 1990 wat NG Kerk-gemeentes se gemeentebou-ideale en gemeenteboupogings demp?* is vrae wat by voorkeur vertolkend en in konteks beantwoord moet word. Die worsteling van gemeentes met teologie en konteks, met individuele en kollektiewe verliese en reaksies daarop

oor ŉ periode van dertig jaar, kan kwalik gekwantifiseer word. Dit moet verstaan, geïnterpreteer en beskryf word. Dit lyk of die kwalitatiewe styl die beste resultate in hierdie veld sal lewer: "In kwalitatief onderzoek staan beskrijving en interpretatie van de problemen in je onderzoekssituatie voorop" (Baarda, de Goede & Teunissen1998:16).

Die kwalitatiewe styl van navorsing  pas **derdens** beter by die **navorsingsvrae en navorsingsdoelwitte.** "Kwalitatief ondersoek gebruik je als je onderzoeksprobleem, naar doel, onderwerp en onderzochten, kwalitatieve kenmerken heeft" (Baarda, De Goede & Teunissen 1998:18). Die navorsingsprobleme wat in hoofstuk 1 uitgespel is, het met die eienskappe, aard en spesifieke gesteldheid van individuele gemeentes se gemeenteboupogings te doen. Die navorsingsvrae soek na waaragtige, maar individuele antwoorde in verband met menslike reaksies op verandering en verlies. Die werkshipotese (p 13), is deurdrenk van kwalitatiewe elemente en taalgebruik. Die navorsingsdoelwitte (p 12) stel beskrywende, ondersoekende, eksplorerende oogmerke. Die eerste twee navorsingsdoelwitte kan trouens *slegs* by wyse van kwalitatiewe navorsing bereik word.

**Vierdens** is die belewenis van verandering en verlies, asook die verwerking daarvan nie staties nie – dit is **prosesse** en dit is gedurig aan die beweeg. Daardie prosesse moet beskryf en in konteks vertolk word en dit is die sterk punt van die kwalitatiewe styl van veldwerk (Wester & Peters 2004:65–66). Die navorsingsveld: ŉ hele gemeenskap se reaksies op ŉ oorgangstyd van dertig jaar, is ŉ **besonder komplekse** een. Die navorsingsprobleem handel nie oor ŉ gestolde dwarssnit van een tydstip nie, dit handel oor mense se reaksies op reekse opeenvolgende gebeure. Die gebeure het verskillende gemeentes en respondente ook nie op ŉ eenvormige wyse beïnvloed nie. Die navorser verwag ŉ verskeidenheid (soms teenstrydige) response. Die kwalitatiewe strategie is die enigste waarmee ŉ ingewikkelde proses beskryf en vertolk kan word en wat ruimte maak vir die verwagte teenstrydighede.

Die leemte van kwantitatiewe navorsing in komplekse velde soos hierdie, is dat dit neig om te reduseer tot getalle of tabelle en dat die diepgang van die menslike gegewens verlore gaan (Baarda et al 1998:16). Die kwalitatiewe styl kan al die rykdom van menings, motiewe, kontekste, norme en nuanses van betekenisgewing tot hulle reg laat kom. Wanneer ŉ dertig jaar-lange proses in ŉ gemeenskap, in sy sistemies gelaagde kompleksiteite nagevors word (sien p 148–155) is ŉ ondersoekmetode nodig wat nie die subjektiewe en sosiale kompleksiteite en paradokse uitfilter nie (vgl

Claessens & Van Tillo 1990:77–78). Hierdie empiriese studie is geïnteresseerd in ŉ ryk beskrywing en diepgang ten opsigte van menslike houdings, motiewe, norme en besluite wat hulle optredes ten grondslag lê.

**Vyfdens** is hierdie styl van navorsing **jonk en dinamies**: in pas met eietydse, maar goed verantwoorde wetenskapsfilosofiese uitgangspunte en verstaan van rasionaliteit en wetenskaplikheid. Kwalitatiewe empiriese navorsing is ŉ jong rigting in die wetenskapsbeoefening: wêreldwyd in die geesteswetenskappe is dit minder as veertig jaar oud en in die Suid-Afrikaanse praktiese teologie minder as 20 jaar (Pieterse 1993(a), Du Toit & Prins 1999:64–66). Hierdie navorsingsfilosofie veg daarom nog om breë erkenning. "De beoefenaren van kwalitatief onderzoek blijken tot op de dag van vandaag een sterke behoefte te hebben aan legitimatie" (PH van Westendorp in Baarda, et al 1998:2). Moontlik is dit omdat die kwalitatiewe metode so digby die daaglikse lewe staan en soveel "common sense" kennis oplewer, dat dit nog as *wetenskaplike metode* verdedig moet word. Tog is daar in sosiaal-wetenskaplike kringe groeiende belangstelling in kwalitatiewe navorsing, kort-kort nuwe en gespesialiseerde publikasies, internasionale tydskrifte en internasionale akademiese gespreksgroepe (Wester & Peters 2004:11–12). Die rigting is wel jonk, maar dinamies en aktief in die praktiese teologie, sowel as in verskeie geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe: "Research conducted in the last 10 years has been characterised by a distinct turn toward more interpretive, postmodern, and critical practices … The new millennium saw a dramatic increase in the number of journals specializing in qualitative research publications with at least one new qualitative research journal being launched each year" (*Wikipedia* 2009, sv "Qualitative research").

Wester en Peters (2004:11) beskryf die groeiende aanhang wat kwalitatiewe veldwerk in wetenskaplike kringe geniet, soos volg: "De belangstelling voor kwalitatief onderzoek binnen de sociale wetenschappen en andere disciplines neemt nog steeds toe. Dat blijkt al uit het sterk groeiende aantal specialistische leerboeken dat worden aangeboden."

**Sesdens** resoneer hierdie navorsingstyl met die hedendaagse, denkende mens se voorkeure, omdat dit die **uniekheid van elke geval** erken. Wanneer stemme uit gemeentes hier gehoor word, is die veronderstelling nie dat ander stemme ook só klink, of só behoort te klink, nie. Die unieke stem van elke gemeente word erken deur die kwalitatiewe styl van navorsing, ingebed in die konstruktivistiese metodologie en die postfundamentele epistemologie.

Die keuse vir kwalitatiewe navorsing is **laastens** my **persoonlike voorkeur.** Daar is in die moderne wetenskapsbeoefening nuwe waardering vir die rol van die persoon van die navorser in die hele navorsingsproses (Garbers 1996:23-28, vgl ook Jarvis 1999:3–10). Die navorser se opleiding speel natuurlik ŉ rol. Die universiteit waar die studie gedoen word, se voorkeur ten opsigte van navorsingsfilosofie, beleid en akademiese gebruike speel uiteraard ŉ rol in die keuses onderliggend aan die navorsingsontwerp. So ook die uitgangspunte en akademiese oriëntasie van ŉ bepaalde studieleier. Maar dan is dit ook waar dat die *navorser* die opleidingsinstansie en die studieleier kies. Die navorsingsontwerp in die geesteswetenskappe is uiteindelik ŉ hoogs persoonlike onderneming. Die persoonlikheid, temperament en voorkeure van die navorser self speel ook ŉ rol. Naas die rigting wat aangedui word deur instansies wat betrokke is by die navorsing, is die ontwerp "ook die uitkoms van die spesifieke biografie (lewensprofiel) van die individu. Sommige persone is van nature *number crunchers,* terwyl ander teoretici is" (Garbers 1996:23). Binne hierdie beskrywing, is ek veel eerder 'n teoretikus as 'n *number cruncher*!

My persoonlike voorkeur is om kwalitatief te werk en enkele spesifieke gemeentes se verhale in al hul diepte (wat onderliggende intensies en die motiewe wat agter menslike handelinge lê insluit) en al hul breedte (wat die sisteme en konteks waarin die navorsingsprobleem ingebed lê) te beskryf (vgl Claessens & Van Tillo 1990:44–46).

### 2.3.7 BEGINSELS IN ALLE KWALITATIEWE NAVORSING

Om ŉ greep te kry op die kwalitatiewe navorsingsfilosofie, word die verskeidenheid nuanseverskille tussen verskillende outeurs daar gelaat (vgl Dreyer 1998:15) en gefokus op enkele gemene delers. Die volgende beginsels lê ten grondslag van **al** die rigtings en stromings van kwalitatiewe ondersoeke (vgl Wester & Peters 2004:15–16):

1. **Mense ken** in hulle alledaagse lewe spontaan **betekenis toe** aan hulle omgewing (simboliese interaksionisme). Die objek van enige sosiaal-wetenskaplike ondersoek is dus ŉ vooraf-geïnterpreteerde werklikheid – ŉ werklikheid wat respondente reeds beleef en vanuit hulle bepaalde hoeke geïnterpreteer het "... dus niet de 'werkelijke werkelijkheid' die aan die interpretatie voorafgaat" (Wester & Peters 2004:15). Daar bestaan nie iets soos ŉ ongeïnterpreteerde sosiale werklikheid nie. Wat ondersoeke na die kerklike lewe in die

nuwe Suid-Afrika na 1990 dus kan verwag om raak te loop, is nie rou data of die naakte werklikheid nie, maar individue en groepe se unieke interpretasies van hulle wêreld.

2. Om mense se houdings, emosies en gedrag sinvol te kan bestudeer, moet die navorser **toegang** verkry tot die **deelnemers se sienswyses** en die wêreld sien soos wat hulle hom sien. Die enigste navorsingstrategie wat die navorser sulke toegang tot die objek van ondersoek kan gee, is baie direkte kontak met en ontleding van die leefwêreld van die deelnemers: "'role taking': het vermogen jezelf te verplaatsen in de positie van een individu of groep" (Wester & Peters 2004:15).
3. In die **wisselwerking tussen teorie en praxis**, geniet die **praxis voorrang**. Dit beteken nie dat die teoretiese agtergronde van menslike handelinge ontken word nie, maar dat die empiriese data tydens die ondersoek besonder ernstig opgeneem word. "Je dient met de teoretische agtergronden echter wel terughoudend om te gaan en zoveel mogelijk onbevangen het onderzoeksgebied te betreden" (Baarda et al 1998:21). Navorsingsvrae en -doelwitte (teoretiese konsepte) moet geoperasionaliseer word, maar die geoperasionaliseerde begrippe is altyd oop vir verandering vanuit die versamelde gegewens. Daar is ŉ voorkeur vir deelname van die ondersoeker en vir "oop" waarnemingstegnieke (Wester & Peters 2004: 17). Die metode spreek van respek vir die leefwêreld van die deelnemers en die betekenis wat die deelnemers aan hulle wêreld toeken. Die begrippe waarmee gewerk word (en op die ou end ook die verslag wat geskryf word en die teorie wat voorgestel word) moet uit die praktyk, uit die deelnemers se "inner perspective" kom. Die teorie en literatuurstudie speel ŉ nie-dominante rol (Wester & Peters 2004:28). Die navorser se verwagting van die effek van die empiriese ondersoek is eerder dat dit nodig gaan wees om die teorie te verstel, as dat die teorie net bevestig gaan word. As die doel nie is om die teorie **krities** te onderwerp aan data uit die praktyk nie, kan die navorser hom die moeite spaar om die empiriese ondersoek te doen.
4. Die navorser moet die betekenisvolle sosiale werklikheid, wat hy van binne leer begryp het, in taal en wetenskaplike begrippe of konsepte weergee, anders is dit nie die naam van ŉ wetenskaplike ondersoek werd nie (vgl Dreyer 1998:23–24). Dit is ŉ **objektiveringsproses** wat heelwat tyd neem. Gewoonlik verloop dit spiraalsgewys deurdat die navorser oor en oor die siklus van dataversameling – analise – refleksie – toetsing deurloop. Om ŉ wetenskaplike bydrae te maak, is dit wesenlik om begrippe en teorie te formuleer. "In dit

proces van reconstructie naar objectivering ligt de kern van de kwalitatieve analyse" (Wester & Peters 2004: 16).

2.3.7.1 NOG KENMERKE VAN KWALITATIEWE NAVORSING

- Navorsing geskied onder alledaagse omstandighede. Die ondersoeksituasie word nie geskep, of (soos in 'n laboratorium) opgestel nie.
- Ondersoeksprobleme word holisties, as 'n omvattende en samehangende geheel, in konteks, benader.
- Ondersoeksgegewens word verkry deur direkte waarneming.
- Periodes van dataversameling en data-analise wissel mekaar af as twee komponente van een ondersoeksproses.
- Kwalitatiewe navorsing is veral geskik vir die sistematiese ontwikkeling van teorie: teoretiese eksplorasie of generering van hipoteses (vgl Baarda et al 1998:19–22). Hierdie studie is eksplorerend en hipotese-genererend van aard.

GEVOLGTREKKING

Met bogenoemde uiteensetting in gedagte, is die volgende 'n veilige gevolgtrekking: Die kwalitatiewe styl van navorsing het na 40 jaar se gebruik en ontwikkeling in Europa (20 jaar in Suid-Afrikaanse praktiese teologie) genoegsame wetenskaplike volwassenheid bereik dat dit met vrymoedigheid in hierdie studie gebruik kan word, sonder vrese dat wetenskaplike gehalte of aktualiteit ingeboet sal word.

**2.3.8 DIE PERSOON VAN DIE NAVORSER IN EMPIRIESE WERK**

In die vroeë stadiums van empiriese ondersoeke in die teologie was daar soms hewige metodologiese debatte oor die posisie van die navorser. Dit het gelyk of kwantitatiewe werk geassosieer is met die rol van die ondersoeker as waarnemer, terwyl kwalitatiewe werk geassosieer is met die rol van die ondersoeker as deelnemer (Dreyer 1998:18–19). "The two methodological options for practical theologians are thus either a quantitative approach with its observer perspective, or a qualitative approach with its participant perspective" (Dreyer 1998:18). Hierdie siening het tot

heel onlangs nog ’n dualisme gehandhaaf, myns insiens omdat die implikasies van die nuwe epistemologie nog nie volledig deurgewerk het nie.

In die lig van die nuwe epistemologie is daar veral probleme met die siening dat ’n kwantitatiewe ondersoeker net ’n waarnemer en nie ’n deelnemer is nie. Dit is kenteoreties en metodologies onhoudbaar. Dreyer se keuse, waarmee ek hartlik saamstem, is dat die teologiese navorser in alle empiriese ondersoeke twee rolle speel: “... the practical theological empirical researcher has to embody the dialectics between belonging (the insider perspective) and distanciation (the outsider perspective) in every research endeavour, whether quantitative or qualitative” (Dreyer 1998:20). Die navorser is beide deelnemer en waarnemer – ten opsigte van sowel die teologiese teorie waarbinne hy werk as die praxis wat hy bestudeer.

As **deelnemer** word hy uit die praktyk van ’n leemte of probleem bewus. Die navorsing word dus gewoonlik “van binne” gebore (sien p 80, 88–89). Die praktyk is vir die “nuwe” praktiese teologie die plek waar egte teologiese vrae gevra word en waar goeie teologisering gebore word. Teologiese teorie groei “van beneden naar boven” (Claessens & Van Tillo, 1990:3). Die navorsingsprobleem en -doelstellings kom dikwels vanuit die geloofsgemeenskap waarby die navorser betrokke is. Hy het daarom ook belang by die sukses van die navorsing en die verbetering van die praxis.

Maar die navorser is terselfdertyd ook **waarnemer** wat doelbewus afstand neem, die moeilike vrae vra en dit as teoloog “vir die kerk so moeilik as nodig maak” (Wethmar 1996). Hy is gebind aan die wetenskaplike werkswyse, metodologie en dissipline, waar hy op ’n kritiese wyse werk in die dampkring van wetenskaplike vakgenote.

Dit is ondenkbaar dat die ondersoeker, in ’n kwalitatiewe ondersoek soos hierdie, waar sommige van die respondente die navorser vooraf geken het, nie ’n invloed sal hê op die veld wat hy ondersoek nie. Die navorser moet konsekwent ’n kritiese houding handhaaf en dit sluit sy eie funksionering as navorser in: “The objectivating and critical attitude should also be directed to the researcher him/herself” (Dreyer 1998:24).

Kenteoreties is daar geen skeiding tussen die kennende subjek en die studie-objek nie (sien p 46–48). Die navorser en die navorsingsveld is oor en weer verbonde aan mekaar. “We, as rational

agents, are always socially and contextually embedded (Van Huyssteen 2006:10). Daar is persoonlike redes vir die keuse van die studie-onderwerp. Ek is as mens, persoonlik en professioneel, betrokke daarby.

Binne die nuwe rasionaliteit en die gekose navorsingsfilosofie, is dit nodig om die navorser se belange en betrokkenheid by die praktyk en die navorsing uit te spel, omdat dit die vertrekpunte van die hermeneutiese proses is (vgl Jarvis 1999:84). "To my mind, there can be no practice without the practitioners: their innermost feelings, values, beliefs, and sense of identity constitute part of the practice, so to omit these dimentions is to distill out some of the richness of the actual practice event (Jarvis 1999:76). Ter wille van die integriteit van die navorsing en die navorsingsresultate, behoort die navorser se persoonlike belang dus verklaar te word.

### 2.3.9 VERKLARING VAN PERSOONLIKE BELANG

Die navorser is in hierdie geval voluit 'n deelnemer aan die veld wat ondersoek word, naamlik die veranderende Suid-Afrika en die NG Kerk se Noordelike Sinode. Ek swem self in die seestrome wat ek, by wyse van spreke, probeer verstaan (vgl Dreyer 1998:25). Hierdie natuurlike betrokkenheid gee my in die kwalitatiewe navorsingsproses 'n enorme voordeel, want een van die metodologiese uitgangspunte in hierdie soort kwalitatiewe ondersoek, is juis dat die ondersoeker maksimum deelname aan die sosiale werklikheid wat ondersoek word, nastreef (Wester & Peters 2004:24; sien ook p 103). Die moeisame en tydsame proses in kwalitatiewe navorsing, dat die ondersoeker hom/haar moet verplaas na die posisie van die deelnemers – in die Engelse (en selfs Nederlandse) literatuur bekend as "role taking" (Baarda et al 1998:19) – is in hierdie geval onnodig, omdat die navorser voltyds in Suid-Afrika woon en in die NG Kerk se Noordelike Sinode werk en daarom direk betrokke is in die veld wat ondersoek word.

'n Paar opmerkings wat die navorser se persoonlike belang verklaar is ter sake, omdat dit die hele navorsingsprojek van A tot Z raak. Jürgen Moltmann (2000) staan in sy werk *Experiences in theology* twee bladsye af aan "theology and biography". Hy vertel hoe sy vrou hom aangemoedig het om in sy teologiese werk op 'n konkrete, subjektiewe en kontekstueel-bepaalde wyse te kommunikeer: "It took me some time, and some effort of will, before – at the urging of my wife – I dared to say 'I' in theology too" (Moltmann 2000:xviii). Ek gaan akkoord met sy volgende opmerking: "I

have come to see that the biographical dimension is an essential dimension of theological insight" (2000:xxviii). Lesers wil weet wat 'n outeur sê, maar hulle wil ook weet hoe hy daarby uitgekom het en waarom hy dit stel soos dit daar staan. Biografiese inligting is die sleutel daartoe. Moltmann (2000:xix) sê in dié verband: "... to talk about oneself is both neccessary and difficult." Die verklaring van my persoonlike belang is deel van die "self-refleksiewe (dit wil sê introspektiewe) kritiek" (Van Aarde 2004:1113) van die hermeneutiese proses.

Verandering en die kerk se response daarop raak my persoonlike lewe en my beroepslewe ten nouste. Ek sukkel soms om vrede te maak met aspekte van verandering in Suid-Afrika. Die lewe in Suid-Afrika na 1990 hou vir my persoonlik verlies in. In daardie sin is hierdie studie 'n biografie. Ek volstaan met twee voorbeelde.

Die eerste is 'n voorbeeld van verlies wat saamhang met die problematiek van geskiedskrywing in 'n plurale samelewing soos die Suid-Afrikaanse samelewing. Uit wie se perspektief word dit geskryf? Wie is held en wie is skurk? Ek het die Afrikaanse gemeenskap se verlies aan identiteit en waardering vir 100 jaar se geskiedenis persoonlik en traumaties beleef tydens die dorp Louis Trichardt se eeufeesvierings in 1999. Die nuwe maghebbers (ANC-gedomineerde Plaaslike Oorgangsraad) het nie een goeie woord gehad vir 'n eeu se harde werk en ondernemingsgees om 'n welvarende dorp en gemeenskap tot stand te bring uit 'n ongerepte en malaria-geteisterde Bosveld nie. Die ANC-hooggeplaastes van die plaaslike en provinsiale regering het die geleentheid van die feesdinee gebruik vir striemende en beledigende aanvalle op alle blankes. Die nuwe regering se verteenwoordigers het die Afrikaanse geskiedenis en nalatenskap in totaliteit in die openbaar verwerp en Afrikaners van uiterste arrogansie en rassisme beskuldig omdat hulle 'n eeufees vir die dorp gereël het, terwyl die Vendageskiedenis van die omgewing veel ouer as 100 jaar is. Ek het gevoel soos 'n vreemdeling in my eie dorp en my eie kerksaal.

Die tweede voorbeeld het met persepsies en assosiasie te doen: my indruk is dat mnr Mugabe van Zimbabwe by baie Suid-Afrikaners 'n held is, ten spyte van al sy vergrype. Omdat ek amper ses jaar lank in Zimbabwe gewoon het, leef ek mee met die ellende wat die land sedert die laat 1990's beleef as gevolg van mnr Mugabe se persoon en beleid. Ek het die land goed leer ken in die vroeë negentigerjare. Omdat ek, nadat mnr Mugabe kommersiële boere gewelddadig van hulle plase begin verdryf het, deurlopend by bemoediging en noodleniging in Zimbabwe betrokke was, het ek

verskeie kere weer daar gekom en die verwoesting met my eie oë aanskou. Hoe hy, ná al die vergrype sedert 1999 in sekere Suid-Afrikaanse kringe steeds ’n held kan wees (wat byvoorbeeld die meeste applous van al die besoekende staatshoofde gekry het by mnr Zuma se inhuldiging as president in 2008), kan ek glad nie verstaan nie en dit laat my weer eens soos ’n vreemdeling in my eie land voel.

Ek beleef self verlies. Ek het twee vorige gemeentes van die Noordelike Sinode bedien wat verlies beleef en bedien tans ’n derde gemeente in dieselfde Sinodale gebied wat ook verlies beleef.

Maar kom ek begin by die begin. Ek is in die winter van 1962 gebore op die ou Wes-Transvaalse platteland, in die “ou Suid-Afrika”, tydens die hoogbloei van Afrikaner-nasionalisme toe die Nasionale Party van krag tot krag gegaan het onder leiding van dr HF Verwoerd.

My vroegste kinderherinnering is aan die sendingpastorie in Mayfair-Wes, Johannesburg. My pa was sendeling in Soweto. Ek het dikwels saam kerk toe gegaan in Diepkloof. Ek onthou eredienste met drie of vier tolke (en die groot potte pap wat by groot geleenthede langs die kerk gaargemaak is), bewaarskole, jeugkampe en die Baragwanath-hospitaal uit my voorskoolse jare.

Ek het op die ou Transvaalse platteland (Eikenhof, Belfast, Marble Hall) in ’n konserwatiewe, Afrikaanse omgewing grootgeword: beskermd, naby aan die Here en naby aan die kerk. As skoolkind was ek onbewus van die druk op Suid-Afrika om te verander. Selfs as student aan die Universiteit van Pretoria, het ek gedink die groot politieke kwessies in Suid-Afrika was of jy die Nasionale Party van PW Botha of die Konserwatiewe Party van AP Treurnicht moes ondersteun.

In 1987 en 1988 het ek nasionale diensplig gedoen as kapelaan en my deel gedoen ter bestryding van die “bevrydingsteologie as voertuig van revolusie”, soos die kapelaansdiens se fokus destyds was. Ek het, soos die meerderheid dienspligkapelane, die ou regering se “anti-revolusionêre oorlog” ondersteun en glad nie die moontlikheid van ’n ANC-regeringsoorname oorweeg nie. Uit ’n militêre oogpunt het dit ook nie gelyk of die Nasionale Party regering dit enigsins oorweeg het nie: Tydens ons dienspligjare het die Suid-Afrikaanse Weermag ’n groot konvensionele militêre offensief geloots teen die vyand: Swapo, Fapla en die Kubaanse magte in Angola (sien Lamprecht 2010(a), 2010(b), 2010(c)). Ek het nie die lelikste van die bosoorlog (die grusame dood langs my van ’n agtienjarige seun in die fleur van sy jong lewe, of die wroeging daaraan verbonde as jy ’n

mens doodgemaak het) van naby beleef nie. Maar terugskouend wonder ek ook (soos baie van my tydgenote) wat ons Weermag in Angola gaan maak het en hoekom jongmense moes sneuwel op 'n stadium toe die politici al klaar gekies het vir 'n onderhandelde skikking met die ANC. Ek voel die maghebbers het ons as jongmense doelbewus oningelig gehou en ons misbruik. Ek is dus deel van die sogenaamde "Boetman-geslag", na aanleiding van die opspraakwekkende ope brief "Boetman is die bliksem in" (Louw 2009).

Aan die einde van die twee jaar diensplig het ek 'n beroep ontvang na die NG Kerk-gemeente

Marondera in die noord-ooste van Zimbabwe en vroeg 1989 daarheen vertrek: met 'n swanger vroutjie aan my sy en vol ideale vir die bediening in 'n vreemde land; vol avontuurlus, maar hopeloos naïef en onvoorbereid op die regerings- en samelewingsveranderings in Suid-Afrika sedert 1990.

Die vyf jaar van 1990 tot die begin van 1995, wat deel vorm van die tydsraamwerk waarbinne veranderinge in die samelewing beskou word, was ek dus gemeenteleraar in Marondera. Toe ons in Zimbabwe aankom, was mnr Mugabe se regering al 10 jaar lank aan bewind. Dit het in meeste opsigte regtig goed gegaan in Zimbabwe en die land het 'n sterk op-kurwe beleef. Dit het goed gegaan met die NG Kerk in Zimbabwe en met ons lidmate. Die meeste lidmate van ons gemeente was landbouers wat baie suksesvol en winsgewend geboer het. Uit ons oogpunt was Zimbabwe die model post-koloniale Afrikastaat. Ons het dus mnr Mandela se vrylating en die Kemptonparkse onderhandelings van buite die Suid-Afrikaanse landsgrense beskou, op 'n manier van die kantlyn af. Omdat ons in die buiteland was, was ons nie op 'n daaglikse basis ingelig oor die besonderhede van die onderhandelings en politieke ontwikkelings nie. Ons onmiddellike prioriteite was ook elders: al drie ons kinders is in Zimbabwe gebore, ek het die Matopo-heuwels, die Zambezirivier, Karibadam, Mana Pools, Victoria Waterval en Great Zimbabwe in die onbekende Afrika noord van die Limpopo ontdek. Ons het in Malawi gaan vakansie hou en 'n wonder-wêreld ontdek. My kinderjare was isolasiejare en Afrika noord van die Limpopo was vir Afrikaners 'n onbekende wêreld. Die eerste jare van my bediening as predikant was 'n groot Afrika-avontuur. Ek het nie die risiko van grootskaalse bloedvergieting of 'n burgeroorlog in Suid-Afrika in die vroeë negentigs ernstig opgeneem nie. Ek was nie bewus van die intensiteit van die vrese wat blankes beleef het nie. (Ons was dan 'n handjievol blankes – dalk 1% van die bevolking – wat voorspoedig, vreed-

saam en sonder vrees in ’n Afrikaland gewoon het!) Ons het die staatkundige oorgang in Suid-Afrika beleef vanuit ’n buurland. Ek het my kruisie vir die 1994-verkiesing by die Suid-Afrikaanse Handelsmissie in Harare gaan trek.

Die vyf jaar in Zimbabwe het ’n besliste invloed gehad op hoe ek na Suid-Afrika kyk. Ek het gedurende daardie tyd, na aanleiding van die belewenisse van NG Kerk-lidmate in Zimbabwe rakende hulle regeringsverandering van 1980, ’n skripsie vir ’n meestersgraad geskryf met die titel: “Pastorale behoeftes in ’n tyd van verandering”. Sedert ons terugkeer na Suid-Afrika het ek deurlopend noue bande met Zimbabwe en sy mense behou. Die huidige krisis in Zimbabwe het sonder twyfel ’n invloed op my menswees en sienings.

Ek het persoonlik eers in 1995, toe ons van Zimbabwe af terug verhuis het Suid-Afrika toe, regtig van die problematiek rondom die geformuleerde navorsingsprobleem bewus geraak. Vir iemand wat amper ses jaar buite die Republiek gewoon en gewerk het, was die veranderings in die land en Afrikaners se verliese met ons terugkeer bietjie van ’n skok. Ek het nie geleidelik, met verloop van tyd daaraan gewoond geraak nie, maar is meteens daarmee gekonfronteer.

Die terugkeer Suid-Afrika toe, was 10 jaar voordat ek vir formele studie ingeskryf het. My persoonlike doel met die studie was om ’n greep te kry op die navorsingsprobleem. Gedurende die eerste 10 jaar terug in Suid-Afrika, het ek nie formeel gestudeer nie, maar daar het baie praktyk-navorsing plaasgevind. Ek weet vandag ek was toe reeds deel van die “... new breed of practitioners, performing a dual role as both practitioners and researchers” (Jarvis 1999:xi). Ek het, saam met goeie kollegas, met goeie gemeentebou-ideale in die gemeente gearbei met min sukses. Ek het in die omgewing waar ons was, die Soutpansbergse Bosveld, ons eie en ander gemeentes gedurig waargeneem, gesprekke met lidmate en kollegas gevoer, teologiese konferensies bygewoon waar praktiese teologie, gemeentebou, die “nuwe Suid-Afrika”, ensovoorts ter sprake was. Ek het ook preke gepreek waarin ek die situasie van verlies vir gemeentes geanaliseer het en die stelling gemaak het dat ons ons midde-in ’n treurproses bevind. Daar was in meer as een gemeente baie reaksie op preke met daardie strekking.

Ek was van 1995 tot 2008 voltyds leraar van Louis Trichardt, 'n groot, plattelandse gemeente van die NG Kerk se Noordelike Sinode. Ons gesin het nou saamgeleef met die wel en weë van ons

lidmate en die plaaslike gemeenskap in Louis Trichardt. Ek het die naamsveranderings van meeste dorpe in die noordelike Bosveld (Warmbad word Bela-Bela, Nylstroom Modimolle, Potgietersrus Mokopane, Pietersburg Polokwane, Ellisras Lephalale, ensovoorts) en NG Kerk-lidmate se verontwaardiging daaroor, vanuit Louis Trichardt beleef. Met die naamsveranderings gaan ’n gevoel van vervreemding in Afrikanergeledere gepaard, omdat die ou plekname aspekte van hulle geskiedenis vasgevang het wat nou verwerp word. Oor die dorpsnaam “Louis Trichardt” woed daar al vir baie jare ’n hofstryd.

Ons as predikante kry weekliks in die praktyk te doen met die worsteling van lidmate om aan te pas by ’n veranderende wêreld. Die woelinge in ons konteks is gedurig (ten regte) op ons kerklike vergaderings se agendas. Grondsake was byvoorbeeld vanaf die jaar 2000 ’n kritiese “nuwe Suid-Afrika woeling” in die Louis Trichardt-omgewing. Die Ring van Louis Trichardt was ten nouste betrokke en het ’n groot bydrae gelewer tot die NG Kerk se besinning oor grondhervorming, grondrestitusie en grondeise. Die studie wat die Ring geïnisieer het, is later in gewysigde vorm voorgelê aan die Algemene Sinode 2007 en het die NG Kerk se beleid geword.

Ek het einde 2007 ’n beroep ontvang en is sedert April 2008 tot op hede leraar van ’n derde gemeente van die Noordelike Sinode: Hartbeesspruit-Queenswood in Pretoria. In die huidige gemeente het ek al met tientalle lidmate te doen gekry wat in die ou bedeling trotse staatsamptenare was, maar wat dit uiters negatief beleef om te sien hoe hulle departemente en die stelsels wat hulle opgebou en nougeset in stand gehou het, eenvoudig in die nuwe bedeling tot niet gegaan het.

Die NG Kerk se standpunte, doen en late geniet steeds ’n hoë profiel, veral in die Afrikaanse pers. Ons lidmate lees die koerante en hulle instemming, verontwaardiging, vrae oor joernaliste se standpunte, ensovoorts, vind weerklank in hulle plaaslike gemeente. Die debat oor veranderende landsomstandighede en die kerk se respons daarop word ook byna weekliks in die openbare pers gevoer. Dit is vir ’n leraar in voltydse gemeentewerk, behalwe dat dit swak teologie sou wees, ook in die praktyk onmoontlik om hom af te sluit van die konteks en kwessies waarmee lidmate daagliks te doen kry. Daar is by my geen twyfel nie, dat die regeringsverandering in Suid-Afrika ’n baie spesifieke en akute nood veroorsaak by NG Kerk-lidmate.

Die Noordelike Sinode, waarvan die gemeentes Marondera, Louis Trichardt en Hartbeesspruit-Queenswood almal deel is, het hom die afgelope dekade met ’n groot verskeidenheid kwessies besig gehou wat verband hou met ’n veranderende Suider-Afrikaanse konteks (soos versoening, swart ekonomiese bemagtiging, grondhervorming, geweld en misdaad, die aborsiewet, homo-seksualiteit, krisis in Zimbabwe, ensovoorts.) Ek was as leraar betrokke by al daardie debatte en kerklike besinning.

Met hierdie paragrawe het ek eerlik probeer reflekteer op my persoonlike beleweniswêreld, wat ek as navorser onvermydelik in die navorsingsituasie indra (Dreyer 1998:24). Dwarsdeur die studie het ek probeer om, rakende my persoon en werk as navorser, die twee aspekte van betrokkenheid en saaklikheid te balanseer: “biographical subjectivity and self-forgetting objectivity” (Moltmann 2000:xix).

### 2.3.10 PRAKTYKNAVORSING DEUR DEELNEMER-WAARNEMER

Die navorsing wat hier aangebied word, is gedoen deur ’n deelnemer-navorser en dit geskied “van binne”. Ek is tegelyk die navorser wat poog om op ’n wetenskaplike wyse te beskryf – en deel van die kerk en sy konteks wat beskryf word. Die rivier se maalkolke, stroomversnellings en rustiger dele word beskryf, nie deur ’n buitestander wat veilig, hoog en droog op die wal staan en dinge van ’n afstand af beskou nie. Ek gee nie voor om objektief te wees nie. Die rivier word beskryf uit die perspektief van iemand wat hom in die middel van die rivier bevind, self nat is, soms self in die nood is as gevolg van onstuimige waters, self nie bekend met wat om die volgende draai voorlê nie. Die waarnemer is iemand wat meegesleur word deur die rivier wat hy beskryf. Dieselfde betrokkenheid by navorsing, kom ook voor in die volgende aanhaling: “Ek skryf as een van die mense oor wie ek skryf” (Nel 2001:5).

Die navorsingsfilosofie wat hier gehuldig word, is ruim genoeg om die lang, voor-formele stadium van navorsing metodologies in te sluit by die navorsingsproses. Daar is in die literatuur groeiende waardering vir ’n nuwe styl van navorsing wat gedoen word deur mense wat voltyds in die praktyk staan en nie formeel met akademiese werk of met formele navorsing (wat byvoorbeeld op publikasie uitloop) besig is nie. “A new phenomenon has emerged in recent years: practitioners in

many occupations are undertaking a great deal of their own research" (Jarvis 1999:3). In die kerklike omgewing is kerklike verslae en selfs goeie preke voorbeelde van sulke navorsing.

In die ou wetenskaplike paradigma was teorie en praktyk redelik ver van mekaar verwyder. Navorsing was die voltydse akademici se werk, terwyl die teorieë wat hulle deur navorsing ontwikkel het, toegepas is deur ander mense wat voltyds in die praktyk werk. "Until quite recently, research and theory were found in the domain of the academy, with practice far removed in the workplace … Today, research is as much a part of the working world as it is a feature of academic preparation, and work-based learning is fast becoming the order of the day (Jarvis 1999:xi). Daar ontwikkel meer erkenning vir navorsing wat vanuit die praktyk gedoen word: "Action research or participatory action research has emerged in recent years as a significant methodology for intervention, development and change within communities and groups ... Participatory action research is a recognized form of experimental research that focuses on the effects of the researcher's direct actions of practice within a participatory community with the goal of improving the performance quality of the community or an area of concern" (*Wikipedia* 2009, sv "Participatory action research").

Hierdie verskuiwing na 'n nuwe soort navorser, die deelnemer-waarnemer en navorsing in die voltydse werkmilieu, het plaasgevind as gevolg van die kennis-ontploffing sedert die laaste deel van die twintigste eeu en 'n vinnig veranderende wêreld wat deurlopende navorsing van mense in die voltydse praktyk vereis om by te bly (vgl Jarvis 1999:24–28). Praktyk-navorsing het ook in die kerk noodsaaklik geraak in belang van 'n effektiewe praktyk. Vele rings- en sinodale verslae (soms selfs verslae wat voor kerkrade dien), kan as navorsingsdokumente met die oog op 'n meer effektiewe praktyk beskou word. (Die Ring van Louis Trichardt se verslag oor grondrestitusie en grondhervorming is 'n goeie voorbeeld daarvan.) Metodologies lê die herkoms van die navorsingsprobleem en die vroeë stadiums van navorsing dus in my bedieningspraktyk. Die tydsraamwerk daarvan strek tot ruim 20 jaar gelede. Die indrukke en informele navorsing van daardie 20 jaar kan navorsingsmetodologies nie buite rekening gelaat word nie.

Die probleem wat oor 'n periode van tyd (rofweg 1995–2005) uit die gemeentelike bedieningspraktyk, ringsvergaderings, sinodale berade, werkgroepe en vergaderings vir my duidelik geword

het, is dat sending en gemeenskapsbetrokkenheid tans nie floreer in gemeentes van die NG Kerk nie.

### 2.3.11 EMPIRIESE NAVORSINGSONTWERP EN DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Vervolgens moet sorg gedra word dat die navorsingsprojek wat hier ontwerp word, direk aansluit by die navorsingsprobleem, die werkshipotese en die navorsingsdoel (sien p 10–13).

Die empiriese siklus sluit eerstens aan by die *navorsingsprobleem* wat aanleiding gegee het tot die studie en beoog om die groep probleme wat bespreek is, in diepte te ondersoek vanuit gemeentes se praktiese ervaring. In hoofstuk 1 is die probleem gestel dat die praktyk in die meeste NG Kerk-gemeentes nie klop met die teologiese teorie in verband met gemeentebou nie. In die teorie is daar balans tussen die missionêre en versorgende dimensies. In die praktyk word die missionêre dimensie tans egter afgeskeep – of dit is heeltemal afwesig (*Kerkspieël* 2006; Nel 2002:69–72). Meeste gemeentes fokus eensydig na binne: op die versorging van hulle klimate.

Die navorsingsprobleem is soos volg saamgevat:

*Min NG Kerk-gemeentes slaag tans daarin om die versorgingsdimensie van hulle bediening te balanseer met ’n voldoende missionêre dimensie.*

Die navorsingsprobleem stel drie vrae.

- *Is daar samelewingsfaktore wat die gemeentebou-ideale en gemeenteboupogings demp?*
- *Is dit akkuraat om te beweer dat daar 'n* langdurige, onvoltooide en kollektiewe *treurproses in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang is wat NG Kerk-lidmate en gemeentes se geestesenergie dreineer?*
- *Kan ’n gemeentebouteorie wat die huidige treurproses verreken ’n bydrae lewer om die probleem op te los?*

’n Toepaslike empiriese ondersoek kan help met die beantwoording van die eerste twee vrae.

#### 2.3.11.1 TWEE GROEPE PROBLEME

In die navorsingsprobleem soos hierbo geformuleer, is daar twee duidelik onderskeibare groepe probleme. Die **eerste** is dat daar klaarblyklik ’n groot gaping is tussen die heersende gemeentebouteorie en die gemeenteboupraktyk: in die teorie is daar balans tussen sorg en uitreik (sien p 195), in die praktyk is daar ’n **wanbalans**. Die navorser se waarneming, wat deur die empiriese ondersoek na die gemeentelike praktyk bevestig of weerlê moet word, is dat dit tans vir gemeentes veel makliker en veel natuurliker is om te konsolideer en te fokus na binne – op die versorging van die gemeente – as om te fokus na buite deur uit te reik na ’n wêreld in nood. Die navorsingsprojek moet sodanig ontwerp word dat dit op ’n kwalitatiewe wyse die kwantitatiewe bevindings van *Kerkspieël* kan toets.

Die **tweede** groep probleme in NG Kerk-gemeentes is dat **treurreaksies**, wat tipies op verlies volg (ontkenning, skok, aggressie, neerslagtigheid, ensovoorts) moontlik só volop voorkom dat onafgehandelde treur as **kollektiewe, kontekstuele nood** beskou kan word. Ten spyte van die omvang en insidensie van verliesreaksies, geniet dit klaarblyklik nie gemeentes se doelgerigte en gefokusde aandag nie. Dit lyk of die kerk nie werk maak van hierdie nood van haar lidmate nie

- moontlik omdat daar nie ’n teorie en ’n plan voor is nie;
- moontlik omdat verlies so ’n vanselfsprekende deel van die lewe geword het dat mense onbewus is daarvan, soos visse onbewus is van die water waarin hulle swem;
- moontlik omdat dit as polities nie-korrek beskou word om te erken dat die afskaffing van apartheid tot verlies in Afrikaanse geledere gelei het (vgl Hamman 2005:15);
- moontlik uit vrees dat die NG Kerk nogmaals die teiken van openbare kritiek gaan word as sy erkenning gee aan die verlies wat lidmate en gemeentes beleef het met die afskaffing van apartheid.

Die **derde** kwessie wat ek empiries wil ondersoek, is die vraag of daar ’n verband tussen bogenoemde twee groepe probleme is. Die navorsingsvermoede is dat daar wel ’n verband is en dat gemeentebouwanbalanse verbeter kan word deur aandag te gee aan die verwerking van verlies.

### 2.3.12 EMPIRIESE NAVORSINGSONTWERP EN DIE WERKSHIPOTESE

Die empiriese siklus se doel is eerstens om die navorsingsprobleme duideliker te profileer. Tweedens sluit die empiriese werk aan by die *werkshipotese* (p 13) met die doel om ’n behoorlike hipotese daar te stel as resultaat van die hele navorsingsprojek.

Die empiriese navorsing plaas die verskynsel van omvattende en langdurige verandering in die hele Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1990 onder die vergrootglas, asook die verliesreaksies wat met die verandering gepaard gaan. Die kwalitatiewe ondersoek moet die volgende werkshipotese, wat in hoofstuk 1 beredeneer en voorlopig geformuleer is, weer aan die orde stel en ontwikkel (of verwerp):

*WERKSHIPOTESE:*

*“Gemeentebou sal meer geredelik slaag in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode wanneer die kollektiewe treurreaksies oor verliese ná 1990 grootliks afgehandel is en meer geestesenergie beskikbaar is om die uitdagings van optimale, missionêre gemeentewees aan te pak. Praktiese teologie kan ’n bydrae in dié verband lewer deur ’n gemeentebouteorie te ontwikkel waarin die konteks-spesifieke nood van lidmate en gemeentes, naamlik die behoefte om verliese genoegsaam te betreur en vordering te maak met die komplekse en langdurige rouproses, geïntegreer is.”*

### 2.3.13 EMPIRIESE NAVORSINGSONTWERP EN DIE NAVORSINGSDOELWITTE

Die eerste twee navorsingsdoelwitte wat in hoofstuk 1 uitgespel is, is ook ter sake wanneer ’n haalbare empiriese ondersoek ontwerp word:

*Om deur middel van ’n kwalitatiewe ondersoek in geselekteerde gemeentes van die NG Kerk,* ***eerstens*** *’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en treurreaksies as gevolg van verlies.*

*Om deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek in dieselfde geselekteerde gemeentes,* ***tweedens*** *te kontroleer of 'n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode.*

Die werkshipotese moet in samehang met die navorsingsprobleem en die navorsingsdoelwitte ge-operasionaliseer word; dit moet omskep word in 'n haalbare navorsingsprojek (Robson 1993:38). Aan die einde van die empiriese siklus sal die werkshipotese herbesoek word, sodat die studie kan afsluit met 'n duidelike hipotese wat ontwikkel is in die dinamiese wisselwerking tussen teorie en praxis.

OPSOMMING

Met hierdie greep op die kwalitatiewe navorsingsfilosofie en onderliggende beginsels, asook die posisie van die navorser, kan die praktiese navorsingsprojek vervolgens naby aan die navorsingsprobleem, werkshipotese en navorsingsdoelwitte ontwerp word.

## 2.4 NAVORSINGSONTWERP

Navorsingsontwerp gaan daaroor om die navorsingsprobleem, navorsingsvrae en die werkshipotese te operasionaliseer in 'n prakties uitvoerbare navorsingsprojek. Die kwalitatiewe styl van navorsing vereis dat die ondersoeker se direkte kontak met die veld wat ondersoek word, **so uitgebreid as moontlik** moet wees. Daarom mag die ontwerp nie eng en beperkend wees nie. "Het onderzoeksontwerp moet mogelijk maken dat de ondersoeker gebruik maakt van *al wat zich voordoet* om de betreffende werklijkheid te leren kennen. Dat betekent: open waarnemingstechnieken, maar vooral deelnemen aan de werklijkheid" (Wester & Peters 2004:17). Geen strategie of tegniek om inligting te bekom, kan in beginsel uitgeskakel word nie, omdat die doel is om 'n holistiese en lewensgetroue beeld van die ondersoeksveld te verkry (Baarda et al 1998:19).

### 2.4.1 DIE KEUSE VIR TWEE AANVULLENDE KWALITATIEWE STRATEGIEË

Die doel van die empiriese siklus is om die regte soort data in te samel, waarmee die navorsingsprobleme belig kan word, die navorsingsdoelwitte bereik kan word en die werkshipotese in 'n

aanvaarbare hipotese ontwikkel kan word. Sonder betroubare data kan nie een van bogenoemde gebeur nie. "The central, totally indispensable, part of an enquiry is the collection of data. No data – no project" (Robson 1993:303).

Wat die strategieë vir die versameling van gegewens aan betref, is die volgende paragraaf van Wester en Peters (2004:15) belangrik: "Met betrekking tot *de versameling van gegevens:* de wens om in direct contact met de (geleefde) werkelijkheid te komen, leidt tot een voorkeur voor **participerende observatie** en **casestudy** (my beklemtoning) … participatie is niet alleen deelnemen, maar ook meebeleven. Daarbij word van verschillende dataverzamelingstechnieken gebruik gemaakt om een zo gedetailleerd mogelijke beschrijving te verkrijgen."

2.4.1.1 DEELNEMENDE WAARNEMING

Twee kwalitatiewe strategieë word saam-saam gebruik om die gekose navorsingsveld in diepte na te vors. **Eerstens** deelnemende waarneming: 'n oop proses wat al vir 20 jaar aan die gang is en steeds voortgaan. Die voor-formele stadium van die ondersoek wentel om hierdie navorsingstrategie. Die navorser se betrokkenheid by die navorsingsveld en die bruikbaarheid van data uit die voor-wetenskaplike stadium van deelnemende waarneming is reeds hierbo verantwoord. Die neerslag daarvan lê in kerkraadsnotules, ringsnotules, sinodale notules, gemeenskapskoerante, nasionale koerante, persoonlike notas, foto's, ensovoorts.

Hierdie navorsingsprojek is 'n hoogs persoonlike onderneming, omdat die navorser die probleem uit persoonlike betrokkenheid in die navorsingsveld geïdentifiseer het. In "deelnemende waarneming" loods die navorser nie een of ander projek nie. Dit het eerder te doen met 'n deurlopende ingesteldheid van die navorser om nuuskierig te wees, vrae te vra, fyn waar te neem, te analiseer en verbande met die teorie te soek. In hierdie studie kom die resultate van deelnemende waarneming vervleg met ander data voor. Ten opsigte van deelnemende waarneming, is die grense tussen die voor-wetenskaplike fase en die meer formele wetenskaplike fase vaag (vgl Wester 1995:91–107), maar die data uit albei fases is bruikbaar.

Deelnemende waarneming het so onlangs as die afgelope 20 jaar eers erkenning begin kry as 'n legitieme navorsingstrategie in die sosiale wetenskappe (Jarvis 1999:voorwoord). Van die heel nuutste metodes op die mark van sosiaal-wetenskaplike empiriese metodes word dus benut.

2.4.1.2 GEVALLESTUDIES, PROSESBESKRYWING

Die **tweede** strategie vir die versameling van gegewens, is drie gevallestudies. Gevallestudies as navorsingstrategie het ’n lang en goeie tradisie in die sosiale wetenskappe. Dit is by uitstek geskik om ’n organisasie soos ’n gemeente in diepte te ondersoek: “Het gaan hierbij om onderzoek van één of enkele gevallen waarbij men diepgang bereikt door de complexe relaties waarin het geval functioneert, centraal te stellen. In het bijzonder is een dergelijke opzet relevant voor organisatie-onderzoek, omdat het hier juist om die ene organisatie en haar interne of externe functioneren gaat (Wester & Peters 2004:13–14). Hierdie strategie is uiters geskik om gemeentes te ondersoek, omdat gemeentes beskou kan word as komplekse organisasies. Die “interne funksionering” waarvan Wester & Peters praat, hang saam met die versorgende dimensies van gemeentebou en “eksterne funksionering” hang saam met die missionêre dimensies van gemeentebou. Die verbande tussen NG Kerk-gemeentes se interne en eksterne funksionering vra om nadere ondersoek, omdat dit nie in balans is nie (soos uitgespel in die navorsingsprobleem).

Hierdie ondersoekstrategie maak dit moontlik om die huidige verskynsel (een spesifieke gemeente) in sy historiese en kontekstuele verbande te begryp. Die data waartoe die navorser toegang kry, is nie beperk tot ’n gemeente se hede nie: dit open die weg na die verlede en die toekoms. Gemeentebou het ’n belang by ’n gemeente se hede, maar ook by die verlede en die toekoms. Die geïdentifiseerde probleme in die huidige bedieningspraktyk, is moontlik die gevolg van gemeentes se *onlangse geskiedenis* in die konteks van die nuwe Suid-Afrika. Die verlies wat NG Kerk-lidmate moontlik mag beleef, hang weer saam met hulle posisie in die ou Suid-Afrika en veral vóór 1990. ’n Tydperk van ongeveer 40 jaar is ter sake om die impasse in die huidige gemeentelike praxis ter verklaar; die navorsingsvrae en die navorsingsdoelwitte in historiese en kontekstuele verbande onder die loep te neem. Daarom word die gevallestudies as **prosesbeskrywing** aangebied. “Case study methods involve an in-depth, longitudinal examination of a single instance ... As a result the researcher may gain a sharpened understanding of why the instance happened as it did and what might become important to look at more extensively in future research” (*Wikipedia* 2009, sv “Case study”).

Hierdie vorm van kwalitatiewe ondersoek is geskik om insig te verdiep in die kompleksiteit van faktore wat die ontwikkeling van ’n sosiale verskynsel bepaal het (in hierdie geval hoe dit ontwik-

kel het dat ’n hele gemeenskap treur). Die belangrikste bydrae van gevallestudies is juis in die veld van prosesbeskrywing. “De meest fundamentele bijdrage van dit soort onderzoek is dat het inhoud kan geven aan het sociale proces dat zich afspeelt” (Wester & Peters 2004:37). Die sosiale werklikheid soos hy nou daar uitsien, is gevorm deur mense en groepe wat sistemies op mekaar reageer, wat verwagtings van mekaar het en met die verloop van tyd op bepaalde maniere teenoor mekaar optree. Die huidige situasie in ’n gemeente kan slegs verstaan word teen die agtergrond van hierdie soort interaksie oor ’n periode van tyd. Nie net die huidige (gestolde) posisie is ter sprake nie, maar ook die historiese en kontekstuele faktore wat help vorm gee het aan die huidige posisie.

Geen ander vorm van navorsing kan tot op hierdie vlak deurdring nie (vgl Wester & Peters 2004: 37). Die sosiale proses wat hom in die kerk afspeel in Suid-Afrika sedert 1990, kan myns insiens **slegs** met ’n gevallestudie voldoende beskryf word.

Die onderhawige gevallestudies hou rekening met die historiese verloop van sake in die Suid-Afrikaanse konteks. Dit kyk terug en vertolk die huidige situasie van gelowiges in die lig van kontekstuele faktore voor 1990, maar soek terselfdertyd na ’n verbeterde teorie wat toekomstige, meer gewenste gelowige optredes kan rig.

Tegnieke van dataversameling in gevallestudies en prosesbeskrywing sluit in

- half-gestruktureerde diepte-onderhoude met individue en egpare (sien Rubin & Rubin 1995:5–12, 122–225; Baarda et al 1998:132–134; Wester & Peters 2004:61–66)
- gesprekke met fokusgroepe (Baarda et al 1998:134–135; Rubin & Rubin 1995:27–28, 139–140; Putcha & Potter 2004)
- dokument-analise (Baarda et al 1998:151–166; Wester & Peters 2004:67–74)
- waarneming van belangrike gemeente-aktiwiteite soos eredienste en vergaderings


OPSOMMEND

Die data wat met hierdie twee heel verskillende strategieë (deelnemende waarneming en gevallestudies) ingesamel word, is aanvullend tot mekaar. Die beginsel wat gevolg word, is dat die kwaliteit van inligting wat versamel word, deurlopend krities geëvalueer word. Die metodologie

skryf geen afsnypunt vir data-insameling voor (soos wat gewoonlik in ’n kwantitatiewe studie voorkom) nie. Vir solank as wat daar behoefte is aan meer of beter inligting, gaan die proses van data-insameling voort.

### 2.4.2 ANALISE VAN DIE GEGEWENS

Wester en Peters (2004:43) gebruik die volgende skema om die verloop van die proses van kwalitatiewe analise voor te stel:




Die proses is nie eenrigting waarneming-analise-refleksie nie, maar siklies. ’n Spiraal is moontlik die beste skematiese voorstelling van die proses. Dit beweeg sirkulêr, maar terselfdertyd ook in wyer sirkels na bo, om aan te dui dat daar ontwikkeling en vordering is. In ooreenstemming met die onderliggende filosofie, word van ’n interpretatiewe tegniek van data-analise gebruik gemaak, waar die waarnemer sy indrukke, na herhaalde deurloop van die sikliese proses hierbo, struktureer en deursigtig rapporteer (teenoor kodering, herhaalde opsomming, meganiese tegnieke – *Wikipedia* 2009, sv “Qualitative research”).

### 2.4.3 GEVALLESTUDIES: TEGNIEKE VIR DATA-INSAMELING

#### 2.4.3.1 HALF-GESTRUKTUREERDE DIEPTE-ONDERHOUDE MET INDIVIDUE

Die onderhoude in die vooruitsig is half-**gestruktureer**, omdat die navorser spesifieke temas aan die orde wil stel in ooreenstemming met die navorsingsprobleem en ter bereiking van die navorsingsdoelwitte. Die onderhoude is slegs **half-**gestruktureer, omdat die navorsingsfilosofie ruimte

maak vir die onvoorspelbare, unieke bydrae wat elke deelnemer wil maak. Daar is ruimte vir deelnemers om nuwe konsepte, (bv iets waaraan die navorser glad nie gedink het nie, maar tog verband hou met die navorsingsprobleem), te opper. Empiriese data geniet voorrang bo teorie. Die tegnieke van data-insameling moet "oop" genoeg wees om aan al die deelnemers die ruimte te bied om hulle unieke bydraes te maak – ook verrassende bydraes wat glad nie in die voorbereiding van gespreksvrae voorsien is nie.

2.4.3.1(a) Skedule met konsepte vir onderhoude

Die volgende 13 vrae, geoperasionaliseer uit die navorsingsprobleem, navorsingsdoelwitte en die werkshipotese, kom voor op 'n skedule vir die half-gestruktureerde onderhoude:

1. Hierdie ondersoek handel oor die NG Kerk en oor verandering in Suid-Afrika gedurende die jare 1990–2010. Om u te oriënteer, u terugdink aan die Suid-Afrika van die tagtigerjare. Hoe het die samelewing gelyk? Hoe het die NG Kerk gelyk? Wat was die posisie van lidmate van gemeentes van die NG Kerk?
2. Wat sou u sê het verander sedert 1990 – in die samelewing? – in die NG Kerk?
3. Sou u sê NG Kerk-gemeentes en NG Kerk-lidmate het sedert 1990 verlies ondervind waaroor hulle treur? Indien wel, watse soort verlies? Hoe raak verlies en die gepaardgaande treurprosesse lidmate? Hoe raak verlies en treur gemeentes?
4. Dink u lidmate en gemeentes het hulle verliese klaar hanteer en genoeg getreur, of dink u dit is onafgehandel? Van watter tekens of simptome is u bewus wat daarop dui dat NG Kerk-lidmate treur?
5. Sou u saamstem met die volgende drie beskrywings van die treurproses in die Afrikaanse gemeenskap: "langdurig, onvoltooid, kollektief"?
6. Watse rol speel die emigrasie van mense wat ons land verlaat het, in die verlies wat NG Kerk-lidmate beleef?
7. Dink u daar is iets soos kollektiewe verliese en soos kollektiewe treurreaksies?
8. Sou u sê gemeentes van die NG Kerk het 'n besondere taak as die konteks gekenmerk word deur verlies en treur?
9. As u die toestand vergelyk met die jare voor 1990, is dit akkuraat om te beweer dat die NG Kerk na 1990 in haarself gekeer geraak het?

10. Het NG Kerk-lidmate genoeg geestesenergie om al die werk te doen wat ’n gemeente van die Here behoort te doen?
11. Dink u die VERHOUDING van energie, geld, moeite wat in ’n gemeente **na binne** gerig word, teenoor energie, geld, moeite wat **na buite** gerig word, het verander na 1990?
12. Geniet die versorging van die gemeente of die uitbreiding van die koninkryk van God in die praktyk voorrang in u gemeente? Het dit verander na 1990 of is dit konstant?
13. Hoe sou u daaroor voel as u gemeente in hierdie omstandighede ’n bediening aanvaar om ’n fasiliteerder te wees van mense se treurprosesse?

Dit is in ’n half-gestruktureerde onderhoud nie verpligtend dat al 13 vrae aan die orde hoef te kom nie. Die filosofie respekteer die deelnemers se bydrae in so ’n mate dat hulle die gang en die inhoud van die gesprek kan bepaal. Die resultate van ’n onderhoud waarin net die helfte van die vrae ter sprake gekom het, is net so bruikbaar as een waar al die vrae gevra is. Dit is in elke geval die spesifieke respondent se unieke bydrae.

2.4.3.2 ONDERHOUDE MET FOKUSGROEPE

Onderhoude met fokusgroepe is ’n tegniek wat groep-interaksie gebruik om data in te samel. Dit is sedert die Tweede Wêreldoorlog hoofsaaklik in marknavorsing gebruik, maar geniet sedert die tagtigerjare erkenning as navorsingstegniek in die sosiale wetenskappe (Puchta & Potter 2004:4–5). Fokusgroepe word vandag in ’n wye verskeidenheid velde gebruik as navorsingsmetode: marknavorsing, gesondheid, medies, opvoedkunde, sielkunde, kommunikasiekunde, politieke wetenskap, ensovoorts (Puchta & Potter 2004:5–6). Hier word die tegniek gebruik om die data ingewin deur half-gestruktureerde, persoonlike onderhoude en die insette van die deelnemer-waarnemer te komplementeer (vgl Puchta & Potter 2004:7).

Die gebruik van fokusgroepe is aantreklik vir hierdie studie, want die tegniek is ontwerp om baie naby aan die respondente se gewone lewens te beweeg. Fokusgroeponderhoude stel belang in “talk-in-interaction” (Puchta & Potter 2004:1). Gewone spreektaal, veral in ’n informele gespreksituasie, kan baie “morsig” voorkom in vergelyking met netjiese opsommings van gesprekke in meer formele en taalkundig korrekte formaat – soos byvoorbeeld in ’n nuusberig. Maar die netjiese opsommings is reeds weer die skrywer se vertolking van die werklike gesprek en daarom verder

verwyder van die werklike ondersoeksituasie. “Talk-in-interaction is quite different from talk in the grammar book or talk in the philosophy text; it is bound up with people’s lives – their projects, their developing identities, their evaluations” (Puchta & Potter 2004:2). Die doel met fokusgroepe is juis om naby aan die regte lewe en lidmate se egte response te kom, daarom sal die “morsige” taalgebruik net so getranskribeer word.

Daar is konsensus oor twee kern-elemente van fokusgroepe (vgl Puchta & Potter 2004:6):

- ’n Opgeleide **gespreksleier lei die proses** deur van voorafvoorbereide vrae of ’n onderhoudsriglyn gebruik te maak. In hierdie geval is ek as navorser self die gespreksleier wat die geïdentifiseerde groep se gesprek oor die navorsingsonderwerp lei. My opleiding vir die rol as gespreksleier, was vyf jaar se formele studie vir hierdie proefskrif, asook vyf-en-twintig jaar se ervaring met die leiding van verskillende soorte groepe in die voltydse gemeentebediening. ’n Kort gesprekskedule met ses vrae of kwessies wat vir die betrokke gemeente se individuele respondente die belangrikste was, word as riglyn vir gesprek met elke fokusgroep gebruik. Dit word dan telkens voorberei na afloop van die individuele onderhoude. Die prioriteite vir die fokusgroep se onderhoud kom uit die individuele onderhoude wat in die betrokke gemeente gevoer word.
- Die doel is om **groepsinteraksie te gebruik** om die respondente se POBA’s (die Amerikaanse marknavorser Naomi Henderson se akroniem vir *Perceptions, Opinions, Beliefs, Attitudes*) te identifiseer (Puchta & Potter 2004:66). Die leier moet die klimaat skep dat al die groeplede vrymoedig is om hulle gevoelens, menings, houdings, motiewe en persepsies oor die navorsingsonderwerp te lug. In ’n ondersoek van verkennende aard is dit van kritieke belang. By wyse van inleiding sal die gespreksleier sê die doel is om elkeen se unieke bydrae te verkry en dat dit in orde is om ’n ander gevoel of ’n ander mening te hê as ander groeplede. ’n Tegniek om verskeidenheid van opinies te akkommodeer in die groepsgesprek, is om dieselfde vraag op verskillende maniere te vra. Hierdie tegniek is ontwerp om diversiteit na vore te bring. As dit reg hanteer word, open ’n goeie fokusgroep ’n wêreld van multi-subjektiwiteit (Puchta & Potter 2004:120).

Die fokusgroep word bymekaargebring vir ’n spesifieke doel en net vir die duur van die onderhoud. Na afloop van die onderhoud, hou die fokusgroep weer op om te bestaan. Die verhoudings

en interaksie tussen individue in die fokusgroep word gebruik om in diepte in te gaan op net enkele navorsingskwessies: daardie vier of vyf sake wat uit die persoonlike onderhoude na vore getree het as die brandpunte in daardie spesifieke gemeente.

Die beplanning is dat fokusgroepe hier gebruik gaan word op een van die mees algemene maniere waarop fokusgroepe as navorsingstrategie benut kan word: "... in an initial exploratory or hypothesis-generating phase" (Puchta & Potter 2004:7). Fokusgroepe word in hierdie studie gebruik om 'n onbekende veld te verken en 'n bydrae te lewer tot generering van die hipotese.

Die volgorde waarin die verskillende tegnieke vir data-insameling gebruik word, is dus dat die persoonlike onderhoude eerste gevoer word en dat die fokusgroep in opvolg daarvan gebruik word. Na afloop van die insameling van data deur hierdie twee tegnieke te gebruik, is dit die taak van die navorser om die gehalte van die data te evalueer. As die gehalte van die data nie na wense is nie, behoort ander tegnieke ook gebruik te word, totdat die data se gehalte en volume bevredigend is.

#### 2.4.3.3 ANALISE VAN GEMEENTELIKE DOKUMENTE

Gemeentelike dokumente soos kerkraadsnotules, nuusbriewe, afkondigingblaadjies, kerkalmanakke, ensovoorts, kan nagegaan word.

### 2.4.4 SELEKSIE VAN DRIE GEMEENTES VIR GEVALLESTUDIES

Op grond van die afgrensings vir die studie, wat in hoofstuk 1 gedoen is (sien p 13–15), bepaal die empiriese ondersoek hom

- by stemme van gemeentes
- slegs by stemme van NG Kerk-gemeentes
- geografies tot die NG Kerk se Noordelike Sinode

As deel van die kwalitatiewe navorsingsfilosofie wat hierbo bespreek is, word 'n klein navorsingsveld van slegs drie gemeentes gekies om in diepte te ondersoek. Om deelnemers se privaatheid te beskerm, sal hierdie studie verwys na gemeente 1, gemeente 2 en gemeente 3.

#### 2.4.4.1 EERS ’N GEHEELBEELD

Om ’n sinvolle seleksie van drie gemeentes te doen, is dit nodig om eers ’n geheelbeeld te kry van al die gemeentes waaruit die seleksie gedoen moet word.

Daar is altesaam 126 gemeentes in die Noordelike Sinode, wat georganiseer is in 19 ringe. Die gebied wat ter sprake is, sluit die gedeelte van Pretoria wes van die N1 nasionale pad in, dus ’n groot area in die sentrale, noordelike, suidelike en westelike dele van Pretoria en Centurion, noordelike Gauteng, die noordelike deel van die Noordwesprovinsie, die grootste gedeelte van die Limpopoprovinsie, Zimbabwe en Zambië, Botswana, Namibië se Caprivistrook en Engeland. Daar is middestadsgemeentes soos Pretoria en Pietersburg; voorstedelike gemeentes soos Montana, Suidoos-Pretoria en Pietersburg-Noord; gemeentes in groot myn- en industriële dorpe soos Lephalale, Brits en Rustenburg; in groter plattelandse dorpe soos Bela-Bela, Mokopane en Louis Trichardt; op klein plattelandse dorpies soos Vaalwater en Dendron; in afgeleë boerderygebiede soos Swartwater en Marken. Daar is ook gemeentes in die buiteland soos Kadoma en die SA Gemeente in Londen.

#### 2.4.4.2 SELEKSIE IS NIE VERTEENWOORDIGEND VAN ALLE GEMEENTES NIE

Om haalbaar te wees ten opsigte van die navorser se tyd, geld en binne die beperkte ruimte van ’n proefskrif, word drie gemeentes geselekteer wat baie van mekaar verskil, maar die aanspraak is nie om ten opsigte van alle tersake faktore verteenwoordigend te wees van die hele Noordelike Sinode se gemeentes nie. As gevolg van beperkte tyd en geld, word buitelandse gemeentes byvoorbeeld buite rekening gelaat (hoewel gevallestudies in buitelandse gemeentes hoogs interessante perspektiewe op verandering in Suid-Afrika sou kon oplewer!).

#### 2.4.4.3 SELEKSIE STREEF WEL DAARNA OM VERSKEIDENHEID WEER TE GEE:

FAKTORANALISE

Gemeentes word geselekteer om wel ’n verskeidenheid weer te gee ten opsigte van die volgende vyf faktore, wat moontlik ’n beduidende invloed kan hê op respondente se belewenis van die navorsingsprobleem.

- Die **mate van samelewingsverandering** waaraan ’n gemeente onderwerp is ná 1990. In terme van die tema van die ondersoek, is hierdie veranderlike die belangrikste. Al die binnelandse gemeentes leef in dieselfde makro-konteks, naamlik die nuwe Suid-Afrika. Maar sekere gemeentes beleef radikale, plaaslike veranderings onder die nuwe politieke bedeling en ander gemeentes nie. Een gemeente is geselekteer uit ’n baie stabiele gebied waar die impak van samelewingsverandering laag is. Die ander twee gemeentes het drastiese veranderings ondervind, maar veranderings van uiteenlopende aard.
- Die **tipe samelewingsverandering** waaraan ’n gemeente onderwerp word. Drie uiteenlopende tipes samelewingsveranderings is geselekteer. Een gemeente se setel het na 1990 in grootte verdubbel, weer verdubbel en in die proses grootstadstatus ontvang. In ’n tweede gemeente se omgewing het die nuwe staatkundige bestel en grondeise ’n uittog van blankes tot gevolg gehad. Die derde gemeente het vinnige uitbreidings van die omliggende woonbuurte en die oprigting van dosyne sekuriteitskomplekse beleef.
- Groot **demografiese verskuiwings** was op sekere plekke deel van die pakket van die nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika, terwyl ander plekke nie soseer geraak is nie. Een gemeente is gekies in ’n omgewing waar ’n voormalige tuisland en tuislandregering in 1994 ontbind is. Nog ’n gemeente is gekies, omdat hulle dorp een van die nege nuwe provinsies se hoofstad geword het en al die nuwe provinsiale regeringstrukture ná 1994 daar gevestig is. Die derde gemeente is gekies uit ’n area waar demografiese verskuiwings in die nuwe konstitusionele bedeling nie ’n rol gespeel het nie.
- **Ligging**: Een voorstedelike gemeente is gekies, een middestadsgemeente en een landelike gemeente. Twee gemeentes is in Limpopo en een in Gauteng.
- **Sosio-ekonomiese faktore**. In die Noordelike Sinode se geografiese gebied, is daar ten opsigte van welvaart, kundigheid, hulpbronne, ontwikkeling ensovoorts, ’n groot verskil tussen die drie provinsies, naamlik Gauteng, Limpopo en Noordwes. Daar is ook ‘n groot verskil tussen verskillende areas in dieselfde provinsie. Een gekose gemeente is ooglopend welvarend en die meeste lidmate is uit die hoër middelklas. ’n Tweede gemeente het ’n dekade gelede al finansiële noodmaatreëls getref om haar voortbestaan te verseker. Die derde gemeente is in ’n gebied waar ’n groot deel van die welvaart en infrastruktuur waaraan die gemeente gewoond was, gedurende die afgelope dekade tot niet gegaan het.

### 2.4.5 SELEKSIE VAN RESPONDENTE

Uit die aard van die saak kan alle lidmate van die drie gemeentes nie aan die woord gestel word nie. Dit is ook nie die bedoeling nie. Die bedoeling volgens die titel van die studie is om *stemme uit gemeentes* aan die woord te stel. Vervolgens moet krities besin word oor *hoeveel* stemme van respondente aan die woord gestel gaan word en *hoe* daardie *respondente geselekteer* gaan word.

Voorlopig word vyf respondente by die half-gestruktureerde onderhoude betrek en tussen vyf en tien ander respondente by die fokusgroep. Dit beteken dat daar na tussen 10 en 15 verskillende stemme uit elke gemeente geluister word. Die getal stemme word *slegs voorlopig* beperk tussen 10 en 15. In die kwalitatiewe navorsingstrategie is dit deel van die navorser se taak om as 'n "detached observer" die gehalte van die data en die volume van die data gedurig krities te beoordeel (Dreyer 1998:23–24). As dit blyk dat 10 tot 15 stemme te min was om 'n behoorlike beeld van die gemeente in die gevallestudie te gee, kan die navorser besluit om nog half-gestruktureerde onderhoude en/of onderhoude met fokusgroepe te reël.

In beide die half-gestruktureerde onderhoude as die fokusgroepe, geld die beginsel dat daarna gestreef word om 'n verskeidenheid stemme aan die woord te stel: manlik en vroulik, oud en jonk, een leraar, kerkraadslede en nie-kerkraadslede, verskeidenheid ten opsigte van rol in die gemeente en gemeenskap. Geen enkele respondent se stem mag oorheersend wees nie. Die doel is om ryk data te versamel. Dit mag wees dat daar in 'n betrokke gemeente spesifieke, kontekstuele faktore is wat 'n groot rol speel en daarom in ag geneem behoort te word by die seleksie van respondente. Dit sal in elke geval uitgeklaar word voor die respondente gekies word.

In elke gemeente word die volgende respondente gekies vir half-gestruktureerde onderhoude:

- 'n Predikant. Een van die gemeentes het net een predikant. In die ander twee gemeentes, wat meer as een predikant het, word 'n leraar gekies wat al lank in die gemeente dien, met die oog op prosesbeskrywing. Die twee predikante wat geselekteer is, dien onderskeidelik 24 jaar en 30 jaar in hulle gemeentes. Die plaaslike predikante word gevra om te help met die keuse van die ander respondente, sodat verskeidenheid verteenwoordig word.
- 'n Egpaar. Die verwagting is dat die dinamiek van 'n onderhoud met 'n egpaar anders sal

wees as in individuele onderhoude en dat dit data sal oplewer wat verskil van beide individuele onderhoude en fokusgroepe. Dit dra by tot verskeidenheid.

- Nog twee individue.

In elke gemeente is daar dus vier onderhoude met vyf respondente.

Fokusgroepe word ook met die hulp van die plaaslike leraar en/of saakgelastigde saamgestel. Weer eens is die strewe om verskeidenheid in die groep te hê ten opsigte van al die faktore wat hierbo genoem is. Respondente wat deelgeneem het aan die half-gestruktureerde onderhoude (en hulle naasbestaandes) mag nie deelneem aan die fokusgroepe nie, sodat ’n verskeidenheid stemme aan die woord kom en niemand se stem oorheers nie.

### 2.4.6 PROSEDURE MET INDIVIDUELE ONDERHOUDE EN FOKUSGROEPE

Die kerkraad van al drie betrokke gemeentes moet, vir ooglopende etiese redes, toestemming gee dat onderhoude gevoer mag word en dat die inhoud van die onderhoude vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word. Daar word, met die toestemming van die respondente, ’n klankopname van elke onderhoud gemaak. (Die ideaal sou wees om klank- en beeldopnames te maak, sodat die nieverbale aspekte van kommunikasie ook vasgelê kon word. Dit was egter nie moontlik binne die beperkings van beskikbare geld en tyd vir die ondersoek nie.) Die riglyn vir die lengte van onderhoude is 45 tot 60 minute. Ek poog as onderhoudvoerder om al 13 vrae aan die orde te stel. Dit is egter volgens die navorsingsfilosofie nie verpligtend nie. Die respondente bepaal die ritme en die tempo van die onderhoud.

Waar moontlik, maak ek self die afsprake met die respondente. As dit nie moontlik is nie, word die plaaslike predikant of kerkkantoor gevra om behulpsaam te wees daarmee. Die vrae word vooraf aan die respondente beskikbaar gestel, indien hulle dit wil sien. Individuele onderhoude is gewoonlik by die respondent se eie huis, of alternatiewelik by hulle kerk. Die respondente moet op hulle gemak wees en vrymoedig voel in die onderhoud, sodat hulle hul menings en gevoelens eerlik kan lug.

Die fokusgroepe kom by die kerk bymekaar. Daar word ongeveer 10 minute aan ’n kenmekaar-

sessie afgestaan, omdat dit belangrik is dat die groeplede vrymoedig moet voel by mekaar.

Na die onderhoude gevoer is, transkribeer die navorser al die klankopnames self. Dit is tydrowende werk, maar dit dwing die navorser om kennis te neem van elke woord, elke frase en elke stilte. Die transkribeerwerk is die eerste fase van die inhoudsanalise. Die ideaal is om die transkripsies so gou as moontlik na die onderhoude te doen. Die "morsige" taalgebruik van ’n lewendige onderhoud word net so behou in die transkripsies. Dit word nie geredigeer of taalkundig verbeter nie. Die klankopnames sowel as die transkripsies is op aanvraag beskikbaar by die navorser, waar dit bewaar word vir minstens vyf jaar na die publikasie van die proefskrif.

As deelnemer-waarnemer sal ek probeer om soveel as moontlik waar te neem tydens die besoeke aan die gemeentes en boek te hou van die waarnemings, sodat dit geïntegreerd met die resultate van die onderhoude aangebied kan word as navorsingsresultate.

As uit die resultate van die navorsingsprojek wat hier beplan is, blyk dat daar inderdaad ’n onafgehandelde, kollektiewe treurproses in gemeentes heers, het die ondersoek reeds ’n bydrae gemaak tot teologiese teorievorming. Lidmate en gemeentes se verlies word sodoende die onderwerp vir teologiese besinning. ’n Spesifieke konteks en ’n spesifieke aspek van gelowiges se nood in daardie konteks kan dan verder gevoer word deur dit op te neem in die drieslag prakties-teologiese werkswyse. Die bydrae tot ontwikkeling van die vakgebied begin by die empiriese ondersoek, maar word voltooi in die laaste, integrerende hoofstuk.

### 2.4.7 KORT BESKRYWING VAN GESELEKTEERDE GEMEENTES

**Gemeente 1** is ’n klein, landelike gemeente wat ’n boeregemeenskap bedien. Volgens die *Jaarboek van die NG Kerk* (2010) is daar ’n totaal van 447 lidmate, wat gemeente 1 een van die kleiner gemeentes in die Noordelike Sinode maak. Die gemeente is sedert sy stigting nog altyd bedien deur een leraar. Gemeente 1 leef in die nadraai van groot verlies aan lidmate en verandering van die totale karakter van die gemeente en gemeenskap, nadat ’n voormalige tuisland in 1994 ontbind is en groot getalle staatsamptenare en dosente van die plaaslike universiteit die omgewing verlaat het. Die gemeente leef ook in die nadraai van grootskaalse verandering in die gemeenskap as gevolg van die regering se grondhervormingsbeleid. Baie landbouers het die omgewing verlaat. Nog twee faktore het die gemeente aan verandering en verlies blootgestel: blanke werknemers (’n

groot persentasie van hulle NG Kerk-lidmate) van die Krugerwildtuin is as deel van die regering se transformasiebeleid vervang met swart werknemers en gemeente 1 het tientalle lidmate en 'n bedieningspunt verloor. Dieselfde het gebeur met die staatsbosbougemeenskap. Die meerderheid lidmate van gemeente 1 is voltydse landbouers, wat hoofsaaklik met langtermyngewasse boer. Gemeente 1 is waarskynlik een van dié gemeentes in die Noordelike Sinode wat die aan die mees radikale samelewingsveranderings onderwerp is.

**Gemeente 2** se karakter het die afgelope dekades verander van 'n plattelandse gemeente in 'n middestadsgemeente. Volgens die *Jaarboek van die NG Kerk* (2010) is daar ongeveer 2 000 lidmate in totaal, wat gemeente 2 'n redelike groot gemeente in die Noordelike Sinode maak. Die gemeente word bedien deur twee leraars en 'n pastorale hulp. Na 1994 se staatkundige veranderings, toe voormalige tuislande en provinsies ontbind is en Suid-Afrika ingedeel is in nege provinsies, het gemeente 2 se setel se status verander van 'n groot, plattelandse dorp na die hoofstad van 'n provinsie. Die stadskern het op groot skaal uitgebrei om die provinsiale wetgewer en al die verskillende staatsdepartemente se provinsiale hoofkantore te huisves. Daar het drastiese demografiese verskuiwings plaasgevind: groot getalle (swart) staatsamptenare het daar kom woon, wat 'n nuwe swart middelklas en hoër middelklas baie vinnig laat vestig het. Gemeente 2, met sy kerkgebou in die middestad, het uiteraard al hierdie veranderings meegemaak.

**Gemeente 3** is gestig in 1979 en is 'n relatiewe jong, voorstedelike gemeente in Pretoria. Volgens die *Jaarboek van die NG Kerk* (2010) het die gemeente 'n totale lidmaattal van meer as 4 000, wat dit een van die grootste gemeentes in die Noordelike Sinode maak. Vyf voltydse leraars, 'n tentmakerleraar en 'n jeugwerker bedien die gemeente. Die voorstede in die omgewing van die kerkgebou het gedurende die afgelope 50 jaar baie vinnig uitgebrei. Omdat gemeente 3 tans 31 jaar oud is, is die logiese afleiding dat die gemeente periodes van baie vinnige groei beleef het om in die relatiewe kort tydperk 'n lidmaattal van meer as 4 000 te bereik. Veranderings in die onmiddellike omgewing van die gemeente was waarskynlik positief vir die ontwikkeling van die gemeente. Die woonbuurte in die omgewing van die kerkgebou, waar meeste van die lidmate waarskynlik woon, is relatief stabiele en sosio-ekonomies middelklas tot hoër-middelklas woonbuurte. Die bevolkingsamestelling is hoofsaaklik blank. Daar woon 'n groot persentasie jong gesinne. Gemeente 3 is nie bekend as 'n gemeente wat meer krisisse as ander moes trotseer die afgelope twee dekades nie.

Al bogenoemde feite in verband met al drie die gekose gemeentes was aan my bekend as deelnemer-waarnemer en dit het die keuse van die gemeentes vir gevallestudies bepaal. Tot sover die navorsingsontwerp.

## TEN SLOTTE

Die resultate van die empiriese ondersoek wat hier ontwerp is, word in hoofstuk 5 gerapporteer. Maar eers word voortgegaan met die ontwikkeling van die studie se konseptuele raamwerk. Hierdie hoofstuk het grondliggende wetenskapsteoretiese keuses uiteen gesit. Belangrike beslissings oor die vakgebied praktiese teologie is uiteengesit. In die volgende hoofstuk word voortgegaan met die hermeneutiese siklus van die breë navorsingsmodel. Die teorie van een van die "nuwe" praktiese teologie se "nuwe" onderafdelings, gemeentebou, word ontwikkel in samehang met sisteemdenke as metateorie onderliggend aan die praktiese teologie.

# HOOFSTUK 3

# GEMEENTEBOU IN SISTEMIESE PERSPEKTIEF

Die doel van hierdie hoofstuk is:

- Om aan te toon dat ekosisteemdenke as metateorie nodig is vir die praktiese teologie in die algemeen en vir gemeentebou in die besonder.
- Om aan te toon dat daar die afgelope dekades, in samehang met ’n epistemologiese paradigmaskuif, ’n ontwikkeling binne die geesteswetenskappe plaasgevind het wat die klem verskuif het van die individu en die onderdele na die sisteem en die geheel.
- Om insig te verdiep in die feit dat die NG Kerk ekologies/sistemies verbind is aan die groter Afrika- en wêreldwye konteks en dat veranderinge in die verskillende kontekste die NG Kerk ten diepste raak.
- Om die eksegetiese basis vir gemeentebou as omvattende, reformatoriese bediening te verbreed.
- Om ’n werksdefinisie vir gemeentebou te formuleer.

## 3.1 SISTEEMTEORIE

Die hermeneutiese siklus van die breë navorsingstrategie wat hierdie studie volg, word nou voortgesit met ’n literatuurstudie en integrerende teologiese denke oor die sisteemteorie en gemeentebou. Verlies wat NG Kerk-lidmate en gemeentes beleef, is sistemiese gebeure. Mense is onlosmaaklik verbind aan verskillende sisteme waarbinne hulle funksioneer. Geen onderdeel bly onaangeraak, wanneer die sisteme waarvan hulle deel is, beweeg nie. Geen individu of gemeente se reaksies op verandering in Suid-Afrika kan in isolasie verstaan word nie, “omdat godsdienst en kerk nu eenmaal niet in een sociaal vacuüm functioneren” (Dekker 1987:7). Geen gelowige leef in afsondering nie en geen mens kan net as ’n blote individu, gestroop van alle konteks, genoegsaam

verstaan of beskryf word nie. Kennis van die samelewing en van die sosiale aspekte van kerkwees is onmisbaar vir dieper insig in die funksionering van die godsdienstige en kerklike lewe. Die kerk as ’n sosiologiese verskynsel, vertoon dieselfde eienskappe en dinamiek as ander sosiale bewegings (Kok & Niemandt 2009:502). Gemeentebou is ’n grondig sistemiese bediening, omdat dit geïnteresseerd is in die samehang tussen en integrasie van al die bedienings van ’n gemeente (Nel 1994:9–12; Burger 1995:13–21). Die navorsingsprobleem is eweneens ’n grondig sistemiese probleem, omdat dit die verklaring vir ’n ongebalanseerde gemeenteboupraktyk soek by kollektiewe reaksies in gemeentesisteme op verskuiwings in die makrosisteme. Die pyn wat die gemeentesisteme ervaar, is afskeidspyne met hulle oorsprong in grootskaalse politieke veranderings in Suid-Afrika en die kontinent van Afrika, asook ’n mentaliteitsverandering in die Weste.

Die funksionering van die samelewing in sy wydste sin, as konteks vir die kommunikatiewe handelinge van gelowiges, is ter sprake in die praktiese teologie (Dingemans 1996(a):146–147). Die veld van die praktiese teologie word beskryf as die Christelike teenwoordigheid in die samelewing (Heitink 1993:277). Die *soort* teenwoordigheid is krities-solidêr. Die gemeente as ’n wesenlik missionêre gemeenskap het ’n vreemdelingsrol te speel in die wêreld en kan nie anders bestaan nie as in wisselwerking met die groter gemeenskap (Bosch 1979: 224). Een van die grootste uitdagings aan die kerk van die derde millenium is om sy ware identiteit in die wêreld te herontdek: “... the (re)discovery and (re)awakening of the lost dynamics of our missional-incarnational movement ethos” (Kok & Niemandt 2009:205). Hierdie universele uitdaging is in dubbele mate waar vir die NG Kerk in die nuwe Suid-Afrika.

### 3.1.1 SISTEEMTEORIE ONDERLIGGEND AAN PRAKTIESE TEOLOGIE

Hierdie studie aanvaar Firet (1980:22–25, 1987:40–43), De Jongh van Arkel (1991(a):61–64) en Nel (1994:191–192) se oordeel dat die sisteemteorie, net soos die kommunikatiewe handelingsteorie, noodsaaklik is as teoretiese raamwerk onderliggend aan die praktiese teologie. Die kommunikatiewe handelinge wat praktiese teologie bestudeer, word gewoonlik as handelings*sisteme* gekwalifiseer. Praktiese teologie probeer om ’n greep te kry op enkelinge en groepe se woorde en dade binne ’n verskeidenheid van handelingsvelde en organisasievorms. Die geloofshandelinge wat beskou word, staan nie in isolasie nie, maar altyd in wisselwerking en in konteks. Die kommunikatiewe handelingsteorie en die sisteemteorie funksioneer onderliggend aan die praktiese teologie en

is komplementêr tot mekaar. “Daar is verskeie raakvlakke en ooreenkomste sodat die een ’n aanvulling vir die ander kan wees” (De Jongh van Arkel 1991(a):62). ’n Wetenskaplike teorie is nodig wat wisselwerking tussen die verskillende teologiese vakke en ander wetenskaplike dissiplines toelaat en kompartementalisering tot ’n mate kan teëwerk. Praktiese teologie het na sy aard nodig om te funksioneer in die dinamiese ruimte van interdissiplinêre gesprek (Van Huyssteen 2006; Müller 2009). Firet (1987:41) se voorstel, wat ek hartlik ondersteun, is dat die aansluiting en nodige integrasie tussen deeldissiplines binne die praktiese teologie, asook tussen praktiese teologie en ander wetenskapsdissiplines by die Algemene Sisteemteorie gesoek moet word.

Wat hierdie studie betref, is ’n teorie nodig wat aandui waarom veranderings in die Suider-Afrikaanse en wêreldwye makro-konteks individue en gemeentes se lewens so intens raak. ’n Teorie is nodig wat kan aandui hoe sowel ’n individu as ’n gemeente grondig deur die konteks beïnvloed word; hoe ’n mens op sy beurt weer invloed het op die sisteme waarbinne hy lewe; hoe verskillende sisteme in die groter konteks mekaar oor en weer beïnvloed. Firet (1987:41) toon aan dat die praktiese teologie altyd geïnteresseerd is in oop sisteme, “dat wil zeggen systemen die in een uitwisselingsrelatie staan met een omgeving”. Die sisteemteorie voldoen aan bogenoemde vereistes. Wanneer gemeentes met die sisteemteorie se uitgangspunte beskou word, word aanvaar dat gemeentes sosiologies en andersins bestaan as onderdele van die groter gemeenskap. Dit is dan duidelik dat die kerk deur die gemeenskap beïnvloed word en dat die kerk op sy beurt ook weer invloed op die gemeenskap het. “Naas die kommunikatiewe handelingsteorie word die sisteemteorie ook op meta-teoretiese vlak aanvaar ... Die praktiese teologie het ’n binokulêre meta-teorie. Soos aparte lense van ’n bril bied dit ’n binokulêre visie op die studieveld. Daar word aanvaar dat die kommunikatiewe handelingsteorie en die sisteemteorie komplimentêr tot mekaar is” (De Jongh van Arkel 1991(a):61–62).

Verskeie definisies van “sisteem” kom in die literatuur voor, maar al die definisies het twee punte met mekaar gemeen: die geheel (en nie die dele nie) word beskou en die dele van die geheel staan almal in interverhoudings tot mekaar (Firet 1987:41).

Binne hierdie sfeer van denke word die individu beskou as deel van ’n verskeidenheid sosiale groepe. Vir lidmate van die NG Kerk is hulle plaaslike gemeente een sodanige sosiale sisteem. Gemeentes funksioneer op hulle beurt ook weer as deel van ’n groter sisteem, of eerder, ’n veel-

heid van groter sisteme. Voorbeelde van alledaagse sisteme waarbinne mense funksioneer is gesinne, families, werkkringe, gemeentes, Blou Bul-ondersteuners, die Afrikaanse taalgemeenskap, die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, ensovoorts. Die sisteme oorvleuel en beïnvloed mekaar oor en weer. Mense se gedrag en reaksies kan slegs sinvol begryp en vertolk word binne hierdie sisteme.

Dit was nie altyd so dat geloofshandelinge en gemeentes sistemies beskou is nie. Die opkoms van familieterapie in die tweede helfte van die vorige eeu, het die aandag in die sosiale wetenskappe gevestig op sistemiese verbande, op die noodsaaklikheid daarvan om anders na mense en mense se problematiek te kyk. ’n Soortgelyke skuif na sisteme het ook voorgekom in ander vakrigtings soos biologie en geografie (De Jongh van Arkel 1991(a):66-68). Familieterapeute het uit die hoek van die geesteswetenskappe ’n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van ander konsepte, ’n ander verstaansraamwerk, as waarmee die helpende professies tot ’n paar dekades gelede gewerk het. Die verskuiwings was grondliggend; niks minder nie as die ontwerp van ’n nuwe epistemologie vir die menswetenskappe. Die verbande tussen ’n *“relatiwiteitsteorie”* vanuit die fisika (wat fisiese elemente soos ruimte, tyd, gravitasie, massa, energie, ensovoorts relatief tot mekaar stel) en ’n *“sisteemteorie”* vanuit die sosiale wetenskappe wat aantoon dat die onderdele van menslike sosiale sisteme mekaar almal beïnvloed, is ooglopend. Die menswetenskappe het in die tweede helfte van die vorige eeu ook nie liniêr en egalig ontwikkel nie, maar hulle denkleiers het ’n nuwe epistemologie vir hulle studierigtings ontwerp. Ek neem vir hierdie doel hoofsaaklik gedagtes oor by die familie- en narratiewe terapeute Hoffman (1981), Friedman (1985) en Freedman en Combs (1996). Ek sluit ook by De Jongh van Arkel (1991(a)) en Firet (1980:22–25, 1987:40–43) aan oor hoe sisteemdenke bruikbaar gemaak kan word in die praktiese teologie.

### 3.1.2 FREUD SE FOKUS OP DIE INDIVIDU

Die insig dat ’n mens slegs *in konteks* genoegsaam verstaan kan word, was nie altyd vanselfsprekend binne die Westerse geesteswetenskappe nie. Sielkunde is byvoorbeeld in die vroeë 1900’s gedomineer deur Freud se denke en ’n styl van psigoanalise wat die pasiënt met die simptome doelbewus alleen gespreek het. Freud se deurbraak was die ontdekking van die onderbewuste. Hy het gefokus op die individu se psige en onderbewuste. Pasiënte se “probleem” het volgens sy teorie gesetel in die individu se psige en onderbewuste. Daarom was sy terapeutiese metode om

die pasiënt te isoleer, die dieptes van psige en onderbewuste te ondersoek en die geheime daarvan te ontrafel. Die psigoterapeut het veral belang gestel in trauma in sy pasiënt se kinderjare, hoe dit na die onderbewuste onderdruk is, maar steeds die mens se psigiese funksionering beïnvloed (vgl Morris 1979:12).

Die familie, vriendekring, werkgewer en ander verteenwoordigers van die sisteme waarbinne die kliënt gelewe het, is uitgesluit. Hulle is nie beskou as deel van die probleem of as deel van die oplossing nie en was nie by terapie betrokke nie. In die terapeutiese verhouding was dit slegs die kliënt en die terapeut. Donald A Bloch (in Hoffman 1981:xi–xii) toon aan hoe daar tussen 1920 en 1950 ’n eerste beweging van groei plaasgevind het om aan die *konteks* ’n regmatige plek toe te ken. Daar het vanaf die 1920’s binne psigoanalitiese kringe ’n onbehae ontwikkel met die dubbele isolasie van hulle werkswyse: die isolasie van psigoterapie van ander vertakkings van die wetenskap, en isolasie van die terapeut en kliënt van die sisteme waarbinne die kliënt lewe. “Clinical psychiatry during that period (*1920’s WSB*) and the more important years following World War II, was dominated by psychoanalysis, itself already struggling with revisionist movements” (Donald A Bloch in Hoffman 1981:xi).

Die familieterapiebeweging het al meer erkenning daaraan gegee dat die pasiënt nie in isolasie van die groepe waarbinne hy funksioneer, verstaan kan word nie. “The difference was context – first, that context, in linear terms, had an effect” (Bloch in Hoffman 1981:xii). Uit kliniese werk het dit al meer duidelik geraak: pasiënte met simptome se gesinne, families, vriendekringe en werkkringe speel ’n rol. Prominente sielkundiges het in die laat veertigerjare, vir die eerste keer sedert die geboorte van die Sielkunde as ’n selfstandige vakgebied, aandag gegee aan die konteks! Die natuurlike uitvloeisel was dat pasiënte se families in die na-oorlogse jare vir die eerste keer by terapie betrek is.

### 3.1.3 EERSTE DEURBRAAK: FOKUS OP INTERAKSIE

Die vak praktiese teologie het die sisteemteorie nodig en ek gaan voort om die ontwikkeling daarvan in die familieterapiebeweging te beskryf, aangesien familieterapie vroeg reeds die kwantumsprong geneem het deur die na-Einstein epistemologie toe te pas op ’n geesteswetenskap. Praktiese

teologie het by die familieterapiebeweging geleer hoe om die sistemiese meta-teorie bruikbaar te maak vir die vak deur dit te integreer in die heersende teologiese teorieë.

Die probleem van die klassieke psigoanalise was dat teoretici onbewus was van die netwerk van verhoudingsisteme waarbinne mense lewe en die grondige mate waarin dit hulle funksionering beïnvloed. Soos die ou Sjinese spreekwoord sê, is dit net die visse self wat nie weet dit is water waarin hulle swem nie. Die verhoudingsisteme is so vanselfsprekend dat dit, soos ’n glasdeur, maklik misgekyk kan word. Daarom het Freud en die eerste geslag psigoanaliste se teoretiese aannames hulle gelei om hulle pasiënte en die pasiënte se simptome te isoleer.

In die wêreld van geestesgesondheid het ’n nuwe beweging en ’n nuwe teorie in die jare na die Tweede Wêreldoorlog gestalte begin kry. Terapeute soos Gregory Batgeson, Jay Haley, Salvador Minuchin, Lynn Hoffman, Evan Imber-Black en vele ander het familieterapie of sistemiese terapie ontwikkel (Hoffman 1981:16-36). Hulle het die aannames van die nuwe, ontwikkelende, na-Einstein epistemologie benut. Hulle het nie belang gestel om psigoanalise te hersien nie, want hulle het die klassieke psigoanalise se intrapsigiese aannames in totaliteit verwerp. Hulle het die klem verskuif van die individu en die onderdele na die sisteem en die geheel. Die mens kan nie in isolasie verstaan of behandel word nie. Inteendeel, die mens is ’n verhoudingswese en bestaan in interaksie (met ouers, gesin, vriende, skoolgemeenskap, buurt, munisipaliteit, gesondheidsisteem, terapeute, ens). Hoffman (1981:3) noem familieterapie “… more than just a novel therapeutic technique; it is based on new assumptions about human behaviour and human interaction that have far-reaching implications.” Praktiese teologie kan nie afsydig staan ten opsigte van hierdie ontwikkelings nie, want sy studieveld behels ook mense en die handelinge van mense. Lidmate is binne ’n gemeente in interaksie met mekaar. Gemeentes is gedurig in interaksie met lidmate, besoekers, ander gemeentes en kerkverbande, gemeenskapsinstellings soos sportklubs, staatsinstellings soos die plaaslike hospitaal en polisiekantoor, wetgewing, ensovoorts.

### 3.1.3.1 SIRKULÊRE KOUSALITEIT

Een van familieterapie se kernaannames het te doen met sirkulêre kousaliteit, wat ’n vreemde konsep was in die Westerse menswetenskappe se denktradisie. Geestessiektes is tradisioneel verstaan in terme van liniêre kousaliteit – in ooreenstemming met die heersende wetenskaps- en mediese

model na Newton. ’n Simptoom het ’n oorsaak (medies of psigies). Die terapeut of psigiater moes die oorsaak soek en dit behandel, hetsy met medikasie of met psigoterapie. Sodra die oorsaak uit die weg geruim is, sal die simptoom ook verdwyn (Hoffman 1981:6). Die teoretiese aannames, onderliggend aan geestesongesteldheid en terapie was dus eenvoudige, liniêre oorsaak en gevolg. Die aanname was dat die geestesongesteldheid in die persoon self setel – hetsy in sy gene, sy bio-chemiese samestelling of in sy psigiese ontwikkeling. Die terapeut se optrede op grond van daardie teorie was die volgende: isoleer die oorsaak, behandel dit en die gevolg, naamlik die geestes-ongesteldheid, moet verdwyn.

Onbehae met die liniêre aannames in die gangbare teorieë het gegroei, omdat so baie pasiënte se probleme juis nie langs hierdie weg opgelos kon word nie. Uit die praktyk kon afgelei word dat die teorie foutief was. Vanuit gemeentebou kan solank opmerk word dat ’n gemeente ook nie liniêr, in een rigting, as gevolg van een oorsaak, ontwikkel nie. Die gemeentepraktyk is veel meer kompleks en kan nie genoegsaam met ’n liniêre model verstaan word nie. Die gemeentestorie is een met baie fasette en verhale, soos ’n groot rivier wat die resultaat is van die samevloeiing van baie kleiner strome. Gemeentebou, as ’n kritiese teorie van gemeente-ontwikkeling, wat poog om die empiriese gemeente te verstaan en strategiese voorstelle oor toekomstige geloofshandelinge te maak, kan nie liniêr dink nie. Talle faktore speel in op mekaar en op die gemeente. Die meer komplekse model van sirkulêre oorsaaklikheid bied meer moontlikhede, omdat die werklikheid waarbinne gemeentes bestaan, kompleks is.

Die beweging van liniariteit na sirkulariteit, van individuele terapie na sistemiese terapie is nie net ’n gier in die veld van geestesgesondheid nie, maar deel van ’n baie meer omvattende epistemologiese skuif. Hoffman (1981:349) verwoord, na dekades se werk in die verskuiwende kliniese praktyk, aspekte van die nuwe model soos volg: “It is multifaceted and therefore systemic. It sets no part over any other part, so it is not dualistic. It does not chop the ecology to pieces, so it is holistic. It links the viewer of one period to the viewer of another, so it is recursive. And it is evolutionary because it highlights a shift toward greater complexity between these different times.”

Ek aanvaar veelvoudige sirkulêre kousaliteit as een van die onderdele van ’n verstaansraamwerk vir die praktiese teologie. Dit verklaar waarom kerklike response op verandering in ons land so moeilik is: alle lidmate, predikante, gemeentes en kerkverbande is deel van sisteme. Hulle leef en

reageer in ’n verskeidenheid sisteme. Om dit moeiliker te maak: nie almal is deel van dieselfde sisteme nie; nie almal ervaar dieselfde dinge nie. Een mens het nie presies dieselfde inligting as ’n ander nie; die invloed van gebeure, mense en sisteme op mekaar is nie voorspelbaar nie. Mense en gemeenskappe reageer nie liniêr of eenders of voorspelbaar nie; hulle wêrelde is nie eendimensioneel nie. Die problematiek van NG Kerk-gemeentes se aanpassing in die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika is hoogs kompleks, wederkerig en sirkulêr. Die sisteemteorie bied aan die praktiese teologie die konsepte om te begryp wat aangaan: die vele afskeide en komplekse verliese in NG Kerk-geledere – as gevolg van groot en radikale verskuiwings in die samelewing.

3.1.3.2 WAT GEBEUR ELDERS?

*“Wat elders gebeur, is belangrik om te verstaan wat hier aangaan”* is ’n belangrike sistemiese insig. Weerkundiges verstaan hierdie beginsel: die weer kan nie van een punt af verstaan of voorspel word nie. ’n Mens moet weet wat op die oomblik elders aangaan, want dit beïnvloed wat jy binnekort hier kan verwag. Weersatelliete en reekse satellietfoto’s wat op ons televisieskerms die beweging van reuse weerstelsels visueel aandui, gee die mens “hier” ’n totale ander insig in wat “elders” gebeur en van wat jy gevolglik waarskynlik in die toekoms “hier” kan verwag. Dieselfde beginsel is deel van ’n nuwe konseptuele raamwerk in die Westerse menswetenskappe. Om enigsins te kan sin maak van mense se gedrag, houdings, denke, gevoelens “hier”, moet mens in ag neem wat “elders” gebeur. “Elders” verwys na sisteme soos families, geloofsfamilies en enige ander sisteem, naby of ver, wat ’n direkte of indirekte invloed het. Die implikasies van hierdie teorie is dat ’n lidmaat en ’n gemeente se onafgehandelde afskeide “hier” slegs sinvol verstaan kan word in die lig van wat “elders” gebeur (bv wat gebeur nou in Zimbabwe waar familielede geboer het, maar hulle grond kwyt is; in Engeland waar die kinders werk en swaarkry om aan te pas; in Nylstroom waar ’n lidmaat op skool was, maar waar die dorp se naam as gevolg van ’n politieke besluit in die nuwe bedeling Modimolle moes word, ensovoorts).

Familieterapie se bydrae vanaf die middel van die vorige eeu, was om die fokus heen en weer te skuif tussen “hier” en “elders”; van die individu met die simptoom na die familie waarbinne die simptoomdraer lewe en weer terug. Baie sielkundiges het opgemerk dat hulle pasiënte in ’n kliniek of hospitaal heel normaal funksioneer – totdat hulle families op die toneel verskyn. Familieterapeute het toe begin om die eienskappe van probleemfamilies as sisteme na te vors. “By ‘system’

they usually meant any entity whose parts co-vary with each other and which maintains equilibrium in an error-activated way" (Hoffman 1981:17). Hulle het spesifiek belang gestel in die familie se verhoudings tot die simptoomdraer, hoe die familie die simptome blykbaar nodig het, hoe pasiënte nie kon gesond word sonder dat die familie verander nie, hoe 'n familie soms die simptome veroorsaak het en hoe die pasiënt se simptome 'n balans in die familiesisteem handhaaf.

### 3.1.3.3 HOMEOSTASE EN EKWILIBRIUM

Gregory Bateson en sy navorsingsgroep het in die vroeë 1950's opgemerk dat skisofrene se families irrasionele gedrag aanmoedig; selfs vereis. Daar was min sukses met die behandeling van skisofrene, omdat die families enige werklike verandering teenstaan. Hulle sorg op 'n overte wyse dat daar nie werklike verandering kom nie. Sulke families is besonder rigied en bied ernstig weerstand teen verandering, selfs waar verandering beteken dat 'n geliefde se psigiatriese toestand beter word. Die dinamiek in die familie werk as volg: sodra die pasiënt verbeter, is daar 'n ander familielid wat erger word. Die balans in die familie word egter ten alle koste behou. DD Jackson het die benaming "familiehomeostase" vir die verskynsel begin gebruik (Hoffman 1981:18). Die krag van die pasiënt se familiesisteem en die onmag van die pasiënt om alleen gesond te word, raak duidelik. Een persoon en sy terapeut wat *wil* verander, is gewoonlik nie opgewasse teen die hele familie wat *nie wil* verander nie. Party pasiënte het goed gevaar solank hulle in die psigiatriese hospitaal was. Sodra hulle egter weer by die familie aansluit en aan hulle normale konteks en roetine blootgestel is, val hulle terug in irrasionele gedrag.

Dit is duidelik hoe ontoereikend enige poging is om die skisofreen se probleem te verstaan of te verander, sonder om die problematiek van die interaksie in die hele familiesisteem ernstig in ag te neem. Hierdie denkdeurbraak in 'n ander geesteswetenskap laat blyk duidelik hoe futiel pogings in die kerk is om gemeentes se na-binne-gekeerdheid te deurbreek, sonder om die groter gemeenskapsprentjie daarmee saam te oorweeg.

Die deurbraak in familieterapie was dat 'n groter wordende groep sielkundiges sedert die vyftigerjare, in hulle kliniese werk op 'n nuwe manier en vanuit 'n ander hoek, na menslike gedrag kyk. Die pasiënt word nie meer in isolasie van sy familie beskou nie, maar as deel van 'n probleemfa-

milie. Familieterapeute beskou ’n geval anders as die klassieke psigoterapeute. Hulle dink meer in terme van families-met-simptome as van individue-met-simptome.

### 3.1.3.4 MORFOSTASE EN MORFOGENESE

Morfostase is die proses waar ’n sisteem konstant, bekend en voorspelbaar bly te midde van veranderings in die omgewing. Spesies diere soos die kakkerlak en krokodil oorleef al miljoene jare lank sonder om veel te verander. Morfogenese is die teenoorgestelde daarvan: dit is die proses wanneer ’n sisteem sy basiese struktuur verander om te oorleef. In die biologiese wêreld is daar suksesvolle mutasies – elke jaar is daar nuwe griepvirusse wat die struktuur van hulle DNS verander en sodoende die vorige jaar se entstowwe oorleef. Hierdie twee prosesse, morfostase en morfogenese, is ook gedurig aan die gebeur in menslike sisteme. Verskeie sisteemteoretici, byvoorbeeld Walter Buckley meen die twee teenoorgestelde prosesse is albei nodig. Gesonde sisteme het albei nodig om te oorleef: genoeg struktuur, patroon, voorspelbaarheid en bekendheid. Maar aan die ander kant is variasie, verskeidenheid en aanpasbaarheid ook nodig. “No living system could survive without pattern or structure. On the other hand, too much structure … will kill it” (Hoffman 1981:51).

Die verband met die NG Kerk se posisie in Suid-Afrika sedert 1990 is duidelik: die sosiaalpolitieke era wat 1990 voorafgegaan het, was gedomineer deur *morfostase* en die era sedertdien, deur *morfogenese.* In die Suider-Afrikaanse makrokonteks is hierdie twee teenoorgestelde kragte ook aan die werk binne die NG Kerk. Die toepaslike vrae in die kerk is: Watter effek het verandering in die makrokonteks op die kerk? Is die kerk nog seker van haar identiteit en roeping? Watter verliese beleef lidmate en wat is die impak daarvan? Moet die kerk in hierdie omstandighede ook verander of juis nie verander nie? Daar is in die meeste gemeentes en ander kerklike strukture *tegelykertyd* die strewe om grondig te verander (morfogenese) en om glad nie te verander nie (morfostase). Die spanning in ’n gemeente tussen morfogenese en morfostase word egter altyd beïnvloed deur wat “elders” gebeur.

Twee soorte terugvoer laat ’n sosiale sisteem terselfdertyd in teenoorgestelde rigtings neig: negatiewe terugvoer is konserwatief, voed weerstand teen verandering en versterk die status quo (morfostase). Positiewe terugvoer is radikaal, moedig verandering aan en versterk die neiging na

iets nuuts (morfogenese). Terugvoer in 'n komplekse sisteem soos die veranderende Suid-Afrika is nooit enkelvoudig nie. Daar is baie opponerende soorte terugvoer in herhalende sirkels; eskalerende spirale. Dit is moeilik om die resultaat te voorspel "… it is not al all certain whether the resultant will maintain, change or destroy the given system or its particular structures" (Buckley, aangehaal deur Hoffman 1981:52). Die dood van 'n politieke of godsdienstige rebelle-leier is 'n voorbeeld hiervan. Die afsterwe kan óf die versetbeweging leierloos laat en gevolglik laat doodloop, óf dit kan aan die afgestorwe leier martelaarstatus verleen en sy versetbeweging van krag tot krag laat gaan om die hele sosiale orde te verander. Gemeentes sal in die empiriese ondersoek self moet sê watter positiewe en negatiewe terugvoer hulle in hulle sisteme ervaar.

Gemeentebou is per definisie "komprehensief-intensioneel gerig op die vernuwing van die gemeente" (Nel 1994:13). Dit is dus 'n bediening wat sistemiese *verandering* teweeg wil bring, of dan in die taal van sisteemteorie, morfogenese. Hierdie bediening kan nie regtig verstaan – of met wysheid begelei word – sonder sistemiese insig in die Suider-Afrikaanse konteks nie; sonder dat beginsels soos ekwilibrium in 'n sisteem en die balans tussen morfostase en morfogenese ernstig geneem word nie.

### 3.1.4 TWEEDE DEURBRAAK: SISTEEM NA EKOSISTEEM

#### 3.1.4.1 INKLUSIEWE, ANTI-REDUKSIONISTIESE BENADERING

'n Volgende golf van energie en vindingryke idees het van 1962 tot 1965 gekom van 'n navorsingsgroep familieterapeute in die ooste van die VSA, onder leiding van Salvador Minuchin. Een van die medewerkers het met 'n sistemiese benadering die hele struktuur van gemeenskapspsigiatriese programme verander in die minder gegoede oostelike voorstede van New York. In plaas daarvan om die psigiatriese pasiënt te isoleer en te hospitaliseer, het hy die pasiënt tuis gaan besoek. Mobiele eenhede sou by voorkeur uitgaan na die pasiënt en die probleem in konteks gaan hanteer, waar hulle kon ry na maatskaplike werkers, families, skole, howe, hospitale, ensovoorts soos wat die situasie vereis het. Hierdie benadering het bekend geword as die **"ekologiese sisteem**benadering" (Hoffman 1981:257). Nie net die familie nie, maar elke ander sisteem wat vir die pasiënt ter sake is, word so ernstig opgeneem dat dit deel is van die diagnose en behandeling. Die

skuif is radikaal weg van die onderdele na die geheel; die manier van kyk en werk is inklusief en holisties.

### 3.1.4.2 EKOSISTEME IS ONVOORSPELBAAR

In lewende sisteme moet die element van **onvoorspelbaarheid** aanvaar word. Die resultaat van terapeutiese ingrepe in kleiner sisteme soos families, verstom soms die terapeut wat die terapie fyn beplan het (Hoffman 1981: 347). Groter sisteme is net soveel meer onvoorspelbaar. As die vestiging van die sisteem “nuwe Suid-Afrika” voorspelbaar en maklik was, sou die NG Kerk in 1990 al presies geweet het watter probleme en uitdagings daar op haar lidmate wag, hulle daarvoor bemagtig het en as kerk proaktief al die nodige aanpassings gemaak het. Maar dit was nie eenvoudig nie. Lewende sisteme lewer verrassings op. Die onvoorsiene gebeur. Daar is ’n inherente element van onvoorspelbaarheid “We must learn to favour instability over equilibrium. If Prigogine is right, living systems are permanent instabilities” (Hoffman 1981: 348). Wie sou byvoorbeeld in 1990 kon voorspel dat Zimbabwe se florerende landbouproduksie ’n dekade later byna tot niet sou wees? Of dat die oorgang na ’n ANC-regering in Suid-Afrika sonder bloedvergieting sou plaasvind? “It seems that major system changes can never be foreseen, although in some cases probabilities can usefully be assessed” (Hoffman 1981: 347). Waar daar ’n doelbewuste ingreep in ’n komplekse sisteem is, is dit onsinnig om te praat van doelwitte. ’n Mens kan in die lig van die onvoorspelbaarheid van ekosisteme eerder dink in terme van scenario’s of waarskynlikhede.

Die NG Kerk en haar lidmate leef in ’n dinamiese, voortdurend bewegende, onvoorspelbare omgewing, in die wisselwerking van ’n veelheid sisteme waar dit lyk asof verandering een van die min konstantes is.

### 3.1.4.3 EKOSISTEEMDENKE AS META-TEORIE IN PRAKTIESE TEOLOGIE

Die tweede deurbraak was dus om familiesisteme te sien funksioneer in die groter konteks. Families word geraak deur gemeenskapsinstellings in die omgewing en selfs deur nasionale sisteme soos die gesondheidstelsel; ook internasionale sisteme soos die internet, die VN, ontwikkelingsbanke, die werk van internasionale skenker-organisasies, ensovoorts. Die benadering waarmee na mense en hulle probleme gekyk word, is dus radikaal inklusief en anti-reduksionisties. Ontwikkelings in die sielkunde en familieterapie, wat altyd naby aan die praktiese teologie (meer spesifiek

pastoraat) lê, het ’n bepaalde invloed uitgeoefen in die vak. De Jongh van Arkel (1991:69–73) beredeneer die keuse vir die pad vorentoe: dat die begrip *ekosisteem* as meta-teorie vir die praktiese teologie geneem word (vgl ook Müller 1996:4). Die begrippe “ekologie” en “ekosisteem” is afkomstig uit die biologie. Alle organismes leef in wederkerige verhoudings met mekaar en met hulle natuurlike omgewing. Die ekosisteem word as ’n geheel bestudeer. “’n Ekologiese perspektief bied die wydste moontlike kyk na sisteme, ordes van sisteme, en verhoudings tussen sisteme. Ekologie wil sê dat alle dinge in die natuur planmatig onderling verbonde is. Die teoloog verstaan hierdie planmatigheid radikaal teologies” (De Jongh van Arkel 1991(a):70).

Die begrip *ekosisteem* is uitnemend geskik as denkkonstruk in gemeentebou. Die blik is holisties; die fokus is nie op onderdele nie, maar op die geheel. Geen onderdeel (byvoorbeeld ’n individuele gelowige of ’n bediening) is onbelangrik nie. Inteendeel, elke onderdeel is belangrik, maar is terselfdertyd verbind aan elke ander onderdeel. Geen onderdeel is net belangrik op sigself nie, die onderdeel speel ’n rol ten opsigte van elke ander onderdeel en die geheel. Die begrip *ekosisteem* bedoel om elke onderdeel en elke sub-sisteem in ag te neem wat moontlik ’n rol kan speel binne die groter geheel. Hierdie teoretiese raamwerk verhoed die navorser om uit mekaar te haal wat bymekaar hoort en in die proses die samehang te verloor. Die geheel kan nooit gereduseer word tot die som van die onderdele nie. Gemeentebou wil by uitstek met die geheel besig wees, naamlik die wese, doel en funksionering van die gemeente as geheel (Nel 1994:13).

Gemeentebouteoloë behoort sistemies en inklusief te dink. Wanneer ons die dinamiek in ’n gemeente probeer verstaan, moet al die sisteme in die gemeente, langs die gemeente, bo die gemeente, selfs ver buite die gemeente in berekening gebring word. Geen faktore kan in beginsel weggelaat word nie. Wat hierdie navorsingsprojek betref, kan ’n ekosistemiese werkswyse die navorsingsveld só wyd maak dat dit onoorsigtelik raak, omdat daar gedurig meer faktore in die ekosisteem sal wees om in aanmerking te neem. Om dus nog enigsins fokus op die navorsingsprobleem en die hipotese te behou, word hier gewerk met *betekenisvolle* sisteme (vgl De Jongh van Arkel 1991:70). Die betrokke gemeentes wat aan die empiriese ondersoek deelneem, sal self moet identifiseer watter sisteme hulle beduidend beïnvloed en daarom as *betekenisvol* kwalifiseer. Dit is nie ’n sisteem wat ’n probleem het nie, maar ’n probleem (in hierdie geval ’n prakties-teologiese probleem) wat ’n ekosisteem skep waarbinne dit sinvol begryp kan word. Streng gesproke

"bestaan" 'n sisteem nie: dit is 'n denkkonstruk. "Iets kan als een systeem *beschouwd* worden" (Firet 1980:23).

### 3.1.4.4 FAMILIETERAPIE EN DIE EKOSISTEMIESE BENADERING IS DEEL VAN DIE NUWE EPISTEMOLOGIE

Die ontwikkelings in geesteswetenskappe, soos die geboorte van familieterapie wat hierbo beskryf is, het saamgeval met die ontwikkeling van soortgelyke perspektiewe in ander vertakkings van die wetenskap. Hier het iets meer gebeur as net 'n klein ontwikkeling in een vakgebied: Dit is geboortepyne van 'n nuwe epistemologie in die geesteswetenskappe: "…one that touches all the sciences and that challenges many traditional concepts, from the belief in linear causality to theories of individual motivation" (Hoffman 1981:3).

Die epistemologiese aannames van klassieke psigoterapie het gerus op die klassieke fisika, soos beskryf deur Isaac Newton (sien p 42–46). Newton se meganiese filosofie was vir eeue gevestig as konseptuele model in die totale Westerse denkwêreld, onderliggend aan al die vertakkings van die wetenskap. Albert Einstein het oor Newton gesê: "He was a brilliant genius, who determined the course of Western thought, research and practice to an extent that nobody before or since his time can touch" (aangehaal deur De Jongh van Arkel 1991(a):65). Die wêreld wat Newton ondersoek het, was meganies en fisies, saamgestel uit kleiner dele. Oorsaak en gevolg was eenduidig en liniêr. Sy wêreld het baie soos 'n snoekertafel gewerk. Daar was maklike en logiese verklarings vir die beweging van die balle: 'n snoekerbal beweeg in 'n rigting en teen 'n spoed wat bepaal is deur die snoekerstok of die bewegende bal wat hom getref het. Wrywing en gravitasie laat die spoed mettertyd afneem. Die model is maklik en logies. Newton se droom was inderdaad eenvoud en vereenvoudiging (De Jongh van Arkel 1991(a):65). Sy verstaan van die natuur en fisika het vir geslagte lank ook die inhoud en metodologie van geesteswetenskappe soos filosofie, sielkunde en teologie bepaal (De Jongh van Arkel 1991(a):65).

Die nuwe geslag familieterapeute se beswaar was teen die onderliggende epistemologie van klassieke psigoanalise, omdat dit nie die soorte verhoudings tussen mense, elk se keuses en vryheid in ag geneem het nie. "Therefore, we need a new grammar, a new descriptive language, to depict what is going on in the living world" (Hoffman 1981:7). Die nuwe, na-Einsten epistemologie, raak

alle sosiale wetenskappe, insluitend die praktiese teologie, as universiteitsvakke aan hulle wortels (sien p 46–53). Wat hier belangrik is, is die insig dat ’n sistemiese benadering in gemeentebou deel is van die nuwe en breër model vir rasionaliteit en wetenskaplikheid wat ek onderskryf. Vandag word dit algemeen aanvaar dat die sosiale en geesteswetenskappe besonder komplekse, dinamiese sisteme bestudeer (De Jongh van Arkel 1991:66–67).

Daar is onderliggende teorietiese konsepte nodig om die kompleksiteite te dra. In hierdie navorsingsprojek wil ek juis kompleksiteite en die interafhanklikheid van baie faktore navors. Die postfundamentele epistemologie (p 51–52), die nuwe hermeneutiek (p 48–50) die handelingswetenskaplike benadering tot die praktiese teologie (p 74–75), die ekosistemiese benadering tot praktiese teologie is alles deel van die grondslae vir die empiriese navorsingsprojek en die uiteindelike bevindings waarop die studie afstuur.

Die wetenskaplike teorie moet ruimte maak vir konsepte soos *onsekerheid, waarskynlikheid, willekeurigheid, onvoorspelbaarheid, spontaneïteit,* ensovoorts. Daar is ’n teorie nodig wat ruimte skep vir kompleksiteite en samehang (De Jongh van Arkel 1991(a):66–67). “Aangesien ons met uiters gekompliseerde ekosisteme in die praktiese teologie werk, bevestig dit ’n band met die oorspronklike Algemene Sisteme Teorie aangesien hierdie denkrigting juis begin het as die ‘science of organised complexity’” (De Jongh van Arkel 1991: 63). Interafhanklike ekosisteme wat in hierdie studie ter sake is, is gemeentes, die Noordelike Sinode, die NG Kerk as kerkverband (wat bekend is as ’n kerkverband wat toenemend diversiteit huisves), die veranderende Suid-Afrika, die nuwe post-koloniale Afrika in verhouding met verskuiwende internasionale magsblokke en die postmoderne denkklimaat regoor die wêreld.

#### 3.1.4.5 DIE SISTEMIESE NAVORSER IS DEELNEMER

Die praktiese teoloog as navorser staan nie bo of buite sy navorsingsveld nie. Hy is sistemies verbonde daaraan. Lynn Hoffman (1981:8) se opmerking oor die veranderde rolle van terapeut en kliënt help my om die sistemiese verweefdheid van baie mense en baie sisteme binne ’n makrosisteem te verstaan: “The therapist is not an agent and the client is not a subject. Both are part of a larger field in which therapist, family, and any number of other elements act and react upon each

other in unpredictable ways, because each action and reaction continually changes the nature of the field in which the elements of this new therapeutic system reside”.

Die praktiese teoloog as navorser is altyd betrokke by die veld wat hy wil ondersoek (sien p 67–70). As hy nie vooraf betrokke was nie, raak hy deur navorsing deel van die sisteme wat hy wetenskaplik beskryf. Die navorsingsprobleem bestaan nie onafhanklik en objektief, êrens daarbuite nie. Dit sal meer akkuraat wees om ook sistemies oor die wetenskaplike waarnemer te dink. Die volgende is ’n goeie, sistemiese beskrywing van die proses hoe ’n navorsingsprobleem geformuleer word: “... die waarnemende sisteem definieer die probleem wederkerig en kollektief” (De Jongh van Arkel 1991(a):72). Wetenskaplike waarneming en beskrywing geskied van binne. Die waarnemer se vrae en perspektiewe kleur reeds die antwoord. Ek kies dus ’n epistemologie van deelname (De Jongh van Arkel 1991:73).

Die na-Einstein fisika is bewus daarvan dat die waarnemer ’n invloed het op dit wat hy waarneem. Dieselfde beginsel geld in die praktiese teologie en daarom is dit van groot belang dat die navorser van sy eie vooronderstellings bewus sal wees en dit in sy werk verreken. Uitgangspunte, keuses en redes vir keuses moet algaande uitgespel word. Deelnemende navorsing het uiteraard implikasies vir die resultate en gevolgtrekkings van die studie. Daar is geen sprake daarvan dat hierdie navorsing objektiewe waarhede kan aanbied nie (sien p 53). Binne hierdie ekosistemiese denke beteken dit nie eers dat ’n ander navorser in dieselfde veld presies dieselfde resultate sal hê nie, want ’n ander navorser konstitueer ’n ander “waarnemende sisteem”. Ek maak wel aanspraak op die soort kontekstuele geldigheid wat erken dat my persoon as waarnemer en wetenskaplike deel is van die konteks. Die navorsingsresultate van hoofstuk 5 is ’n eerlike binne-perspektief op die geïdentifiseerde navorsingsveld in ’n ekosistemiese konteks.

### 3.1.4.6 SISTEME IN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN WERKSHIPOTESE

Die navorsingsprobleem identifiseer twee primêre sisteme wat in hierdie studie in verband met mekaar beskou en nagevors word: Die eerste sisteem is “NG Kerk-gemeente” en die tweede is die “veranderende Suid-Afrika”.

### 3.1.4.7 GOD EN EKOSISTEME

God is teenwoordig in al bogenoemde sisteme. My geloofsaanname is dat God bestaan en dat Hy as die Teenwoordige nooit weggeredeneer kan word uit ons wêreld nie. Die ekosistemiese teorie sluit niks uit nie en is per definisie ook oop na Bo. God se plan, God se wil, God se bemoeienis met mense, die roeping waarmee Hy sy hand lê op ’n mens en ’n gemeente, kan nie buite rekening gelaat word nie. Die element van onvoorspelbaarheid in ons ekosistemiese teorie het ook met God te doen en lê diep ingebed in die pneumatologie. Die Heilige Gees bewoon en begeester elke kind van God op ’n wyse wat geen wetenskaplike kan voorspel nie. Die gereformeerde teologie bely ’n soewereine God. Hy doen wat Hy wil, wanneer Hy wil, soos Hy wil. Hy gebruik in die proses watter mense, watter gemeentes en watter bedienings Hy ook al wil. Heitink (1993:187) stel die praktiese teologie se pneumatologiese uitgangspunt, naamlik dat die werklikheid van God en die werklikheid van die mens op ervaringsvlak aan mekaar gekoppel kan word. Ons vak is daarom ’n *teologiese* handelingswetenskap en ons verstaan van ekosisteme is ’n *teologiese* verstaan.

### 3.1.4.8 SISTEME VAN DIE VERLEDE, PROSESBESKRYWING

**Tyd** is ’n belangrike konsep in sistemiese denke. ’n Sisteem het ’n lewe van sy eie wat in ’n bepaalde rigting beweeg. Die horlosie kan nie teruggedraai word nie en prosesse kan nooit herhaal word nie, nie in ’n familie nie en ook nie in ’n groter sisteem nie: “the processes of life are always irreversible” (Hoffman 1981:347). Dit beteken egter nie dat die verlede bloot buite rekening gelaat kan word nie. Die verlede-storie van ’n gemeente is die “steeds-teenwoordige” en die toekomsdroom is die “reeds-teenwoordige” (HR Niebuhr, aangehaal deur Müller 2000:9).

Die vraag vir hierdie studie is hoeveel jaar van die verlede in ag geneem en ondersoek moet word, met die oog daarop om ’n gemeente hier en nou genoegsaam te verstaan. My aanvoeling is 40 jaar. Vir die doel van hierdie studie beskou ons die tydperk 1990–2010, dus twintig jaar. Om die afgelope 20 jaar in perspektief te sien, kan ’n mens nie anders as om dit teen die konteks van NG Kerk-gemeentes in die “ou Suid-Afrika” van voor 1990 te beskou nie. Dus werk ek met ’n tydshorison van ongeveer 40 jaar. Die beskrywing van gemeentes se belewenisse in Suid-Afrika sedert 1990 (eerste navorsingsdoel), kan nie in ’n ander formaat as *prosesbeskrywing* aangebied word nie

(sien p 118–120). Die uitdaging sal wees om reg te laat geskied aan verskuiwings en prosesse in oorvleuelende ekosisteme, oor 'n tydperk van vier dekades.

### 3.1.4.9 NARRATIEWE PERSPEKTIEWE

Die narratiewe benadering tot terapie, waar verhale gedurig vertel en vertolk word, het in die laaste twee dekades van die twintigste eeu gegroei uit die "sisteme"-metafoor (Freedman & Combs 1996:2). Die narratiewe teorie bring nuwe moontlikhede vir gemeentesisteme wat vashaak. Daar kan soms kunsmatige veranderings binne die gemeente wees, maar die sisteem self bly onveranderd (bv predikante kan wissel, maar die gemeente bly wesenlik dieselfde). Oorfunksionerende leiers kan om presies hierdie rede hard werk en eintlik niks bereik nie: tot die mate waartoe die leier(s) so dominant is en die oplossings vir die gemeente het, hoef die gemeente nie te verander nie en die homeostase word nie versteur nie. Die narratiewe teorie maak moontlikhede oop om uit so 'n situasie te beweeg, waar die gemeentesisteem nie kan of wil verander nie.

Binne die teorie wat met die metafore "narratiewe" en "sosiale konstrukte" werk, kan mense gedurig en aktief meewerk aan hulle groei (Freedman & Combs 1996:11). Verhale van hulle lewens en hulle gemeentes word met transformerende krag vertel (Müller 1996:105, Hamman 2005:82). Die veranderende krag is in die verhale self, want narratiewe skep nuwe sosiale werklikhede in die kringe waar die verhale vertel word (Freedman & Combs 1996:42–47, 87–92; Müller 2000:92–103). Die gemeentesisteem waar betekenisvolle leiers (sien p 235–236) aanhou om die moeilike vrae te vra en aanhou om na die verhale te luister, kan nie vir altyd die slagoffer van mense of gebeurtenisse bly nie – ook nie van ingrypende verliese nie. Al verhalende skep die gemeenskap van gelowiges vir hulleself 'n nuwe identiteit. Die gemeente raak, as gevolg van wyse pastoraat, al hoe minder die slagoffer van die verlede en al hoe meer die outeur van haar eie toekomsverhaal in die koninkryk van God. Gesprekke wat die rouproses op 'n narratiewe wyse laat gebeur, skep op 'n kreatiewe manier vir die gemeente nuwe lewe; nuwe moontlikhede. "No longer can a community be seen as a system that resists change (through the systemic principle of homeostasis), but rather the congregation is a system telling stories that elicit change and transformation" (Hamman 2005:82). Die rol van betekenisvolle leiers word verder ondersoek in hoofstukke 4 en 6.

### 3.1.5 EKOSISTEMIESE BLIK OP VERANDERING IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990

#### 3.1.5.1 ASPEKTE VAN VERANDERING IN AFRIKA SEDERT 1957

Veranderings in Afrika is vir hierdie studie ter sake, omdat dit in die agtergrond van binnelandse veranderings funksioneer. Nie net die land Suid-Afrika nie, maar ook die kontinent Afrika, het die afgelope dekades drasties verander.

Gedurende die laaste deel van die twintigste eeu het die een Afrikaland na die ander hulle onafhanklikheid van koloniale moondhede verkry. Daar was ’n gepaardgaande groot uittog van Europeërs uit die voormalige kolonies, terug na die verskillende moederlande toe (Van Jaarsveld 1979:2). Ghana was die eerste Afrikaland wat onafhanklik geword het en wel op 6 Maart 1957. Nigerië, die Belgiese Kongo en Guinee het in 1960 onafhanklik geword. Die ander Wes-Afrikaanse lande en die res van Afrika het spoedig gevolg in die twee dekades na 1960 (Van Rensburg 1979:123–180).

Die politieke veranderings in Suid-Afrika vind plaas in die konteks van die beweging van ’n hele kontinent om hom te ontworstel aan die koloniale greep van die voorafgaande eeu. Die koloniale era het letsels op Afrika gelaat. Benewens die stroping van natuurlike hulpbronne, het koloniale moondhede ook die gees van Afrika beskadig deur met ’n meerderwaardigheidsgevoel en militantheid neer te sien op die kontinent se mense. Afrikane se ras, godsdienste en kulture is algemeen as minderwaardig en onbenullig beskou. “In sy wese is kolonialisme aggressie, fisies sowel as geestelik” (Van Rensburg 1979:83). Die pendulum het verbygeswaai na die ander kant: die swart meerderheid het die mag oorgeneem en was dikwels nie tegemoetkomend teenoor enigiemand wat met die voormalige onderdrukker geassosieer is nie. Baie onskuldige blankes moes met onafhanklikwording vir hulle lewens vlug uit verskeie Afrikalande. Die geboorte van die nuwe Afrika het met baie onstuimigheid gepaard gegaan.

Die onafhanklikwording van kolonies het ’n nuwe internasionale gemeenskap tot gevolg gehad en gelei tot ’n nuwe intellektuele diskoers: postkoloniale studies wat daarop gerig is om alle vorme van onaanvaarbare dominansie aan die kaak te stel (sien Van Aarde 2004). Teen die middel van die vorige eeu het kolonies en voormalige kolonies van Europese moonthede 84,6% van die wêreld uitgemaak. “Vandag lyk die situasie drasties anders. Kolonialisme is deur ‘neokolonialisme’

vervang" (Van Aarde 2004:1107). Die koloniale geskiedenis het 'n na-werking, omdat dit littekens gelaat het op beide die voormalige oorheersers en onderhoriges. Neokolonialisme is die verskynsel waarvolgens die Europese moonthede steeds mag het oor hulle voormalige politieke slagoffers – nie politieke mag nie, maar kulturele en militêre meerderwaardigheid. Die hedendaagse verknegting is hoofsaaklik 'n ekonomiese verknegting, waaraan nuwe imperiale moonthede soos die Verenigde State van Amerika en China meedoen (vgl Van Aarde 2004:1107).

Die politieke verandering in Suid-Afrika in 1994 was in sekere sin lank voor 1994 onvermydelik as die voltooiing van die vier dekades lange emansipasieproses van die kontinent.

Suid-Afrika se noordelike buurland, Zimbabwe, is meer as enige ander Afrikaland ter sprake by NG Kerk-lidmate in die Noordelike Sinode se belewenis van kontekstuele veranderings. Die **eerste**, ooglopende rede is die feit dat die NG Kerk-gemeentes  in Zimbabwe deel is van die Noordelike Sinode. Die **tweede** rede is dat baie blanke Zimbabwiërs sedert die laat sewentigerjare na Suid-Afrika verhuis het en tans in die geografiese gebied van die Noordelike Sinode woon. Sommige van hulle is NG Kerk-lidmate. Die **derde** rede is dat die Zimbabweregering sedert 2000 meer as 90% van die landbougrond wat aan wit eienaars behoort het, geneem het sonder vergoeding en die wit boere van hulle grond verdryf het. 'n Beduidende persentasie van daardie boere is NG Kerk-lidmate Die **vierde** rede is dat tussen drie en vier miljoen werksoekers uit Zimbabwe hulle as gevolg van ekonomiese verval (wettig en onwettig) in Suid-Afrika bevind (Smit 2010).

Hierdie uitstekende landbouland is nou 'n netto invoerder van voedsel. Zimbabwe se ekonomie is in die proses ernstig geknou. "The economy of Zimbabwe has shrunk significantly from economic mismanagement after 2000, resulting in a desperate situation for the country and widespread poverty from, among others, 94% unemployment (*Wikipedia* 2010, sv "Economy of Zimbabwe"). Kort voordat die Zimbabwe dollar as geldeenheid ophou bestaan het, was die inflasiekoers in Zimbabwe volgens Steve H Hanke, professor in toegepaste ekonomie aan die John Hopkins Universiteit in die VSA en senior medewerker van die Cato Instituut, 79,6 miljard % per maand (Hanke 2009). Bogenoemde feite verteenwoordig 'n ekonomiese, sosiale en maatskaplike ramp.

Vir etlike jare was daar nooit enige brandstof by pompstasies beskikbaar nie. Alle dorpe en stede ervaar chroniese tekorte in elektrisiteit- en watervoorsiening. Prof Johnathan Moyo, wat tot on-

langs as segsman vir die Zimbabwiese regering opgetree het, het op 11 Desember 2009 die volgende aan die nuusagentskap Newzimbabwe gesê na ’n lang kragonderbreking in Harare: “For anyone who has lived in Africa and seen government transitions, this is the clearest sign yet of not just a ship sinking, but one without a captain. We are engulfed by darkness” (Moyo 2009). Daar is al vir jare lank ernstige, onopgeloste interne politieke spanning in Zimbabwe.

Hierdie buurland van Suid-Afrika is tans internasionaal ’n voorbeeld van ’n mislukte staat. Zimbabwe was in 2007 vierde, in 2008 derde en in 2009 tweede op die “Failed states index”, wat jaarliks gepubliseer word deur die tydskrif *Foreign Policy* in samewerking met die VSA-gebaseerde “Fund for peace” (*Wikipedia* 2009, sv “Failed state”).

Die situasie in Zimbabwe raak die Suid-Afrikaanse boerderygemeenskap, besigheidsektor en algemene publiek (wit en swart) ten nouste – veral in die Limpopoprovinsie wat deel uitmaak van die NG Kerk se Noordelike Sinode se geografiese gebied.

### 3.1.5.2 ASPEKTE VAN VERANDERING IN DIE RES VAN DIE WÈRELD

Die afgelope paar dekades was ’n tyd van ongekende **tegnologiese vooruitgang**, wat wêreldwyd grootskaalse veranderings aan kultuur, denkklimaat en leefwyse tot gevolg gehad het. ’n Mens dink aan die koms van die persoonlike rekenaar, die ontdekking van half-geleiers en dramatiese elektroniese vooruitgang. Om net een voorbeeld te noem: die geheueskyfie in my selfoon is 4 mm x 8 mm groot en papierdun, maar hy het meer geheue as wat die Universiteit van Pretoria se hoofraamrekenaar gehad het tydens my voorgraadse studiejare in die 1980’s! Oorplanting van harte en ander organe het 40 jaar gelede opspraak verwek. Vandag is dit algemeen. In die mediese wêreld was stamselnavorsing en kloning in die laat 1990’s groot nuus. Maar in die vinnig bewegende elektroniese era is gister se groot nuus vandag se ou nuus. Televisie, kommunikasiesatelliete, selfone en die internet het mense se leefwêreld onherroeplik verander. Byna enige inligting en elektroniese klank- en beeldmateriaal (opbouend of afbrekend) is geredelik beskikbaar by ’n internetgebruiker se vingerpunte. Die moderne mens het ’n lekkerbekkige verbruiker geword. Die beste produkte en dienste is letterlik oral op aarde beskikbaar waar daar geld is om daarvoor te betaal. Die wêreld het klein geword, omdat vervoer na die ander kant van die aardbol supersonies vinnig

geword het en elektronika in elk geval beelde van enige plek ter wêreld in mense se sitkamers indra.

Behalwe vir die tegnologiese veranderings het MIV en Vigs die mensdom getref aan die einde van die twintigste eeu en die invloed daarvan is haas onberekenbaar.

Daar is sedert 1950 ’n ongekende bevolkingsontploffing en druk op die planeet se beperkte hulpbronne.

Die Berlynse muur het in 1989 geval. Daarmee het die era van kommunisme as ’n prominente wêreldmag en die koue oorlog tot ’n einde gekom.

’n Nuwe era van internasionale terrorisme het op 11 September 2001 aangebreek met die aanvalle op die World Trade Centre in New York.

Die kloof tussen ryk en arm, noord en suid, ontwikkeld en onontwikkeld het dramaties groter geword.

Globalisering het plaasgevind in dieselfde tydperk toe Suid-Afrika uit die tydvak van sanksies en isolasie beweeg het en weer opgeneem is in die internasionale gemeenskap.

2008/2009 sal onthou word vir die kredietkrisis in die VSA se bankstelsel en die gevolge daarvan: die grootste wêreldwye resessie sedert die groot depressie van die laat twintigerjare van die vorige eeu.

Die VSA en Europa verloor ekonomies veld ten gunste van China, Indië, Rusland en Brasilië.

Die tegnologiese vooruitgang het in só ’n mate **kulturele veranderings** tot gevolg gehad, dat waarnemers die resultaat daarvan ’n “nuwe wêreld” noem. Die nuwe wêreld dompel die kerk in ’n krisis. Europeërs verlaat die kerk in groot getalle. In Duitsland het 180 000 Lutherane gedurende 2008 uit hul kerk bedank en die uittrede van Duitse Rooms-Katolieke het met 60% gestyg in vergeleke met die vorige jaar (Scholtz 2010). “Sosioloë wat die saak bestudeer, is dit eens dat die onderliggende oorsaak die steeds verder ontwikkelende sekularisering van die samelewing is. Namate die wetenskap opruk, verloor die kerk geloofwaardigheid” (Scholtz 2010). Maar die kerk

en haar leiers moet nie dink dit is net ’n kerk-krisis nie. Suid-Afrikaanse kerkleiers moet ook nie dink dit is net ’n Suid-Afrikaanse krisis nie. “Rather, the cultural tumult is a pervasive one. It is not merely the consequence of the church’s marginalization in the West. Neither is it due primarily to dwindling numbers of overstretched resources. It arises from the fact that the church faces cultural shifts of seismic proportions. Many of the changes occuring all around us are no longer predictable and incremental, but unforseeable and chaos-producing” (Gibbs 2005:9–10).

Die kulturele of mentaliteitsveranderings in die Westerse wêreld word met verskillende woorde aangedui, onder andere “sekularisasie” (Burger 1991:13; Scholtz 2010), en “postmodernisme” (Dingemans 1996(b):117–133; Louw 1999:564; Van Aarde 2004:1108–1113). In die Weste het die era van moderniteit in sekere kringe verbygegaan en postmodernisme is in die tweede helfte van die twintigste eeu gebore. ’n Teoloog uit Nederland stel dit soos volg: “Commentatoren over de hele wereld zeggen ons dat we in een overgangstijd leven. We zijn op weg van een moderne naar een postmoderne wereld” (Dingemans 1996(b):117).

Gibbs (2005:9) som sy persoonlike dilemma as kerkleier in die lig van die tegnologiese en kulturele veranderings soos volg op: “The ministry training I received over forty years ago was for a world that no longer exists.” Dieselfde dilemma geld waarskynlik die meeste kerkleiers. “Als het waar is dat de systemen wereldwijd besig zijn uit elkaar te vallen, heeft dat consequenties voor het preken en spreken in de kerk” (Dingemans 1996(b):123).

In Suid-Afrika is daar ’n unieke mengsel van Afrika en die Weste; van ontwikkelend en ontwikkeld; van ongeletterd en hoogs gesofistikeerd. In ons land woon daar pre-moderne mense, maar ook diegene wat al die eienskappe van moderniteit vertoon, asook eksponente van postmodernisme (vgl Van Aarde 2004:1106; Labuschagne & Nel 2010:2). Maar nietemin, gedurende dieselfde jare, net voor en net na die politieke oorgang van 1994, het die postmodernisme oor die NG Kerk en haar lidmate begin spoel. Party lidmate en leraars staan met albei voete stewig geplant in die modernisme en het nie geduld met die kritiek, vrae en onsekerhede van sommige mede-Christene nie. Ander lidmate en leraars leef weer volledig in die postmodernisme en het nie geduld met diegene wat nog in die vorige era van struktuur, orde, gesag en eenvormigheid leef nie. Die spanning in die teologie en kerklike lewe tussen mense wat in verskillende denkwêrelde leef, bly nie uit nie. Die wêreldwye skuif in denkklimaat val saam met Suid-Afrika se krisisjare sedert 1990.

Die veranderinge (en verliese wat dit meebring) waarmee die NG Kerk moes tred hou die afgelope twee dekades, is plaaslik sowel as globaal.

Dit is voldoende om op te merk dat die tydperk 1990–2011 in Suid-Afrika, met al die veranderings wat dit binnelands gebring het, saamval met enorme politieke, tegnologiese, kulturele en leefstyl-veranderings in Zimbabwe, die res van Afrika en die res van die wêreld – samelewingsfaktore wat in die agtergrond funksioneer wanneer die vraag oorweeg word hoeveel verandering ’n individu en ’n gemeenskap in ’n gegewe tydsbestek kan absorbeer, watter verliese alles ’n impak maak deurdat lidmate daaroor treur of daardeur verwar word en wanneer die kerk se rol in ’n tyd van verandering krities oorweeg word.

#### 3.1.5.3 SAAMGESTELDE EFFEK: DIE KOMPLEKSITEIT VAN GELAAGDE VERANDERING

Gedurende die tydperk wat ons beskou, 1990 tot op hede, is dit nie net die veranderings in Suid-Afrika wat ’n impak maak op NG Kerk-lidmate en -gemeentes nie. Omdat ek met ’n ekosistemiese uitgangspunt werk, sluit “konteks” vir die NG Kerk alles in wat ’n beduidende invloed op haar lidmate het. Die oorgangstyd vind plaas in die konteks van verskeie ander groot skuiwe wat lidmate en gemeentes ook moet akkommodeer. Verandering kan vergelyk word met die lae van ’n ui: wanneer die een laag afgeskil is, is daar ’n volgende laag, en nog ’n volgende laag. Vroeër of later traan die oë!

Die lae van die ui is die verskillende sisteme waarbinne die oorgangstyd in Suid-Afrika beskou kan word. Wie geleer het om sistemies te dink, kan nooit weer ’n verskynsel in isolasie beskou nie. Die veranderings in die Suid-Afrikaanse konteks is een laag van die ui. Veranderings in Afrika is nog ’n laag van die ui. Tegnologiese veranderings in die res van die wêreld is ’n verdere laag van die ui en so ook die kulturele of mentaliteitsverandering in die Westerse wêreld en die wêreldwye politieke en ekonomiese skuiwe. Dit wat in die res van die wêreld gebeur, het in die era van vinnige massakommunikasie ’n groterwordende invloed op die gewone mens in Suid-Afrika.

Die saamgestelde effek van komplekse veranderings in die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1990, teen die agtergrond van die emansipasie van Afrika en groot tegnologiese en kulturele ver-

skuiwings wêreldwyd, toets die prioriteite, teologie, leierskap, styl, bedieningspatrone, organisatoriese strukture van elke Suid-Afrikaanse kerk. Lidmate moes in die relatiewe kort tydsbestek van 20 jaar (1990 tot op hede), enorme veranderings in die wye wêreld, in hulle land en privaat lewens absorbeer. Kok & Niemandt (2009:502–503) benoem die tyd waarin ons lewe, as een van "crisis and disorientation". Die meeste mense het leiding nodig om koers te kry in die nuwe bedeling. Lidmate se nood en bedieningsbehoeftes het verander saam met hulle beleweniswêreld wat deur verandering gekenmerk word (Boshoff 1994:6–8).

Die verskynsel van verandering in die makro-konteks en die invloed op kerklike bediening, is in die na-oorlogse Europa en VSA goed gedokumenteer uit 'n prakties-teologiese hoek (Firet 1986, Dingemans 1996(a), Dudley & Ammerman 2002). In Suid-Afrika is ons nog midde-in die oorgangsproses. Daar is net enkele werke wat aandag gee aan die prakties-teologiese perspektief op verandering, byvoorbeeld Müller (1991), Burger (1995), Pieterse (1994, 1995) en Heyns (1995). Nie net die huidige groot veranderings nie, maar die samelewing as sodanig, het tradisioneel heeltemal te min aandag gekry in die besinning van Afrikaanse praktiese teoloë (Heyns 1995:55–58). Praktiese teoloë behoort op die voorpunt te beweeg om die veranderende wêreld te beskryf en teologies te verreken, omdat ons teologie ontwikkel in die teorie-praxis wisselwerking (Heyns & Pieterse 1990). Die nuwe Suid-Afrika het al baie krisisse opgelewer. Hierdie krisisse is tegelyk uitdagings vir die praktiese teologie, hierdie vak wat uit krisis gebore is (Heitink 1993:14–16) en as't ware tot sy reg kom en blom wanneer die geykte patrone nie meer werk nie en gemeentes met dringendheid vra na nuwe riglyne vir die praktyk.

Vervolgens word die teorie uiteengesit van gemeentebou as omvattende, reformatoriese bediening. Per definisie is gemeentebou 'n sistemiese werksaamheid, aangesien dit gemoeid is met die totale funksionering van die gemeente en die samehang van bedienings, gemeente en gemeenskap.

## 3.2 GEMEENTEBOU AS OMVATTENDE, REFORMATORIESE BEDIENING

Alles wat reeds gesê is in verband met rasionaliteit, epistemologie, praktiese teologie, sisteme en

ekologie, funksioneer in die agtergrond wanneer daar vervolgens aandag gegee word aan die vakgebied gemeentebou (Nel 1994:2) of oikodomiek (Firet 1986:590). Daar word eers kortliks teologies besin oor *gemeentes*, voordat die lig op gemeentebou val.

### 3.2.1 VERTREKPUNT: OPTIMISTIESE SIENING VAN GEMEENTES

Die eerste spesifiek *gemeentebou*vertrekpunt van hierdie studie, is ’n optimistiese siening van plaaslike, Christelike gemeentes. Die Christelike godsdiens bestaan nou vir byna 2 000 jaar lank en nog altyd was daar gemeentes wat in groepe saamgekom het. In Handelinge 2:46–47 lees ons die volgende oor die lewe in die eerste Christelike gemeente in Jerusalem: “*Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg”*. Ons lees oor daardie eerste gemeente dat hulle “*hulle heelhartig toegelê het op die onderlinge verbondenheid* “(Hand 2:42). Die patroon is elders voortgesit: oral waar die evangelie verkondig is en mense tot geloof gekom het, is daar gemeentes gestig en basiese gemeente-organisasie gevestig (vgl Hand 14:23–27, Openb 1:12–20). Die Heilige Gees kweek nie vrome individualiste nie, maar stig gemeenskap (Breytenbach & Pieterse 1992:107).

Die Joodse wortels van die Christelike godsdiens strek veel verder as 2 000 jaar terug in die verlede. Van die begin van die Joodse geloof af, is daar nie ’n individualistiese benadering nie, maar ’n kollektiewe een. God se mense was al die eeue in geloofsgemeenskappe georganiseer. In God se verbondsluiting met Abraham, sluit Hy die (ongebore) nageslag reeds in: *“Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ’n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag”* (Gen 17:7). God handel met Abraham se familie as ’n eenheid en later met die volk Israel as ’n eenheid. Ten opsigte van die beloftes en seëninge van die verbond, sowel as die verpligtings en strawwe, was die hele nageslag van Abraham van voor geboorte af ingesluit (Gen 12–17). Die groep, die familie, die gemeenskap het voorrang gehad bo die individu (Malina et al 1995:4).

Kritiese momente in die ontwikkeling van die godsdiens van ou Israel is meegemaak deur groot groepe mense van God byvoorbeeld die uittog uit Egipte, die wetgewing by Sinaï, die inwyding

van Salomo se tempel, die Babiloniese ballingskap, ensovoorts. Die Ou Testament kan beskou word as die verhaal van God se verbondstrou aan die een kant, die volk (nie individue nie) se herhalende afvalligheid en die volk se terugkeer aan die ander kant. Modernistiese sowel as post-moderne, individualistiese Westerlinge (Hendriks 1994:184) moet onthou die wêreld van die Bybel was anders saamgestel. Daar is weinig aandag gegee aan die enkeling en oor die algemeen maak die individu net sin as lid van ’n gemeenskap (Malina et al 1995:4–5). Godsdiens is in geloofsgemeenskappe beoefen rondom die tabernakel, tempel, sinagoges.

Beide die Ou Testament en die Nuwe Testament lê klem daarop dat God nie net met individue werk nie, maar dat Hy die sterk bande tussen gelowiges onderling lê. Op die Pinksterdag, wat beskou kan word as die geboortedag van die Christelike kerk, kom ’n *gemeente* tot stand deur die werk van die Heilige Gees (Hand 2:41–47). Een van die eienskappe van die eerste gemeente, was dat hulle hul toegelê het op die onderlinge verbondenheid. Die wyse waarop vermoënde lede grond en besittings verkoop het om vir diegene te sorg wat behoeftig was (Hand 4:34–37), is ’n konkrete bewys dat die belange van die *gemeente* van die eerste dag van die bestaan van die Christelike kerk af, voorrang geniet het bo die belange van die individu.

Die patroon van *gemeentevorming* is voortgesit buite Jerusalem. Paulus, die stigter van die eerste gemeentes buite die grense van Israel, sorg vir die basiese organisasie van die gemeentelike lewe (vgl Hand 14:23, Titus 1:5). Hy lê in sy briewe baie klem daarop dat die lede van die Christelike gemeenskap nie apart of los van mekaar funksioneer nie. Hy gebruik ’n verskeidenheid metafore wat die eenheid tussen gelowiges in ’n gemeente uitdruk byvoorbeeld: al is daar baie lede, vorm hulle saam een *liggaam* (Rom 12:4–8, 1 Kor 12:12–31, Ef 4:16). Baie stene word opgebou tot een *geestelike huis* waarin God woon (Ef 2:20–22). Die lede van Joodse en nie-Joodse afkoms, vorm saam een *nuwe mensheid* (Ef 2:15). Daar is baie broers en susters, maar een *huisgesin van God* (Ef 2:19). Paulus gee aan die Efesiërs die uitdruklike opdrag om die eenheid wat die Heilige Gees tussen hulle gesmee het, te handhaaf (Ef 4:3). Dit lyk of ’n individuele gelowige nie eers in staat is daartoe om op sy/haar eie die omvang van God se liefde te verstaan nie. Hy/sy het volgens Ef 3:18 die gemeente daarvoor nodig: *“Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek”.*

Ons kan met veiligheid sê die feit dat daar *gemeentes* bestaan, is die wil van God. "Die Here het *gemeentes* (let wel: nie in die eerste plek die kerk in sy geheel nie, maar gemeentes) aangewys as die menslike middel (voertuig) waarmee Hy sy doel met die evangelie op aarde wil bereik" (Burger 1991:20). Die konsep van Christelike geloofsgemeenskappe of plaaslike gemeentes het die toets van 20 eeue en honderde kulture deurstaan. Dit is nie tyd-spesifiek of kultuur-spesifiek nie. Die vraag is dus nie of daar in die toekoms gemeentes gaan wees en of hulle 'n rol gaan speel nie. Gemeentes was nog altyd daar en daar is geen rede om te dink dat die konsep van "gemeentes" uitgedien is nie. Die vraag is eerder hoe gesond en volwasse gemeentes gaan wees; hoe akkuraat gemeentes hulle kontekste gaan vertolk en hoe sinvol hulle bydraes gaan wees om die koms van God se koninkryk te dien.

Wat my verder optimisties stem, is dat geloofsgemeenskappe deur die eeue heen besondere veerkragtigheid geopenbaar het: hulle kon altyd opstaan en hulle bekeer, al was die tydperk van afvalligheid ook hoe diep of hoe lank. Die godsdienstige hervormings van koning Asa is 'n goeie voorbeeld hiervan (2 Kron 15). Nie oorlog, neerlaag, uitbuiting, mishandeling, natuurrampe of selfs ballingskap kon ooit hulle geloof of gemeenskaplikheid vernietig nie. Die getuienis van die lewe van baie verskillende geloofsgemeenskappe deur die loop van die geskiedenis, in baie verskillende kontekste, stem my by voorbaat positief teenoor gemeentes.

Vandag se mense lewe in 'n gefragmenteerde, mobiele en immer-veranderende wêreld. Roepingsbewuste gemeentes bied in hierdie omstandighede 'n hawe, 'n geestelike tuiste, 'n bymekaarkomplek van mense wat hulle doelbewus toelê op sorg, liefde en vertroue. In 'n wêreld vol materiële nood bied gemeentes, net so goed of beter as enige organisasie ter wêreld ondersteuning en kos, troos en onderdak, opleiding en hoop op 'n nuwe begin. In 'n wêreld met 'n behoefte aan geestelike en morele leiding, verskaf gemeentes betroubare steunpunte aan hulle gemeenskappe, hulle bewaar die band met 'n eeuelange geskiedenis, hulle put uit beproefde tradisies en wysheid en poog om dit nuut toe te pas in nuwe omstandighede. Gemeentes roep lidmate op tot verantwoording en verantwoordelikheid, beskerm die weerloses, gaan onreg teë, help bou aan beter gemeenskappe (Dudley & Ammerman 2002; vgl ook Nel 2006). Daar is talle voorbeelde van gemeentes wat op bogenoemde wyses leef en onder die drang van die liefde van Christus (2 Kor 5:14) 'n verskil maak na binne en na buite.

### 3.2.2 GEMEENTEBOU SE PLEK BINNE DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

Gemeentebou maak deel uit van die praktiese teologie. Die sistematiese besinning oor die opbou van die gemeente is, net soos die "nuwe" praktiese teologie, 'n jong wetenskap (Nel 1986:1). Dit is "een nog jong vak binnen de praktische theologie" (Heitink 1993:271). Gemeentebou as identifiseerbare bediening van die kerk is eweneens relatief jonk. Die *saak* van die opbou van die gemeente is egter so oud soos die bestaan van die kerk. Ten spyte van die kort tydsbestek wat die vak as 'n aparte wetenskaplike rigting bestaan, is die vak reeds gevestig en goed beskryf. Belangrike bydraes in Afrikaans is dié deur LK Louw 1984; DJ Louw 1992; Nel 1986, 1988, 1993, 1994, 1988, 2006; Heyns 1986; Burger 1991, 1995, 1999; Breytenbach en Pieterse 1992; Hendriks 1992, 2001, 2007; Bisschoff 1993.

Dit is belangrik om die plek van die dissipline "gemeentebou" binne die groter vak "praktiese teologie" uit te klaar. Sodoende word die verhouding van gemeentebou met die funksies van die gemeente, naamlik kerugma, leiturgia, koinonia, diakonia (Breytenbach & Pieterse 1992: 105–106; Heitink 1993:234–237; Nel 1994:27, 2009:439–443) en die spesialisrigtings binne die praktiese teologie wat daardie funksies bestudeer, vasgestel.

Heitink (1993:231) verdeel die breë gebied van die praktiese teologie in drie handelingsvelde: die eerste noem hy "*mens en religie*", wat handel oor die individuele mens en die wyses waarop 'n individu op 'n religieuse manier sin gee aan sy lewe. Gespesialiseerde vakrigtings soos pastoraat (poiminiek) en spiritualiteit kom hier tuis. Die tweede is die veld van geloofsgemeenskappe wat hy noem: *"kerk en geloof"* (Heitink 1993:261). Gespesialiseerde vakrigtings soos kategetiek, homiletiek en liturgiek hoort in hierdie handelingsveld. Die derde handelingsveld "*godsdiens en samelewing*" het te doen met die rol en teenwoordigheid van die Christelike godsdiens in alle sektore van die samelewing. Gespesialiseerde rigtings soos evangelistiek en diakoniek pas hier in.

Heitink (1993:271) deel gemeentebou in onder die tweede handelingsveld: *kerk en geloof*. Ek meen egter dit is 'n fout om gemeentebou in te deel neffens ander dissiplines wat hulle elk besig hou met 'n afgebakende veld, omdat gemeentebou hom juis nie beperk tot 'n afgebakende veld nie (Burger 1991:20; Nel 1994:13). Dit is die dissipline wat hom besig hou met die geheelbeeld van die gemeente se lewe en die balans tussen bedienings; die samehang van hoe 'n gemeente haar

identiteit verstaan, haar roeping beleef en haar bedienings struktureer om as gemeente uitdrukking te gee aan korporatiewe identiteit en roeping (Nel 1998:29).

Ek meen ook dit laat nie reg geskied aan die vakrigting deur dit net by die tweede handelingsveld te plaas en nie ook by die derde nie. Die missionêre dimensie, wat met "*godsdiens en samelewing*" te doen het, bly by voorbaat agterweë. As hierdie vakgebied net by "*kerk en geloof*" ingedeel word, wek dit die indruk dat die hooffokus in gemeentebou 'n fokus op die gemeente is, dus 'n fokus na binne, 'n fokus op konsolidering, toerusting en versorging. Daar moet in gemeentebou juis balans wees tussen die versorgende en missionêre dimensies (Bisschoff 1993:42).

### 3.2.3 EKSEGETIESE BASIS: DIE "BOU"-METAFOOR

Om 'n behoorlike greep op gemeentebou as omvattende bediening te kry, is dit nodig om die ekse-

getiese basis te verryk deur deeglik in te gaan op enkele kern-Bybelgedeeltes, voordat 'n definisie aangebied en toegelig word. Die eksegese is beperk slegs tot die "bou"-metafoor, hoewel verskeie ander Bybelse metafore inhoudelik daarmee ooreenstem. Die keuse is hier om slegs oor drie Bybelboeke eksegetiese perspektiewe uit te lig: Jeremia in die Ou Testament en die twee Korintiërbriewe in die Nuwe Testament. Daarna word verwys na die gevolgtrekkings van outeurs wat baie meer tekste oor die bou-metafoor ter sprake bring (Hendriks 1992:37–87; Nel 1994:2–8).

#### 3.2.3.1 HERKOMS VAN DIE OU TESTAMENTIESE METAFOOR

Dit is belangrik om die herkoms van die "bou"-metafoor in die Ou Testament opnuut na te gaan, omdat die bou-uitdrukkings wat in gemeentebou gebruik word, se betekenis slyt as gevolg van die hoë frekwensie van die gebruik daarvan. Die gevaar bestaan dat veelseggende uitdrukkings vervlak tot clichés en dat 'n deel van die vak se inhoud in die proses verlore gaan. Dit is voor die hand liggend dat die begrip "bou" in oordragtelike sin gebruik word, maar waar kom die uitdrukking vandaan?

Die "bou"-metafoor in die Ou Testament het gegroei uit tradisionele beeldspraak. Die proses het soos volg verloop: In die antieke Nabye Ooste van die Ou-Testamentiese era het oorloë gereeld voorgekom. Die patroon was dat die oorwinnaar sy vyand se geboue afgebreek en sy landerye

verwoes het. In vredestye is die geboue weer herbou en landerye heraangelê. Met die verloop van tyd het gelowiges *oorlog* (met die plundering en afbreek wat daarmee gepaard gegaan het), geassosieer met die toorn en straf van Jahwe. "Kom die vyand om God se oordeel oor sy ontroue volk te voltrek, sal God se gerig gesien kan word in die feit dat die geboue (stad, mure, tempel, huise) afgebreek en vernietig sal word (net soos ook die landerye verwoes sal word)" (Roberts 1983:72). Aan die ander kant was tye van *vrede*, met die gepaardgaande opbou van mure, huise en stede, asook die heraanlê en bewerking van landerye, weer gekoppel aan Jahwe se sorg en seën. Jahwe was betrokke by beide die prosesse: afbreek en opbou. "Die letterlike bouwerk van vredestye en afbreek van oorlogstye verdiep by die profete tot beeldspraak wat uitdrukking gee aan hoe God met sy volk handel" (Nel 1994:3).

3.2.3.2 DIE "BOU"-METAFOOR BY JEREMIA

**JEREMIA 1:4–10** Jeremia 1:4–10 word as perikoop beskou, op grond van die struktuurmerkers

*"Die woord van die Here het tot my gekom"* in verse 4, 11 en 13. In verse 4, 11 en 13 begin telkens 'n nuwe perikoop. Sommige geleerdes beskou vs 11–12 saam met vs 4–10 as 'n eenheid, sodat die visioen van die amandeltak die roepingsberig saamvat en afsluit (Allen 2008:25). Die feit dat die woord van die Here *'n tweede keer* tot Jeremia gekom het (vs 13) ondersteun daardie indeling. Inhoudelik is net vs 4–10 egter die profeet Jeremia se roepingsberig (Wessels 1987: 115), met standaard, voorspelbare elemente wat in ander profete se roepingsberigte ook voorkom (vgl ook Brueggemann 1998:23).

As deel van die roepingsberig van die groot profeet Jeremia, lees ons die volgende: *"Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek* (Hebreeus: *hāras*) *en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou* (Hebreeus: bānâ) *en te vestig"* (Jer 1:10). Hier word altesaam ses werkwoorde genoem, ses take waarvoor die profeet aangestel is. "Jeremiah was given authority over nations and kingdoms in two directions. He was to proclaim oracles about their overthrow or their restoration" (Thompson 1980:150). Die eerste rigting van Jeremia se bediening is negatief. Vier van die ses take wat hom opgedra word, is negatief: *"afbreek"* en nog drie: *uitroei*, *vernietig*, *platslaan*. Die tweede rigting van sy bediening was positief en twee van die take wat hy kry, is positief: *"bou"* en nog een: *vestig*.

Hierdie verhouding van vier "afbreek"-opdragte teenoor twee "bou"-opdragte klop met die inhoud van die boek Jeremia. In die tydperk van die aanloop tot die ballingskap moes die profeet baie meer straf en oordeel aankondig as herstel en heil. Jeremia het dit nie geniet om Juda af te breek, uit te roei, te vernietig en plat te slaan nie. Hy sou baie eerder wou praat oor opbou en vestiging. "But he did comparatively little of this constructive preaching and a great deal of the destructive kind" (Thompson 1980:151). Hy het persoonlik swaar gely onder die gewig van die oordeelsprofesieë wat hy moes dra: *"Om die woord van die Here te moet aankondig, beteken vir my net vernedering en bespotting heeldag deur* (Jer 20:8b; vgl ook Jer 8:18–22, 14:17–22, 15:10–21, 20: 7–18).

Die werkwoord "bou" (bānâ) word hier in die roepingsverhaal vir die eerste keer gebruik, maar daarna kom dit by herhaling weer in die res van die boek voor. Jeremia 1:10 stel met die ses werkwoorde een van die groot motiewe van die boek aan die orde. "Here and throughout the Jeremiah book are references to building and planting" (Lundbom 2010:54). Die tema van "bou" en "afbreek" word dikwels opgeneem en uitgebrei in die hoofstukke wat volg. Wat nou volg, is gemeentebouperspektiewe uit die roepingsperikoop. Ander perikope in Jeremia wat die werkwoorde van Jeremia 1:10 opneem en verder ontwikkel, kom later ter sprake.

3.2.3.2(a) "Bou-afbreek" word as begrippepaar gebruik in tandem met "plant-uitruk".

Die eerste insig is dat die werkwoord "bou" nie selfstandig voorkom nie, maar in kombinasie met die vyf ander werkwoorde in vs 10. Die ses werkwoorde speel 'n rol in ander hoofstukke van die boek Jeremia ook. "The particular combination of words used here occurs in more or less the same form in other places in Jeremiah (12:14–17; 18:7–9; 24:6; 31:28, 40; 42:10; 45:4)" (Thompson 1980:151). Hierdie ses werkwoorde is van kritiese belang in die boek Jeremia. Dit omvat Jeremia se oordeels- **en** heilsprofesieë. "It may be suggested that this range of six verbs provides the essential shape of the book Jeremiah in its present form" (Brueggemann 1998:25).

Die gemeentebouperspektief is dat dit nie sin maak om in Jeremia die "bou"-metafoor op sigself te probeer verstaan nie. "Bou" word as deel van die begrippepaar "opbou-afbreek" gebruik. Die uitgangspunt van Jeremia se teologiese denke is Jahwe se verbond met Israel. Daar is verbande met die boek Deuteronomium (Brueggemann 1998:4). Die val van Jerusalem was volgens Jeremia

die daad van God, eerder as die gevolg van Babiloniese imperialisme. Dit was, in ooreenstemming met die teologie van Deuteronomium, God se straf op langdurige ongehoorsaamheid van die volk aan die verbondsvoorskrifte (sien bv Jer 11). Maar Jeremia gaan verder as die enkelvoudige verklaring van alles wat gebeur in terme van verbondsverbreking en die voltrekking van die vloeke van die verbond (Deut 28:15–68). “Along with the paradigm of covenant, the book of Jeremiah affirms another theological claim, *the Pathos of Jahwe”* (Brueggemann 1998:5). Ten spyte van hulle ongehoorsaamheid, verlang God na ’n verhouding met Juda (Jer 30–31). Jeremia verkondig die ingryping van ’n komplekse, soewereine God wat nie voorgeskryf of in teologiese kategorieë ingeperk kan word nie. Die profeet beskryf in ryk poësie die paradokse van breek en bou; regmatige straf van verbondsontrou en die verrassende nuwe begin. Die positief en die negatief, die genade en die straf, die aankondiging van heil en die waarskuwing oor die komende oordeel gaan hand aan hand. Dieselfde God wat bou, breek ook af. Albei aktiwiteite is deel van die ontplooiing van sy plan.

Die “bou-afbreek”-metafoor word in Jeremia 1:10, soos in die res van die Bybel, in noue verband met ander metafore gebruik. Die ander metafore is belangrik omdat dit in dieselfde semantiese veld voorkom en lig werp op betekenisnuanses. In Jeremia is dit veral ’n ander tweeling-metafore wat saam met bou-afbreek gebruik word naamlik “plant” (Hebreeus: nātaš, in die 1983 Afrikaanse vertaling soms “vestig”) en “uitruk” (Hebreeus: nāta) (vgl Jer 1:10, 11:17, 18:9, 24:6). Waar die “bou-afbreek”-begrippepaar in tradisionele beeldspraak sy herkoms by geboue en dorpe het, het die “plant-uitruk”-begrippepaar sy herkoms in die landbou (Roberts 1983:72).

In Jeremia 1:10 word albei pare gebruik om tegelykertyd die negatiewe en die positiewe van Jeremia se roeping en boodskap te versterk. Dit is egter nie die enigste vers waar die twee pare saam-saam gebruik word nie. In Jeremia 31:28 word die twee begrippepare (“bou-afbreek” en “plant-uitruk”) in tandem gebruik om die heilsprofesie te versterk: *“Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here.”* Na die ramp maak God ’n nuwe begin. Die gebruik van *plant* saam met *bou* versterk die heilsaankondiging.

In Jeremia 45:4 word dieselfde twee begrippepare vir die teenoorgestelde doel gebruik, naamlik, om die Here se oordeel te aksentueer: *“So sê die Here: ‘Wat Ek gebou het, slaan Ek plat; wat Ek*

*geplant het, ruk Ek uit.'"* In die voorafgaande verse sien die leser dat Baruk, Jeremia se sekretaris, swaarkry net omdat hy die oordele moet neerskryf. Vir God is dit veel erger, want Hy moet deur die oordele sy eie handewerk tot niet maak: nie net mense nie, maar ook die land (Deist 1989:871).

Ongelukkig is nie alle hedendaagse, plaaslike gemeentes goeie gemeentes wat besig is om hulle goddelike roeping uit te voer nie. Gemeentes bestaan nog altyd uit begenadigde sondaars en lidmate se sonde maak gemeentes seer. Geloofsgemeenskappe was nog altyd allermins volmaak. Die lys van gemeentesondes in die Bybel, wat nie net die individu geraak het nie, maar die *gemeente* en haar getuienis benadeel het, is lank. Deur al die eeue was daar in gemeentes 'n mengsel van goed en kwaad. Dieselfde God wat die gemeente bou, breek ook sondige elemente af. Dieselfde God wat plant, ruk ook uit en daarom mag 'n gemeente nooit in sonde volhard nie. Gemeente wat haar roeping verstaan en daaraan uitvoering gee, is nie 'n sondelose gemeenskap nie. Inteendeel. Maar God sien kans daarvoor om gemeentes te roep en te gebruik ten spyte van ooglopende tekortkominge. Dat gemeentes onvolkome is, maar nogtans onder 'n roeping lewe, is deel van die prakties-teologiese ekklesiologie. Die agogiese moment (Firet 1968:177), die doelwit van verandering (Breytenbach & Pieterse 1992:108–109; Nel 1998:28) is deel van die pakket van hoe gemeentebouteoloë oor gemeentes dink. Gemeentes van Christus is nie staties nie, maar altyd aan die beweeg, altyd nog as empiriese subjek besig om te beweeg in die rigting van die teologies gedefinieerde subjek in Christus (vgl Nel 1994:12).

Die NG Kerk waaroor hierdie ondersoek handel, gaan ook gebuk onder gemeentesondes. Daar was ook dwarsdeur die geskiedenis van die NG Kerk gemeentes wat verdeeld was en met mekaar getwis het (Van der Watt 1977:voorwoord). Vandag se gemeentes maak ook skande en dit word deur die media uitbasuin: partykeer oor politieke twiste in die kerk, of oor buite-egtelike verhoudings of geld of persoonlike verskille. Magstryd en eiesinnigheid is niks nuuts in die kerk nie. Dit was nooit anders nie. Die modelgemeente bestaan nie. Gemeentes was nog nooit volmaak nie. Na 23 jaar in die gemeentelike bediening het ek baie eerstehandse ervaring van die praktyk wat die heel mooiste, maar ook van die lelikste waartoe die mens in staat is, insluit. Vandag se gemeentes staan tegelykertyd onder God se "bou"-beloftes en sy "afbreek"-waarskuwings. Maar ten spyte van al die mislukkings en die dowwe kolle, kan mens saamstem met Dudley & Ammerman (2002:1): "Congregations have never been more important … Although doomsayers of a

generation ago may have thought congregations were islands of complacency or dinosaurs on their way to extinction, it is clear that the obituaries were premature." Gemeentes is steeds werktuie van God wat die kollektiewe krag van gelowiges laat geld in die wêreld. "... the Christian Church is probably the most important non-governmental organization in virtually all Central and Southern African countries." (Hendriks 2001:2). Dit is waar dat God ook ander werktuie gebruik, benewens gemeentes, maar dit ondermyn geensins die belangrikheid van gemeentes en 'n optimistiese siening van gemeentes nie.

Gemeentes is krities vir die welsyn van individuele gelowiges, asook vir die welsyn van die plaaslike gemeenskappe. Maar die **voorwaarde** is dat die **gemeentes gesond** moet wees en as geloofsgemeenskap moet gedy. 'n Belangrike vraag is: wanneer is 'n gemeente gesond? 'n Gemeente met baie lidmate en baie geld is nie noodwendig gesond nie. Gemeentes is gesond wanneer hulle hul roeping verstaan en daaraan uitvoering gee. Die optimistiese aanname is dat wanneer 'n gesonde gemeente haar konteks en roeping-in-konteks helder voor oë het, sy 'n sinvolle bydrae sal maak in die lewe van individue en gemeenskappe. God plant gedurig die gewenste saad en ruk die ongewenste groeisels uit.

3.2.3.2(b) Gemeentebou is 'n langtermyn- en prosesmatige bediening waar tydsverloop en tydsberekening saak maak.

'n Betekenisnuanse wat in beide die "bou-afbreek" en die "plant-uitruk" begrippepare lê, is dat God se heilswerk met sy volk 'n proses is wat tyd neem. Dit is harde werk en dit neem tyd om 'n gebou op te rig. In die antieke tyd moes alles met die hand gedoen word. Bouwerk het natuurlik baie langer geneem as in die moderne tyd. Om te plant is positief, maar dit neem 'n bepaalde tyd voor dit oestyd raak. Enige landbouer weet dit. Dit is onsinnig om die oes te wil sien die week nadat daar geplant is. Die beginsel dat gemeentebou 'n voortdurende en prosesmatige en langtermynbediening is (Nel 1994:112, 1998:33–34) en dat daar nie kitsresultate is nie, hang saam met die begrippe "bou" en "plant". Dit wat geplant is, moet tyd gegun word om te ontkiem. Saaiers moet saai, maar ook die geduld hê om dag na dag te gaan slaap en op te staan, totdat die aarde vanself die graan voortbring (Mark 4:26–29). Dit is God alleen wat laat groei (1 Kor 3:6) en die mens se ongeduld kan die proses nie verhaas nie.

In gemeentebou is daar iets soos die *regte tyd* om die *regte ding* te doen (vgl De Waal 2006:106–107), net soos wat daar 'n regte tyd van die jaar is om te plant. Die "plant"-metafoor wat saam met die "bou"-metafoor gebruik word, noop gemeentebouers om wyslik en strategies te besin oor seisoene in die gemeenskap, koninkryk en gemeente. Gemeentes moet krities dink oor die regte *tydsberekening* vir goeie inisiatiewe. Nie enige tyd van die jaar is die regte tyd om te plant nie. 'n Landbouer wat in die verkeerde seisoen plant, mors sy tyd, energie en saad. Hy mag baie hard werk, maar die gewenste resultate sal nie daar wees nie, omdat hy die seisoene nie reg takseer nie. Praktiese teologie en gemeentebou is bedienings van teologiese onderskeiding (Hendriks 2001:13; Osmer 2008:82). Besluitnemers in 'n gemeente kan die regte uitgangspunte, ekklesiologie en planne gereed hê, maar met die plant-metafoor in gedagte, moet die vraag altyd gevra word: Is die tyd ryp? Is die tyd ryp – in die lig van wat híér en élders in God se koninkryk en in sy wêreld gebeur?

Baie profetiese uitsprake lyk teenstrydig as mens nie die tydsverloop en die konteks in ag neem nie. Die mees dramatiese voorbeeld is sekerlik hoe die trant en inhoud van Jeremia se boodskappe aan Juda verskil vóór en tydens die ballingskap. Vóór die ballingskap sê Jahwe byvoorbeeld: *"Kyk, Ek begin 'n ramp bring oor die stad waaroor my Naam uitgeroep is, en wil julle los uitstap, sonder om gestraf te word?* (Jer 25:29) en *"Sion sal soos 'n land geploeg word, Jerusalem sal 'n puinhoop word, die tempelberg 'n hoogte vol bossies"*(Jer 26:18b). Jeremia 29 bevat twee briewe wat Jeremia aan die ballinge geskryf het, wat in 597 vC na Babel weggevoer is (Allen 2008:322). Die boodskap aan die Judeërs wat rééds in ballingskap was, klink anders as die boodskap aan Juda vóór die ballingskap: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting"*(Jer 29:11)! 'n Soortgelyke verskil in agtergrond, teologie en boodskap is ook te bespeur tussen Jesaja 1–39 wat hoofsaaklik voor-eksilies gedateer word en Jesaja 40–55 wat tydens of na die ballingskap geskryf is (vgl Prinsloo 1987:83–84, 103–104).

Gemeentebou kan nie met 'n gestolde dwarssnit van 'n bepaalde tydstip in 'n gemeente se lewe werk nie, omdat dit gaan oor God wat dinamies met daardie gemeente op weg is. Die "bou"-metafoor impliseer dat die gebou van God onder konstruksie is en vandag anders lyk as gister. Die gemeente leef altyd in die spanningsveld tussen die gemeente se verlede en God se toekoms. Sy maak haar los van wat agter is en strek haar uit na wat voorlê (vgl Fil 3:13). In gemeenteboutaal: Daar is 'n kloof tussen die gedefinieerde subjek (die gemeente soos sy volgens die Bybel bestaan

in Christus en deur die werk van die Heilige Gees) en die empiriese subjek (die gemeente voor mense se oë, soos sy tans in werklikheid lyk en funksioneer). "Kortweg kan gestel word dat gemeentebou juis gemoeid is met hoe die empiriese subjek nader kan kom, meer kan word soos dit bedoel is om te wees" (Nel 1994:12). Dit is 'n prosesmatige bediening wat tyd neem. Die perspektief van tydsverloop moet altyd in gedagte gehou word: waar kom 'n gemeente vandaan en waarheen is sy aan die beweeg?

Die "bou"-metafoor impliseer 'n proses waar tydsverloop saak maak. Die "plant"-metafoor beklemtoon selfs nog meer die aspek van *tydsverloop*. Hierdie eksegetiese perspektief het bepaalde implikasies vir gemeentebou. 'n Historiese perspektief op sake, moet altyd deel wees van 'n gemeenteboupoging. Die gemeenteverhaal, vertel in terme van die ses werkwoorde van Jeremia 1:10, is 'n bruikbare gemeentebou hulpmiddel om perspektief te kry op die gemeentegeskiedenis; die bou en afbreekwerk wat reeds gedoen is.

Beide die "bou"- en "plant"- metafore lê klem op tendense wat mettertyd ontwikkel. 'n Antieke gebou is oor 'n tydperk van jare, soms dekades, gebou. Nadat daar geplant is, gebeur groei langsaam. Sommige gewasse soos koring neem máánde om ryp te word en sommige bome soos die olyf neem dekádes om in volle produksie te kom. Hierdie twee metafore wil duidelik maak dat 'n gewyde nasie nie oornag verander nie – nie ten goede of ten kwade nie. Ontwikkelings gebeur oor 'n periode van tyd, maar dit is belangrik dat ontwikkeling deurentyd in die regte rigting sal beweeg. In moderne gemeenteboutaal: prosesse in 'n gemeente moet bestuur en van tyd tot tyd geëvalueer word in die lig van die gemeente se doelwitte. Die rigting waarin 'n gemeente ontwikkel, moet gemonitor word. Ontwikkelings wat teenstrydig met die gedefinieerde subjek is, is skewe bouwerk. Dit moet afgebreek word en oorgebou word. Die gemeentebouproses is nooit klaar nie.

Om te bou, is 'n tydrowende werk. In die antieke konteks moes boumateriaal eers bekom en met primitiewe vervoermiddels aangery word na die bouterrein – soms van ver af. Hout vir Salomo se tempel is byvoorbeeld in vlotte gebind en, onder andere, seelangs uit die Libanon vervoer (1 Kon 5). Bouery het destyds baie meer tyd in beslag geneem as 'n moderne bouery. Die klippe vir Salomo se tempel is op 'n ander terrein in die regte grootte en vorms gekap en dan na die tempelterrein gebring – tydrowende werk (1 Kon 6:7). Om af te breek, het egter in oorlogstyd binne 'n dag of twee gebeur. "Uitruk", anders as "plant" en die gepaardgaande groei en rypwordingsproses

wat maande neem, kan ook oornag gebeur. Dit versterk die gedagte dat "afbreek" baie makliker is en vinniger gebeur as "bou". Die versoberende waarheid in gemeentebou is dat dít wat oor 'n lang tydperk in 'n gemeente opgebou is, in 'n kort tydjie tot niet kan gaan.

3.2.3.2(c) Die mens Jeremia is geroep om as God se profeet te "bou" en "af te breek".

Jeremia se roeping is gedokumenteer in Jeremia 1:4–10. Sy roeping was om aan al ses die werkwoorde wat hierbo bespreek is, uitvoering te gee, onder andere "afbreek" en "bou". Daar is in Jeremia 1 sprake van 'n dubbele roeping van die profeet: "Verse 10 presents the prophetic commission earlier expressed in terms of divine purpose at v. 5. The main verb has a performative function, dynamically bestowing authority" (Allen 2008:27). **Eerstens** het God hom voor sy geboorte geken, aan Hom gewy en as profeet aangestel (vs 5). "... it is a remarkable statement not for what it tells us about the prophet's call, but for what it does not tell us. Jeremiah's call came *before* he was conceived in the womb of his mother, which means the divine action remains veiled in mystery, just as the pre-creation of the world does. The time of Jeremiah's call is known only to God" (Lundbom 2010:35). **Tweedens** ontvang hy die roeping in die jaar 626 vC (vs 10) toe hy 'n jong man van ongeveer twintig was. Jeremia ontvang die aktuele opdrag tot "breek" en "bou", maar God is die Opdraggewer. God se gesag en God se opdrag lê agter Jeremia se "breek"- en "bou"-werk.

Die verhaal van Jeremia se roeping volg die patroon wat voorkom by ander Bybelse roepingsverhale, soos onder meer dié van Moses, Samuel en Jesaja. "Die ooreenkoms met die roeping van Moses is veral merkwaardig" (Wessels 1987:155). Jeremia sien aanvanklik nie kans vir sy roeping nie. "He shrank from God's call as Moses did" (Thompson 1980:148). Jeremia se eerste reaksie herinner baie aan Moses s'n in Eksodus 3. Hy voel onbekwaam, onervare en hy kan nie goed praat nie (Jer 1:6). Die profeet deins terug van die oormaat oordeel wat hy moes aankondig. "But the word overrules its bearer. The message requires the messenger" (Brueggemann 1998:26). Jahwe herhaal die opdrag, hierdie keer saam met twee groot beloftes – die beloftes van sy teenwoordigheid en sy redding: *"Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red"* (vs 8). Hy rus die profeet ook toe deur sy woorde in sy mond te lê (vs 9). Jeremia het hierna vir dekades lank volgehou om God se profeet vir die nasies te wees en, gegewe die moeilike omstandighede waarin

hy moes optree, was dit net sy vaste geloof in hierdie beloftes van Jahwe wat hom in staat gestel het om te volhard.

Moses en Jeremia se roepingsverhale stem ooreen. Maar die werk wat hulle moes doen, is byna direkte teenoorgesteldes van mekaar. Waar Moses ’n slawevolk as vry mense na die Beloofde Land uitgelei het, moes Jeremia optree in die tyd toe vry mense as slawe weggevoer is uit die Beloofde Land. Dít wat in Moses se tyd opgebou is, is afgebreek in Jeremia se tyd (sien Deist 1989:816).

Wanneer Jeremia as profeet gebou of afgebreek het, het hy dit gedoen met krag en bekwaamheid wat van God gekom het. Dis in die praktyk nie moontlik om te onderskei tussen wat God doen en wat die profeet doen nie. Die profeet gaan waar God hom stuur “no choice of audience” (Thompson 1980:148) en sê wat God hom beveel “nor a choice of message” (Thompson 1980:148). God gebruik Jeremia se bediening (1:10). Hierdie teologiese beginsel lê ten grondslag van die praktiese teologie as geheel. God maak van die diens van mense gebruik om sy boodskap te kommunikeer (Vos 1995:15). Diegene wat Hy roep, bemagtig Hy ook.

3.2.3.2(d) Geen geografiese of nasionale beperkings nie.

Die volgende perspektief staan in verband met die reikwydte van God en sy profeet se betrokkenheid. Jeremia is voor geboorte aangestel *“as profeet vir die nasies”* – nasies in die meervoud (1:5). Die gedagte herhaal in Jeremia 1:10: *“Kyk, Ek stel jou aan oor nasies en oor koninkryke ...”* Sy roeping tot “afbreek” en “bou” het veel wyer as net Israel gestrek. By die pottebakker se huis sê God Hy bou enige nasie of koninkryk, of breek hom af (Jer 18:7–10). “There were no limits to Yahweh’s sovereignty and therefore there were no limits to the scope of Jeremiah’s ministry” (Thompson 1980:146).

Die groep wat die primêr deur Jeremia aangespreek is, was natuurlik die volk van die verbond. God spreek hulle op verskillende plekke aan, omdat Hyself nie geografies beperk is, soos die algemene siening oor gode in die ou Ooste was nie. *“Ek is nie ’n God wat net naby is nie, sê die Here, Ek is ook ’n God wat ver weg is”* (Jer 23:23). God spreek hulle aan in Juda, maar ook in Babel. Oor die Judese ballinge in die vreemde sê Jahwe: *“Vir hulle beswil sal Ek my oog oor hulle hou en*

*Ek sal hulle na hierdie land toe terugbring. Ek sal hulle opbou, nie afbreek nie, Ek sal hulle plant, nie uitruk nie"* (Jer 24: 6).

God se spesiale bemoeienis met Israel en Juda sluit nie een van die naburige volke uit nie. Die volkerewêreld in Jeremia se tyd was 'n kookpot (vgl Deist 1989:813). Die eens magtige Assiriese ryk was in 'n staat van verval aan die begin van Jeremia se vytigjaar-lange profetiese optrede. Egipte, Babilonië en die Mediërs het gereed gemaak om by Assirië oor te neem as die dominante mag. Die God van Israel en sy profeet was op 'n indirekte én direkte wyse betrokke buite Israel. Die woelinge tussen die politieke magte funksioneer gedurig in die agtergrond van Jeremia se optrede, maar hy spreek die "nasies en koninkryke" (Jer 1:10) in Jeremia 46–51 direk aan. Die val van buurlande is nie buite-om God en sy profeet se "afbreek"-, "platslaan"-, "uitroei"- en "vernietig"-aktiwiteite nie. God bring straf en vernietiging oor Egipte (Jer 46:25–26), oor die Filistyne (Jer 47: 6–7), oor Moab (Jer 48:44b), oor die Ammoniete (Jer 49:5), oor Edom (Jer 49:8, 13), oor Damaskus (Jer 49:27), oor Elam (Jer 49:38) en oor sy hamer, sy oorlogswapen: Babel (Jer 50:15, 24–25, 45–46; 51:24–29, 36, 44, 58).

Die "bou"- en "afbreek"-werk van God en sy medewerkers kan nie tot Israel beperk word nie. Die roeping om profeet vir die nasies te wees (Jer 1:5, 10), word ontwikkel in Jeremia 16:19–21: *"Here, my Sterkte, my Beskermer, my Toevlug in tyd van nood, na U toe sal* ***die nasies*** *kom van die uithoeke van die aarde af en hulle sal sê: 'Ons voorvaders het net vals gode gehad, nikswerd en nutteloos.' Kan 'n mens vir hom gode maak? Dit is mos nie gode nie! Daarom sal Ek* ***die nasies*** *my mag en my krag laat ken; dié keer sal Ek hulle dit laat ken, en hulle sal weet dat My Naam die Here is."*

Gemeentebou het altyd 'n missionêre dimensie (Hendriks 1994:180–181) en het al die nasies; die hele mensdom in die visier. Dit is nie 'n nuwe gier nie. Die opbou van die gemeente was nog nooit 'n selfsugtige proses nie. Namate 'n gemeente haar eie wese en bestaansdoel beter verstaan, groei die drang om uit te reik buite die gemeente se grense en 'n bydrae te lewer tot die groei van God se koninkryk. Hoe meer effektief 'n gemeente opgebou is, hoe meer spontaan is die blik uitwaarts (Kellerman 1979:17). Die goeie nuus aangaande Jesus Christus deurdring alle lidmate se lewens en alle bedieninge soos water 'n spons. "Enige aanraking van of met hierdie gemeentelike spons van bedieninge moet die lewende water van die Evangelie laat vloei" (Nel 1986:11).

Hierdie eerste perikoop van die boek Jeremia wat pas in diepte beskou is, bevat die kern-belangrike vers 10 met sy ses werkwoorde: **"The verbs of v.10 anticipate the whole message of the book of Jeremiah"** (Thompson 1980:151). Die "bou"-beloftes herhaal heelparty keer in die boek Jeremia. Die "afbreek"-waarskuwings kom ook by herhaling voor – om die waarheid te sê baie meer volop as die "bou"-beloftes. Vervolgens kom drie van die hoofstukke aan die orde waar die werkwoorde van Jeremia 1:10 opgeneem en ontwikkel word, naamlik, Jeremia 18, 30 en 31.

**JEREMIA 18:1–17** Die werkwoorde van Jeremia 1:10 kom met variasie voor in Jeremia 18:7–9: *"Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig. Maar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring, en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die koninkryk sal bou en sal vestig."*

Die "bou-afbreek" begrippepaar kom hier in 'n ander konteks voor. Hierdie uitspraak is deel van die woorde van Jahwe tydens Jeremia se bekende besoek aan die pottebakker se huis (Jer 18:1–12). Die besoek word geplaas direk na Jeremia 17:27 waar Jahwe Jerusalem waarsku dat Hy die stad se poorte aan die brand sal steek en die mooi huise met vuur sal verteer as hulle aan die Sabbatswette ongehoorsaam is, met ander woorde 'n variasie op die "afbreek"-tema.

Die Here het Jeremia na die pottebakker se huis laat gaan, omdat Hy dáár met hom wou praat (Jer 18:1–2). Toe Jeremia daar aankom, was die pottebakker juis besig om iets op die skyf te maak. Die korrekte verstaan van vers 4 is belangrik om die perikoop se betekenis akkuraat te beskryf: *"Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê."* Die pottebakker begin met 'n homp klei en maak enige voorwerp waarop hy besluit. Maar geen pottebakker het 100% sukses met die voorwerp waarop hy besluit nie. Jeremia verstaan dit omdat argeologiese vondste bevestig dat pottebakkery in sy tyd baie bekend was (Thompson 1980:433). Soms misluk sy ontwerp en hy moet voor begin, soos dit in vers 4 beskryf word. Daar is twee faktore op die spel: een – die pottebakker se besluit wat om met die klei op sy wiel te maak en sy vaardigheid om dit uit te voer, twee – die aard en gehalte van die klei. Enige homp klei op die wiel is nie geskik om enige voorwerp van te maak nie. "... the quality of the clay determined what the potter could do with it. The clay could thus frustrate the potter's original intention and cause him to change it. Yahweh the potter was dealing with a clay that was resistant

to his purpose" (Thompson 1980:433). Die uitleg van wat Jeremia gesien het, word in verse 6–10 gegee. Die "afbreek-bou"-metafoor (vs 7–9) word toegelig deur die gebeure in die pottebakker se huis. Jahwe is die Pottebakker en Israel is die klei in sy hand. Die perikoop handel dus oor die wisselwerking tussen die pottebakker (Jahwe) en die klei (Israel); die wil van God en die mens se reaksie daarop. In die paragrawe hieronder volg meer besonderhede.

3.2.3.2(e) God "bou" en "breek af". Alle inisiatief kom van God.

Hierdie perspektief moet saam met die derde perspektief gelees word: die mens Jeremia se roeping om as profeet te bou en af te breek.

In Jeremia 18:1–17 is dit Gód wat "bou" en "afbreek", nie die mens nie. Die profeet wat in Jeremia 1 geroep is om te "bou" en "af te breek", is hier 'n toeskouer. Die wisselwerking by die pottebakkerswiel verduidelik die wisselwerking tussen God en sy volk.

Die pottebakker is geduldig en probeer sy bes om die regte vorm te gee aan die voorwerp in wording. Die profeet spreek wel die woord, maar alle klem in hierdie perikoop val daarop dat God sélf die kunstenaar is wat die klei boetseer. Soms luister die volk en die pottebakker se plan met die klei werk uit. "As hulle hulle sou laat vorm, sal God, ten spyte van sy besluit om hulle te vernietig, dit nié doen nie" (Deist 1989:840). Ander kere is hulle hardkoppig en luister nie. Die betrokke volk word ál minder wat God beplan het. Oor 'n periode van tyd word dit duidelik dat die voorwerp op die wiel misluk. Jeremia sien hoe die Pottebakker (God) die misvormde, halfvoltooide voorwerp (Israel) stukkend maak en van voor af begin (vs 4). Hierdie perspektief is die teologiese swaartepunt van gemeentebou. Die vorming van die gemeente is van begin tot einde God se werk, deur sy Woord, deur sy Seun en deur sy Gees. Die geheimenis van God wat self die klei boetseer, terwyl Hy ook die mens Jeremia gestuur het om af te breek en op te bou, word nie verklaar nie. Die oënskynlike teenstrydigheid word nie opgelos nie. Die paradoks bly staan. God bou én Jeremia bou. God breek én Jeremia breek. Hier is nie twee aktiwiteite nie, maar een. Miskien maak dit sin om Jeremia se arbeid te sien as 'n klein sirkel binne die groter sirkel van wat God doen. Jeremia is geroep om God se werk te doen, maar nie op so 'n manier dat God nou ophou om self met Israel en die nasies te handel nie. God handel, ook wanneer Hy sy werk deur mense laat doen.

God bou self (Jer 18:9), al het Hy ook ’n profeet geroep om te bou (Jer 1:10). Die twee sluit mekaar nie uit nie. Dit geld nie net Jeremia se tyd nie. Dat God deur mensewerk handel, is die teologiese geheimenis van gemeentebou. Terselfdertyd is dit ook die geheim waarom praktiese teologie mensewerk kan bestudeer en steeds ’n teologiese vak kan wees. Dit is dieselfde beginsel wat Firet (1987:31) daartoe bring om praktiese teologie die teologie van die paradosis te noem (vgl p 59). God werk deur mense en deur gemeentes. Die Christelike gemeente se identiteit het ’n pneumatologiese geheim – sy is ’n skepping van die Gees van God (Burger 1991:27). Gemeentebou het eweneens ’n teologiese geheim: dit is in die eerste en laaste instansie God se werk (Nel 1994:19–20). Dit beteken dat geen mens gemeentebou kan beheer nie en dat daar altyd ’n onvoorspelbare element is. Die wesenlike wat moet gebeur in gemeentebou, kom alleen van God en is aan Hom alleen te danke.

God is die Pottebakker-Kunstenaar wat werk met ’n bloudruk vir elke nasie, koninkryk en gemeente met wie Hy bemoeienis maak. Die Pottebakker begin nie lukraak en planloos nie. Vir die stuk klei op die wiel is daar ’n plan en ’n ideaal. Dit is waar vir die direkte ingryping van God deur sy Gees, maar ook vir sy ingryping deur gebruikmaking van die diens van mense. Met wie Jeremia moes praat en wat hy moes sê, is deur God bepaal (Jer 1:7). God is soewerein om die plan daar te stel én om die plan te verander (Jer 18:8–10). Selfs die volk se ommekeer kom van God en word van Hom afgebid. *“Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God* (Jer 31:18b). Dieselfde waarheid geld elke moderne gemeente en gemeenskap ook. Gemeentebou het sy oorsprong in die wil en heilsplan van God (Nel 1994:11).

God is nie ’n gevangene van sy eie heils- of onheilsaankondiging nie. Hy is die Vrymagtige wat doen wat Hy wil. Ander Bybelboeke getuig ook daarvan: *“Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil”* (Jona 1:14). God se vrymag en die feit dat Hy ook alles beskik, is ’n belangrike tema in Jona (Potgieter 1999:1042). In Jeremia 18:4 staan daar dat die ding wat die pottebakker aan die maak was, misluk het en toe begin hy oor en maak iets anders. Soms verander God sy uitsprake en sien af óf van straf *“Maar wanneer die nasie hom bekeer ... sien Ek af van die straf ...”* (Jer 18:8), óf van die goeie wat Hy wou doen *“Maar wanneer hy doen wat verkeerd is ... sien Ek af van die goeie ...”* (Jer 18:10). God verander van plan wanneer Hy wil (vgl Jona 3:9 – 4:2). “Die keuse of daar voortgegaan en of daar opnuut begin moet word, lê nie by die klei nie, maar by die Pottebak-

ker" (Deist 1989: 840). Die "bou-afbreek"-aktiwiteit word in Jeremia 18:7–9 in verband gebring met die pottebakker wat alle reg het om te besluit wat om met die klei op sy skyf te doen. Die pottebakker-gelykenis is van toepassing op gemeentebou, want dit werp lig op God se besluite om óf te bou óf af te breek; op die dinamiese element dat Hy óf besluit om voort te gaan op die pad wat Hy aangekondig het, óf van plan te verander as Hy wil (Jer 18:7–10).

Gemeenteverval of -verwording is sonde en die waarskuwing dat God afbreek wat Hyself voorheen gebou het, kom met dodelike erns. Die teenoorgestelde daarvan, die opbou van die gemeente, is God Drie-enig se werk. "Hierdie werk is nie alleen God se werk nie (net Hy kan dit laat gebeur), maar is ook volledig sy wil" (Nel 1994:15). Jesus se belofte was: *Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie* (Mat 16:18 OAV). Omdat Hy dit oor al die eeue gedoen het, kan die kerk vandag dankbaar bely: "Op vaste fondamente het God sy kerk gebou ..." (Liedboek 478). In die eksegetiese notas is die waarheid dat God die Subjek van gemeentebou is, 'n refrein. Tegelyk bou God diegene op en stuur hulle uit, wat Hy in Christus gekies en deur die Gees geroep het om sy eiendom en medewerkers te wees.

Al die eksegese (nie net Jeremia 18 nie, maar ook al die ander hoofstukke wat hier ter sprake is) dui daarop dat dit die soewereine God is wat sy gemeente opbou. "*Opbou* is die werk van Jahwe. Hy beloof dit en Hy doen dit *self* – ook wanneer Hy sy opbouwerk deur die diens van mense uitvoer" (Nel 1994:3; vgl ook Burger 1991:27, 39).

3.2.3.2(f) Genadetyd.

Die Pottebakker gee nie sommer net moed op na die eerste terugslag, wanneer Hy besig is om 'n voorwerp te vorm nie. Hy probeer met al sy vaardigheid en geduld om die voorwerp te laat slaag. God breek nie 'n gemeente sonder waarskuwing en sonder tydsverloop af nie. Daar is genadetyd om te bekeer en terug te kom na die Here se weë. Jeremia het 'n lang bedieningstyd gehad wat oor drie Judese konings se regeringstyd gestrek het (Jer 1:2–3). Hy het die volk dekades lank namens die Here gewaarsku, voordat die vernietigende ramp van die ballingskap in 587/586 vC oor Juda gekom het (vgl Jer 31:3). Selfs die ballingskap was nie die einde van God se bemoeienis nie, want 'n oorblyfsel van Juda sou terugkeer ná die ballingskap (Esra 1–2).

Vervolgens kom Jeremia 30 tot 31 aan die orde, hoofstukke wat ook die werkwoorde van Jeremia 1:10 opneem en verder ontwikkel.

**JEREMIA 30–31** "Bou", "breek" en die verwante werkwoorde kom voor in Jeremia 31:27–28: *"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek Israel en Juda weer sal vol maak met mense en diere. Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here."* Dieselfde werkwoorde kom ook in Jeremia 31:38 voor: *"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat hierdie stad vir my herbou sal word ..."* en in Jeremia 31:40b: *"Dit sal nooit weer uitgeruk of platgeslaan word nie."*

Die terminologie van Jeremia 1:10 word weer opgeneem: die negatiewe werkwoorde, waarvan "afbreek" *(hāras)* een is en die positiewe werkwoorde, waarvan "bou" *(bānâ)* een is.

Die aangehaalde verse maak deel uit van die literêre eenheid Jeremia 30–31. Hierdie twee hoofstukke was waarskynlik 'n ouer, afsonderlike eenheid, voordat versamelaars dit in die finale boek Jeremia ingewerk het (Deist 1989:853). Die twee hoofstukke is bekend as "Die klein troosboekie" (Wessels 1995:26), vir 'n voor-die-hand-liggende rede. Allen (2008:330) se opskrif vir hierdie twee hoofstukke is "Covenant-centered hope." Die tema is die nuwe begin wat Jahwe tydens die ballingskap maak met beide Israel en Juda. Die tema word al in Jeremia 30:3 gestel: *"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander en hulle sal terugbring om die land te besit wat Ek aan hulle voorvaders gegee het ..."* Die Troosboekie is uitgesproke oor die Here se oordeel: *"Ek het jou wreed gestraf"* (Jer 30: 14b), maar die klem is op die nuwe begin, op lofsange en feesliedere wat gehoor sal word uit die herboude stad en paleis (Jer 30:18–19). "Indeed, the whole terminology centers round the themes of judgement and renewal after judgement" (Thompson 1980:578). Inhoudelik handel die hele Troosboekie oor "afbreek" en "bou". Jeremia het vir sy bediening vier negatiewe opdragte en slegs twee positiewe opdragte ontvang (Jer 1:10) en was by tye moedeloos was oor die hoeveelheid oordeel wat hy moes aankondig. Hierdie twee hoofstukke is egter 'n uitsondering op daardie reël. Hier is meer heil as onheil. "In the first composition Yahweh's past punishment of the covenant people is matched three times over with the sure consequences of future restoration (Allen 2008:333).

Die "bou-afbreek"- en "uitruk-plant"-terminologie word in beide die letterlike sin ("*jy sal weer wingerde plant"* – Jer 31:5) as die oordragtelike sin (*"Hulle sal floreer soos 'n tuin"* – Jer 31:12b) gebruik.

3.2.3.2(g) Getallegroei.

Getallegroei is nie die doel nie, maar die spontane uitvloeisel van God en sy medewerkers se bou-aktiwiteit. Hier in die Troosboekie lees ons: *"Ek sal my volk baie maak, hulle sal nie minder word nie"*(Jer 30:19) en *"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek Israel en Juda weer sal vol maak met mense en diere" (Jer 31:27).* Die motief van vermeerdering en getallegroei blyk veral uit die noue verwantskap van die "bou"-metafoor met die "saai"- of "plant"- en "groei"-metafore in Jeremia. Saad word gesaai met een motief: dat daar vrug sal wees en die saad sal vermeerder. Die "bou"-metafoor roep ook dadelik die assosiasie van vordering op. Waar daar aktief gebou word, is daar vandag meer stene in die gebou ingemessel as wat daar gister was.

Omdat die resultate in 'n gemeenteboupoging altyd van God afhanklik is, sal dit dwaas wees om getallegroei vir die gemeente as die doel voor te hou. Tog is getalle nie onbelangrik nie. Waar daar kwaliteit bouwerk gedoen word, bly die kwantiteit in terme van getallewins vir die koninkryk nie uit nie. Dit is empiries vasgestel as 'n universele wetmatigheid – waar gemeentes klem lê op die hele spektrum van agt kwaliteitseienskappe en goed vaar met die vestiging van al agt eienskappe, bly getallegroei nie uit nie. Daar is sover nog nie 'n uitsondering gevind op die reël dat gemeentes wat in agt kritiese areas hoë kwaliteit bediening handhaaf, getallegewys groei nie (Schwartz 2005:25–27). Die koninkryk kan immers vergelyk word met 'n saailand waar daar gesaai word met die oog op dertig-, sestig- en honderdvoudige vermeerdering (Mark 4:1–20, 26–29).

Die "bou"-metafoor word in Jeremia 31 in verband gebring met die gedagte van vermeerdering van mense en diere. Die Here sal Israel en Juda wat deurgeloop het in oorlog en wie se getalle uitgedun is, getalsgewys bou. Die 1953-vertaling lees die Here sal *"die huis van Israel en die huis van Juda besaai met die saad van mense en diere"*(Jer 31:27), 'n variasie op die "plant" metafoor van 1:10 en ander gedeeltes. Die "bou"-metafoor hou verband met vermeerdering, getalle mense en diere wat aangroei.

Die betekenis van "bou" is soms semanties naby aan "kinders kry", "meer word", "getallegewys

’n nasie bou”, byvoorbeeld Jeremia 31:4: *“Ek sal aan jou kinders gee, Israel”* en Jeremia 31:27–28 waar die Here se opbou-aktiwiteit in verband gebring word daarmee dat die aantal mense en diere in Israel en Juda sal vermeerder.

Gemeentebou sal ’n fout maak om op getalle te konsentreer. Maar dit is normaal vir ’n gesonde, missionêre gemeente om getallegewys te groei.

3.2.3.2(h) God verkies “bou” bo “afbreek”.

God se doel is nie om te vernietig nie. Soms is dit wel onvermydelik, soos in die Troosboekie verduidelik word: *“Ek het jou wreed gestraf, want jou ongeregtigheid is groot, jou sondes baie”* (Jer 30:14), maar om af te breek veroorsaak ontsteltenis by die Here “*... en tog, elke keer as Ek hom bestraf, dink Ek met hartseer aan hom en is Ek ontstel oor hom, want Ek het hom baie lief, sê die Here”* (Jer 31:20). God se doel is om sy volk te bou en te plant, te vestig en te laat floreer (Jer 30:3, 18–22; 31:12–14). Daar is vir gemeentes sekuriteit in hierdie wete. Die vertrekpunt in die vertolking van die bou-afbreek begrippepaar is optimisties, want God se genade is groter as sy toorn (vgl ook Eks 20:5–6; Hos 11:8–9). Dit ontstel God nooit om sy volk te “bou” nie. Dit ontstel Hom konsekwent om hulle “af te breek”.

Jeremia 31:28–40 stel dit ook duidelik dat God “bou” verkies bo “breek”: *“Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here.”* (vs 28). Hierdie vers kom voor direk voorafgaande aan Jeremia se beroemde nuwe verbondperikoop, Jeremia 31:31–34 en die perikoop oor die onvernietigbare band tussen Jahwe en sy volk, Jeremia 31:35–40. In die lig van die nuwe verbond wat Jahwe in die vooruitsig stel (Jer 31:31) ten spyte daarvan dat Juda die vorige verbond verbreek het in weerwil van God se trou (Jer 31: 32b), maak dit sin om te beweer Jahwe se begeerte om “op te bou”, is sterker as sy begeerte om “af te breek”. Hy begin voor met ’n onverdienstelike volk en Hy is gretig om dit te doen.

Die basis van die nuwe verbond is die feit dat God ingryp: dat Hy Israel en Juda se lot verander; hulle “bou” en “plant”. Jeremia 31:31 spel hierdie goeie nuus uit: *“Daar kom ’n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda ’n nuwe verbond sal sluit”*. Die Troosboekie haal God se woorde aan en

die Here is die aktant van byna al die werkwoorde. Die herstel kom van Hom; Hy skep iets nuuts vir sy verbondsvolk.

Tog word die verantwoordelikheid van *individue* om op God te reageer, ook beklemtoon. Dit is ’n ontwikkeling op die Abrahamverbond, waar een individu sy hele familie en nageslag verteenwoordig het. Die ou reël was dat God die sondes van die vaders aan die kinders kan besoek, die nuwe reël is dat elkeen self die verantwoordelikheid vir sy eie sonde sal dra (Deist 1989:856). Die individu wat groen druiwe eet, se eie tande sal stomp word, niemand anders s’n nie (Jer 31:29–30). God begenadig individue deur op ’n intiem persoonlike manier met hulle te werk: *“Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees”*(Jer 31:33). Die klem op ’n persoonlike verhouding wat God inisieer en ’n persoonlike, verhoudingsmatige respons word deur Jesus opgeneem en ontwikkel in die bergrede, waar Hy alle klem lê op die verinnerlikte wet, teenoor uiterlike pligpleging (Matt 6:17–7:28).

Die koms van die nuwe verbond wat die response van individue beklemtoon, beteken egter nie dat God nie meer kollektief met die volk of gemeente handel nie. God vereis **beide** kollektiewe en persoonlike reaksie. Gemeentebou slaag wanneer sowel die gemeente as die individu in geloof en gehoorsaamheid reageer op God se heilswerk.

Dit is die einde van die notas oor ’n seleksie van tekste uit Jeremia. In die volgende paragrawe verskuif die kollig na die Nuwe Testament en ek gaan voort met eksegetiese notas aan die hand van die twee Korintiërbriewe, voordat die hoofstuk afgesluit word met ’n werksdefinisie van gemeentebou.

#### 3.2.3.3 DIE “BOU”-METAFOOR IN DIE BRIEWE AAN DIE KORINTIËRS

Die Ou Testament se gedagtes en teologie word verder ontwikkel in die Nuwe Testament. Die meeste Nuwe Testamentiese outeurs gebruik die “bou”-metafoor: “Hierdie tradisionele beeldspraak word in die Nuwe Testament veelvuldig aangetref” (Roberts 1983:72). Die bekendste vers in die sinoptiese Evangelies is sekerlik Matteus 16:18 waar Jesus sê: *“Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie”,* nadat Petrus namens die dissipelkring bely het dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is. Lukas gebruik die bou-gedagte herhaaldelik (Hand 9:31; 15:16; 20:32), so ook die Hebreërskrywer (Heb

3:4; 11:16), Petrus (1 Pet 2:5) en Paulus (1 Kor 3:9–23, 2 Kor 13:10, Ef 2:20–22, 4:12–16, Kol 2:7). Ek maak weer eens net oor enkele kerntekste ’n paar eksegetiese aantekeninge. Vir meer volledige eksegetiese notas en die Nuwe Testamentiese fundering van gemeentebou, sien Hendriks 1992; Nel 1994.

Ek het gekies om aantekeninge te maak slegs oor Paulus se briewe aan die Korintiërs. Daar is ’n paar redes vir die keuse: Eerstens is die teologie aangaande die bou-metafoor goed ontwikkel in die Korintiërbriewe, tweedens is 1 Korintiërs 3 ’n hoofstuk wat die bouwerk redelik uitvoerig uiteensit en derdens is daar twee briewe wat aan dieselfde ontvangers gestuur is met ’n tydsverloop tussen-in. Dit beteken die gemeente se situasie is effens verskillend in die twee briewe, maar die latere brief kan die eerste brief se inhoud veronderstel.

In 1 Korintiërs 3 word die “bou”-metafoor, net soos in Jeremia, gebruik in samehang met die gedagte van “plant”. Hier is die gedagte van “plant” verder ontwikkel in ’n saamgestelde “saailand-plant-natgooi-groei”- metafoor. *“Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk. Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God”* (1 Kor 3:6–9a). Die gemeente is die saailand, Paulus het geplant, Apollos het natgegooi en God laat groei. Direk na hierdie verse kom die saamgestelde “bou-bouers-gebou”-metafoor aan die orde. *“Julle is ook die gebou van God. Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos ’n goeie bouer die fondament gelê en ’n ander bou daarop ...”* (1 Kor 3:9b–10a). Die kombinasie van die twee metafore (bou en plant) is algemeen gebruik in die Ou Testament, in die Judaïsme, Hellenisme en Gnostiek. Albei die metafore het hulle herkoms in die alledaagse lewe. “In the living conditions of that day, house-building and planting were the two constitutive labors” (Conzelmann 1975:75). Daar is ook ’n derde metafoor wat bykom in dieselfde hoofstuk, wat ook lig werp op die bou-gedagte naamlik die gemeente as “tempel van God”. *Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle”* (1 Kor 3:16–17).

3.2.3.3(a) Verdeeldheid is altyd kontraproduktief.

Die konteks waarin die bou-metafoor hier voorkom, is die situasie van verdeeldheid in die Korintiese gemeente. Paulus het van Chloë se mense berig ontvang dat daar onenigheid in die gemeente was (1 Kor 1:11). 1 Korintiërs 1:10–4:21 is die eerste hoofdeel van die brief en die hele gedeelte handel oor *verdeeldheid en partyskappe* in die gemeente (Conzelmann 1975:30, Groenewald sa:24, Postma 1989:218).

Minstens vier groepe het rondom vier leiersfigure gevorm: Paulus, Apollos, Sefas en Christus (1 Kor 1:12). Dit was ’n ongesonde situasie wat die eensgesindheid in die gemeente bedreig het: *“Ek doen ’n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees ...”* (1 Kor 1:10). Ten spyte daarvan dat die boodskap van Christus goed gevestig was en die genadegawes in die gemeente teenwoordig en aktief was (1 Kor 1:7–8), was die gemeente droewig onvolwasse, kindertjies in die geloof wat met melk gevoed moes word (1 Kor 3:1–2). Die gemeente was nie besig om te groei na volwassenheid en Christusgelykvormigheid (Ef 4:13), wat die doel van gemeentebou is nie. *“... ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus”* (1 Kor 3:1). Paulus bestraf die gemeente vyf keer dat hulle hul soos wêreldse mense gedra deur leiers teen mekaar af te speel, onder mekaar te twis en oor en weer jaloers op mekaar te wees (1 Kor 3:1–4). In daardie konteks gebruik Paulus die “bou”-metafoor om die wese en die eenheid van die kerk, die posisie van lidmate ten opsigte van mekaar en die relatiewe rol van die leermeesters (van wie hy self een was) uit te klaar.

Twee waarhede staan langs mekaar. Een: Christus alleen is die Hoof van die kerk. Twee: Dit behaag die Here om mense as leiers te gebruik. Leiers in die kerk mag nooit probeer baasspeel of hulle mag misbruik nie. Hulle moet die ander se dienaar wees – selfs hulle slaaf. (vgl Mat 20:25–27). “Omdat Christus egter sy gemeente deur sy Gees, Woord en *deur die diens van mense* regeer, is hierdie waarheid uiteraard sensitief en in die praktyk van ’n gemeente, wat uit gebroke mense bestaan, ook baie kwesbaar. Hoe problematies ook al – in gemeentebou moet hieroor gewaak word, moet hiervoor geywer word en moet hierdie waarheid onvervalsd gehandhaaf word: Christus Jesus, die Here is die enigste Hoof van die gemeente” (Nel 1994: 51). Diensleiers se enigste gesag is afgeleide gesag of “Woordgesag” (Nel 1994:51). Daar is nie plek vir magstryde nie.

Moderne gemeentes wat in verdeeldheid lewe en waar daar spanning is tussen leiers, moet deeglik kennis neem: verdeeldheid en partyskappe breek ’n gemeente vinniger af as wat enige gemeenteboupoging kan opbou. ’n Vraag oor die situasie van verdeeldheid in Korinte is of dit ’n leierskapsonde of ’n gemeentesonde was. Met ander woorde, was Paulus en Apollos haaks met mekaar? Het hulle as leiers groepe rondom hulle persone versamel en die gemeente sodoende in kampe gejaag of is dit die gemeente wat hulle teen mekaar afspeel? Sefas word by die twis betrek, maar hy was sover ons weet nooit eers naby Korinte nie. Verdeeldheid in ’n gemeente is gewoonlik ’n moeilike, sistemiese probleem met baie kante aan die saak. Gemeentebou kan nie vorder in ’n omgewing van verdeeldheid en spanning nie. Daar is immers net een gebou en net een fondament (1 Kor 3:9, 11).

Strategies sal die probleme rondom verdeeldheid eerste opgelos moet word. Eers daarna kan aandag gegee word aan al die ander aspekte van gemeentebou.

3.2.3.3(b) Christus is die norm: die een fondament en die een hoeksteen.

1 Korintiërs 3:11 lees: *“... niemand kan ’n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.”* Christus is nie maar net nog ’n leier naas Paulus, Apollos en Sefas nie (vgl 1 Kor 1:12). Hy behoort nie aan enige groep, sodat hulle met hulle Leier kan spog by die ander nie. Enige ander leer wat nie die basis van die verkondigde Christus aanvaar nie, is onaanvaarbaar. “The Greek text has the sense of ‘alongside’ that which is laid, i.e. there is no way to begin again” (Ruef 1977:25). Die basis van die gemeente se identiteit en funksie is gelê toe Christus verkondig is. Hy is die enigste en onherhaalbare fondament van die hele gebou.

Slegs hulle wat Jesus Christus as Redder en Here aangeneem het, is deel van die gebou van God. Daar is geen ander manier om deel van die gebou te word as om op die fondament te rus nie. Jesus is die enigste, unieke Seun van God en lank verwagte Messias (vgl Joh 3:16–21, Hand 4:12). Die waarheid rondom sy Persoon en die verlossing wat Hy bring, is die fondament. “The foundation is an understandable and widely used metaphor for the rudiments of doctrine” (Conzelmann 1975: 75). Mense wat nie bereid is om in Jesus te glo en Hom te volg op Sy voorwaardes nie, kan nie sy dissipels wees nie. Hulle wil Hom vervang en hulle eie fondament lê.

Jesus behoort nie aan ’n sekere deel van die gemeente nie; die hele gemeente behoort aan Hom! Die fondament is daar vir die hele gebou. Al die bouwerk vind plaas op die een fondament en daarom sê Paulus almal wat verder bou, moet mooi kyk hoe hulle bou. Die hele gebou rus daarop en elke deel van die struktuur het ’n verband met die fondament. Al die strydende groepe, wat in sonde binne die een gemeente bestaan, staan op één fondament. Verdeeldheid in die gemeente is teologies onhoudbaar in die lig van die een gemeenskaplike fondament.

Paulus gebruik die “gebou”-metafoor effens anders in Efesiërs 2:20 “Julle is ’n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, ’n gebou waarvan Christus Jesus self die **hoeksteen** is.” Die gemeente is steeds die gebou, maar hier is Christus die hoeksteen en nie die fondament nie. Dit twee variasies is in twee verskillende kontekste aan twee verskillende gemeentes gekommunikeer en moet as aanvullend beskou word. Watter rol of funksie word in die Efesiërteks aan Christus toegeskryf?

’n Mens moet verstaan hoe ’n hoeksteen gebruik is in die antieke tyd toe bouers met gekapte klip gewerk het. Die hoeksteen was ’n groot, reghoekig gekapte klip wat eerste gelê is op die hoek van die gebou. Die hoeksteen moes presies haaks wees en presies waterpas geplaas word. Die hele bouery is gepeil en georiënteer op die hoeksteen. Al die gebou se mure het die lyne van die hoeksteen gevolg en daarom moes die beginpunt presies haaks wees. ’n Klein foutjie van sê $1^{o}$ op die hoeksteen het ’n groot fout op lang mure geword. Die mure is ook vertikaal op die hoeksteen gepeil. “As sodanig was dit die integrasiepunt van die gebou: Op die hoeksteen rus die fondament en die mure en op die hoeksteen kom die mure byeen” (Roberts 1983:73).

Deur kruis, opstanding en hemelvaart heen, het Jesus die Hoeksteen van die kerk geword. Die gemeente as die gebou van God peil (wat leer EN lewe betref) op die Hoeksteen in die proses van groei na Christusgelykvormigheid toe. Elke sondaar wat sonder goeie werke, uit genade alleen (dus krom en skeef in terme van die boubeeld), gered is, het ’n hoë ideaal: elke gelowige en elke gemeente het die verantwoordelikheid dat Christus in hom/haar/hulle gestalte moet kry (Gal 4:19), want Hy is die hoeksteen en die enigste norm vir Christenwees. Die ideaal vir die kerk is om kollektief *“volmaak en volwasse soos Christus”* te wees (Ef 4:13). Dan verrys die gebou as ’n sieraad – in al die rigtings mooi haaks (“square, level, straight”) en in lyn met die Hoeksteen.

Oor wat dit presies in die praktyk beteken om op die Fondament te bou en op die Hoeksteen te peil, moet elke gemeente kontekstueel rekenskap gee. Wie Christus vir ons is en hoe dit ons as gemeente se identiteit raak, is sinvolle gemeentebouvrae.

3.2.3.3(c) Die gemeente is die gebou van God en elke lidmaat tel.

*"Julle is ook die gebou van God"* (1 Kor 3:9b). Al die lidmate maak saam-saam die gebou uit. Elke lidmaat tel. Almal is lewende stene wat saam ingemessel is in 'n geestelike huis (1 Pet 2:5). 'n Gebou is iets totaal anders as 'n hoop stene en ander boumateriaal. Die metafoor maak duidelik dat daar reeds baie werk in die gemeente ingesit is om los stene saam te bou tot 'n gebou. In 'n gebou is stene in 'n bepaalde verhouding tot mekaar in die mure ingemessel. Nie 'n enkele lidmaat kan uitgesluit word nie. Ook het geen lidmaat 'n keuse of hy/sy deel van die gebou wil wees nie. Dis deel van die pakket van Christenwees. As net een steen makeer, is daar 'n gat in die muur. Dit is imperatief dat elke lidmaat sy/haar plek sal volstaan. Verskillende bouers het 'n gemeente opgebou op die Fondament. Soos stene en kosyne en balke in 'n gebou aan mekaar verbind is en saam een gebou vorm, is die verskillende lidmate en groepe saam een gemeente. Almal het mekaar nodig en is vasgemessel tussen ander stene. Lidmate in 'n gemeente is aan mekaar gegee en is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Elke lidmaat tel en as net een steen afwesig is, is dit sigbaar tot nadeel van die hele gebou.

Wanneer die gebou verrys, word die presiese ligging en dimensies van die fondament van ver af duidelik. Op daardie manier wys die gebou van God die wêreld op Christus, die Fondament. Die gemeente is 'n andersoortige en eiesoortige gemeenskap. Die Fondament en die Eienaar bepaal álles in verband met die gebou.

3.2.3.3(d) God die Vader is die oorsprong en eienaar van die gebou.

God is die Eienaar, want die gemeente is die gebou *van God.* God het in sy ewige raad besluit om uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n eiendomsvolk te versamel – diegene wat Hy in Christus uitverkies het. Toe die tyd ryp was, het Hy sy Seun gestuur en deur Hom mense afgesonder om aan Hom te behoort (Nederlandse Geloofsbelydenis art 16–21). Die bestaan van die kerk; die vereniging met Jesus Christus is aan Hom te danke: *"Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is"* (1 Kor 1:30). Hy het elkeen afgesonder en geroep om aan Hom te behoort (1 Kor

1:2). Dit sluit enige menslike roem en grootdoenerigheid uit. Dit sluit ook elke vorm van besitlikheid uit *("my gemeente ...")*. Dit is onvanpas in 'n gemeente om te spog met 'n gawe of 'n leiersfiguur. Dié wat wil roem, moet dus wegkyk van mense en in die Here, hulle Eienaar, roem (1 Kor 1:31). Hier lê die hoogste doel van gemeentebou naamlik die ver-Heer-liking van die Vader, Seun en Gees (Nel 1994:27). Dit is terselfdertyd ook 'n gemeente se trots om so 'n Eienaar te hê!

3.2.3.3(e) Bouers wat voortbou op die fondament, is **dienaars** wat hulle opdragte van die eienaar kry.

Elke lidmaat se bydrae , waarvoor hy toegerus is met sy gawe (1 Kor 12:1–11), is bouwerk aan die gebou van God. Dit relativeer die rol van die predikers tot 'n mate. Hulle is *"maar net dienaars"* (1 Kor 3:5). Hulle hoort nie op trone in lidmate se gedagtes nie, selfs nie die stigter van die gemeente, in hierdie geval Paulus nie. Die leermeesters, predikers staan almal *"in diens van God"* (1 Kor 3:9) en op gelyke voet met mekaar (1 Kor 3:8). Elkeen se bydrae is anders, maar nie noodwendig beter of slegter as die ander s'n nie. Almal is nodig (vgl 1 Kor 12:5–11). Daar is geen hiërargie in die gemeente nie (vgl Nel 1994:53). Almal is dienaars.

Dieselfde gedagte word baie sterk ondersteun deur die plant-metafoor: Paulus plant en Apollos gooi nat. Hulle het verskillende funksies in belang van dieselfde gemeente. Die gemeente mag nie leiers teen mekaar afspeel nie. Dit is vleeslike dwaasheid. Paulus en Apollos is nie in kompetisie met mekaar nie, hulle streef dieselfde doel na. "Hulle is een in hulle arbeid vir die Here" (Groenewald sa:50). Hulle is ook nie daar om oor die gemeente te heers nie, maar om te dien. *"Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net **dienaars** deur wie julle tot geloof gekom het"* (1 Kor 3:5a, vgl ook 2 Kor 4:5). Die NG Kerk ly in 'n mate nog onder die nalatenskap van die vorige eeu, toe predikante op trone gestel is en alles in die gemeente van hulle afgehang het (vgl Niemandt 207:153). Die predikant is nooit die gemeente se huurling wat namens hulle praat en namens hulle mondig is nie (vgl Nel 1994:55). Dit is onvanpas waar Christus alleen die absolute norm is. Elkeen moet in verantwoordelikheid teenoor God en teenoor die gemeente sy deel doen vir die verdere bouwerk aan die gebou van God, met die gesindheid van 'n dienaar.

Leermeesters soos Paulus en Apollos het nie op eie inisiatief opgetree nie. Hulle opdrag het van God gekom *"elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het"* (1 Kor 3:5b). Paulus was

die grondlegger van die gemeente. Hy het soos ’n goeie (letterlik: “wyse”) bouer die fondament gelê. Die wysheid van ’n bouer lê daarin dat hy die wense en voorskrifte van die opdraggewer en eienaar noukeurig uitvoer (Groenewald sa:51). Sy bevoegdheid om gemeentes te stig en die fondament te lê, hang saam met sy apostelskap wat hy op buitengewone wyse van God ontvang het. 2 Korintiërs 10:8 *“Al het ek my miskien ’n bietjie te veel beroem op daardie bevoegdhede wat die Here my gegee het, sal ek nie beskaamd daarvan afkom nie.”* Paulus was bewus van Godgegewe gesag, maar ook versigtig om dit nie te misbruik nie, daarom skryf hy aan die einde van die tweede Korintiërbrief: *“... wanneer ek kom, wil ek nie met die gesag wat die Here aan my gegee het, streng teen julle optree nie”* (2 Kor 13:10).

Hierdie beginsel geld nie net Paulus nie: elke Christen staan direk onder God se opdrag, roeping en voorskrifte. Elke Christen word deur die Gees bemagtig vir diens (vgl Burger 1991:27).

3.2.3.3(f) “Afbreek” is altyd ’n moontlikheid.

In Paulus se denke is die “afbreek”-moontlikheid altyd daar, maar dit is nie die doel nie. Anders as by Jeremia, waar “afbreek” die prominente tema was, verstaan Paulus sy roeping om op te bou: 2 Korintiërs 10:8b “*Die Here het aan ons die bevoegdheid gegee om julle op te bou, nie om julle af te breek nie.”* Die voorkeur vir opbou bo afbreek kom ook in 2 Korintiërs 13:10 voor: *“... Met dié gesag moet ek opbou, nie afbreek nie.”* Maar hierdie feit mag geen gemeente verlei om te dink God is verleë oor hulle, hulle is onaantasbaar en mag nooit afgebreek word nie (vgl eerste en vyfde gemeentebouperspektiewe).

3.2.3.3(g) Bouwerk moet van kwaliteit getuig.

Die gelowiges is saam die gebou van God (1 Kor 3:9), maar tegelyk ook almal bouers aan die gebou. “Hulle gesprekke, gedrag en optrede teenoor mense word deur God as hulle *bouwerk* aan sy gebou gesien” (Van der Watt 1988:37). Elke lidmaat se leer en lewe is boumateriaal. “Ons woorde (leer) en optrede (lewe), hetsy goed (goud, silwer) of sleg (gras, strooi), is die materiaal waarmee ons bou” (Van der Watt 1988:38). Paulus het soos ’n vaardige bouer die fondament gelê (1 Kor 3:10). Verskillende ander mense bou voort op die fondament, Jesus Christus (1 Kor 3:11b). Die Korintiese partyskappe is minderwaardige boumateriaal wat deur diegene wat onenigheid saai, in

'n muur ingebou word. Optrede of leer wat nie ooreenstem met die eise van die evangelie nie, verswak die struktuur van die gebou.

Alle bouwerk, gedoen deur alle lidmate van die gemeente, moet die Eienaar en die Fondament waardig wees. *"Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou"* (1 Kor 3:10b). Dit maak baie saak *hoe* iemand voortbou op die onherhaalbare fondament. Party se bouwerk (destyds en nou) getuig van kwaliteit: dit word vergelyk met goud, silwer en edelstene. Dit is leiers en lidmate wat hulle allerbeste gee vir die opbou van die gemeente. Hulle dienswerk sal die toets van vuur deurstaan. Hierdie is 'n verwysing na die dag van Christus se wederkoms (Groenewald sa:53; Ruef 1977:25). Bouers wie se bouwerk die vuurproef deurstaan, sal beloon word deur die Eienaar wat die bouinstruksies gegee het. Ander bou wel (destyds en nou), maar sonder om hulle beste te gee en sonder om die diepste waardes en prioriteite van die koninkryk in ag te neem. Hulle bouwerk word vergelyk met gras en strooi. Dit sal deur vuur vergaan en in die ewigheid tot niks kom nie. Dat hul werk verbrand, is 'n beskaming en bestraffing. Tog sal hulleself gered word. "The loss of faith means the loss of salvation. On the other hand, unsatisfactory works performed by the Christian *as a Christian* do not cause his damnation. This is the reverse side of the fact that works do not bring about salvation. But we remain responsible for our works before God" (Conzelmann 1975:77).

Dit is die taak van die praktiese teologie om die gehalte van die bouwerk in die praktyk te beoordeel met behulp van die beste beskikbare meetinstrumente. Die gevaar, in tye van snelle veranderings oor 'n breë front, is dat die bouers aan die gebou van God nog werk soos hulle 'n tyd gelede, in ander omstandighede, geleer het, terwyl die vereistes vir kwaliteit bouwerk verander het. Maar hulle het dit nooit agtergekom nie, dalk juis omdat hulle so besig is om te bou dat hulle nie soms opkyk en rondkyk ter wille van perspektief nie. Die norm (aan die menslike kant) vir 'n goeie erediens is vandag, as gevolg van kontekstuele faktore, beslis anders as 40 jaar gelede. As praktiese teologie met oortuigende en betroubare inligting na vore kom, wat daarop dui dat gelowiges besig is om met gras en strooi te bou, terwyl hulle dink hulle bou met goud en silwer, is daar dalk nog geleentheid om dit reg te stel tot heil van die kerk en tot eer van God.

3.2.3.3(h) Niemand moet op mense roem nie.

In die semanties verwante "saailand-plant"-metafoor (1 Kor 3:6–9a) kan mense allerlei bydraes

lewer (soos ploeg, plant en natgooi), maar God alleen laat groei. In die "bou"-metafoor is God die Vader die Eienaar en opdraggewer; Jesus Christus is kragtens die kruisiging en opstanding die fondament van die gebou. Menslike roem is uitgesluit: *"Daarom moet niemand op mense roem nie"* (1 Kor 3:21), selfs vir diegene wat harder gewerk het as al die ander: *"Is Paulus miskien vir julle gekruisig of is julle in die naam van Paulus gedoop*" (1 Kor 1:13)? Gemeentebou is nie mensgerig of prestasiegerig nie. Gemeentedoelwitte wat na menslike prestasies mik, moet met agterdog bejeën word (vgl Nel 1994:187).

3.2.3.3(i) Die teenwoordigheid van gawes waarborg nie 'n gesonde, opgeboude gemeente nie.

Dit was 'n siekte in Korinte dat lidmate behep was met sekere geestesgawes en gedink het indien hulle 'n besondere werking van die Gees gehad het, dit hulle so belangrik maak dat hulle die ander nie meer nodig het nie (1 Kor 12:21). Dit blyk uit die inleidende verse dat dit hulle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek het nie (1 Kor 1:7), maar tog was hulle wêreldsgesind en geestelike babas. In gemeenteboudenke kan die fout maklik gemaak word om te redeneer dat, omdat God sy gemeente bou deur die dienswerk van lidmate wat hulle gawes gebruik, 'n gemeente waar die gawes funksioneer, opgebou en volwasse sal wees. Dit is duidelik nie die geval nie. Die genadegawes is nie outomatiese aanduidings van geestelike welsyn nie; soms lei dit tot die teenoorgestelde: hoogmoed en skeuring. Paulus vermaan die "belangrike" lidmate met die "groot" leiers: *"Wat maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie* (1 Kor 4:7)? Vir 'n gemeente om gesond te wees, is funksionering van die gawes belangrik. Maar die allerbeste en die allerbelangrikste is die liefde, waarsonder die gawes niks baat nie en waarsonder die gelowige en die gemeente onvolwasse kinders in die geloof bly (1 Kor 13).

GEVOLGTREKKING

Met bostaande paragrawe in gedagte, kan die volgende gevolgtrekking met veiligheid gemaak word: die bou-metafoor is belangrik in beide Jeremia in die Ou Testament en die Korintiërbriewe in die Nuwe Testament. Dit is boonop ryk aan betekenisskakerings. Gemeentebou is 'n sterk Bybelse tema en sowel die akademiese studieveld as die gemeentelike werksaamheid kan uit die eksegese gedefinieer word.

3.2.3.4 GEMEENTEBOUPERSPEKTIEWE UIT ANDER SKRIFGEDEELTES

Die enkele perikope uit Jeremia en die twee briewe aan die Korintiërs bied wel 'n groot aantal perspektiewe op gemeentebou, maar daar is ander kerninsigte wat ook genoem, of duideliker uitgespel behoort te word:

1. Die Drie-enige God: die MESSIAS, die HEILIGE GEES en GOD DIE VADER is SUBJEK van die boumetafoor (Hendriks 1992:80–81).
2. Elke gemeentelid is medearbeider van God. God maak, in die opbou van sy gemeente, nie net van die predikant of die kerkraad gebruik nie, maar van ELKE GELOWIGE (1 Kor 12, Ef 4:12).
3. Gemeentebou vra na die regte LEIDING EN LEIERS (Hendriks 1992:82; Nel 1994: 49–83).
4. Die OBJEK van die bou-metafoor is aanvanklik mure, huise, tempel, maar later mense: konsoliderend die volk van Israel en die kerk van Jesus Christus, missionêr die inskakeling van heidene en die uitbreiding van die koninkryk van God (Roberts 1983:71–73, Nel 1986:6–13, Hendriks 1992:82–83).
5. Die opbou van die gemeente is die sekerste verweer teen DWAALLEER (Hendriks 1992: 84).
6. Daar is 'n ESKATOLOGIESE DIMENSIE, omdat die bouwerk in hierdie aardse bedeling nog altyd onvoltooid is. God, wat die ontwerper en bouer van die stad met vaste fondamente is, sal dit luisterryk voltooi by Christus se tweede koms (Hebr 11:10, 16, vgl ook 2 Tim 1:12, 1 Tes 5:23–24).
7. God bou sy gemeente as teken van sy Koninkryk, omdat Hy getrou is aan Homself en sy besluite, en tot eer van sy Naam (Nel 1986:9–10, Hendriks 1992:83).

Die uitdaging is om uit die massa eksegetiese inligting 'n sinvolle, moderne en werkbare werksdefinisie van gemeentebou te distilleer wat reg laat geskied aan al die verskillende perspektiewe.

**3.2.4 GEMEENTEBOU: 'N WERKSDEFINISIE**

*Gemeentebou as reformatoriese bediening is dié deel van die praktiese teologie wat vra na die wese, bestaansdoel en die optimale, totale funksionering van die gemeente as teken van die komende*

*Koninkryk van God. Gemeentebou streef na balans tussen die versorgende en missionêre dimensies.*

Aspekte van die werksdefinisie word vervolgens kortliks toegelig.

3.2.4.1 GEMEENTEBOU IS ’N REFORMATORIESE BEDIENING

Een van die bekende beginsels van die kerkhervorming, is dat ’n gereformeerde kerk gedurig reformeer. Die reformasie was nooit bedoel as ’n eenmalige proses wat vroeg in die sewentiende eeu voltooi is nie. ’n Gereformeerde kerk reformeer gedurig.

Liefdeloosheid en afvalligheid, skeuring, dwaling en eiebelang is gemeentesondes wat permanent die opbou van die gemeente bedreig. Aan die ander kant word gelowiges “*al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word*” (2 Kor 3:18). Teologiese waarhede soos hierdie mag nie eensydig op individuele gelowiges van toepassing gemaak word nie. Dit is “gemeentewoorde” (Nel 1998:27). Die *gemeente* moet haar rug op sonde draai. Die *gemeente* moet vernuwe word na die beeld van Christus.

Soos individuele gelowiges die verantwoordelikheid het om te groei na geloofsvolwassenheid (Hebr 5:11–14), so het ’n groep gelowiges wat God saamgebou het in die gebou van God (2 Kor 3:9), ook die verantwoordelikheid om kollektief te groei tot volwassenheid. Gemeentebou is ’n onvoltooide stryd, omdat die gemeente uit sondaarlidmate bestaan en in ’n gebroke wêreld lewe. Soms verword ’n gemeente nie deur iets wat sy verkeerd doen nie, maar deur nalatigheid en passiwiteit. In die NG Kerk se huidige stel omstandighede na 1994, gebeur dit op plekke stil-stil dat alle energie en hulpbronne in ’n gemeente na binne aangewend word en dat “oorlewing” die gemeente se doel raak. Ek het in hoofstuk 1 reeds aangetoon dat daar ’n algemene tendens is dat gemeentes die missionêre dimensie van hulle bediening verwaarloos ten gunste van die versorgingsdimensie. Wanneer die klem in ’n gemeente geskuif het om eensydig op bewaring en instandhouding te fokus, is reformasie “gebiedend noodsaaklik” (Nel 1998:28). Versuim ten opsigte van sending, barmhartigheid en gemeenskapsbetrokkenheid is gemeentesondes wat algemeen voorkom. “Wanneer die gemeente nie sy roeping op aarde vervul nie, word die kerk vals en ’n valse kerk roep om reformasie” (Nel 1998:28).

Gemeentebou is ’n voortdurende, korporatiewe keuse om in navolging van Jesus die Christus anders as die wêreld te wees; om vreemdelinge en bywoners te wees wie se burgerskap elders is (1 Pet 1:17, 2:11–12); om in die Here se Naam uit te reik na die onmiddellike omgewing en na God se wêreld. Gemeentebou is in ooreenstemming met die kerkhervorming ’n voortdurende ywer vir kerkherstel. As reformatoriese bediening leef dit uit die Woord – sola scriptura! Dit begelei gemeentes om opnuut erns te maak met die Bybel se definisies van ’n gemeente. “Die gemeente as gedefinieerde subjek, so soos die Bybel na die gemeente verwys en die wese daarvan beskryf, moet herontdek word” (Nel 1998:28). Aan die hand van ’n eietydse, kontekstuele, prakties-teologiese ekklesiologie (waarvan die Algemene Sinode van die NG Kerk se beleidstuk *“Buitelyne van ’n gereformeerde, gemeentelike ekklesiologie”* 2002 ’n uitstekende voorbeeld is), word die gemeente begelei om te besin oor haar eie identiteit, wese en roeping. Die gemeente besef, soms met ’n groot skok, hoeveel hulle gemeentelike praktyk (die empiriese subjek) verskil van die Bybel (die gedefinieerde subjek). Die gemeente staan altyd onder die verpligting om verkeerdhede reg te stel, om te groei en te verander. “Gemeentebou het te doen met die beweging (reformasie) van die empiriese subjek in die rigting van die gedefinieerde subjek” (Nel 1998:28).

Gemeentebou as reformatoriese bediening, wil gemeentes begelei om God se roeping te gehoorsaam en in die praktyk meer te word wat hulle in Christus reeds is; om die godgegewe identiteit opnuut te ontdek en in die praktyk uit te leef. Die reformasie van die sestiende eeu het die kerk hervorm na eeue se leerdwaling, deur die kerk terug te bring na haar Bybelse wortels. Gemeentebou is ’n bediening wat in daardie gees en tradisie soek na gestaltes van kerkwees wat in hedendaagse kontekste die beste uitdrukking gee aan die kerk se identiteit en roeping. Die doel waarna gestreef word, is die optimale, totale funksionering van die gemeente, gemeet aan die waardes en prioriteite van die Koninkryk van God (vgl Burger 1991:20–22). Op daardie wyse lewer dit ’n bydrae tot die hoogste doel van die kerk, naamlik die verheerliking van God Drie-enig.

### 3.2.4.2 REFORMATORIESE EKKLESIOLOGIE

Beide voorstanders en kritici van die gemeenteboubeweging is dit eens dat ekklesiologiese besinning krities belangrik is vir gemeentebou (Erasmus 1995; Nel 1998). “Die hart van gemeenteboubeteologie klop dus in sy kerkbegrip – sy nuwe dinamiese kerkbegrip en -verstaan” (Erasmus 1995:40).

’n Verantwoordelike prakties-teologiese ekklesiologie moet ontwikkel word uit die hele Skrif. Dit spreek vanself dat die ekklesiologie wat vir die NG Kerk bruikbaar is om gemeentes te help om in diepte insig in hulle wese en identiteit te kry, in ooreenstemming moet wees met die gereformeerde teologiese tradisie. Dit wat in die mode is, of wat elders werk, is nie noodwendig geskik nie. Gemeentelike ekklesiologie is grondige en eerlike teologiese besinning (Burger 1991:17). Teologie en belydenis informeer ekklesiologie (Nel 1998:30). Gemeentebou in die NG Kerk is al verwyt dat hy die Bybel eklekties gebruik en bloot die herder-kudde-model vervang met die liggaamsmodel as praktykteorie wat ’n gewenste bedieningsmodel moet laat realiseer. In so ’n proses word talle ander Bybelse metafore links laat lê. Sulke kritiek is soms geldig. Die Bybel bied nie een praktiese model aan vir die funksionering van die gemeente nie, maar tientalle metafore. Die probleme met die funksionering van die gemeente word dikwels eerstens uit die praktyk aangevoel en die praxis is in daardie sin die aanknopingspunt, maar van daar af is eerlike teologiese arbeid binne die dampkring van die eie, beproefde teologiese tradisie nodig om ’n ekklesiologiese fondament vir gemeentebouwerksaamhede te lê. Ander teologiese dissiplines soos dogmatiek en die bibliologiese vakke het hier ’n belangrike bydrae. “Eers as die korrekte kerkmodel gekonseptualiseer is, kan met die opbouwerk begin word” (Erasmus 1995:45).

Aspekte van ’n gebalanseerde, gereformeerde ekklesiologie is onder andere God se genadeverbond met sondaars, die klem op die onderlinge verbondenheid van gelowiges in ’n gemeenskap, die Hoofskap van Christus oor sy kerk en die hele kosmos, die liefdesinisiatief van die Vader en die wederbarende, vernuwende werk van die Heilige Gees, die indikatief van die volle heil in Christus, sowel as die imperatief om voordurend te bekeer en te vernuwe, die reformasie se sola scriptura, sola gratia, sola fide, solus Christi en soli deo gloria, die *missio dei*, die afwysing van perfeksionisme en die handhawing van die leer van die *corruptio totalis* van mens en gemeente, die geroepenheid van beide gelowige mens en gemeente, die algemene priesterskap van die gelowiges, ensovoorts. Alle gelowiges en gemeentes werk met ’n kerkbegrip, of dit nou bewustelik funksioneer en geartikuleer is of nie. Die Algemene Sinode (2002) se beleidstuk *“Grondlyne vir ’n gereformeerde, gemeentelike ekklesiologie”* is ’n weldeurdagte en amptelike beleidsdokument van die NG Kerk wat as basis dien vir hierdie studie se reformatoriese ekklesiologie.

### 3.2.4.3 GEMEENTEBOU IS ’N OMVATTENDE BEDIENING

Hierdie vakgebied poog om die geheelbeeld te sien van die totale gemeente (selfs kerkverband) se wese, bestaansdoel en funksionering (Nel 1994:11–13). Dit is ’n begeleidende bediening wat deurlopend met die totale gemeente besig is in die lig van God se omvattende heilsplan. Al die interaksie binne die gemeente (persoonlike verhoudings, leierskap, bedienings, projekte, organisasie, ens) asook al die interaksie van die gemeente met al haar betekenisvolle sisteme is vir gemeentebou ter sake. Dit gaan om die integrering en koördinering van al die gemeente se bedienings na binne en buite (Nel 1994:27). Dit gaan ook om al die plaaslike gemeente se interaksie en verbande in die konteks van die gemeenskap waar sy geplaas is.

Ek is geïnteresseerd in die groot tendense, die ekosistemiese verweefdheid, die geheelblik op NG Kerk-gemeentes se bediening in ons veranderende konteks en daarom is die studie spesifiek in gemeentebou.

### 3.2.4.4 GEMEENTEBOU IS ’N INTEGRERENDE BEDIENING

Die werksdefinisie formuleer dit só dat gemeentebou vra na die wese, bestaansdoel en die optimale, totale funksionering van die gemeente. Al die fasette van die bediening is in gemeentebou ter sake, asook al die sistemiese verbande waarin die gemeente staan, daarom stel die werksdefinisie dit so dat die vak vra na die totale funksionering van die gemeente. Al die fasette is egter nie op so ’n manier ter sake dat bedienings bymekaargetel word in ’n soort optelsom nie (Nel 1994:10), maar wel op so ’n wyse dat dit handel oor die optimale funksionering van die gemeente in konteks, in die lig van haar teologiese wese en bestaansdoel (SKG Noord-Tvl 1996:2). “... dit gaan in gemeentebou om die integrering en koördinering van al hierdie bedieningsmodi” (Nel 1994:27; vergelyk ook Nel 1998:30–32). Die beoordeling van wat “optimale funksionering” is, is ’n teologies onderskeidende aktiwiteit (Hendriks 2001:13). Die teologiese norm vir die gemeente se funksionering is om God se betrokkenheid by die wêreld te vergestalt; om uitdrukking te gee aan die triomf van God se wil in hierdie wêreld deur die wêreld se bekering en verandering (Nel 1998:31). Die doeltreffendheid waarmee die gemeente aan haar bestaansdoel beantwoord, word beoordeel in die lig van empiriese data in die teorie-praxis spanningseenheid (Nel 1998:31).

Optimale, totale funksionering van 'n gemeente is altyd ter vervulling van die Goddelike roeping; altyd tegelyk konsoliderend en missionêr (SKG Noord-Tvl 1996:3).

### 3.2.4.5 GEMEENTEBOU IS 'N GEMEENTELIKE AKTIWITEIT

Die gemeente is die subjek van die bediening; nie net die predikant, of net die ampte nie (Nel 1994:13–14; Dingemans 1996(a):20–22). Dit beteken dat elke gelowige ook prinsipieel betrokke is by die bediening van gemeentebou, wat begin by besinning oor sy/haar eie bediening en die bediening van die gemeente. Elke nuwe mens in Christus is 'n gemeentebouer, iemand wat besin oor die wese, doel en funksionering van die gemeente. Elke predikant, leier en lidmaat is 'n hermeneut wat gedurig besig is om te vertolk. Die hele gemeente interpreteer die **Bybel**. Die hele gemeente interpreteer ook die **konteks –** bewustelik of onbewustelik (Burger 1991:16; Hendriks 2001:8–9). Almal wat deelneem aan die debat oor die kerk se identiteit en roeping vandag, is boodskappers wat heen en weer beweeg tussen die wêreld van die gemeente en die wêreld van die Bybelteks (Pieterse 2002:21). Leiers behoort die soort gesprekke aan te moedig, waar lidmate met mekaar praat oor hoe hulle die Bybel verstaan; hoe hulle as gemeente die beste bydrae kan lewer wat die meeste in ooreenstemming is met die kernwaarhede van die Woord. Wanneer die gemeente gereeld met mekaar in gesprek is hieroor, word individue se interpretasies getoets en geslyp. Mettertyd ontwikkel daar 'n gemeentelike konsensus oor die gemeente se roeping vir hulle bepaalde tyd en konteks.

### 3.2.4.6 DIE GEMEENTE IS 'N TEKEN VAN DIE KOMENDE KONINKRYK VAN GOD

Die kerk is nie gelyk aan die koninkryk nie. Die koninkryk van God is 'n omvattende begrip wat God se Koningskap oor die hele skepping uitdruk. Die kerk wys as teken (Nel 1994:23–24) heen na die koninkryk van God en is 'n voertuig of menslike middel vir die koms van die koninkryk van God (Burger 1991:20; Nel 1994:12). 'n Gemeente is op haar beste 'n teken wat, soos haar Heer, dikwels weerspreek word (Luk 2:34), maar wat deur woord en voorbeeld getuienis aflê van die hoop wat in haar leef. Die hele bestaan van die gemeente behoort vir die wêreld 'n deursigtige vertoonvenster te wees op die koninkryk van God (Nel 1994:11).

3.2.4.7 OPBOU EN UITBOU IN BALANS

Die navorsingsprobleem in hierdie studie het te doen met gemeentes wat eensydig fokus na binne (op die versorging van die gemeente) en daarom die missionêre dimensies afskeep. Dit is noodsaaklik dat die keuses ten grondslag van gemeentebouteorie, spesifiek op hierdie punt, baie presies moet wees. Gemeentebou hoort net so goed by die derde as by die tweede handelingsveld van die praktiese teologie (Heitink 1993:231–292). Heitink se derde handelingsveld handel oor die gemeente (en Christene buite ’n gemeente) se verhouding met die samelewing, met ander woorde die gemeente se kontekstuele betrokkenheid, die kommunikatiewe handelinge na buite. Dit is die aspekte wat baie NG Kerk-gemeentes tans as ’n “ekstra” beskou, iets wat nie tot die wese van die gemeente behoort nie en wat daarom weggelaat kan word as daar druk is op die geld en mannekrag. Maar in goeie gemeentebouteorie hoort hierdie twee aspekte langs mekaar: die intensiewe en ekstensiewe opbou, die bewaring en vermeerdering, die versorgende en missionêre aspekte hoort juis in balans met mekaar (Breytenbach & Pieterse 1992:110, Nel 1994:30–31).

Gemeentebou is nie ’n vakgebied wat fokus op ’n gespesialiseerde en afgebakende veld nie, maar is ’n werksaamheid wat oorkoepelend gemoeid is met die somtotaal van ’n gemeente se bestaan; wat moeilike en kritiese vrae vra oor die gemeente se gerigtheid, roeping en betrokkenheid. Gemeentebou streef na optimale funksionering van die gemeente as geheel. Dit gee aandag aan al die funksies van die gemeente na binne en al die funksies van die gemeente na buite. Hierdie vak moet ’n gesonde spanning handhaaf tussen opbou en uitreik, aandag na binne en na buite. “Vir my is missionêre gemeentes tegelyk konsoliderend en missionêr in hierdie wêreld” (Nel 2006:11). Die aspek van konsolidering hoort by Heitink se “*kerk en geloof*”, terwyl die missionêre aspek tuishoort by “*godsdiens en samelewing*” (Heitink 1993:261–292).

Om saam te vat: gemeentebou is daardie deel van die praktiese teologie wat vra na die totale impak wat die gemeente maak op lidmate van die gemeente én die wêreld. Gemeentebou is oorkoepelend gemoeid met al die kerk se bedienings na binne en na buite.

3.2.4.8 GEMEENTES HET ’N ROEPING MET TWEE KOMPLEMENTÊRE KANTE

Kollektiewe roepingsbewustheid kenmerk gesonde gemeentes. Hulle leef nie vir hulleself nie, maar is bemiddelaars van die bediening van die versoening (2 Kor 5:18). Gesonde gemeentes is

nie narsisties na binne gekeer nie, maar verstaan hulself as instrumente van God wat besig moet wees met sý agenda. Die gemeente is "God se geskenk aan die wêreld wat Hy so liefhet dat Hy sy eie Seun gegee het ... Die gemeente is uit die wêreld vir die wêreld geskep en aan die wêreld teruggegee. God dink wêreld en kerk tegelyk" (Nel 2006:12–13). God se agenda sluit in 'n bemoeienis met die kerk ("na binne") en 'n bemoeienis met die wêreld ("na buite"). Hierdie twee staan nie teenoor mekaar of in kompetisie met mekaar nie. Die een gerigtheid is nie ten koste van die ander nie. Inteendeel: "In die opbou van die gemeente word die uitbou gestimuleer, en: in die uitbou van die gemeente word die opbou verseker" (Kellerman 1979: 17). Gesonde gemeentes is met God versoen én hulle bemiddel die versoening. Hulle vind sin en vreugde in koinonia en in gesamentlike aanbidding, maar óók daarin om deur God gebruik te word in Sy bemoeienis met die hele wêreld.

Elke gemeente van Christus het 'n dubbele geboorte: hulle is uit God én uit die wêreld gebore. 'n Gesonde gemeente weet sy behoort aan God kragtens die verlossingswerk van Jesus Christus deur kruis en opstanding, en kragtens die roeping en wedergeboorte deur die Heilige Gees. 'n Gesonde gemeente is ewe bewus daarvan dat sy ook aan die omgewing behoort omdat sy uit die wêreld gebore is. 'n Kontekstueel-relevante gemeente leef onder die roeping van die Here en weet: ons is hier met die oog op híérdie plek en met die oog op 'n tyd soos híérdie.

### 3.2.5 FASES IN GEMEENTEBOU

Gemeentebou is 'n prosesmatige bediening, gerig op die voortdurende vernuwing van die gemeente (Nel 1994:111). Daar is onderskeibare fases waardeur die gemeentebouproses tipies verloop, wat Nel (1994:123) soos volg benaam:

#### 3.2.5.1 MOTIVERING, ONTVRIESING EN MISSIEFORMULERING

Motivering tot gemeentebou is 'n teologiese werksaamheid. Tydens hierdie eerste fase van die proses is die normatiewe gegewens oor die wese van die gemeente op die voorgrond. Die gemeente word deur die lees en verstaan van bybeltekste begelei tot insig in haar wese as unieke skepping van God; tot identiteitsvinding (Nel 1994:149). Die kontoere van 'n reformatoriese ekklesiologie begin vorm aanneem in die denke en gemoed van die hele gemeente. Dit "ontvries" die geykte

patrone van dink en doen. ’n Kritiese gesprek oor die gemeente se korporatiewe identiteit in Christus kom aan die gang. Die gedefinieerde subjek is dus onder bespreking.

### 3.2.5.2 GEMEENTE-ANALISE

Tydens die tweede fase, **gemeente-analise**, is die empiriese subjek ter tafel en word die vraag na die gemeente empiries beantwoord. Al die feite in verband met die gemeente soos wat sy tans in die praktyk bestaan en funksioneer, word by wyse van spreke uitgepak. Dit is vir die gemeente ’n kyk-in-die-spieël. “Gemeente-analise ... sluit ten minste die volgende drie sake in: die ontwikkeling en instandhouding van ’n gemeenteprofiel, ’n situasie- en omgewingsdiagnose en ’n gemeentediagnose en -evaluering deur die gemeente self” (Nel 1994:150). Die drie onderafdelings van gemeente-analise kom kortliks ter sprake, omdat die gemeente die impak van ’n langdurige treurproses juis hier moet ondersoek. Baie gemeentes se profiel het verander, saam met die omvattende samelewingsveranderings sedert 1990. Baie gemeentes se omgewing het verander, maar die gemeente gaan voort asof dit nie verander het nie. Die posisie van die gemeente in (haar nuwe) konteks verdien in hierdie dae baie deeglike aandag, omdat die konteks so grondig verander het en steeds verander.

#### 3.2.5.2(a) Gemeenteprofiel

Wanneer die **gemeenteprofiel** saamgestel word, is nie net die “harde”, of meer tasbare gegewens ter sake nie (Wie woon hier? Hoe oud is hulle? Wat is die verhouding mans/dames? Watter beroepsgroepe woon hier? ens, vgl Nel 1994:151). Daar is ook nie-tasbare faktore (bv faktore van emosionele en relasionele aard) wat in ag geneem behoort te word, omdat hulle die gemeente se identiteit en funksionering medebepaal. *Alle* relevante gegewens wat nodig is om later die effektiewe funksionering van die gemeente te beoordeel, moet versamel word (Nel 1994:151).

#### 3.2.5.2(b) Omgewingsdiagnose

Gemeente-analise sluit ook die ontleding van die gemeente se omgewing in (Nel 1994:152). In die **omgewingsdiagnose** speel politieke, demografiese, ekonomiese, sosiologiese en kerklike faktore almal ’n rol en die gemeente moet dit aanteken. Weer eens is tasbare gegewens ter sake (Hoeveel skole en koopsentrums is hier? Wat is die demografiese/politieke/ekonomiese tendense?); sowel as

nie-tasbare gegewens soos tendense in die samelewing. Die gemeenskapstendens wat in gevallestudie 1 aangeteken is, naamlik dat mense wat altyd betrokke was in die gemeenskap, hulle nou totaal aan alle sosiale aktiwiteite onttrek (sien p 274, 293), is ’n voorbeeld van nie-tasbare gegewens. Dit is in daardie geval die treursimptome van onttrekking en isolasie wat ’n opvallende samelewingstendens is, met ’n groot invloed op die plaaslike gemeente se funksionering: *“Dis hoekom jy nie ouderlinge kry nie, jy kry nie diakens nie, want niemand werk meer in gemeenskapsbelang nie. Dieselfde kultuur van ‘ek werk vir myself’ word ’n kerklike probleem ... Elke ou onttrek hom en maak asof dit nie bestaan nie, want dis nie sy persoonlike probleem nie. Dis mos die groep se probleem en hy is nie meer deel van die groep nie”* (gemeente 1, respondent D).

Die gemeente moet praat oor die veranderings, verliese, bedreigings, geleenthede en uitdagings van die omgewing. Die invloed en belang daarvan vir die gemeente kan beoordeel word aan die hand van ’n skaal *hoog, medium, min* (Nel 1994:152). Deur die twee stelle gegewens (oor die gemeente en oor die omgewing) met mekaar in verband te bring, word ’n profiel van *die gemeente in die samelewing* ontwikkel. Hier funksioneer reeds ’n teologiese motief: “die gemeente bestaan en funksioneer in direkte verhouding tot die samelewing van waaruit God vir Hom ’n gemeente versamel het” (Nel 1994:150).

3.2.5.2(c) Gemeentediagnose

Die laaste afdeling van die gemeente-analise is **gemeentediagnose en -evaluering**, waar die gemeente haar eie, huidige funksionering in konteks (die praxis, soos vasgestel tydens fase 2 van die gemeentebouproses) evalueer in die lig van die wese en doel van die gemeente (die teorie, soos vasgestel tydens fase 1). Die teorie-praxis-spanningseenheid word doelbewus tot stand gebring vir ’n plaaslike prakties-teologiese ondersoek (vgl Heyns & Pieterse 1990). Die gemeente bevraagteken haar eie identiteit en funksionering in die lig van die teologiese teorie. Die gemeente bevraagteken terselfdertyd die teologiese teorie in die lig van die praxis: is daar noukeurig genoeg, vanuit die Skrif, nagedink oor die norme vir kerkwees (Nel 1994:153–154)? Hierdie voorlopige integrasie van die empiriese gemeente in haar huidige konteks, is ’n teologiese integrasie op grond van teologiese aktiwiteit van die gemeente. Die mate van die gemeente se gesondheid, gemeet aan teologiese norme, word beoordeel.

3.2.5.3 STRATEGIEBEPLANNING

Vir die doel van gemeentebou behels strategiese beplanning volgens Nel (1994:183) die volgende sewe punte.

1. Dit volg op ’n deeglike gemeente-analise.
2. Dit neem die gemeente se sterk punte doelbewus in ag (uit erkentlikheid dat God reeds baie aan die gemeente skenk en veel deur hulle doen), maar kyk ook nugter na die swak punte.
3. Omskryf die geïdentifiseerde probleme en behoeftes.
4. Formulering van ’n breë doel.
5. Formulering van doelwitte ter bereiking van die breë doel.
6. Keuse van strategiese aksiestappe ter bereiking van die doelwitte. “Doelwitte bereik nie hulleself nie” (Nel 1994:196).
7. 'n Strategiese program met tydskedules, metodes, bronne, verantwoordelike persone word opgestel.

3.2.5.4 IMPLEMENTERING VAN STRATEGIESE PLAN EN BEREIKING VAN DOELWITTE

Al die organisasiewerk en die bestuursproses wat nodig is om die gemeente te stuur van waar sy tans is tot waar sy in die vorige stappe uitgevind het sy behoort te wees, is hier van toepassing. Die proses verskil van organisasie en bestuur in die besigheidswêreld, omdat Jesus Christus steeds die Hoof van die gemeente is en omdat daar menslik gesproke nie hoofde en ondergeskiktes in die gemeente is nie. Die opleiding van (baie) leiers en die onderlinge verhoudings in die gemeente is van kardinale belang in die implementering van die strategiese plan.

3.2.5.5 EVALUERING, STABILISERING EN HERHALING VAN DIE PROSES

Dit spreek vanself dat die vordering van die gemeentebouproses voortdurend evalueer moet word. Die evaluering kan nie wag tot aan die einde van die proses nie (want daar is nie ’n einde aan die proses nie!) Sinvolle nuwe bedienings moet behoorlik ontwikkel en gestabiliseer word. Die hele proses herhaal, omdat die gemeente en die konteks dinamies is en omdat God dinamies met kerk en wêreld op pad is.

## TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is die epistemologiese begronding van die studie voltooi met die ondersoek na ekosisteemdenke as meta-teorie vir praktiese teologie in die algemeen en vir gemeentebou in die besonder. Gemeentebou as sub-dissipline van die praktiese teologie baat by die ekologiese perspektief, wat op die wydste moontlike manier kyk na sisteme en die planmatige onderlinge verbondenheid van al die onderdele van die ekosisteem. Die verstaan van die vakgebied gemeentebou is ontwikkel vanuit eksegese van die bou-metafoor in twee Bybelboeke en die gereformeerde teologiese tradisie.

Die onafgehandelde treurprosesse wat die NG Kerk tans – volgens die navorsingsprobleem en die werkshipotese – negatief beïnvloed, word in volgende hoofstukke ekosistemies beskou, vanuit ’n gemeentebouperspektief.

In die volgende hoofstuk word aandag geskenk aan die teorie van afskeid, verlies, treur en rou. Die konteks waarbinne die NG Kerk lewe, word gekenmerk deur verandering en gepaardgaande belewenisse van verlies. Die hermeneutiese deel van die studie se breë navorsingsplan word met hoofstuk 4 voltooi.

# HOOFSTUK 4

# KOLLEKTIEWE TREUR EN ROU

Die doel van die hoofstuk is

- eerstens om as deelnemer-waarnemer ’n beeld te gee van die onafgehandelde en rigtinglose treurproses wat tans in die geledere van die NG Kerk heers: ’n beeld wat krities gelees moet word in die lig van die resultate van die empiriese navorsingsprojek, waaroor die volgende hoofstuk rapporteer
- tweedens om deur ’n literatuurstudie van die teorieë (uit verskillende vakringtings) in verband met verlies, treur en rou die insig te verdiep in die kollektiewe treurproses wat volgens die navorsingsprobleem en werkshipotese in die Afrikaanse gemeenskap heers
- derdens om die rol wat kerklike leiers in die fasilitering van rou kan speel, te verken
- vierdens om Bybelse verliesliteratuur te ondersoek, asook die rol wat die gebruik daarvan kan speel om gelowiges vandag te help rou
- vyfdens om na te dink oor gereformeerde eredienste as ruimtes waar kollektiewe rou in die openbaar begelei kan word

## 4.1 ’n BEELD VAN DIE ONAFGEHANDELDE TREURPROSES

Die navorsingsprobleem wentel om die verskynsels van verandering, verlies en treur van die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika ná 1990. Die oorgangsproses in Suid-Afrika is lank en moeilik (vgl Du Toit et al 2002, Smit 2008, Du Plessis 2010, Van der Merwe 2010). Die oorgangsproses is ’n veranderingsproses en dit gaan met verlies gepaard. Omdat die NG Kerk hoofsaaklik ’n Afrikaanse kerk is, is die fokus spesifiek op die Afrikaanse gemeenskap se kollektiewe ervarings van verlies gedurende hierdie proses van verandering in die makrosisteem. Die datum van ’n belangrike toespraak van oud-president FW de Klerk, 2 Februarie 1990, is gekies as keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (sien p 15). Dit is nou 20 jaar gelede. Die navorsingsvermoede is

dat verlies in Afrikanergeledere na 20 jaar nog nie effektief verwerk is nie. Maar as ’n algemene reël, onafhanklik van die Suid-Afrikaanse konteks, is die impak van verlies gewoonlik erger as wat die meeste mense dink en die rouproses neem langer: “... we underestimate the impact of loss on our beings and how long it takes to live through a loss” (Hamman 2005:60).

Die debat oor Afrikaners se identiteit en plek in die nuwe Suid-Afrika is nog lank nie afgehandel nie, soos blyk uit ’n lewendige briefwisseling in die Afrikaanse dagblad *Beeld* gedurende September 2009. Redakteur Tim du Plessis (4 Sept) en die afgetrede teoloog dr Nico Smit (11 Sept) het die debat ingelei. Du Plessis se diagnose van die huidige situasie is dat Suid-Afrika deur die huidige klimaat van polarisering teruggesleep word “tot op die rand van die afgrond” soos in die laat tagtigs en vroeë negentigs. Hy meen die reënboognasie het politieke varkgriep, omdat verskeie swart politici en regters rassisme aanblaas.

- Hy haal die politici aan wat die feit ignoreer dat dit *Australiese* atletiekbase was wat geslagstoetse van die atleet Caster Semenya aangevra het, maar die storm blameer op wit Suid-Afrikaanse rassiste wat nie kan aanvaar dat ’n swart atleet presteer nie.
- Hy haal ook die geval van regter John Hlope aan, wie se ondersteuners nie eens vra of hulle man waarlik bekwaam en geskik is om ’n regter te wees nie, maar sê dis wittes wat hom “vervolg” omdat hy hul belange bedreig.
- Hy haal verder die insident aan van regter Nkola Motata wat mnr Richard Baird se tuinmuur flenters gery het en, toe daar foto’s van die toneel geneem is, gedreig het dat hy hom deur g’n Boer sal laat verneder nie, want Suid-Afrika is nie meer die witman se land nie.

Du Plessis peil die klimaat in die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap soos volg: “Daar is woede in die wit gemeenskap omdat hulle alewig die skuld kry. Omdat ‘rassisme’ en ‘apartheid’ geblameer word pleks van onbevoegdheid en korrupsie” (Du Plessis 2009).

Dr Nico Smit het ’n week later op Du Plessis se artikel gereageer. Hy sê hy sou graag van die diagnose dat die land tot op die rand van die afgrond gesleep word, wou verskil, “ ... maar ek is bevrees dat sy diagnose korrek is. Dit word in besonder bevestig deur die briewe van lesers wat direk onder du Plessis se rubriek gepubliseer is en waaruit diepgaande bitterheid by sommige Afrikaners na vore tree” (Smit 2009). Smit verwys na die gees van negatiwiteit wat onder blankes

heers: "Omtrent geen gesprek tussen wit Suid-Afrikaners vind dan ook deesdae plaas sonder dat die haglike situasie waarin die land hom bevind, nie aan die orde kom nie. En altyd is dit dan weer die swart regering en sommer alle swart mense wat blameer word." Smit som die situasie in die wit gemeenskap op as een van verset teen swart Suid-Afrikaners en die swart regering. Sy beoordeling is dat wit mense moet oppas en aanpas, omdat daar 'n gevaar is om deur die swart meerderheid uitgewis te word. "Wat staan die witmense dan te doen? ... Adapt or die ... 'Adapt' sal in die eerste plek vereis dat die klaagliedere oor die swart regering, asook oor swart mense in die algemeen sal moet ophou. Ons het geen keuse nie as om lojale Suid-Afrikaners te word en te vergeet van ons minderheidsregte, ons taal en kultuur, ons aansprake op die beëindiging van regstellende aksie en die herinstelling van die doodstraf" (Smit 2009). Een van die briefskrywers wat op dr Smit se artikel gereageer het, se kritiek moet die praktiese teologie diep laat dink oor die rol wat kerk en teologie in hierdie verband kan speel. Pellencin sê die volgende: "Dit lyk vir my hý is die een wat moet stilbly. Dit lyk vir my teoloë in die algemeen moet maar stilbly. Vir hulle is dit tog net 'n eenrigting-gesprek" (Pellencin 2009). Opmerkings soos hierdie van die algemene publiek, onderstreep verder die belangrikheid van deeglike, aktuele empiriese navorsing vir die praktiese teologie.

Mnr Flip Buys, uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit, was die volgende openbare figuur wat tot die debat toegetree het. Hy meen die soort aanpassing waarvoor dr Nico Smit vra, dat witmense ophou kritiseer, ophou veg vir minderheidsregte en hulle effektief aan die openbare lewe onttrek,'n "Groot Trek" na binne is. Dit pla hom as sommige witmense net kerm en kla sonder om self iets te probeer doen. 'n Blote gesanik om braaivleisvure gaan niks oplos nie. "Maar om te verwag dat mense gaan stilbly oor die geweldsmisdaad, sukkelende stadsrade, wanfunksionele skole, vervallende staatshospitale, emigrasie van geliefdes en die grootskaalse vermorsing en plundering van ons belastinggeld is om demokrasie se suurstofkraan te probeer toedraai" (Buys 2009). Tendense wat Buys in die gemeenskap opmerk, is onder andere vervreemding en uitsluiting wat talle witmense ervaar, dat Afrikaners met tye onwelkom voel in hulle eie land, party witmense se destruktiewe reaksies op verval, die sentrale idee (in ANC geledere) dat Afrikaners vir die belangrikste probleme in die land verantwoordelik is en nou uitgeskuif, geteiken en afgebreek moet word – wat volgens Buys neerslag vind in die doelbewuste aantasting van Afrikaans en Afrikaanse onderwys en die uitsluiting van Afrikaners op vele terreine. Die beste pad vorentoe, vanuit 'n situasie

waar die vertroue tussen die meerderheid en minderhede in Suid-Afrika op ’n laagtepunt is, som hy soos volg op: “As die regering ons die demokratiese ruimte gee om 100% Afrikaner te wees, sal dit ook die verbintenis skep om 100% Afrikaan én voluit Suid-Afrikaner te wees” (Buys 2009).

Dr Pieter Mulder, leier van die VF+ en adjunkminister van Landbou het ook aan die openbare debat deelgeneem (Mulder 2009). Die oorweldigende reaksie van die publiek – letterlik honderde lesers het oor ’n tydperk van ongeveer twee weke hulle reaksie op die Beeld se blog (“Lewer kommentaar op dié storie”) gepubliseer – gee ’n goeie aanduiding dat die vraag wat as deel van die navorsingsprobleem gevra word: *“Is dit akkuraat om te beweer dat daar ’n langdurige, onvoltooide en kollektiewe treurproses in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang is?”* bevestigend beantwoord moet word. Afrikaanse mense beleef steeds verlies.

Hier is maar net een insident uit die voortgaande openbare debat aangehaal. Vele ander sou ook aangehaal kon word, byvoorbeeld die debat aangaande die Universiteit van Stellenbosch se taalbeleid of die debat aangaande rassekwotas in nasionale sportspanne. Maar hierdie één, twee wekelange debat is genoeg getuienis om as deelnemer-waarnemer die volgende bewerings te maak, wat in die formele empiriese ondersoek getoets behoort te word:

- Daar is 20 jaar na 2 Februarie 1990 steeds ’n treurproses in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang in reaksie op verlies.
- Treursimptome sluit in teleurstelling, selfbejammering, hunkering na die goeie van ’n vergange era, skuldgevoelens, wanhoop, bitterheid, aggressie, ’n algemene gees van negatiwiteit, sarkasme, sinisme, sosiale onttrekking, ensovoorts.
- Afrikaanse mense ervaar steeds nuwe fasette van verlies en die treurproses bly onvoltooid.
- Die treurproses kom algemeen genoeg voor om as kollektief beskou te word.
- Die Afrikaanse gemeenskap, waarvan die oorgrote persentasie NG Kerk-lidmate deel is, is onseker oor hulle identiteit en rol in die nuwe Suid-Afrika.

Dieselfde vraag uit die navorsingsprobleem: *Is dit akkuraat om te beweer dat daar ’n langdurige, onvoltooide en kollektiewe treurproses in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang is?* is deel van die skedule vir halfgestruktureerde onderhoude in die empiriese ondersoek (sien p 122). Die bewerings hierbo word dus in ’n proses van kruiskontrole getoets in persoonlike onderhoude en

onderhoude met fokusgroepe in drie gevallestudies. Hoofstuk 5 rapporteer oor daardie bevindings. Baie van die briefskrywers het tydens die debat diepgaande ontnugtering, woede en die soeke na ’n sondebok verwoord. Party sit op die kantlyn en kritiseer met venyn en bitterheid. Die algemene houding is dat hulle in die steek gelaat voel en ’n uitlaatklep soek vir hulle teleurstelling en woede. Andere wat hulleself as lotsgebonde met die nuwe Suid-Afrika beleef en ter wille van hulleself, hulle kinders en kleinkinders ’n sinvolle bydrae tot die land wil lewer, ervaar ook vrese en onsekerheid oor witmense se rol en toekoms in die land.

Vrae wat in die debat opnuut ter sprake gekom het en wat Afrikaners se gevoel van verlies en vervreemding uitdruk, is onder andere:

- Het witmense ’n plek in Afrika en Suid-Afrika?
- Mag witmense deelneem aan die demokratiese proses en hulle menings uitspreek?
- Vir hoe lank gaan Afrikaners nog gestraf word vir apartheid?
- Kan witmense die (swart) regering kritiseer sonder om as rassiste gebrandmerk te word?
- Is daar die moontlikheid van Afrikanerreaksies op verval en verlies *anderkant* venyn, bitterheid, woede, ’n gesanik, sarkasme, skynheilige swye of selfbejammering?
- Mag witmense krities dink en ongehinderd hulle menings uitspreek oor gemeenskapsprobleme soos geweldsmisdaad, wanfunksionele skole, emigrasie van geliefdes, vermorsing en plundering van belastinggeld?
- Is daar in ons land nog ’n alternatief vir “’n land van ons en hulle”? Met ander woorde, kan witmense eerlike kritiek op onbevoegdheid van swart amptenare uitspreek sonder om te verval in die belaglikmaking van al wat swart bestuurder en instelling is? Kan swartmense bevooroordeelde witmense op hulle plek sit sonder om te veralgemeen en alle wittes as rassiste te brandmerk?
- Moet witmense hulle, uit vrees vir die swart meerderheid en ter wille van oorlewing, liewer onttrek aan die openbare lewe en die “Groot Trek na binne” onderneem?
- Word Afrikaans erken as ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal? Het Afrikaans ’n toekoms as wetenskapstaal? En as amptelike landstaal? Is dit aanvaarbaar om in die nuwe Suid-Afrika trots Afrikaans te wees?
- Is daar ruimte vir ’n voldoende Afrikaanse gemeenskapslewe in die nuwe Suid-Afrika?

- Is Afrikaners eersteklas landsburgers wie se eerlike insette in ’n demokratiese stelsel na waarde geag word, of is hulle koloniste en dus vreemdelinge en besoekers in Afrika?
- Wat is die rol van die grootste Afrikaanse kerk: die NG Kerk in die nuwe omstandighede?
- Wanneer en hoe gaan die Afrikaanse gemeenskap en die NG Kerk hulle identiteitskrisis te bowe kom?

“Verandering”, “verlies” en “treur” is reeds in hoofstuk 1 (p 8) as die drie kern samelewingskwessies vir hierdie studie geïdentifiseer en aspekte van verandering in Suid-Afrika (p 17–25), Afrika en die res van die wêreld (p 152–156) is reeds uitgespel. Die verband tussen “verandering”, “verlies” en “treur” is reeds beredeneer (p 25–26). Die werkshipotese (p 13) stel dat gemeentebou meer geredelik sal slaag in gemeentes van die NG Kerk wanneer die kollektiewe treurreaksies oor verliese ná 1990 grootliks afgehandel is. Die res van hierdie hoofstuk word daaraan gewy om insig te verdiep in die komplekse prosesse van treur en rou. Die volgende vrae kom aan die bod: Wat is die dinamiek van treur? Wat is kollektiewe treurreaksies? Wat kan die NG Kerk doen om die Afrikaanse gemeenskap te help om sinvol te treur? Wat is leiers en eredienste se rol in die rouproses? Wat is die verwagte uitkomste van ’n sinvolle, kollektiewe rouproses in die geledere van die NG Kerk?

Ek gee vervolgens aandag aan die wetenskaplike teorieë wat verband hou met verlies, treur en rou. Die literatuurstudie wat nou volg, sluit die hermeneutiese siklus voorlopig af. Kennis van die heersende wetenskplike teorieë is belangrik met die oog op die empiriese studie van hoofstuk 5. Die onderhoudvoerder kan in ’n onderhoudsituasie wat verlies en treur ondersoek, meer toepaslike vrae vra wanneer hy die teorie in verband met verlies, treur en rou bestudeer het. Hy bou ook ’n raamwerk op waarbinne die respondente se antwoorde vertolk kan word.

## 4.2 GEMEENTEBOU EN ROU?

Voordat teorieë oor treur en rou ondersoek word, moet die prinsipiële vraag uitgeklaar word of die vak praktiese teologie, of dan meer spesifiek sy onderafdeling gemeentebou, enigsins iets te sê het in die veld van treur en rou. ’n Oorsigtelike blik na die literatuur in hierdie veld maak dit duidelik

dat uiteenlopende vakke geïnteresseerd is in die onderwerp van dood, verlies, treur en rou en werke daaroor publiseer, byvoorbeeld Sosiologie, Familieterapie en Psigiatrie, Sielkunde en Maatskaplike Werk, Geneeskunde, Verpleegkunde en Teologie. Die konsensus blyk te wees dat die verskillende vakwetenskappe van mekaar kennis neem en by mekaar leer. "It is evident that death and grief are too multisplendoured and complex to be trussed up in the conceptual strait-jacket of any one discipline" (Feifel 1998:4, aangehaal deur Payne et al 1999: Inleiding; vgl ook Worden 2003:5). Insigte uit verskillende wetenskaplike vakrigtings sal dus in hierdie hoofstuk ter sprake kom. Dit is deel van die nuwe styl van wetenskapsbeoefening om heen en weer oor die tradisionele grense tussen wetenskaplike vakrigtings te beweeg (Moltmann 2000: xxiii; Browning 2007:viii, 51–102).

### 4.2.1 TREURPROSES SE IMPAK OP GEMEENTEBOU

Die feit dat Bowlby & Parkes "nuwe identiteit" en "groeiende energievlakke" as die vierde en laaste element, aan die einde van die rouproses plaas (sien p 209), bevestig die navorsingsprobleem dat die onafgehandelde, kollektiewe treurproses in Suid-Afrika energie in beslag neem. Treurende mense het minder energie tydens die treurproses. As dit waar is dat NG Kerk-lidmate hulle te midde van 'n langdurige treurproses bevind, is die realistiese gemeentebouverwagting wat uit hierdie kennis uit die literatuurstudie voortvloei, dat energievlakke in gemeentes redelik laag sal wees, totdat die kollektiewe treurproses bevredigend afgehandel is. Hoër energievlakke, aanvaarding van 'n nuwe identiteit en doel om voor te leef, kom voor in die vierde en laaste stadium van die treurproses, wanneer die treurendes herstel en suksesvol aanpas by die nuwe situasie ná die verlies. Die navorsingsvermoede is dat hierdie gebrek aan genoegsame geestesenergie tydens die treurproses, tans negatief inwerk op gemeenteboupogings in die NG Kerk. Die kerk sal wys wees om rigting te gee aan die treurproses. Die werkshipotese is dat gemeentebou meer geredelik sal slaag, wanneer die treurproses in gemeentes bevredigend afgehandel is; wanneer lidmate meer duidelikheid het oor hulle identiteit en doel om voor te lewe, wanneer energievlakke groei en nuwe betrokkenheid by die lewe ook groei.

Die inhoud van die huidige openbare debat (p 200–203), waarin die onsekerheid oor Afrikaners se identiteit, rol en bydrae in die nuwe Suid-Afrika duidelik word, korreleer met die insig dat die Afrikaanse gemeenskap nog besig is met 'n kollektiewe treurproses. Afrikaners het beslis nog nie

die vierde fase van die outeurs Bowlby en Parkes se "fases- en stadiateorie" oor treur afgehandel nie. Daar is nog baie onsekerheid onder blankes in die algemeen en Afrikaanssprekendes in die besonder oor hulle rol en identiteit in die nuwe Suid-Afrika. Daar is ook nie duidelikheid oor 'n doel om voor te lewe in die konteks van Suid-Afrika nie. Die hoë emigrasiesyfers bevestig dit.

## 4.3 KLASSIEKE TEORIEË OOR TREUR EN ROU

Die studie van treur en rou is vandag 'n gevestigde subdissipline in die mediese en geesteswetenskappe (Payne et al 1999:1). Dit is egter nog 'n jong wetenskaplike rigting, wat sy grondslae het in die werk van Sigmund Freud, vroeg in die twintigste eeu.

### 4.3.1 FREUD: TREURENDES BEWEEG DEUR TIPIESE FASES OF STADIA

Freud het vier eienskappe van normale treur gedokumenteer (aangehaal deur Payne et al 1999:59):

1. Die treurende ervaar 'n diepgaande en pynlike terneergedruktheid.
2. Die tydelike verlies van die vermoë om nuwe liefdesverbintenisse aan te gaan.
3. Die treurende onttrek van aktiwiteite wat nie met die verlore geliefde te doen het nie.
4. Die treurende is minder geïnteresseerd in die buitewêreld.

Die feit dat Freud die eerste teorie daargestel het en dat daar nie wetenskaplike data van meer as 100 jaar oud is nie, beteken egter nie dat die *saak* van treur en rou nie in vorige eeue bestaan het nie. Inteendeel. Vir sover terug in die mensdom se geskiedenis as wat daar rekords is, was die dood van 'n geliefde 'n gebeurtenis wat ernstige reaksie ontlok het. Selfs die heel primitiefste mense het die dood al op besonderse maniere hanteer. Dit blyk onder andere uit argeologiese vondse. Opgrawings dui daarop dat mense van 50 000 en meer jare gelede reeds hulle dooies begrawe het. Allerlei grafgoedere, wat saam met die liggame begrawe is, dui op gepaardgaande rituele (Payne et al 1999:10–20). Dit is klaarblyklik universeel vir die mens om te treur na die dood van 'n geliefde en om op 'n sekere manier te werk te gaan om die verlies te hanteer.

Hierdie verskynsel, dat die mens verlies beleef by die dood van 'n geliefde, is universeel, kompleks en multidimensioneel. Hoe fyner 'n mens waarneem, hoe opmerkliker word die gemeen-

skaplike elemente wat alle mense blykbaar met mekaar gemeen het. Terselfdertyd raak die individuele en kultuurverskille ook ryker geskakeerd. Die verlies van ’n geliefde raak mense se emosies, denkprosesse, gedrag, gesondheid en verhoudings. In die moderne tyd, na die opkoms van die geesteswetenskappe, het hierdie interessante universele verskynsel die onderwerp van lewendige ondersoek en wetenskaplike aktiwiteit geword.

### 4.3.2 LINDEMANN: NORMALE TREUR HET VYF ELEMENTE

Lindemann was die eerste navorser wat ’n dekade of twee na Freud by treurendes ’n herkenbare en voorspelbare patroon opgemerk en wetenskaplik beskryf het (Payne et al 1999: 70). Sy artikel van 1944 *“Symptomatology and management of acute grief”* is vir jare as die standaardwerk beskou. Hy het, op grond van psigiatriese onderhoude, normale treur beskou as ’n sindroom wat saamgestel is uit vyf basiese elemente, naamlik:

1. somatiese versteurings
2. preokkupasie met die beeld van die oorledene
3. skuldgevoelens
4. vyandigheid/aggressie
5. onsamehangende gedrag (aangehaal deur Payne et al 1999:60–61).

Hy het ook twee patrone van abnormale verdriet beskryf: **eerstens** uitgestelde treur, waar die reaksies jare na die tyd eers na vore kom en **tweedens** skeefgetrekte treurreaksies soos totale afsondering, psigosomatiese siektes, ontwikkeling van die oorledene se siektesimptome, maniese ooraktiwiteit, ensovoorts.

Ná Lindemann was daar baie skrywers wat die treurproses en die fases waardeur dit tipies beweeg, in meer besonderhede beskryf het. In die literatuur het die beskrywing van sekere fases en stadia in die verwerking van verlies na die afsterwe van ’n geliefde, klassiek geword. Die fases sluit in reaksies soos skok, ontkenning en ongeloof, gevoelens van onwerklikheid, woede, wanhoop, angstigheid en spanning. Intense emosionele pyn, hartseer, eensaamheid, verlange en selfkastyding kom algemeen voor. Vreemd genoeg word dit afgewissel met stadiums van apatie en onverskilligheid. Dit lyk asof mense dit wat hulle verloor het, wil terugwen, daarom is daar tipies ’n rustelose soeke na die persoon wat oorlede is, of helder drome oor die persoon. Treurendes hoor en sien die

oorledene, voel sy/haar teenwoordigheid aan, ensovoorts. Konsentrasieprobleme, skuldgevoelens, gevoelens van hulpeloosheid en algemene pessimisme kom voor. Om hard te huil en te skreeu, is algemeen, so ook diep sugte en gepynigde gesigsuitdrukkings. Die gebeure aanleidend tot die dood word herhaaldelik uitgepluis en die "as"-versugting vol selfverwyt, word dikwels gehoor. Fisiese simptome sluit hartkloppings, spierspasmas, hoofpyn, duisligheid, stywe nek, lae rugpyn, naarheid, diaree, 'n swaar gevoel op die bors en slaap- en eetversteurings in. Sosiale verskuiwings kom voor: verhoudings verdiep of die betrokkenes spat uitmekaar. Spesiale geleenthede soos Kersfees en herdenkings van spesiale dae kan jare na die dood nog diep emosionele reaksies aan die gang sit. Bogenoemde veelheid van faktore is oor jare effens verskillend georganiseer deur verskillende navorsers.

### 4.3.3 BOWLBY, PARKES: FASES- EN STADIATEORIE

Die psigiaters J Bowlby en CM Parkes is van die mees invloedryke outeurs wat voortgebou het op Lindemann se teorie. Soos die meeste navorsers in die na-oorlogse jare stem hulle saam dat die fases glad nie rigied, as netjiese aparte punte beskou moet word wat chronologies die een na die ander voorkom nie. Dit vloei inmekaar en oorvleuel mekaar. "Grief is a process and not a state. Grief is not a set of symptoms which start after a loss and then gradually fade away. It involves a succession of clinical pictures which blend into and replace one another" (Parkes 1986:27). Bowlby (1980), Parkes (1986, 2006) en verskillende ander outeurs het meegewerk aan die ontwikkeling van 'n "fases- en stadiateorie" wat die volgende elemente insluit:

1. Doodsheid (*numbness*). Hierdie gevoelens gaan tipies saam met die aanvanklike skok en ongeloof.
2. Verlange, hunkering (*yearning*). Die gevoelens van doodsheid word vervang met periodes van intense emosionele pyn.
3. Wanhoop (*despair*). Namate die werklikheid en onomkeerbaarheid van die verlies insink, raak die skerp, pynlike verlange minder en die vertwyfeling en sosiale onttrekking meer algemeen.
4. Herstel. Aanpassing by die nuwe werklikheid sonder die geliefde oorledene. Aanvaar 'n nuwe identiteit en doel om voor te leef. Energievlakke en nuwe betrokkenheid by die lewe groei.

### 4.3.4 WORDEN: TREURTAKE

Worden (2003) het Lindemann en ander outeurs se teorie oor stadia van treur verfyn. Hy sien treur ook nie as ’n statiese toestand nie, maar as ’n proses in beweging. Sy bydrae was om take te beskryf wat die treurende moet doen om deur hulle verskillende reaksies te werk – in die rigting van heraanpassing. Hy het die konsep begin gebruik dat treur harde werk verg en die term “treurtake” (*tasks of mourning*) gemunt. Worden onderskei die volgende vier take waaraan treurendes moet werk en wat mekaar soms oorvleuel:

1. Aanvaar die realiteit van die verlies.
2. Werk deur die pyn van smart.
3. Pas aan by die omgewing sonder die oorledene.
4. Maak die emosionele bande met die oorledene los en beweeg aan in die lewe (Worden 2003:10–18).

### 4.3.5 INTERVENSIE IS MOONTLIK

Die implikasie van sy teorie, wat vir ons belangrik is, is dat die treurproses beïnvloed kan word. Intervensie is moontlik. Gemeentes wat die kontekstuele nood raaksien en iets wil doen in verband met onafgehandelde verlies, het dus ’n “handvatsel”. Treur kan as werk aanvaar word. Mense en groepe mense kan oorreed word om hierdie werk te doen. Elke treurende het werk om te doen. Gemeentelede en gemeenteleiers het werk om te doen. “Ministry truly has become grief work” (Hamman 2005:73). Soms vorder daardie werk goed, maar soms haak die proses vas en die treurtake word nie meer verrig nie. Die treurproses kan soms vir lang tydperke doelloos heen en weer beweeg. Die treurende word gefolter, maar beweeg nêrens heen nie. ’n Fasiliteerder kan in so ’n geval help om die werk wat tydelik tot stilstand gekom het, weer aan die gang kry. Mense kan gehelp word om hulle smart deur te werk en weer sinvol by die treurtake betrokke te raak, wanneer hulle treurproses, vir watter rede ook al, tot stilstand gekom het. Hamman (2005:50) beskou rou as normale gemeentewerk, waarvan gemeentes nie moet terugdeins omdat dit moeilike werk is nie. As Hamman reg is daaroor dat gemeentes in *enige* konteks treurwerk het om te doen, kan dit met groot sekerheid aanvaar word dat die harde werk om te rou, in die huidige konteks, in die NG Kerk prioriteit behoort te geniet.

Een van die aspekte van die navorsingsdoel van hierdie studie (p 12), is om weë te ondersoek vir gemeentes om in hierdie tydsgewrig intensionele rou as ’n bediening van hoop te vestig as normale deel van die gemeentebediening. Die gemeentebouteorie, wat hoop om gemeentes te oorreed om in daardie rigting te verander, moet verryk word met insigte oor treur en rou uit hierdie hoofstuk. Daardie verryking is een van die oogmerke van die strategiese siklus in hoofstuk 6.

### 4.3.6 KüBLER-ROSS: VYF STADIA BY STERWENDES

In ’n verwante veld was die psigiater Elizabeth Kübler-Ross die baanbreker wat, nadat sy en haar span honderde gesprekke in hospitale met terminale pasiënte gevoer het, ’n tipiese, herhalende patroon opgemerk het in die wyse waarop sterwendes reageer. Hierdie navorsing is belangrik, omdat dit die *sterwende* se reaksies beskryf en nie die treurende naasbestaandes s’n nie. Dit beskryf ’n verlies van ’n ander orde: die verlies van ’n eie lewe. Sy onderskei in haar teorie vyf stadia wat soms in volgorde, maar meestal in ’n heen-en-weer-proses voorkom:

1. Ontkenning en isolasie
2. Woede
3. Onderhandeling
4. Depressie
5. Aanvaarding (Kübler-Ross 1969)

Die terminale pasiënt is beskou as die leermeester oor die laaste lewensfase met al die gepaardgaande angs, frustrasies, vrees en hoop. Sterwendes het die behoefte om nie alleen te wees nie; om iemand te hê met wie hulle kan praat oor die lewe en die dood, oor afhandeling van ’n lewe, oor verliese en vrese, oor die onbekende reis wat op hande is. Ten spyte van wye individuele en kulturele verskille, is die algemeen menslike aspekte van geboorte en dood so universeel, dat die buitelyne van hierdie bogenoemde konseptuele raamwerk waarskynlik in alle wêrelddele van toepassing is (Kübler-Ross 1969: CM Parkes in die voorwoord).

Om te sterwe, gaan gepaard met baie verliese: verliese vir beide die sterwende en die geliefdes wat agtergelaat word. Die sterwende verloor ’n liggaam, materiële goedere, verhoudings, ideale, ensovoorts. Die geliefdes wat agtergelaat word, verloor ’n lewensmaat of ’n ander belangrike persoon, soms ’n huis, ’n familie, geborgenheid of ’n toekoms.

Die ooreenkomste tussen die reaksies van sterwendes self (Kübler-Ross 1969) en naasbestaandes van iemand wat afsterf (J Bowlby 1980; R Bowlby 2004; Parkes 1986, 2006; Payne et al 1999) is opvallend. Die gemene deler wat ’n verklaring bied vir die ooreenkomste, is die ervaring van VERLIES.

### 4.3.7 STERWE EN VERLIES

Die verskillende beskrywings hierbo van die treurproses, handel oor die proses wat volg op die dood; hetsy die pasiënt se eie dood, of die dood van ’n geliefde. Die tipiese reaksies van ’n sterwende, is reaksies op *verlies* “Whatever we believe is to come after death, the loss of so many of the things that we prize must be painful …” (Kübler-Ross 1969: CM Parkes in die voorwoord). Dieselfde outeur skryf 37 jaar later: “My interest in bereavement as a topic of psychological research stemmed from a realisation that losses of one sort or another are very common. Bereavement by death is only one of the host of life change events which we all face from time to time (Parkes 2006:5).

Die vraag waarin hierdie studie geïnteresseerd is, is tot hoeverre die teorieë aangaande die tipiese reaksies van individue wat treur oor die dood van ’n geliefde en die reaksies van sterwende individue, op ander situasies toegepas kan word: Eerstens wil ek weet hoe die teorie wat gevorm is rakende verlies van die lewe (sterwe) op ander tipes verliese van toepassing is. Met ander woorde, is daardie teorieë bruikbaar as die verliese wat die Afrikaanse gemeenskap ly met die afskeid van die ou Suid-Afrika, beskou word? Tweedens wil ek weet of teorieë oor individuele treurreaksies (dalk die treurreaksies van ’n familie of hegte vriendekring), van toepassing is op kollektiewe treurreaksies van ’n hele gemeenskap.

### 4.3.8 VERBREDING NA ANDER VERLIESE

Daar is redelike sekerheid dat die reaksies van treurende en sterwende mense, soos beskryf deur Bowlby, Parkes, Worden, Kübler-Ross en andere, tipies menslike reaksies op *verlies* is. Ander outeurs bevestig dit: “With *Grief, transition and Loss*, Oates helps readers recognize that what they learn from offering pastoral care to the bereaved relates to many other losses in people’s lives” (Stone in Oates 1997:9). Die sterwensoomblik is in sekere sin die oomblik van die mees omvattende verlies en daarom kan die klassieke teorieë oor die treurproses van sterwendes en die geliefdes

van sterwendes, gebruik word as ’n konseptuele raamwerk vir die ervaring en verwerking van *ander verliese* (Worden 2003:4). Dit is dus bruikbaar as begrippe-raamwerk, wanneer daar besin word oor die ervarings van verlies wat met verandering in Suid-Afrika gepaard gaan.

Universeel ervaar mense verlies, wanneer hulle iets moet prysgee waaraan hulle verknog is. “The pain of grief is just as much a part of life as the joy of love is; it is, perhaps, the price we pay for love, the cost of commitment” (Parkes 1986:26). Daar is ’n verband tussen ervarings van verlies en liefde. Die psigiater CM Parkes het baie van die navorsers wat oor die afgelope 50 jaar boeke en artikels gepubliseer het oor die sielkunde van liefdesverbintenisse en die konsekwensies wat voorkom wanneer daardie verbintenisse deur die dood onderbreek word, persoonlik geken en met hulle saamgewerk. Aan die einde van so ’n gefokusde loopbaan skryf hy die volgende: “For most people love is the most profound source or pleasure … while the loss of those whom we love is the most profound source of pain. Hence, love and loss are two sides of the same coin” (Parkes 2006:1). ’n Mens se enigste manier om jou te vrywaar van die pynlike ervarings van verlies, is om nooit lief te hê nie. Saam met die vreugde van liefde gaan onlosmaaklik die moontlikheid van pynlike verlies. Die een is nie beskikbaar sonder die ander nie. Dit geld liefde vir mense, maar dit is ook waar van liefde vir ’n stuk grond, ’n huis, ’n dier, ’n werk, ideale, jou vaderland, die bekende, ensovoorts. Dieselfde ervarings en reaksies van verlies kom voor wanneer die objek van liefde van jou weggeneem word, ongeag wat die objek van liefde was.

### 4.3.9 VERLIES IS ’N NORMALE DEEL VAN DIE LEWE: TREUR KOM ORAL VOOR

Die gebrokenheid en kortstondigheid van die lewe (Ps 90:5-10) veroorsaak dat verlies ’n normale deel van die lewe is. Deel van die pakket van die gebrokenheid van die lewe, is pyn en verlies. Seerkry en die dood is deel van die lewe. Wanneer enige mens verknog raak aan ’n ander mens, is die skadukant van die saak die moontlikheid van pynlike verlies. Dieselfde geld ’n mens se lojaliteit/lotsverbondenheid/gehegtheid aan ’n land, ’n sportspan, ’n besigheidsvennoot, ’n vakansiebestemming of ’n troeteldier. Niks in hierdie lewe is permanent nie en daar is nie absolute waarborge nie. Die beste sportspan verloor en die fanatiese ondersteuners word in rou gedompel, die mees lojale troeteldier gaan dood, die belowendste liefdesverhoudings beland op die rotse, die standvastigste besighede word bankrot verklaar, die mooiste kusdorpies word deur ’n tsoenami verwoes. In elke geval is daar sprake van verlies en treur. Die lewe is onvolmaak. Verlies van dít

wat vir mense dierbaar was, is deel van die lewe. Hierdie studie werk met die aanname dat daar normale patrone in die verloop van die mens se lewensiklus is. Verlies is ’n normale deel daarvan. Die teorieë ten grondslag van ontwikkelingsielkunde, ondersoeke na die hele lewensloop van die mens, psigososiale oorgange wat met ouderdom en ontwikkeling te make het, is ter sake (Payne et al 1999:54–69). Die insig dat daar ’n tyd is vir elke ding, is deel van die klassieke wysheid: *“Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is ’n tyd om gebore te word, ’n tyd om te sterwe, ... ’n tyd om te huil, ’n tyd om te lag, ’n tyd om te treur, ’n tyd om van blydskap te dans”* (Prediker 3:1–4). Ook vir die ervaring van verlies is daar ’n tyd. Geboorte en dood, verandering en oorgange, liefde en verlies is normaal. Dit is deel van die lewe (vgl Hamman 2005:73–74).

Die reaksies op verlies (treur en rou) is ook normale prosesse. Soms is verlies meer op die voorgrond, ander kere meer op die agtergrond, maar nooit afwesig nie. Die drie outeurs van “*Loss and Bereavement*” een van die boeke in ’n hele reeks oor gesondheidsielkunde, spel dieselfde vertrekpunt uit, naamlik dat ervarings van verlies nie die uitsondering is nie en dat dit nie patologies is om te treur oor verlies nie: “The authors have made the assumption that loss and change are normal processes which occur within a social and cultural context” (reeksredakteurs Sheila Payne en Sandra Horn in Payne et al 1999: reeksvoorwoord).

Normale en goeie ontwikkeling gaan óók met verlies gepaard: dis baie normaal vir ’n kind om skool toe te gaan en die meeste kinders sien baie uit daarna, maar in die proses verloor hulle die voorreg om later te mag slaap in die oggend. ’n Gemeente wat getallegewys groei, is bly oor die groei, maar verloor die intimiteit tipies aan ’n klein gemeentetjie (Hamman 2005:52–54). Beide slegte en goeie veranderings veroorsaak verlies. Telkens moet die betrokkenes die verlies verwerk om sinvol te kan aangaan met die lewe. “... change or transitions are regarded as a normal part of human experience; unless we die very young, we can all expect to encounter loss and bereavement” (Payne et al 1999:54). Die teoretiese vertrekpunt is dus dat verlies, treur en rou in enige mens se lewe deurlopende prosesse is, wat eers afgesluit word wanneer ’n mens op jou sterfbed van jou eie lewe op aarde afskeid neem. Die gewenste resultaat van ’n rouproses is nie om ’n plaasvervanger te kry vir dít wat jy verloor het nie, maar vir die treurende om te groei en ’n nuwe identiteit te ontwikkel (Hamman 2005:47). In ons kerk se konteks is kollektiewe verlies, treur en

rou deurlopende prosesse en die uitdaging is niks minder nie as die vestiging van ’n nuwe kollektiewe identiteit.

**4.3.10 GEANTISIPEERDE VERLIES**

Omdat mense intelligente wesens is, kan hulle sekere verliese voorsien voordat dit plaasvind. By ’n siekbed kan die familie soms weke en selfs maande voor die tyd die dood wat voor die deur staan, herken en hulleself voorberei op die onvermydelike, toekomstige verlies. “… to some degree we can grieve for the loss before it happens and much has been written about the value of anticipatory grief as a preparation for the losses to come” (Parkes 2006:1). Daar is ’n belangrike verskil tussen treur *voor* en treur *na* die insident van verlies: die intensiteit van treur *na* ’n verlies neem met verloop van tyd af; dit versag soos die treurende vrede maak met die verlies en leer om sonder die persoon of saak te lewe. Daarteenoor neem die intensiteit van treur wat die verlies antisipeer, toe. Die gehegtheid aan die persoon of saak, waarvan daar in die toekoms afskeid geneem sal moet word, intensiveer wanneer die besef deurdring dat die verlies onvermydelik is. Parkes (2006:2) noem die voorbeeld van ’n moeder wat haarself opoffer en haar gesonde kinders verwaarloos in die proses om ’n siek kind te koester en vir oulaas te bemin, voordat die siek kind sterf.

Hierdie verskynsel, dat die mens se liefde vir dít wat op risiko is om in die nabye toekoms verloor te word intensiveer, kan terugskouend herken word in die Afrikaanse gemeenskap se reaksies in aanloop tot die algemene verkiesing van 1994.

Die algemene publiek moes (op die laatste) in Februarie 1990, met die ontbanning van die ANC en die vrylating van mnr Mandela, besef het dat die politieke toekoms van die land onherroeplik in ’n ander rigting gestuur is as wat die heersende rigting sedert 1948 was (Burger 1995:13). Politici en fyn waarnemers het egter lank voor 1990 reeds geweet dat daar ’n ommekeer in filosofie en dominante denkrigting in die Nasionale Party was, en dat ’n nuwe beleid moes volg. Op 24 Oktober 1974 het mnr Pik Botha, die minister van Buitelandse Sake, die destydse Verenigde Volke Organisasie se Veiligheidsraad meegedeel dat sy regering “die wegbeweeg van diskriminasie” as beleid gestel het (Van Jaarsveld 1979:19). *Rapport* het op 24 April 1977 berig dat, wat diskriminasie betref, “’n nuwe dag stil-stil gekom het”. ’n Historikus wat Suid-Afrika verstaan in die kon-

teks van Afrika, skryf in 1979 (vyftien jaar vóór die regeringsverandering): "Suid-Afrika is die laaste land in die wêreld wat nog nie tot 'n vergelyk met Afrika en sy nie-blanke inwoners gekom het nie. Sy regerings sedert 1948 tot 1974 (*datum van die onafhanklikwording van die voormalige Portugese kolonies Mosambiek en Angola – WB)* het nie betyds besef dat die tydperk van die kolonialisme finaal verby is nie, en dat die blanke minderheid nie meer alleen 'n oplossing op die nie-blanke meerderheid kan afdwing nie. Die erfenis van die koloniale verlede soos baasskap, paternalisme en voogdyskap is vir goed dood" (Van Jaarsveld 1979:4).

Terugskouend is daar redelike sekerheid dat die afskeid van die ou bedeling, in Afrikaanse geledere, reeds in die tagtiger- of selfs die sewentigerjare begin het, omdat die veranderings geantisipeer kon word. Dit beteken die onafgehandelde treurposes is al ruim 30 jaar aan die gang. Voorbeelde van die intensivering van verknogtheid aan dít wat in gevaar was, is die vurigheid waarmee regse politiek in die tagtiger- en negentigerjare bedryf is, die verskeidenheid regse politieke groeperings wat aktief was (Konserwatiewe Party, Afrikaner Weerstandsbeweging, Kappiekommando, Aksie Eie Toekoms, Herstigte Nasionale Party, Oranjewerkers, ensovoorts), die herlewing van die gewildheid van ou Boeresimbole soos die Vierkleur, die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die fenomenale groei in gewildheid van moderne Afrikaanse musiek en Afrikaanse kunstefeeste soos die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees in Oudshoorn en Aardklop in Potchefstroom. Die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees is in 1994, die jaar van die regeringsverandering, vir die eerste keer aangebied (Giliomee & Mbenga 2009), maar die identifisering van die behoefte aan 'n Afrikaanse kunstefees en die beplanning van die eerste fees het in die ou Suid-Afrika geskied.

### 4.3.11 NEGATIEWE FISIESE EN SIELKUNDIGE GEVOLGE VAN VERLIES

Daar is bewyse dat verwydering van, of verlies van mense of dinge wat na aan die hart is, 'n beduidende uitwerking op treurende mense se gesondheid het. Dit verhoog selfs die risiko om te sterf. Die mees algemene gevaar wat verlies inhou, is egter nie fisies nie, maar emosioneel en sielkundig van aard. "These psychological dangers include frank mental illness as well as lesser psychological difficulties" (Parkes 2006:3). Dit sal insiggewend wees om te weet wat die impak van kollektiewe verliese in Suid-Afrika sedert 1990 op die fisiese en geestesgesondheid van die Afrikaanse samelewing is. Die vermoede van hierdie studie is dat die gemeenskap se gesondheid

sal baat wanneer daar intervensie is wat mense help om te vorder met hulle treurtake; wanneer die NG Kerk die Afrikaanse gemeenskap help om sinvol te rou en vrede te vind in ’n nuwe identiteit.

Wat die huidige situasie rakende fisiese en geestesgesondheid ook al is, doelbewuste en gedrewe vordering met die verwerking van verliese is in meer as een opsig gesonde praktyk. As kerk wat in voeling is met die kontekstuele nood van haar lidmate, behoort die NG Kerk aandag te gee aan die hantering van onafgehandelde verliese en treurtake.

### 4.3.12 DIE VERLORE GELIEFDE IS ONVERVANGBAAR

Liefde is *monotropies*. Liefde is ’n band tussen ’n betrokke subjek en een spesifieke, ander persoon. Geen ander mens kan eenduidig ’n plaasvervanger wees vir ’n ander mens nie. “There can be no substitute for the parent, child or loved partner who has been lost … A berieved parent may have another child or a divorced person may marry again, but people are not interchangeable and each new relationship will be unique in its own right” Parkes (2006:3). Die waarde van elke mens of objek wat jy liefhet, is uniek. Hulle is nie oor en weer uitruilbaar of vervangbaar nie.

Dit sinvol wees om bogenoemde beginsel toe te pas op verlies-ervarings van alle Afrikaners, ongeag politieke oriëntasie. Ek onderskei vier groepe in die Afrikaanse gemeenskap, op grond van my betrokkenheid as deelnemer-navorser:

**Eerstens** die stoere en opregte ondersteuners van apartheid/afsonderlike ontwikkeling: diegene wat nou nog oortuig is dat as regeringsbeleid destyds net reg toegepas is, sou dit die regverdigste en beste oplossing vir Suid-Afrika en sy volkereverskeidenheid wees. Ek verwys later na ’n publikasie van oudpolitikus en huidige lidmaat van die NG Kerk-gemeente Hartbeesspruit-Queenswood, Sybrand van Niekerk, as ’n goeie voorbeeld van hierdie groep Afrikaners. Hulle is patriotiese mense wat tipies “nee” gestem het in 1983 se referendum. Hulle het nooit die nuwe bedeling verkies nie, maar moes noodgedwonge saam met die meerderheid beweeg – die nuwe Suid-Afrika in. Hulle verliese kan dalk die maklikste geïdentifiseer en verwoord word. Dit staan bo alle twyfel dat hierdie groep mense ernstige verliese beleef. Dit wat hulle hartstogtelik liefgehad het, is vir goed “weg” en word boonop is sekere kringe gedemoniseer. Die ou bedeling in Suid-Afrika sal nooit herstel kan word nie en die verlies daarvan is permanent.

**Tweedens** is daar ook ’n groep NG Kerk-lidmate wat in die sewentiger- en tagtigerjare oortuig was daar moet verandering kom en wat in 1994 entoesiasties gevoel het oor die nuwe Suid-Afrika. Hulle het uitgesien na die vrylating van mnr Mandela. Hulle het die beëindiging van apartheid en die verkiesing van 1994 tipies as hoogtepunte beleef. Die beginsel van monotropie beteken egter hulle entoesiasme oor die nuwe Suid-Afrika kanselleer nie uit dat hulle óók treur oor verliese gepaardgaande met die afskeid van die ou Suid-Afrika nie. Die verrassende vir sulke mense, is dat selfs húlle verliese het om te verwerk. Hierdie groep mense kan veral sukkel met die afhandeling van ’n rouproses, omdat hulle nie verwag het om te rou nie. Die ambivalensie daarvan om aan die een kant verheug te wees om ontslae te wees van die ou Suid-Afrika met sy bagasie en aan die ander kant verlies te ervaar by die afskeid, kompliseer sake. Dit is ook waar dat ’n persentasie van hierdie groep mense ontnugter geraak het met hoe die nuwe Suid-Afrika ontwikkel het, veral na die Mandela-era verby is. Bekende openbare voorbeelde is die joernaliste Tim du Plessis, Max du Preez, Chris Louw en die skrywer Breyten Breytenbach (Du Plessis 2009). Daar is by hulle ook die verlies van die idealistiese droom van 1994–1995 dat Suid-Afrika die model van versoening en harmonie geword het vir ander lande met konflik.

**Derdens** is daar diegene wat geëmigreer het, meestal na Engelssprekende lande soos die Britse Eilande, Australië, Kanada en Nieu-Seeland. Volgens beskikbare syfers het bykans een miljoen Suid-Afrikaners (meestal blankes) die land permanent verlaat sedert 1990 (Eloff 2008). Daardie mense, van wie ’n beduidende persentasie NG Kerk-lidmate is, se nuwe liefde vir hulle aangenome land, vee nie die spore van treur oor hulle geboorteland uit nie. Australië of Engeland mag goeie lande in eie reg wees om in te woon, maar kan volgens die beginsel van monotropie nie ’n plaasvervanger wees vir die vaderland wat hulle verloor het nie. “Immigrants live a life of loss, irrespective of what is gained by moving to one’s adopted country” (Hamman 2005:15). Dit val op hoe aktief Afrikaners in die buiteland deelneem aan debatte oor allerlei sake van belang in Suid-Afrika op forums soos die dagblad *Beeld* se elektroniese briewekolom. Hulle is emosioneel betrokke genoeg dat hulle die Afrikaanse nuus volg en hulle menings gee. My broer in Nieu-Seeland lees gereeld verskeie Afrikaanse tydskrifte en koerante wat elektronies beskikbaar is en stuur selfs van tyd tot tyd interessante artikels oor Suid-Afrika aan vir die familie in Suid-Afrika! ’n Punt van verskil is dat emigrante die veranderings in Suid-Afrika van êrens buite die landsgrense beskou, met ’n mate van ’n toeskouersperspektief. Myns insiens kan die NG Kerk ook ’n bydrae lewer om

sulke mense met hulle treurproses te help – ongeag of hulle nog lidmate van die kerk is of nie.

**Vierdens** is daar NG Kerk-lidmate wat "na binne" geëmigreer het, in die sin dat hulle nog in Suid-Afrika woon, maar hulle emosioneel en andersins onttrek het aan die nuwe Suid-Afrika. Hulle voel nie die nuwe nasionale simbole is hulle s'n nie, hulle assosieer nie met die sogenaamde "reënboognasie" nie, politici se pogings tot nasiebou laat hulle koud en hulle is sinies oor die land se vooruitsigte. Hulle leef bloot in die kleiner ruimtes van familie, vriende en werkkring. Sommige NG Kerk-lidmate leef 'n lewe van verset en is nie van plan om goeie burgers van die nuwe Suid-Afrika te word nie.

Verlies, treur en rou is ter sake vir al vier die groepe wat hierbo aangedui is. Of die afskeid hoofsaaklik bitter of hoofsaaklik soet was, is irrelevant ten opsigte van die vraag of daar getreur word. Die verbondenheid aan 'n land en alles wat die land voor staan, is ook monotropies. Die spesifieke verliese moet geïdentifiseer, verwoord, betreur en verwerk word en met die onvervangbaarheid van dít wat verby is, moet saamgeleef word. Die realiteit is dat 'n era met al sy soet en bitter vir goed verby is en dat die afskeide toepaslik beween en betreur moet word, sodat Afrikaanse mense 'n nuwe identiteit en plek en rol kan vind wat toepaslik is in nuwe omstandighede. Om die vraag te antwoord ***hoe*** dit gedoen moet word, is die kerk se beste teologiese kreatiwiteit nodig.

Daar is nou genoegsaam aangetoon dat die teorieë oor verlies en treur, wat ontwerp is in situasies waar die dood ter sprake is, bruikbaar is om Afrikaners se afskeid van die ou bedeling in Suid-Afrika en die gepaardgaande verlies te begryp. Die volgende vraag is of daar iets is soos *kollektiewe treurreaksies* en of mens kan praat van 'n *gemeenskap* wat treur.

### 4.3.13 KOLLEKTIEWE ONDERBEWUSTE

Maak dit hoegenaamd sin om van *kollektiewe verliese* te praat? Is daar 'n volkpsige? Kan verlies en rou kollektief beskou en kollektief hanteer word, of is dit streng individuele belewenisse en take? In hierdie afdeling word die stelling beredeneer dat daar wel iets soos 'n kollektiewe onderbewuste bestaan. In die lig daarvan sal ek aantoon dat dit in die konteks van hierdie studie geregverdig is om 'n *kollektiewe treurproses* in die Afrikanergemeenskap as deel van die navorsingsprobleem te stel.

Terapeute wat met groepe werk, het sedert die middel van die vorige eeu bewus geraak daarvan dat, behalwe dat elke groeplid beïnvloed word deur ’n individuele onderbewuste, soos wat Freud dit beskryf het, daar ’n ander (en heel verskillende) faktor is wat ook ’n rol speel en waarvan die individu ewe onbewus is. “One might speak of a social or interpersonal unconscious” (Foulks, aangehaal deur Brown 2001:29). Die sosiale of interpersoonlike onderbewuste veroorsaak dat sekere maniere van dink en doen in gemeenskappe outomaties kom, byvoorbeeld hoe daar gegroet en geëet word, watter soort humor die gemeenskap snaaks vind, wat as goeie maniere beskou word, ensovoorts. Gemeenskaplike mites en argetipes is aanduidings van die bestaan van ’n sosiale onderbewuste (Brown 2001:30); so ook groepvooroordele en die verskynsel waar ’n groep mense ’n swartskaap as sodanig brandmerk en spontaan uitskuif. Onbegryplike menseslagtings is ekstreme voorbeelde van die verwoestende krag wat die kollektiewe onderbewuste kan hê. ’n Gemeenskap projekteer kollektief sy ongewensde eienskappe op die slagoffer en in Rwanda en Bosnië het die betrokke gemeenskappe verder gegaan en daardie slagoffers genadeloos uitgemoor (Brown 2001:30).

Deelgenootskap aan die sosiale onderbewuste word by wyse van spreke saam met moedersmelk ingeneem. Alle individue word enersyds deur die sosiale onderbewuste beïnvloed, maar dra andersyds ook weer by daartoe (Brown 2001:36). In die Westerse denke, met sy oormatige klem op individualiteit, word die krag van die gemeenskap en die gemeenskaplike onderbewuste, maklik onderskat.

’n Gemeenskaplike genepoel en geskiedenis het oor dekades en eeue ’n gemeenskaplike sosiale onderbewuste vir die Afrikaanse gemeenskap gevorm. As outeurs soos Foulks (in Brown 2001) en Brown (2001) reg is, het die prominente gebeure in die vorming van die Afrikanerkultuur neerslag gevind in die sosiale onderbewuste. Ons dink hier byvoorbeeld aan die emigrasie uit Europa en 350 jaar se geskiedenis in Afrika: vestiging van Vryburgers, knip van die naelstring met moederlande in Europa, grensoorloë, die Groot Trek, pionierslewe, Vegkop en Bloedrivier, Boererepublieke, die onafhanklike, landelike leefwyse, liefde vir die veld, die grond en die buitelewe, die Vryheidstryd en twee oorloë teen Brittanje, taalstryd, armblankes, Reddingsdaadbond, die springbokembleem, opkoms van Afrikaner nasionalisme in die dertiger- en veertigerjare, die simboliese ossewatrek, inwyding van die Voortrekkermonument, Republiekwording, die opkoms en val van die Nasionale Party en Apartheid, diensplig en bos-oorlog, ensovoorts.

Die sosiale onderbewuste bied ’n verklaring vir die algemene gevoel van nostalgie en tuiskoms wat stedelike Afrikaners langs ’n vuurtjie beleef en die gewildheid van potjiekos. Die navorsingsvermoede dat die verliese wat ons beskou *kollektief* van aard is, sal in die empiriese ondersoek se onderhoude getoets word. Sommige verliese wat witmense na 1990 ervaar het, lê bo die oppervlak, ander lê in die individuele onderbewuste en nog ander in die sosiale onderbewuste.

### 4.3.14 ONDERSKEI TREUR VAN ROU

Dit is belangrik om die twee terme “treur” (*grief*) en “rou” (*mourning*) duidelik te definieer en van mekaar af te grens. In hierdie studie verwys die woord **“treur”** na die spontane reaksie van mense wanneer hulle verlies ervaar. “**Grief** is the normal emotional, spiritual, physical and relational reaction to the experience of loss and change” (Hamman 2005:12; vgl ook Payne, Horn & Relf 1999:7). Beide verlies en verandering is normale gebeurtenisse in die mens se lewensgeskiedenis en in enige Christelike geloofsgemeenskap. Mense is kwesbaar. Gemeentes is blootgestel aan baie verandering en ander faktore wat verlies teweegbring: predikante gaan weg, geliefde lidmate sterf, ou gebruike verval in onbruik, ’n ou Bybelvertaling word laat vaar, ensovoorts. Normale treurreaksies is volop – beide in mense se persoonlike lewens en in gemeentes se lewe. Treur is ’n spontane reaksie op verlies en daar is geen keuse in die saak nie – verlies het noodwendig treurreaksies tot gevolg. Daar is ’n sterk band tussen treur en nostalgie. Omdat treur ’n spontane reaksie is, dobber treurende mense soms vir lang periodes van tyd rigtingloos in die emosionele pyn rond. Hulle vorder nie, maar die treurproses verg tog baie energie. In so ’n stadium kan die treurproses as onproduktief of rigtingloos beskryf word.

Die werkwoord **“rou”** word hier gebruik om te verwys na die aktiewe, gedrewe en doelbewuste, proses om te reageer op verlies, met die doel om dit sinvol te verwerk en te groei. “**Mourning,** in contrast, is the intentional process of letting go of relationships, dreams, and visions as your congregation lives into a new identity after the experience of loss and change” (Hamman 2005:13).

Rou impliseer dat die individu of gemeente nie wegskram daarvan om die droefheid te beleef nie, maar dat daar werk gemaak word van wat Worden (2003:10–18 ) “treurtake” genoem het. Die rouperiode word doelbewus deurleef en die individu/gemeente maak vrede met die verliese en veranderings wat die spontane proses van **treur** aan die gang gesit het. Rou is harde werk. Dit is werk

wat doelbewus gekies en aangepak moet word. Daar is moed nodig om met die harde werk te begin. Rou gebeur, anders as treur, nie spontaan nie. Rou is ’n keuse. Dit is iets heel anders as nostalgie. “Whereas nostalgia takes one into the past, the work of mourning opens a future” (Hamman 2005: 74). Nostalgie het nie die bedoeling om te groet en te laat gaan en aan te beweeg nie. Rou is die proses om verlies te verwerk en daarom is dit ’n baie hoopvolle en toekomsgerigte werk: om te rou, stel mense wat verlies beleef het, in staat om afskeid te neem en volledig betrokke te raak by die situasie ná die verlies.

Gemeentes wat nie kans sien vir rou nie, bly vashaak, gewoonlik sonder om te verstaan wat die haakplek in hulle gemeenteboupogings is. “The unresolved losses of our lives keep us from walking freely with God and with others. When we mourn, however, we embark upon a journey that leads to spiritual and emotional maturity” (Hamman 2005:20). Wie die swaar werk kies om te rou, kies om nie ’n gevangene van die verlede te bly nie. Wie die moed het om te rou, kan mettertyd ’n nuwe toekoms anderkant die rouproses skep. Die doel van rou is omvattend: om ’n nuwe identiteit te vind en in lyn met daardie nuwe identiteit te begin lewe (Hamman 2005:47).

### 4.3.15 TREUR TAP ENERGIE; ROU STEL ENERGIE VRY

Nostalgie en rigtinglose treur verg heelwat energie. Die navorsingsprobleem en navorsingsvermoede stel dit so dat daar ’n treurproses in die Afrikaanse gemeenskap aan die gang is wat lidmate en gemeentes se geestesenergie dreineer (sien p 10–12). As “treur” die patroon in ’n gemeente is, is dit te verwagte dat die energievlakke maar laag sal wees. “... grief becomes a literal black hole devouring the spiritual and relational energy within the Gospel community. Grief can bring despair” (Hamman 2005:28). As gemeenteleiers nie insig het in die gemeente se verliese en treurreaksies nie, kan so ’n situasie waar ’n gemeente min aanpak en vir min kans sien, omdat hulle min energie het, baie frustrerend wees. Die skarnier waarop die deur kan oopswaai na hoër energievlakke, is ’n intensionele en sinvolle rouproses. Ek het reeds opgemerk (Bowlby & Parkes se model, p 209) dat verhoogde energievlakke een van die aanduidings is dat die rouproses naby aan sy einde gekom het. ’n Gemeente wat die pad van rou kies, kan dit doen in die verwagting God dit sal gebruik om genesing te bring en deure na ’n nuwe toekoms oop te maak. “With God present in our losses, mourning becomes a creative force that not only heals, restores and revitalizes, but also

anticipates a new future. When grieving does not occur, however, the opposite is true" (Hamman 2005:28).

### 4.3.16 GEMEENTES KAN KIES OM HOOPVOL TE ROU

'n Christelike gemeente is 'n geloofsgemeenskap wat veel meer is as die som van die individue wat aan die betrokke gemeente behoort (Burger 1991:voorwoord). 'n Gemeente vertoon baie eienskappe wat individue saamsnoer tot 'n *gemeenskap* van gelowiges, soos die gemeenskaplike geloof in die Drie-enige God, 'n gemeenskaplike geloofstradisie, 'n gemeenskaplike verstaan van hulle roeping in die koninkryk van God, 'n eie gemeentelike kultuur met geykte gebruike, 'n herkenbare dinamika, ensovoorts. Die gemeenskapslewe in die meeste gemeentes van die NG Kerk is eg en sterk.

'n Gesonde gemeente is 'n uiters geskikte omgewing waar kollektief en hoopvol gerou kan word. Die feit dat 'n gemeente gereeld bymekaarkom, dat daar hegte verhoudings bestaan, dat daar goeie kommunikasienetwerke is, 'n sterk sin vir gemeenskaplikheid en 'n gevestigde leierskapstruktuur, is alles faktore wat daartoe bydra dat die plaaslike gemeente 'n geskikte gemeenskap is om 'n kollektiewe rouproses te huisves en te dra: 'n "holding environment" (Hamman 2005:39).

Die vraag kan ook gevra word: As die NG Kerk nie die onafgehandelde verliese in die Afrikaanse gemeenskap hanteer nie – wie sal dan?

Die nood wat bestaan as gevolg van individuele en kollektiewe verliese van lidmate, kan op 'n bepaalde wyse, wat deur die Evangelie gekleur word, in die boesem van die gemeente hanteer word. Die gemeente rou soos wat sy ook andersins lewe – *coram deo*. God se mense is nie ongelowig of van God vervreem in hulle rou nie – inteendeel! Deur die eeue het geloofsgemeenskappe in die nouste verbintenis met God gerou. Die Bybel en die kerklied is deurtrek van die mooiste voorbeelde van gelowiges wat al hulle skok, pyn, smart, opstandigheid, vertwyfeling, skuldgevoelens, leegheid, verlange en eensaamheid voor God uitstort, byvoorbeeld: *"Roep tot die Here, Sion, laat jou trane in strome vloei, dag en nag, moet jou nie rus gun nie, moenie dat jou oë verligting kry nie. Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate. Kyk tog, Here ..." (Klaag 2:18–19). "Smagtend soos in dorre streke – hoor my na U, Here,*

*roep. Gee my van u helder water en 'n skadu teen die gloed. O, ek skroei, Heer, van die pyn oor die skare se venyn ..."* (Liedboek 42(b):1).

Die Ou-Testamentiese ballingskapsliteratuur, die boeke Job, Prediker, Klaagliedere, Psalms, Paulus se gevangenskapbriewe en ander Bybelse tekste bied wonderlike stof om kreatief en gelowig te gebruik in 'n aktiewe, gemeentelike rouproses. Gemeentes staan in 'n lang tradisie van gelowiges wat voor God rou. Die neerslag daarvan is in ons brondokumente. As die kerk daardie literatuur vandag lees en uitlê, resoneer dit met mense se seer, die veranderings waaraan hulle onderworpe is, die verliese wat hulle ervaar en die treurproses waarmee hulle (bewustelik of onbewustelik) besig is. Die kerk is uitstekend geplaas om op te tree as fasiliteerder: haar lidmate en leiers het al die stof en al die voorbeelde om te benut in 'n dinamiese, kollektiewe rouproses.

### 4.3.17 ROU OOR AFSKEID VAN APARTHEID?

Daar is wel een groot struikelblok in die weg van hoopvolle, gemeentelike rou: die NG Kerk se posisie rakende die afskeid van die ou bedeling in Suid-Afrika is problematies. Sy is allerweë daarvoor verwyt dat sy 'n onregverdige politieke ideologie teologies regverdig het. Daar is kras uitsprake teen die NG Kerk gemaak deur die Wêreldraad van Kerke, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, die Gereformeerde Ekumeniese Raad, ander kerke in die familie van NG Kerke en ander kerkgroepe in Suid-Afrika. Die NG Kerk is van dwaling en kettery beskuldig, as gevolg van haar noue bande met die destydse Nasionale Party en die party se beleid van Apartheid en later, Afsonderlike Ontwikkeling.

Die ongemaklikheid van beide lidmate en die kerkverband, is dat dit op 'n manier "verkeerd" is om openlik te treur oor die verlies van 'n onregverdige, ou bedeling vol diskriminasie. Dit is ook moontlik dat daar heelwat openbare reaksie kan wees as die NG Kerk openlik rou oor die afskeid van apartheid. Dit kan heelwat oningeligte wenkbroue laat lig. Die dilemma word mooi verwoord deur 'n teoloog van Suid-Afrikaanse herkoms (wat die ongemak verstaan soos 'n deelnemer), maar wat lankal al in die VSA woon en werk (en daarom die perspektief van 'n toeskouer het): **"But how do you grieve something that you have confessed as a sin?"** (Hamman 2005:15).

Daar was wel altyd stemme uit die geledere van die NG Kerk wat krities was op Apartheid en die kerk se regverdiging daarvan. Prominente openbare eksponente was byvoorbeeld proff Ben

Marais, David Bosch en dr Beyers Naude. Die ondertekenaars van die "Ope Brief" van 1981 het hulle by die kritiese stemme geskaar. Maar hulle was vir dekades lank in die kerk protesfigure wat teen die hoofstroom standpunte en sentiment van die kerk gestaan het. Dieselfde NG Kerk, wat in die veertiger-, vyftiger- en sestigerjare die ideologiese onderbou vir apartheid uit die Bybel verskaf het (sien Kinghorn 1986:45–143), het later van standpunt verander en amptelik, by wyse van sinodebesluite, afskeid geneem van apartheid by die Algemene Sinode van 1986. Daardie sinodebesluite is opgevolg met uitsprake wat verder gegaan het en met spyt en berou die kerk se aandeel aan 'n onregverdige stelsel bely het. Dit was dae van intense onenigheid en stryd na binne en buite. 'n Situasie van stryd en gemoedere wat hoog loop, is hoegenaamd nie 'n veilige omgewing om in te rou nie en daarom het daar van 'n rouproses in die tagtiger- en negentigerjare bitter min tereg gekom. Daardie agterstallige werk van rou moet eers ingehaal word, voordat die kerk vry kan wees om voluit betrokke te wees in nuwe ruimtes en in 'n nuwe stel omstandighede.

Dit is uit die geskiedkundige verloop duidelik dat die hantering van lidmate se pastorale nood problematies is: die lidmate se geestelike moeder, die NG Kerk, het apartheid eers vir 'n tyd lank teologies regverdig (daaroor was een groep lidmate kwaad) en dit later met berou as sonde bely (daaroor was 'n ander groep lidmate kwaad). Baie mense was (is?) agterdogtig oor die kerk se standpunte, of hulle het vertroue in die kerk verloor om leiding te gee ten opsigte van kontensieuse sake.

As gevolg van die NG Kerk se geskiedenis met apartheid, het hierdie kerk – meer as enige ander kerk in Suid-Afrika, ná 1990 gesukkel om haar identiteit en rol in nuwe omstandighede te definieer. Die kerk was vir die eerste dekade in die nuwe bedeling opvallend skaam-stil oor openbare aangeleenthede. Telkens wanneer die kerk iets wou sê oor dinge wat in die samelewing skeef loop, is sy van binne en van buite herinner daaraan dat sy apartheid verdedig het en daarom onbevoeg is om kommentaar te lewer oor samelewingsprobleme. So het die NG Kerk se profetiese stem in die laaste jare van die twintigste eeu stil geword. In die proses het sy versigtig en na binne gekeer geraak.

Die geïdentifiseerde haakplek in NG Kerk-gemeentes se gemeenteboupogings, is dat gemeentes dit nie genoegsaam regkry om uit te beweeg na buite nie (sien p 2–7). Sodanige na-binne-gekeerdheid is ongesond, omdat dit nie in goeie balans is met betrokkenheid na buite, by die ongelowige

wêreld nie. Ons teologiese teorie vra daarna dat die hele openbare lewe beskou moet word teen die horison van die komende koninkryk van God. "Christian theology is *theologia publica.* It is public theology for the sake of the kingdom" (Moltmann 2000:15). Die hele saak van openbare standpuntstelling en om teologies in die openbaar te lewe met die krag van oortuiging, het vir die NG Kerk onder druk gekom in die nuwe staatkundige bedeling.

In die proses om partypolitieke gevegte uit die gemeentes te hou, het debat en standpuntinname oor sekere samelewingskwessies taboe geraak in die meeste gemeentes, omdat dit politiekverwant was. Ek onthou in die negentigerjare in Louis Trichardtgemeente, was my eie oorwoë mening dat dit vir die kerk en vir 'n predikant in daardie omstandighede beter was om eerder oor te hel na die piëtistiese kant toe. Die klem was op die meer private aspekte van geloof: die individu se persoonlike verhouding met God, gebed, vertroosting en bemoediging, persoonlike geloof en roeping, geestelike dissiplines en gesindheid. My aanvoeling was: "hou jou uit die politiek uit." Sake van gemeenskapsaard het daardie jare so maklik in politieke konflik ontaard. Die ou NP-KP-stryde is nogmaals gestry, hoewel dit in die nasionale diskoers nie meer van enige belang was nie.

Blykbaar het baie predikers intuïtief of doelbewus 'n soortgelyke benadering gehad. Pieterse en Theron (1994:141–154) se navorsing toon aan dat al 12 die predikers in hulle ondersoek *gedink* het hulle prediking begelei hulle lidmate in die tyd kort na die regeringsverandering, maar dat hulle dit in die praktyk nie reggekry het nie. Hulle hoofklem was bemoediging en die blik was na binne. Die toerusting wat daar wel was, was nie gerig op Christene se taak in die breë samelewing onder die nuwe bedeling nie, maar op die bestaan en oorlewing van die gemeente self. Net 'n kwart van die preke se inhoud het geklop met die reformatoriese teologiese teorie dat Christene 'n verskil moet maak in die hele samelewing. "Hulle (*net drie van twaalf – WB*) preke is werklik gerig op die uitdaginge vir gelowiges in 'n samelewing waarin Christene 'n verskil kan maak deur diens en deelname aan die opbou van die samelewing volgens 'n Christelike siening" (Pieterse & Theron 1994:153).

Enige onderwerp met politieke bowe- of ondertone was oorverhit en gevaarlik om te hanteer. Baie NG Kerk-gemeentes het in 1986–1987 pynlik geskeur, toe die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig is as gevolg van verskille oor 1986 se sinodebesluite, die beleidstukke *Kerk en Samelewing*/*Geloof en Protes* en ander politiekverwante redes. Die breuk het deur families, vriendekringe en kollega-

kringe geloop. Daardie pyn en verlies is aanvanklik nie betreur nie, al het die meeste gemeentes lojale en diensbare lidmate verloor. Die mense was te kwaad vir mekaar. Die atmosfeer was net nie bevorderlik vir ’n rouproses nie en wesenlike gemeentelike verliese is dikwels ontken deur die stigting van die AP Kerk af te maak as ’n “afsplintering”.

Terugskouend is dit heeltemal begryplik dat lidmate se persoonlike verliese, gemeentes se verliese en die kerkverband se verliese wat met die politieke oorgang gepaard gegaan het, onaangeraak gebly het. Die situasie was eenvoudig te sensitief en die risiko dat gemeentelik-begeleide rou handuit kon ruk wanneer lidmate openlik sê watter verlies hulle ervaar, was te groot. Die kerkverband en gemeentes het met baie pyn begin saamleef, maar die pyn is nie openlik erken of in die openbaar hanteer nie.

Die vraag is geldig of die NG Kerk ’n periode van na-binne-gekeerde selfondersoek en konsolidering rondom die moeilike oorgang in Suid-Afrika nodig gehad het? Die verdere vraag is of daardie periode nou besig is om verby te gaan en ’n nuwe periode van hernude gemeenskapsbetrokkenheid en sending inlui?

Die navorsingsvermoede is dat daar nou, twintig jaar na 1990, genoegsame afstand van die gebeure is en dat gemoedere genoegsaam kalmeer het, dat die kerk met min risiko betrokke kan raak by *gemeentelike* rou-inisiatiewe. Op ’n persoonlike vlak ly NG Kerk-lidmate steeds onder allerhande soorte verliese en die kerk kan die nood wat daarmee gepaard gaan, nie langer ignoreer nie.

Die problematiek met die onafgehandelde treur is verder dat dit sedert 1994 uit die mode en polities niekorrek nie is om te sê jy ly omdat apartheid nie meer daar is nie. Die dilemma is egter dat die kerk nie net teologies en eties leef nie, maar ook emosioneel en relasioneel (Hamman 2005: 15). Lidmate leef in verhoudings en “woon” in hulle emosies, wat sonder twyfel geraak word deur politieke, sosiale en maatskaplike gebeure rondom hulle, gekombineer met eie standpunte en sentimente in daardie konteks. Die feit van die saak is dit: die NG Kerk as ’n instansie het enorm baie verloor sedert 1990. Die kerk was gewoond daaraan dat die regering van die dag met waardering (en gewoonlik ook met instemming!) luister na haar advies. Tans het sy min invloed op die regering. “The church that once played such an important role in determining the course of the South-African society has now lost her prominence and became rather marginalized” (Smit

2001:121). Dit is die taak van die plaaslike gemeente om op ’n sensitiewe manier aandag te gee aan die onafgehandelde rouproses. Wanneer rou deurgewerk is, kom daar energie beskikbaar wat gemeentes op ’n volgende vlak van effektiwiteit en koninkryksnut sal plaas. Wanneer die haakplek uit die weg geruim is, gaan die rivier se lewegewende water vryer vloei. Dit is die kerninhoud van die werkshipotese. “The gospel or good news in grieving is the promise of new self-understanding and revitalization that is unlocked by doing the work of mourning” (Hamman 2005:18).

#### 4.3.17.1 OUER LIDMATE SE VERLIES

Die meeste **ouer lidmate** ly waarskynlik omdat hulle eerlike oortuigings van vroeër jare nou as kettery en sonde gebrandmerk word. Hulle het nie ooit bose bedoelings met Apartheid gehad nie (vgl Van Niekerk 2003). Hulle het hard gewerk aan die opbou van ’n land en al sy mense, maar word in die politieke klimaat ná 1990 van alles wat sleg is beskuldig. Daar is nie baie mense wat ’n boek uitgee nie, maar daar is baie wat soos Sybrand van Niekerk voel. Party van die ouer garde ly onder skuldgevoelens omdat hulle nie betyds die onreg wat die nieblanke sektore van die samelewing gely het, ingesien het nie. Party is vandag skaam dat hulle die “rooi gevaar” en die “geel gevaar” gepredik het, lank na die val van kommunisme en die Berlynse Muur. Ander wroeg omdat hulle nie die ideologie kon onderskei van onreg teenoor individue nie.

#### 4.3.17.2 MIDDELJARIGE LIDMATE SE VERLIES

**Middeljarige lidmate** (die “Boetman-geslag” sien p 108) ly omdat hulle voel hulle is mislei deur die rolmodelle en leiersfigure van hulle jeug. Hulle het, as gevolg van sensuur en publikasiebeheer, nie ooit die “ander kant” van die saak gehoor nie. Hulle het gedurende Suid-Afrika se isolasiejare grootgeword en slegs toegang gehad tot die nuus en inligting wat deur die regering gesif is. Min middeljarige mense het in hulle jonger jare gereis en kontak gemaak met die wye wêreld buite Suid-Afrika, omdat ’n Suid-Afrikaanse paspoort jou toegang tot groot dele van die wêreld ontsê het. Dit is hierdie geslag wie se vriende gesneuwel het in ’n bos-oorlog waaroor hulle vandag vra of dit ooit nodig of geregverdig was. Daar is tans ’n stroom nuwe publikasies oor diensplig en die bos-oorlog. Sommige is humoristies van aard en onthou die kameraderie en die komiese insidente, maar ander is kritiese en aggressiewe publikasies, wat nie vriendelik oordeel oor besluitnemers wat van kinders soldate gemaak het nie. Sommige lidmate is bitter teenoor

politieke leiers wat hulle "uitverkoop" het en kerkleiers wat hulle mislei het deur apartheid uit die Bybel af te lei.

4.3.17.3 JONGER LIDMATE SE VERLIES

**Jonger lidmate** ly omdat daar in die nuwe bedeling teen hulle gediskrimineer word. Hulle het geen aandeel aan apartheid gehad nie en ook nie voordeel daaruit getrek nie, maar hulle byt die spit af onder regstellende aksie. Hulle word nie op meriete hanteer nie, hulle kry nie beurse of keuring waarvoor hulle na regte kwalifiseer nie, hulle word oor die hoof gesien by die kies van sportspanne, by bevordering by die werk, ensovoorts. Hulle vriendekringe en ondersteuningsisteme skeur uitmekaar, omdat baie van hulle vriende en tydgenote emigreer.

Die beskrywing van bogenoemde drie verskillende ouderdomsgroepe lidmate, net soos die vier verskillende groepe met verskillende ideologiese uitgangspunte (sien p 219–221) se tipiese verliese, is gedoen op grond van my betrokkenheid as deelnemer-navorser. Die geldigheid daarvan moet ook in die empiriese ondersoek nagegaan word.

## 4.3.18 KONTEKSTUELE ROU EN DEURLOPENDE ROU

Aspekte van die verlies waaroor NG Kerk-lidmate tans treur, is sterk kontekstueel. Dit is spesifiek "nuwe Suid Afrika"-verliese. Baie min gemeentes funksioneer na my mening vandag in Suid-Afrika optimaal. Die simptome is volgens die navorsingsprobleem, onder andere, dat goed bedoelde gemeentebouprogramme en -prosesse nie na wense vorder nie. Die onderliggende oorsaak is dat baie energie getap word deur 'n kollektiewe, maar rigtinglose treurproses. "The DRCSA as a denomination and most of their congregations remain stuck due to the dynamics of grief" (Hamman 2005:15–16).

'n Vraag om te oorweeg, is of intensionele rou net vir 'n rukkie op die kerk se agenda moet wees, totdat die "nuwe Suid Afrika"-verliese" verwerk is? My aanvanklike aanvoeling was dat die routyd sal verby gaan en dat die nood wat daarmee saamhang, ook sal verby gaan. Ek is egter anders oortuig deur die lees van Jaco Hamman se boek *When steeples cry* (2005). Een van Hamman se hoofargumente is dat 'n bediening van rou altyd, in enige konteks, op die gemeente se agenda behoort te wees. Die gemeente se teologiese identiteit maak dit trouens vir die gemeente

onmoontlik om **nie** te rou nie: "It is impossible for the body of Christ, a body established through death and new life, not to experience loss" (Hamman 2005:50)! Ek aanvaar daardie wyer en meer algemene motivering vir 'n bediening van rou. Daarom behoort gemeentes permanent te fokus op verlies en 'n bediening wat rou bemiddel.

Hierdie verliese wat NG Kerk-lidmate *tans* beleef, is 'n herinnering daaraan dat die liggaam van Christus *nooit* in wêreldse terme sterk of onaantasbaar is nie. Inteendeel, die kerk was nog altyd broos, paradoksaal net sterk in haar swakheid, omdat die krag van Christus dan haar beskutting is (2 Kor 12:9). Dit is deel van gelowiges se pad deur die wêreld om vreemdelinge en bywoners te wees (1 Pet 2:11), onderworpe aan verlies en lyding (1 Pet 4:12–19). Die werk van roubegeleiding hoort op die kerk se agenda – op grond van die konteks waarbinne die NG Kerk haar bevind, maar ook op grond van die wesenlike aard van (gebroke) menswees en kerkwees.

Sekere soorte verandering en sekere aspekte van verlies word bepaal deur tyd en konteks. Maar daar is nooit 'n tyd en 'n plek dat gelowiges *nie* verlies ervaar en treur nie. Die verryking van die heersende gemeentebouteorie (p 376–382) met perspektiewe op verandering, verlies en treur, is nie net van toepassing totdat die verliese en treurreaksies wat met 2 Februarie 1990 saamhang, afgehandel is nie. Die teorie wat ontwikkel word, is dus 'n teorie wat 'n langer rakleeftyd kan hê, omdat daar ter eniger tyd in alle gemeentes mense is wat verlies ly en nodig het om te rou.

Hamman (2005:12) verwoord die kerk se staande opdrag aangaande verlies soos volg: "Rather, the qualitative nature of loss is multifaceted, calling for wide-ranging identification of loss and grief and intentional mourning by the body of Christ." Halfgestruktureerde individuele onderhoude en gesprekke met fokusgroepe word in hierdie studie benut om die kwalitatiewe aard van die "multifaceted loss" in Suid-Afrika in die nadraai van die politieke omwenteling sedert 1990 na behore te beskryf. Daar is egter 'n saak voor uit te maak dat 'n kerk in enige konteks wys sal wees om empiries na te gaan watse verliese prominent is in daardie betrokke tyd en konteks.

## 4.4 DIE ROL VAN LEIERS IN GEMEENTELIKE ROU

Rou gaan nie spontaan in gemeentes gebeur nie. Gemeenteleiers se rol in die rouproses is onmis-

baar, soos trouens in alle aspekte van gemeentebou: “Oor die belangrikheid van goeie leierskap in en vir die opbou van die gemeente is daar min twyfel ... Dit word onomwonde gehandhaaf dat sterk leierskap wesenlik tot gemeentegroei is” (Nel 1988:64). Die kwaliteit, karakter en styl van leierskap, is ’n moeiliker onderwerp. Dit kom in ’n volgende paragraaf weer ter sprake. Dit is ’n funksie van leierskap om in die huidige tydsgewrig die nood aan ’n sinvolle rouproses raak te sien en doelbewus in die behoefte te voorsien. Hierdie studie identifiseer dus die werk om die noodsaaklikheid van rou op die agenda te plaas en in gemeentes te fasiliteer, as ’n belangrike aspek van leiers se taak in die NG Kerk vandag. “Grieving communities need ministers and church leaders ... to facilitate the congregation’s mourning” (Hamman 2005:29).

Leiers moet uit teologiese oorwegings verantwoordelikheid neem vir die hantering van die lidmate se nood aan hulp met hulle treurprosesse. Die rigtinggewende prakties-teologiese teorie moet aandui dat die fasilitering van rouprosesse ’n belangrike funksie van leierskap is in ’n komplekse wêreld wat gekenmerk word deur verlies (vgl Labuschagne & Nel 2010:4–6). Gemeenteleiers se taak is om die rouproses in gemeentes te inisieer. Sonder daardie kritiese leierskapsfunksie kan gemeentes kwalik begin uitbeweeg uit die hoek waarin hulle hul bevind (vgl Hamman 2005:15).

Gemeentebou gaan oor intensiewe en ekstensiewe groei (sien p 194–195). Om te rou, is paradoksaal deel van die groeiproses. Strategies begin die gemeentes se groeiproses by gemeenteleiers wat persoonlik en kollektief rou en dan mettertyd die gemeente betrek by ’n helende proses. Wat hulle kan doen, begin by die erkenning van die feit dat daar persoonlike en gemeentelike verliese is waaroor daar in eerlikheid getreur behoort te word.

Leiers se volgende stap, nadat hulle openbare erkenning begin gee het aan die feit dat baie soorte verliese ’n bepaalde soort nood tot gevolg het, is om self, doelbewus, die werk van rou te begin doen. Die strategiese beginpunt vir gemeentes se groei, is hulle leiers se groei. Leiers se rou oor hulle persoonlike verliese, asook pynlike ervarings in die bediening, is noodsaaklik vir hulle persoonlike groei en ’n voorvereiste vir die gemeente se groei. Leiers se rou help hulle groei en roep op ’n spontane manier die gemeente se rou na vore. “When you grieve the disappointments and disillusionments you experience in ministry, you create space for yourself to continue to grow in ministry. Such space in turn makes growth for your congregation possible” (Hamman 2005:29).

Sinvolle rou is deel van ’n persoonlike groeiproses en ’n noodsaaklike proses om gemeentes wat vasgehaak het, weer aan die beweeg te kry.

Die beginpunt van leierskap wat rou kan fasiliteer, is dus die persoonlike rou van die leier(s). “Pastors today are undersheperds of Jesus the Christ. Our task as pastors is to be, as He was, a person of sorrows acquainted with grief. This role defines our ministry to those suffering from grief and separation. To say that we are persons of sorrows infers that we ourselves have suffered losses and separations. Accordingly, we have been obliged to explore our own experiences with grief and separation (Oates 1997:19). ’n Leier wat nie wegskram van die pyn van sy/haar eie verliese en droefheid nie, maar dit identifiseer en die moed aan die dag lê om dit te betreur, raak sodoende gereed om die gemeente te help rou.

Die vraag ontstaan nou of een van die haakplekke wat veroorsaak dat NG Kerk-gemeentes “vasgehaak” het omdat hulle nie rou nie, nie by die bekwame en sterk leraarskorps lê nie. Om te rou (en dit nogal in ’n openbare proses), impliseer ’n sekere kwesbaarheid en ’n sekere weerloosheid. NG Kerk-predikante se openbare beeld is nie juis dié van mense wat seerkry en wat verliese ly, wat “skroei van die pyn” en daarom nodig het om te rou nie. Moontlik is dit die eerste struikelblok, en ’n grote daarby: om leraars en gemeenteleiers te oorreed om betrokke te raak by ’n persoonlike rouproses. Binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks en hierdie soort denke oor rou, is daar niks meer heilsaam vir ’n kerk nie, as ’n leraarskorps wat bekend is as “manne en vroue van smarte” nie.

Die eerste linie persoonlike verliese is grootword- en ontwikkelingsverliese in die leier se eie familie van oorsprong. Die gewenste gemeentebouaktiwiteit is dat die leier leer om sy lewensverhaal te vertel as ’n verhaal van oorgange, verandering, afskeid, verlies en rou en dat hy paradoksaal daarin nuwe ruimtes vir groei ontdek. Dat predikante en ander leiers verder in die uitvoering van hulle roeping as gemeenteleiers baie soorte verlies en pyn sal beleef, is ’n gegewe. Ontnugtering, teleurstelling, leed, verwerping, frustrasie, eensaamheid, leegheid en emosionele pyn is deel van die pakket van leraarwees (vgl Hamman 2005:25–27). Om in God se teenwoordigheid en in die kragveld van sy troostende Gees deur die persoonlike smart te werk, is ’n noodsaaklike deel van ’n predikant se voortgesette geestesgesondheid. Die effektiwiteit en impak van sy bediening hang ook gedeeltelik daarvan af. Die opbou en uitbou van die gemeente waarvan hy deel is, word

mettertyd ook gedien deur die predikant se persoonlike werk van rou.

Die vraag is natuurlik *hoe* so iets vrugbaar gedoen kan word? Die herkoms en inhoud van ’n leraar se pyn kan baie sensitief en persoonlik van aard wees. Die Algemene Sinode van die NG Kerk se beleid vir bedieningsvreugde van die predikant stel die norm dat elke predikant ’n mentor behoort te hê (Algemene Sinode van die NG Kerk 2008:31). ’n Mentorstelsel wat goed werk, kan die sleutel wees wat ’n sinvolle rouproses van die leraarskorps oopsluit. Vir iemand wat gedurig met mense werk en gewoonlik in die leiersrol is, is dit noodsaaklik om ’n klankbord te hê. Persoonlike sake wat die bediening raak, behoort met die mentor hanteer te word. Persoonlike verliese kan gereeld met die mentor in ’n veilige en vertroulike omgewing deurgepraat word. Op daardie wyse vertel die predikant ook sy eie verhaal in die bediening as ’n verhaal van verlies, rou en nuwe ruimtes vir groei. Die leier se persoonlike gesprekke oor persoonlike nood, verlies en verandering komplementeer die openbare gesprekke wat hy hoop om in die gemeente te inisieer. ’n Pastor wat self rou, reageer sensitief op die nood van die gemeente en skep vir lidmate die ruimte om te rou. “Our histories create an empathy for them. Nonverbally people cared for sense that you and I are fellow sufferers. We are acquainted with sorrows. We are no strangers to grief” (Oates 1997**:**19).

Die beginpunt van ’n gemeente se rou is dus nie ’n *program* nie, maar ’n *persoon* wat pynlik, deur sy eie rou heen, voorberei is om leiding te neem in ’n gemeente se rou en heling. Die gemeente het nie net **leierskap** nodig nie, hulle het hul **leiers** nodig, kompleet met sy/haar hele persoonlikheid, geskiedenis, ervarings, gebrokenheid, worsteling, verliese, pyn en smart, ensovoorts (sien Nel 2001:45–68, 139–140).

4.4.1 WATTER SOORT LEIER FASILITEER WERKLIKE GROEI?

Hamman (2005:68–70) identifiseer twee style van leierskap vir treurende gemeentes – een soort wat belowend lyk, maar in werklikheid kontraproduktief is en ’n ander soort wat op die oog af minder belowend lyk, maar wat die gemeente daadwerklik help verander.

4.4.2 DIE DOMINANTE LEIER

Die eerste soort is ’n opvallende, sterk en dinamiese leier. In hierdie scenario soek die gemeente

na ’n *dominante ander* wat die gemeente se probleme vir hulle sal oplos, maar sonder om lidmate se rus of die gemeente se korporatiewe rus te verstoor. Die *dominante ander* kan ’n sterk leier of groep leiers wees, ’n nuwe gemeentebouprogram, bekende fasiliteerders – of selfs God. Die *dominante ander* is die aktiewe probleemoplosser, die oorfunksioneerder wat meen dat hy die antwoorde het en dit ook graag vir die gemeente voorskryf. So ’n soort leierskap is oneffektief omdat niemand die treurende gemeente se probleme kan oplos sonder dat hulle self verander deur die pynlike prys van ’n rouproses te betaal nie. Niemand kan namens die gemeente rou nie en die soort “oplossing” wat sulke leierskap bring, laat die onderliggende probleem onaangeraak en paradoksaal verdiep die gemeente se nood.

### 4.4.3 DIE BETEKENISVOLLE LEIER

Die tweede soort, die *betekenisvolle leier*, het gewoonlik nie die profiel van die leier waarna die gemeente soek nie, maar hy is paradoksaal wat hulle nodig het. Hy gee nie voor dat hy die antwoorde vir die gemeente se probleme het nie. Hy begin eerder met gesprekke wat die gemeente hulle eie verliese laat identifiseer. Hy is eerstens ’n aktiewe, goeie luisteraar wat die ruimte te skep vir mense om te praat. Gelowiges voel veilig, omdat die betekenisvolle leier hulle in die priesterlike tradisie bedien. Hy beweeg in twee rigtings: hy reik in egte gesprek uit na hulle en hy bring hulle nood in gebede voor God (sien Osmer 2008:35–37). Goeie luister open die deur na ’n egte rouproses-deur-gesprek (Hamman 2005:74). So ’n luisterende leier begelei die gemeente daartoe om betrokke ter raak in ’n pynlike rouproses. In die teologiese omgewing van die NG Kerk bemiddel betekenisvolle leiers God se teenwoordigheid, want die teologiese tradisie se oortuiging is dat God nie eenkant staan as sy kinders ly nie; Hy sal dwarsdeur die proses by hulle wees. Die fasilitering van rou deur betekenisvolle leiers in kom in hoofstuk 6 weer ter sprake (p 383).

Elkeen wat die *betekenisvolle leier* se uitnodiging aanvaar om na te dink oor die gemeente se reis tot in die hede, om die dinge wat verkeerd geloop het te identifiseer, om dit wat regtig saak maak te onthou en te verwoord, raak betrokke by rou. Die leier handhaaf dwarsdeur die proses ’n lae profiel. Hy is tevrede om nie “oor te neem” en sy eie stories hier te vertel nie (In die proses wat die A tot Z beleid van die NG-kerk voorsien, het hy dit reeds in privaatheid vir sy mentor vertel). Lidmate se stories van verlies is in die sentrum en die leier hou hulle daar. Hy weerstaan die drang om antwoorde voor te skryf oor hoe dinge behoort te wees. Die betekenisvolle leier se teologie is ruim

genoeg om nie verleë te wees met die hele spektrum van die gemeente se verlies en smart nie. Teenoor die voorspoedsteologie van die dag, is hy oortuig God is teenwoordig wanneer gelowiges ly (Hand 5:41; 1 Pet 2:19–25). God het deur Christus in menslike lyding ingetree. "Christian identity can be understood only as an act of identification with the crucified Christ" (Moltmann 1974:19). Al ons gemeentes se verhale kan vertel word in terme van verlies en treur. Daardie narratiewe proses kan vir gemeentes ruimtes oopmaak na nuwe identiteit en funksievervulling in die nuwe Suid-Afrikaanse konteks.

Die betekenisvolle leier vertolk die rol van ’n kameraad en nie van ’n kundige adviseur nie. Hy kommunikeer dat dit in orde is om soms te sukkel, te soek, te rou of verdwaal te wees. Op die lang duur is hierdie tweede styl van leierskap die een wat effektiewe rou fasiliteer en die gemeente help om te groei en ’n nuwe identiteit, anderkant rou, te ontwikkel.

Daar is dus in gemeentes van die NG Kerk ’n spesifieke soort leier nodig om met gemeentes en hulle onvoltooide rou op pad te gaan: heel mense wat dienend op die gemeente se nood bly fokus en nie wegskram van hulle eie verlies en smart nie. Dit is mense wat staan in die Bybelse tradisie en spiritualiteit van dienende leierskap (vgl Osmer 2008:183–192). "For steeples that cry, a certain kind of leader is needed – a person who recognizes that mourning can facilitate the revitalization of the body of Christ" (Hamman 2005:35). Die optimistiese aanname is dat daar in die meeste gemeentes reeds sulke leiers is. Hulle kan geaktiveer word met ’n gemeentebouteorie wat hierdie styl van leierskap aanmoedig.

### 4.4.4 LEIERSKAP IN SPANVERBAND

Leierskap in die kerk van Jesus Christus, is nie hiërargies nie, maar het ’n plat struktuur. Jesus het van leierskap ’n spanpoging gemaak (Kok & Niemandt 2009:507). Die "Institute for Natural Church Development" het, op grond van ’n omvattende navorsingsprojek in 1 000 gemeentes in 32 lande, *bemagtigende leierskap* as een van die agt kritiese, kwalitatiewe eienskappe van alle groeiende gemeentes ter wêreld geïdentifiseer (Schwarz 2005:14, 106). Dit klop met die patroon wat ons in die Bybel vind sedert die dae toe die Here in die woestyntyd Moses se klagte gehoor en sy Gees op 70 leiers van die volk laat kom het. *"Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie"* (Num 11: 17). As die inisiatief vir

gemeentelike rou by een leier begin, is die volgende praktiese stap (naas sy persoonlike rou), om ’n leierspan betrokke te kry by die hantering van hulle persoonlike verlies. “It takes one member of the leadership team using the opportunity to move to a deeper level of sharing to empower others to follow (Hamman 2005:100). Die eerste leier-in-rou dompel die res van die span in rou. Die span leiers is die volgende kring gemeentelede wat rou. Hulle modelleer deur hulle voorbeeld die werk van rou in die praktyk, vir die gemeente om raak te sien en hulle dit na te doen.

Dit is teologies en strategies wys om vanuit ’n sterk leiersgroep (wat reeds uit ervaring verstaan wat ’n rouproses behels en wat die voordele daarvan is) na die groter groep, naamlik die gemeente te beweeg. ’n Gemeente wat hoopvol werk aan ’n rouproses is ’n vreemde konsep in die NG Kerk. Party lidmate kan bedreig voel en ongeneë wees om die ongekarteerde terrein van gemeentelike rou te betree. Dit mag vir hulle vreemd en riskant voorkom. ’n Breë en betroubare groep leiers kan gesamentlik die gemeentelike proses lei in al die strategiese areas wat rou in die praktyk kan laat gebeur (sien p 384–399). Die groep leiers ruim terselfdertyd die moontlike misverstande uit die weg dat ’n rouproses patologies is of dat dit net swakkelinge is wat rou.

Die beginpunt van ’n proses van begeleide gemeentelike rou, is die voorbereiding van leiers wat die proses kan inisieer en kan fasiliteer. Leiers wat self rou, kan rou en groei fasiliteer. Daardie twee faktore gaan hand aan hand: rou en groei. Die roete na gemeentelike groei in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, loop via ’n gemeentelike rouproses. Leiers is sleutelfigure in die rouproses en daarom ook in die groeiproses. “Your effectiveness and creativeness as an agent of growth and vitality for your congregation depends on your ability to facilitate the work of mourning” (Hamman 2005: 9).

## 4.5 BYBELSE VERLIESLITERATUUR

### 4.5.1 WêRELDWYE NUWE BELANGSTELLING IN DIE KLAAGLIED

*“God behaves in the psalms in ways He is not allowed to behave in systematic theology”* (Benedictine Sebastian Moore).

Gedurende die twintigste eeu was die mineurtone van die klaaglied nie gewild in die Westerse kerk nie. Hamman (2005:110) beskryf die heersende Westerse kultuur, waaraan die NG Kerk ook deel, as "... a culture of praise choruses, worship wars and congregational instability". Vrolike lofliedere en Kersliedere geniet ooglopend voorrang bo treursange, lydensliedere en klaagliedere. Die genre van die klaaglied was ook nie baie gewild in akademiese kringe nie: "... in the larger history of biblical scholarship lament was rather neglected" (Lee & Mandolfo 2008:ix). Dit lyk egter of daar in die laaste deel van die twintigste eeu ’n wending gekom het en of daar meer waardering vir die klaaglied ontwikkel. In 1999 het die "Society of Biblical Literature" vir die eerste keer ooit ’n klaaglied-werkgroep in die lewe geroep. Hulle het oor ’n tydperk van tien jaar ’n omvattende studie gedoen oor klaagliedere in antieke en kontemporêre kontekste. Die werkgroep se publikasie *Lamentations in ancient and contemporary contexts* (Lee & Mandolfo 2008) plaas die klaaglied meer op die voorgrond vir Bybelwetenskaplikes. Die publikasie gee ’n prominente plek aan Suid-Afrika: twee van die agt bydraes oor die klaaglied in ander kulture as die antieke Hebreeuse kultuur, handel oor Suid-Afrika (Lee & Mandolfo 2008:177–214).

Adele Berlin, wat in 2002 ’n kommentaar op die boek Klaagliedere gepubliseer het, merk op dat daar tans internasionaal baie belangstelling in Klaagliedere is. Daar het sedert 1990 minstens tien belangrike publikasies oor die boek Klaagliedere verskyn (Berlin 2008:3). Hamman (2005:123) verwys na verskeie prominente teoloë wat pleit vir die herwaardering van die klaaglied in die Westerse kerk. Die redes vir die nuwe belangstelling is waarskynlik daarin geleë dat die twintigste eeu die mees gewelddadige eeu ooit in die mens se geskiedenis was en dat menslike lyding en tragiese gebeurtenisse onafgebroke, oral in die wêreld voorkom (Lee & Mandolfo 2008:ix). Een van die medewerkers van die klaaglied-werkgroep voeg as motivering by, dat dit sedert die tweede helfte van die twintigste eeu vir die eerste keer ’n realistiese moontlikheid geword het dat die mensdom homself en die hele planeet kan vernietig (Linafelt 2008:60).

### 4.5.2 DIE FUNKSIE VAN KLAAGLIEDERE VIR GELOWIGES IN ROU

Vir treurende individue en gemeenskappe is die genre van die klaaglied belangrik, want ’n klaaglied stimuleer rou-aktiwiteit. Dit is noodsaaklik vir ’n treurende en protesterende mens om uiting te kan gee aan die hele spektrum van emosies. Die skrywers van Bybelse verliesliteratuur het dit by uitnemendheid gedoen en geslagte van gelowiges ná hulle daardeur ’n guns bewys. "... the

book of Lamentations itself may be taken as an ancient example of survivor literature, a literature that is more about the *expression* of suffering than the meaning behind it, more about the contingencies of *survival* than the extractions of sin and guilt, and more about *protest* as a religious posture than capitulation or confession" (Linafelt 2008:62). Die inhoud van eeue-oue klaagliedere resoneer spontaan met 'n lydende persoon se ervarings. "The communal mourning we find in a book such as the Book of Lamentations or in the Psalms of Lament provides us with a language of pain, fear and uncertainty, but also of hope and a new future, the very language the work of mourning requires and encourages" (Hamman 2005:110). Die huidige Afrikaanse gemeenskap het so 'n taal van pyn, vrees en onsekerheid nodig, want dit is emosies wat volgens die empiriese studie (hfst 5) volop voorkom.

Daar is baie verliesliteratuur in die Bybel (Die boek Klaagliedere, 'n hele aantal klaagpsalms, dele van profetiese boeke soos Jesaja, Jeremia, Obadja, Habakuk, Haggai, Sagaria, ensovoorts). Dit is veral die ballingskap van 587/586vC wat vir die Judeërs enorme verliese op baie vlakke tot gevolg gehad het. "For Jews ... exile is the primal habitat for lament" (Brueggemann 2008:225). Die katastrofe wat Juda getref het, word weerspieël in die soort literatuur wat kort voor die ballingskap, gedurende die ballingskap en kort ná die ballingskap geskryf is. Verskillende skrywers, veral digters, het die ellende van die tyd vasgevang in tydlose literatuur. Gewoonlik is die klaagliedere protesliteratuur wat diep ontevrede is oor die ellendige heersende toestande. "Lament is a *protest* against power relations that have left the Jewish community exploited and alienated and an *insistence* that it may (or must) be otherwise in time to come (Brueggemann 2008:226).

Die moeilike kwessie is hoe 'n Christen die klaaglied, met sy volle, "wilde" inhoud, integreer met tekste soos Jesus se opdragte tot versoening en vyandsliefde: *"Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe ... Maar Ek sê vir julle; Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel ..."* (Mat 5:39, 44–45a) en Paulus se opdragte tot blymoedigheid en dankbaarheid: *"Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal, wees bly"* (Fil 4:4)! *"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag"* (1 Tes 5:17). Die beeld van Paulus en Silas wat in die middel van die nag in die tronk lofliedere sing, terwyl hulle nakende lywe stukkend geslaan en hulle voete in die houtblok vasgeklem is (Hand 16:22–25), is sterk vasgelê in Christene se gemoed. Die gewig van Jesus se

lering (onder andere die "nuwe wet" in die Bergrede) en Paulus se briewe is oorweldigend belangrik in die gereformeerde tradisie.

Sonder om in diepte op die hele vraagstuk in te gaan, kan die klaaglied beskou word as 'n kleiner sirkel binne 'n groter sirkel. Jesus en Paulus se uitsprake waarna verwys is, spel die algemene, omvattende lewenshouding en gesindheid van die Christen uit – die groot sirkel van blymoedigheid en liefde. Binne die groot sirkel kom 'n kleiner sirkel voor van die Christen se optrede om verlies te verwerk. Die verliesliteratuur is 'n rou, menslike stem wat bydra tot teologievorming "van onder" (Brown 2010:137). Die rouproses as geheel is positief en hoopvol, hoewel dit negatiewe – maar normale – menslike reaksies bevat. Die verlossing in Christus maak die gelowige nie minder *mens* nie en lig hom nie uit bo die verlies en seerkry in die regte wêreld en die normale, emosionele reaksies om die seerkry te verwerk nie (vgl Nel 1999:27–32). Inteendeel, die herskape mens in Christus is herstel om meer volledig *mens* te wees. Die Christen beleef pyn net soos enige ander mens – en word selfs deur pyn gedefinieer (Brueggemann 2008:229). Die Christen vertoon, net soos alle ander mense, die volle spektrum reaksies van die normale rouproses.

Die rouproses word nie van God weggesteek nie, maar word aktief in sy teenwoordigheid, en met sy hulp, hanteer. God is nie verleë met verlies, lyding en dood nie. Hy is ook nie ver van 'n gelowige wat swaarkry nie. God gee om. Die geskiedenis van God se patos is ingebed in die lydensgeskiedenis van sy mense. God ly as sy mense ly (Moltmann1974:270–274). Brueggemann (2008: 226) is reg as hy sê: "For Christians, the crucifixion of Jesus is the primal habitat for lament." Lyding, verlies, smart, verlatenheid en klaaglied is net soseer deel van die Nuwe-Testamentiese geloof as van die Ou-Testamentiese geloof.

### 4.5.3 KLAAGLIEDERE IS VERHOUDINGSINSTRUMENTE

Die klaaglied is 'n verhoudingsinstrument van die geloof. Dit word altyd in dialoog gebruik (Louw 1985:33–34). Die gelowige se klag (en al die ander elemente van die klaaglied) word tot God gerig en daar gebeur in die proses iets met die klaer en met die verhouding tussen die klaer en God: "... it is clear that some kind of engagement and response on the part of God is enacted that causes the lament, characteristically, to turn to praise" (Brueggemann 2008:228). Die klaaglied is

’n normale, gesonde deel van die gelowige se wandel met God. Gelowiges moet leer om nie skuldig te voel dat hulle soms na ’n klaaglied voel nie. Dit is deel van ’n egte verhouding met God.

’n Persoon in rou se uitsprake is gewoonlik nie “makgemaak” of gebalanseerd nie. Die klaaglied wat tot God gerig is, kla God soms aan en **beskuldig God** soms van allerlei dinge wat nooit in die sistematiese uiteensetting van die geloof sal voorkom nie (vgl Louw 1985:18–20; Linafelt 2008: 62–63). Die struktuur van die klaaglied maak dit vir die persoon wat skroei van pyn, moontlik om die onmoontlike dinge van sy hart af te kry. Die klaaglied bevat die mees destruktiewe en negatiewe verhoudingselemente, maar dit is inbed in ’n geheel wat ook gebed, vertroue in God en lof aan God bevat. Hy mag dus die ergste dinge wat hy voel, vir God sê, sonder om God of sy geloof te verloën. *“Die Here het soos ’n vyand geword. Hy het Israel vernietig ... Kyk tog, Here, let tog op aan wie U dit gedoen het: vrouens eet hulle kinders, kinders wat in teerheid versorg is; priesters en profete word doodgemaak in die heiligdom van die Here! Jonges en oues lê dood in die strate; jong vroue en jongmanne het deur die swaard geval. U het hulle neergevel op die dag van u toorn. U het ’n slagting aangerig en geen genade betoon nie”* (Klaag 2:5, 20–21). Gelowiges wat sulke tekste geskryf het (of dit lees en hulle eie maak), trek nie daarmee ’n streep deur God se genade of die vaste geloof in die ontferming van God nie. Hulle is wel op ’n eerlike manier besig om hoopvol te rou.

Die eerlikheid waarmee die Bybelse verliesliteratuur **uitdrukking** gee aan **mense se emosies**, is soms skokkend: *“My hele lewe walg my, daarom wil ek aan my klag vrye teuels gee en in my bitterheid praat”* (Job 10:1). Die Bybelse klaaglied stort die volle klag voor God uit, sonder om iets terug te nou. Maar in die verhouding tussen God en mens, sê die klaaglied net soveel oor die mens as oor God. Die Psalms kan beskou word as teologiese antropologie (Brown 2010:135). Dit fokus op God. Terselfdertyd bied die Psalmbundel ryk beskrywings van die mens. Hy is beklee met eer en heerlikheid, maar hy is ook sterflik, kry seer en skreeu ten hemele van pyn. “Psalmic poetry, in short, is as revealing about the human condition as it is about God” (Brown 2010:136). Wanneer die mens seerkry of verlies beleef, is daar ’n bepaalde manier hoe die genesingsproses verloop. Die genesingsproses sluit stadiums van onredelikheid, bitterheid, aggressie, wrokkigheid, wanhopigheid, neerslagtigheid, ensovoorts in. Die Bybel se verliesliteratuur bevat al daardie skakerings van menslike emosie. Die skrywers hiervan dig en skryf vanuit ’n situasie van nood. “The pray-er depicts life in a world wracked by conflict, dis-ease, and death in all its manifes-

tations: physical, social and spiritual" (Brown 2010:138). Die noodroep is heel dikwels uit 'n desperate situasie; 'n roep "uit dieptes gans verlore" (Totius se beryming van Ps 130), vanuit die dal van doodskaduwee (Ps 23:4 OAV). Daarom kan dit vandag se gelowiges help om die hele pynlike proses van enige soort verlies deur te worstel.

### 4.5.4 GEYKTE STRUKTUUR VAN DIE KLAAGLIED

Die klaaglied in die Bybel kom binne 'n redelik **geykte struktuur** voor. Hoewel daar variasies op die struktuur is, kan Psalm 13 as 'n voorbeeld gebruik word. Die klaaglied begin in vers 2 met 'n **klag** in die vorm van vier ongeduldige vrae (Hoe lank ... nog?). Die tweede element is 'n ernstige **gebed** in verse 3 en 4 met drie imperatiewe (Luister tog..., antwoord my..., gee my tog...). Derdens is daar 'n **vertrouensuitspraak** in vers 6a, wat uitmond in 'n **lofuiting** in vers 6b (Prinsloo 1984: 61). Die klag kom baie duidelik na vore, maar dit is in kombinasie met gebed, vertroue en lofverheffing. Louw (1985:18–19) en Hamman (2005:124–127) bespreek variasies op bogenoemde struktuur in tekste met 'n pastorale strekking. Die struktuur van die klaaglied maak dit moontlik dat daar eerlik gerou kan word en dat die negatiewe emosies uitgespreek kan word, sonder dat die gepynigde persoon ophou bid of vertrou; sonder dat hy ophou om God te loof.

Bybelse klaagliedere kom voor in die **verhouding** tussen gelowiges en God. Die klagtes is wesenlik, maar bring nie 'n einde aan die verhouding nie. Die boek Jeremia bevat roerende voorbeelde van Juda se klaagliedere, byvoorbeeld Jeremia 14:2–10, 19–22 (Thompson 1980: 377, 386). Jeremia stel God in antropomorfe beskrywings óók voor as Iemand wat treur, byvoorbeeld Jeremia 31:20: *"Efraim is nie my troetelkind nie, 'n kind in wie Ek My verlustig nie, en tog, elke keer as Ek hom bestraf, dink Ek met hartseer aan hom en is Ek ontstel oor hom, want Ek het hom baie lief, sê die Here."* Albei partye ly in die verhouding, maar die verhouding word voortgesit. Binne die sekerheid van God se verbond, kan enige vorm van pyn verwoord en uitgespreek word. NG Kerklidmate se verhouding met God kan verdiep, as die heersende tye van verlies – die negatiewe treurreaksies ingesluit – eerlik voor Hom hanteer word (respondent U, gevallestudie 3). Uiteindelik is die hoofsaak nie die omstandighede nie, maar ons verhouding met God: "Wat God interesseer is ons reaksie op dít wat ons oorkom" (Louw 1985:102).

### 4.5.5 BYBELSE VLOEK- EN WRAAKPSALMS

Die wraakpsalms is vir die gemiddelde bybelleser baie problematies. Predikers en teoloë vind dit ook moeilik: "Perhaps the greatest challenge theologically for contemporary readers of the Psalter is found in the 'psalms of vengeance', or imprecation psalms" (Brown 2010:155). Hierdie groep Psalms (Pss 12, 44, 55, 83, 109, 137) het 'n wraakroep teenoor die vyande met mekaar in gemeen. Die bekendste van hierdie sestal Psalms is sekerlik Ps 137. Dit is ook die enigste vloekpsalm wat in onlangse Afrikaanse, populêr-teologiese literatuur behandel is (vgl Prinsloo 1984; Burger, Müller & Smit 1988). Psalm 137 eindig in vs 9 met hierdie skokkende uitspraak teen Babel: "*Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel"*. Sulke uitsprake kom nie onder die profetiese opskrif "so spreek die Here" nie. Dit is uitsprake van gelowiges wat intense, negatiewe emosies op die beste moontlike plek hanteer: in verhouding met die Here. Deur die onsêbare te sê en hulle emosies voor God uit te woed, raak dit mettertyd moontlik om aan te gaan. Dit dien 'n doel vir die digter. Dit dien ook 'n doel vir die leser: "For readers who have suffered injustice and abuse firsthand, such psalms provide not only an outlet for outrage but a way of naming the injustices. These most bitter laments do more than simply vent; they redirect (self-) destructive anger to God, transforming the lust for vengeance into a yearning for justice, with 'human wrath' giving way to 'praise'" (Brown 2010:156). Hierdie Psalms is tipies vanuit 'n totaal magtelose situasie geskryf. Daar is geen voorneme om self wraak te neem nie, daarvoor het die bidder geen bronne of hulp nie. Die gebed is tot die Almagtige om in te gryp en die vyande te straf: *"Mag die Here dit alles oor my teëstanders laat kom, oor dié wat my sulke vreeslike dinge toewens"* (Ps 109:20).

Die wraakpsalms gaan net soveel oor Israel se ellende as oor straf vir die vyand. Hierdie genre kan vir persone wat wrede verlies gely het (byvoorbeeld gewelddadige verkragting, moord) help om uiting te gee aan giftige emosie, sonder om hulle geloof te versaak.

## 4.6 EREDIENSTE: GELEENTHEDE VIR BEGELEIDE, OPENBARE ROU

Nog 'n wyse waarop 'n gemeente die swaar werk van rou kan aanpak, is in haar eredienste (vgl Louw 1985:33–34; Hamman 2005:108). Daar is wisselwerking tussen al die bedieningsmodi in 'n gemeente. As die liturg pastoraal in voeling is met die gemeente se nood, is hy bemagtig om die

eredienste na ’n volgende vlak van sinvolheid te neem (Pieterse 2001:19–22). Dit is ’n natuurlike proses wanneer belangrike gesprekke in die gemeente rakende kollektiewe verlies hulle pad na die erediens vind. Sommige onderwerpe en inhoude van leiers en lidmate se betekenisvolle gesprekke deur die week, hoort in die gemeente se amptelike ontmoeting met God in die erediens. In die gemeentelike bediening kry die predikant dikwels sy preektema uit die praktyk, uit die vrae, vrese, verliese wat na vore gekom het uit gesprekke van die voorafgaande weke. Daar is dus ’n wisselwerking tussen pastoraat en erediens: pastoraat voed die liturgie, maar die gebeure in die erediens nooi weer erediensgangers uit tot gesprek. Die erediens voed met ander woorde ook weer die pastoraat. Die erediensgebeure kan ruimte skep vir die gemeente om die werk van rou te doen en wel op ’n ander wyse as in gemeentelike pastoraat. Rou deur gesprekke en rou deur eredienste vul mekaar aan.

Hamman (2005:110–111) haal die Britse praktiese teoloog Bruce Reed se gedagtes aan dat ’n gemeente weekliks ossilleer tussen periodes van relatiewe *onafhanklikheid* en oomblikke van absolute *afhanklikheid*. Sondag se erediens is die duidelikste periode van absolute afhanklikheid. Die gemeente kom sigbaar by ’n kerkgebou bymekaar. Hulle beweeg saam-saam in ’n staat van afhanklikheid en ontvanklikheid in. Die onmiddellike assosiasies van gewyde orrelmusiek of ander bekende gebruike van die gemeente help met die oorgang. Die bekende ritueel van ’n erediens in die dampkring van God se genade, is ’n veilige plek waar mense vir ’n rukkie kan waag om *afhanklik* te wees. Almal bely hulle afhanklikheid van God. ’n Tydelike saamwees met ander wat ook na binne bloei en treur, maar ook behoefte het aan die bevestiging van die werklikheid van die nuwe lewe in Christus, kom tot stand. Almal erken hulle sonde-nood. Almal faal en is bereid om dit in ’n erediens te erken. Geestelike, emosionele en verhoudingsake wat naby aan die hart lê, word blootgelê voor God.

Die verskillende elemente van die liturgie nooi die gemeente uit tot afhanklikheid en deelname. Die verliese wat pyn veroorsaak, hoef nie in die erediensomgewing weggesteek te word nie. Die skanse wat noodsaaklik is om in ’n ongenaakbare wêreld te oorleef van Maandag tot Saterdag, word bietjie laat sak. Daar gebeur wesenlike dinge tussen God en mens en tussen mens en mens in die erediens, omdat gelowiges dit met hulle pyn waag met die Here en met mekaar. Heling, verandering en groei vind plaas. Daar is geen ander openbare byeenkoms waar mense kan waag om met die pynlike verliese in hulle lewens na vore te kom nie.

Na afloop van die erediens gaan die gemeente weer uitmekaar. Die oomblikke van absolute *afhanklikheid* is verby. Lidmate keer terug na ’n staat van relatiewe *onafhanklikheid*, maar effe anders as wat hulle daar ingestap het. Die ossillering tussen onafhanklikheid en afhanklikheid kan as ’n spiraal voorgestel word, waar die uitstap uit ’n periode van afhanklikheid nie op presies dieselfde vlak is as die instap nie. “You can imagine numerous oscillation movements as a winding spiral, where no beginning is the same as the previous ending” (Hamman 2005:111). ’n Geslaagde erediens help ’n individu om saam met medegelowiges te beweeg. Die paradoks is dat dit die oomblikke van afhanklikheid is wat groei na geestelike en emosionele volwassenheid stimuleer, terwyl volwassenheid juis met onafhanklike funksionering te doen het!

Daar is vir gelowiges deur die loop van die week ander oomblikke van absolute afhanklikheid ook, byvoorbeeld ’n kind by haar ouer. Maar slegs die erediens is ’n *kollektiewe ervaring* van die gemeente, wat al die erediensgangers met mekaar deel. Waar pastorale gesprekke nuttig is om individue te betrek by die routake, is dit slegs in die erediens dat die gemeente op ’n gereelde basis *gesamentlik* hulle verliese en pyn oor ’n vergange era voor die Here kan lê. Verskillende elemente van die gereformeerde liturgie leen hulle daartoe om verskillende fasette van ’n normale rouproses te hanteer.

### 4.6.1 GRONDATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Enkele van die grondliggende eienskappe van die gereformeerde erediens wat dit moontlik maak om te waag om onafgehandelde treurreaksies erediens toe te bring, is:

Die NG Kerk se eredienste het ’n sterk tradisie om nie te ontaard in politieke vergaderings nie. Dit is Woord-gesentreerde byeenkomste wat fokus op die dialoog tussen God en gemeente (Barnard 1981:387).

Daar is in ’n rouproses geen politieke of ander punte aan te teken vir enige iemand nie. Wanneer daar gerou word, gaan dit oor die praktiese, maar gelowige hantering van ’n pynlike aspek van gemeentelede se lewens.

God se verbond met sy kinders staan vas, ten spyte van die gemeente se tekortkominge. Sy kinders is vrymoedig in sondebelydenis, omdat God se vergifnis vasstaan.

God se verbintenis aan die liggaam van Christus is onvoorwaardelik.

Respek vir iemand wat van jouself verskil, die onvoorwaardelike aanvaarding van die broers en susters in die geloof, is belangrike waardes van erediensgangers.

Die liturgie akkommodeer baie verskillende gemoedstemmings. Daar is vrolike en hartseer oomblikke.

**4.6.2 RITUEEL EN SORG IN DIE EREDIENS**

Daar is moontlikhede dat pastorale nood (soos die nood aan rou oor die verlies van ’n land) op ’n kollektiewe vlak in die erediens versorg kan word. Hoewel feesvreugde en die modus van “viering” in die erediens voorop staan (Barnard 1981:470), is daar ook ’n pastorale element aan ’n goeie erediens, wat aanleiding gee tot die term “pastoral liturgy” (Ramshaw 1987:15). Sorg geskied nie net in pastorale gesprekke nie, maar ook, teen sommige se verwagtings in, in die erediens. Die erediens en erediensrituele kan lidmate se nood aan rou opvang en bevrydend daarmee handel.

Die **gereformeerde erediens** en die liturgie wat gebruik word, is ’n goed **gevestigde ritueel** met sy wortels in die Joodse sinagogediens en die Nuwe Testament (Barnard 1981:86–152). Dit orden die godsdienstige ervaring en bind die gemeente saam rondom ’n redelik voorspelbare gebeurtenis. “Conventions and habits set us free to think about other things by putting many functions on a socially agreed-upon automatic pilot. They also reassure us by creating a sameness and familiarity in our experience, ... and by letting us trust that the person stretching out her hand is not about to hit us” (Ramshaw 1987:23).

In ’n tyd wat gekenmerk word deur verandering en onsekerheid, sal die kerk wys wees om nie dinge onnodig te verander net ter wille van verandering nie, maar om veel te maak van die bekendheid van die liturgie. Daar is ’n hele, omvattende atmosfeer van geborgenheid nodig om riskante en diepgrypende emosies wat na vore kan kom in die rou oor die verlies van ’n geliefde land, in die erediens te hanteer. “When people say ‘This is the way we have always done it,’ they say something very precious in our fast-changing, mobile society. Anyone who doesn’t have deep respect for that hunger for continuity should not be messing around with other people’s ritual

practice" (Ramshaw 1987:25). Binne die raamwerk van die bekende liturgiese tradisie, kan gewaag word met 'n noodsaaklike nuwe praktyk van 'n rouliturgie.

Die norme vir 'n eg-Christelike ritueel is in God, nie in menslike nood nie. "We do not extrapolate our Sunday worship or the sacraments from our 'felt needs' or from any psychological theory" (Ramshaw 1987:15). Tog het God gekies om sy tent tussen mense op te slaan en 'n verband te lê tussen sy heerlikheid, wat die doel van 'n gereformeerde erediens is, en die nood van mense. Die inkarnasie is die teologiese beginsel wat menslike nood opneem in die proses van teologisering. Rituele, bruikbaar in die erediens en aanvullend by die sakramente, word net soos enige prakties-teologiese teorie, ontwikkel in die teorie-praxis-spanningsveld. Dit dien die saak, "naamlik die kommunikasie van die evangelie op so 'n wyse dat dit bevrydend is en sinvolle, nuwe lewensmoontlikhede ... kan open" (Pieterse 1993:103). 'n Rouliturgie wat op 'n gereelde basis (dalk een keer per kwartaal) in die erediens gebruik kan word, word hier voorgestel. Dit is nie 'n nuwe ritueel nie; eerder 'n variasie op die gevestigde ritueel van die gereformeerde erediens.

### 4.6.3 'N ROULITURGIE?

Die woord "liturgie" beteken etimologies "die werk of die diens van die volk" (Barnard 1981:53; Trimp 1983:58–62). Hoewel die liturg 'n groot rol speel by die beplanning en leiding van die liturgie, bly dit 'n aktiwiteit van die gemeente. "In die erediens gaan dit immers oor die ontmoeting tussen God en sy gemeente: God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God" (Algemene Sinode van die NG Kerk 2007:11).

Die bekende ritueel van die gereformeerde liturgie bied die veilige ruimte waarbinne uitdrukking gegee kan word aan 'n verskeidenheid tipiese reaksies van iemand wat treur oor verlies. Skok, diepgaande emosionele pyn, terneergedruktheid, skuldgevoelens, vyandigheid, onderhandeling, pynlike verlange, doodsheid, aggressie, wanhoop, vertwyfeling en soeke na nuwe identiteit en 'n nuwe doel om voor te leef is alles aspekte wat reeds beskryf is as synde deel van die normale rouproses. Al hierdie elemente van die rouproses (sien p 209–213) kan in 'n erediens gehuisves word. Dit was oor eeue gelowiges se hanteringsmeganisme om die grootste verliese, die moeilikste vrae en die bitterste lyding uit te woed in die teenwoordigheid van God, voor sy aangesig, in tweegesprek (soms 'n twisgesprek) met Hom. Die gereformeerde erediens staan in daardie tradisie.

### 4.6.4 AMBIVALENSIE IN ’N ROULITURGIE

Oorgangstye is dikwels seisoene gelaai met ambivalensie, hetsy dit persoonlike oorgangstye soos aftrede is of ’n oorgangstyd vir ’n gemeenskap soos Suid-Afrika sedert 1990. Dieselfde mense kan in die nuwe Suid-Afrika soms skuldig, soms vry, soms woedend, soms dankbaar, soms depressief en soms optimisties voel. Ritueel en simbool is nie verleë met ambivalensie nie, inteendeel, dit help die gelowige om ambivalensie te hanteer. Ramshaw (1987:31–32) identifiseer twee maniere waarop rituele bruikbaar kan wees:

1. dit versterk die gewenste emosie,
2. maar gee tog ’n veilige ruimte vir matige uitdrukking van die negatiewe emosie.

Dit sal dikwels oneerlik wees vir die kerk om net een kant van ’n saak te belig, terwyl daar meer as een emosie ter sprake is. ’n Bekende voorbeeld waar ambivalensie baie gereeld in die liturgie gehuisves word, is begrafnisdienste. Begrafnisse is normaalweg ’n geleentheid vir trane én dankbaarheid; hartseer afskeid neem van ’n geliefde én gelowig uitsien na die Here se toekoms. Dis moontlik om al die ambivalente emosies in ’n begrafnisliturgie te omvat. Op soortgelyke wyse sal dit gewoonlik ook onvoldoende of selfs oneerlik wees om in ’n rouliturgie wat hier ter sprake is, slegs een emosie te belig. Die meeste individue in die erediens sal waarskynlik ambivalente gevoelens hê. As die hele gemeente in ag geneem word, is daar sonder twyfel meer as een emosie teenwoordig, party daarvan in konflik met mekaar. Lidmate is gewoond aan ’n liturgie wat uiteenlopende stemmings huisves. Daarom sal dit nie vreemd wees om ook in ’n rouliturgie mekaar in ag te neem en ten opsigte van stemming en emosie “vir mekaar te wag” (1 Kor 11:33) nie.

Waar daar geleentheid is vir die uitdrukking van negatiewe emosies soos neerslagtigheid, haat, aggressie, opstandigheid, protes teen dit wat verkeerd is, bitterheid, wrokke wat (nog) gekoester word, is die veronderstelling dat die gelowige, wanneer die Here se vergifnis en genade sy loop neem in sy lewe, mettertyd sal loskom van die negatiewe dinge wat deel is van die normale rouproses. Dis is vir die kerk ’n riskante, maar eerlike onderneming om geleentheid te skep vir mense om uiting te gee aan die negatiewe emosies wat hulle in elk geval ervaar. Die verwagting is om vryer, gesonder, ligter van die erediens af weg te gaan as wat jy daar aangekom het.

## 4.7 VERWAGTE UITKOMSTE VAN ’N SINVOLLE ROUPROSES

Op grond van die insigte uit die literatuur, soos verwoord in hierdie hoofstuk, kan die NG Kerk die volgende resultate verwag as sy dit waag om betrokke te raak by die begeleiding van gemeentelike rou:

- Lidmate kan verligting ervaar, omdat daar erkenning gegee word aan hulle nood en omdat hulle leiding ontvang in die hantering daarvan.
- Lidmate kan vordering toon met hulle treurtake, omdat ’n rouproses per definisie ’n doelbewuste afskeid is van dít wat die persoon of groep verloor het.
- ’n Rouproses laat die betrokkenes nie toe om onbepaald in ontkenning te leef, na die verlede toe terug te leef, alles wat goed is in die verlede te soek en net bloot nostalgies terug te verlang nie.
- In ’n gesonde gemeenskap van gelowiges kan een persoon se vordering andere inspireer.
- Die nuttelose treuraktiwiteite soos die negatiewe spiraal om gedurig te kla, ’n sondebok te soek, bevestiging te soek dat dit inderdaad sleg gaan, jouself as die te na gekomde slagoffer te sien, ensovoorts, kan mettertyd die wyk neem.
- ’n Nuwe identiteit wat pas by die konteks ná die verlies.
- Ander gedragspatrone (individueel en kollektief) wat spontaan voortvloei uit die nuutgevonde identiteit.
- Geestesenergie wat tydens die treurproses gedreineer word, kom mettertyd in die gemeente beskikbaar vir vrugbare diens. Via hierdie ompad word energie gegenereer vir die gemeentebouproses, namate “swart gate” uit die sisteem verwyder word.
- Verbeterde geestelike en emosionele volwassenheid en vryheid.
- ’n Vars blik op die nuwe Suid-Afrikaanse konteks.
- ’n Nuwe roepingsbesef ten opsigte van die konteks.
- Die gemeente kan rou fasiliteer, nie net in die eie geledere van die gemeente nie, maar in uitkringende sirkels van die breë gemeenskap. Sodoende kan die NG Kerk ’n nuwe soort diens aan die gemeenskap lewer. Die gemeente kan lewenshulp aanbied aan almal wat in onvrywillige, rigtinglose treur vasgevang is.
- Minder van ’n gespartel om oorlewing en meer betrokkenheid na buite.

- Gemeentelike identiteit wat die volgende bedienings omvat as normale uitvloeisel van die nuwe identiteit: sending, gemeenskapsbetrokkenheid, ekumene, missionêre diakonaat.
- Beter balans tussen die versorgende en missionêre kante van gemeentebou.
- Nuwe ruimtes om as gelowiges en as kerk te lewe en tuis te wees.

SAMEVATTING

Dit is, in belang van gemeentebou, noodsaaklik dat lidmate individueel sal rou. Dit is ook noodsaaklik dat gemeentes leer om kollektief te rou. Gemeenteleiers speel ’n bepalende rol en erediens-te kan in die proses genesende rituele wees.

Hiermee het ek aan die einde gekom van die eerste groot moment van die navorsingsiklus: die hermeneutiese siklus. In die hermeneutiese siklus is eerstens aandag gegee aan die epistemologiese grondslae van die studie. Die deurslaggewende rol wat Albert Einstein gespeel in die ontwikkeling van ’n totale nuwe wetenskaplike paradigma, is kortliks uiteengesit. Die nuwe praktiese teologie is geplaas binne die raam van die groter teologiese veld en die nuwe, ruimer rasionaliteit (hfst 2). Vervolgens is gemeentebou as vakgebied binne die praktiese teologie in sistemiese perspektief ontwikkel, met die oog op die bydrae van die vakgebied in die konteks van die nuwe Suid-Afrika (hfst 3). Laastens is die teorie van treur en rou ontwikkel. Uit die perspektief van die deelnemer-navorser is aangetoon dat die Afrikaanse gemeenskap 20 jaar na 2 Februarie 1990 steeds nodig het om verandering, afskeid en verlies eerlik te verwerk. ’n Gemeentelike rouproses, onder leiding van diensleiers wat nie wegskram van die moeilike taak van persoonlik te rou nie, is ’n noodsaaklike onderdeel van sinvolle gemeentebou in die konteks van die NG Kerk vandag.

Al die insigte van die hermeneutiese siklus, moet vervolgens teologies kreatief in verband gebring word met die resultate van die empiriese ondersoek (hfst 5) en met die strategiese siklus (hfst 6).

# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE NAVORSING: STEMME UIT DRIE GEMEENTES VAN DIE NOORDELIKE SINODE

Die doel met hierdie hoofstuk is om op ‘n wetenskaplike wyse verslag te doen van die empiriese navorsingsprojek wat ontwerp is om

- naby aan die geloofspraktyk te kom en die navorsingprobleem aan te spreek
- lig te werp op sommige van die navorsingsvrae en navorsingsvermoedens
- die werkshipotese te toets
- die eerste twee navorsingsdoelwitte te bereik, naamlik:

1. *Om, deur middel van ’n kwalitatiewe ondersoek in geselekteerde gemeentes van die NG Kerk,* ***eerstens*** *’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van verlies.*
2. *Om, deur middel van ’n kwalitatiewe ondersoek in dieselfde geselekteerde gemeentes,* ***tweedens*** *te kontroleer of ’n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode.*

Die ondersoek is uitgevoer volgens die navorsingsontwerp (sien p 117–131) en volgens die uitgangspunte wat in die hermeneutiese siklus uiteen gesit is. Die insameling van die data het geskied oor ’n periode van meer as ’n jaar, omdat die navorser in ’n voltydse beroep staan. Dit het tyd gegee vir refleksie en vir gedagtes om typ te word. Die resultate van die empiriese ondersoek word gerapporteer met die insigte van die hermeneutiese siklus (hfst 2–4) in gedagte.

# 5.1 EMPIRIESE SIKLUS

Die empiriese siklus van die navorsingsmodel put uit die geloofspraktyk as tweede kenbron vir die praktiese teologie (sien p 75–83). Die noodsaaklikheid van ’n breër studie-objek vir die praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap, wat die huidige, aktuele gebeure tussen God en mens (soos dit bemiddel word in tussenmenslike kommunikasie in diens van die evangelie) insluit, is reeds beredeneer (p 74–78). Die beplanning vir en ontwerp van die empiriese ondersoek is aan die einde van hoofstuk 2 gedoen (sien p 91–131). Nou moet daar op ’n beplande en verantwoorde wyse, noukeurig geluister word na stemme uit die drie geselekteerde gemeentes. Waar die strewe na begrip (Heitink – *begrijpen*) van teoretiese konsepte sentraal was in die vorige drie hoofstukke, verskuif die klem nou na die geloofspraktyk en die verklaring (Heitink – *verklaren*) van dít wat in die konteks van ’n spesifieke tyd en ruimte gebeur. “Het perspektief van *verklaren* staat centraal in die empirische benadering binnen de menswetenschappen (Heitink 1993: 160).

## 5.1.1 EEN NAVORSINGSMODEL, DRIE INVALSHOEKE

Die empiriese ondersoek kan op sy eie geen teologie of teologiese teorie oplewer nie, maar ’n sinvolle teologiese handelingsteorie word gebore in die kreatiewe spanning van die empiriese siklus met die ander twee siklusse. Ek onderskryf ’n praktiese teologie wat daarna streef om teologies te bly – en daarom erns maak met die hermeneutiese siklus, maar terselfdertyd prakties te word – en daarom erns maak met empiriese en strategiese siklusse (vgl Heitink 1993: 169).

Nie enige empiriese data is bruikbaar nie, slegs daardie data wat die navorsingsprobleem direk raak. ’n Teorie-praxis spanningseenheid kom tot stand wanneer daar sinvolle interaksie is tussen gemeentes se konkrete handelinge in diens van die evangelie in die konteks van die Suid-Afrika ná 1990 (praxis) en teologiese besinning oor optimale gemeentelike funksionering (teorie) (vgl Heyns & Pieterse 1990:27–29). Die vrae oor verlies wat lidmate beleef in ’n konteks van grootskaalse en langdurige veranderings (aspekte van verandering reeds beskryf p 17–25) en oor die invloed van voortslepende treurreaksies op ’n gemeente se strewe na optimale funksionering, kom in hierdie verband ter sprake.

Hierdie hoofstuk gee die resultate van die empiriese ondersoek weer. Die fokus verskuif dus nou voluit na die veld van die praktiese ervaring en ondervindings van gemeentes in die Noordelike

Sinode van die NG Kerk, volgens die letterlike betekenis van die Griekse woord εμπέιρια wat "ervaring" of "ondervinding" beteken (Heitink 1993:212).

## 5.2 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 1

### 5.2.1 FASE 1 : HALFGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Vier onderhoude van ongeveer 50 minute elk is gevoer met vyf respondente. Om hulle privaatheid te beskerm, word aan elk 'n letter van die alfabet toegeken: Respondente A, B, C, D en E. Soos beplan is (sien p 128), was daar wel vyf respondente in vier onderhoude, omdat die een onderhoud met 'n egpaar gevoer is.

Die profiel van die vyf respondente is soos volg: manlik – vier, vroulik – een. Ouderdomme wissel tussen 45 en 78. Beroepe: een predikant, een pensioenaris, twee boere en een entrepeneur. Twee respondente dien op die kerkraad, een was voorheen lank op die kerkraad en twee was nooit op die kerkraad nie. Twee respondente is nuut in die gemeente en die ander drie is almal vir langer as tien jaar lidmate van die gemeente. Drie respondente is betrokke by gemeenskapsorganisasies soos beheerrade en georganiseerde landbou, terwyl twee nie daarby betrokke is nie.

Tydens fase 1 is slegs die halfgestruktureerde onderhoude met individue (en 'n egpaar) gevoer. Die inhoud daarvan is verwerk en neergeskryf. Eers daarna is konsepte geïdentifiseer vir die fokusgroep. Die inset van die fokusgroep (fase 2) het sewe maande na die afhandeling van die individuele onderhoude eers gerealiseer, maar ek is oortuig die tydsverloop het geen wesenlike rol gespeel in die resultate nie. Ek hou in die rapportering by daardie volgorde van gebeure en gee eers die resultate van fase 1 weer en daarna die resultate van fase 2.

5.2.1.1 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE EERSTE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL

Ek het as navorser, vir hierdie deel van die navorsingsprojek, swaar geleuen op my opleiding as

predikant, wat as hermeneut gedurig met verskillende soorte tekste en interpretasie daarvan besig is. In sekere sin was die eerste gevallestudie 'n proeflopie. Daar is gepoog om die lesse wat uit die eerste gevallestudie geleer is, in ag te neem en "slimmer" te werk te gaan met die tweede en derde gevallestudies.

Die werkswyse was om baie deeglik vertroud te raak met die inhoud van die onderhoude. Stap 1 was om self die onderhoude te voer. Stap 2 was om die klankopnames van die onderhoude self te transkribeer. Stap 3 was om die 55 getikte bladsye wat die transkripsies van die vier halfgestruktu-reerde onderhoude beslaan het, by herhaling deur te werk met verskillende kleure merkpenne en temas/konsepte te merk. Stap 4 was om belangrike of herhalende konsepte saam te groepeer en te begin neerskryf. Die stof is georden rondom die eerste twee aspekte van die geformuleerde navorsingsdoel.

***Die navorsingsdoel is om ... 'n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten op-sigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van verlies.***

Die volgorde van die vrae tydens die onderhoude het eerstens op "verandering" gefokus, daarna op "verlies" en laastens op "treur" (sien skedule met vrae, p 122–123). Dit was egter nie in 'n halfgestruktureerde onderhoudsituasie belangrik om die drie faktore waterdig van mekaar af te grens nie. Respondente beleef "verandering", "verlies" en "treur" nie in afsonderlike komparte-mente nie en daarom het hulle "deurmekaar" daaroor gerapporteer. Dis abstraksies van dieselfde geleefde werklikheid. Respondente se belewenisse word weergegee presies soos wat hulle dit gerapporteer het. In hulle response was die drie faktore dikwels vervleg met mekaar. Volop on-geredigeerde, woordelikse aanhalings word gegee uit die transkripsies van die onderhoude. Dit word gedoen, omdat die empiriese siklus die data op die voorgrond moet plaas, presies soos wat die respondente dit gestel het. Die doel met hierdie hoofstuk is om met so min moontlik filters na stemme uit gemeentes van die Noordelike Sinode te luister.

5.2.1.1(a) Magsverlies van Afrikaners

Respondent D stel sy belewenis van die eerste, voor die hand liggende verandering: die verande-

ring van regering, toe die ANC die NP as regerende party vervang het en mnr Mandela mnr De Klerk as president, soos volg: "*Die grootste verandering was die* ***magsverlies van die Afrikaanse gemeenskap,*** *vanuit die gemeenskap se oogpunt. Die indruk waarmee die Afrikaanse gemeenskap gewerk het (dink ek), is dat hy mag gaan deel, dat hy selfbeskikking gaan hê as 'n minderheidsgroep en dat hy homself met 'n grondwet verskans het ... Nou: dit het hulle verloor. Die besef van, sê maar die swart meerderheid, wat hom nie laat lei deur die grondwet nie en wat minderheidsbelange nie ag nie, kom in effek neer op 'n totale magsverlies*" (respondent D).

5.2.1.1(b) Die NG Kerk was voor 1990 dominant; het aansien verloor

'n Deel van vraag 1 op die skedule handel oor die posisie van die NG Kerk in die samelewing vóór 1990, in vergelyking van die huidige posisie van die NG Kerk. Volgens al vyf die respondente was die **NG Kerk** twintig jaar en meer gelede **baie prominent en dominant** in die samelewing. Respondent A, wat in die jare voor 1990 reeds in gemeente 1 se grense gewoon het, stel dit soos volg: "*Die NG Kerk het dan ook in die ganse gemeenskap 'n baie sterk en leidende rol gespeel –' n toonaangewende rol*." Hy sê ook: "*almal het opgesien na die NG Kerk om leiding te gee*." (respondent A). Respondent B het nie daardie jare in gemeente 1 se grense gewoon nie, maar vertel van sy belewenis van die NG Kerk se posisie op 'n ander dorp, in vergelyking met die huidige situasie: "*In dorp M, interessant genoeg, het die NG Kerk die rol van 'n staatskerk gespeel in die sin dat dit was maar die kerk waaraan al die bestuurders van 'n baie groot maatskappy behoort het ... Die NG Kerk was absoluut dominant gewees in dorp M ... daar was 'n tyd toe die NG Kerk – dit was so half 'n staatskerk gewees en as jy aan die NG Kerk behoort het, dan was jy deel van 'n struktuur wat jou nogal kon in staat stel om dinge gedoen te kry. Dit het verval*" (respondent B).

Die **NG Kerk** het in baie opsigte **aansien en invloed verloor** by staats- en ander instellings, veral sedert 1994. Respondent A was oor baie jare by plaaslike gemeenskapstrukture betrokke en hy stel sy belewenis van die verandering soos volg: "*Ons probeer nog so 'n bietjie daar by die strukture van die universiteit en so aan betrokke te bly, maar ek dink ons invloed as gevolg van die geweldige politieke omwenteling wat plaasgevind het, is ons invloed minimaal.*" Respondent B praat in hierdie verband nie oor plaaslike gebeure nie, maar oor die beeld en die rol van die NG Kerk in die breë samelewing: "*Dis amper of* ***die kerk*** *'n instelling was waar dit nodig was om by mekaar te*

*wees* ***om iets in die samelewing te wees.*** *Ek sê dit op 'n baie kras manier, maar ek sien dit werklik so, as jy aan die NG Kerk behoort het, dan was jy gerat om deel te wees van die staats-administrasie en die samelewing*" (respondent B).

5.2.1.1(c) NG Kerk verloor lidmate

Die NG Kerk het nie net invloed en aansien in die samelewing verloor nie, maar het ook **lidmate verloor** na verskillende kante van die kerklike spektrum. Die jare sedert 1990 is die tydperk toe internasionale isolasie opgehef is en toe Westerse postmodernisme ook oor Suid-Afrika begin spoel het. Dit verteenwoordig ook die tydperk van die deurwerking van die gesagskrisis in die Weste na NG Kerk-lidmate toe (sien p 60–62). Gesag, ook kerklike gesag, word nie meer sonder meer aanvaar nie. Dit wys op die oppervlak in die migrasie van lidmate. Mense is al minder geneig om by 'n kerk te bly, net omdat hulle in daardie kerk grootgeword het, of net omdat hulle in 'n sekere geografiese area woon. Die respondente let op dat die NG Kerk 'n verloorder was ten opsigte van die migrasie van lidmate. Respondent C: "*Ek dink van 1990 af het baie mense weg-beweeg na charismatiese kerke toe. Wanneer is hierdie APK-kerk gestig? Was dit voor die tyd?*" en "*Mense het, omdat hulle begin verloor het en ingeperk geraak het, het hulle voorspoedsgods-diens begin aanhang. Ja, ja. Ek is kwaad daaroor, ek hou nie van dit nie. Die mense plaas mens op vreeslike dwaalleringe, kitsoplossings. Dis kitsoplossings wat hulle verkoop. Bid vir 'n nuwe kar en kry hom.*"

5.2.1.1(d) Charismatiese beweging

Respondente sien twee gelyklopende tendense in die NG Kerk raak ten opsigte van die charisma-tiese beweging: eerstens dat die NG Kerk lidmate verloor het na charismatiese groepe toe en twee-dens die charismatisering van sekere gemeentes van die NG Kerk. Respondent A verwys na sy een seun se kerklike ervaring in 'n voorstad van Pretoria: "*Hy het daar gebly en was in 'n gemeente wat vir hom so erg – hy het gepraat van die NG-pastoor hier oorkant die straat, wat so erg charis-maties daar aangegaan het dat hy vir sy geestelike versorging na die Gereformeerde Kerk oorge-gaan het. So is hulle almal vandag nou Gereformeerdes.*"

5.2.1.1(e) Die NG Kerk dra die las van apartheid

Respondente is baie bewus van die worsteling van gewone lidmate met etiese kwessies wat met die verskillende rasse in Suid-Afrika en die apartheidsbeleid van die ou Nasionale Party regering te doen het. Respondent C: "*En dan was daar natuurlik van toe tot nou ook baie, baie wroeginge in die kerk oor rasse en oor kleur. Wie mag inkom en wie mag nie inkom nie? Wie mag lidmaat word en wie kan nie lidmaat word nie?*" Respondent A voel die NG Kerk dra vandag nog 'n swaar las omdat sy apartheid moreel en teologies verdedig het: "*O, ek dink die NG Kerk het grootliks verander in die opsig – ek wil amper sê, hy moet die* ***bagasie dra.*** *Hy moet die las dra vir dit wat ons nou beleef, wat ons lewe verander het. En ons beleef dit nie positief nie, ons beleef dit negatief. Die NG Kerk, van binne af, dink ek ons ly 'n bietjie aan selfondersoek en ons ly aan selfverwyt.*"

5.2.1.1(f) Verdeelde Afrikanerdom voor 1990

'n Volgende verandering is dat **Afrikaners polities al meer verdeeld** geraak het in die aanloop na mnr De Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990. Die ideologiese kloof was reeds daar in die sewentigerjare en het verdiep in die tagtigerjare. Afrikaners het mekaar hand en tand beveg rondom 1983 se referendum. Die stryd het hoe later, hoe heftiger geword en gemeentes het die hitte gevoel. Respondent C stel dit soos volg: "*Ons het die rug op mekaar gekeer: polities. Ek dink daar was 'n stryd onder mekaar hier. Ons was in twee groepe verdeel. Dit het als gekos wat ons moontlik kon doen om eenheid te probeer behou in die kerk.*" Die oorsake vir daardie verdeeldheid bestaan nie meer nie en daar is meer blyke van samehorigheid onder Afrikaners, of minstens 'n afwesigheid van onderlinge politieke twis.

5.2.1.1(g) Militêre betrokkenheid, orde en vrede

Militêre diensplig, aktiewe plaaslike weermagkommando's, burgermagkampe, **militêre optrede** was 'n normale deel van manlike NG Kerk-lidmate se lewe voor 1990. Militêre bedreigings, opstande en onluste in Soweto en townships was in die dekade of twee voor die politieke skikking aan die orde van die dag. Dit het verander. Daardie dinge bestaan vandag nie meer in lidmate se beleweniswêreld nie. Respondent A: "*As ek moet terugdink aan daardie dae, is die oorweldigende herinnering dié van die stryd wat ons moes voer.*" Deel van die lewe saam met die militêre yster-

vuis wat voor 1990 altyd op ’n gereedheidsgrondslag was, was veiligheid en vrede vir almal wat nie in opstand teen die staat was nie. In die ou Suid-Afrika het al die respondente **veiligheid, orde en vrede** beleef – almal baie positiewe faktore. Die vrede het egter sedert die sewentigerjare toenemend onder druk gekom. “*Hier was voorspoed in die land gewees. Hier was orde en vrede. Dit was aantreklik gewees. Natuurlik het die vrede naderhand bietjie erg onder druk gekom en erg versteur geraak, maar selfs in daardie krisissituasie was die instroming (*uit die res van Afrika en Indië – WB*) nog so dat ons dit met al die noodmaatreëls wat ons getref het, dit nie kon keer nie*” (respondent A). Respondent E stel dit soos volg: “*Die samelewing was baie gemakliker, hy was veiliger.*”

5.2.1.1(h) Misdaad

Die respondente rapporteer almal ’n **verlies van veiligheid.** Hulle voel dat **misdaad handuit ruk.** Dit is hulle persoonlike belewenis van ’n samelewing waar amptelike statistieke in die tydperk 1 April 2008 tot 31 Maart 2009, 18 487 moorde vir die betrokke jaar rapporteer (dit is 51 moorde per dag). 28% van die vermoordes is doodgeskiet en 54% doodgesteek, volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens se amptelike statistiek, wat op 22 September 2009 vrygestel is (Kelder 2009) .

Respondent A: “*My buurman is in daardie tyd ook vermoor hier. Skokkende voorvalle het plaasgevind.*” Respondent E: “*As ek oor die samelewing moet sê, dan voel ek verontwaardig daaroor. Ek voel ontevrede daaroor, want ek is ontneem van baie dinge. Ek is beroof van* ***my vryheid van beweging,*** *van my gemaklikheid waarmee ek mense kon vertrou of dinge kon doen. As jy vandag in ’n hysbak wil inklim, kyk jy eers wie is in die hysbak voor jy inklim. As my dogter vir my binne ’n ommuurde erf sê sy gaan daar in die hoek by die honde sit, sal ek elke keer roep en sê: ‘is jy oraait?’”* Dieselfde respondent sê: *“Ek dink jy het geweldig baie verloor, want jy het* ***dele van jou menswees verloor****, omdat jy jou moet inperk en afskaal – jou beweging, in jou huishouding, in jou tuin, in jou elke dag se manier van leef. Hierdie agter-tralies-bly storie.”* Sy gaan voort: *“... misdaad het amper so ’n algemene ding geword, ons praat nie nie eers meer daaroor nie, want dit het klaar met amper almal gebeur”* (respondent E). Dit was uit die onderhoude baie duidelik dat die respondente kwessies in verband met misdaad en gebrek aan veiligheid, uiters negatief beleef en dit in verband bring met die nuwe Suid-Afrika. *“Of as hulle jou kar vat, sê jy net dankie tog – jy leef nog, wat eintlik ’n belaglike ding is om te sê – dis belaglik!”* (respondent E). Die omvang van

die misdaad- en veiligheidsprobleem en die omvang van burgerlike ontevredenheid met die staat se onvermoë om na sy burgers se veiligheid om te sien, blyk uit die ongeveer 107 000 briewe van protes teen hoë misdaadvlakke wat die vakbond Solidariteit op 9 Maart 2010 aan president Zuma oorhandig het by sy staatswoning Tuynhuys (Solidariteit 2010).

Respondente se ontevredenheid met misdaad kan gekoppel word aan die volgende afdeling, wat handel oor die wanfunksionerende staatsdiens. Hulle voel as die Polisiediens, die Departement van Justisie, die land se howe en strafregstelsel, die Nasionale Weermag, ensovoorts se dienslewering op standaard was, misdaad nie so sou kon hand-uit ruk nie.

5.2.1.1(i) Wanfunksionerende staatsdiens

’n Omvangryke negatiewe verandering wat respondente oor en oor noem, is dat **standaarde in die nuwe Suid-Afrika daal** en dat almal daaronder ly. Respondent C: “*Universiteite was hoë kwaliteit instansies gewees. Opleiding wat ek bedoel … die ongeskrewe reël was kwaliteit.*” Die **wanfunksionele staatsdiens** en **swak dienslewering deur plaaslike owerhede** is deel van die groter prentjie van laer standaarde. Respondent C is weer aan die woord: “*Ons ouderdom prokureur, hy sê hy is moeg vir die dissiplineloosheid in ’n polisiekantoor. As hy instap en die man krap in sy neus en hy kan nie sy vrae antwoord nie. Dossiere wat wegraak en, en, en. Dokters, die mediese beroep het daaronder gely. Hy wil nie meer in die plaaslike hospitaal opereer nie, want die staatshospitaal het vuil geraak, daar is nie dissipline nie, daar is nie netheid nie, daar’s nie higiëne nie, daar’s niks nie. Ja, dis ’n groot verlies daardie.*”

Die ander respondente eggo ’n wydverspreide ontevredenheid oor swak dienslewering deur plaaslike, provinsiale en nasionale owerhede. Swak dienslewering is selfs deel van die openbare, oor-en-weer verwytende gesprek in die drieparty regerende alliansie: die ANC, die vakverbond Cosatu en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty: “Voorts koppel Cosatu die landswye protesoptogte teen swak dienslewering aan armes se indruk dat sommige ANC-leiers net op selfverryking ingestel is” (Grobbelaar & Steenkamp 2010). Armes ly swaarder onder onbevoegde amptenare as meer gegoede mense. Kritiek op die owerheid wat nie hulle mandaat uitvoer en hulle werk behoorlik doen nie, het nie rassistiese ondertone nie. In Februarie en Maart 2010 was die arm, swart woonbuurte in die Vaaldriehoek byvoorbeeld gedurig in die nuus oor die inwoners se massa-optrede in protes teen

swak munisipale dienslewering. Plaaslike munisipaliteite het vir baie jare geen instandhoudingswerk aan hulle paaie gedoen nie, die munisipale klinieke funksioneer nie en vullisverwydering is op ’n baie lae standaard. Die segsmanne van die gemeenskappe was werklose armes.

NG Kerk-lidmate leef daagliks met hierdie verliese saam. As deelnemer-waarnemer weet ek dit gaan met dienslewering relatief goed in die stede en treurig in meeste plattelandse gebiede. Die provinsiale en nasionale regerings moes al by tientalle plattelandse plaaslike owerhede ingryp om onbevoegde munisipaliteite by te staan om net weer te begin om die basiese dienste te lewer. “*Hulle het die dienste verloor. Van die staatsdienste tot die munisipale dienste het hulle verloor, want daar is nie ’n dienskultuur nie. Dit is meer ’n magskultuur*” (respondent D). Respondent E spel sekere van die frustrasies met die agteruitgang van dienste uit: “*Ek weet nie, ek ervaar almal is in ’n tipe van ’n ontevrede toestand, omdat jy daagliks veg teen alles. Elementêre goed: ’n telefoon wat nie geïnstalleer word nie, swak diens by die munisipaliteit, kyk hoe lyk dit by die rioolstelsel, die strate, die kragonderbrekings.*”

5.2.1.1(j) Transformasie, regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging

Die volgende groot tema van verandering en verlies wat die respondente aanmeld, hang saam met die regering se beleid van transformasie van die staatsdiens en van beroepe, regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging. Respondent D fraseer Afrikaners se verlies soos volg: “*Eerstens beroepe: hulle het hulle* ***beroepe verloor.*** *Kyk, die een en enigste probleem, dink ek, is die regering se ideologie dat arbeid en geleenthede verdeel moet word volgens die bevolkingsamestelling van die land. Om te gaan en te sê daar is ’n 80:20 verdeling (ek ken nie die persentasies nie) en so moet elke beroep lyk, so moet elke inrigting lyk, so moet elke geleentheid verteenwoordig word – dit is ’n ideologie. En daardie ideologie vernietig elke geleentheid. Dit het hulle hulle beroepe ontneem ... Hulle het die* ***geleentheid vir ander beroepe*** *wat beskikbaar is,* ***verloor.***” Respondent C praat vanuit sy persoonlike ervaring: “*As ek vat voor 1990, as ek nou myself vat, ek voel amper soos daardie outjie van ‘Boetman is die bliksem in’. Jy het jou bekwaam. As ek myself as ’n voorbeeld kan vat, ek het myself bekwaam met ’n redelik sterk opleiding, ’n paar grade, ensovoorts. Toe skielik kom ek agter, maar ek kan nie werk kry nie. Toe het regstellende aksie ingetree en ek het woedend geword. Ek het gedink ek gaan vir my vrou en kinders kan sorg die heel tyd. Ek moes*

*toe terugval op 'n entrepreneurseienskap en dinge op 'n ander manier begin doen. So, dit was 'n groot probleem vir my om te kan aanvaar ... .*"

5.2.1.1(k) Wrokkig teenoor ou politici

Daar is by 'n sekere groep jonger Afrikaanssprekendes wrewelrigheid teenoor die ouer geslag wat, toe hulle nog die politieke mag gehad het om te veg vir hulle kinders se toekoms, dit nie gedoen het nie. Die indruk is dat die ouer garde, wat in magsposisies was tydens die Kempton Parkse onderhandelings en oorgangstyd van die vroeë negentigerjare, hulle eie posisies verskans het, maar nie aan hulle kinders gedink het nie. Respondent D: "*Hulle het die geleenthede wat hulle vir hulle kinders moes skep met hulle vermoëns, het hulle verloor. Ek dink persoonlik dit is een van die selfsugtigste keuses wat die geslag van '80 /'90 gemaak het, want hulle het gedink oor 'hoe tree ek af?' Hulle het nie gedink oor 'hoe skep ek vir my kinders 'n toekoms' nie ... Die perspektief wat die Afrikaanse gemeenskap vir homself verloor het deur die persone wat in die posisie moes wees en wat vorentoe moes dink, is hulle het net aan hulleself gaan sit en dink. En dit was die direkte oorsaak van die uitbeweeg van die kinders uit die land uit ... En die kerk word geassosieer met die weggee van die geleenthede; as die instelling wat ons in hierdie posisie geplaas het. Die kerk het gesê dit gaan goed wees en die kerk het gesê bekeer julle en die kerk het gesê versoen en die kerk het gesê dit is Jesus se manier en Jesus se manier het hulle nou op hulle knieë. Hoekom moet hy nou na Jesus toe gaan as Jesus hom sonder werk gemaak het? Of Jesus keer dat hy nie in die span kan speel nie en Jesus keer dat hy nie universiteit toe kan gaan nie. Hoekom moet hy nou gebind wees aan Jesus? Dis hoe ek dit lees. Dis my persoonlike mening.*" Hierdie verandering in die verhouding tussen die geslagte in Afrikanergeledere (dat party jongeres die ouer garde verwyt), is nie die direkte gevolg van veranderings in die samelewing nie, maar die gevolg van hoe party mense op die veranderende situasie gereageer het. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n tweedevlakverlies en daar is moontlik veel meer sulke voorbeelde. Dit is "tweede vlak" omdat dit nie direk met die kontekstuele faktore saamhang nie, maar met mense se reaksies op die veranderende konteks.

5.2.1.1(l) Staatkundige verandering en demografiese verskuiwings

In die omgewing van gemeente 1 het die **staatkundige veranderings** groot veranderings vir die Afrikaanse gemeenskap beteken, in die sin dat 'n destydse tuisland se staatsdiens ontbind is en dat

al die staatsamptenare wat deel was van gemeente 1, elders ontplooi is of uit die staatsdiens getree het. Een van die respondente het die veranderings in die samelewing en kerk na 1990 in die omgewing van gemeente 1 soos volg opgesom. "*Ek dink die grootste gebeurtenis – wat my betref was daar twee dinge wat in ons omgewing gebeur het. Die een is die verandering van die staatsdiens en die uitfasering van die blankes ... Soos wat die blankes uitgefaseer is uit die staatsdiens, het ons kerk heelwat mense verloor, maar mens het ook die indruk gekry dat mense besig is om belangstelling in die kerk te verloor*" (respondent B).

**Demografiese verskuiwings** as gevolg van nuwe regeringsbeleid, het sommige NG Kerk-gemeentes ernstig getref. Gemeente 1 rapporteer **massiewe lidmaatverliese** as gevolg van demografiese verskuiwings. Respondent B: "*Vanaf 1990 tot na 1994 het die tuislandstelsel ... eintlik maar weer tot niet gegaan en al ons administrateurs wat daar gewerk het, is stelselmatig onttrek en is óf verplaas, óf het afgetree, óf het doodeenvoudig ander werk gaan soek. Dit het beteken dat maklik omtrent die helfte van hierdie gemeente het verdwyn oor hierdie periode van omtrent ses jaar van 1990 af vorentoe.*" Dieselfde respondent identifiseer drieledige verlies vir die gemeente as gevolg van bevolkingsverskuiwing: eerstens verlies aan kundigheid, tweedens verlies van lidmaatgetalle en derdens jongmense wat minder vooruitsigte op werk gehad het en emigreer of tydelik in die buiteland gaan werk het.

In gemeente 1 was daar vier golwe van samelewingsveranderings en verlies van lidmate as gevolg van demografiese verskuiwings wat direk met die nuwe regering se beleid verband hou. Die eerste was die vertrek van die Krugerwildtuin se blanke veldwagters wat hulle werk by die Parkeraad verloor het omdat hulle ingevolge die Parkeraad se transformasiedoelwitte met swart veldwagters vervang is. Die tweede golf van verandering wat vir die gemeente lidmaatverliese beteken het, was die voormalige tuisland se blanke staatsamptenare wat weg is (respondent D). Saam met die eerste twee golwe, het gemeente 1 ook twee bedieningspunte verloor. Die derde groep blankes wat die omgewing verlaat het, was bosbouers wat vir die staat en groot bosbougroepe gewerk het. Die laaste samelewingsverandering en verskuiwing van die bevolking, was produktiewe boere wat hulle plase aan die regering verkoop het ingevolge grondeise en grondhervormingswetgewing. Meer as 'n derde van die gemeenskap se landbouers het weggetrek.

Bogenoemde demografiese verskuiwings, het enorme finansiële en ander implikasies vir gemeente

1 gehad: "*Die hele staatsdiens is gedra deur gesekondeerde staatsamptenare. En dit was magtige geld wat daar ingestoot is. Ons het in twee jaar die helfte van ons inkomste verloor. En as dit nie vir waterwese se groei op daardie stadium was nie, sou mense hoop verloor het. Maar die waterwese mense het nie geld ingebring nie, ons moes die geld weer genereer uit die mense wat oorgebly het. En toe die boere getrek het, moes ons weer dieselfde hoeveelheid geld uit die mense wat weer agtergebly het, gegenereer het*" (respondent D).

5.2.1.1(m) Lidmaatverliese en finansiële nood

Gemeente 1 het in groot finansiële nood beland as gevolg van die staatkundige veranderings en gepaardgaande demografiese verskuiwings. Groot getalle NG Kerk-lidmate het weggetrek uit hulle gebied. Die finansiële knyptang het bepaalde implikasies vir gemeentebou en bedienings na buite gehad. Respondent B: "*Finansieel het dit 'n geweldige impak op die gemeente gehad, want ons* ***kostes het maar dieselfde gebly****, maar die* ***getal bydraers het aansienlik gedaal*** *... Die grootste verlies wat die gemeente beleef, is sy befondsing en sy vermoë om surplus kapitaal te genereer om meer as net die normale gemeente-aktiwiteite te kan finansier ... Wat befondsing na buite betref, dink ek het ons, nadat die staatsamptenare nie meer deel is van ons nie, nadat die wyke vir universiteits- en staatsdienspersoneel opgehou het om te funksioneer, het ons gemeente 'n situasie bereik waar ons nie meer fondse na buite kon uitsit nie. Ons het dit doodeenvoudig nie gehad nie en daardie fondse moes intern aangewend word.*" Gemeente 1 is in 'n stryd om oorlewing gewikkel. Missionêre doelwitte wat geld benodig, is noodgedwonge geskrap.

5.2.1.1(n) Verlies aan kundigheid

Die verlies aan kundigheid, word op 'n klein, plaaslike skaal beskryf deur respondent B: "*Die groot verlies wat ons ervaar het, is ek dink ons het daardie kundige mense gehad wat deel was van die gemeente, en dan bedoel ek mense wat ervaring gehad het in staatsadministrasie. Dis mense wat werklik 'n bydrae kon maak tot gemeentebestuur op die kerkraad, ensovoorts.*"

5.2.1.1(o) Grondeise

Vervolgens rapporteer al die respondente veranderings en verskeie soorte verliese as gevolg van **grondeise** en die regering se **grondhervormingsprogram.** Respondent A: "*Maar, daar was ge-*

*weldige verliese, veral hier met die grondhervorming, is daar geweldige verlies ondervind en ek kan jou sê dit treur. Ons kan amper sê dit is 'n treursituasie.*" Die lidmate wat hulle grond aan die regering verkoop het, het eerstens hulle grond waarvoor hulle lief was, verloor. Saam met die verlies van grond, gaan groot emosionele pyn.

Maar daar is ook meer aan: "*Goed, hy het sy eiendom verloor. Eerstens het hy die eiendom verloor. Hy MOES die grond aan die regering verkoop. So, hy verloor sy direkte inkomste. Hy verloor nie net sy huis nie, hy verloor sy werk, sy werksgeleentheid, sy huis en sy vermoë om weer te werk. Hy kan nie weer op 'n ander plek gaan boer nie, want daar is ook grondeise. So, hierdie ou verloor sy werk- en huissekuriteit – om dit te skep en uit te bou*" (respondent D). Die verliese is persoonlike verliese vir diegene wat hulle grond verkoop het, maar deel van die pakket is dat dit ook gemeenskapsverliese is en verliese vir die plaaslike NG Kerk-gemeente "*Die groot ding wat die kerk hier baie hard geslaan het, was die verlies na 2000 met die grondeise, toe boere hulle plase begin verkoop het. Toe het ons geweldig baie lidmate verloor, ek wil amper sê tot soveel as 50% van ons lidmate het ons verloor*" (respondent B).

Ook hier is sprake van sekondêre verliese. Verhoudings tussen boere onderling het naamlik versuur. Die provinsiale departement van Grondsake se hantering van die grondeise, was 'n lang, uitgerekte en ondeursigtige proses, gekenmerk deur onbevoegdheid van die grondeisekommissaris en amptenare. Die proses is ook gekenmerk deur onredelike politieke intimidasie. Deur die loop van maande (mettertyd jare) van aanbiedinge en teen-aanbiedinge van die staat en grondeienaars; waardasies en herwaardasies van die waarde van die grond, ensovoorts, het verkopers en nieverkopers in die boeregemeenskap twee opponerende groepe geword. Die boeregemeenskap se hartlikheid, hulpvaardigheid oor en weer, en samehorigheid was daarmee heen. Boere wat jare lank vriende was, het kwaad geword vir mekaar. Respondent D verwoord hierdie verlies soos volg: "*Vriendskap, vriendskappe, vriendskappe. Hier is mense wat 30, 40 jaar-lange vriendskappe gehad het. Hulle het gesinsverbande gehad. Pa-seun, broer-broer. Een broer verkoop, een bly. Die plattelandse gemeenskappe is 'n self-versorgende eenheid. Die pa sorg dat die seun 'n plaas het. Die seun sorg dat sy pa en ma op die plaas kan aftree en doodgaan. So, daardie self-versorgende gesinseenhede breek op en hulle het nie voorsien vir ouetehuise nie. So dit is 'n maatskaplike ellende wat ook intree. Omdat daardie selfversorgende familie – sê maar die uitgebreide selfversorgende families – breek op … En dit wat die stede in die plek daarvan het, het hierdie*

*ouens nie gehad nie. Hulle het nie pensioenfondse nie. Die plaas is die pensioenfonds. Hulle het nie medies nie. Hulle het nie ouetehuis-ideale nie, want hy tree af in die huis waarin hy bly saam met sy familie. Maar dis alles vernietig. Dis weg ... Dit was traumaties. Dit was nie tot siens sê nie. Kom ek sê jou so: die gemiddelde ou wat hier getrek het, het getrek sonder om sy vriende te groet.*"

Gemeente 1 se kerkraad het in 2005 'n **"afskeidsbasaar"** gereël om 'n geleentheid te probeer skep om die oorgang van die "ou gemeenskap" na die "nuwe gemeenskap" seremonieel te voltrek; om 'n geleentheid te gee vir onthou, afskeid, uitmekaar gaan. Die idee was dat die verkopers en die nie-verkopers dan op verskillende maniere kan voortgaan met die lewe. 'n Kerkraadslid vertel soos volg: "*En dis toe ek besluit het maar hier moet 'n sigbare simbool geskep word van ... hierdie is 'n onomkeerbare grens van of hierdie kant of daardie kant. En altwee groepe het in woede gereageer op die simbool! Die ouens van wie ons afskeid geneem het, het nie opgedaag nie, behalwe een of twee mense wat dit aangegryp het. Maar dit was letterlik twee of drie mense. En die ouens wat moes afskeid neem, was kwaad omdat die ander ouens nie gekom het vir die afskeid nie. Maar dit was eintlik 'n gevoel van 'dit wys nou hoe is die situasie.' Maar dit was nie 'n afskeid nie. Maar aan die ander kant was dit 'n afskeid, want dit was die eerste keer wat dit 'n gemeenskapsaak gemaak is. Daarom was dit nie: 'kom ons groet mekaar' nie, dit was 'n onttrekking van mekaar. Maar dit was 'n afskeid gewees. Dit was nie lekker nie…"* Die wanverhoudings en kwaaivriendskap wat tussen dekadelange vriende ontwikkel het, word in die vertelling oor die afskeidsbasaar weerspieël.

5.2.1.1(p) Die karakter van die gemeenskap het verander

Die karakter van die **gemeenskapslewe het radikaal verander.** Die gemeenskap van gemeente 1 het baie mense verloor, wat weggetrek het uit die gebied. Hierbo is ook aangetoon dat die samehorigheid en hartlikheid van die boeregemeenskap verdwyn het. Respondent D stel die huidige gemeenskapslewe (of gebrek daaraan) soos volg: "*Dis hoekom hy in 'n nuwe eiland-kultuur ingaan. Die direkte effek daarvan is dat die gemeenskap sy gemeenskapskarakter verloor. 'n Gemeenskap wat ingestel is op oorlewing, elkeen op sy eie, is nie meer 'n gemeenskap nie ... Hy het gedisintegreer tot elkeen in sy eie huis ... Dis hoekom jy nie ouderlinge kry nie, jy kry nie diakens nie, want niemand werk meer in gemeenskapsbelang nie. Dieselfde kultuur van 'ek werk vir my-*

*self' word 'n kerklike probleem ... Dit was nie 'n moedswillige, gemene reaksie nie. Dit was selfverdediging. Dis net selfverdediging. Daar is nie meer 'n gemeenskap wat in jou belang optree nie. Jy moet jou reserwes gebruik om self deur te kom. Daar is nie kwaadwilligheid in die onttrekking van dit wat 'n gemeenskap sou wees nie."*

5.2.1.1(q) Armoede

Talle NG Kerk-lidmate het as gevolg van grondhervorming hulle **finansiële onafhanklikheid verloor.** Hulle het gedink hulle gaan baie geld vir hulle grond kry, maar die regering het so lank gesloer tussen die datum wat daar op 'n prys ooreengekom is en die datum wat die boere hulle geld gekry het, dat die koopkrag daarvan beduidend minder was. Respondent B stel dit soos volg: "*Wat betref die ander verlies vir lidmate, ja ongelukkig het ons ons selfstandigheid verloor. Baie lidmate het selfstandigheid verloor, deurdat hulle werkgewers was. Hulle het van hulle eiendom ontslae geraak en die realisasie van kapitaal was nie voldoende om vir hulle 'n aftrede te gee nie. Hulle het besef die koopkrag van die geldjies wat hulle grond gegenereer het, hulle nie lank genoeg sou aan die gang hou nie. Hierdie mense is nou werknemers, of hulle is werksoekers, of hulle het doodeenvoudig weggetrek en by hulle kinders iewers op 'n plotjie gaan bly.*" Respondent A rapporteer ook groter wordende **finansiële en geestelike armoede.** "*Dominee, ek dink ons het 'n geweldige krisis wat op ons wag. Wat my die ergste pla, is die armoede van ons mense. Nie net die materiële armoede nie, maar ook nou die geestelike armoede.*"

5.2.1.1(r) Nuwe maatskaplike probleme – die NG Kerk hanteer dit alleen

Gemeente 1 het baie lidmate en baie finansiële vermoë verloor. Deel van die pakket van die veranderings wat oor hulle gespoel het, is dat 'n gemeente wat byna volledig uit finansieel onafhanklike lidmate bestaan het en selde alimentasie binne die gemeente moes doen, skielik met **groot maatskaplike probleme** binne die gemeente te kampe het: "*Leë plaashuise word betrek. Die vervalle huise word laag uitverhuur. So die armoedeprobleem van buurdorpe en stede verskuif nou na ons gemeenskap toe, want hulle kan hier goedkoper bly as wat hulle op ander plekke bly – vir die huis. Hier is geen struktuur om daardie mense te dra nie. Waar hy in die dorp in 'n huis gebly het, maar daar was die infrastruktuur van die dorp wat hom gedra het, trek hy hier in en hy dink daardie ding bestaan hier. Maar daar is niks ... In die stad het hy werk toe geloop of vinnig*

*’n lift gekry, maar nou het hy nie vervoer nie. Sy kinders het nie vervoer nie. Hulle kom nie skool toe nie. Hulle sit by die huis. Hier is kinders wat by die huis sit, want hulle kan nie die vyf kilometer skool toe ry nie ... So ons moet die hele tyd probeer agterkom waar trek daar arm mense in, want as hy intrek en ons weet nie van hom nie, dan is hulle verlore. Die gebied degradeer. Die enigste instansie wat in hierdie gebied maatskaplik funksioneer, is die NG Kerk. Nie kerke nie – NET die NG Kerk. Daar is niks oor nie. Daar is nie een ander kerk oor in hierdie gebied nie*” (Respondent D). ’n Paragraaf soos hierdie laat blyk die taaiheid, die veerkragtigheid en aanpasbaarheid van die NG Kerk in ’n situasie van grootskaalse verandering: waar geen ander kerk of die staat in staat is om die maatskaplike krisis te hanteer nie, doen dit NG Kerk dit – sonder om dit van die dakke af te verkondig. Dit bevestig dat hierdie studie se optimistiese vertrekpunt oor gemeentes nie sonder substansie was nie.

5.2.1.1(s) Profiel van gemeente 1 verander drie keer

Die **profiel van gemeente 1** het drie keer binne 15 jaar verander: eerstens met die vertrek van die voormalige tuisland se staatsamptenare, tweedens met die vertrek van die veldwagters en ander Nasionale Parkeraad personeel, asook bosbouers, derdens met grondeise en die vertrek van die boere wat hulle grond verkoop het. Elke keer het dit ’n omwenteling van die gemeente se bedieningspatroon geverg, soos blyk uit die volgende aanhaling: Respondent B: “*Wat sleg was daarna, is dat die profiel van die gemeentelede het nou ook verander het in die sin dat baie werksoekers en werkloses het ingetrek in die gemeente en het die leë akkommodasie kom beset. Skielik het ons nou met ’n geweldige sosiale probleem gesit. Daar is hulpbehoewende mense, daar is dwelmprobleme, daar is werklik ernstige sosiale afwykings en probleme.*” Dit stel uit die aard van die saak hoë eise aan die aanpasbaarheid van ’n gemeente se identiteit en bedieningspatroon. Dit impliseer ’n identiteitsverandering van die gemeente en ’n verandering in bedieningstyl en bedieningsprioriteite – alles belangrike kontekstuele- en gemeentebou kwessies.

5.2.1.1(t) Emigrasie

Uit die respondente se reaksies is dit duidelik dat regstellende aksie oor ’n wye front en die gevolglike minder geleenthede in die werkplek vir blanke jongmense, ’n groot motiverende faktor is agter die **vloedgolf van emigrasie** van lidmate waarmee die NG Kerk te kampe kry. Respondent

A: "*Ja, ja. Twee van my kleinneefs, een van hulle was betrokke by die boerdery hier, hy sit op die oomblik in Nieu-Seeland. En dis mense wat ons regtigwaar in hierdie land sou baie goed kon gebruik. Hulle was betrokke by die kerk, hulle was… Ons het hulle verloor. En hulle se kinders is nou Nieu-Seelanders. Die kleintjie word 'n All Black (lag). Ja, sy held is nou Richie McCaw en as hulle die dag weer terugkom in Suid-Afrika, gaan dit seker 'n probleem afgee… (lag).*" Respondent B verwoord die verlies van die ouers van jong emigrante: "*Die ouers, hulle ervaar baie verlies, want die kerk is 'n plek waar families bymekaar kom en dit is nie vir 'n ouer lekker as sy kind nie by die huis is nie. Of net so nou en dan by die huis is nie. Dat dit nou 'n verlies in die kerk is, is miskien nie so erg as die verlies in huisgesinne en die verlange wat daar is nie.*" Respondent C koppel die vlaag emigrasies uit en uit aan regstellende aksie: "*Werk bevorderingsgeleenthede is baie swakker. Kinders het die land begin verlaat.*" Respondent D het baie simpatie met jongmense wat in die buiteland gaan werk: "*Die volgende geslag is as 'n offer gegee vir die geslag wat afgetree het. En nou klink dit so: Hoekom moet ek in Suid-Afrika as 'n vernederde persoon buite werk staan as ek in 'n ander land gesog is?*"

Dit is moeilik om 'n presiese syfer van emigrante uit Suid-Afrika sedert 1990 te kry, maar dit is nagenoeg een miljoen mense (Eloff 2008). Baie van hulle is Afrikaanssprekend. 'n Hoë persentasie van die NG Kerk se lidmate wat in Suid-Afrika woon, word direk geraak. Daar is min families wat NIE familielede het wat in die buiteland gevestig het nie. Dis is daarom nie 'n verrassing dat al die respondente, onafhanklik van mekaar, emigrasie as 'n groot verlies aanmeld nie.

5.2.1.1(u) Tradisionele gesagstrukture geld nie meer nie

'n Volgende verandering, wat nie uniek is aan gemeente 1 of aan Suid-Afrika nie, maar wat die respondente opval, is dat die wêreld minder formeel geraak het en dat **tradisionele gesagstrukture nie meer geld nie.** Respondent C: "*... hy (bankbestuurder, skoolhoof, ensovoorts) het nie meer die eer en die aansien wat hy daardie tyd gehad het nie. Hy het deel geword van 'n – amper 'n laer vlak – daar is nie meer die respek of dissipline vir posisies wat mense gehad het nie. Meer ontspanne, meer gemaklik, meer toegeeflik en meer toeganklik.* " Lidmate het 'n spontane aanvoeling vir wat Heitink (2007) die uitwerking van gesagskrisis in die Weste noem. "*Ek dink baie mense het in opstand gekom teen vorm-godsdiens*" (respondent C). Respondent D vertolk party Afrikaanse jongmense se houding teenoor die ouer geslag: "*Laat ek weer sê – die gesagsprobleem*

*klink so: 'Julle het julle gesag gebruik as mag om julleself al die jare te beveilig en te bevoordeel. En nou het julle dit weer gedoen – ten koste van ons, want julle gaan nou veilig aftree. So julle het nie gesag nie, julle het nog altyd julle mag misbruik. Hoekom moet ek my ...? Nou het jy nie meer mag nie. Toe jy mag gehad het, het jy dit misbruik. So, wie is jy nou eintlik?'".*

5.2.1.1(v) Verlies ten opsigte van skole

Drie van die vyf respondente rapporteer die platteland se verlies ten opsigte van **skole.** "*Ons het die skole verloor. Die aanslag om die skole geïntegreerd te maak en Engels te maak, kan nie weerstaan word deur die ouens wat agterbly nie. Wat hier gebeur het – die versetbeweging op wat in die skole gebeur, het teruggegryp na 'home schooling' toe, deur mense wat nie 'home schooling' kan doen nie. So, hier is 'n geslag van minstens 20, 30 kinders wat nie skoolopleiding het nie. Die ouer het gedink hy gaan ... die ouers probeer vir sy kind die regering, die staat, die skool en die hospitaal wees ... As 'n kind in die skool is, moet hy deel wees van die gemeenskap, dan moet hy die heel tyd al die probleme hoor. Dis 'n selfsugtige besluit. Want as sy kind in sy huis is, dan hoef hy nie op 'n ouer-aand te wees nie, dan hoef hy nie op 'n skoolkomitee te sit nie, hy hoef nie te hoor die skool het nie geld nie, ons moet probeer werk vir geld nie, hy hoor dit nie. So, dis 'n selfsugtige besluit van – daar is nie sulke probleme nie, en ek en my kind gaan goed vorentoe. Dis, ek verstaan dit, dis selfbeskerming, ek verstaan dit. Niks van die goed is boos nie, maar dis selfvernietigend"* (respondent D). In baie kleiner dorpe is daar nie meer Afrikaanse skole nie. Dendron se Afrikaanse laerskool, het binne 'n baie kort tydjie totaal Engels en swart geword en al die blanke kinders is nou elders op skool. Op Louis Trichardt het die voormalige Afrikaanse laerskool dubbelmedium en die voormalige dubbelmedium laerskool Engels geword. Daar is kommer oor die swakker standaarde in skole (respondent C); die verdwyning van godsdiensonderrig en swakker dissipline by skole (respondent B).

5.2.1.1(w) Posisie van Afrikaans

Daar word deur respondente oor 'n wyer front as net skole verlies beleef ten opsigte van taal. **Afrikaans** het sy voorkeurposisie as een van net twee amptelike landstale verloor. In die nuwe Suid-Afrika is Afrikaans, ten spyte van die feit dat die artikel 1, seksie 6 van die Grondwet elf landstale op gelyke voet erken, in 'n stryd om voortbestaan gewikkel.

5.2.1.1(x) Houding teenoor regering het verander

Daar is by respondente **min vertroue in die regering se vermoë** om die land behoorlik te bestuur. Dit staan in kontras met Afrikaners se byna blinde vertroue in die regering een geslag gelede. Hier gaan dit nie oor beleid nie, maar oor die praktiese bestuursvermoë van die staatsdiens. Respondent C: "*In '98 het ek vir my vrou gesê dat die Staat gaan nog eendag dink hulle het iets om te bestuur, dan het hulle niks om te bestuur nie, want dan is alles geprivatiseer: medies, polisie, onderwys, alles van waarde is dan geprivatiseer.*"

5.2.1.1(y) Moraliteit

'n Volgende punt wat rofweg met die bekommernis oor dalende standaarde saamhang, is die **ag-teruitgang van moraliteit.** Ten opsigte van openbare versoekings, moet opgemerk word dat die era voor 1990 gekenmerk is deur 'n aktiewe, streng sensuurraad, wat vele sedelik nadelige invloe-de uit die samelewing geweer het. Respondent C: "*Die morele samestelling, die morele waardes het baie verander van toe tot nou. As jy vat toe was daar sterk morele kodes onder mense gewees, voor die tyd. Daar het 'n skielike verwatering ingekom ... Mense het meer wette begin oortree, padreëls, ensovoorts, ensovoorts. Daar is heeltemal 'n verwatering, want as dié ou dit kan doen, kan ek dit ook doen. Ons hele samelewing het op 'n manier verval ... .*" Dieselfde respondent verwys na 'n ernstige kanker in die Suid-Afrikaanse staatsdiens: omkopery om staatskontrakte te kry en manipulasie van tenderprosedures: *"Daar was werkskontrakte, ons het kwaliteit en gehalte gelewer, ons het ons betaling daarvoor gekry. In '94 toe word al daardie kontrakte gekanselleer. Toe moes jy jou hele konsep verander, toe moet jy begin omkoop om 'n kontrak te kry. En as jy dit nie doen nie, dan vat hy die kontrak by jou, en daar staan dit, die ander ou se pryse nie goedkoop nie, dis duurder. En jy moet kwaliteit gee vir goedkoper: Nepotisme.*"

Van 'n ander hoek af, toon respondent D aan dat daar 'n tendens is dat die jonger garde wat deur die ouer geslag mislei of in die steek gelaat is, hulle ouers se moraliteit en waardestelsel verwerp: "*Dieselfde pa wat vir my gesê het 'ou seun, ons werk saam' daardie selfde pa sê nou: 'Man ek het swaar gekry toe ek jonk was, nou moet jy ook maar daardie pad loop.' Maar dis dieselfde een wat hom onder die indruk gehou het hy gee vir hom 'n toekoms. Hoekom moet hy in sy waardes glo? Hoekom moet hy hom toestemming vra om te trou? Vang jy? 'As jy jou ding doen, doen ek my*

*ding.' Ek dink dis die hart van die probleem ... hoekom moet ek aan my ouers wat my afgeskryf het en my toekoms weggedruk het, hoekom moet ek aan hulle waardestelsels gebind wees? Want hulle waardestelsels het my benadeel. So, hulle elkeen skep sy eie waardestelsel. Dis hoe ek dit sien."*

5.2.1.1(z) Verlies van hoop

'n Negatiewe byproduk van die ANC-regering se beleid van regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging, is 'n **verlies aan optimistiese toekomsverwagting** by jong NG Kerk-lidmate . Dit is duidelik uit die groot getal wat hulle heil (tydelik of permanent) in die buiteland soek. Respondent A praat oor die jeug: "*Maar dit gaan nie net oor getalle nie. Dit gaan ook oor toekomsverwagting. Hoe sien hulle die toekoms? Dit was baie pessimisties gewees. Geweldig.*" Die verlies aan idealisme en optimisme is nie net persoonlike verliese nie, maar verliese wat die Afrikaanse gemeenskap se karakter verander het: "*Kyk, wat hulle ook verloor het, wat die gemeenskap ook verloor het, is die selfrespek van 'n idealistiese gemeenskap. Want hulle sit met vervalle paaie, met vervalle strukture. Die omgewing se agteruitgang skep 'n minderwaardigheid van – daar is nie meer 'n idealisme wat almal nastrewe nie ... VRAAG: As die familie van die stad af kom kuier, spog jy nie meer soseer met wat ons hier het nie? ANTWOORD: Nee, nee, nee. Jy maak verskoning vir hoe dit lyk.*" (Respondent D). Gemeente 1 woon in 'n gebied met besonderse natuurskoon. Maar die inwoners voel hulle moet verskoning maak vir hoe dit daar lyk. Respondent C eggo dieselfde sentiment: "*As mens uitsigloos voel, of hoop-loos, ek wil die woord HOOP-LOOS stres, jy het hoop-loos gevoel en sterker ankers gesoek in die lewe.*"

Die volgende opmerkings van respondente verwoord nie 'n spesifieke verlies nie, maar verwys na hulle algemene, opsommende gevoelens:

**Verlies aan lewensvreugde.** Respondent C: "*'n Groot deel van my lewensvreugde is my ontneem deur die tipe van samelewing waarin ons op hierdie huidige oomblik ons bevind.*"

**Min energie:** Respondent D: *"So, ons het al ons energie gefokus (want hulle het nie energie nie) het ons gefokus op erediens en kategese."*

Grootskaalse verandering en verlies veroorsaak **gevoelens van weerloosheid en uitgelewerdheid.**

Respondent C: "*Mense het regtig weerloos gevoel. As mens verloor, dan voel mens dit is 'n ... jy het 'n depressiegevoel want jy het iets verloor. Dit is 'n angs, jy ervaar angs, ek dink so.*"

2.5.1.1(aa) Omvangryke verandering en verlies

Ten opsigte van verlies kan die respondente se belewenis in Suid-Afrika in die algemeen en in gemeente 1 in die besonder, soos volg opgesom word: *"Op elke vlak kan jy verlies aantoon"* (Respondent C). "*So, die ironie is, uit gemeente 1 het ons eers die veldwagters gedra, of nee, ons het eers die staatsdiensverlies gedra, toe dra ons die veldwagters (se verlies), toe dra ons die bosbou-ouens en toe slaan hy ons ... So die druk wat op hierdie ouens gekom het, vang jy, is die verlies van die staatsdiens, die verlies van die wildtuinpersoneel, die verlies van die hele bosbougemeenskap. So, hierdie gebied is stukkend. Hy is hard geslaan..."* (respondent D).

2.5.1.1(bb) Kollektiewe verlies en treur

Respondente ervaar dít wat op die oomblik aan die gang is, definitief as **kollektiewe verliese en kollektiewe treur.** Die volgende vraag is aan al die respondente gestel: Kan 'n gemeenskap treur? Respondent A: "*Ja, baie beslis! Ek dink ons beleef 'n gees van pessimisme.*." Respondent B: "*Ja, wel, ek dink hierdie is absoluut kollektief.*" Respondent C: "*Hierdie gemeenskap is 'n toonbeeld van kollektiewe treur, en kollektiewe opstand, ja ... die baie aanvalle wat jy landswyd gekry het, en inbrake het ook 'n kollektiewe treur gebring. Mense het kollektief in opstand gekom teen hierdie aanhoudende – hulle is vuisvoos geslaan deur misdaad, aanmekaar.*" Respondent D: "*As ek dit in jou taal kan sit, nè, omdat dit kollektief is, trek elkeen terug in sy eie huis en sê dit is nie kollektief nie ... Die ironie van die kollektiewe druk is: Elke ou onttrek hom en maak asof dit nie bestaan nie, want dis nie sy persoonlike probleem nie. Dis mos die groep se probleem en hy is nie meer deel van die groep nie. VRAAG: Van die ander respondente het gesê dat die gemeenskap in rou is, dat dit kollektief is, dat dit wyd en algemeen genoeg is dat mens kan praat van 'n gemeenskap wat in rou is? ANTWOORD: Dit is so. Nee, dit is so. Dis nie enkelinge nie. Kyk, hierdie self-isolasie is omdat dit 'n* ***gemeenskapsaak*** *is, want as jy jouself van die gemeenskap isoleer, dan voel jy dit nie. Die mense kan nie praat nie. Kyk, as hulle bymekaar kom, hulle kan nie praat oor hoe sleg dit lyk nie. Hulle praat nie daaroor nie. Hulle wil nie daaroor praat nie. Daar is nog diep skuldge-voelens ook, vang jy?... Daar is nie sosiale funksies nie, want in 'n sekere sin het die mense hier-*

*die isolasie nou nodig ... 'Ons sit in 'n blerrie ruïne en jy wil kom staan en socials reël?'"*

5.2.1.1(cc) Treurproses onafgehandel

Nie een van die respondente dink die treurproses is eers naby aan sy einde nie. Daar is nie twyfel oor dat **lidmate en die gemeente hulle nog midde-in die treurproses bevind** nie. Dieselfde vraag is aan al die respondente gestel: "Het mense genoeg getreur oor verliese? Is dit afgehandel?" Die response het sonder uitsondering daarop neergekom dat dit onafgehandel is, byvoorbeeld respondent A: "*Onafgehandel. Nee, daar lê vir ons nog 'n baie lang pad voor.*" Respondent C: "*Onafgehandel! ... Vat nou net hierdie gemeenskap, toe ek hier gekom het, was hierdie mense in 'n toestand, in 'n depressietoestand amper, 'n opstand-toestand, hulle wil net veg met almal.*"

Respondent B praat oor die persoonlike en gemeenskapsverliese wat met grondeise en die verkoop van grond saamhang: "*Dit is seker die een verlies wat ons die seerste gemaak het, dis 'n verlies wat nog glad nie aangespreek is nie. Ja, daardie rouproses is nog daarso. Om daardie mense te bedien, dit het nog nie gebeur nie, dis nog te vars, want almal begin dit nou eers ervaar. Dit het wel vanaf 2000 het die proses begin, maar die grondtransaksies was in 2005, dis vier jaar gelede. Dis eers nou wat die paniek begin toeslaan en wat die werklikheid begin deurskemer en nou – ons is nou daar dat mense sê: 'Hel, ek het die fout van my lewe gemaak!' Ek dink daardie ding rus baie, baie swaar op ons gemeente op hierdie stadium ... Dit is onafgehandel. Die mense wat destyds, na '94 hulle werk in die staatsdiens verloor het en wat nuwe beroepe begin het en suksesvol was daarmee, ek dink nie hulle is 'n kwessie nie. Ek dink die meeste van hulle het dit oorkom. Hulle het dit afgehandel en niemand het hulle gehelp daarmee nie ... Baie van die grondverkopers is nie meer hier nie. Hoe diens jy sy verlies? Hy sit nou iewers in Pretoria, of in Nylstroom. Waar baie van ons mense heen is, is George, Sedgefield. Hoe diens jy hom? Die mense daar, die gemeente waar hy nou is, hulle het nie 'n idee waar hy vandaan kom nie, hulle het nie 'n idee nie! Hulle het nie naastenby 'n begrip van die verlies wat hierdie mense ervaar nie. Ek dink nie om dit aan te spreek, gaan so maklik wees nie. Dit is 'n groot probleem. Maar die agterblyers, of die wat nou besluit het om aan te gaan in ons gemeenskap, ons ervaar die verlies meer, omdat ons praat daaroor, omdat ons bewus is daarvan.*"

#### 5.2.1.2 HOE WORD VERANDERING EN VERLIES HANTEER?

Tot sover is ’n beskrywing gegee van die belewenisse van verandering en verlies van individue, die NG Kerk-gemeente en die gemeenskap waar gemeente 1 betrokke is. Daar is konsensus dat die verwerking van die verskillende afskeide en die treurprosesse wat daarmee saamhang, onafgehandel is. Die volgende vraag om te vra, is na die **verwerkingsmeganismes.** As almal saamstem daar is dramatiese veranderings in die gemeenskap en massiewe verliese vir individue en die gemeenskap wat met die veranderings saamhang, is die volgende vraag: Hoe hanteer die mense die verlies? Met Worden se treurtake (sien p 212) in gedagte, is die vraag: met watter treurtaak hou mense hulle tans besig? Met Hamman en andere se onderskeid van treur en rou (sien p 223–224) in gedagte, is die vraag of daar rigtingloos getreur word en of daar hoopvol gerou word. Die volgende afdelings gee aandag aan die treursimptome of treurgedrag wat respondente opmerk.

##### 5.2.1.2(a) Ontkenning

Dit blyk dat gemeente 1 se gemeenskap hoofsaaklik in ontkenning leef. Die volgende is uittreksels uit die onderhoud met respondent D: “*Die mense in hulle persoonlikhede en klein gesinskringe is te klein om dit te hanteer. Dis te groot. Dis te oorweldigend. Ek weet nie wat om te doen daaromtrent nie… Ek het in die begin – daar’s die boek ‘Rousmart’ van WJ de Klerk – ek het na die kerkraad toe gegaan en vir hulle gesê ons moet hierdie ding stuur, want dis die prosesse waardeur ons sal gaan. Hulle het my met minagting verwerp.” VRAAG: “Dink jy daar is ’n mate van ontkenning – by party mense ’n ontkenning van wat eintlik gebeur het?” ANTWOORD: “Die mense wat meegewerk het en wat hulleself gegee het vir die ideaal van ’n nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap – as hulle dit aanvaar, is hulle in die posisie: hulle was skuldig vir apartheid en nou is hulle nog skuldig vir hierdie nuwe ene ook! Hulle wil dit nie so sien nie.”*

Ontkenning van die verlies van die oue en die werklikheid van die koms van die nuwe is moontlik nie net ’n verskynsel in gemeente 1 nie. Een van die respondente rapporteer oor gesprekke by die vakbond Solidariteit se armoedekongres. Dit blyk dat die staat, die kerke en welsynsorganisasies die nuwe vlaag blanke armoede hoofsaaklik ignoreer. *“Hy hoor dit nie, hy sien dit nie, hy praat nie daaroor nie ... Deel van die ontkenning van verlies is – daar is 77 wit plakkerskampe tussen Pretoria en Johannesburg wat die kerke nie van weet nie, want dit het nie gebeur nie ... Die kerke*

*WIL NIE weet dat dit gebeur het nie en daarom het dit nie gebeur nie. Solidariteit sê vir my hulle ry in daardie plakkerskampe in en daar is nie eers ’n sekte nie. Sien, dit het nie gebeur nie. Dit is nie daar nie”* (respondent D) .

Die volgende vergelyking met die Afrikaanse gemeenskap se hantering van vorige tydperke van grootskaalse verlies is van toepassing: *“Na die Tweede Vryheidsoorlog het hulle die Vrouemonument gebou. Hulle het daardie beeldjie: ‘gewond, maar onoorwonne.’ Oral het mense hulle verliese in monumente herdenk. Hulle het gesê: “ons het verloor, ons het ons land verloor, vang jy? En hulle het sigbaar met monumente en geleenthede en gedenkdienste dit gevier. Maar daarom kon hulle aangaan”* (respondent D).

Die reaksie van ontkenning in gemeente 1 se omgewing is in sekere sin vreemd, omdat daardie boeregemeenskap onlangs ander Afrikaanse gemeenskappe se verlies in die openbaar gedenk het: *“Ons is die eerste gemeenskap wat ’n monument gebou het vir die veldwagters wat hulle werk verloor het – die enigste gemeenskap wat nog ooit so-iets gedoen het. Want hulle het geval toe ons nog gestaan het ... Ons het twee jaar nadat almal uit hulle werke gesit is, het ons hier vir hulle ’n monument gebou met hulle name op en ons het hulle herdenk”* (respondent D).

5.2.1.2(b) Onttrekking

In gemeente 1 se gemeenskap is daar sedert 2000 toenemend ’n tendens dat mense hulle onttrek van gemeenskapsake. Dit blyk ’n simptoom van ontkenning van die werklikhede te wees. Respondent D: *“Daar is nie kwaadwilligheid in die onttrekking van dit wat ’n gemeenskap sou wees nie. Die onttrekking het só geklink: As jy jou onttrek in jou eie huis, dan is daar nog ’n gemeenskap daar buite. Daar is nog ’n kerk, want daar moet mos een wees. Daar is nog ’n skool, want daar moet mos ’n skool wees. Daardie ouens kan net nie meer funksioneer nie, want jy onttrek. Maar hulle onttrek, sodat hulle kan glo die goed gaan aan. Hulle wil nie hoor wat gaan aan nie. Hulle wil nie hoor daar is nie geld nie. Hulle wil nie hoor die volgende ou verkoop sy plaas nie. Jy kry die ongelooflike ironie. Kyk, ons gemeenskap het in totaliteit verander. Nou sê die ouens wat in hulle huise gebly het, maar hulle ken nie meer hierdie plek nie. Hulle voel, nee hulle voel nie, hulle IS vreemdelinge in die gemeenskap – die nuwe ene. Want die ou ene, wat hulle geglo het aangegaan, het nie aangegaan nie. En die nuwe een het hulle nie gesien gebeur nie ... .”*

In verband met nie-meelewing aan ’n poging om aan die verlies ’n openbare en gemeenskapskarakter te gee met die gemeente se “afskeidbasaar” (die enigste sodanige poging sover in gemeente 1 se gemeenskap) sê respondent D*: “Hulle wou nie gekonfronteer wees met die verwydering wat plaasvind nie. In jou taal, dit was nie ’n verlies nie, want alles sal maar aangaan soos altyd. VRAAG: Die afleiding is dan (en sê my of ek reg is daarmee) die afskeid is emosioneel en verhoudingsgewys nie voltrek nie. ANTWOORD: Weet jy waar sien ’n ou dit nou? Die mense wat weg is, daar waar hulle gaan leef het, leef hulle asof hulle nog hier is. Hulle het met makadamias gaan boer in George. Hulle het met tropiese vrugte, nè, in die Ceresvallei gaan boer. In plaas van om afskeid te neem van tropiese boerdery en ’n tropiese gemeenskap en in die noord-Kaap Karoo in te trek met die – eerstens met die mindere winste, met die mindere produksie, met die mindere geleentheid, het hulle gedink hulle kan die produktiwiteit en vrugbaarheid op ’n ander plek gaan oorbegin en oordoen. Hulle het nie daardie grens getrek nie. Hulle wou net hierdie plek weer op ’n ander plek gaan oorleef. Die ander ding is: hulle kom nou terug. Daar is mense wat aanhoudend probeer terugkom in hulle emosie hiernatoe.”*

5.2.1.2(c) Isolasie en verbittering

Naas ontkenning, blyk dit dat daar ook ’n tweede algemene respons op verlies is: isolasie en verbittering. Respondent D sê die volgende: *“Nou hoe praat jy daaroor – ons was die politieke offer gewees vir die situasie – hoe praat jy daaroor? So, die manier waarop hulle dit gedoen het, is deur persoonlike verbittering. Maar jy kan nie leef in ’n gemeenskap waar die persone verbitterd is nie, dan trek jy in jou huis terug en jy praat met niemand daaroor nie.”* ... “*Dis klaar besig om te gebeur. Daar bou ’n verbittering op by die ouens wat geglo het in die versoening, asof hulle alles gaan behou. Daar bou ’n verbittering in HULLE op, waarin hulle die geleenthede wat nou ontstaan vir ouens wat probeer om deur die verliese te kom, vernietig. Dis ’n self-ingekeerde woede ... Ek kan nie sulke mense beskryf nie. Ek kan nie. Jy leef in ’n destruktiwiteit ...”* (respondent D).

5.2.1.2(d) Woede

Respondente merk ook ’n derde reaksie op – woede en aggressie: “... *wat my bietjie bekommerd maak, is die veglustigheid is nog redelik sterk by sommige individue, daardie kwaad – ek dink dis*

*die woede wat nog in baie mense is, hulle wil baklei*" (respondent C). Die element van woede is potensieel baie skadelik vir gemeente 1. Respondent D lê 'n verband tussen die gemeenskap se woede oor hulle verliese en gemeente 1 se weerstand teen die leiers van die NG Kerk se beweging in die rigting van kerkeenheid: "*Jy kan nie in die ekonomie reageer nie. Jy kan jou woede nie af-reageer in die ekonomie nie – jy gaan jou werk verloor. Jy kan jou woede nie af-reageer teenoor die munisipaliteit nie, dan sny hulle jou water af. Jy kan nie jou woede af-reageer teenoor die skool nie. Jy kan dit doen teenoor die kerk. Daar is niks wat jou keer om vir die kerk kwaad te wees nie. So ek dink hierdie ouens het nie 'n 'clue' wat aangaan nie. Hulle het nie 'n idee hoe diep die woede is ... en die reaksie is klaar daar. En die reaksie gaan so lyk: Mense gaan nie reageer – en dis net my mening, hoor – mense gaan nie reageer deur na 'n ander kerk toe te gaan nie. Mense gaan hulle geloof los. Dis 'n woede wat hulle teen God gaan hou. Hulle gaan dit net los. Die sigbare tekens van daardie woede wys in die kerk deur die apatie wat uitgeleef word. En as jy nou nog kom en jy stort hierdie hele selfde, herhalende verskynsel namens God en sy koninkryk weer oor hulle uit ... weet jy, ek weet presies wat hulle met God en sy koninkryk gaan doen as Hy dit met hulle doen ... Maar niks gaan hulle keer om dit teenoor die kerk uit te leef nie*" (respondent D).

5.2.1.2(e) Leiers vermy rou

In hierdie studie is die persoonlike rouproses van leiers reeds geïdentifiseer as 'n belangrike katalisator van gemeentelike rou (p 236–238). Dit blyk volgens respondent D 'n haakplek te wees, wat verduidelik waarom die hele Afrikaanse gemeenskap dit in die huidige omstandighede nie regkry om hoopvol te rou nie. "... *want hoe praat jy daaroor as jou eie gemeenskapsleiers dit ontken? Hoe praat jy oor verliese as jou gemeenskapsleiers vertel hoeveel geleenthede daar is? Vang jy? Dit het op die armoedekongres gebeur. Ds x van die Dopperkerk, toe ek vir hom sê maar wat doen ons met die verlies, toe sê hy nee, daar is nie so iets nie. Dis 'n geleentheid. Dis nie 'n geleentheid nie. As ek my plaas verloor, is dit nie 'n geleentheid nie!*"

5.2.1.2(f) Treur en glo gelyk

Een respondent het 'n interessante, integrerende opmerking gemaak oor een van die tipiese treur-reaksies, naamlik opstandigheid, wat sy by haarself eien: "*Ek is opstandig. In myself sien ek myself*

*as 'n baie sterk gelowige mens en ek staan vir my geloof. Maar ek het 'n opstandigheid ook in my. En die een kanselleer nie die ander uit nie. Dit bly onderliggend daar. Ek dink die meerderheid mense voel maar so. Daar is 'n sterk gevoel van ontevredenheid.*" Sy beleef dit bewustelik dat sy **tegelykertyd glo en treur.** Geloof en 'n eerlike lewe *coram deo* omvat opstandigheid en al die ander treurreaksies.

Tot sover dan die eerste fase van 'n ryk beskrywing van vyf respondente in halfgestruktureerde onderhoude se belewenis van verandering, verlies en treur in hulle gemeenskap na 1990. Vervolgens skuif die fokus na die tweede navorsingsdoel, wat handel oor die moontlike negatiewe korrelasie tussen die kollektiewe treurproses en sinvolle gemeentebou in NG Kerk-gemeentes.

5.2.1.3 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE TWEEDE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL

***Die navorsingsdoel is tweedens om te kontroleer of 'n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG-Kerk se Noordelike Sinode.***

Sinvolle gemeentebou impliseer volgens die teologiese teorie dat die versorgende en missionêre dimensies in 'n gemeente se lewe in balans is (sien p 197). Met die gevallestudies wou ek twee dinge probeer uitvind: eerstens of die bogenoemde twee dimensies in die drie geselekteerde gemeentes in balans is of nie. In die kwalitatiewe styl van navorsing is daar ruim geleentheid vir die geselekteerde gemeentes om self aan die woord te kom: hulle eie, huidige situasie uiteen te sit en self die vraag te antwoord of daar balans is tussen die versorgende en missionêre dimensies van hulle bedieningspraktyk en -ideale. Tweedens wou ek uitvind of die drie kontekstuele faktore (verandering, verlies en treur) gemeentebou kniehalter in die sin dat dit as gevolg van dáárdie faktore is dat gemeentes meer na binne fokus as na buite. Die vrae op die onderhoudskedule is aan al die respondente gevra.

Op die vraag of dit akkuraat is om te beweer dat die NG Kerk na 1990 in sigself gekeerd geraak het, het respondent A soos volg geantwoord: "*Dis reg. Ons het in onsself gekeerd geraak. Ek ken nie soveel die stadsgemeentes se situasie nie, maar kyk, hier by ons, in ons eie situasie hier plaaslik. Die radio het ook bitter min oor die NG Kerk te sê...*" Die verwysing na die lae profiel van die

NG Kerk op die radio, klop met die respondente se waarneming wat onder die eerste navorsingsdoel gerapporteer is, dat die NG Kerk glad nie meer die prominente, selfs dominante rol van vroeër in die openbare lewe speel nie.

Met verwysing na vrae 9 en 10 op die skedule (of NG Kerk-lidmate genoeg geestesenergie het om al die werk te doen wat ’n gemeente van die Here behoort te doen en of daar huidiglik in hulle gemeente se bediening balans is tussen die versorgings- en missionêre dimensies) blyk dit duidelik dat gemeente 1 se fokus hoofsaaklik na binne is, op die versorging van die gemeente. Drie respondente vir wie die vraag pertinent gevra is, was onafhanklik van mekaar eenstemmig daaroor. Respondent A: "*Ek dink die kerk is ’n toevlugsoord, maar vir wie? Ek dink dis vir ’n baie klein deel van die gemeenskap wat nog hierdie toevlugsoord as ’n byeenkomplek soek, wat dit nog wil kom kry. Maar hy is daar! En ek dink so lank hy daar bly staan, is dit belangrik dat hy daardie rol bly vervul.*" Respondent B: "*Wat wel waar is, is dat die tradisionele uitreike met sendingwerk moes plek maak vir bediening binne-in die gemeente. As jy dit as inkeer wil beskou, ja. Ons het meer werk hier op hierdie stadium dat ons na ons eie mense moet kyk as dat ons sendingwerk doen na buite. Ons konsentreer na binne.*" Respondent C: "*Die huidige gemeente? Die versorging van die gemeente het voorrang bo die uitbreiding van die koninkryk van God.*" Een respondent wys daarop dat gemeente 1 in die verlede baie aktief betrokke was by missionêre inisiatiewe, maar dat dit as gevolg van die veranderings in die omgewing tans anders is (Respondent A).

NG Kerk-gemeentes is soms, nie deur eie besluite of onwilligheid nie, maar as gevolg van politieke veranderings, uitgedruk uit gemeenskapsprojekte waarby hulle vir baie jare betrokke was. In gemeente 1 se geval was die NG Kerk-gemeente vir dekades lank op groot skaal betrokke by ’n skool vir gestremdes in die voormalige tuisland. Respondent A was self lank op die beheerraad. Hy sê oor die huidige situasie: "*Ons is nie meer na buite toe betrokke nie. Ons probeer nog so ’n vlammetjie aan die gang hou hier met die swart leraar en sy belangstelling by ons, maar dan praat ek net van die onmiddellike omgewing ... Ek en die dominee was laas nog hier by die skool vir gestremdes. Ons het probeer leiding gee. Ons het ’n paar onderwysers daar gehad. Hulle is weg, hulle is vervang. Wat daar nou aangaan, het ons nie die vaagste benul nie en dis ’n skool wat die kerk gestig het en bedryf het vir dekades. Of daar nog ’n skool vir dowes en blindes is, weet ek nie. Of hy nog loop, weet ek nie. Want al die aanstellings het daar verander, die vakbonde het daar oorgeneem en wie ook al, ek weet nie.*"

Dieselfde situasie as by daardie skool vir gestremdes, geld ook by die eertydse sendinghospitale. Die NG Kerk se sending het ’n groot hospitaal in die tuisland begin en vir baie jare bedryf, maar vandag is dit ’n staatshospitaal en die kerk se betrokkenheid is nul. Om die NG Kerk se huidige gemeenskapsbetrokkenheid reglynig te vergelyk met vyftig jaar gelede, sal nie billik wees nie, omdat politieke en kontekstuele faktore totaal anders was. Die aanhaling hierbo getuig van ’n gemeente se gewilligheid om ’n bydrae te lewer, maar dat hulle betrokkenheid in die nuwe politieke bedeling nie meer welkom is nie.

Die realiteite van krimpende finansies en lidmaatgetalle beperk gemeente 1 se werk na buite: werk aan die uitbreiding van die koninkryk van God. Respondent A: “*Ek dink nie ons het meer die fisiese vermoë om als te doen wat ons voor 1990 gedoen het nie. Ons is te min. Ons het te klein geword.*” Respondent B eggo dieselfde sentiment: “*Dit bly ’n gespook om net genoeg te in om ons salarisse te betaal en ons gemeente-motor te betaal en om ons ander vaste kostes te dek. Dit is ongelukkig ’n feit ... Baie meer energie, geld en moeite word na binne gerig.*”

Gemeente 1 is steeds op groot en deurlopende skaal betrokke by ’n kinderhuis en by die bedienings van twee leraars van die NG Kerk in Afrika in die omgewing. Respondent B: “*Ons gee nie groot bydraes vir hulle in terme van geld nie, maar ons gee maandeliks vir hulle vergoeding om hulle werk te kan doen. Ons gee vir hulle produkte wanneer hulle basaar hou en ons gee vir hulle die vermoë, of dan die mense om te help, die ondersteuning om ’n basaar te help reël en as daar administratiewe take is wat gedoen moet word, as daar iets geskryf of getik moet word, jy weet, dis klein, maar ek dink mens moet nooit die waarde daarvan onderskat nie. Ons wil graag hê hulle moet hulle onafhanklikheid behou, hulle moet onafhanklik funksioneer, ons sal hulle net die ondersteuningsdiens gee wat hulle nodig het om onafhanklik te bly.*”

Respondent B is van mening dat ’n gebrek aan geestesenergie nie die haakplek in die gemeente se funksionering is nie. Leierskap is soms wel die haakplek. “*As jy hom roep, is hy daar. Dit is ’n geval van gesonde bestuur. Ek dink dis belangrik dat ons die regte persone moet kies om die werk te koördineer – nie om dit te doen nie, maar om dit te koördineer. As die koördineerder reg is, is die geestesenergie ook daar. As die koördineerder nie reg is nie, dan is mense lam.*” Respondent D meen egter die mense het baie min reserwes, omdat hulle al hulle energie nodig het om te oorleef.

Klaarblyklik verskil gemeentes en gemeentes se situasies van mekaar. Gemeente 1 is juis vir die gevallestudie gekies omdat uiterste veranderings oor daardie gemeente en gemeenskap gespoel het sedert 1990. Respondent C was tot kort voor die onderhoud in ’n ander gemeente en sy kommentaar in die verband was die volgende: “*In ons vorige gemeente was ons baie meer na buite gerig. Gemeente 1 is na binne gerig. Dit verskil van gemeentes ... Hierdie gemeenskap het homself na binne gerig, hom in hierdie raam geplaas – ons funksioneer in hierdie raam.”*

Konsepte soos “uitbreiding van die koninkryk van God” en “gerigtheid na buite” word in die NG Kerk nog aan rasse gekoppel. (Die wit NG Kerk moet die swart gemeenskap bereik met die Evangelie). Een van die respondente meen ’n denkverandering oor rasseverhoudings is noodsaaklik, voordat die NG Kerk weer sinvol na buite kan uitreik. Respondent C: “*Daar is nie meer plek vir rassisme in elk geval nie. As ons dit wil laat werk, as ons die land wil laat werk, sal ons definitief moet kyk: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Jou naaste kan jy nie gaan definieer en sê, o, hy kan nie swart wees nie … Ek bedoel, ons moet ’n persepsieverandering ondergaan. Ek wil nie net die naaste noem nie, ek wil hê ons moet ’n ander persepsie begin kry. Oppas vir oogklappe; tonnelvisie ... Die naaste is die ou wat saam met my… Ek dink dit hang af van gebied tot gebied. Party het buite die grense begin beweeg en party het alles net binne op hulleself toegemaak – wat ek nou hier ondervind, maar wat ek nie in die vorige dorp beleef het nie.*”

OM OP TE SOM:

**Eerstens** blyk dit dat gemeente 1 in die huidige tydsgewrig heelwat meer aandag gee aan die versorgingsdimensie as aan die missionêre dimensie. Daar is dus nie in die praktyk die balans waarvan die teologiese teorie gewag maak nie.

**Tweedens** blyk dit dat kontekstuele faktore sonder twyfel ’n rol gespeel het in die ontwikkeling van bogenoemde wanbalans. Daar is drie redes vir hierdie stelling: Een – dieselfde gemeente het vroeër jare ’n baie lewendige sending- en gemeenskapsbetrokkenheid gehandhaaf. Twee – instellings van die nuwe regering en vakbonde (wat nie daar was voor 1990 nie) het dit vir die gemeente in die praktyk onmoontlik gemaak om sy rol by gemeenskapsprojekte te speel. Drie – demografiese faktore, die kleiner lidmaattal, verandering in die profiel van lidmate, groot getalle armoedige

Afrikaners wat intrek en knaende finansiële druk speel ’n rol om die gemeente na binne te laat fokus.

5.2.1.4 NABETRAGTING EN EVALUERING VAN EERSTE FASE VAN DIE GEVALLESTUDIE

Die doel met die inhoudsanalise was tweeledig: Eerstens is daar gepoog om die massa data te reduseer tot die essensiële, tweedens om dit te orden en te tematiseer. Halfgestruktureerde onderhoude laat doelbewus genoeg vryheid dat die respondente die gang van die onderhoud tot ’n mate bepaal. Die vier onderhoude het inderdaad totaal verskillend van mekaar verloop, hoewel dieselfde aanvanklike vrae gevra is. Die analise hierbo verteenwoordig na my eerlike mening en na die beste van my vermoë, die temas en die inhoud wat *vir die respondente belangrik* is.

Na afloop van hierdie eerste fase van die eerste gevallestudie, moes die proses van data-insameling en die gehalte van die data beskou word. Daar moes krities beoordeel word of:

- die keuse van navorsingstyl (kwalitatief) die regte een was om die navorsingsveld mee te ondersoek
- die keuse van halfgestruktureerde onderhoude as strategie om data te versamel, ’n gelukkige keuse was
- die data wat met die onderhoude ingesamel is, die regte soort inligting is, of dit naamlik daartoe lei om die navorsingsdoel te bereik en of dit daartoe kan lei om die vrae in die navorsingsprobleem te beantwoord
- die werkswyse en instrumente wat gebruik is (bv die werkswyse om die plaaslike predikant te vra om respondente te identifiseer, die skedule met vrae) doeltreffend was

Ek het al die onderhoude doelbewus self getranskribeer en die transkripsies met verskillende kleure merkpenne deurgewerk en die temas met kleurkodes gemerk. Ek was met die tweede en derde keer se deurwerk van die stof meer en meer beïndruk deur die respondente se insig en meen die gehalte van die stof is baie belowend. Ek is baie tevrede met die resultate van die kwalitatiewe styl van navorsing. Na my mening is daar in die eerste fase van data-insameling reeds goeie vordering maak met ’n ryk beskrywing van ’n unieke geval. Die keuse om die halfgestruktureerde styl vir die onderhoude te gebruik, was myns insiens ook die regte keuse. Die respondente was op

hulle gemak, maar hulle het hulle deelname aan navorsing ernstig opgeneem. My indruk is dat hulle vry gevoel het en hulle eerlike menings gelug het. Die regte soort data is ingesamel wat lig werp op die navorsingsprobleem. Ek is positief dat die navorsingsdoelwitte bereik kan word.

Om die vraelys vir toekomstige onderhoude te verbeter, word die volgende twee punte bygevoeg:

1. Is jy van enige tekens of simptome bewus wat daarop kan dui dat NG Kerk-lidmate treur?
2. Toets pertinent die drie byvoeglike naamwoorde vir die treurproses in die Afrikaanse gemeenskap: *langdurig, onvoltooid, kollektief* – om aan te sluit by die tweede vraag in die geformuleerde navorsingsprobleem.

5.2.1.5 KONSEPTE VIR DIE FOKUSGROEP

Die inhoudsanalise is gebruik om konsepte te identifiseer vir die onderhoud met die fokusgroep, wat nog moes volg. Die skedule vir die onderhoud met die fokusgroep is beperk tot ses kwessies, wat almal direk met die navorsingsdoel verband hou (vir die persoonlike onderhoude was daar 13 vrae). Die rede vir die vermindering van vrae wat aan die orde gestel word, is tweeledig: eerstens het nie al die vrae ewe vrugbare inligting opgelewer in die persoonlike onderhoude nie. Vrae wat nie noemenswaardig bygedra het tot die beantwoording van die navorsingsvrae en die bereiking van die navorsingsdoelwitte nie, is weggelaat. Tweedens kon geantisipeer word dat die onderhoud te lank sou wees as al die vrae gevra word, omdat daar in die fokusgroep tussen vyf en tien respondente is wat elk ’n billike geleentheid en genoeg tyd moet kry om hulle menings te lug. Die volgende ses vrae is voorberei vir die onderhoud met die fokusgroep:

1. Beskryf die grootste veranderings wat i) in die Suid-Afrikaanse samelewing en ii) in die NG Kerk plaasgevind het sedert 1990.
2. Beskryf die prominente verliese wat NG Kerk-lidmate en NG Kerk-gemeentes beleef het in die proses van verandering.
3. Is dit akkuraat om te beweer daar is ’n treurproses in die Afrikaanse gemeenskap? Is die treurproses i) langdurig, ii) onvoltooid en iii) kollektief?
4. Het die veranderings, verliese en treurproses veroorsaak dat gemeentes konsolideer en na binne gekeerd geraak het?

5. Hoe kan NG Kerk-gemeentes die Afrikaanse gemeenskap help om rigting te kry en te vorder met die treurproses (om doelbewus en hoopvol te rou in plaas van om rigtingloos te treur)?
6. Dink u dit is moontlik/wenslik om “doelbewuste rou as ’n bediening van hoop” as ’n normale deel van die gemeente se bediening te vestig?

### 5.2.2 FASE 2: ONDERHOUD MET FOKUSGROEP

WERKSWYSE

Die fokusgroep bestaan uit vier lidmate van gemeente 1 – vrywilligers wat deur die leraar geïdentifiseer is as mense wat ’n sinvolle bydrae tot so ’n gesprek sal kan maak. Om hulle privaatheid te beskerm, is die alfabetletters F, G, H en I aan hulle toegeken. Profiel van die respondente: twee manlik en twee vroulik (twee getroude pare). Ouderdomme wissel tussen 52 en 70. Beroepe: twee boere, een skoolhoof, een administratiewe beampte. Al vier die respondente is al vir dekades lidmate van gemeente 1 en leef mee in die binnekring as kerkraadslede, voorsitster van die Vrouediens, ensovoorts.

Wat die seleksie van deelnemers aan betref, is daar ’n faktor wat uniek aan gemeente 1 se gemeenskap se onlangse geskiedenis is, wat die samestelling van die fokusgroep bepaal het. Dit was naamlik nie moontlik om grondverkopers en nie-verkopers saam in een fokusgroep te hê nie. Die verhoudings tussen die twee groepe boere (wat hierbo in die inhoudsanalise van die persoonlike onderhoude weergegee is: sien 5.2.1.1(o) op p 264–266), is nog nie ontspanne genoeg dat dit goed kan werk om verteenwoordigers van die twee groepe saam in een onderhoud te hê nie. Die persone met wie die halfgestruktureerde onderhoude gevoer is, was almal nie-verkopers van grond: twee grondeienaars wat besluit het om nie te verkoop nie, die leraar wat nooit grond besit het nie en ’n egpaar wat van elders af ingetrek het ná die grondeiseproses afgehandel is. Die fokusgroep het weer bestaan uit twee egpare wat wel grond aan die regering verkoop het, maar om verskillende redes nog in die gemeente woon.

Ek het dus verwag om ander perspektiewe op dieselfde vrae en kwessies te hoor. Die verslag van die onderhoud met die fokusgroep word ook georden aan die hand van die eerste twee punte van die navorsingsdoel.

5.2.2.1 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN EERSTE ASPEK VAN NAVORSINGS-DOEL

***Die navorsingsdoel is om ... ’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van verlies.***

5.2.2.1(a) Oorgang was makliker as wat verwag is

Dit blyk uit die fokusgroep se reaksie dat die verandering van regering in 1994 in hulle gemeenskap makliker aanvaar is as wat hulle verwag het: “*Ek is verbaas ... nou goed, ’n ou het geglo verandering is nodig, maar ... maar die aanvaarding van mense – hoe hulle die verandering (ja en dit sluit ons almal in), maar hoe dit aanvaar is, het my verbaas ... Maar dit is maar net vir my verbasend dat verandering so maklik aanvaar is* (respondent I)*. “Ja, maar het ons ’n keuse gehad? Ons moes die verandering aanvaar, ons het nie ’n keuse gehad nie”* (respondent F). *“Nee, die ouens was nie so bakleierig as wat ons gedink het dit sal wees nie”* (respondent I).

5.2.2.1(b) Grondeise het die seerste gemaak

Van al die verskillende golwe van verandering wat oor daardie gemeenskap gespoel het, is die een wat volgens die fokusgroep vir die huidige gemeente die swaarste weeg en hulle die seerste gemaak het, sonder twyfel die veranderings as gevolg van grondeise: *“Wat die gróót verandering gebring het, was grondeise* (respondent I). *“Grondeise was baie erg”* (respondent H).

Al die deelnemers aan die fokusgroep is verkopers van grond, maar hulle woon nog in die gemeenskap. Hulle praat dus vanuit daardie perspektief. Respondent I verwoord die **emosionele verlies** van ’n landbouer wat sy grond vervreem het, soos volg: “*Die plaas wat ek verkoop het, was die plaas waarop my pa sestig jaar gelede begin boer het. Dit was ons familiegrond. Dit is die plaas waar ek gebore is en my hele lewe lank gewoon het. Weet jy hoeveel herinneringe lê daar op so ’n plaas?... Ons het daar gespeel en later gewerk. Daar is baie emosie aan ... Jy ken elke boom en elke klip. Mense dink dit is maklik – jy kry mos goeie geld. Dit is nie maklik nie. Dit sit nie in jou klere nie. Ek verlang nog elke dag terug.*” Iemand wat nie self ’n landbouer is nie, kan nie

maklik die verlies verstaan van ’n boer wat sy grond moes verkoop nie. *“Ek, ek, ja ... maar ’n ou is emosioneel sterk betrokke by ons gemeenskap en sy hele geskiedenis. Hierdie ding was vir MY ’n hengse verlies om te sien dat dit gebeur wat gebeur het: dat ons blanke boere onttrek en jy besef soort van, dit is ’n deel van die geskiedenis wat hier ’n knou weg het”* (respondent I).

5.2.2.1(c) Finansiële verlies

Die boerderygemeenskap het ook enorme **fisiese en finansiële verliese** gely. “*Ek dink, as ons die fisiese verliese vat van ’90 af tot nou: diefstal, blatante diefstal, uittarting. Maar as jy vat waar ouens sommer kom en ouens se boorgatpompe oor naweke of oornag kom uithaal en steel. By jou het hulle kragpale afgesaag* (respondent I)? “*Ag, kragdrade, transmissielyne, pompe, alles weggedra”* (respondent G). *“Besproeiingstelsel”* (respondent H). “*My plaas is afgesaag. Die hout is gesteel en dit is vir my ... ek meen dit is – dit is nie klein verlies daardie nie. Dis ’n groot plaas wat ons al die jare sover as moontlik bewaar het. ’n Ou het nooit ’n ding onnodig uitgehaal nie, jy het nooit toegelaat dat daar sommer hout gekap word nie: jy het die natuur probeer bewaar. SUG. Van die grondeise af – nie van voor dit nie, dit het na grondeise en daardie ding begin dat die mense kom in en hulle beskou dit as hulle reg om te kom stroop. Hulle sê vir my ‘maar jy het nie die bome geplant nie. Dis wilde bome, jy het dit nie geplant nie. Ons het net soveel reg daarop as jy’”* (respondent G). *“Wildsbokke ook. ‘Jy het nie daardie bokke gekoop nie’”* (respondent H). *“Hulle mag dit kom jag ... maar as ek gaan uitreken die verlies wat ek het aan hout, dan praat ons nie van ’n duisend of tweeduisend rand nie, dis in die omgewing van R1,5 miljoen na R2,5 miljoen se waarde aan hout wat gesteel is”* (respondent G). Die plaaslike landdros beskou egter nie houtdiefstal as ’n ernstige oortreding nie. As daar wel opgetree word, kry die diewe R50 boete, maar behou die bakkievrag hout, wat hulle dan vir etlike honderde rande gaan verkoop (respondent G).

Hierdie betrokke respondent bevind hom in ’n besondere finansiële penarie: Hy het sy grond vir die staat aangebied en hulle het ’n deel van die geld uitbetaal. Hy kan daarom nie meer die grond as sekuriteit vir bedryfskapitaal aanbied nie. Maar hy wag en veg al jare tevergeefs vir die ander deel van sy geld. Daar is egter nou van staatsweë ’n moratorium op verdere uitbetalings, maar voordat hy die balans van sy geld ontvang het, kan hy hom nie elders vestig nie. *“Ons sit met ’n dubbele probleem”* (respondent G).

5.2.2.1(d) Wetteloosheid

Saam met die finansiële verliese, rapporteer die fokusgroep ook die **verlies aan beskerming deur die Polisie en die howe**: "*Die Polisie sal nie kom – ek kan hulle hoeveel keer roep en sê ek het hier mense wat hout steel en hulle daag nie op nie. Maar ek moet net nie oortreders se beeste daarso gaan skut of skiet nie: Kyk, dan het jy groot moeilikheid ...! Die Polisie tree nie meer op nie, maar die mense het ook, omdat die blanke nie meer kan optree soos wat hy in die verlede opgetree het nie. Ek kon gegaan het en ek kon die mense verjaag het uit my grond uit. Nou kom hulle en as ek daar aankom – hulle hardloop 'n paar treë weg en dan staan hulle daar en hulle koggel my"* (respondent G). Die frustrasie wat by boer opbou, omdat hy nie hulp van die Polisie kry met wetstoepassing nie, blyk uit die volgende: "*Hy het al bakkies daar gevang – vol hout – en hulle na ons huis toe laat ry en dan die bakkies op blokke gesit en die wiele afgehaal en gesê hulle moet kom boete betaal, R1 000 of iets van die aard, dan kan hulle hul bakkie kom kry. Op die ou end dan kom die Polisie daar aan, dan wil hulle hóm in hegtenis neem, want hy het die bakkies gesteel ... (almal lag) En dan gee jy maar vir hulle die bakkie MET die hout terug"* (respondent H). Een respondent som sy belewenis rondom wetsoortreding (veral onwettige betreding, hout-stropery, onwettige jag en diefstal) en wetstoepassing op hulle plaas soos volg op: *"... en jy ... en jy is magteloos, want die mense het nie meer respek vir jou nie. Hulle minag jou heeltemal"* (respondent G). Die fokusgroep mis die vryheid wat hulle vroeër op hulle plase gehad het, maar as gevolg van hierdie soort omstandighede kwyt is.

5.2.2.1(e) Verlies van 'n toekoms en drome

Grondeise het individuele boere en 'n hele boerderygemeenskap se toekomsverwagting en beplanning radikaal verander. Meeste landbouers het met 'n visie gewerk wat oor geslagte strek. Respondent G verwoord die impak van grondeise op hulle familie en hulle toekoms: "*Nee, ek sou sê die groot ding was, die grootste verlies is die mense se* ***drome****. Jy het soveel planne en goed gehad met die grond. Ek het daar grootgeword, ek alles geken en jy het saam met die kinders wat nou grootgeword het, het mens allerhande planne en drome gehad vir die toekoms. En skielik is dit tot niet. Nou – ons seun wat gaan Landbou studeer het, doen nou ander werk. Hy kan nie in die landbou aangaan nie, daar is nie meer vir hom plek daar nie ... Maar die ... dit wat ons beplan het, is tot niet en daar is nie 'n manier dat dit ooit weer kan herstel nie."*

Die groep verduidelik die oorblywende landbouers sit nou met ’n dilemma aangaande hulle toekomsperspektief wanneer uitbreidingsmoontlikhede hulle voordoen: Daar kom ’n goeie plaas in die mark. ’n Suksesvolle boer, wie se twee seuns saam met hom boer, weet aan die een kant as hulle nie uitbrei nie, gaan hulle vorentoe agter raak. Goeie landbougrond raak so duur en onbekombaar. Maar aan die ander kant is daar grondeise op daardie plaas ook en niemand weet wat die toekoms gaan oplewer nie. ’n Boerderybesluit kan in hierdie konteks nie op grond van normale kriteria geneem word nie.

’n Groot probleem rondom grondeise was dat die proses baie langer geduur as wat die staat aanvanklik gesê het. *“Kyk, in 2002 het hulle ons begin bel en gesê die swartes soek ons gronde. Toe het dit ... toe het hulle begin daaroor praat. Toe het hulle nog gesê dit gaan vreeslik vinnig gebeur. En ek weet nie, ek het toe begin werk waar ek nou werk. Ek het nog gedink ek gaan nie eers ’n jaar hier werk nie, dan gaan ons weg wees. Toe sou hulle sommer daardie Maartmaand die gronde oorneem en alles.* (ander stemme) *Toe het dit ’n vreeslike lang proses geword. ’n Baie uitgerekte storie”* (respondent H). VRAAG: “Met waardasies en ...” ANTWOORD: “*Ag... Ja, na die waardasies ook het dit nog lááááánk gevat voor hulle eers begin uitbetaal het”* (respondent H).

5.2.2.1(f) Goeie verhoudings het versuur

Die lang en uitgerekte proses om die grondeise af te handel, het by almal onsekerheid geskep. Allerlei **binnegevegte** het ontstaan in ’n gemeenskap wat voor 2002 die geskiedenis van ’n dinamiese en gelukkige boeregemeenskap gehad het. Goeie verhoudings het versteur geraak en daar het harde woorde geval tussen verkopers en nie-verkopers. Die fokusgroep rapporteer dat party nieverkopers die verkopers as verraaiers, lafaards en rugstekers uitgekryt het. So het daar ook harde woorde van die verkopers se kant af geval. *“Die eerste paar jaar na die grondeise en die verkope begin het, was daar ’n skerp polarisasie. Ja, ja (ander respondente). Die ouens wat verkoop het, was verraaiers gewees. Dit was ’n bitter ding gewees: mense wat ... vir wie dit eintlik ’n fantastiese uitkoms was, wat ’n kans gehad het om te kon uit moeilike situasies uitkom: Hy kon sy grond verkoop, pleks van gelikwideer te word. Dit het gemaak dat ... die mense het regtig die ... selfs op die kerk, in die gemeente was hier ’n ernstige polarisasie gewees en mense was bitter gewees”* (respondent G).

Oor die algemeen het die nie-verkopers gevoel die grond-verkopers het hulle in die steek gelaat, omdat hulle die gemeenskap verswak deur hulle grond vir die regering aan te bied. Respondent I: "*Ag, ek glo daar is ook maar 'n mate van kwalik neem omdat jy verkoop het."*

Die verkopers het weer gevoel elke mens het sy eie stel omstandighede en sy besluit is sy eie verantwoordelikheid. Een van die groeplede het sterk gevoel dat dit onredelik van die nie-verkopers was om hulle besluit om die grondeise teen te staan, aan almal te wou opdwing: *"Mens het nie die reg om jou eie besluite te neem nie!? Want dit is meer 'n selfsugtige gevoel van 'jou persoonlike besluit affekteer my ook.' So, mense neem jou kwalik as jy jou eie, persoonlike besluite neem"* (respondent F).

'n Landbougemeenskap is 'n gevestigde sisteem. Bogenoemde reaksie toon aan die respondent verstaan grondeise en grondverkope het die sisteem se ekwilibrium versteur en vir almal ongemak veroorsaak; daarom was daar sulke heftige reaksies oor en weer tussen verkopers en nie-verkopers: *"Maar hulle het vir hom gesê 'nou stuur jy net die probleem aan.' Hulle wil nie daar op die grens woon nie. Ons het al die 'hammering' gevat. Nou bring ons die grens nader, maar niemand wil help om daardie grens te verdedig nie"* (respondent H). *"Hulle is kwaad omdat ek nie meer die kastaiings uit die vuur wil krap nie (almal lag) ... Maar ek voel nie lekker oor my buurman wat vir my sê ek is 'n verraaier nie"* (respondent G).

5.2.2.1(g) Grondeise 'n landboukundige mislukking

Die boerderygemeenskap voel gegrief daaroor dat die staat miljoene rand spandeer het om hoë potensiaal plase in volle produksie aan te koop, net om dit tot niet te laat gaan (respondent I).

Die ironie van die saak is: plase wat deur die staat gekoop is, is nie aan die grondeisers gegee nie – die staat bly die eienaar van daardie gronde.

Die fokusgroep vertel die staat het aanvanklik twee bestuursmaatskappye aangestel om ongeveer 80 plase te bestuur. Hulle kon nie die mas opkom nie. Die plase is finansieel en andersins swak bestuur en het vinnig agteruit gegaan – tot nadeel van die hele distrik. Gebrekkige plaagbeheer op 80 plase het byvoorbeeld 'n direkte negatiewe impak op al die ander plase in die distrik.

Die Departement van Landbou het na ’n tyd die bestuur oorgeneem, maar hulle kan ook nie suksesvol boer nie. Daar is tientalle voorbeelde van mislukkings. Die Departement het byvoorbeeld nie geld gehad om elektriese kabels wat op een plaas gesteel is, te vervang nie. Die gevolg was dat daar in die droogste tyd van die jaar nie meer besproei kon word nie en dat die volgende seisoen se oes, wat potensieel miljoene rand werd was, as gevolg daarvan misluk het (respondent G). Op ’n ander plaas, wat ’n groot en suksesvolle kwekery gehad het, is die skadunet gesteel deur mense wat nette prakseer vir onwettige visvang. Die gevolg is dat die kwekery in sy geheel tot niet is (respondent I).

Baie werksgeleenthede is tot niet vir die plaaslike gemeenskappe. Baie van die voormalige plaaswerkers is nie deur die bestuursmaatskappye heraangestel nie. Die gevolg is dat werkloosheid en armoede in die distrik toegeneem het.

Oor die algemeen kon nie die bestuursmaatskappye of die Departement van Landbou se plaasbestuurders beheer oor die plase en hulle produkte uitoefen nie. Groot volumes van die produkte word snags onwettig weggedra. Die respondent wat sy erfplaas verkoop het, glo nie hy sal hom nou (vier jaar na die staat hom gekoop het) wil terughê nie, *“want hy is gebreek”* (respondent I).

’n Groot volume landbouproduksie is daarmee heen. Die fokusgroep sê die volgende oor die mislukte boerderye op die plase wat deur die regering gekoop is: *“Nee, nee, daaroor wil ’n ou nie eers praat nie, want dis verskriklik* (respondent I)!”. “*... daardie boerderye is in ’n toestand ... Dis ’n verwaarlosing wat ... jy kan dit nie glo nie”* (respondent H).

Sekondêre bedrywe kan ook nie sake doen soos voorheen nie. Omdat daar nie meer dieselfde tonnemaat landbouprodukte as vroeër is nie, is dit byvoorbeeld nie meer vir vervoermaatskappye winsgewend om vervoerwerk na die mark te doen nie en meeste het hulle dienste gestaak. Die enkele vragmotors wat nog mark toe ry, het baie duur geraak (respondent G). Die gevolg is dat dit vir die oorblywende landbouers moeiliker is om winsgewend te boer.

Die besondere natuurskoon op party plase is geskend: “*Op die plaas self was daar soveel mooi natuurplekke, waar ons kon gaan braai of kon gaan piekniek hou en gaan ... mense rondvat. Jy gaan nie meer soontoe nie! Dis geskend – dit is nie meer daar nie. Dis net nie ... jy voel hartseer*

*om te sien wat daar aangaan ... Al die mooi van die plaas is weggevat. Dis nie lekker om dit te sien nie"* (respondent H).

5.2.2.1(h) Grondliggende veranderings in die gemeenskapslewe

Die fokusgroep wys daarop dat die gemeente 1 se gemeenskapslewe grondliggend verander het sedert die einde van 2005, toe meeste van die boere wat hulle grond verkoop het, weggetrek het. Aspekte van die verandering is:

- Die gemeenskap was vroeër homogeen. Die ouer-gemeenskap van die plaaslike laerskool was byvoorbeeld tradisioneel 80–90% boere (respondent F). Maar sedert die grondverkopers in 2005 weggetrek het, word hulle huise verhuur aan 'n verskeidenheid mense wat niks met boerdery te doene het nie: sakemanne wat elders besighede het, amptenare van die Departement Waterwese, salaristrekkers wat vir sekuriteitsmaatskappye en ander besighede werk, werksoekers uit die stad wat by familie 'n heenkome kom soek, ensovoorts. Die blanke gemeenskap, wat die afgelope 60 jaar homogeen was, is skielik glad nie meer homogeen nie.
- Vir die eerste keer in gemeente 1 se geskiedenis is daar ernstige maatskaplike probleme in die gemeenskap self. "*Daar kom mense van Gauteng se kant af hiernatoe, maar dan is dit 'n gesin wat nie dáár vir hulleself kon sorg nie en wie se broer hier 'n salaris van R3 000 verdien en dan kom hulle ook hier by hierdie ou bly, want hy verdien 'n salaris"* (respondent F). *"... hulle bly maar net so saam en dis uit nood"* (respondent I).
- Daar is 'n groot aantal arm mense wat in die leë plaashuise ingetrek het en wat baie geïsoleerd lewe, omdat hulle nie vervoer het nie en moet loop waar hulle wil wees.
- Die profiel van die skool se ouergemeenskap het binne vier jaar drasties verander: waar die skool gewoond was dat al die ouers finansieel onafhanklik was en dat die hele gemeenskap se hande oop was vir die skool, sit hulle nou met groot finansiële probleme. Die skool het leerdergetalle verloor en baie van die nuwe kinders in die skool kan nie skoolfonds bekostig nie (respondent F).
- Die laerskool moes met 'n Engelse stroom begin, omdat Afrikaanse leerdergetalle te min geword het (respondent F).

- Vroeër jare was dit maklik om die hele gemeenskap te mobiliseer rondom skoolaktiwiteite en -projekte. Nou is dit ’n voortdurende stryd (respondent I).
- Albei Suid-Afrika se prominente landbou-organisasies (Agri-SA en die Transvaalse Landbou-unie) het ’n sterk teenwoordigheid gehad, maar Agri-SA het doodgeloop en al die oorblywende landbouers het herorganiseer in die TLU. Vir party landbouers was dit ’n hele aanpassing (respondent I).
- Ander gemeenskapsorganisasies het doodgeloop en *“die boerevereniging moet die totale bestuur van ’n gemeenskap nou behartig”* (respondent I). Maar die nuwe, verkleinde landbougemeenskap staan saam en dit gaan goed met landbou-studiegroepe, plaasveiligheidsinisiatiewe, ensovoorts. *“Ons is op mekaar aangewese. Ek dink dit is waarom die gemeenskap miskien baie nou saamwerk, deesdae, want jy is vir jou veiligheid, deesdae, meer van jou bure afhanklik, omdat mens nie regtig op die Polisie kan staatmaak – as jy die Polisie bel, of hulle die telefoon gaan antwoord of dadelik gaan reageer nie. Ek dink dit is ook een rede waarom die plaaswag so heg saamwerk deesdae, die boerevereniging”* (respondent F).
- Die gemeenskap, wat vir voorafgaande dekades ’n stabiele en gevestigde gemeenskap was, het in ’n kort tyd vir sy ou inwoners vreemd geword. Die ou inwoners was gewoond aan ’n landelike gemeenskap waar almal mekaar ken: *“Hy het vreemd geword, hoor! Baie vreemd. Ongelooflik. Kyk, baie van hierdie huise is nog steeds blanke mense wat daar bly, maar dis nie mense wat ons ken nie. Hulle kom nie kerk toe nie. Die kerk het leeggeloop. As jy nou na ’n funksie toe gaan, dan ken jy net hier en daar iemand”* (respondent H).
- Die huidige gemeenskap word as “*geweldig gefragmenteerd”* beskryf (respondent G).
- Daar is groot eensaamheid in die “nuwe” gemeenskap: *“Vir ons het dit eensaam geraak op X. Ongelooflik eensaam. Ons voel baie geïsoleer* (respondent H)*. “... mens raak vereensaam daardeur”* (respondent F)*. “Verskriklik. Dis nie meer vir my lekker nie”* (respondent H).
- Die omwenteling in die gemeenskap het baie mense in ’n oorlewingstryd gedompel. *“Almal probeer iets om ekonomies te oorleef. Mense doen dit nie as ’n diens aan die gemeenskap noodwendig nie, dit gaan meer oor ... om ’n lewe te maak, vir ’n inkomste”* (respondent F). Gemeentelede se plaasstalletjies doen byvoorbeeld nou op Sondae sake en hou die lidmate uit die eredienste weg (respondent F). Die vroeëre polarisasie vir politieke

redes, is nou minder belangrik, omdat dit oor selfbehoud gaan en die boeregemeenskap besef hulle het mekaar nodig en hulle moet saamwerk vir oorlewing. *"Dis maar net WEER saamstaan, WEER nuwe planne maak, om daardie leemte op 'n manier weer gevul te kry. En ek dink ons kry dit redelik goed reg, maar dit sal nooit weer dieselfde wees nie"* (respondent I).

- Persoonlike veiligheid het 'n groot probleem geword. Die fokusgroep rapporteer drie moorde in hulle gemeenskap sedert 2002, asook gewapende rooftogte. *"Ons het nie sulke goed geken voor 1990 nie"* (respondent I). Boere voel nie meer veilig om sonder 'n vuurwapen op sy eie plaas rond te beweeg nie, omdat onwettige betreders dikwels aggressief is en onwettige jagters gewapen. Vroue is nie vrymoedig om in die aand rond te ry, byvoorbeeld na kerklike vergaderings toe nie. Na die moord op hulle buurman, het die een groeplid gevoel sy moet maar haar huis afbreek en 'n tronk daar bou as sy veilig wil wees (respondent H).
- Daar is verlies aan lewensvreugde wat met hoë misdaadvlakke gepaard gaan. 'n Groeplid het vertel van sy familie wat by 'n braaivleis oorrompel is deur 'n gewapende bende. As hulle nou as vriende en familie lekker sit en vleis braai, *"sit jy met daardie swaard oor jou kop"* (respondent I).
- Die hoof van die plaaslike laerskool som die huidige situasie in die gemeenskap soos volg op: *"Ek dink dit gaan oor oorlewing."*

5.2.2.2 TREURSIMPTOME

Die treursimptome wat die fokusgroep in hulle gemeenskap aanwys, is aggressie, anti-sosiale optrede en depressie. By elkeen word volstaan met een of twee aanhalings wat die waarneming staaf:

5.2.2.2(a) Aggressie

*"Onder ons jongmense, ons jongmense het daar 'n aggressie in hulle opgebou, half uit ... of hulle probeer om iemand terug te kry, maar dis vir my 'n onaanvaarbare aggressiewe houding. Ja, hy voel onregverdig behandel. Die kind wat nou matriek geskryf het, hy was nie deel van apartheid nie"* (respondent I). "*Ja, dis baie waar"* (respondent H). "*Maar hy kan nie 'n beurs kry nie. My*

*kind wou argitektuur gaan swot het in ’n stadium en daar was nie plek vir haar nie. Wel, sy voel te na gekom”* (respondent I).

5.2.2.2(b) Isolasie, anti-sosiale gedrag

*“... ’n natuurlike reaksie op hierdie verliese wat mens gely het, is dat mense hulle ook onttrek het aan sosiale byeenkomste. Die aktiewe, sosiale mense van die verlede, wat jy altyd by funksies gesien het, onttrek hulle. Hulle is net by die huis. Hulle ... dis asof hulle die gevoel gekry het van ‘ek het tot dusver baie ingesit en dis wat ons gekry het vir alles waaraan ons gebou het en ek gaan myself nie meer so blootstel nie. Ek wil nie meer betrokke wees nie, ek wil myself nie meer so blootstel nie. Ek bly by my huis, ek doen my eie ding.’... Op hierdie stadium voel ek ook ons mense is ... hulle is anti-sosiaal. Mense WIL nie meer sulke goed bywoon nie, die steun vir die kerk is nie meer daar soos wat dit in die verlede was nie”* (respondent F). *“Alles het VERSKRIKLIK afgeskaal, nè?”* (respondent H). “*Vreeslik afgeskaal, ja”* (respondent F). *“Ja, maar nou is dit ’n sneeubal-reaksie. Omdat daar minder goed is, is daar minder ondersteuning daarvoor en daaroor is daar nog minder goed”* (respondent G).

5.2.2.2(c) Depressie

*“Want die kerk is die enigste plek wat my dra deur hierdie depressiewe tye”* (respondent I).

5.2.2.3 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE TWEEDE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL

***Die navorsingsdoel is tweedens om te kontroleer of ’n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG-Kerk se Noordelike Sinode.***

Gemeente 1 beleef dieselfde onstuimige tye as die gemeenskap wat sy dien. ’n Groot persentasie van die gemeente se getrouste lidmate het aan die einde van 2005 weggetrek. *“Die kerk het leeggeloop”* (respondent H). *“Baie van die gesoute leiers van die gemeente is weg. Daar is nie meer ’n orrelis of ’n koor of ’n kerssangdiens of vrolike gemeentesang nie”* (respondent F). Eredienste is ongemaklik leeg. Lidmate wat vroeër eredienste bygewoon het, het hulle onttrek. Daar is min

kinders. Kategeseklassies moet noodgedwonge gekombineer word. Dikwels is daar nie blomme in die kerk nie. Die sosiale byeenkomste is gestaak omdat dit so swak bygewoon is. Daar het die afgelope vier jaar 'n massa vreemdelinge in die gebied ingetrek wat geen band met mekaar of die "ou gemeente" het nie. Die wonde wat verkopers en nie-verkopers mekaar toegedien het, het nog nie genees nie. *"Maar ek voel my nie meer tuis in die gemeente nie – en ek praat van die gemeente self ... Jy kom daar in en jy ... die mense ... dis vreemd, daar is baie vreemde mense. En van die mense wat daar is, is mense met wie jy voorheen koppe gestamp het, mense wat jou beledig het en wat jy net nie meer gemaklik mee voel nie. Ag, jy is vriendelik en jy ..., maar jy voel nie tuis nie. Jy voel nie meer soos wat ... dit is nie meer dieselfde as wat dit vroeër was nie"* (respondent G). Die profiel van die gemeente het in 'n kort tydsbestek verander saam met die gemeenskap. Ontwortelde, arm mense wat 'n heenkome kom soek en allerlei welsynsprobleme, wat die gemeente glad nie geken het nie, is nou volop.

Die kwessies van optimale gemeentewees in die nuwe konteks en balans tussen sorg en uitreik het nie in die fokusgroep ter sprake gekom nie. Wat egter duidelik is, is dat "ou gemeente" nie meer bestaan nie en dat kollektiewe identiteitsvorming van die "nuwe gemeente" 'n enorme taak is. My oortuiging is dat 'n beplande, kollektiewe rouproses die gemeente daarmee kan help.

Een kritiese faktor wat die toekoms van die gemeente gaan beïnvloed, maar waaroor gemeente 1 geen beheer het nie, is wat die regering se volgende skuiwe gaan wees in verband met grondhervorming en die herverdeling van landbougrond.

### 5.2.3 OPSOMMEND: RESULTATE VAN FASES 1 EN 2

Ten opsigte van die eerste aspek van die navorsingsdoel (die ryk beskrywing van die gemeente se belewenis van verandering, verlies en treur) die volgende: Gemeente 1 is oor die eerste 15 jaar na 1994 se regeringsverandering onderwerp aan ekstreme verandering. Die feit dat verskillende soorte verandering oor die gemeenskap gespoel het, maak dit besonder moeilik vir lidmate en die plaaslike NG Kerk-gemeente om dit te hanteer. Aan die einde van die ondersoekproses sou ek die volgende lysie maak van **aspekte van "verandering"** wat die **grootste impak op die geloofsgemeenskap** gemaak het:

1. Staatkundige veranderings, grootskaalse demografiese verskuiwings en gevolglike herhaaldelike verandering van die profiel van gemeente 1 se lidmate.
2. Toename in misdaad (wat saamhang met wanfunksionering van die polisie en die hele strafregstelsel).
3. Grondeise (en die grondliggende verandering van die hele landbou-omgewing as gevolg daarvan).
4. Blanke armoede en nuwe maatskaplike probleme.

Wat **"verlies"** betref, is die aspekte wat gemeente 1 die seerste gemaak het:

1. Verlies van lidmate en hulle kundigheid uit die gebied as gevolg van veral twee faktore: Een: demografiese verskuiwings met die ontbinding van 'n voormalige tuisland en al sy regeringstrukture. Twee: grondeise.
2. Finansiële verliese wat met die verlies van bogenoemde twee groepe lidmate saamhang.
3. Die verlies van 'n gelukkige gemeenskapslewe.
4. Die mees ontstellende bevinding, was egter die verlies van hoop, drome, planne en ideale vir die toekoms.

Die volopste **treur**simptome is

1. Ontkenning
2. Onttrekking, sosiale isolasie
3. Aggressie.

Ten opsigte van die tweede aspek van die navorsingsdoel (die vraag of 'n langdurige, kollektiewe en onafgehandelde treurproses gemeenteboupogings kniehalter) die volgende:

Gemeente 1 het voor 1994 'n prominente rol gespeel in die gemeenskap en leiding gegee by baie gemeenskapsinstellings. Daar was lewendige betrokkenheid na buite by sending en barmhartigheid. My indruk is dat die versorgende en missionêre aspekte redelik goed in balans was. Dit het sonder twyfel verander na 1994, as gevolg van massiewe lidmaatverliese, verlies aan inkomste en groot veranderings in die gemeenskap. Sekere deure het vir gemeente 1 toegegaan. Die gemeente doen steeds meer as sy deel ten opsigte van barmhartigheid, maar dit is hoofsaaklik nuwe en be-

hoeftige lidmate wat die gemeente se bronne opeis. Die gemeente kan nie optimaal funksioneer, voordat die ou lidmate wat hulle onttrek het en die nuwe (arm) lidmate wat van elders ingetrek het, betrokke raak nie. Tans is die versorgende en missionêre aspekte glad nie in balans nie.

Dit staan bo enige twyfel dat verandering, verlies en ’n kollektiewe treurproses die optimale, totale funksionering van gemeente 1 kniehalter.

## 5.3 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 2

Een van die lesse wat ek geleer het uit gevallestudie 1, is dat dit meer sin maak en makliker lees, as die verslag oor die individuele onderhoude en die fokusgroep geïntegreerd aangebied word. Dit is wel so dat die proses anders verloop het: Die halfgestruktureerde onderhoude met individue en ’n egpaar het weer eerste plaasgevind. Nadat die individuele onderhoude se materiaal verwerk is (op dieselfde wyse as by gevallestudie 1 – sien p 254–255), is temas geïdentifiseer vir die onderhoud met die fokusgroep. Die fokusgroep se inset het later bygekom, maar is geïntegreerd met die individuele onderhoude se inhoud verwerk. (“Logic in use” vs “reconstructed logic”). My insette as deelnemer-waarnemer is ook met die inhoud geïntegreer.

### 5.3.1 SELEKSIE VAN RESPONDENTE, WERKSWYSE

As navorser het ek begin deur een van die leraars te vra of hy sal deelneem. Die leraar het die ander vier respondente vir die individuele onderhoude geïdentifiseer. Die versoek was dat hulle verskeidenheid in die gemeente moes verteenwoordig. Wat die samestelling van die fokusgroep betref, het die leraar en die gemeente se kantoorbestuurder saam besluit wie om uit te nooi. Die versoek was weer eens dat die fokusgroep verskeidenheid in die gemeente moes verteenwoordig en dat niemand verwant moes wees aan die individuele onderhoude se respondente nie. Altesaam 10 persone het deelneem aan die fokusgroep. Die data is versamel deur onderhoude met drie individue, een egpaar en een fokusgroep van agt lede. Daar was vyf onderhoude en altesaam dertien respondente.

Die profiel van die dertien persone is soos volg:

- Manlik 8, vroulik 5.
- Ouderdomme wissel tussen 29 en 70.
- Beroepe: sakeman, argitek, predikant, saakgelastigde, SAPD adjudant-offesier, voertuig-verkoopsman, apteekassistent, geneesheer, verpleegsuster, grafiese ontwerper, pensioenaris, vlugoffesier, administratiewe klerk.
- Betrokkenheid by kerkraad: agt respondente dien op die kerkraad; vyf nie.
- Hoe lank in gemeente? Nege respondente is langer as tien jaar lidmate van gemeente 2 en kan met gesag praat oor plaaslike veranderings in die nuwe politieke bedeling.

As navorser was ek tevrede met die verskeidenheid wat die respondente verteenwoordig het.

Die onverwerkte transkripsies van gevallestudie 2 se vier individuele onderhoude beslaan 50 getikte bladsye en die onderhoud met die fokusgroep ’n verdere 12 getikte bladsye. Vir die tematisering is dieselfde werkswyse gevolg as met die ander gevallestudies: Ek het self die transkripsies gedoen en dit daarna meer as een keer met kleurpenne deurgewerk om die temas te identifiseer. Die raamwerk van die eerste twee aspekte van die navorsingsdoel word weer gebruik vir verslagdoening.

Aan die respondente van die individuele onderhoude is die syfers 1, 2, 3, 4 en 5 toegeken. Daar word na al die fokusgroeplede verwys as respondent 6. Omdat die fokusgroep agt lede gehad het, was dit nie moontlik om van die klankopname af al die deelnemers te eien nie en daarom word na hulle almal verwys as “respondent 6”.

Vir gemeente 2 se fokusgroep is dieselfde ses basiese vrae as vir die onderhoud met gemeente 1 se fokusgroep gebruik (sien p 284–285).

’n Drietal kwessies van belang, wat tydens die individuele onderhoude na vore gekom, is ook aangeteken, sodat die fokusgroep verder daarop kon ingaan:

- Die impak van veelvuldige veranderings en herstrukturering van die Limpopoprovinsie se streeksregering op loopbaangeleenthede van blankes en meer spesifiek Afrikaanse mans.
- Uitdagings wat demografiese veranderings in die dorp, wat gedurende die ondersoektydperk grootstadstatus en provinsiale hoofstadstatus gekry het, aan die gemeente bied.

- Die beeld dat gemeente 2 eintlik nog nooit ’n missionêre gerigtheid gehad het nie en nog altyd meer na binne gekeer gelewe het.

### 5.3.2 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE EERSTE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL.

***Die navorsingsdoel is om ... ’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van verlies.***

#### 5.3.2.1 MAGSOORNAME

*“Ek dink jy het ’n magsoorname gekry ... Waar jy eers die klein groepie witmense gehad het wat die hele land bestuur het, het jy nou die totale bevolking wat hom bestuur. So jy het ’n totaal ander magstruktuur en ander persone in die magstruktuur”* (respondent 5). Die regeringsverandering was vir die Afrikaanse gemeenskap ’n verlies aan mag, inspraak, seggenskap. Dis verlies aan beheer om, as goed verkeerd loop, dit te dwing om reg te loop (respondent 5).

Daar is realisme dat die resultaat van 1994 se algemene verkiesing niks minder as ’n magsoorname sou wees nie: *“Ek besef, as jy ’n verkiesing in ’n land wen, moet jy tog in beheer daarvan wees”* (respondent 3).

#### 5.3.2.2 TRANSFORMASIE IS OMVATTEND

Gemeente 2 se respondente is dit eens dat die hele Suid-Afrikaanse landskap omvattend verander het sedert 1990. Die politieke verandering was die grondliggende een: Die eerste aspek wat respondent 2 aanraak, is dan ook die verandering van regering: die (wit) Nasionale Party regering, wat alles beheer het, is vervang deur die (swart) ANC-regering wat nou alles beheer. Dit was “*’n baie groot transformasie*” (respondent 2). Maar die politieke verandering was maar net die begin. “ *Die hele samelewing het vir my totaal en al omgeswaai. Totaal en al*” (respondent 3).

5.3.2.3 TEMPO VAN VERANDERING WAS TE VINNIG

Oor die **tempo** van verandering sê respondent 3: "*Wat net vir my hartseer is, die transformasie het vir my te vinnig plaasgevind. Dit is absoluut op witmense afgeforseer en die ouens het nie kans gekry om stadig in die ding in te klim nie ... mens se gevoel is dat dit het eenvoudig net te vinnig gegaan. Die verandering was net te vinnig, Vir die blanke mense het dit 'n krisis veroorsaak."* Aan die een kant het die tempo van transformasie veroorsaak dat baie blankes moed verloor het. Aan die ander kant het dit baie nuwe, swart staatsamptenare in die situasie waar hulle 'n posisie beklee waarvoor hulle nie genoegsaam opgelei is nie en gewoon nie in staat is om die pos se werk te doen nie. Dieselfde respondent voel dus dat die huidige krisis rakende dienslewering voorkom kon word, indien die pas van transformasie net stadiger was; indien die ou amptenare se kundigheid benut kon word om nuwe amptenare behoorlik op te lei: "*Maar omdat die verkiesing so rustig verloop het, dat daar nie bloed gevloei het en dat ons nie oorlog gemaak het nie, sou ek sê ons moes dinge baie rustiger benader het. Ons moes dinge stadig laat oorvloei het na hulle toe. Laat ek jou eers in staat stel hoe om 'n stad te bestuur, hoe om 'n polisiemag te bestuur, hoe om 'n swembad te bestuur, hoe om 'n klein dingetjie te bestuur. Dan vat jy die bestel oor en jy gaan rustig daarmee aan."*

Een van die fokusgroeplede het vir die stadsraad gewerk en het die veranderings beleef uit die perspektief van iemand wat verantwoordelik is om die diente te lewer. Sy kommentaar op die tempo van verandering is die volgende: *"Ek het by die stadsraad gewerk vir 14 jaar. Dis vir my so asof hulle die stad-storie te vinnig gemaak het. Want toe het hulle die aangrensende swart woonbuurt onder die stadsraad ingelyf. Dadelik het die dienste ... eenvoudige goed soos vullisverwydering, moes uitbrei na daardie buurt toe. Met ander woorde jy het 'n verskriklike groot klomp mense bygekry wat gehelp moes word. Amptenare is oorlaai, sonder enige behoorlike beplanning"* (respondent 6). Respondent 5 vergelyk 1994 se oorgang met 1948 s'n: "*Die oorgang van die Boere en die Engelse was beter, want die Engelse het in die poste gebly, die dienste het aangehou, totdat hierdie ouens uitgefaseer het en die nuwe ouens ingefaseer het. Dis hoekom dit goed gewerk het, maar in SA het hy gebreek van wit na swart toe. En dit was katastrofies. Dis hoekom ons nou sit met ons munisipale besture, alles stort in duie, die hele wêreld val inmekaar nou."*

5.3.2.4 VERANDERING VAN STREEKSREGERING

Die faktor wat veranderings in die stad waar gemeente 2 setel, gedomineer het kort na 1994, was die veranderings van streeksregering.

Respondent 1 was, as ’n senior staatsamptenaar, op die hoogte van die ingewikkelde proses om ou staatsdiensstrukture te ontbind en nuwes te vorm. Hy onthou die volgende: “*Kyk in ons provinsie was sekerlik die grootste uitdaging vir die regering. Ons is die enigste provinsie in ons land waar ons vier afsonderlike regerings gehad het: ons het Lebowakgomo-regering gehad, ons het Gazankulu-regering gehad, die Venda-regering en ons het die ou TPA gehad. Dis die vier regerings wat ons gehad het, wat moes saamsmelt in een provinsiale regering. Geen ander provinsie het soveel onafhanklike, selfstandige regerings gehad wat moes amalgameer tot een nie. Wat op provinsiale vlak gebeur het, is daar is erkenning gegee aan al hierdie bestaande regerings. Daar is ’n parallelle struktuur geskep. Daar is eintlik nou ’n vyfde regering, die provinsiale regering geskep wat totaal en al saamgestel is uit amptenare wat die ANC, die regering van die dag, sal ondersteun. Daar is van die ander regeringsdienste se mense getrek (uiteraard was baie van hulle ANC-ondersteuners gewees). Daar is vir ’n lang tyd ’n parallelle struktuur geskep, selfs met hulle eie kantore, telefoonstelsels, ensovoorts.”* Groot getalle staatsdienskantore in voormalige tuislande se hoofstede – soos Giyani en Thohoyandou, is gesluit of verander na distrikskantore toe. Groot getalle amptenare is herontplooi of het skeidingspakkette ontvang. Gedurende die oorgangstyd was daar groot onsekerheid onder staatsamptenare, omdat dit onduidelik was waar elk in die struktuur inpas en watse take en magte hy het. Die onsekerheid het daartoe gelei dat sekere werk glad nie gedoen is nie (respondent 2).

Die dorp waar gemeente 2 setel het die hoofstad geword wat die provinsiale wetgewer huisves, asook die provinsiale hoofkantore van elke staatsdepartement. Dit het meegebring dat die stad geweldig vinnig gegroei het. Daar was skielik groot behoefte aan ekstra kantoorspasie en die een kantoorblok na die ander het soos paddastoele opgeskiet. “*Die provinsiale regering – soos ek gesê het, elkeen van die vier regerings het sy eie hoofstad gehad. Daar was kantore in Lebowakgomo en Gazankulu en Venda, hulle het hulle eie raadsale en alles gehad. Dis nou alles hier by ons. So, hier was enorme groei gewees wat hier plaasgevind het. Kantoorgewys, wat hier plaasgevind het en die middestad het ontvolk”* (respondent 1).

5.3.2.5 DORP WORD STAD

’n Plattelandse dorp van die ou bedeling het in die nuwe bedeling ‘n provinsiale hoofstad met grootstadstatus geword. Op die vraag hoe die stad verander het van 1990 of tot 2009, is respondent 3 se antwoord: “*Oooee! Hy het ontsettend verander. In 1980 wat hy nog ’n plattelandse plek. Maar nou moet ek jou sê van 1980 af tot nou toe het hy gegroei tot ’n groot stad.*” In tandem met die vestiging van al die provinsiale regering se kantore, was daar ook groot behoefte aan behuising, ekstra koopsentrums, skole en alle ander infrastruktuur.

5.3.2.6 DEMOGRAFIESE VERSKUIWINGS

Hierdie stad was die afgelope 20 jaar verreweg die grootste groeipunt in die Limpopoprovinsie.

Baie blankes het in die jare kort na 1994 skeidingspakkette aanvaar en ’n groot persentasie van hulle het die dorp verlaat. Hulle is Kaap toe, of George of Weskus toe (respondente 1, 5). ’n Hele aantal blanke staatsamptenare is in die jare van die samesmelting van die vier streeksregeringstrukture na ander plekke verplaas. As hulle hul werk wou behou, het hulle geen ander keuse gehad as om te vertrek nie. Groot getalle (swart) staatsamptenare, senior mense in die korporatiewe en privaat sektor en het inbeweeg.

Gemeente 2 se gebouekompleks is vandag geleë in die middestad. Die mees ooglopende, sigbare verandering wat die nuwe bedeling vir hierdie gemeente ingehou het, was die ontwikkelings in die sakekern en die gevolglike ontvolking van die middestad. Die direkte omgewing waar die kerkgebou staan, het baie verander. “*Ja, as mens geografies kyk waar die gemeente staan en wat het hier plaasgevind, waar besighede en kantore reg rondom is ... So, hier was enorme groei gewees wat hier plaasgevind het. Kantoorgewys, wat hier plaasgevind het en die middestad het ontvolk. Die wat agtergebly het, is baiekeer mense wat in haglike omstandighede hier kom bly ... Ons gemeente het groot getalle lidmate verloor”* (respondent 1). Die area rondom die kerkgebou het totaal verander. In die ou bedeling was 26 straatblokke in gemeente 2 se grense vir besigheid gesoneer en 70 vir residensiële gebruik. *“Hy is nou omgedraai. Ons het nou 70% besigheid en ons het 26 residensieel”* (respondent 5). Die implikasies vir die gemeente is ernstig: “*Dit het die gemeente laat ontvolk. Kom ons vat net die straat wat hier reg voor die kerk verbyloop. Hier het mense oorkant die kerk gebly, nou is dit alles besighede. Dis nou middestad. Al die ouens het gewaai. Hulle bly*

*nou 20 km van hier af. Hy is ook na 'n ander kerk toe, want daar is kerke veel nader as hierdie kerk. So die hele ding het hier ontvolk, reg om die kerk … Ons het die hele onderdorp verloor. Die uitbreidings wat gebeur het, het mense laat uitwyk ... Die kerk het verloor"* (respondent 4). Op die vraag: "*Het die demografiese bevolkingsverskuiwings julle negatief geraak?"* is haar antwoord: *"Baie, baie"*.

Die gemeente se saakgelastigde wys daarop dat die gemeente ongeveer 25% van haar lidmate verloor het sedert 1990. Maak nie hoe mens daarna kyk nie, dit is 'n enorme verlies as 'n kwart van 'n gemeente se lidmate in twintig jaar se tyd eenvoudig uit die area verhuis en nie deur nuwe intrekkers vervang word nie. Respondent 3 verwys na verskeie mense wat hy baie goed ken, wat in die middedorp gewoon en vir dekades in gemeente 2 was, maar wat nou baie ver van hulle kerkgebou in 'n voorstad woon en gevolglik nou by 'n ander gemeente inskakel.

Hier is nie sprake van verlies van lidmate vir die kerk van die Here, of selfs vir die NG Kerk nie, maar van verskuiwings van mense wat 'n betrokke plaaslike gemeente se getalle ernstig verklein.

Die klein aantal straatblokke wat nog vir residensiële gebruik gesoneer is, verander ook vinnig: "*Nou wat nou met die residensieel gebeur, is dat daardie groot erwe, word nou in woonstelkomplekse ontwikkel"* (respondent 5). In daardie nuwe woonstelkomplekse woon byna uitsluitlik swart mense. Die rotasie van inwoners is ook hoog, wat dit 'n baie moeilike bedieningsveld maak vir gemeente 2.

Demografiese verskuiwings as gevolg van die koms van die nuwe Suid-Afrika is nie oral ewe groot nie. Aan die een kant van die spektrum is daar gemeenskappe wat slegs minimaal beïnvloed is en prakties dieselfde lyk as 20 jaar gelede. Aan die ander kant van die spektrum is gemeente 2 se setel 'n ekstreme voorbeeld van 'n plek wat in 'n kort tydperk amper onherkenbaar verander het as gevolg van die verskuiwing van mense. Die jongste ontwikkelings is die nuwe platinummyne wat in die omgewing begin produseer het en duisende nuwe werksgeleenthede verteenwoordig. Die nuwe, multimiljoenrand sokkerstadion wat opgerig is met die oog op die 2010 FIFA-Wêreldbeker-sokker eindtoernooi, kan die plattelandse dorp van 20 jaar gelede teen Julie 2010 'n wêreldbekende plek maak.

5.3.2.7 STADSBEVOLKING SE RASSESAMESTELLING HET VERANDER

Saam met die politieke magsoorname, is die apartheidswette geskrap: die wette op groepsgebiede, aparte geriewe, gemengde huwelike, ensovoorts. Die groot getalle staatsamptenare wat in gemeente 2 se setel kom werk en woon het, was byna uitsluitlik swartmense, wat in ’n voormalige wit dorp ingetrek het. “*As ons selfs kyk na ons gemeenskap, het hy baie verander. Dat die swartes ingekom het (ek is nie teen swartes nie), maar mens moet realisties wees: hulle het ander kulture, ander gewoontes, ensovoorts. Dit het ons gemeenskap se samestelling ook redelik baie verander. Wat belangrik was in ons gemeenskap: rugby was belangrik, as jy vandag na die gemeenskap kyk, het dit verander. Sokker is nou die prioriteit. Nie dat ek sê dis sleg nie”* (respondent 1).

Die middestad se bevolkingsamestelling het vinniger verander (en meer verander) as die voorstede s’n en daarom is gemeente 2 meer geraak as hulle buurgemeentes. Die profiel van inwoners van die woonstelblokke in die middestad het vinnig verander: *“Ons het ’n invloei van anderskleuriges gehad, ... ander kleure het ingekom in ons middestadsgebied. En ... waar ons gewoonlik by die hoëdigtheidsbehuising oumense (*NG Kerk-lidmate – WB*) gehad het wat daar gewoon het, selfs jong, ongetroude mense wat daar ingewoon het, het dit geleidelik begin verander ... hoofsaaklik swartmense het ingetrek binne ons stedelike gebied”* (respondent 5). Die fokusgroep sê oor een spesifieke, voormalige wit woonbuurt: *“In die begin het geen swarte daar ingetrek nie. Nou het die kerk daar basies amper doodgeloop as gevolg van groot woonstelblokke wat heeltemal verswart het”* (respondent 6). Mense van verskillende rasse leer mekaar ken en verskillende respondente praat daaroor dat hulle swart bure regtig goeie bure is om te hê: *“Ons het ook swart bure en as hy my in die dorp kry, dan omhels hy my (lag), ons praat en lag en gesels – dis baie nice mense*” (respondent 6).

Twee veranderings het dus tegelykertyd in die stad plaasgevind: groei in getalle en verandering in bevolkingsamestelling. ’n Plek wat in die laat tagtigerjare ’n wit, plattelandse dorp was, het in minder as 20 jaar verander in ’n groot stad met ’n rasgemengde bevolking.

5.3.2.8 MINDER LIDMATE, MINDER INKOMSTE UIT DANKOFFERS

Die kerkraad het die tendens van ontvolking gou raakgesien en besef hulle sal ’n plan moet maak om finansieel onafhanklik te bly, omdat hulle inkomstebasis vinnig verklein het (respondent 1).

Daar is terselfdertyd ’n nuwe en groeiende groep werklose en arm Afrikaners in die middestad (respondent 4) vir wie die gemeente nou verantwoordelik is. Die kombinasie van die twee faktore (minder lidmate wat bydra en groter alimentasierekening), het baie druk op gemeente 2 se finansies geplaas.

Die feit dat hulle geboue in die sakekern geleë is, het ’n krisis veroorsaak in terme van ontvolking. Maar daar is ook ’n positiewe sy van die saak, in die sin dat die kerkeiendom se waarde die lug ingeskiet het en ’n geleentheid geskep het vir die kerk om finansieel te baat. Respondent 1 merk op dat die gemeente se lidmate ouer en armer word en dat die kerk op innoverende maniere geld moes genereer: “*Het ons nie planne beraam nie om veral op finansiële vlak toe te sien … om selfstandig te probeer raak, want uit bydraes van gemeentelede self, gaan dit moeilik wees om die kerk aan die gang te hou ... Ons het eiendomme wat ons verhuur. Ons het al hierdie terreine ontwikkel. Ons het parkeer-areas ontwikkel. Dit was tot ons voordeel omdat ons in die middestad is. Ons het die gronde gehad hier wat ons kon ontwikkel het, wat die kantoorkomplekse huur by ons.”*

Omdat gemeente 2 die oudste gemeente in die stad is, besit hulle al die jare nog groot gronde naby aan die sakesentrum. Daar is ’n groot tekort aan sakepersele en parkering in die omgewing en dit maak die kerk se gronde en fasiliteite baie gesog. Die gemeente besit vandag, as gevolg van die kerkraad se sake-inisiatiewe, goed ontwikkelde konferensiegeriewe en parkeer-areas wat ’n goeie inkomste genereer. Die verleentheid en die geleentheid het hand aan hand gegaan.

Die finansiële selfstandigheid het vir ’n tyd lank teen ’n prys gekom, in die sin dat die kerkraad se aandag verdeel was tussen die bedieningspligte en die behartiging van nuwe besigheidsbelange (respondent 2). Dit het ’n hele paar jaar geneem om die besigheidsbelange so te struktureer dat dit nie meer die kerkraad se vergadertyd in beslag neem nie: *“En dit het op ’n stadium … ’n kerkraadsvergadering het partykeer amper 70% gegaan oor die besigheidsdeel van die kerk, of die bestuur van die kerk. Die geestelike deel was partykeer bietjie aan die minder kant. Maar ons het daardie ook reggekry, met dié dat ons die besigheidsbeen weggevat het. Ons het maatskappye gestig. Ons het trusts gestig wat hierdie ding nou bedryf”* (respondent 1).

Die vinnige veranderings – in hierdie geval demografies – stel buitengewone eise aan gemeentes. Hierdie gemeente het, in vergelyking met die norm, die buitengewone roete gevolg en suksesvolle

sake-eenhede tot stand gebring met die gemeente as enigste begunstigde (respondent 5).

5.3.2.9 FOKUS OP OORLEWING

Dat gemeente 2 se fokus vir 'n tyd lank op finansiële oorlewing was, is baie duidelik uit die onderhoude. *"Dis hoekom ons gemeente begin het om parkering uit te huur en konferensies te reël. Ons moes dit doen, absoluut vir oorlewing*" (respondent 3).

5.3.2.10 LAER VLAKKE VAN KERKLIKE BETROKKENHEID

Respondent 3 tref 'n vergelyking tussen 1990 en 2009 in die gemeente. Oor 1990 sê hy: "*Kerkdienste is baie getrou bygewoon. Dit het goed gegaan met ons. Daar was groot kerkrade. Daar is mooi besluite geneem. Die kerk is goed bestuur".* Die huidige prentjie in dieselfde gemeente lyk anders: "*As jy vandag kyk, die kerkrade het heeltemal afgeskaal. Jy weet, ons sukkel om 'n kerkraadsvergadering te hou.*" Hulle sukkel om genoeg kerkraadslede te kry *"... almal is maar te bly as iemand sê hy word 'n kerkraadslid" (respondent 2).* Die (verminderde getal) kerkraadslede is boonop so onbetrokke dat hulle soms sukkel om 'n kworum te kry, sodat hulle kerkraadsvergadering kan hou (respondent 3). Kerkbywoning is ook volgens respondent 3 glad nie na wense nie: *"Dit is ongelooflik as ons na ons kerkbesoek kyk, hoe min lidmate besoek die kerk...."*.

5.3.2.11 OPENBARE POSISIE VAN DIE NG KERK

In daardie proses van verandering, het die posisie van die NG Kerk in die samelewing in die breë, ook verander. Oor die tydperk voorafgaande aan 1990, sê respondent 1: "*Ja, ek dink die kerk het tog 'n baie belangrike rol gespeel in die samelewing. Jy weet, daar is ... as mens kyk die kwessie van die bepaling van waardes, wat is reg en wat is verkeerd, het die kerk 'n baie belangrike rol gespeel. Ek dink selfs in die regering se oog, direk of indirek, het die regering soms geluister na die NG Kerk, die standpunte van die kerk. Ons ken die geskiedenis van die staatskerk en dies meer ... uiteraard was die kerk baie, baie belangrik."* Daar was oor die algemeen gerustheid in NG Kerk-lidmate se gemoedere oor die regering, omdat hulle gevoel het hulle behoort saam met baie lede van die ou regering aan dieselfde kerk; hulle deel dieselfde geloof en waardes. Die gerusstelling wat gespruit het uit die oop deure wat die kerk na die regering gehad het, het in die oorgangs-

tyd verdwyn. Die verhouding met die owerheid het verander. Gevoelens van vertroue en sekerheid is vervang met benoudheid en onsekerheid: *"...ek dink daar was aanvanklik was daar 'n benoudheid by die NG Kerk-ganger dat die kerk nou oorgeneem gaan word deur die nuwe regering se mense. Die benoudheid was ook dat die leiers nie meer, soos tradisioneel, uitgesproke Christene was nie. Ek dink dit het 'n baie groot benoudheid by die NG Kerk-ganger teweeg gebring"* (respondent 2).

5.3.2.12 ONSEKERHEID

Individue het baie onsekerheid beleef rakende die oorgang van die ou na die nuwe bedeling (respondente 1, 4, 6).

Kollektief was die NG Kerk ook onseker oor baie dinge. Na party lidmate se gevoel was die meerdere vergaderings heeltemal te stil in die oorgangstyd. Dit het verlies aan funksie (in die ou Suid-Afrika het die NG Kerk nie geskroom om leiding te gee nie) en 'n mate van onsekerheid gekommunikeer. *"Ek persoonlik dink die kerk kon meer gesê het; sy stem dik gemaak het ... Ek wonder of die kerk nie in daardie stadium nie besef het wat sy posisie in die nuwe situasie is nie?... Ek dink vir 'n tyd het ons agteroor gesit en ons moes seker maar ons posisie vind in hierdie nuwe samelewing. Ons kon 'n baie meer prominente rol gespeel het. Dis hoe ek voel daaroor. Ek dink ons kon baie meer prominent betrokke gewees het en gesê het ..."* (respondent 1). Die onsekerheid onder kerkleiers en by meerdere vergaderings het afgesmeer op gemeentes.

5.3.2.13 GELOOFWAARDIGHEIDSKRISIS

Die NG Kerk het so naby aan die Nasionale Party beweeg, dat die volgende denkwyse vandag voorkom: *"Ouens, julle het gesê apartheid kom uit die Bybel uit. En nou sê julle, nee, apartheid is verkeerd. Nou, as julle nou 'n fout gemaak het met apartheid, kon julle nie met al julle ander goed ook foute gemaak het nie?' En ek dink wat daar gebeur het, is ons het die ... die wiel het net so 'n spin gegee, maar die momentum is besig om op te bou en hy bou teen 'n hêngse spoed op ... Die aanslag op ons geloof is fenomenaal. En sodra ons nou met hierdie situasies te doen het, weet ek nie of ons dominees opgewasse gaan wees om hierdie goed te kan aanspreek nie. Die media gaan vir ons flenters slaan. En ons is nie besig met teologie nie. Ons is besig met allerhande ander*

*goed, behalwe met die teologie. En ons het hier het ons ’n kopseer. Ons sal met geloofwaardigheid moet kan terugkom na ons mense toe”* (respondent 5).

Die kerkverband wat in die ou bedeling byna onaantasbaar was, bevind hom in ’n krisis oor sy bydrae in die nuwe Suid-Afrika. Vir Jesus het dit oor geregtigheid en regverdigheid gegaan. Die bydrae wat die NG Kerk se geloofwaardigheid sal herstel, moet wees om nie terug te deins van kontroversiële sake nie, maar om geregtigheid en die kritiese samelewingskwessies akkuraat aan te spreek (respondent 5).

5.3.2.14 ONTNUGTERING MET OU BEDELING SE LEIERS

Daar is 20 jaar ná 2 Februarie 1990 steeds ’n element van ontnugtering met die destydse maghebbers wat politieke beloftes gemaak het wat hulle nie kon nakom nie: “*Ons het staatgemaak op die nasionale regering van destyds, hulle sal na ons kyk: die wigte en teenwigte soos mnr De Klerk dit 1 000 maal vir ons verduidelik het. Hier het ou Pik Botha dit vir ons verduidelik, maar die ouens het hom hier met goed gegooi, ek weet nie of jy onthou nie? Dit was hier in die stadsaal. Jy weet, dit is goed wat mens op staat gemaak het en skielik is hierdie mat onder jou voete uitgeruk. Hier sit jy nou. Waarheen gaan jy nou?*” (respondent 3).

Die ou bedeling se staatsamptenare se beroepe en loopbane was baie direk op die spel. Die magteloosheid van ’n geslag staatsamptenare wat in diens was tydens die regeringswisseling, is soos volg onder woorde gebring: “*Ons het nie toegang gehad tot die onderhandelingstafel nie. Daardie mense het onderhandel oor die toekoms van die land, maar jou honderde duisende staatsamptenare – hulle het nie toegang gehad om om daardie tafel te gaan sit nie”* (respondent 1).

Die meerderheid Afrikaners het die Nasionale Party ondersteun sedert die veertigerjare. Daardie ondersteuning was volgens respondent 1 in baie gevalle ’n onvoorwaardelike, blindelingse ondersteuning: “*Hierdie mense het geglo aan die regering. Hulle het geglo daar gaan vir hulle sekuriteit wees en daar gaan dienste wees. By die onderhandeling, na die verkiesing, het daardie dinge begin platval”* (respondent 1). Die ontnugtering met die ou bedeling se maghebbers het gelei daartoe dat alle gesagsfigure (bankbestuurders, politici, dokters, teoloë) vandag baie krities bejeën word (respondent 5, 6). Mense is ontnugter, maar ook baie meer krities en onafhanklik in hulle denke: *“Ek dink mense moet nou baie meer vir hulleself dink. Dit is positief”* (respondent 2).

5.3.2.15 OUER MENSE KRY SWAARDER

Byna al die respondente meen dat die ouer garde blanke mense die swaarste getref is deur die regeringsverandering. Respondente 1 en 2 wys daarop dat ouer mense doodgewoon minder aanpasbaar is as die jonger garde. Hulle het ook grootgeword in ’n era toe die regering na hulle omgesien het vir aspekte soos mediese versorging, ouetehuise en pensioen. Die gehalte van die meeste van daardie dienste wat vandag vir hulle beskikbaar is, het baie verswak.

’n Fokusgroeplid is ’n verpleegkundige wat intieme kennis het van staatshospitale en -klinieke. Sy beoordeel daardie dienste soos volg: “*Ek wil net sê wat die verpleeg-afdeling betref, het die kwaliteit diens geweldig afgegaan ... Die kwaliteit diens het definitief baie agteruit gegaan* (respondent 6). Blanke bejaardes sit byvoorbeeld by die provinsiale hospitaal in lang toue in die son saam met die swartes. Voorheen is hulle bevoordeel, hulle is gouer gehelp. Nou moet hulle hul beurt afwag, terwyl die diens stadig is (respondent 5). Die nuwe bedeling het hulle in brood-en-botter kwessies onkant gevang. Vir meeste bejaardes is dit te laat om finansieel voorsiening te maak vir iets beter. “*Maar as mens gaan kyk na jou ouder garde mense, my ma-hulle het toe hulle grootgeword het, was die mediese diens wat hulle by die hospitaal gekry het, voldoende. Hulle het van die beste diens gekry, van die beste dokters was daar ... So, hulle het nie voorsiening gemaak vir mediese fondse nie, die oumense. Dit wat die staat daargestel het, was meer as genoeg. En baie het nie vir pensioen voorsiening gemaak nie. En eensklaps het hierdie dinge platgeval. Die oumense kry swaar”* (respondent 1).

Dit gaan hier oor die langer termyn beplanning van mens se lewe binne die makro-konteks waarbinne jy lewe. Die verlies aan goeie openbare gesondheidsdienste is byvoorbeeld iets waarby jonger mense kan en moet aanpas. Maar vir die ouer garde is dit te laat. Dieselfde geld ook veranderings soos die verminderde staatsubsidies vir ouetehuise. Werkende mense behoort voorsiening te maak daarvoor, maar vir bejaardes is dit te laat. “*Op hulle ouderdom kon hulle nie weer gaan werk nie”* (respondent 1). Hy praat ook van *“... hierdie bedreiging vir die oumense wat eensklaps sit met hierdie vrese. Wat nou?”* Onsekerheid en vrees vir die toekoms is vir baie ouer blanke persone deel van die pakket van die nuwe bedeling.

Respondent 1 het ’n goeie aanvoeling vir die feit dat groot, wêreldwye, tegnologiese en ander ver-

anderings saamgeval het met die samelewingsveranderings in Suid-Afrika. "*Ek dink nie daar gaan nog 'n geslag wees wat soveel verandering deur was – van die donkiekar tot by internet – my ma-hulle se generasie. Ek dink nie ons generasie gaan daardie veranderings deurgaan nie*". Baie ouer mense beleef hulleself as vreemdelinge in die elektroniese era.

Hier is sprake van drie faktore wat almal met ouderdom te doen het: eerstens algemene mindere aanpasbaarheid by nuwe dinge, tweedens die feit dat daar vir hulle nie tyd was om hulle finansiële beplanning vir hulle oudag te verander nie en derdens die wêreldwye tegnologiese en ander veranderings.

5.3.2.16 VROUE VAAR BETER AS MANS

Daar is 'n opvatting dat daar ook 'n verskil is tussen die twee geslagte se hantering van die veranderings: dat ouer vrouens meer aanpasbaar en meer pragmaties is, terwyl ouer mans meer rigied is. *"Die ou omies kry swaar, want hulle werk met mag en geweld. Ons tannies? Hulle het ... van die begin af het hulle dit die beste gevat ... Hulle 'handle' die ding. Mans? Nee, jig, my maat, hulle vat nog 'n ... Jy weet, ons het nou die dag 'n situasie gehad waar hulle staan met 'n swarte wat sy motorbike rev by 'n garage. Hulle het amper die ou geneuk. Ek sê vir die ouens 'julle moet stadig, julle gaan beroerte kry'. Want hulle skreeu op die swarte. Hulle wil nog soos in die ou Suid-Afrika die ding beheer. Hulle wil die ding reg hê, maar hulle wil hom op die manier wat hulle in die verlede gemaak het, met mag en geweld. En dit gaan 'backfire' ..."* (respondent 5).

5.3.2.17 WERKSVERLIESE, LOOPBAANVERLIESE

Respondent 3 merk op dat daar in die jare voor 1990 min werkloosheid in blanke geledere voorgekom het. Dit het verander as gevolg van transformasie en die regering se beleid van swart ekonomiese bemagtiging. Wanneer mense, wat vroeër werksekuriteit beleef het, hulle werk verloor, veroorsaak dit 'n krisis in die huis. Blankes wat nie skaars vaardighede het nie, sukkel om werk te kry. Die volgende, voorheen onbekende, patroon herhaal hom oor en oor in party blankes se lewens: *"'Meneer, ek het werk nodig.' 'Nee, daar is nie vir jou werk nie.' Dit veroorsaak 'n vreeslike treurigheid, 'n hartseer in ons land"* (respondent 3). Blankes het in die ou bedeling maklik werk gekry. Dit het verander. *"Hulle het die moontlikhede om werk te kan kry, het hulle verloor. Sekere werke het vir hulle toegegaan"* (respondent 5).

Twee van die individuele respondente se eie beroepslewe is baie direk geraak deur die transformasie van die staatsdiens. Die eerste is respondent 3, wat al vir 40 jaar dien as polisiebeampte. Hy het al die veranderings in die bevelstruktuur en kultuur van die polisiediens van naby beleef. Sy loopbaan het in baie opsigte ontplooi soos wat hy nooit veertig jaar gelede sou kon voorsien nie (werksomstandighede, bevorderingsmoontlikhede, ensovoorts). Die ander is respondent 1, wat ’n verpligte loopbaanverandering moes maak. In die ou bedeling het hy ’n senior pos in die streeksregering gehad. Hy was ’n toegewyde amptenaar wat oor ’n lang tydperk ’n loopbaan in die staatsdiens opgebou het. “*Jy weet, jy het ’n toekoms daar gebou vir donkiejare by die streekdiensteraad.*” Hy rapporteer soos volg oor die gebeure na die verandering van regering in 1994: “*Hulle het basies druk op ons toegepas en gesê hulle wil ons poste hê ... Eensklaps – jou sekuriteit is weg”.* Hy kon gelukkig ’n suksesvolle tweede loopbaan bou nadat hy die staatsdiens verlaat het. Maar hy weet van baie oud-staatsdiens amptenare vir wie dinge nie so goed uitgewerk het nie. “*Ek was in die gelukkige posisie dat ek alternatiewe gehad het. Daar is baie mense wat glad nie alternatiewe gehad het nie”* (respondent 1). Mense met ’n langtermynsiening van hulle loopbaan, se voorspelbare wêreld het skielik onstabiel geraak. “*Om ewe skielik die belewenis te hê dat jou sekuriteit is weg en wat gebeur môre?”* (respondent 1).

Blankes – en meer spesifiek **Afrikaanse mans,** word beskou dat hulle as ’n groep bevoordeel is deur die ou bedeling. In die nuwe bedeling, met regstellende aksie, staan hulle nou agter in die ry. *“Regstellende aksie kring redelik wyer uit as net werksomstandighede. Byvoorbeeld werksekuriteit. As blanke man is dit nie ’n voldonge feit – ons het almal grootgeword dat jy maklik werk kry. Jy maak matriek klaar en gaan universiteit toe – of jy gaan nie universiteit toe nie – jy doen jou militêre diensplig en van daar af gaan jy verder. Jy word ’n polisieman of jy doen iets in die staatsdiens of as jy gekwalifiseerd is, as jy verder geleer het, gaan jy in daardie rigting. Daar was redelik werksgeleenthede gewees. Ons as blanke Afrikaners, eintlik was ons in ’n gemaksone en ons is uit daardie gemaksone uitgeruk”* (respondent 6). Party gesinne se situasie het baie verander, in die sin dat die vrou twee of drie keer soveel geld verdien as haar man. Dis sleg vir die man se selfrespek, veral waar sý ’n goeie werk kry en hý glad nie. *“Jare terug was dit anders, dis waarom ek sê die matjie is onder sy voete uitgeruk”* (respondent 6).

Die fokusgroep verwys na werkverliese en gepaardgaande armoede, *“die armblankevraagstuk wat ons nou weer het”* en die nuwe verskynsel van blanke plakkerskampe.

5.3.2.18 GESINNE ONDER DRUK

Die fokusgroep het daarop gewys dat baie mense vandag langer ure werk, dat albei ouers gewoonlik werk en gevolglik afwesig is by die huis. TV, rekenaarspeletjies, selfone en die internet het kinders se lewens oorgeneem. Daar is klagtes dat die kinders respek verloor het (respondent 6)

5.3.2.19 EINDE VAN DIE PATRIARGALE STELSEL

Die stuiptrekkings van die vergange patriargale stelsel in Afrikanergeledere het min of meer saamgeval met die koms van die nuwe bedeling in Suid-Afrika. *"Ons het 'n patriargale stelsel gehad waarin ons grootgeword het. Dis hoekom ons in die Weermag vir die bevelvoerders gehoorsaam het, al was ons in stryd met die Skrif"* (respondent 5). Die geslag wat nou middeljarig en ouer is, is grootgemaak om nie gesag in twyfel te trek nie. Gehoorsaamheid was 'n deug, ook wanneer dit ten koste van selfstandige, kritiese denke gekom het. Die patriarge (politici, kerkleiers, familiehoofde, ens) is nie bevraagteken nie. Respondent 5 gaan voort en vertel hoedat hulle as Afrikaanse troepe in die sewentigerjare – nadat hulle reeds "boom toe" gehardloop het – met groot verbasing toegekyk het hoe die Engelse en die Jode nooit saam gehardloop het nie, maar die hele tyd met die korporaal baklei het en hom oortuig het hý was verkeerd. *"Dit het my kop geswaai. Ek kon nie die gesagstruktuur, hoe hulle daarmee gewerk het en hoe ons daarmee gewerk het ... verstaan nie"* (respondent 5).

Die dae dat Afrikaanse kinders blindelings gehoorsaam het sonder om 'n eie opinie te vorm, is egter verby. Mense is – baie meer as 'n geslag gelede – geneig om self te dink en self te besluit, eerder as om klakkeloos 'n tradisie te volg (respondent 2). *"En dit is een van die wonderlike goed wat gebeur het met ons jongmense. So, ons het ons kinders grootgemaak dat hulle opinie iets werd is. Ons wou hê hulle moet dink en hulle moet krities dink"* (respondent 5).

5.3.2.20 TRADISIONELE GODSDIENS VS DENKENDE GODSDIENS

Respondent 2 meen dat hulle 'n baie tradisionele tipe godsdiens beoefen het voor 1990. Die transformasie wat oor die land spoel sedert 1990, behels vir hom baie meer as net politiek: "*Ek dink dit het die mense laat dink aan transformeer in alle opsigte van hulle menswees."* Dit raak die hele

kerklike landskap. Hy meen daar het van 1990 af ’n ontsettende oplewing gekom in die charismatiese beweging. Met die groter openheid wat daar is, het mense ’n groter keuse ten opsigte van hulle kerklike affiliasie en meelewing. Party NG Kerk-lidmate het na charismatiese groepe toe gegaan, wat vir die NG Kerk ’n verlies van lidmate beteken het. Daar is ook ’n verlies aan vanselfsprekende lojaliteit aan die kerk. Party mense sien hulleself vandag as godsdienstige verbruikers wat soos die tipiese moderne, lekkerbekkige verbruiker gaan waar dit sy smaak die beste pas. Aan die een kant is daar ’n nuwe geslag “church hoppers”. Maar die keerkant daarvan is volgens respondent 2 heilsaam vir die NG Kerk: “*Ek sou sê nie direk in die eerste paar jaar van 1990 tot 1995 nie, maar van 1995 af tot nou toe, het daar dramatiese veranderings gekom in die uitgangspunte, die visies van kerkgangers ten opsigte van die NG Kerk. Dit gaan lankal nie meer net daaroor dat jy grootgeword het in ’n NG Kerk huis en jy volg maar die tradisie nie. Ek dink mense moet nou baie meer vir hulleself dink. Dit is positief.”*

5.3.2.21 MISDAAD NEEM TOE. VERLIES AAN WERKSTROTS EN WERKSBEVREDIGING

Oor die jare voor 1990, uit die perspektief van ’n polisieman, sê respondent 3 die volgende: “*Die samelewing was vir my baie rustiger gewees in die jare tagtig, voor 1994 se verandering gekom het. Die samelewing was vir my rustiger gewees – wit en swart ... Die misdaad was HEELTEMAL onder beheer. Statistieksgewys, as jy vergelyk met vandag. As jy kyk na daardie jare, was dit absoluut onder beheer. Daar was eenhede wat die misdaad gepolisieer het met groot, groot sukses. So dit was absoluut onder beheer.”* Hy praat met trots oor die polisie se suksesse.

Hy is steeds ’n polisiebeampte met ’n baie positiewe lewensingesteldheid (volgens sy vrou, respondent 4), maar sy werkstrots en beroepsbevrediging het ’n ernstige knou gekry. Hy verwoord dit soos volg: “*Kom ons neem byvoorbeeld die polisie waarvan ek baie goeie ervaring het. As jy kyk hoe kommissaris Selebi al die spesialis-eenhede afgeskaal het: die huisbraak-eenhede, die bedrog-eenhede, die klas van ding. Misdaad het as gevolg daarvan toegeneem. Jy moes bly spesialiseer het op spesifieke soort misdade. Daar sou ek sê was ’n fout gewees. Dit was vir my ’n absolute fout.”* Hy dui die huidige vlaag van ongedissiplineerdheid in die SAPD, justisiedepartement, staatsdiens en die samelewing in die algemeen aan as ’n kwessie wat hom diep grief. Die veteraan polisiebeampte sê: “*Wetteloosheid en misdaad knou ons geweldig”* (respondent 3).

Die punt hier is nie net misdaad nie, maar ook die werksbevrediging en werkstrots van ’n gesoute polisiebeampte. Sy werksomgewing het baie verander. Die organisasie waarbinne hy werk, was 20 jaar gelede hoogs gedissiplineerd en suksesvol met die uitvoering van sy mandaat en hy as lid was baie trots op wat hulle kollektief bereik het. Hy werk nog vir dieselfde organisasie, maar kollektief is hulle glad nie meer so suksesvol nie; die polisie het misdaad glad nie meer so onder beheer soos in sy jong dae nie. Dit verteenwoordig verlies aan werkstrots en werksbevrediging.

As respondent 3 ongedissiplineerdheid en swak prestasie in die polisiediens as ’n probleem uitwys, is dit nie net sy persoonlike mening of vooroordeel nie. Die verslag van die polisie se nasionale inspektoraat, wat vroeg in Maart 2010 aan die parlementêre portefeuljekomitee oor polisie beskikbaar gestel is, rapporteer ’n donker prentjie by 733 van die 1 116 polisiekantore in die land. “Bevelvoerders by die meeste polisiekantore in die land versuim die mees basiese plig om beheer en toesig oor beamptes, dossiere, wapens en voertuie uit te oefen” (Steenkamp 2010). Dit blyk dat die bevelvoerders en ander hoofde ’n ernstige gebrek aan kennis en vaardighede het, dat speurders se ondersoekwerk in al die provinsies swak is, dat baie beamptes wat verklarings afneem, se verklarings nie aan die vereistes voldoen nie, dat die verlies van vuurwapens nie aangemeld of behoorlik bestuur word nie, dat daar swak toesig en beheer oor die gebruik van polisievoertuie is, ensovoorts (Steenkamp 2010).

5.3.2.22 WERKSETIEK

Volgens die fokusgroep is werksetiek ’n groot probleem in die staats- en korporatiewe sektore. Daar is nie meer ’n kultuur dat elke persoon elke dag ’n eerlike, harde werksdag se uitset lewer nie. Verskeie lede van die fokusgroep het daaroor gepraat dat baie swartmense, as gevolg van regstellende aksie, aangestel word in poste waarvoor hulle nie opgelei is nie, of nie die ervaring het om die pos se werk te doen nie. Die gevolg is dat hulle ’n goeie salaris kry, maar min werk gedoen kry. Blankes merk dit op, raak gefrustreerd met die situasie en hou ook op om hard te werk. Die een lid van die fokusgroep sê hy sien blankes in sy werksomgewing gaan agteruit, maar hy is magteloos. ’n Ander lid sê: *“Dis wat my ongelukkig maak oor die blankes, baie van hulle, in plaas van nou trots te hê en te wys wat is hulle opleiding en standaarde, daal hulle na dieselfde vlak af ondertoe. En dis wat dit so hartseer maak, want die blanke raak nou heeltemal of hy sy trots verloor het en hy heeltemal afgaan ten opsigte van standaarde”* (respondent 6).

5.3.2.23 LAER STANDAARDE VAN DIENSLEWERING

Letterlik al die respondente het, onafhanklik van mekaar, verswakkende dienste as ’n kommerwekkende onderdeel van die veranderende Suid Afrika genoem. In vorige paragrawe is daar reeds terloops verwys na gesondheidsdienste en polisiëring wat agteruit gegaan het. Die agteruitgang is egter oor die hele spektrum. Daaroor het die fokusgroep nie twyfel nie: *“Dis die oorhoofse prentjie. Dit is nie net enkele opinies om hierdie tafel nie. Ek dink dit is ’n algemeen-aanvaarde feit”* (respondent 6).

Ander areas waarin respondente agteruitgang van die kwaliteit dienste uitgewys het, is onderwys (respondent 2, 6), welsyn en pensioene (respondent 1), elektrisiteitsvoorsiening, watervoorsiening, stormwater, riool en sanitasie (respondent 5, 6), verdediging, paaie, vullisverwydering (respondent 6).

Volgens respondent 1 lê die herkoms daarvan in die oorgangstyd en die oorgangstrukture wat vir die streeks- en plaaslike regerings geskep is en in die gees van onsekerheid en wantroue wat daar geheers het. Amptenare in die verskillende strukture was onseker oor waar hulle inpas en wat hulle magte was. *“Die lewering van dienste is ernstig benadeel. En die wantroue wat bestaan het… die programme wat op die tafel was, was die vorige regering s’n. Maak nie saak hoe goed dit was nie, dit is gewantrou. Dit geld die amptenare ook. Daar was nie vertroue in die amptenare gewees nie”* (respondent 1). Programme van roetine-instandhouding (bv paaie, rioolaanlegte) het tot stilstand gekom en nooit daarna weer op dreef gekom nie. In 2010 dui alles wat die respondente sê (en die navorser se waarnemings as deelnemer) daarop dat daar nog nie weer ’n kultuur van dienslewering, pro-aktiewe werk en werkstrots in die staatsdiens gegroei het nie. *“Die probleem is, alles word reaktief aangespreek, nie pro-aktief nie. As daar ’n tekort aan water is, word dit aangespreek. As die rioolwerke oorlaai word, dan word dit aangespreek. Maar daar word nie nou opgetree vir later nie ... Die dorp se instandhouding het heeltemal geval. Kyk na die strate. Die infrastruktuur het geduik”* (respondent 6).

Daar is geen twyfel oor dat probleme met dienslewering landswyd inderdaad krisisafmetings bereik het nie. Die nasionale uitsaaier het op 18 Maart 2010 berig dat daar vir die maand voorafgaande elke dag betogings in townships was (meeste daarvan in Gauteng) oor die ineenstorting

van munisipale dienste (RSG-nuus en Spektrum). Die verlies aan gehalte dienste van staatsdepartemente op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak, is ’n onaangename werklikheid.

5.3.2.24 VERLIES AAN NATUURLIKE AANKLANK

In die ou Suid-Afrika was dit vir Afrikaanse verbruikers en privaat ondernemers maklik om kontak te maak met korporatiewe instellings en staatsinstellings, omdat baie van die mense in besluitnemingsposisies ook Afrikaanssprekend was. Daar was ’n natuurlike aanklank. Transformasie van die staatsdiens en die korporatiewe sakewêreld het dit verander. *“My ankerkliënt tot 1990 was Sanlam Eiendomme. Maklik. Jy stap by hulle in en jy is ’n Boere-Afrikaner en jy het ’n onmiddellike aanklank. Deesdae as jy nie hulle taal kan praat nie, kan jy amper vergeet om werk te kry. Dis groot verandering”* (respondent 2). Die natuurlike aanklank vir Afrikaanse sakelui met potensiële korporatiewe of staatskliënte was ’n neweproduk van die Nasionale Party regering se dominansie voor 1990. Op ’n informele manier is Afrikaners deur die stelsel bevoordeel. Die pendulum het, wat dit betref, deurgeswaai na die ander kant toe. Vandag geniet swart sakelui daardie natuurlike aanklank met die besluitnemers in die staats- en korporatiewe omgewing.

5.3.2.25 RASSISME

Dis ’n illusie om te dink dat rassisme in Suid-Afrika verdwyn het. Dit is ’n gemeenskapsprobleem en dit is wederkerig. “Ras” is steeds die norm van die regering se beleid. “Omdat die benadeling van die apartheidsverlede op ras gebaseer was, so lui die argument, is dit onvermydelik dat die verwydering van die benadeling ook op rasse-oorwegings gebaseer moet word” (Van der Merwe 2010:318). Van regeringsweë is ras-gebaseerde transformasie die prioriteit en nie-rassigheid laag op die agenda. “Baie Afrikaners ervaar nasiebou en transformasie traumaties. Vir hulle is dit omgekeerde rassisme en blatante diskriminasie” (Van der Merwe 2010:314). Gemeente 2 se lidmate beleef dit dat die plaaslike owerheid teen hulle diskrimineer: *“Daar is nog steeds diskriminasie, want as die munisipaliteit besluit hierdie gedeelte is oorwegend swart, dan hef hulle laer munisipale tariewe en goed en dan is jy nou maar net ongelukkig as jy nie in daardie dele bly nie. Hulle sny dit partykeer soos met ’n straat, blok na blok. Dit maak mense ook bietjie negatief teenoor ander groepe. Dit lyk na diskriminasie en onregverdigheid”* (respondent 6).

Een van die respondente praat van die emansipasie van swartmense. Dit kom na vore op mooi maniere, byvoorbeeld waar mense die nuwe geleenthede wat na hulle kant toe kom aangryp, maar ook op lelike maniere, byvoorbeeld waar swartmense nou vrymoedig voel om op blankes te vloek en tekens te wys as hulle oor die straat se kruising ry (soos wat dikwels aan hulle gedoen is) (respondent 5). ’n Respondent sê oor rassisme in Suid-Afrika vandag: *“Nou sit die skoen heeltemal aan die ander voet”* (respondent 6). Daar word tans, op grond van ras, op verskeie gebiede teen blankes gediskrimineer: by werksaansoeke, die toekenning van studiebeurse, die kies van sportspanne, ensovoorts. Respondente meen ons jonges pas beter aan in die nuwe Suid-Afrika, “*maar hulle kry die klap bietjie snaaks”* (respondent 5). Die “klap” is ’n rassistiese klap. Hulle was nie verantwoordelik vir apartheid nie, maar hulle byt die spit af in die tyd van regstellende aksie. Dis vir hulle eintlik ’n verrassing as hulle in die buiteland op meriete behandel word en maklik werk kry: *“Hulle (*Afrikaanse jongmense in die buiteland – WB*) kry werk en dit is nie ’n kwessie van ‘ek is blank’ nie – ongelukkig het ons hierdie rassisme wat aan my betref net half omgekeer is van wat dit was”* (respondent 3).

5.3.2.26 SEKONDÊRE, WERKSVERWANTE VERANDERINGS EN VERLIES

Respondent 3 haal voorbeelde aan van mense wat tevergeefs in die staatsdiens en private sektor werk soek en die invloed wat dit op jongmense het om hulle heil in die buiteland te soek, wanneer hulle sien hoe hulle ouers sukkel om werk te kry. Waar Afrikaners voor 1990 in isolasie geleef het, is studies en/of werk in die buiteland vir meeste jongmense absoluut ’n opsie. Twee van respondent 5 se kinders is byvoorbeeld tans in die buiteland – een vir studie en die ander een vir werk. Party blankes raak negatief, omdat hulle voel daar is nie meer geleenthede nie en daar word teen hulle gediskrimineer. Dinge het inderdaad verander. In die ou bedeling is daar dikwels teen swart mense gediskrimineer. Die reëls van die spel in die werkplek, is tans net mooi die teenoorgestelde. ’n Geslag gelede het dit in jou guns getel het om ’n goeie Afrikaner te wees. Vandag tel dit teen jou: “*Alles het verander ... Baie groot veranderings. So kan jy ook besigheid vat: ons kry nie meer ons werk by tradisionele, wat sal ek dit noem, Broederbondmense en jy moet ’n Rapportryer wees om te kan werk kry nie, jy verstaan? Deesdae is dit totaal anders*” (respondent 2). Veranderings in die werkplek en toenemende werkloosheid het veroorsaak dat die Afrikaanse gemeenskap as geheel armer is as voor 1990 (respondent 1).

5.3.2.27 MISDAAD EN VERANDERING IN LEWENSTYL

*"Misdaad oorval ons en ons kan nie asem kry nie"* (respondent 6).

*"Ons ervaring is dat daardie vryheid wat ons gehad het, het ons verloor. Wat ek bedoel, is, in die aande kan jy nie meer 21:00 kafee toe stap om 'n roomys te koop – jy kan dit net nie meer doen nie"* (respondent 6).

Respondent 3 ('n polisiebeampte) rapporteer dat die polisiediens nie gedissiplineerd is en hulle werk behoorlik doen nie. As gevolg daarvan neem misdaad toe. Al die respondente se waarneming is dat misdaadvlakke hoër is as voor 1990. "*Dit gebeur met elke tweede, derde gesin dat jy sien ... dat mense beroof word, of dat mense ekstra sekuriteitsmaatreëls by hulle huise moet aanbring. So, ja, dit is 'n verlies. Jou lewenstyl het verander. Ons almal se lewenstyl het verander, hetsy ten goede of ten slegte. Dis beslis die nuwe dispensasie wat daarvoor gesorg het. Saam met dit het geweld gekom en alles wat saam met geweld gaan. Die mense beleef verlies"* (respondent 2). Een van die probleme aangaande wetstoepassing, wat misdaad laat toeneem, is die skaal van wangedrag onder wetstoepassers self: "*Kyk die geweldige getal motorongelukke wat voorkom, veral die tyd van die jaar* (Desember – WB). *Hulle hou aan sê mense moenie drink en bestuur nie. Hulle steur hulle nie daaraan nie: polisiemanne, aanklaers, verpleegsters. Daar is 'n lang stuk vanoggend in die koerant van mense wat hulle gearresteer het. Die ongedissiplineerdheid, die wetteloosheid. Dis 'n ding wat sommer-so toeneem"* (respondent 3). Respondent 5 haal 'n voorbeeld aan van 'n landbouer wat slegs suksesvol kon boer omdat hy reg in eie hande geneem het en byvoorbeeld self sy gesteelde goedere gaan terughaal het, omdat daar nie ondersteuning van die polisie was in die bekamping van misdaad nie.

Omdat misdaad tot so 'n mate toegeneem het, moes mense hulle huise en lewenstyl aanpas: *"Jou huis het 'n tronk geword. Ons het 'n groot, oop huis gehad. Die vensters is tot hier op die grond gebou. Nou is dit nie meer so nie – dit is 'n tronk. Ons moes mure om bou, ensovoorts"* (respondent 3). Twee respondente het spontaan vertel hoe veilig dit in ander lande soos die VSA en Nieu-Seeland is, dat privaat huise nie heinings en diewetralies het nie en dat dit 'n gemakliker lewenstyl impliseer.

5.3.2.28 HUISBESOEK

Dit blyk dat die nuwe situasie in die gemeenskap van onveiligheid, groter onpersoonlikheid (as gevolg van die nuwe, hoë heinings tussen bure), mense se verliese en seerkry, ’n ernstige negatiewe uitwerking op gemeente 2 se bediening gehad het. Al die respondente merk op dat huisbesoek van leraars en kerkraadslede problematies geraak het: “... *huisbesoeke het heeltemal afgeskaal en ek dink dit is nie reg nie. Ek voel ’n ou moet jou mense nog bly motiveer. Dit was in die ou dae so, mense het gereeld besoek gekry van ons predikante, van ons kerkraad en dit is goed wat weggeraak het ... Die dilemma is, jy kan nie jou mense meer saans uitstuur nie. Hoe stuur jy ’n vroue-diaken uit om te gaan kollekteer of huisbesoek doen? Dit is net nie veilig vandag om dit te doen nie. En dan die sekuriteitskomplekse ook – jy kom net nie binne nie”* (respondent 4). In die proses waar daar minder huisbesoek gedoen word, ken mense mekaar nie meer nie en dra nie meer kennis van mekaar se probleme nie. In die proses gaan ’n deel van die intimiteit in ’n gemeente verlore, asook baie geleenthede vir pastorale hulpverlening. Huisbesoek was 20 jaar gelede baie maklik. Een respondent vertel hoe hy sommer op die ingewing van die oomblik besluit het om sy wyk te gaan besoek *“en dan stap ek van huis tot huis. Daar is nie meer so-iets nie. Almal het hoë mure”* (respondent 6). Gaandeweg raak gemeentelede vreemdelinge vir mekaar.

Saam met nuwe landsomstandighede na 1990, gaan veranderings in die NG Kerk se tradisionele bedieningspatroon. Vir baie dekades was roetine huisbesoek die ruggraat van pastorale werk: “*Onthou jy, in die ou tyd het ons alles met die dominee bespreek? ’n Dominee het alles geweet van al sy lidmate. Ek dink daar is dalk nou te min dominees, eerstens, en die geweldstorie het gemaak dat daar nie meer huisbesoek gedoen word nie. Die gebrek aan huisbesoek het mense na binne toe laat keer, want die kerk stel nie meer in hulle belang nie, hoe sal hulle nou met hierdie ou praat…?”* (respondent 2). Roetine huisbesoek is ’n bedieningspatroon waaraan NG Kerk-lidmate vir baie jare gewoond was. Huisbesoek raak egter al meer problematies in ’n postmoderne wêreld – nie net in gemeente 2 nie. Dit is ook meer problematies in ’n stad as op die platteland (vgl Louw 1980:8, 41-43). Dit is egter waar dat gereelde persoonlike besoeke met verloop van tyd ’n vertrouensverhouding laat ontstaan tussen ampsdraer en lidmaat. Waar die besoeke nie plaasvind nie, ontwikkel geen vertrouensverhouding nie. *“Jy verstaan wat ek bedoel, die mense slaan toe. Hulle keer na binne toe. Ek sien dit ook as ’n soort van verlies. Die vertrouensverhouding tussen kerk-*

*ganger en predikant, het dramaties afgeneem. Daardie waarde ... is nie meer daar nie en dit is bitter jammer"* (respondent 2).

5.3.2.29 PASTORALE SORG IN 'N KONTEKS WAAR MENSE HULLE ONTTREK

Twee van die respondente merk 'n tendens in die samelewing op dat mense wat 'n bloedneus gekry het (bv deur hulle werk te verloor), hulle onttrek van medemense en hulle gemeente. Dit het bepaalde implikasies vir die kerk se pastorale bediening: daar is mense wat met seer rondloop wat hulle met niemand deel nie, maar na binne draai. *"Ons is miskien bietjie teruggetrokke of, wat is die woord wat ek soek? ... dat jy jou eie struggle op jou eie voortsit; op jou eie probeer aangaan. Dit is so dat daar mense is wat seergekry het, verseker"* (respondent 1). *"Die mense beleef verlies. Die mense raak egter baie meer toe. Hulle slaan toe, binnetoe. Omdat daar nie meer ouderlinge is wat vertroue inboesem nie, omdat die kerkleiers nie meer weet wat by hulle kerk-huise se huisgesinne aangaan nie en omdat mense nie meer vertoue het om dit selfs met hulle predikant te bespreek nie, slaan hulle toe"* (respondent 2). Die lidmate se nood verdwyn nie, maar in so 'n situasie waar die kerk se ampsdraers eerstens nie meer op 'n roetinebasis huisbesoek doen en daarom in 'n vertrouensposisie is nie en 'n situasie waar heelwat mense hulleself tweedens van medemense onttrek as 'n reaksie op seerkry of verlies, is die gemeente nie in die posisie om lidmate optimaal by te staan en pastoraal te versorg nie.

Een van die respondente vertel van bure langs wie hulle al 15 jaar woon. Die aand voor die onderhoud het die buurman sy hart teenoor hom uitgepraat en hy weet nou vir die eerste keer ooit daarvan dat sy buurman "*'n hengse probleem*" het. Hy is as mede-gelowige gemotiveerd om te probeer help, maar terselfdertyd ontsteld daaroor dat die kerk vir die voorafgaande 15 jaar nie geweet het nie en ook nie gehelp het nie.

5.3.2.30 BYWONING VAN EREDIENSTE

Hoë misdaadvlakke en mense se gevoel van onveiligheid het implikasies vir die gemeente se eredienste. Dit raak oggend-eredienste ten goede, omdat die gemeente oor genoeg veilige parkeerplek beskik. Mense ry met vrymoedigheid in, parkeer hulle motor binne en woon die erediens by sonder om te bekommer oor motors se veiligheid. Die veiligheidsituasie het die bywoning van aand-eredienste egter so negatief geraak, dat die kerkraad dit gestaak het: "*Ek dink byvoorbeeld*

*ons betrokkenheid het minder geraak as gevolg van onveiligheid. Die mense voel nie meer so veilig om kerk toe te kom nie. En ons het glad nie meer aanddienste nie. Dis vir my 'n direkte gevolg. Anders sou ons kerk nog vol mense gesit het in die aand. Dis nie dat die mense nie WIL kom nie. Hulle wil kom, maar hulle sien net nie meer kans om in die aand rond te ry nie. Jy weet, twee of drie ou tannies in 'n kar – die risiko is net te groot"* (respondent 2).

5.3.2.31 BOERE

Die boeregemeenskap is sedert 1990 toenemend aan misdaad en provokasie blootgestel. Respondent 5 vertel van een so insident op 'n vriend se plaas: *"Een môre soek hy die koei, die koei is pfffoe. Hy loop daar af in die spruit. Hy het die spore gesien, of wat ookal, maar hy kom op sy koei af, toe lê die koei op haar rug. Hulle het die 2 boude afgesny en die uier lê vir hom so en kyk."* Die boer het gesê in sulke omstandighede sou hy homself heeltemal te buite kon gaan as hy die skuldiges daar moes raakloop. Die leraar van gemeente 2 het, as gevolg van verslegtende omstandighede, verskillende boere al geadviseer om vir hulle eie behoud weg te kom van hulle plase af. Die pakket van omstandighede vir gemeente 2 se landbouers is baie negatief. *"Ons boeregemeenskap is verby, hy gaan dit nie maak nie. Nie in ons omgewing nie"* (respondent 5).

5.3.2.32 BLANKES VERLOOR MOED; VERLOOR HOOP

Die tasbare verliese (werk, inkomste) het soms die effek dat dit verlies op die mens se gees veroorsaak. *"Mens se gevoel is dat dit het eenvoudig net te vinnig gegaan. Die verandering was net te vinnig, Vir die blanke mense het dit 'n krisis veroorsaak. Ek dink hulle het begin moed verloor. Die blankes het gevoel hulle verloor en hulle het nie kans gehad om hulle reg te maak daarvoor nie. En dan gebeur dit dat mense moed verloor"* (respondent 4). As hierdie respondent die Afrikaanse gemeenskap se verlies moet opsom, sê sy: *"Vir my gaan dit eerstens oor die hoop wat ons verloor het. Regtig, dis 'n worsteling wat mense met hulleself het"*. 'n Ander respondent merk dieselfde verskynsel op en stel dit in sy eie woorde: *"Ek dink hulle het begin moed verloor. Die blankes het gevoel hulle verloor en hulle het nie kans gehad om hulle reg te maak daarvoor nie. En dan gebeur dit dat mense moed verloor"* (respondent 3).

5.3.2.33 EMIGRASIE

Respondent 2 maak die opmerking dat ’n kind uit elke tweede of derde familie in hulle vriendekring emigreer. Respondent 3 stel dit soos volg: “*Ons ken bykans in elke familie wat ons ken, iemand wat oorsee bly. Dit is werklik so. In die Afrikaanse gemeenskap het dit begin gebeur.”* Hulle eie dogter en haar vriend was byna-byna in Dubai, omdat hulle beroepe (ingenieur en wiskunde-onderwyser) hoogs in aanvraag is daar. Familie-oorwegings het hulle egter laat besluit om in Suid-Afrika te bly.

Die staafgrafieke met gemeente 2 se lidmaat-inligting toon duidelik aan dat jongmense in die ouderdomsgroep 20–30 uit die gemeente verdwyn. *“... hulle gaan stede toe, hulle gaan swot en dit word nou al erger, want hulle gaan nou buiteland toe. Hulle verdwyn. Hulle kom nie terug na ons toe nie, want daar is nie vir hulle werksgeleenthede nie, al die werke word ingeneem deur swartmense”* (respondent 5). In ’n omgewing van transformasie, rasseteikens en swart ekonomiese bemagtiging, is daar vir hulle minder beroepsgeleenthede. Groepsdruk en die invloed van vriende speel ook ’n rol, omdat byna alle jongmense vandag via *Facebook* en ander elektroniese kommunikasiemiddels kontak hou met vriende en familie in die buiteland. *“Dis regtig so, die kinders kyk uit en hulle sien dit gaan goed met hulle maats se werksomstandighede daar en dan ... ons gekwalifiseerde mense is regtig in aanvraag in die buiteland. As jy luister, daar is mense wat vir hulle sê ‘kom, ons kan jou help in daardie beroepsrigting. Jou rigting is in aanvraag hier’. En dan gaan hulle skuif, want dit is vir hulle rustiger daar”* (respondent 4).

5.3.2.34 NOG SAMELEWINGSVERANDERINGS

Aspekte van verandering wat respondente genoem het, sonder om veel daarop uit te brei, is onder andere:

- Sport-isolasie is deurbreek en sportliefhebbers het baie meer internasionale sportbyeenkomste om te geniet in die nuwe bedeling (respondent 2).
- Verskeie kunsvorme soos musiek, toneel, skilder- en beeldhouwerk het ’n etniese smaak bygekry (respondent 2).
- Proefnemings in die onderwys (Uitkomsgebaseerde onderwys, Kurrikulum 2005) het misluk.

- Leerplanne vir skole is verander. Meeste van die “wit” geskiedenis is byvoorbeeld weggelaat ten gunste van “swart” geskiedenis (respondent 2).
- Formele, geografiese grense vir skole en kerke geld nie meer nie. Mense wil nie in strukture en reëls vasgevang wees nie. Hulle gaan waar hulle tuis voel en hulle gee nie om om ver te ry om dit te kry nie (respondent 2). Dit is waarskynlik deel van die postmoderne lewenshouding.
- Daar is baie minder eenvormigheid in die gemeenskap as twintig jaar gelede. Diversiteit van standpunte is aan die orde van die dag (respondent 6).
- ’n Tydperk wat gekenmerk is deur sekerhede, is verby. Die huidige tydsgewrig word gekenmerk deur onsekerhede, ook in kerk en teologie (respondent 6).
- In plaas daarvan dat die Christelike godsdiens beskerm word, is daar tans ’n kritiese openbare debat aan die gang. *“Die wêreld is aanmekaar besig om die Christelike godsdiens se fondasies onder hom uit te kap”* (respondent 5).
- Gemeente 2 het sedert 1950 jaarliks groot getalle nuwe lidmate bygekry en ook groot getalle lidmate afgestaan, omdat hulle dorp vir senior amptenary ’n soort “deurgangspoort” was van klein plattelandse plekkies na die stede en hoofkantore. Daardie jaarlikse omset het drasties verminder sedert 1991.
- ’n Klein groepie NG Kerk-lidmate wat as gevolg van die nuwe bedeling hulle werke kwyt is, maak tans ’n groot sukses as ondernemers en kyk nie terug nie.
- Die blanke bevolkingsgetalle in die hele Limpopoprovinsie het die afgelope 20 jaar gedaal en die tendens is nie afgeloop nie.

### 5.3.3 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE TWEEDE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL

***Die navorsingsdoel is tweedens om te kontroleer of ’n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG-Kerk se Noordelike Sinode.***

#### 5.3.3.1 TREURREAKSIES

Die kwessie van individuele en kollektiewe treurreaksies was deel van die vrae wat in die onder-

houde gevra is. Die respondente wat spesifiek gevra is of die treurproses langdurig, onvoltooid en kollektief is, het sonder uitsondering "ja" geantwoord op al drie beskrywings.

Respondent 2 het gevra wat ek bedoel by simptome van treur. Ek het voorbeelde uit die literatuur aangehaal van tipiese treursimptome en gevra of hy dit raaksien in die Afrikaanse gemeenskap. Sy reaksie is veelseggend: *"Ja! Van dag tot dag! Maar nie net na 1990 nie. Nog my hele lewe lank kry ek met dit te doen. Dag tot dag. As jy dit noem treur* (verwys na my verduideliking van treur-simptome – WB)*, dan treur almal! En ek dink dit is in die kol. Dis deel van die lewe."* Sy oortuiging is dat die Here jou help en dat die mens wat sonder God lewe, baie meer sukkel met treur. Die gelowige behoort volgens hom gedurig te vra: *"Here, help my met hierdie ding."*

5.3.3.1(a) Ontkenning, ontvlugting, ontnugtering

*"Kyk, die eerste reaksie na '91 was: ons gaan weg. Nou, maar wat nou daar gebeur het, is die ouens het gesê: Ons sien nie kans vir die goed nie. Hulle het hulle goed opgepak en hulle het geloop"* (respondent 5). Lidmate wat die met die veranderings wou saamleef nie, het weggetrek. *"Kyk, die ouens wat dit kan bekostig, trek weg Kaap toe, want daar is hulle situasie redelik anders. Hulle het 'n konsentrasie van witmense en die ouens wat die dienste daar lewer, is kleurlinge, met wie hulle nog Afrikaans kan praat en sulke soort van goed. Ons het 'n geweldige verlies vanuit ons provinsie na die Kaap toe, veral George en dan na die Weskus toe. Hulle gee pad. Hulle is weg. Op die lidmaatsregisters kan ek dit vir jou wys. So, hulle hol weg vir die situasie, probeer hom nog behou soos wat hy was"* (respondent 5).

Respondent 2 het in verband met pastorale versorging van die gemeente daarna verwys dat lidmate geneig is om "toe te klap" en hulleself te isoleer: "*Hulle slaan toe – binnetoe."* Respondent 3 maak die volgende verbandhoudende opmerking oor treursimptome: *"Dan kry ek die onttrekking. Jy onttrek jou. Jy wil nie meer nie, jy onttrek jou. Wat help dit? Wie is die skuldige nou? Waar gaan jy huil, wie gaan jou help? Deure is nie meer vir jou oop nie. Jy kom by 'n anderskleurige wat jou nie verstaan, of kan verstaan nie. Jy kan nie kommunikeer nie, so jy onttrek liewerster."*

Respondent 5 voel dat die werklike ontnugtering vir 'n persentasie lidmate nog voorlê, omdat hulle hul bes probeer om die ontnugtering te vermy of uit te stel. Daar is egter werklikhede wat hulle nie vir altyd kan ontvlug nie.

5.3.3.1(b) Kla, voel verontreg

*"Hoe rou hulle? Ons sit bymekaar en 'moan', sê: 'jig dit het nou al weer gebeur, as hier slegte goed in die dorp gebeur'. Ons ry dit holrug, want ons wil elke keer dit bevestig en sê: dis slegter as wat dit was, dit is besig om agteruit te gaan, dit is 'n 'boggerop', so ons kry elke keer die bevestiging dat dit so is. Dis waar. In daardie opsig is dit nogals heeltemal realisties, maar dit maak hulle lewensverwagting dood"* (respondent 5).

5.3.3.1(c) Geen toekomsperspektief, min energie

*"Hulle toekomsperspektief is in sy maai in. Hulle lewe vir vandag. Hulle worry nie meer oor môre nie. Môre is so ver in die verskiet en hulle weet dit gaan heel waarskynlik nie kom nie – ons gaan nog doodgemaak word"* (respondent 5).

Respondent 3 merk op dat meeste mense nie veel energie het nie. Self is hy 'n baie positiewe en energieke mens. Hy probeer ander mense motiveer en positief maak, maar met min sukses. Hy verstaan nie die gebrek aan energie en dryfkrag nie. "*Nee, nee, dit wil nie kom nie, omdat dit so swaar is om in 'n tronk te bly. Jou huis het 'n tronk geword."* Volgens die teorie is 'n treurproses 'n proses wat heelwat emosionele en geestesenergie in beslag neem. Een van die aanduidings dat 'n persoon aan die einde van 'n treurproses gekom het, is toename in lewenslus en energie. Respondent 3 en sy vrou beleef dit dat hy self baie energie het, maar dat die meeste van die mense met wie hy in kontak kom, se energievlakke frustrerend laag is. Dit is vir hom moeilik om hulle gemotiveer te kry. Volgens die teorie beteken dit dat hy self waarskynlik sy verliese genoegsaam deurgewerk het, maar mense met wie hy te doen kry, nie.

*"Ek dink mens probeer nou net half meer oorleef"* (respondent 6).

5.3.3.1(d) Woede, aggressie, soek 'n sondebok

*"Aggressie? Ja, by ons ouer garde: baie! Mans veral"* (respondent 5).

Wat spesifieke treursimptome aan betref, sien respondent 4 die volgende raak: *"... neerslagtigheid en aggressie is dinge wat mens sporadies sien ... Hulle het 'n aggressie, 'n ou weet nie altyd uit watter omstandighede dit kom nie – dis seker nou dinge wat in hulle lewe gebeur het. Wat ek dan*

*opgemerk het, is dan beweeg hulle uit die kerk uit ... Dit is asof mense nie kan kom en ’n ding uitpraat en sê: dit het met my gebeur nie. Jy ervaar hulle aggressiwiteit en dan beweeg hulle uit, na ’n ander plek, ’n ander kerk, of jy hulle tussen ’n ander groep mense moet gaan soek.”* In antwoord op ’n vraag watter die mees algemene treurreaksies is, het sy geantwoord: aggressie en neerslagtigheid. Respondent 3 stem daarmee saam: onttrekking, aggressie en neerslagtigheid is volop.

Respondent 1 sien ook volop aggressie in die samelewing rondom hom raak. Hy identifiseer verder die tendens om jouself of ander te blameer as ’n algemene reaksie op verlies. Party mense het in die oorgangstyd verkeerde besluite geneem en dit gaan swaar. *“Vir wie blameer jy meeste? Jouself”*. Party mense het inderdaad fisies en finansieel baie verloor. Respondent 1 dink dit is nog nie die einde van die proses nie – nog blanke mense gaan verloor as gevolg van die politieke bestel. “*Hulle het miskien hulle werk verloor as gevolg van die politieke bestel en hulle sal uiteraard nog die regering blameer, die politieke bestel blameer vir hulle foute, alhoewel dit dalk glad nie so is nie.”*

*“Jy verstaan nie hoekom is hy kwaad nie, hy is net ongelukkig”* (respondent 6).

5.3.3.1(e) Emosionele pyn

Party mense beleef die pyn van verlies, maar wys dit nie na buite nie. *“Ons is miskien bietjie teruggetrokke of, wat is die woord wat ek soek?... dat jy jou eie struggle op jou eie voortsit; op jou eie probeer aangaan. Dit is so dat daar mense is wat seergekry het, verseker”* (respondent 1).

5.3.3.1(f) Depressie

*“Baie mense is depressief, geweldig”* (respondent 6).

5.3.3.1(g) Gees van negatiwiteit

Een van die fokusgroeplede, wat ’n mediese dokter is en van daardie hoek af met baie mense te doen kry, som die gemeenskap se treurproses soos volg op: *“Ek dink die treurproses word meer algemeen waargeneem as ’n gees van negatiwiteit. Oral waar jy kom en met mense praat, is dit negatief. Mense praat nie positiewe goeters nie. Jy praat jou meer in ’n depressie in, meer in ’n*

*groef in".* 'n Ander fokusgroeplid reageer daarop: "*As mens daarna luister, dan treur ons"* (respondent 6).

5.3.3.1(h) Nuwe identiteit, meer energie

Dit blyk dat daar al 'n groep lidmate is wat vrede gemaak het met die nuwe bedeling en gereed is om aan te beweeg. Party respondente bespeur die eerste tekens daarvan dat die treurproses afgehandel raak. Dit geld egter net enkele voorloper-individue.

Respondent 1 sien byvoorbeeld die treursimptome wat hierbo genoem is raak in die Afrikaanse samelewing, maar meen in die kringe waar hy beweeg, is die treurproses afgehandel. *"Ek dink die tyd is daar. Ek dink die tyd is verby, die routydperk. Die energie is daar."* Hy voel die gemeente is reg vir nuwe uitdagings: "*My ervaring met die mense in die gemeenskap wat ek het: hulle is reg. Hulle wag net vir 'n geleentheid. Ons gemeente is ... daar is min ouens wat sal opstaan en sê goed, ek sê dis laat, kom ons begin, kom ons stap drie tree vorentoe. Almal is reg daarvoor. Dis net daardie proses, die eerste treetjie wat gegee moet word, dan sal hulle sê dis reg, kom ons stap vorentoe"* (respondent 1). Hy sien hoopvolle tekens, maar daar is nog nie spontane inisiatief nie – die gemeente wag vir 'n dominee om iets te doen. Oor homself sê hy die volgende: "*Ek persoonlik het nie meer 'n probleem nie".* Op 'n vraag of die gemeente gereed is om buite die gemeente uit te reik en in die middestadomgewing 'n impak te maak in die Here se koninkryk, antwoord hy soos volg: "*Ja, ja. Ek persoonlik dink die vlam is daar. Daar is mense in die gemeente wat regstaan, wat gewillig is. Verseker ... Ek dink verseker daar is so 'n paar in ons gemeente ook. Dis net daardie iemand wat moet voorloop, die leierskap".*

Vervolgens moet die treurproses in verband gebring word met gemeentebou, spesifiek met die twee dimensies (versorging en missionêr) wat volgens die teologiese teorie in balans moet wees:

Drie aspekte uit die onderhoude word vervolgens nagegaan. Die eerste is om 'n beeld te gee van die **versorgingsdimensie** van gemeente 1 se bedieningspraktyk. Die tweede is om 'n beeld weer te gee van die **missionêre dimensies** van die gemeente se bedieningspraktyk. Die derde is om die vraag te probeer antwoord of 'n **treurproses** dalk 'n **demper** plaas op gemeenteleiers se pogings om meer belangstelling te kweek in uitreike en sodoende die versorgingsdimensie te balanseer met 'n toereikende missionêre dimensie.

5.3.3.2 VERSORGINGSDIMENSIE

Die vier respondente wat hieroor uitgevra is, stem saam dat die fokus na binne die gemeente se prioriteit is (en nie die fokus na buite nie). Op die vraag waar die gemeente se klem lê, antwoord respondent 3 soos volg: "*Ek sou meer sê na die eredienste, bybelstudie, besoeke en begrafnisse se kant toe. Die uitreik-aksies is by ons, ek wil amper sê dit staan stil ... As jy nou 'n keuse moet uitoefen oor jou eie versorging en of jy uitreik, dan gaan die keuse wees jou eie versorging, want dit gaan dan spesifiek oor jou eie lidmaat. Ek dink dit is hoe dit by ons funksioneer."* Sy gaan voort en verduidelik dat hulle met die groot getalle werklose blankes, ewe skielik weer 'n groot hoeveelheid behoeftige lidmate het, na wie die gemeente omsien. So 'n bediening neem natuurlik heelwat energie in beslag, maar dit is energie na binne. Respondent 1 het dieselfde basiese beoordeling en stel dit soos volg: "*Op hierdie stadium, as jy na ons gemeente kyk, is dit verseker die fokus na binne. Dis ongetwyfeld so. Ek weet ons wil hierdie jaar kyk daarna om ouderlinge en diakens toe te rus om bietjie wyer te kyk en so aan. Maar verseker, dit is na binne."* Hy voel egter die tyd is nou ryp vir die gemeente om te begin fokus na buite ook. Respondent 2 is deel van 'n selgroep met sterk bedienings na buite, wat hulle baie vreugde gee. Maar oor die gemeente as geheel sê hy dat daar nie veel entoesiasme vir uitreik is nie.

Die karakter van die gemeente is oor 'n lang termyn bepaal deur groot getalle lidmate wat jaarliks in en uit deur die gemeente beweeg het. Die rede is dat hulle dorp die deurgang tussen platteland en stad was vir amptenare van banke, winkelgroepe en staatsdepartemente. Baie mense is met bevordering daarheen verplaas van klein plekkies af en later met bevordering verplaas na die stede toe. Met die hoogtepunt van die rotasie van lidmate in die tagtiger- en negentigerjare, het daar gewoonlik meer as 300 nuwe intrekkers per jaar aangekom en 250 vertrek (Belydendelidmaatstatistieke 1950–2009). Besoeke aan nuwe intrekkers en lidmate wat weggetrek het, het 'n groot persentasie van die gemeente se bedieningstyd en -energie opgeneem. *"So, dit was nie vir ons nodig om aan ons gemeente te werk en mense te werf nie: missionêre werk was nie nodig nie. Die lidmate is deur ander ouens opgelei, hulle het net geroteer regdeur die hele land en jy het kwaliteitouens gekry – ouens in senior poste wat hoë salarisse en sulke goed gekry het"* (respondent 5).

Nie een van die respondente is tevrede met die toedrag van sake nie. Hulle sou graag wou sien dat die gemeente meer inisiatief neem, uitkom by die breë gemeenskap se nood en nie altyd wag vir

die leraar se inisiatief nie: "*... ons gemeente is so, dit gaan oor die herder. Die dominee moet voor loop. Dit is ongelukkig so. Dis die eienskap van ons gemeente. Die dominee loop voor"* (respondent 1). Hy voel die gemeente is 'n bietjie lui as dit kom by uitreik na buite, maar as die dominees 'n projek aanpak en dit as 'n uitdaging aan die gemeente stel, dan werk hulle tog saam. Die onbehae met die gebrekkige missionêre dimensie in gemeente 2 se gemeentelike praktyk, blyk uit die volgende: "*Ons kyk liewers na onsself, waar ek persoonlik voel ons moet meer uitreik, maar dit is nie waar ons op die huidige stadium is nie" (respondent 4).*

In die vorige afdeling is reeds gerapporteer dat die respondente dink daar word veel minder huisbesoek as vroeër gedoen en dat die vertrouensverhoudings tussen ampsdraer en lidmaat afgeneem het. Party lidmate wat nie besoek word nie, hou dit teen die predikante en kerkraad. Hulle voel die kerk stel nie meer in hulle belang nie. Hulle ken nie meer die leraar of ouderling nie en daarom is hulle nie geneë om hulle te nader oor sake van 'n persoonlike aard nie. *"Ek sê jy het nie meer daardie openlikheid met 'n predikant nie"* (respondent 6). Die moontlikheid bestaan inderdaad dat 'n kollektiewe treurproses deel van die oorsaak is van die afname in huisbesoek, omdat daar so min lidmate is wat beskikbaar is om as kerkraadslede te dien en omdat lidmate hulleself as gevolg van probleme onttrek en "toeklap" (respondent 2).

'n Ander perspektief is dat die aard van hierdie gemeente nog altyd so was dat daar goeie sorg verleen word. "*Ek wil amper sê gemeente 2 was nog altyd 'n kudde. Hulle het nog altyd na die eie kudde omgesien. Hulle het dit baie goed gedoen"* (respondent 3). Daar is byvoorbeeld lidmate wat vertrek het na ander gemeentes, maar wat terugkom, omdat hulle weet hulle sal in gemeente 2 versorg word. Daar is nie 'n is-gelyk-aan-teken tussen "huisbesoek" en "sorg" nie. Huisbesoek is net een van die gestaltes van Christelike sorg en in baie kerke het daar nog nooit iets soos sistematiese huisbesoek deur ampsdraers bestaan nie (vgl De Jongh van Arkel 1992(b):77–83). Daar is verskeie wyses waarop "sorg" funksioneer in die gemeente. Respondent 3 praat byvoorbeeld van sy persoonlike sorgsisteem in die gemeente, bestaande uit Christenvriende (nie 'n wyk nie): "*Ek het hier 'n struktuur wat vir my goud werd is."*

Die ou onderdorp was altyd in die gemeente 2 se area en daarom was armsorg en barmhartigheidswerk onder die lidmate nog altyd 'n prioriteit. *"Ons het steeds baie behoeftiges. Ewe skielik het ons weer 'n massiewe hoeveelheid lidmate wat behoeftig is"* (respondent 4). Die fokusgroep lê die

verband tussen die groot aantal lidmate wat swaar kry en die gemeente se fokus na binne. "... *as jy ry en jy sien iemand wat bedel op straat, gaan jy vir hom R5 of R10 gee? Of sal jy vir die kerk se diens van barmhartigheid kossakkies gaan koop? Na wie kyk jy eerste? Na wie kyk jy – na jou mense! Ek weet nie, ek vra"* (respondent 6).

*"Maar jou diens van barmhartigheid, ek sê dit moet gestruktureerd wees, deur die kerk."*

*"Ja. Laat 'n ou maar deur die kerk gee."*

*"Ons het nou die probleem wat geweldig toegeneem het, van mense wat nie kos het nie. (dis nou in die gemeente self) So, ons het nou elke Sondag, en as jy wil deur die week in die kerkkantoor, maar ons het elke Sondag voor in die kerk 'n houer waarin ons kan kruideniersware en goed sit."*

*"Sê die Bybel tog nie ook êrens jy moet eers na jou mense omsien nie?"*

*"Ek dink dit het definitief 'n invloed dat ons meer en meer na binne toe gaan ..."* (verskillende fokusgroeprespondente).

Opsommend kan mens sê die versorgingsdimensie blyk op 'n hoë standaard te wees, ten spyte van tekortkomings.

5.3.3.3 MISSIONÊRE DIMENSIE

Tweedens kom die missionêre dimensie ter sprake. Die enigste huidige uitreikpogings gebeur wanneer die leraar persoonlik voor loop. *"Al wanneer dit buitetoe geskuif het, was wanneer die dominees na een of ander storie toe was en hulle kom terug en hulle is baie entoesiasties en sê: ons moet nou sulke en sulke planne maak om uit te reik en dan is daar 'n paar mense in hierdie gemeente wat dalk positief is, maar die grootste gedeelte sê nee en dan val ons maar net weer terug. Alles binne toe"* (respondent 6). 'n Ander lid van die fokusgroep beaam die vorige spreker se standpunt: *"Die punt is net, die gemeente, die mense self, die wyk se mense is so. As hulle so is, is die kerk ook so"* (respondent 6). Die missionêre dimensie was nog nooit in gemeente 2 'n prioriteit nie.

Die enigste uitsondering is 'n paar nuwe selgroepe, wat poog om gehoorsaam te wees aan die Here

se uitreik-opdrag: *"Ons het die ervaring in ons selgroep ... Ons wil ook na binne toe kyk, maar op hierdie stadium werk ons baie meer buite toe. Dit is 'n ding wat nou begin optel. Verandering is daar, na buite toe ... Ons is 'n selgroep, maar nou wil ek vir jou sê, as ons vyf selgroepe in die kerk het en almal werk na buite toe, dan is dit nog 'n bitter klein persentasie van die gemeente wat na buitekant toe werk"* (respondent 6). Respondent 2 praat ook met groot lof van hulle selgroep. Selgroepe is 'n nuwe ontwikkeling in gemeente 2, maar dit speel reeds 'n baie sinvolle rol, deurdat gelowiges mekaar leer ken en saam dienswerk vir die Here doen. *"Die nuwe dispensasie het gesorg vir die transformasie van die struktuur van die NG Kerk ... Selgroepe het die verantwoordelikheid om die mense te bearbei en om die rol van die kerkraadslede oor te neem."*

Respondent 4 merk op dat van die buurgemeentes beslis meer uitreik-aksies het as gemeente 2. Sy skryf dit hoofsaaklik toe aan ouderdom. Gemeente 2 se lidmate is gemiddeld heelwat ouer as die voorstedelike buurgemeentes s'n. Die demografiese tendens was dat die jonger mense en meer gegoede mense uitgewyk het na die voorstede toe. Dit het 'n invloed op die karakter van die gemeentes. "*Dit gaan vir my, as ek moet oordeel, daaroor dat die jonger mense makliker aanpasbaar is as wat gemeente 2 met hulle ouer generasie mense is"* (respondent 4).

5.3.3.4 NIE IN BALANS NIE?

Op die vraag of die gemeente se fokus na binne en na buite gebalanseerd is, is die volgende antwoord op rekord: "*Nee, uit balans uit. Die mense weet nie presies wat dit behels nie. Ek dink daar is bitter min ouens wat besef wat beteken uitreik en watse bevrediging dit jou gee"* (respondent 2). Respondent 2 sien die nuwe selgroepe, wat baie na buite beweeg, as 'n baie hoopvolle teken dat die balans tussen die versorgende en die missionêre dimensies beter in balans kan kom.

Die geheelindruk is dat die versorgende en missionêre dimensies nog nooit in gemeente 2 in

balans was nie. Die klem was nog altyd op die bediening van die lidmate en nie op die uitbreiding van God se koninkryk nie. Dit het nie verander as gevolg van die koms van die nuwe Suid-Afrika nie.

Dit is egter ook duidelik dat die nuwe situasie in die middestad in terme van lidmate se werkloos-

heid, armoede, ensovoorts, baie druk op die gemeente se bediening plaas en die fokus na binne hou.

5.3.3.5 OPSOMMEND GEVALLESTUDIE 2

Ten opsigte van die eerste aspek van die navorsingsdoel (die ryk beskrywing van die gemeente se belewenis van verandering, verlies en treur) die volgende: gemeente 2 bevind haar as gevolg van die nuwe bedeling in ’n vinnig-veranderende situasie. Aan die einde van die gevallestudie sou ek die volgende lysie maak van aspekte van **“verandering”** wat die grootste impak op die geloofs-gemeenskap gemaak het:

1. Verandering van streeksregering: vier regeringstrukture van die ou bedeling het ontbind en een nuwe provinsiale regering het tot stand gekom met sy setel twee straatblokke van gemeente 2 se kerkgebou af.
2. Demografiese verskuiwings het in die nuwe hoofstad plaasgevind.
3. Gemeente 2 se lidmaattal daal as gevolg van ’n totaal nuwe middestadsituasie.
4. Laer standaarde van dienslewering deur plaaslike en provinsiale regerings is aan die orde van die dag.
5. Misdaad het toegeneem en gevolglike veranderings in lewenstyl het plaasgevind.

Wat **“verlies”** aan betref, is die volgende na my mening die belangrikste:

**1.** Die gemeente se verlies aan lidmate en inkomste.
**2.** Lidmate se loopbaanverliese.
**3.** Dieselfde ontstellende bevinding kom voor as by gemeente 1, naamlik dat die vinnige tempo van verandering en die spektrum verliese, by blankes ’n verlies aan moed en hoop veroorsaak.

Hierdie gemeenskap toon ’n wye spektrum van **“treur”**-simptome:

1. Ontkenning, ontvlugting en ontnugtering.
2. Knaende klagtes en gevoelens van verontregting.
3. Woede, aggressie en die soeke na ’n sondebok.

4. Diep emosionele pyn.
5. Gebrek aan energie, depressie en ’n gees van negatiwiteit.
6. Daar is ook tekens van ’n nuwe identiteit, nuwe roepingsbesef en meer energie.

Ten opsigte van die tweede aspek van die navorsingsdoel (die vraag of ’n langdurige, kollektiewe en onafgehandelde treurproses gemeenteboupogings kniehalter) die volgende:

In gemeente 2 geniet die versorgende dimensie van die bediening definitief voorrang bo die missionêre dimensie. Dit het egter nie verander sedert 1990 nie. Gemeente 2 was nog altyd ’n kudde en daar was nooit voorheen balans tussen sorg en uitreik nie.

## 5.4 GEVALLESTUDIE GEMEENTE 3

### 5.4.1 SELEKSIE VAN RESPONDENTE

Presies dieselfde werkswyse is gevolg as by gevallestudie 2 (sien p 298–299). Vyf respondente (drie individue en een egpaar) het aan die halfgestruktureerde persoonlike onderhoude deelgeneem. Aan hulle is die letters V, W, X, Y en Z toegeken. Die letters R, S, T en U is gebruik vir die fokusgroep se respondente. Die fokusgroep het uit vier lede bestaan. Hier is dus altesaam nege persone wat aan die woord gestel word. Die data is versamel deur onderhoude met drie individue, een egpaar en een fokusgroep van vier lede.

Die profiel van die nege persone is soos volg: manlik – vier, vroulik – vyf. Ouderdomme: 33, 48, 49, 52, 60, 61, 61, 62, 75. Huidige beroepe: predikant, twee pensioenarisse, regspraktisyn Departement Justisie, kantoorbestuurder, gimnasium-instrukteur, administratiewe beampte, opvoedkundige sielkundige en ’n regsgeleerde in die regsafdeling van die SAPD. Agt van die nege is getroud en een is ongetroud. Twee van die getroudes se eggenotes werk in die buiteland. Ses respondente het universiteitsgrade en drie nie. Ses beweeg in die binnekringe van die gemeente (kerkraad, kerkkantoor) en drie nie. As navorser was ek tevrede met die verskeidenheid wat die respondente verteenwoordig het.

### 5.4.2 PROSEDURE MET DIE HANTERING VAN DIE DATA

Die onverwerkte transkripsies van gevallestudie 3 se individuele onderhoude beslaan 60 getikte bladsye en die transkripsie van die fokusgroep se onderhoud ’n verdere 19 bladsye. Dieselfde werkswyse is gevolg in die verwerking van die materiaal, as by die ander gevallestudies. Die half-gestruktureerde onderhoude, die fokusgroep en my insette as deelnemer-waarnemer word weer geïntegreerd weergegee (sien p 298). Die raamwerk van die eerste twee aspekte van die navorsingsdoel word weer gebruik vir verslagdoening.

Vir gemeente 3 se fokusgroep is dieselfde ses basiese vrae as vir die onderhoude met die ander twee gemeentes se fokusgroepe gebruik. By die in-diepte beskrywing van verandering/ verlies/ treur waaroor die eerste navorsingsdoel handel, het drie kwessies van belang tydens die individuele onderhoude na vore gekom, waarop die fokusgroep nader moes ingaan:

- veranderings in die werkplek; meer spesifiek beroepe in die staatsdiens
- die posisie van mans ten opsigte van die hantering van verlies en treur
- die huidige posisie van lede van die ou bedeling se veiligheidsmagte

Ten opsigte van die tweede navorsingsdoel is die beeld wat uit die individuele onderhoude na vore gekom het (naamlik dat gemeente 3 nie na binne gekeer lewe nie, maar ’n goeie balans gevind het tussen die versorgende en missionêre dimensies van gemeentebou), by die fokusgroep getoets.

### 5.4.3 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE EERSTE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL

***Die navorsingsdoel is eerstens om ’n in-diepte beskrywing aan te bied van die stand van sake ten opsigte van gemeentes se belewenis van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en mense se treurreaksies as gevolg van die verlies.***

Uit die inhoud van die onderhoude, het dit vir my sinvol geblyk te wees om die eerste twee kwessies (verandering en verlies) saam eerste te hanteer en daarna aandag te gee aan die derde kwessie (treur).

### 5.4.3.1 OMVATTENDE VERANDERING VAN DIE HELE SAMELEWING

Die respondente is dit eens dat die hele Suid-Afrikaanse samelewing grondig verander het: *"Ek dink as ons aan daardie jare (*voor 1990 – WB*) terugdink, dan dink ons terug aan 'n situasie wat **baie** anders is as vandag, dié moet ons tog vir mekaar duidelik sê"* (respondent V). *"... ek dink die politieke veranderinge in 1990–1994 het inderdaad die samelewing verander. Dit was 'n traumatiese gebeure in Suid-Afrika en dit het die samelewing geraak: dit het ALMAL geraak. Inderdaad 'n nuwe Suid-Afrika ... Waar jy golwe kry na mekaar, het dubbele golwe, gesamentlike golwe die land getref. Dinge het inderdaad geweldig verander. Dis van die tagtigs na die negentigs"* (respondent Y). Die algemene indruk uit al die onderhoude is dat min dinge konstant gebly het. Respondente rapporteer almal oor veranderings vanuit hulle eie belewenis. 'n Wye verskeidenheid van aspekte het ter sprake gekom.

Die NG Kerk was nie voorbereid op die veranderings gedurende die negentigerjare nie en het as gevolg daarvan in 'n krisis beland: "*dit het ons skoongeboul"* (respondent Y). Die NG Kerk en haar lidmate was gemaklik in die ou bedeling (respondent Z), maar moes sedert 1990 hulle identiteit, rol en outentieke bydrae in die veranderde samelewing herontdek (respondente V, W, X, Y).

### 5.4.3.2 MAGSVERLIES

Al die respondente het die Afrikaanse gemeenskap se verlies van politieke mag gerapporteer: *"... van waar hulle die sê in die parlement gehad het, het hulle dit nou nie meer nie. Daar is ook geen kans dat hulle hom ooit weer op 'n wettige manier gaan kry in die toekoms nie – nie by die stembus in elk geval nie. Die getalle is teen ons. Dis 'n ding wat ons blankes moes begin verwerk het"* (respondent X). Die NG Kerk het voor 1990, saam met die Nasionale Party, in beheer gevoel, omdat hy gereeld "*vrugtevolle samesprekings*" (respondent V) met die regering gehad het. *"Die kerk het werklikwaar 'n geweldige invloed gehad by die staat voor 1990"* (respondent W). Die NG Kerk "*was die regering van daardie dag baie goedgesind gewees"* (respondent V). "*... oom Koot Vorster het sommer op 'n Sondagmiddag met oom John Vorster gepraat oor goeters ... Die NG Kerk het oop deure gehad, hy kon inspeel op die Nasionale Party"* (respondent Y). In die ou bedeling het mense aan die bopunt baie nou saamgewerk en spesifieke doelwitte gehad vir die land. Die leierskap van die NG Kerk was deel van die besluitnemers in die land (respondent Z).

Die respondente voel die Nasionale Party se magsverlies, was tot ’n mate ook die NG Kerk se magsverlies. Die NG Kerk is sedert 1994 nie meer deel van die maghebbers in Suid-Afrika nie. *“Ons speel ’n kleiner rol en ek dink dit het ’n sielkundige effek op die NG Kerk. Jy kry kritiek in die koerant baie keer, dan word gesê ‘NG Kerk in spervuur’. As jy die belewenis het die kerk is besig om kleiner en minder te word, voel jy ons is nie ’n wen-kerk nie ... Die idee was vroeër, in die tagtigs, die NG Kerk doen die ding in die land. Hy het die mag in die hande. Invloedryk. ’n Groot kerk. Dit is nie meer so vanselfsprekend nie”* (respondent Y).

5.4.3.3 LEIERSKAP IN POLITIEK EN SAMELEWING VERANDER

Die uitslag van 1994 se algemene verkiesing is algemeen bekend, so ook die verandering in politieke leierskap. Leierskap in vele ander sektore van die samelewing het ook verander. Respondent U verwoord sy belewenis daarvan vanuit sy posisie in die SAPD: *“Die hele samestelling van die leierskap het verander – en redelik vinnig, toe dit eers begin verander het. Waar jy ... en daarmee saam die hele kultuur van meelewing en hoe mens ... die manier van bestuur, die manier van probleme oplos, die insien van probleme en pogings om gemeenskaplik dit te probeer doen, dat dit nie altyd gewerk het nie. Maar ek sien hom in drie tydperke: daar was daardie eerste tydperk redelik min verandering. Toe was daar ’n verandering, maar met redelike samehorigheid en gemeenskaplike doelwitte en daarna het dit weer verander na ... dat die gevoel gekry word jy word uitgeskuif, dat ons as Afrikaner, veral, is redelik uitgeskuif, nie noodwendig aan die begin nie, maar die laaste, sal ek sê, agt jaar.”* Die kollektiewe identiteit van die Afrikaner was sedert 1948 dié van leiers in die politiek en meeste sfere van die samelewing. Respondente beleef die leierskapsveranderings sedert 1994 as verlies van identiteit, funksie en rol in die samelewing (respondent R, U, X).

Die nuwe leiers se uitgangspunte, aanslag, denkwyse en siening van sake het radikaal verskil van die ou bedeling. Omdat hulle nou in beheer is, bepaal húlle die rigting en die Afrikaanse amptenare moes aanpas. *“... jy werk met senior mense wat jy moet adviseer en hulle kan nie insien wat jou advies beteken nie ... kultuurverskille was ’n werklike groot probleem gewees”* (respondent U). Kommunikasieprobleme was volop. *“Met tyd word dit beter. Maar daar is nog steeds baie wrywing”* (respondent U).

### 5.4.3.4 CHRISTELIKE STAAT VERANDER IN ’N SEKULÊRE STAAT

Respondent U raak die kwessie aan dat die regering in die ou bedeling ’n uitgesproke Christelike uitgangspunt gehad het, wat die Bybel en die Drie-enige God erken het, wat erken het *“... dat ons ’n Christenland is vir alle rasse en kleure. Daarmee is heeltemal weggedoen. Ek dink dit is miskien een van die grootste veranderinge, wat moeilik was om by aan te pas en te aanvaar, maar wat ook veroorsaak het dat jou hele godsdiensbelewenis en jou belewenis van die gemeenskap moes aanpas”*. Dit is vir hom moeilik om te aanvaar dat ander gelowe op dieselfde vlak as syne erken word, terwyl hy vas glo dat daar net een weg tot saligheid is, naamlik deur Jesus Christus. Die kwessie van godsdiensbeoefening in skole, waar daar in sommige skole gesê word onderwysers mag nie saam met die kinders Bybel lees en bid nie, is problematies (respondent T).

Waar die atmosfeer in die ou Suid-Afrika was dat almal glo en “... *almal wat ons land regeer, glo in die Here”* (respondent T), vind Christene nou dat hulle soms gekonfronteer word oor hulle Christenskap en ander kere voel dit weer of dit nie meer relevant is dat jy glo nie. *“Dit word op die agtergrond geskuif”* (respondent T). Sy gaan voort en sê dat sy as gevolg van die veranderings in die land vrae moes vra wat sy nooit andersins sou vra nie, dat sy opnuut moes rekenskap gee van haar Christenskap, identiteit en waardes.

### 5.4.3.5 DIE NG KERK STAAN IN ’N ANDER VERHOUDING MET DIE STAAT

Een van die respondente was ’n senior maatskaplike werker by die CMR (Christelike Maatskaplike Raad, die NG Kerk se Maatskaplike Werk-afdeling), beide vóór en ná 1994. Omdat die CMR gereeld met verskillende staatsdepartemente saamwerk, het sy die verandering in die verhouding tussen die NG Kerk en die staat vóór en ná 1994 van naby beleef. Oor die tydperk vóór 1994 sê sy dat daar ’n hartlike gees van samewerking tussen kerk en staat was. Die staat en die NG Kerk se barmhartigheidsdienste was baie nou verweef en hulle het dieselfde taal gepraat. Sy beskryf die verandering ná 1994 soos volg: *“Die staat het ewe skielik heel vervreemd gestaan van die kerk ... So, ek wil sê ons het werklik, tasbaar, het ek gevoel vanuit die kerk se barmhartigheidsbediening, het daar ’n geweldige verandering gekom en ’n skouer wat gedraai het”* (respondent X). Sy gaan voort en praat oor die stryd om besigheidsplanne vir noodsaaklike maatskaplike dienste goedgekeur te kry, motivering op motivering wat hulle aan die Welsynsdepartement moes voorlê, oor die

meet-en-pas om die werk gedoen te kry met verminderde staatsubsidies, die knaende gesukkel om die tjeks van die staat in die hande te kry, oor die gevoel van vervreemding en die CMR se pogings om brûe te bou in die nuwe bedeling. *"Jy hardloop jouself stukkend – tot op die been"* (respondent X). Met tye het sy soos 'n vreemdeling geraak in die beroepswêreld waar sy vir meer as 20 jaar tuis was. Met tye het sy persoonlik baie bedreigd gevoel in die Welsynsdepartement.

Die positiewe sy van die vervreemding en groter afstand, was dat kerklike maatskaplike werk sy eie pad en identiteit moes vind – nie meer *"knus onder die staat se sambreeltjie nie"* (respondent X).

'n Ander respondent verwoord die veranderde verhouding van die NG Kerk met die staat in terme van die kerk se verlies aan invloed en om gereken te word: "*Die NG Kerk het voor 1990 nog ernstig saak gemaak. Nie meer nie: nie in die staat nie, nêrens nie. Zuma-hulle het daar vir Ben du Toit vir 'n 'show piece' daar, maar hulle steur hulle nie, as dit op stuk van sake kom, steur hulle hulle nie aan hom nie. Hy is net daar om, as hulle met die blanke kerk wil praat, is hy daar. En so nou en dan sal hy 'n ete hou met al die denominasies daar, predikante of die sinode se ouens – maar om te doen wat hulle sê? Aaag nee, wat"* (respondent W). In die sekulêre staat ná 1994 is die Christendom net een godsdiens naas verskeie ander. Binne die Christendom is die NG Kerk net een kerk naas verskeie ander. Hy dra boonop die Kainsmerk dat hy apartheid Bybels verdedig het (respondent Y). In die ou bedeling het die NG Kerk die beskerming van die staat geniet. Dit is nie meer die geval nie.

5.4.3.6 AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Die afstigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk het gebeur midde-in die kerklike stryd rondom die politieke woelinge op pad na 1990 toe. Respondent Y verwys na die pyn en verlies wat met die afstigting gepaard gegaan het in *"... daardie moeilike jare met Kerk en Samelewing en die Afrikaanse Protestantse Kerk." "... dit was vir ons as NG Kerk 'n groot verlies met die AP Kerk wat geskeur het, predikante wat gegaan het ..."* (respondent S).

5.4.3.7 PERSOONLIKE SIFTINGSPROSES

Verskeie respondente praat daarvan dat hulle nie eintlik in die ou bedeling geweet het van Afrika-

ners wat NIE Christene is nie (respondent R, T, Y). Saam met die veranderings in die land, het ’n siftingsproses ten opsigte van geloof gekom. *“Elke ou se ware kleur kom na vore en eintlik is ek baie gemaklik daarmee, want liewer dat jy weet wat jy mee sit as dat jy ’n ou saamsleep wat nie gelowig is nie. So, daaroor is ek baie opgewonde. Die sifting het plaasgevind. Predikante het kante gekies ...”* (respondent R). *“Vandag word jy gekonfronteer – as jy ’n Christen is, moet jy dit lewe. As jy nie ’n Christen is nie, klim uit die bus. In daardie tyd was ons almal eintlik maar Christene, of laat ek dit nie so sterk stel nie, jy was in die NG Kerk ... Vandag, as jy sê jy is ’n Christen, moet jy uitkom vir jou Christenskap, dan vra dit ’n bietjie meer. Dis nie maar goedkoop nie en dit is goed”* (respondent Y). Een respondent se eie broer was vroeër ’n predikant, maar bevind hom nou buite die geloof. Daar is vandag baie Afrikaners wat uitgesproke nie-Christene is. Die koppeling van Afrikaner-wees met Christen-wees is losgemaak. *“... daar was verlies aan gemak, maar ons het gewen met standpunt inneem”* (respondent R).

Ook wat die kerkverband aan betref, was respek en invloed vir die NG Kerk in die ou bedeling vanselfsprekend. Die kerk was ’n magtige organisasie en die mense was gesus met die wanindruk dat dit goed gaan. *“Toe skielik moes ons besef, maar wag, nou moet ons inspring, ons sal moet werk. Ons sal ons moet bewys. Jou roeping en jou Christenskap sal jy konkreet moet maak en jy sal jou respek moet verdien. Eintlik dink ek dit het die kerk goed gedoen. Swaarkry is tog snaaks, dit doen die kerk goed. Ek dink die NG Kerk is dalk nou sterker as in die tagtigerjare”* (respondent Y).

5.4.3.8 MISDAAD, VEILIGHEID

Twee van die respondente se openingsbydraes tydens hulle onderhoud, het gehandel oor misdaad en die veiligheidsituasie in Suid-Afrika. Respondente beleef agteruitgang in daardie opsig: *“Die een ding is die veiligheid in die land was nog relatief veilig vir blankes gewees. Ons het geweet daar was opstote en dinge wat verkeerd gaan, maar dit was ver van ons af*” (respondent Z). Respondent V verwys na misdaadstatistiek wat aantoon dat misdaadvlakke in Suid-Afrika tans onaanvaarbaar hoog is. Hy onthou dat ’n inbraak of die diefstal van ’n motor opspraak verwek het in die ou bedeling. Dit was nuuswaardig, omdat dit uitsonderlike gebeurtenisse was. Deesdae is gewone inbraak en diefstal nie meer nuuswaardig nie. Selfs by die gemeentekompleks word daar gedurig

aandag gegee aan die veiligheidsituasie van die personeel en bates, "*waar dit nooit voorheen saak gemaak het nie"* (respondent Z).

Die gebrek aan veiligheid het 'n negatiewe invloed op mense se totale ervaring van die lewe: *"So ek dink daar is half hierdie vrees, hierdie ingehoktheid wat mense ervaar. Jy kan nie net rondry in Suid-Afrika waar jy wil nie. Jy dink altyd eers in terme van: 'Is dit veilig? Is dit nie veilig nie?' Daardie tipe goeters"* (respondent Z). Dit raak nie net volwassenes nie, maar ook kinders; nie net mense wat self deurgeloop het nie, maar ook almal wat daarvan hoor. *"Mense voel nie meer veilig in ons land nie. Dis 'n GROOT ding wat almal oor praat en op almal se lippe is. Ek werk met kinders wat nagmerries kry – hulle was nog nooit self in 'n situasie waar iets met hulle gebeur het nie, maar van hoor by hulle maatjies en by ouers en by almal, wat aangaan, is hulle so bang om te gaan slaap in die nag. Hulle is nie veilig ... hulle voel nie veilig nie"* (respondent T).

Een van die respondente is 'n juris en sy indruk is dat misdaad toeneem, omdat skelms nie tot dieselfde mate as in die ou bedeling opgespoor, voor die hof gedaag en skuldig bevind word nie. Dit het na sy mening weer te doen met die vinnige transformasie van die Departement van Justisie en die Polisiediens en die gepaardgaande verlies van ervaring en kundigheid. Na meer as 30 jaar in die Departement van Justisie is een respondent baie gefrustreerd: *"En daar is baie mense wat oppak en loop. Bevoegde mense. En dan kom daar ouens wat regtig nie weet wat aangaan nie"* (respondent W).

Die verslegtende veiligheidsituasie het 'n invloed op die gemeente se bedieningstyl. Gemeentelede in dieselfde straat ken nie meer mekaar nie. *"Jy sit hier in jou muur-omheinde plek en jy weet dalk nie eers wat langsaan aangaan nie. En as die persoon wat die hulp nodig het, nie na die predikant of na die ouderling toe gaan nie, hoe gaan die kerk weet daarvan?"* (respondent S). Kerkraadslede kan ook nie meer maklik huisbesoek doen nie, omdat dit nie veilig is nie.

5.4.3.9 ONSEKERHEID

Die afgelope twee dekades is in Afrikaanse geledere gekenmerk deur onsekerheid. Respondent Z dink terug aan haar studies en eerste tydperk van haar beroepslewe gedurende die tagtigerjare: *"Ek dink in 'n sin was daar baie onsekerhede: daar was onsekerheid gewees waarheen dit gaan, wat gebeur."* Twintig jaar later is daar steeds knaende onsekerheid. Respondente beleef onsekerheid

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ten opsigte van posisie en status in die nuwe bedeling: *"Ons het nie 'n posisie – 'n erkende posisie in hierdie nuwe regeringsbestel nie. Ek weet nog steeds nie waar sien die nuwe regering vir ons, wat eintlik die voortou geneem het en nou nie eintlik werk het nie ... waar plaas hulle ons nou? Eintlik voel ek ons is nêrens geplaas nie ..."* (respondent X). Daar is ook onsekerheid ten opsigte van werk, werksgeleenthede en finansies: *"En dan die hele ding van die mense se onsekerheid. Dit gaan oor werksgeleenthede, dit gaan oor afleggings, al daardie dinge – daardie finansiële onsekerheid waardeur almal op die ou end gegaan het. Dit het nie regtig saak gemaak of jy die ryke of die arme was nie, want tensy jy jou eie besigheid gehad het, maar dan is dit ook beïnvloed, want jy kon nie meer so maklik kontrakte kry nie. So, daardie hele finansiële onsekerheid: dit dink ek is nog 'n kenmerk"* (respondent Z). Die gevoelens van onsekerheid, veral rondom die wisseling van regerings, was ook in die fokusgroep ter sprake: *"Ek het nogal ervaar, veral in 'n gemeentekonteks ook, dat daar verskriklike onsekerheid gewees het, nè? Wat gaan nou van ons word? ... julle sal onthou van die blikkieskos wat ons moes opgaar ..."* (respondent S).

5.4.3.10 VERANDERINGS BY DIE WERKPLEK

Daar het sedert 1990 baie veranderings ten opsigte van Afrikaanssprekendes se posisie by die werkplek plaasgevind. Die respondente het na die volgende aspekte verwys:

Die **staat was** in die ou bedeling 'n **groot werkgewer**. 'n Groot persentasie Afrikaners het 'n loopbaan in die staatsdiens gevolg. Die respondente beskik nie oor akkurate syfers nie, maar hulle weet die persentasie Afrikaners in die staatsdiens veel kleiner is as 20 jaar gelede (respondent W, Z). Respondent U is sedert 1993 in die SAPD en hy meen die samestelling van die Polisiediens het verander van ongeveer 90% blank na minder as 20%. *"... dit het 'n totale verskil gemaak"* (respondent U).

Die jare sedert 1990 is gekenmerk deur **transformasie** en **regstellende aksie** by die werkplek – beide in die staatsdiens en in die private sektor. Baie Afrikaanse mense het pakkette aanvaar, is afgelê as gevolg van rasionalisasie, het hulle werk verloor, of het vroeër afgetree (respondente R, U, W, X, Y, Z).

Twee van die vroulike respondente se mans was in die veiligheidsmagte en het, behalwe dat hulle hul loopbane in die middel negentigerjare verloor het, ook die land verlaat. Nie een van hulle het

sedertdien weer in Suid-Afrika gewoon of gewerk nie.

Die indruk bestaan dat baie mense wat pakkette aanvaar het, onoordeelkundig met die groot somme geld gewerk het en lank voor hulle normale aftree-ouderdom nie meer geld net nie. Sommige het in **armoede** verval.

**Regstellende aksie** veroorsaak soms geweldige **frustrasies** by die werkplek, wanneer persone wat nie die toepaslike opleiding of ondervinding het nie, in senior poste aangestel word, slegs op grond van velkleur of politieke kontakte: *"Ek meen, hulle stel mense aan wat nog nooit in die beroep was nie, dan stel hulle hom heel bo aan ... dit kan net nie so werk nie"* (respondent W).

**Diskriminasie op grond van ras** in die werkplek, word soos volg gestel: *"Jy word eerstens beskou as, man, dis soort van: 'Jy is 'n blanke. Jy is rassisties.' Jy weet? 'Jy het belange wat jy wil beskerm', of iets van die geaardheid"* (respondent W). Verskeie respondente voel dat hulle eie en hulle naasbestaandes se professionele insette by die werkplek nie aanvaar word nie en dat daar teen hulle gediskrimineer word, omdat hulle blank is (respondente W, X, Z).

Respondente wat in die staatsdiens werk (of gewerk het), rapporteer 'n verlies aan **arbeidsvreugde** en beroeps-effektiwiteit in die nuwe bedeling.

Baie mense beleef in die nuwe bedeling, met **minder werksgeleenthede** vir blankes, groot finansiële verlies of onsekerheid (respondent Z). Daar is veral min geleenthede vir laaggeskoolde blankes: *"As mens dink, twintig jaar gelede, as jy by 'n supermark kom, dan is daar 'n blanke persoon by die 'tills' gewees, nè? Jy sien dit deesdae net nie meer nie"* (respondent S). Daar is tans weer vlakke van **blanke armoede** wat vir dekades ongekend was (respondent V).

Drie van die nege respondente se **eie loopbane** is direk geraak deur die regerings- en staatsdiensveranderings in Suid-Afrika. Elkeen se verhaal word kortliks aan die orde gestel. Die een respondent verduidelik haar loopbaanskuif, weg uit die staatsdiens, soos volg: *"... al het jy nie 'n agenda nie, al is jy net 'n doodgewone ou wat werk op jou lessenaar, word jy in elk geval nie geglo deur die nuwe leiers nie. So? Toe het ek besef dis nie die moeite werd nie. Mens kan nie so aangaan nie. En jy mors jou tyd. Jy weet, daar is ander dinge wat jy kan doen"* (respondent Z). Sy het voortgegaan en dieselfde soort werk gedoen, maar buite die staatsdiens.

Respondent X rapporteer soos volg oor haar belewenis van identiteitsverlies omdat sy gedurig met die "nuwe" staatsdepartemente moes saamwerk: *"Ek dink daar was 'n baie positiewe en 'n definitiewe verlies aan identiteit. Ons het bevoeg gevoel om 'n ding te beplan en ten uitvoer te bring. Nou se dae, al voel jy hóé bevoeg om 'n ding te doen, jy kry net eenvoudig nie die kans nie! Hulle luister nie vir jou nie, jy het nie 'n plek om 'n bydrae te lewer nie"* (respondent X). Sy het vroeër afgetree as wat sy beplan het, as gevolg van identiteits- en funksieverlies by die werk en omdat haar gesondheid begin ly het onder die chroniese spanning by die werk: *"Maar sonder identiteit is dit moeilik om die pad te vind, hoor! 'n Mens gooi ook nie identiteit oor jou skouer en dan ewe skielik weet jy weer waar is jy op pad heen nie. So, ek dink dit het baie bygedra daartoe dat ek op die end van die dag vroeër afgetree het as wat ek wou afgetree het"* (respondent X). Sy beoordeel haar vervroegde aftrede negatief: *"Dis soos ek gevoel het. Ek het daar geabdikeer"* (respondent X). Ses jaar of meer van haar professionele beroepsloopbaan as gegradueerde, ervare en gemotiveerde persoon in 'n senior pos, het verlore gegaan. *"Uhm, ja, ek wil eerlik sê 'n deel van die vervroegde pensioen is die veranderde bestel in Suid-Afrika. Ek is seker ek sou nog 'n hele paar jare baie vrugbaar kon besig wees*" (respondent X).

'n Derde respondent rapporteer soos volg oor haar loopbaanverandering: *"Ek wil daarby aansluit. Ek was in die Polisie in 1994. Ek het '97 pakket gevat oor onsekerheid. Absoluut onsekerheid. Ek was in die Veiligheidspolisie en ... my kollega wat ingekom het, was die man wat ek ondersoek het. Dit was absoluut onseker en toe kom die ontsaglike 'Ek is alleen gelos.' Daar was geen ondersteuningsbasis nie. Waarhede en dinge wat op die tafel gesit is, het glad nie gerealiseer nie. Dit is van die tafel afgevee die oomblik toe realiteite ingeskop het."* Sy gaan voort om te vertel hoe daar druk op haar geplaas is om drie, selfs vier mense se werk te doen. Na 'n lang tydperk wat sy haar kinders byna nooit gesien het nie as gevolg van werksdruk – en die nuwe base toe haar werk van die tafel gevee het, omdat dit nie vir hulle 'n relevante ondersoek was nie, het sy bedank. *"Ek kies my kinders bo enige ander iets. So, ek het gestap vir my kinders, om by hulle te wees"* (respondent R).

Die ander kant van die muntstuk is natuurlik dat respondent X se vroeë aftrede, bygedra het tot die land se groeiende **vaardigheidstekort** en die verlies aan ervaring en kundigheid in 'n beroepsrigting wat skaarstes beleef. Een van die respondente se dogter, wat as professionele persoon in

die staatsdiens gewerk het, het ook van beroep verander, direk as gevolg van frustrasies met die nuwe bedeling in die staatsdiens.

Breedweg beskou is die jare sedert 1990 gekenmerk deur **verlies van skaars vaardighede, bekwaamheid en ondervinding** in baie beroepsvelde. *"Maar dis baie jammer as jy sien hoeveel kundigheid is verlore"* (respondent Z). Met verwysing na die Polisiediens se poging in 2009/2010 om bekwame oud-polisielede terug te lok na die diens, sê een persoon: *"Nou soek hulle weer bevoegde mense. Daardie ouens sal nie terugkom nie! Daar is nie 'n manier nie. Dis die probleem met die goed ... Jy kan nie 'n man behandel soos hulle behandel word en dan verwag hulle sal later vrywillig terugkom nie. Dit werk nie so nie. Dit kan net nie gebeur nie"* (respondent W).

Baie mense wat in die ou Suid-Afrika werksekuriteit gehad het, beleef nou 'n groot mate van onsekerheid. *"Die staatsdiens het mense gesus. Dis veiligheid, nè? Ek het 'n werk, ek sal vir ewig aangaan. Dis ook 'n algemene tendens, sal ek nou sien, nè? Weet jy wat? Ons het altyd hierdie net onder ons gehad. Daar sal iets vir jou gesorg word. Ewe skielik is die net weggetrek en nou moet jy SELF uitspring en die dinge doen"* (respondent Z). Die **gebrek aan werksekuriteit** veroorsaak onsekerheid en spanning, wat negatief is. Die positiewe is egter dat mense vandag hard sal veg om hulle werk te behou: *"... as 'n ou vandag 'n werk het, sal hy sy voortande gee om die werk te behou, terwyl dit destyds nie noodwendig so was nie"* (respondent V).

Daar is baie meer blanke **werksverliese, werkloosheid en armoede** as vroeër (respondente V, W, Z). Werksverliese het 'n negatiewe invloed op die betrokkenes se sosiale status en lewenstandaard. Blanke plakkerskampe is 'n nuwe verskynsel in Suid-Afrika (respondent V). 'n Nuwe geslag armblankes het ewe skielik begin ontwikkel (respondent Z).

Die indruk bestaan by respondente dat Afrikaanse mense vandag **harder werk** as vroeër, dat **spanningsvlakke hoër** is, dat hulle meer druk en stres ervaar en dat hulle ook **langer ure werk** (respondente V, Z). *"Die gevolg is, ouens raak deesdae baie oorwerk. Hulle raak gespanne ten opsigte van hulle werksituasie. Hulle raak moeg ... Jy kry hulle, veral die mans, nie voor baie laat saans nie. Dit is dinge wat ons deesdae ervaar wat in ons samelewing plaasvind, wat ek nie onthou wat ons destyds gekry het nie"* (respondent V). Toenemende swaar verkeer speel in stedelike gebiede 'n rol om spanning te laat oplaai en mense se werksdag langer te maak.

In een geslag se tyd, saam met die koms van die nuwe Suid-Afrika, het die arbeidsituasie en die gesinstruktuur so verander dat **twee-inkomste-gesinne** tans die norm is, terwyl Afrikanervroue tradisioneel huisvrouens was. *"... ek dink nou aan toe ek 'n kind was: Ma was by die huis..."* (respondent Z).

**Blanke mans** word in die nuwe politieke bedeling beskou as – by uitstek – "voorheen bevoordeel". Daarom staan hulle tans heel agter in die ry vir werksgeleenthede. In die huidige omstandighede is dit vir mans moeiliker om werk te kry en te behou as vir vrouens. *"Nou is dit moeilik vir mans, want mans moet net so hard veg in beroepe soos wat vrouens al die jare geveg het"* (respondent Z).

**Ouer blanke mans** is tans die mees kwesbare groep in Suid-Afrika se arbeidsmag. Waar 'n man nie 'n goeie werk het nie, het werkverwante probleme in 'n rimpel-effek 'n negatiewe uitwerking op ander areas van hulle menswees, byvoorbeeld op hulle gevoel van eiewaarde en hulle selfvertroue (respondent Z). *"Vir daardie binne-verlies, daardie ver, diep ding, en ek dink dit is verskriklik swaar vir mans. Vrouens praat maklik. Hulle kry een oor en hulle praat dit uit. Maar ek dink dit lê regtig swaar binne mans en dit maak ook dat jy hierdie uitvalle kry van geweld in die gesin en al daardie tipe goed. Dis sóóó, daardie aggressie, daardie frustrasie, daardie tipe dinge wat daar is, wat jy alles kan koppel weer terug aan verlies, nè?"* (respondent Z).

Werkverlies het 'n **impak op die mens se gees** en dit blyk dat spesifiek manspersone daaronder ly: "*Maar daar is baie, baie beslis ouens wat byvoorbeeld hulle werk verloor het, wat treur. Ek wil net ietsie noem: dit gebeur soms dat 'n ou sy werk verloor, maar finansieel gesproke is hy nie so sleg daaraan toe nie, want hierdie pakket wat hy kry, kan miskien vir hom finansieel nog lank aan die gang hou. Maar, veral by die mans, kry jy dit dat dit maak so 'n impak op 'n ou se gees, dat jy treur. En jy treur lank daaroor, dit is nie iets wat sommer gou verby gaan nie. Ek het 'n storie eenkeer raakgeloop ... waar dit baie, baie duidelik is dat so-iemand getreur het, nie as gevolg van finansies nie, want die afkoopwaarde van sy afdanking was finansieel gesproke vir hom aanvaarbaar. Maar die feit, toe hy die môre badkamer toe gaan (die eerste dag) toe hy gereed maak, asof hy werk toe gaan en hy besef hy het nie 'n werk om vandag heen te gaan nie, het hom tussen die oë geslaan"* (respondent V).

Dit kom vandag algemeen voor dat Afrikaners vir korter of langer periodes van tyd **in die buiteland werk** (respondente V, Y, Z). *"Hier is een ou wat vir my vertel het hy was verlede jaar tot Junie meer in die buiteland as wat hy in Suid-Afrika was"* (respondent V). As gevolg van internasionale isolasie het dit baie selde gebeur in die tydperk voor 1990.

Opsommend blyk dit dat die landskap ten opsigte van beroepsarbeid en werksgeleenthede sedert 1990 drasties verander het: in die staatsdiens en verskeie ander sektore.

5.4.3.11 MISLUK DIE SKOOLSTELSEL?

Meer as een respondent verwoord die frustrasie in die werkplek dat mense met 'n geldige matrieksertifikaat en selfs naskoolse kwalifikasies nie behoorlik kan skryf nie en nie 'n eenvoudige taak kan uitvoer soos om 'n amptelike brief te skryf nie (respondent W). Dat respondent W se frustrasie klaarblyklik nie 'n geïsoleerde insident in 'n enkele kantoor is nie, word bevestig deur die "Law Society of South Africa" se kommer oor gekwalifiseerde regsgeleerdes se "ongeletterdheid" en "algemene gebrek aan vaardighede. Die jonges is die resultaat van 'n wanfunksionele skoolstelsel" (Du Plessis 2010).

Die geletterdheidsvlak, gemeet aan formele kwalikasies soos 'n matrieksertifikaat of diploma, is in Suid-Afrika nie laer as in 1990 nie, maar daar is baie kommer by kundiges oor die nalatenskap van Uitkomsgebaseerde Onderwys. Die feite is dat meer en meer funksioneel ongeletterdes (as gevolg van 'n vaardigheidstekort en regstellende aksie) aangestel word in poste waar gevorderde opleiding 'n vereiste is (respondent T).

5.4.3.12 POSISIE VAN AFRIKAANS

Die agteruitgang van **Afrikaans as gebruikstaal** in die staatsdiens, is soos volg verwoord deur 'n respondent wat destyds nou saam met die staat gewerk het: *"Ek kan onthou, veral na 1994, toe het niemand ewe skielik meer Afrikaans verstaan nie. Die vorige vergadering het ons almal nog lekker Afrikaans gepraat en die volgende vergadering, as jy Afrikaans praat, ... weet niemand wat sê jy nie"* (respondent X). Dit dra by tot die vervreemding wat baie Afrikaners tans ten opsigte van die staatsdiens beleef (respondente W, X, Z).

Dit blyk dat die posisie van Afrikaans nie net in die staatsdiens verander het nie, maar in die breë samelewing en dat dit ’n bepaalde invloed op mense se alledaagse belewenisse het: *"En jy het ook die taal ... dit was in ons taal, al daardie goed, jy weet? Vir baie mense is Engels ’n aanpassing. Die dinge moet nou in Engels gebeur. So, dis ’n geweldige ding, veral onder die ouer lede. En dit maak hulle bang: om die munisipaliteit te skakel, want hulle kan nie Engels regtig praat nie. Hulle kan nie duidelik verduidelik nie. Waar daar gepraat word oor 11 tale – die mense wat Afrikaans praat, kry swaar daarmee, jy weet? Dit sien ek nogal, is vir ons ouer garde ’n baie moeilike saak: dat hulle met probleme sit, maar hulle kan dit nie self oplos nie, want hulle ... die taal is ’n 'barrier', jy weet?* (respondent Z). Dis kommunikasieverlies (respondent U).

Taal sluit mense in of sluit mense uit. Respondent S vertel dat sy onlangs in ’n Binnelandse Sake-kantoor gesit het en heel verdwaal gevoel het omdat sy nie kon verstaan wat daar gepraat word nie. Toe sê sy vir haar seun by haar: *"Weet jy, ek dink presies soos ons twee nou voel, het hulle altyd gevoel, want jy het altyd die voordeel gehad omdat jy ’n blanke was en jy het presies geweet wat aangaan. Jy vra vir iemand en hulle verduidelik vir jou. As hulle met mekaar praat, dan hoor jy wat aangaan. Ewe skielik ... dit is ’n groot verlies vir my ... ewe skielik is ons aan die kant wat ons nie weet wat gaan aan nie. Ons verstaan hulle nie. Jy weet nie wat om te doen nie en dan het jy so bietjie ’n gevoel hoe moes hulle al die jare gevoel het."*

5.4.3.13 HELD OF SKURK?

Die posisie van mense wat in die ou bedeling aan die veiligheidsmagte verbonde was, blyk besonder problematies te wees. Aanvanklik was daar pogings van die nuwe regering om die blanke lede "binne" te hou, omdat daar sekerheidsrisiko's was as gevolg van hulle intieme kennis van die militêre en veiligheidsomgewing (respondent Z). Tog was daar min professionele soldate van die ou bedeling wat hulle loopbane in die militêre omgewing voltooi het. *"Ek dink nou aan ouens wat in die weermag was en besluit het hy klim uit, hy kan net nie meer saamgaan nie"* (respondent Y). Party blanke lede van die ou bedeling se veiligheidsmagte het met die integrasie van die ANC se MK-vegters in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en Suid-Afrikaanse Polisiediens in die posisie beland waar hulle hul voormalige vyande moes oplei, of onder voormalige vyande se bevel moes werk (respondente W, Z). Baie van hulle het nie daarvoor kans gesien nie en het die diens verlaat. Die "goeie soldaat" van die ou bedeling is *"... in ’n sin, aggressief-teleurgesteld, nè? Want*

*hy het sy hele lewe daarvoor gegee. Nou kom almal en vertel vir hom: 'jy was eintlik sleg. Hoe kon jy daardie ouens vervolg het?' ... Ek dink daar was baie mense, baie mans wat voel: 'Ek was die held, nou is ek ewe skielik niks'"* (respondent Z). Dieselfde loopbaan waarop hulle eens trots was, is nou die bron van neerhalende aanmerkings, skuldgevoelens, min selfvertroue en 'n lae selfbeeld. Baie van daardie lede is steeds ontnugter, woedend of depressief. Baie ly aan algemene rigtingloosheid en onvermoë om sin te maak van hulle lewens. Dit is nie regverdig teenoor die individu nie, maar dit is hulle stryd in die nuwe bedeling (respondent Z).

Gedurende dieselfde weke wat ek hierdie paragrawe skryf, berig *Rapport* uitvoerig oor "Oudsoldate se pelgrimstog op soek na innerlike vrede" (Lamprecht 2010(a), (b), (c)). 'n Groep oudsoldate van 61 Gemeganiseerde Infanterie Bataljon, 32 Bataljon en die Verkenningskommando het 'n uitgebreide toer onderneem na slagvelde in Namibië en Angola waar dié drie eenhede hard geveg het. Die drie artikels berig oor "riviere van emosie", hoe lede die trauma van dae van koeëls en bloed herleef het, oor woede, verdriet, trots; oor pynlik-eerlike vertellings en die soeke na die pad wat 'n geharde oudsoldaat na innerlike vrede lei; oor simbole van versoening en vrede wat die toergroep tot stand gebring het. Dit berig ook oor die toerlede se verligting om ná amper 30 jaar daaroor te kon praat met mense wat verstaan (Lamprecht 2010(a), (b), (c)).

Respondent W het baie met polisiemanne en gewese polisiemanne te doen en verwys na hulle ontnugtering met die nutteloosheid van die opofferings wat hulle destyds gemaak het. "*So, daardie ouens sal vir jou sê maar ek moes nagte lank moes ek my vrou en kinders by die huis los en in die swart woonbuurte gaan lê: kyk dat hulle nie die plekke afbrand nie en dan skiet hulle op my en al daardie goeters. Waarvoor was dit nou? Kyk waarvoor het ons – wat het ons bereik?"* (respondent W). Die polisiemanne van die ou bedeling se oorwegende reaksie is aggressie.

Dieselfde geld die dienspligtiges van destyds wat grensdiens verrig het: party van hulle is baie aggressief. *"En hulle aggressie gaan nie eintlik oor die swartes nie, dit gaan oor hulle voormalige bevelvoerders en ministers en daardie ouens. Ek meen, ek kan nie eers vir jou sê wat sê hulle alles nie ... ons is bedrieg. Al die jare het hulle ons bedrieg, om daardie politikus aan die gang te hou; sy idees ... hulle is baie aggressief oor die weermag. En hulle verwyt 'n klomp mense ... Jy sien, die ander aggressie wat ek aan dink, behalwe daardie, is teen die kerk. Wat ons hulle daardie tyd vertel het, party mense, seker nie almal nie, maar apartheid is reg. Nou moet hulle hoor, uit die-*

*selfde geledere uit, ek praat van die kerk, dit was sonde gewees ... Hy sê: 'Dis my geestelike leiers. Hulle het vir my dit vertel.' En al wat ... Het hulle liewer maar niks gesê nie, maar hulle het nie gesê: luister jy is besig met die verkeerde goed nie. Hulle het niks gedoen nie. Nou staan daardie selfde ou en vertel vir jou dit is eintlik sonde. Hy sê tot die kerk het my bedrieg. En daarom is dit so erg: baie polisiemanne wil met die kerk niks te doen hê nie"* (respondent W). 'n Ander respondent verwys ook na lede van die veiligheidsmagte. Niemand help hulle vandag om dit te verwerk dat hulle mense doodgemaak het en nie vrede daaroor kan vind nie: *"Hulle hang in die lug. Dis nie dat hulle met God niks te doene wil hê nie. Dis nie dat hulle ateïste geword het of iets van die aard nie"* (respondent X). 'n Ontstellende groot getal oudlede van die veiligheidsmagte is totaal kerkvervreemd en woedend vir die NG Kerk. Hulle glo in God, maar wil niks met die kerk te doen hê nie. *"Ek sien dit nou elke dag daar by my. Ek werk met baie polisiemanne"* (respondent W).

Dit blyk dat die oudveiligheidsmagte se trauma en verlies hoofsaaklik onverwerk bly. Die enigste treursimptome wat respondente by hulle opmerk, is ontkenning en aggressie. "*My hart gaan so uit, want ek sien die geveg in sy binneste. Hulle het so ... hy was 'n recce en hulle het verskriklike ervarings gehad – ek dink nie ons het meer 'n begrip van wat se ervarings hulle gehad het nie. Menige kere (sy hand is ook afgeskiet in een of ander skermutseling) het hulle nagte en nagte gelê binne in die veld en nie geweet of hulle die volgende dag sien nie. Nou is hulle hier terug in die samelewing. Daar is nêrens plek waar hulle kan praat daaroor nie"* (respondent X).

5.4.3.14 AFRIKAANSE MANS EN HULLE GESINSLEWE IS ONDER DRUK

Veranderings by die werkplek, soos hierbo bespreek, het bepaalde implikasies vir blanke mans en hulle **gesinsverhoudings:** *"Veral met mans het ek gevind dat hulle leef terug in die verlede. Jy weet, 'toe ek dit was, toe ek dat gedoen het'. Veral as dit met hulle swaar gaan, dan klim hulle nie uit en begin 'n nuwe lewe met al die ywer wat nodig is nie ... Ek dink mans ervaar 'n verlies aan manlikheid. Jy weet, daardie: 'Ek is 'n man, ek is trots op wat ek doen' ... So, ek dink veral mans kry baie swaar op hierdie stadium en dan het dit 'n direkte invloed op die familie. Ek dink as jy kyk na selfmoord en jy kyk na gesinsmoorde en al daardie tipe dinge wat ... wat eintlik ongekend was. Of miskien was dit net nie bekend nie, ek weet nie. Maar dis vir my nou of dit al hoe meer algemeen raak. Dis nie meer snaaks nie. Mense sal sê 'haai siestog' maar dit is nie meer 'n buitengewone situasie nie. Wat ek ook sien, is dat die ... die druk, die stres wat daar tussen ouers is,*

*loop deur na kinders toe. Dis hoekom ons tans ook so sukkel met ... sit met 'n groot persentasie kinders wat depressief raak, vir wie selfmoord 'n uitweg is. Ek dink nogal die hele gesinstruktuur is onder geweldige druk, veral as daar nie 'n inkomste van die man se kant af is nie, want dit is, hy is so gestruktureer dat hy moet voorsien. As iemand anderster moet voorsien, al is dit sy vrou of wie ook al, watter instansie, dit is geweldig moeilik vir 'n man om te hanteer"* (respondent Z).

Twee respondente se mans werk, as gevolg van die veranderings in Suid-Afrika, sedert die middel negentigerjare in die buiteland. Dit hou enorme verlies vir hulle gesinne in: *"My kinders het sonder 'n pa grootgeword. Ek is 'n enkel-ouer. Ek was drie maande swanger, my dogter is nou 16. Sy ... haar pa kom twee keer of drie keer 'n jaar huis toe. Absolute verlies aan gesins-bymekaar-wees. En ek is nie die enigste nie. Ons is eintlik ... al die vrouens wat in dieselfde posisie is, ons ondersteun mekaar. Ook huweliksgeluk daarmee saam. Ek het nie my eggenoot by my nie. Ons familie is glad nie uniek wat dit aan betref nie ..."* (respondent R).

5.4.3.15 BOIKOTTE EN INTERNASIONALE ISOLASIE IS DEURBREEK

Die respondente beleef die deurbreking van die sewentiger- en tagtigerjare se internasionale isolasie baie positief. Respondent Z verwoord haar herinneringe van die isolasiejare soos volg: *"Ek dink nie ons het ooit besef hoe verskriklik die boikotte regtig teen ons was nie, tot na die begin van die 90's, wat jy ewe skielik nie meer net Tastic-rys kry nie, jy het veral na '94 was daar hoevéél tipes rys. Ons het nie besef hoe afgesonderd ons is nie – hoe moeilik dit was om te reis, byvoorbeeld. Ek het dit nou uit die Weermag ondervind. Jy kon net nie reis eintlik nie, tensy jy in 'n groep gegaan het en dis baie goed georganiseer. Suid-Afrika was ongelooflik afgesny. Dit het nie regtig tot ons deurgedring nie, want ons het eintlik daarmee opgegroei. Ons het nie besef wat mis ons nie."*

'n Suid-Afrikaanse paspoort word ná 1994 in baie meer lande aanvaar en Suid-Afrikaners reis en werk veel meer as voorheen in Afrika en ander wêrelddele (respondente W, X, Z). Afrikaanssprekendes se blootstelling aan ander lande, kulture, vorme van kuns en vermaak, denkwyses en godsdienste het dramaties toegeneem. *"Vir my is dit definitief van 'n geslote gemeenskap, 'n geïsoleerde gemeenskap na 'n oop, vry gemeenskap, wat eintlik oornag gebeur het. En dan met al die gevolge daarvan – van die geslotenheid van absoluut inklusief en beskerming van die eie, na waar*

*ons vandag sit, wat wêreldwyd die tendens was, waar alles nou oopgegooi word ..."* (respondent R). 'n Gemeenskap wat geslote en beskermd was, is skielik deel van die groot, internasionale gemeenskap: *"Ons het beskermd grootgeword en dan skielik hierdie blootstelling aan baie meer kulture en verskillende denkwyses en ideologieë en idees oor die lewe, wat jy nooit voorheen mee kontak gehad het nie"* (respondent T).

5.4.3.16 DIE NG KERK WAS "GESLOTE" EN HET "OPER" GERAAK

*"Ons het nou die dag daaroor gepraat: wat vir my interessant was – die NG Kerk het vir my baie geslote voorgekom: 'Dit is wat ons bely. Dit is wat ons doen. Dit is verkeerd. Daardie mag jy nie doen nie, dan gaan jy hel toe.' Dit was sulke duidelike lyne wat in uitsprake gemaak is. Ons praat van nou die dag"* (respondent Z). Sy gaan dan voort en noem hoedat die NG Kerk gekant was teen enigiets wat as Rooms beskou is, soos meditasie en die gebruik van die kruissimbool. Sy verwoord die verandering wat plaasgevind het, soos volg: *"Nou sien ek 'n baie breër benadering ..."* Die nuwe benadering kan ook as "gemakliker" of "meer akkommoderend" beskryf word (respondent Z).

Verskeie respondente verwys daarna dat die NG Kerk tans anders geposisioneer is ten opsigte van ander kerke as twintig jaar gelede: Daar is baie beter verhoudings met ander kerkgroepe *"... gelowiges staan vir my meer saam, wat vroeër nie daar was nie"* (respondent R). *"Jy moet saamstaan. Dis nie meer AGS, Hervormdes, NG nie"* (respondent S). Respondent U verwys na 'n groot geleentheid op Loftus, wat totaal interkerklik was, maar waaraan die NG Kerk voluit deelgeneem het. Daar is hartlike samewerking met ander kerke, onder andere in "pastor's forums" en rondom gemeenskapsprojekte, verskillende NG Kerk-gemeentes bedryf projekte in Mamelodi, ensovoorts (respondent S, U, V, Z). *"So, wat ek ervaar het, is die kerk het in daardie opsig oper geword"* (respondent U). Die NG Kerk het deesdae baie beter verhoudings met ander kerke as voorheen. Daar is onderlinge liefde en hartlike deelname aan interkerklike projekte. *"As 'n mens dink aan baie van hierdie aktiwiteite, hoe begerig die NG Kerk is om met die ander kerkgroepe saam te werk en hoe begerig sommige van hulle is om ook saam met die NG Kerk te werk... Hier in ons gebied, hier is seker nie 'n gemeente, van watter kerkverband ook al, wat nie een of ander belang daarby het nie. Dis pragtig en dis samewerking"* (respondent V).

Hoewel net enkele gekleurde gesinne (en geen swartmense nie) lidmate van die gemeente geword het, is die respondente se konsensus dat gemeente 3 ’n maklike oorgang gehad het na oop lidmaatskap vir ander rassegroepe.

### 5.4.3.17 ANDER LEWENSGEVOEL

Die huidige, algemene lewensgevoel kan beskryf word as minder formeel, minder rigied, meer persoonlik, minder bemoeisiek, meer akkommoderend en vriendeliker (respondente V, Y, Z). Die NG Kerk was in die ou bedeling rigied oor gemeentegrense. Vandag ry stadsmense na die ander kant van die stad na die gemeente van hulle keuse. Respondent R verwys in hierdie verband na die nuwe verskynsel van *“church hopping”* – verbruikersmentaliteit in die kerk. Hierdie verandering het nie spesifiek met die advent van die nuwe Suid-Afrika te doen nie, maar val wêreldwyd daarmee saam. Die bestuurstyl in gemeente 3 het in pas daarmee die afgelope jare verskuif van ’n outoritêre styl na ’n styl van deelnemende bestuur, waar die gemeente in besonderhede ingelig word, betrek word by projekte en besluitneming; vertrou word met bedienings. Predikante word nie meer op ’n troontjie gestel nie. Lidmate aanvaar hulle as gewone mense en voel byvoorbeeld vrymoedig om met hulle te redeneer en te verskil oor die inhoud van hulle preke. ’n Dekade of twee gelede sou dit ondenkbaar gewees het (respondente V, Z). Die struktuur van die kerk het in hierdie atmosfeer baie gemoderniseer. Kort, funksionele en persoonlike vergaderings het lang, formalistiese en “kwaai” vergaderings vervang. Daar is waardering vir die nuut-geformuleerde rol van meerdere vergaderings van die NG Kerk: ring, sinode en Algemene Sinode (respondent V). Ringsvergaderings is nie meer twee en ’n half dae nie, maar twee en ’n half uur (respondent V).

### 5.4.3.18 EMIGRASIE

Emigrasie van geliefdes oor die afgelope 20 jaar het volgens al die respondente bygedra tot die Afrikaanse gemeenskap se belewenis van verlies. Die respondente ly persoonlik onder emigrasie van geliefdes:

Een respondent merk op dat naby familielede van al 13 lede van hulle selgroep, al geëmigreer het.

Een van die respondente se eie kind woon al vir etlike jare in Nieu-Seeland. Hulle het ’n huis gekoop en daar is nie ’n kwessie van omdraai nie.

Twee van die respondente se mans werk al sedert 1995 in die buiteland, met enorme implikasies vir hulle gesinslewe.

Emigrasie impliseer die verlies van familiebande; die voorreg om 'n grootouer of 'n kleinkind te ken (respondent T). Daar is baie emosionele pyn by betrokke. Die tipe boodskap wat die Suid-Afrikaanse familie van vriende wat ook oorsee woon, oor hulle kinders kry, is: *"'Ja, dit gaan met hulle goed, maar hulle sukkel baie met aanpassing.' Ek dink as jy met baie mense praat, is dit maar die situasie"* (respondent V). Dit is gewoonlik jongmense wat emigreer. Hulle soek groener weivelde op, maar die realiteite in die nuwe land is dikwels vir hulle 'n skok: *"Die geld is nie meer nie, want jy leef in 'n gemeenskap wat duurder is. Jy is afgesonder ... Daar is ook maar misdaad ... As jy dan moeilikhede kry – oooef, dan is dit dubbel moeilik"* (respondent Z). Die emigrante se ouers kry baie swaar. Hulle leer skype en hulle maak 'n plan met kommunikasie, maar dit is vir hulle verskriklik swaar (respondent Z). *"Jy skype, maar jou hart trek met 'n punt ..."* (respondent X). Respondent V verbaliseer 'n bejaarde moeder, wat in Suid-Afrika agter bly, se verlies: *"Maar as hy oorkant die grens is, is dit so asof die ouens amper van hom afskeid geneem het soos met die dood. My eie ore het al gehoor dat 'n tannie sê dat hierdie kind van haar wat nou oorsee is, as hy liewer doodgegaan het, dan sou sy beter gevoel het. Ja, dis nou 'n harde ding om te sê, maar dis hoe party van hulle voel."*

Die pyn en verlies wat met emigrasie gepaard gaan, raak nie ligter met die verloop van tyd nie: *"Dis absoluut 'n moeilike ding, maar ek dink dit laat treur nogal vasbyt by die mense ... dit is baie moeilik (ek sien dit by hoevéél mense) as daar besoeke heen en weer plaasvind, want dis elke keer die afskeid. Dis elke keer, en vernaam as dit ouer mense is, dan ... die kinders dink 'miskien sien ek hulle nie weer nie', die ouers dink miskien ... Dis 'n baie ingewikkelde situasie. Dis nie so eenvoudig van 'oh, ons gaan na die paradys toe' nie, of 'ons oorleef maar net'. Daar is 'n ander tipe treur wat ook bykom, jy weet, daardie verlies van jou familielede wat jy nou moet hanteer en dit bou op die probleme wat hier reeds is ... Dis MOEILIK, dis 'n baie moeilike en komplekse situasie daardie. Ek dink dit sit net nog druk op die gemeenskap soos wat dit is"* (respondent Z).

Die feit dat soveel jongmense die afgelope twee dekades land-uit is, skep by voorbaat spanning by gesinne met kinders wat volwasse word: *"Dis iets wat ons nie ken nie, hierdie dat mens in jou hart*

*met vrees sit dat jou kind môre of oormôre sal kom sê: 'Hoor hierso, Ma, ek het nou 'n aanbod gekry daar anderkant, of die gras lyk vir my groener daar"* (respondent X).

Die redes vir emigrasie waarvan respondente weet, is die hoë misdaadvlakke en gebrek aan persoonlike veiligheid in Suid-Afrika (respondent V, Y, Z), die verlies van werk en beroepsvooruitsigte (respondent W, Y, Z), die soeke na opwinding en iets nuuts (respondent X), finansiële oorwegings (respondent Z), ter wille van die volgende geslag (respondent V). Daar is ook die faktor van 'n weiering om die verliese wat met die oorgang na die nuwe bedeling gepaard gegaan het, te verwerk: *"Ek wil ampertjies sê ek dink dit is mense wat, wat tot 'n mate weier om die realiteit van Suid-Afrika te aanvaar. Hulle wil nie hierdie realiteit hê nie. Met ander woorde, hulle wil nie die verlies hê nie. Hulle erken nie: ek het verlies gehad hierso nie. Hulle sê net: hierdie realiteit wil hulle nie hê nie en dan soek hulle vir hulle 'n ander ene daar anderkant"* (respondent X).

Nie net die direkte families van emigrante beleef verlies nie, maar ook die breër gemeenskap en die plaaslike gemeentes: *"Ons het kwaliteit verloor. Ek weet van oulike jongmense wat oorsee is. Dit het die NG Kerk geraak ... Die NG Kerk het goeie jongmense verloor, kaliber ouens wat ons baie kon help en dit het 'n sielkundige tipe effek op die kerk"* (respondent Y).

Aan die positiewe kant is respondente se indruk dat emigrasie gestabiliseer het in gemeente 3 se omgewing. Daar is nie meer 'n uittog nie. Daar is ook heelwat emigrante wat weer teruggekom het (respondente Y, Z).

5.4.3.19 EGTE EN ONEGTE SKULD

Die skuld-kwessie by voormalige lede van die veiligheidsmagte was al ter sprake. Maar uit die onderhoude het geblyk skuld vir die skade wat deur apartheid aan swartmense gedoen is, kleef ook kollektief aan die NG Kerk as 'n organisasie, kollektief aan die Afrikaner, kollektief aan die blanke. Individue dra ook nog aan daardie las.

Respondente beleef aspekte van daardie skuld as eg, omdat daar inderdaad onregte gepleeg is. Respondent W haal twee voorbeelde aan: *"Dit staan in Hansard, jy kan dit gaan lees, die blanke het dit gesê aan die swarte, jy kan onderwys kry. Maar dít was die verstandhouding gewees – hy mag nie ordentlike onderwys kry nie. Hendrik Verwoerd het dit gesê as minister. Ek het dit met my*

*eie oë gesien. Wanneer swartmense dus sê: 'Julle het gesê ons moet minderwaardige onderwys kry, sodat ons nie êrens met die blanke kan kompeteer nie', is dit 'n werklike onreg en daar is egte skuld. Die ander voorbeeld wat hy aanhaal, is dat swartmense vir hom sê: 'Julle het ons grond weggevat. Ons het plase gehad soos enige ander ou. Toe het julle eenvoudig die groepsgebiedewet ingebring wat sê: julle is uit!' ... 'n Ou het dit eendag vir my gesê – 'en nou is julle kwaad omdat ons julle gewere weggevat het? Wat is die belangrikste: jou geweer of jou grond en jou huis? Kyk hoe kwaad is julle oor julle gewere. Hoe moet ons voel oor ons huise?' En dis nie reg nie"* (respondent W). Hy verduidelik voorts hoe swartmense nie die regering van 50 jaar gelede verantwoordelik hou nie, maar kollektief al die blankes van vandag: *"En hulle hele houding is: 'julle het hulle in-gestem, julle is die blankes' ... Dis nou wat die swartes vir my kwaad maak"* (respondent W). Die paswette is ook aangehaal as 'n onreg en 'n bron van egte skuld (respondent X). Afrikaanse mense loop hulle steeds vas teen onafgehandelde, geregverdigde woede van swartmense. Die kollektiewe las van apartheid rus ook nog op die NG Kerk: *"Ek dink ook van die anderskleuriges sien die NG Kerk as die ou ... ons wil eintlik nie op groot skaal saam met julle werk nie, want julle was ook maar deel van die apartheids-ouens gewees; julle het ons seergemaak"* (respondent Y).

Aan die ander kant voel respondente daar word skuld op hulle gelaai vir dinge soos rassisme en haat, waaraan hulle nooit skuldig was nie. *"Ek ek het van 'n plaasgemeenskap af gekom, presies dieselfde, waar ons nie vir die swartes sommer kon gehier-jy het nie, waar ons ordentlik met hulle moes gepraat het en waar 'outa' ampertjies soos 'oupa' gewees het. Dit was 'n ere-naam, dit was nie 'n skeldnaam gewees nie! En nou kom ons in hierdie situasie en almal maak uit dat die blankes was aaklige mense, man, hulle het hierdie mense gelooi en hulle ... met hulle verskriklik gewerk. Dit is nie die waarheid nie!!"* (respondent X). Die verskynsel dat wandade van enkele individue aan die hele groep toegeskryf word, vertroebel die water in 'n konteks soos hierdie. Die gewilde Afrikaanse groep *Klopjag* se liedjie *"Ek sal nie langer jammer sê nie"* verwoord iets van die jonger mense se weiering om langer skuld te aanvaar vir iets waaraan hulle nie skuldig is nie.

5.4.3.20 PATRIARGALE SAMELEWING, KRITIESE SAMELEWING

Wat ook waar is, is dat meeste Afrikaners hulle politieke leiers blindelings gevolg het in die ou bedeling se patriargale stelsel: *"Die ou patriarg het gepraat en nou moet jy maar net doen. Hulle*

*het ons met die inligting gevoer wat hulle wou gehad het ons moet weet"* (respondent W). *"Ons het nie vreeslik gedink nie?! Regtigwaar! Die regering het vir ons gedink, ons het gedoen. Ons het saamgegaan in goeie vertroue, ja"* (respondent X). Die patriargale era het verbygegaan. Gesags-figure in die Afrikaanse gemeenskap (van politieke partye tot predikante) word vandag krities bejeën (respondent Z).

5.4.3.21 OUDERDOM MAAK SAAK

Daar is 'n groot verskil tussen die jong, middeljarige en bejaarde Afrikaners se belewenis van die veranderings in Suid-Afrika. *"Ek dink die jonger garde is oper. Kom ons sê almal 50 en ondertoe, het in die nuwe Suid-Afrika makliker ingekoop en ingekom. Ek dink die studente vandag en die tieners – hulle is daarin gebore. Die gesprek oor die tagtigs en verandering – eintlik gaan dit by hulle verby. Hulle word groot, my kinders is gebore in die negentigs. Hulle word groot in die nuwe Suid-Afrika. Vir hulle is apartheid – hulle hoor daarvan, maar hulle ken dit nie. Vir hulle om te verwerk wat gebeur het, is nie 'n probleem nie, want hulle hóéf dit nie te verwerk nie. Ek dink hier is baie jong ouens in die gemeente wat, kom ons sê hulle is 30 of 40 jaar oud – hulle het reeds dit verwerk. En ek dink die ouens van so 50 – ons ouens wat nog grensdiens gedoen het, wat nog militêre diensplig gedoen het, wat geveg het vir Suid-Afrika in Namibië, aan die grens, ons het al ver gevorder om dit te verwerk" (respondent Y).* Dieselfde respondent se waarneming is dat mense van 60 en ouer, veral 70 en ouer, die oorgang na die nuwe Suid-Afrika baie traumaties beleef het.*"Die verwerking is vir die ouer garde moeiliker"* (respondent Y, so ook respondent V).

'n Jonger respondent som die belang van ouderdom soos volg op: *"Ek dink dit het nogal half 'n 'link' met hoe oud jy was toe die veranderinge ... want ons het amper half grootgeword daarmee. Ek dink teen die tyd toe ek universiteit toe gegaan het en regtig in die wye wêreld my voete gevind het, was dit in 1995 en het die veranderings al begin en dit was nie ... jy het gegroei saam met dit, grootgeword saam met dit. So ek dink dit is vir die jonger mense dalk bietjie makliker as vir die mense wat meer in hulle ... 'set in their ways' was"* (respondent T).

5.4.3.22 KORTLIKS

Om hierdie afdeling (die ryk beskrywing van verandering en verlies) mee af te sluit, word nog 'n

aantal punte wat respondente geopper het aangestip, sonder om in enige besonderhede daarop in te gaan.

- In die ou bedeling was daar (veral in NG Kerk-geledere) meer geniepsigheid. Die indruk is dat daar tans groter verdraagsaamheid is (respondent V).
- In die "ou dae" was daar in die algemeen 'n groter positiwiteit oor die land en die toekoms in Afrikaanse geledere (respondent V).
- Afrikaners beleef kultuurverlies. As gevolg van veranderings in die gemeenskap, is bande met Europa baie minder heg as voorheen (respondent R).
- Die dekades voor 1990 is in die NG Kerk gekenmerk deur afstigtings, terwyl die dekades sedert 1990 gekenmerk is deur die verlies van gemeentes wat doodloop, ontbind of saamsmelt (respondent R).
- Die indruk is dat mense oor die algemeen in die tagtiger- en negentigerjare eerder emosioneel as rasioneel betrokke was by probleme (respondent V).
- Meeste vroue se rol het in die tyd onder bespreking verander van tradisionele huisvrou na 'n beroepsmens – in sommige gevalle die primêre broodwinner.
- Politiek verdeel die Afrikaner nie meer nie en daar is 'n groter samehorigheidsgevoel. Hulle staan meer bymekaar en waardeer die goed wat voorheen vanselfsprekend gekom het, soos hulle taal (respondente V, Z).
- Die verval van gemeenskapstrukture en die legio veranderings plaas groter druk op die NG Kerk en predikante.
- Die era van "staatskerk" is verby in die NG Kerk. Gemeente 3 is baie bewus daarvan dat die kerk nuwe respek en geloofwaardigheid moet verdien met dade; deur vrugte te dra wat by bekering pas (respondente W, Y).
- Die NG Kerk se maatskaplike betrokkenheid, formeel en informeel, is groter as ooit.
- Die NG Kerk het 'n groeiende betrokkenheid by bedienings in die buiteland.
- Daar is vandag groter verskeidenheid in die NG Kerk ten opsigte van teologie en styl as voor die politieke omwentelings. Sommige lidmate beleef verlies aan leerstellige eenvormigheid en sekerheid negatief, as 'n huis wat in homself verdeeld is en moeilik staande gaan bly (respondent X).

- Die nuwe era se verdraagsaamheid skep, by die positiewe momente, ook spanning by lidmate. Omstrede teoloë se artikels in die media word as "lostorringmomente" beskryf (respondent X).
- Die NG Kerk se "besluit om nie te besluit nie" skep 'n vakuum (bv in verband met homoseksualiteit – respondent W) en dit wek frustrasie by lidmate.

Hiermee is die analise van eerste twee kontekstuele faktore, verandering en verlies, afgehandel. Vervolgens skuif die aandag na die derde faktor, naamlik treur.

5.4.3.23 GEMENGDE BEELD OOR TREUR

Die algemene indruk uit die onderhoude, is dat respondente, beide in die persoonlike onderhoude en in die fokusgroep, hulle gemeenskap verskillend takseer ten opsigte van die vordering met die treurproses. Dit hang saam met hulle persoonlike verhale en die hoek waaruit hulle die kwessie benader. Een respondent dink die treurproses is nog lank nie afgehandel nie: *"Ek dink ons is nog redelik diep daarin"* (respondent U). 'n Een en sestigjarige respondent meen die treurproses gaan nog lank duur: *"Ek dink nie ek gaan by die einde van hierdie rouproses kom nie"* (omdat daar nie genoeg tyd in haar lewe oor is nie!).

Ander respondente dink die treurproses is eintlik al agter die rug: *"Ek dink ons WAS daar. Ek dink ons het getreur. O, ja! Maar ek dink ons is besig om aan te beweeg"* (respondent S). Die volgende opmerking kom ook van 'n respondent wat meen die proses is ver gevorder: *"Maar gaan kyk net bietjie ... Ons begin ons stertvere nou pof. Deel van die treurproses was, ons het baie slae gekry, van alle kante af. Ons het dit gevat, want ons het skuldig gevoel. Ons weet ons het sekere goed verkeerd gedoen. Ons het baie slae gevat ... ons is verneder. Ons is werklikwaar verneder deur mense en ons het al hierdie pak gevat. Maar nou begin ons ons stertvere regmaak en sê: 'Weet jy wat? Die pakgee is nou verby. Nou is daar sekere dinge wat reg moet wees in die gemeenskap, want as jy 'n demokrasie uitroep, moet jy sekere goed doen. Die demokrasie is nie net vir jou en net vir jou nie.' 'Some pigs are more equal than others', nè?"* (respondent R).

Niemand kan 'n kollektiewe identiteit, wat vorm aanneem na die verliese ná 1990, beskryf nie. *"In die ou bedeling het ons altyd gesê: Ons is hier geplaas om die heidene hier te red. Die Afrikaners het 'n doel, hy het 'n missie. Sjoe, intussen wonder ek ..."* (respondent R).

5.4.3.24 POSISIE VAN GEMEENTE 3 TEN OPSIGTE VAN TREUR

Die posisie van gemeente 3 as ’n geheel, word nie ernstig geraak deur verandering en verlies nie. Almal stem saam dat samelewingsveranderings in Suid-Afrika oorweldigend was, maar dat dit nie hulle gemeente in sy werksaamhede rem nie. *“Maar ek begin al meer dink ons hier in gemeente 3, dié is nie so wesenlik getref nie. Ons hier is nie regtig bewus van wat in Suid-Afrika aan die gebeur is nie. Die verliese en die trauma van daardie tyd het ons geraak, maar hierdie lidmate ... het dit oorleef in ’n mate”* (respondent Y). Daar is verskeie kontekstuele faktore wat veroorsaak dat hierdie gemeente die veranderings nie so traumaties ervaar het nie: dit is ’n groot gemeente in ’n gegoede, voorstedelike gebied van Pretoria. Die meeste van die uitbreidings in hulle voorstad is nuut. Dit het beteken die gemeente se getalle dinamies gegroei het in die dertig jaar sedert gemeentestigting. Daar is ook nie inwoners wat al dekades lank daar woon, soos in die ou, gevestigde voorstede nie. Die ouderdomsprofiel van die lidmate is veel jonger as die gemiddeld in die NG Kerk. Daar is baie sekuriteitskomplekse, maar nie ’n ouetehuis nie. *“Die jong ouens wat hier bly, is sterk ouens, kaliber ouens, gekwalifiseerde ouens. Om hier te bly, moet jy finansieel sterk wees. So, die jong ouens wat hier intrek, is ingenieurs en prokureurs en dokters – feitlik almal ouens wat op universiteit gaan studeer het”* (respondent Y). Daar is ook ’n redelike persentasie jong besigheidsmanne en jonger pensioenarisse in die gemeente.

Daar is wel ’n persentasie lidmate wat in die negentigerjare as gevolg van die nuwe bedeling hulle werk verloor, op vervroegde pensioen moes gaan of ’n skeidingspakket ontvang het. Hulle kon egter oor die algemeen finansieel oorleef, of met hulle goeie opleiding weer vir hulle ’n pad oopveg (respondent Y). Waar daar verliese was, was dit nie so ernstig soos in ander gemeentes nie: *“As jy vra oor die belewenisse en die verlies en die rou, wil ek amper sê ons is daar verby, of tot ’n groot mate daar verby, omdat dit nie so ’n diep seer was nie. Hy het ons nie oopgekloof nie, die politieke gebeure”* (respondent Y).

Hierdie gemeente se verhaal (net soos die ander twee gemeentes se verhale!) is nie verteenwoordigend van die Noordelike Sinode nie en die respondente weet hulle is in ’n posisie waar hulle minder geraak word deur verliese wat elders akuut is. *“Miskien is dit goed dat jy ons verhaal hoor, maar ek dink ons is amper ’n uitsonderlike verhaal, maar dis dalk goed om hierdie verhaal ook te hoor”* (respondent Y).

Gemeente 3 word nie gekenmerk deur verlies en treur nie. *"Nou, ek weet nie regtigwaar van treursimptome hier in ons gemeente nie. As daar was, dan sou ek sê dit het verbygegaan"* (respondent V). Daar is wel (juis as gevolg van die sosio-ekonomiese profiel van die gemeente) 'n groter persentasie van hierdie gemeente se lidmate wat geëmigreer het, as uit ander gemeentes. *"Mense wat agterbly? Ek dink die ouers kry die swaarste, veral die ouerige mense: hulle kry die swaarste omdat hulle kinders weg is ... daardie ouens voel maar soos ons. En ons voel maar 'n bietjie rou daaroor"* (respondent V). Daardie verliese leef voort by individue en families, maar sonder om die karakter van die gemeente en sy gemeenteboupogings te rem. Die individuele respondente en hulle leefwêrelde is egter deurspek van verlies en treur.

### 5.4.4 TREURSIMPTOME: HOE WORD VERANDERING EN VERLIES HANTEER?

Almal is dit eens dat gemeente 3 as 'n geloofsgemeenskap nie gekenmerk word deur trauma en verlies nie. Tog het al die respondente, onafhanklik van mekaar, na verskillende tipes treurgedrag en treursimptome verwys wat hulle óf self beleef, óf raaksien by mense naby aan hulle. Die meeste van die respondente was heel realisties oor die opgaaf van onafgehandelde verlies. Een voorbeeld van die realisme: *"As ek dit moet opsom, dan dink ek dat werklikwaar het daar 'n stuk verlies gekom en ons moet die verlies in die oge kyk. Dit help nie ons ignoreer dit nie"* (respondent X).

#### 5.4.4.1 ONTKENNING

Twee respondente (X en Z) meen dat sommige van die mense wat geëmigreer het, of pal in die buiteland werk, dit doen omdat hulle hul onttrek van die verliese wat hulle in Suid-Afrika gely het. Hulle wil nie daarmee gekonfronteer wees nie, hulle wil dit nie verwerk nie, hulle het nie 'n plan om die werklikheid van die nuwe Suid-Afrika te aanvaar en daarby aan te pas nie en daarom verwyder hulle hulleself uit die situasie. Dit is egter 'n vorm van ontkenning en nie 'n oplossing nie. *"Hulle voel hulle het hierdie treur agtergelaat: ons gaan nou na 'n nuwe plek toe, maar dit werk mos nie in die lewe so nie. Want treur gaan saam met jou waar jy gaan, totdat jy hom verwerk het. Binne-in jou gaan hy iewerster vassteek"* (respondent Z).

Dit blyk dat daar 'n groot getal mense is wat ernstige trauma en verlies ondervind het, maar wat nog nie aktief daarmee begin handel het nie. Ten opsigte van die posisie van lede van die ou veiligheidsmagte in die nuwe bedeling, maak respondent X die volgende opmerking: *"As ek kan*

*sê, en ek ken ook nou baie van hierdie mense, die* ***basiese reaksie is ontkenning****. Ek dink nie hulle het al regtig getreur nie. Ek dink dit is ontkenning. Die verwarring wat 'n verlies bring, jy moet eers erken daar is 'n verlies voor jy weer tot 'n heelmaakproses kan kom, maar ek dink hulle ontken dit."*

Ontkenning van verlies kom ook veel meer algemeen voor: in antwoord op die direkte vraag: "Dink julle daar is mense wat die verlies ontken?" antwoord die fokusgroep in 'n koor: *"Ja, ja. O, absoluut. Daar is baie. Ja. Baie."* Dit het al gebeur dat gemeente 3 'n skool nader in verband met 'n skool-voedingsprojek en dat die skool sê daar is geen behoefte daaraan nie. Almal het kos. *"Maar as die broodjies uitgedeel word, dan sien jy wie se kinders kom en dan besef jy wat ... jy weet? So, daardie ontkenningsfase is 'n baie sterk fase en dit loop nogal partykeer lank"* (respondent Z). Sy vind ook dat mense wat hulle werk verloor, veral in die hoë inkomste groep, dit in die openbaar ontken dat dit enigsins sleg gaan met hulle. Haar waarneming is dat mense die nie-tasbare verliese (soos die verlies aan funksie en status) langer ontken as die meer konkrete verliese.

Respondent X verwys na *"ou omies"* wat leef asof niks verander het nie: *"En hulle het nie verlies gely nie! Die goed is nog hulle s'n!"* Dit klop met ander respondente se waarneming dat aanvaarding van die veranderings in Suid-Afrika veel moeiliker is vir ouer mense as vir jongmense.

5.4.4.2 AGGRESSIE

As ek al die stof uit die onderhoude in oënskou neem, is my indruk as onderhoudvoerder dat aggressie die **mees algemene treurgedrag** is wat respondente beskryf het: *"Ja, maar die feit dat die ouens treur oor ... omdat hulle werkloos raak, of omdat hulle nie werk kan kry nie en dat hulle dit toeskryf as gevolg van politieke verandering, kan 'n mense nie doodpraat nie, dit is inderdaad so. Daardie tipe van ... ek wil amper sê, ek wil amper die woord treur vervang met woede. Woede is in baie ouens teenwoordig. Dit is so. Mens kan dit nie wegpraat nie"* (respondent V). Dieselfde respondent verwys ook na 'n bejaarde dame wat haar verlies as gevolg van haar kinders wat geëmigreer het, met woede hanteer: *"Sy is VERSKRIKLIK kwaad vir hulle. Daardie woede wat sy nie van kan ontslae raak nie. Hierdie ouens, jy weet, hoe gaan jy dit ...? Selfs die psigiaters begin al daaroor praat en sê hierdie is 'n moeilike saak om te hanteer. Hierdie, hierdie spesifieke woede wat opgewerk word as gevolg hiervan. Want dis so finaal."*

Respondent Z voel dis veral mans wat hulle verlies, frustrasie en pyn hanteer deur aggressie en geweld. Sy het baie kontak met die CMR en kry te doen met kinders wat fisies en verbaal deur hulle pa's verniel word. *"Maar weet jy wat? Daardie selfbeheersing, nè, dis absoluut 'n dun lagie en as jy karring daaraan, nè, verkeerde tyd, verkeerde plek, nè, dan kan hy dit nie keer nie"* (respondent Z). Sy merk 'n patroon op dat mans nie praat nie. Hulle haal hulle frustrasies uit op die mense voor hulle – in party gevalle hulle eie kinders. Hulle was voor die tyd reeds afgeslote, maar raak na sulke insidente al hoe meer afgeslote (respondent Z).

Vroue in die gemeente sien die simptome by hulle mans raak en kom soek hulp by beraders en leraars *"Omdat ons leraars ook beraders is, dan sê hulle: wat doen ek met my man? Hoe kry ek my man daar deur? Hoe kry ek my man terug in die kerk? Want, dominee, hy is kwaad. Hy is kwaad vir die Here, hy is kwaad vir almal"* (respondent Z).

Aggressie is veral prominent by lede van die ou veiligheidsmagte: *"Maar ek sien meer van die bakleierigheid, dis aggressie, man, hulle is baie aggressief oor die weermag. En hulle verwyt 'n klomp mense"* (respondent W).

Die fokusgroep antwoord eenparig dat hulle baie aggressie en woede teëkom wat buite verhouding met die provokasie is. Drie respondente verwys na opgekropte aggressie wat in padwoede na vore kom: *"Waar het ons in die verlede so baie padwoede gekry soos nou?"* (respondent U, ook respondente R, T).

5.4.4.3 EMOSIONELE PYN

Respondent W verwys na baie mense se *"hartseer oor wat gebeur het"* en die verlange daarna om dit neer te lê en sonder daardie las voort te gaan. Respondent Z sê *"daar is 'n HARTSEER in die mense wat hulle nie uitgepraat kry nie en dit bly half daar. Iewers moet ons kom om deur dit te trek. Maar ek sien, ek sien nog nie daardie groot swaai op nie."*

5.4.4.4 MOEDELOOSHEID, DEPRESSIE, WANHOPIGHEID

Respondent Z praat herhaaldelik daaroor dat sy 'n *"groter vlak van depressie"* in die samelewing ervaar. *"Ek wil amper sê ek sien nogal 'n negatiewe gemeenskap, jy weet?"* Gemeente 3 se leraars

kry in hulle spreekkamers baie met depressie te doen en gewoonlik is dit die vrou wat om hulp aanklop: *"Dis baie keer, sit vrouens met daardie probleem: hoe los hulle die ander een se ... hoe verlig hulle die ander een se situasie? En, en ook depressie, nè? omdat depressie so algemeen is, sal hulle raad kom vra: hoe hanteer ek depressie? Ons kry soveel navrae!"*

*"Praat jy van verlies, dan praat jy nie net van geldelike verlies nie. Jy praat ook van verlies aan entoesiasme, byvoorbeeld. Ouens wat kragteloos raak omdat hy pap gesukkel is. Ja-nee, dit is inderdaad so. Emosionele dinge wat daarmee saam gaan en dit veroorsaak by die ouens wat erg daarby betrokke is, selfs spannings in hulle gesinne. Daardie is verliese wat jammerlik is en dit is maar as gevolg van die feit dat die mense finansieel swaar kry"* (respondent V).

5.4.4.5 ONDERHANDELING

Die fokusgroep was bewus van mense wat in die onderhandelingsfase is.

5.4.4.6 AANPASSING BY NUWE OMSTANDIGHEDE, NUWE ENERGIE

Sommige respondente skep die indruk dat hulle ver gevorder het met hulle persoonlike treurprosesse, dat hulle tot 'n groot mate nuwe identiteit gevind het. 'n Persoon wat verskeie groot verliese gely het rondom die oorgang na die nuwe bedeling, sê die volgende: *"Daar is baie verliese en ek het dit baie intern gedra. Ek moes binnekant vir myself eers antwoorde gee. So ek moes deur siklusse werk. Eers was daar volkome ontkenning. En dan het daar woede ... het dit omgesit in woede. En in daardie proses moes ek myself leer ken en myself vorm. Wie is ek? – tot jy wanhopig is en dan begin jy hoop skep en dis daar waar NET die kerk en NET my geloof my deur kan dra ... Ek het by hoop uitgekom. My verlies het ek omgesit in hoop en blymoedigheid, want op die ou end het dit vir my gegaan – nou, NET oor die koninkryk van God. Nie meer Afrikanerskap of dit of dit of dit nie. Die wortels is ... ons het heeltemal ontwortel, maar ek het nog steeds bly vashou. Dis hoe ek my verlies kon hanteer"* (respondent R).

Wat gemeente 3 en sy gemeenskap as geheel betref, is daar stemme wat sê die afskeide is reeds geneem, daar is reeds nuwe energie, die aanpassings is gemaak en die gemeente is gereed om met krag 'n bydrae in die nuwe omstandighede te maak, in diens van die Evangelie: *"Jy kan nie maar net in 'n dop kruip en jy het seer en jy huil en jy smeer salf nie. Jy moet in 'n stadium begin voren-*

*toe gaan en ons is vir my gereed om vorentoe te gaan ... Ons is op 'n genesingspad en ek dink 'n belangrike deel is ek dink ons moet sê: 'Kyk, ons moet nou aangaan.' Ek dink jy moet dit net eenvoudig doen. Dit help nie om te sit en huil nie. En dat hulle baie inkoop daarin om Suid-Afrika te infiltreer en betrokke te raak – veral by nood en by uitreik dat die koninkryk kom"* (respondent Y). Respondent Y het die eerste tekens van die nuwe energie ongeveer tien jaar gelede al opgemerk, maar dit het die afgelope drie tot vier jaar sterk in momentum toegeneem.

Met bogenoemde reaksies almal in gedagte, is dit inderdaad 'n gemengde beeld van gemeente 3 wat na vore kom. Die respondente het spontaan al die klassieke treurfases genoem. Sommige sê die basiese reaksie is ontkenning – die res van die treurproses het nog nie eers begin nie, terwyl ander stemme sê die verlies en gepaardgaande treurproses is reeds te bowe gekom en agter die rug. Hierdie gemengde beeld is verstaanbaar, omdat gemeente 3 so 'n groot gemeente is en omdat elke respondent sy/haar eie blootstelling het aan faktore (familie, beroep, vriende, ens) wat verskil van die ander respondente.

5.4.4.7 AS EEN LID LY...

Die tendens dat die NG Kerk se lidmaatgetalle sedert die vroeg negentigerjare gekrimp het en dat dit, veral in die middestede en op sommige plattelandse dorpe veroorsaak het dat gemeentes moes ontbind of saamsmelt, is ook as 'n verlies aangestip waaroor gemeente 3 saam met die **kerkverband treur** (respondent V).

5.4.4.8 IS MANS DIE RISIKOGEVALLE?

Een van die respondente neem waar dat vrouens baie meer geneig is om te praat oor hulle verliese, terwyl mans dit binne hou. Vrouens is baie meer geneig om hulp te soek, soms namens haar man, omdat sy sien haar man kry swaar om dinge te verwerk, maar hy weier om raad te vra. Sy meen die verliese en treurproses is intens, maar vrouens pas vinniger aan as mans en dat die groot kommer eintlik lê by mans wat nie oor hulle verliese wil of kan praat nie (respondent Z).

5.4.4.9 LANGDURIG, ONVOLTOOID, KOLLEKTIEF?

In twee van die vier persoonlike onderhoude, asook in die onderhoud met die fokusgroep is ge-

toets of die volgende drie beskrywings van die treurproses in die Afrikaanse gemeenskap akkuraat is: Eerstens langdurig *“ Ja! Sedert 1990, of 1994, of 1998”*, tweedens onvoltooid *“Ja, ja, ja! On-afgehandel. Dit word miskien net dowwer as gevolg van tyd ...”* en derdens kollektief *“O, ja! Ek dink dis ’n gemeenskapsprobleem ...”* (respondent Z). Die ander respondente, asook die fokus-groep het bevestigend gereageer op al drie beskrywings.

5.4.4.10 SAL DIT HELP AS DIE NG KERK ROU FASILITEER?

Respondente is tydens die onderhoude gepols oor die moontlikheid dat die NG Kerk mense help om verlies te verwerk. Die meeste het positief gereageer op die gedagte.

Die NG Kerk begin nie vanaf ’n nulpunt, as planne gemaak word om mense te help met ’n rou-proses nie. Die kerk is reeds vir mense die veilige ruimte, die bron van standvastigheid wat hulle nodig het om ’n veranderende wêreld te hanteer: *“Ek dink die NG Kerk het reeds baie gehelp, want baie mense het in die Kerk nog geborgenheid en in God geborgenheid gevoel toe alles ver-ander. Ek dink die NG Kerk het goed gedoen en het baie gehelp die laaste 10 jaar”* (respondent Y).

Dit blyk dat respondente die gemeenskap se nood en die moontlikheid van hulp met die hantering van die gemeenskap se verlies as ’n baie aktuele saak beskou: *“Ek dink die hele NG Kerk gaan aan ’n breë front nog met die goed worstel ... Maar ek dink dit lê wyd in die NG Kerk, die hele verwerking van die gebeure”* (respondent Y).

Respondente het verskeie moontlikhede genoem hoe die NG Kerk ’n rol kan speel om die ge-meenskap te ondersteun in die verwerking van verlies: *“Die kerk het ’n rol. Die kerk het ’n rol, want ons het geriewe, nè? Ons het mense wat opgelei is. Ons het toegang tot ’n gemeente. En ek dink mens kan dit baie goed gebruik, deur kleiner groepe daar te stel, jy weet, spesifieke doelwitte. EEiii wat hier sterk loop; hospitaalbesoeke wat geweldig sterk loop, jy weet, al daardie tipe goe-ters wat kerke aanbied”* (respondent Z). Respondent U voel die NG Kerk se eerste stap sal wees om leierskap te aanvaar. *“Die kerk het ’n rol om leiding te gee en ’n pad met die mense te loop.”* Respondent R vertel ’n verhaal van kerkskeuring uit haar kinderjare en hoe ’n vorige predikant van die gemeente leiding geneem het en met een eenvoudige preek vir die hele gemeentetjie perspektief en hoop gegee het.

Nog gedagtes oor die rol wat die NG Kerk kan speel in die fasilitering van rou: *"Maar om klaar te maak met die emosie, dink ek, het die kerk definitief 'n taak om ons te help om daar oor te kom, om ons ken op te lig uit die as uit en te sien, maar ons het 'n taak in hierdie land"* (respondent X). *"Ek dink definitief die kerk het 'n groot taak daar. Ek moet dit eerstens, die rou ... moet mens eerstens insig hê in jou verlies, sodat jy kan losmaak daarvan en uitsig hê waarheen jy wil gaan. En as dit los van die kerk moet wees, dan is dit polities gedrewe. Maar as dit binne die konteks van die gelowige, die gemeenskap van die gelowiges is, dan klink dit vir my werklik dat 'n mens dan, wat daardie identiteit aan betref, agterna, kan uitkom by die totale instelling van die kerk wat gesamentlik dan homself identifiseer met sekere goeters en sekere goed in werking stel en eintlik jou bemagtig – jou weer 'n keer laat voel soos 'n mens wat benutbaar is en wat in die Hand van die Skepper gebruik kan word op verskeie plekke"* (respondent X). Daar blyk konsensus te wees dat die nuwe identiteit, aan die anderkant van rou, nie 'n politieke identiteit kan wees nie (ook respondent R, U, Y).

Oor 'n strategie, oor hoe en waar sulke hulp om te rou prakties kan plaasvind, is daar onsekerheid. Respondente is skepties of eredienste daarvoor benut kan word. Hulle voel oor die algemeen rou is 'n baie persoonlike belewenis wat eerder in die pastoraat, in kleingroepe en by spesiale geleenthede soos hulle gemeente se "40 dae" aangespreek kan word (respondente V, X, Z).

5.4.4.11 VERLIES EN DIE KRAG VAN DIE GEREFORMEERDE GELOOF

Dit is tipies van die krag en taaiheid van die gereformeerde geloof om te erken: dit gaan oor God. Die fokus is op God, nie op die mens nie. Gelowiges weet God is werksaam, al sien ons dit nie. Daardie wete dra mense deur die moeilike dae van verlies, verwarring en 'n moeisame treurproses. *"Ons bid maar net, want ek is baie seker, al is dit vir ons deurmekaar in hierdie land, die Here het 'n pad in Suid-Afrika en iewers uit hierdie 'rattle' wat nou so skud, sal die prentjie nog na vore kom ... Jy moet 'n kind gelowig hou – en hou dat hy sien, dit help nie om vir hom net te bepreek nie, jy moet dit self belewe ook dat jy glo en vertroue het dat die Here 'n spesifieke plan het hier in Suid-Afrika, al lyk dit so donker en deurmekaar dat nie een van ons weet of die dakplanne en die vloerplanne by mekaar uitkom hierso nie!"* (respondent X).

**5.4.4 INHOUDSANALISE AAN DIE HAND VAN DIE TWEEDE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSDOEL**

**Die navorsingsdoel is tweedens om te kontroleer of ’n langdurige, onvoltooide, kollektiewe treurproses inderdaad goedbedoelde gemeenteboupogings kniehalter in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode.**

Die oorweldigende indruk is dat die treurprosesse waarmee individue besig is, nie die gemeentelike lewe in gemeente 3 oorheers nie. Respondent Y praat van nuwe energie wat loskom en hy verstaan dit as *“’n verbybeweeg by die seer.”*

5.4.4.1 LIDMAATBETROKKENHEID

Die vyf respondente dra, onafhanklik van mekaar, dieselfde boodskap oor: al is gemeente 3 ‘n makrogemeente, is die meeste lidmate regtig aktief. Die gemeente is op baie gebiede betrokke in beide die versorgende en missionêre dimensies van die bediening. Al die respondente werk hard, maar is ook trots op hulle gemeente: *“Nee, as ek praat van ons eie gemeente, dan praat ek gewoonlik met baie groot trots oor ons gemeente, want ek is baie lief vir ons gemeente en ek is baie bly dat die Here my toegelaat het om lidmaat van hierdie gemeente te wees”* (respondent V). ’n Groot persentasie van die lidmate is aktief betrokke by die een of ander bediening. *“Jy kry nie sommer meer lidmate wat net niks doen nie. Dié wat lewende lidmate is, is ingeskakel by iets waar hy betrokke by is. As ek dink aan ons selgroep: Dis nie net ’n selgroep wat bymekaar kom nie. Hoevéél van daardie selgroeplede is nie betrokke, of by EEiii, of by die hospitaalbediening, of by die koerantjie, of traumasentrum hier onder nie. Elkeen het ’n plek waar hy aktief besig is. Soos Jakobus sê: nie net die geloof nie, maar ook die dade”* (respondent X). *“Maar om jou ’n voorbeeld te gee van die betrokkenheid van die gemeente: daar is nie een van ons vriende wat ons kan sê; wat ek kan sê, wat nie betrokke is nie. Nie een nie”* (respondent W).

5.4.4.2 BALANS

Die gemeente streef daarna (en kry dit klaarblyklik ook in die praktyk reg) om ’n balans te handhaaf tussen die versorgende en missionêre dimensies van die bediening. *“Die versorging na binne is belangrik, maar ek sou sê die ‘na buite’ is net so belangrik, dis krities belangrik. So, ek dink nie*

*die een is belangriker as die ander nie. Maar ek sou sê as jy nie na buite gaan uitreik nie, gaan 'n gemeente stol, of jy gaan perspektiewe verloor, of jy gaan energie verloor"* (respondent Y). Dieselfde waarheid word in sy eie woorde geëggo deur 'n ander respondent: *"As jy na die verskeidenheid kyk en hoe die gemeente homself struktureer, dit blyk baie duidelik in hoe die almanak aanmekaar gesit is. Die take na binne is geïdentifiseer; die take na buite is geïdentifiseer en daar is mense wat daarmee hardloop!"* (respondent X).

Respondent V meen daar is 'n baie goeie balans tussen sorg en uitreik. Hierdie balans was nie altyd daar nie. Dinge het eers die afgelope paar jaar in balans gekom: *"My ervaring was aanvanklik – aanvanklik was dit meer na binne gerig, maar die balans het gekom. Daar was 'n nodigheid ook! Maar ons het mos 'n geneigdheid om meer na binne toe te gaan. Ons as Christene is mos geneig om te sê ons maak mekaar warm. Dis mos nou lekker hierso waar ons saam is: ons gaan lekker saam kerk toe en ons is bymekaar, maar ons word gedwing en die balans is vir my daar ... ek kry tog die indruk die balans is ... waar dit vir my aanvanklik meer na binne gerig was, dat dit nou in balans is"* (respondent U).

5.4.4.3 NA BINNE

Dit is opmerklik hoedat die gemeente se leierskap moeite doen om die egte behoeftes van die lidmate te peil en daarin te voldoen. *"Die gemeente word nie afgeskeep nie. Ons oë is oop om te kyk wat die behoeftes van ons gemeente is en ons probeer daaraan voldoen ... Wat ons doen ten opsigte van die behoeftes van die gemeente, ons werk aldag en heeldag daaraan, want dis 'n groot gedeelte van gemeentebou. So, ek is heeltemal trots om te sê ons spandeer heelwat tyd en energie daaraan"* (respondent V). Hy gaan voort en verduidelik hoe hulle stelsel van drie verskillende soorte oggenddienste, wat ingerig word rondom drie spiritualiteite en gepaardgaande aanbiddingsbehoeftes van lidmate, gegroei het uit deeglike luister na die behoeftes van die gemeente (vgl ook respondente W, Y, Z). *"Ons probeer die gemeente lees. Ons probeer die behoeftes van die gemeente raaksien. Ons probeer die gemeentelede bevredig"* (respondent V).

Party respondente voel daar word tans vreeslik baie na buite gedoen en daar kan meer na binne gedoen word: *"Ek dink tog, wat ons eie gemeente aan betref, kan ons nog 'n bietjie meer na binne werk, spesifiek met mense wat werk verloor"* (respondent S).

5.4.4.4 NA BUITE

Terselfdertyd is dit opmerklik hoeveel aandag gemeente 3 gee aan gemeenskapsbetrokkenheid, barmhartigheid en uitreike: *"Ons werk nou na buite, ja. Jy het seker al gesien, op ons almanak? Maar hier is 'n klomp gemeentelede wat ... dit sal dalk vir jou vreemd klink, die predikante moet die leiding gee, maar hierdie ouens doen die job. Ons het by baie goed betrokke geraak. Ons het EEiii begin doen wat ons nooit gedoen het nie. Ons gemeente, nou ja, dit is so, die land is in chaos, maar ons brei uit. Dit was nooit so gewees nie. Al die goed. Ons het toe begin betrokke raak in ander fasette, byvoorbeeld skool-voeding. Ons het dit nooit gedoen nie, man!"* (respondent W).

Gemeente 3 het vir 2010, die sokker-wêreldbekerjaar, 'n missionêre tema gekies: *"Die wêreld op ons drumpel."* Een van die respondente verduidelik die keuse soos volg: *"Maar ons wil regtig ook sê – hier is 'n unieke geleentheid. Ons wil dit benut volgende jaar. Ons is baie opgewonde. Ons het heelwat planne vir volgende jaar. Die gemeente het baie gou al ingekoop. Dis nie 'n kwessie van "jig jong, hierdie sokker is 'n groot kans, maar eintlik kan ons nie nou daaraan energie gee nie. Ons is nog HIER, ons vat nog hier en sorteer uit ..." Ons is nou al so ver dat ons sê ons wil nie volgende jaar nog na binne vreeslik tyd mors nie"* (respondent Y). Die klem is op die duisende sokker-toeriste en op uitreik. Respondent V merk op dat baie lidmate 'n passie het om deel te neem aan uitreike en hulle gee graag hulle kragte daarvoor. Respondent Z meen daar is 'n besef dat die gemeenskap belangriker is as die gemeente en dat die Woord breër uitgedra moet word. Verskeie respondente maak melding daarvan dat hulle onlangs vir 40 dae lank gefokus het op die breër gemeenskap en die vraag gevra het hoe hulle in die Here se Naam die gemeenskap kan dien. Na afloop van daardie 40 dae, het baie barmhartigheids-, sending- en gemeenskapsopheffingprojekte spontaan uit die gemeente ontstaan.

*"Ek persoonlik dink ons het ver gevorder op die pad en is al meer besig om vorentoe te kyk en veral na buite te kyk. Ek is verbaas oor die barmhartigheidshart en die energie wat daar loskom, ook uitreikwerk en die oopheid wat dit bring by die gemeente"* (respondent Y). Respondente rapporteer omvangryke en entoesiastiese deelname van die gemeente by barmhartigheidsprojekte. As die kerkkantoor byvoorbeeld 'n gemeentelid bel en vra om 'n loodgietersprobleem in 'n plakkers-

kamp te gaan oplos, gaan hy met graagte. *"As jy net vra en jy vra die regte goed – mense reageer in 'n oorvloed. So, hulle is regtig meer oop vir die swaarkry van ander mense"* (respondent Z).

Die spontane lidmaatbetrokkenheid by projekte buite die gemeente, blyk uit die volgende: *"Hier is drie selgroepe wat baie geskenkpakkies nou in Desember as kersgeskenkpakkies uitgedeel het in die kinderhuise, ensovoorts. Ons het baie kos uitgedeel die laaste twee weke, wat nie gedryf hoef te word, of van bo af georganiseer of gepredik word nie. Dit kom van die grond af"* (respondent Y).

Hierdie betrokkenheid na buite was nie altyd so nie – daar het groot verskuiwings plaasgevind die afgelope 15 jaar. *"Waar daar in 1992 miskien drie uitreike gewees het ... is daar nou te veel om op te noem! Hoe mense betrokke geraak het en self soveel seën ervaar deur dit wat hulle doen"* (respondent U). Respondent S meen die verandering het die afgelope agt jaar plaasgevind. Respondent Y se gevoel is dat die atmosfeer veral die afgelope drie na vier jaar in die gemeente is dat hulle moet uitreik en na buite betrokke moet wees.

5.4.4.5 OPSOMMING: GEVALLESTUDIE 3

Ten opsigte van die eerste aspek van die navorsingsdoel (die ryk beskrywing van die gemeente se belewenis van verandering, verlies en treur) die volgende: gemeente 3 is geleë in 'n mooi voorstedelike gebied waar meeste inwoners welgesteld is en 'n groot persentasie naskoolse opleiding gehad het. Die woonbuurt het nie veel verander as gevolg van die nuwe Suid-Afrika nie. Respondente se bydraes reflekteer hulle belewenisse vanuit uiteenlopende gesins- en werksomstandighede. Die volgende aspekte van **verandering en verlies** is prominent:

1. Die beleid van regstellende aksie en die regering se transformasiedoelwitte het moontlik die grootste veranderinge teweeg gebring. Vir NG Kerk-lidmate verteenwoordig dit oor die algemeen verlies.
2. Omvattende en traumatiese veranderings het by die werkplek plaasgevind. Die nuwe bedeling het nie ruimte om verskeie van die respondente of hulle geliefdes se beroepe te akkommodeer nie.
3. Misdaad is 'n groot probleem en mense dink gedurig oor persoonlike veiligheid.
4. Die posisie van voormalige lede van die veiligheidsmagte is uiters problematies.

5. Ouderdom maak saak: ouer mense sukkel baie meer as jonges om aan te pas.
6. Vroue hanteer verandering en verlies beter as mans (so ook in gemeente 2).

Waar gemeentes 1 en 2 drastiese veranderings ervaar het in die gemeenskappe of buurte waar hulle woon, is gemeente 3 se woonbuurte nie onderwerp aan groot veranderings nie. Gemeente 3 se respondente rapporteer eerder oor algemene veranderings en verliese wat oral in Pretoria of Suid-Afrika kan geld, terwyl die veranderings waaroor gemeentes 1 en 2 rapporteer, plaaslik is en baie spesifiek is aan hulle onderskeie omgewings.

Daar is ’n **gemengde beeld** oor **treurreaksies**. Die hele spektrum treursimptome kom voor, maar aggressie en negatiwiteit/depressie is die volopste. Die gemeenskap en gemeente word egter nie daardeur oorheers nie. Die gemeenskap is jonk en daar is reeds tekens van nuwe identiteit. Gemeente 3 is ver gevorder op die pad om in ’n nuwe identiteit in te groei wat pas by hulle roeping in nuwe omstandighede. *“Die lewe gaan aan. Die land gaan aan. En God gaan aan”* (respondent Y).

Ten opsigte van die tweede aspek van die navorsingsdoel (die vraag of ’n langdurige, kollektiewe en onafgehandelde treurproses gemeenteboupogings kniehalter) die volgende: in gemeente 3 ervaar lidmate wesenlike veranderings en gepaardgaande verliese. Dit rem egter nie gemeente 3 se opregte pogings om die gemeente op ’n gebalanseerde wyse op te bou nie. My oorwoë mening, op grond van al die beskikbare inligting, is dat die versorgende en missionêre dimensies van die bediening in gemeente 3 mooi in balans is. Klem op missionêre betrokkenheid kom nie meer net van die leierskap af nie – dit is algemeen genoeg dat dit as deel van die gemeente se identiteit beskryf kan word. Die kollektiewe treurproses is genoegsaam deurgewerk dat daar tekens is van ’n nuwe identiteit en kollektiewe roepingsbewustheid in die nuwe Suid-Afrika-konteks.

## 5.5 OPSOMMING VAN AL DRIE GEVALLESTUDIES

Altesaam 31 respondente uit drie gemeentes het deelgeneem aan die ondersoek. Al 31 van hulle het uit hulle eie perspektief beskryf hoedat die veranderings in die Suid-Afrikaanse samelewing hulle lewens op baie verskillende maniere raak. **Al 31 respondente beleef verlies**: party baie direk

en intens; ander nie so akuut nie, maar almal leef saam met verlies wat verband hou met 2 Februarie 1990. Die wye spektrum van verliese wat gerapporteer is, is nog nie genoegsaam betreur en verwerk nie. In letterlik **elkeen van die vyftien onderhoude**, kon respondente **treurgedrag** by hulleself en hulle gemeenskappe herken. Al die respondente uit drie uiteenlopende soorte gemeentes van die Noordelike Sinode rapporteer dat hulle bewus is van ’n onafgehandelde treurproses. Die bedoeling met die kwalitatiewe ondersoek was nooit om te veralgemeen (deur bv te beweer dat ’n treurproses in *alle* NG Kerk-gemeentes of by alle NG Kerk-lidmate heers) of te kwantifiseer nie. Dit is egter nodig om die verkreë data te vertolk. Praktiese teologie is immers’n *hermeneutiese* kommunikasiewetenskap (p 90–91). Die data wat hierdie ondersoek opgelewer het, kan, na my oorwoë mening, op hierdie stadium nie anders vertolk word, as in die volgende opsomming nie:

1. **Verandering** is ’n gewone deel van die lewe in Suid-Afrika. Die samelewing is sedert 2 Februarie 1990 onderwerp aan grondliggende en omvattende verandering. Meer en meer veranderings, op baie vlakke, is steeds aan die orde van die dag. Dit het sonder twyfel invloed op NG Kerk-lidmate se lewens.
2. Afrikaners het enorme, multidimensionele **verlies** beleef in die proses. Middeljarige en ouer mans is waarskynlik die grootste verloorders.
3. Die impak van verandering en verlies is waarneembaar in die gedaante van ’n **kollektiewe treurproses.** Al die fases van ’n normale treurproses, soos in die literatuur beskryf deur verskillende outeurs, kom in die Afrikaanse gemeenskap voor. Prominente treurreaksies is ontkenning, aggressie en neerslagtigheid/’n gees van negatiwiteit.
4. Die NG Kerk kan die **langdurige, kollektiewe en onvoltooide treurproses**, as gevolg van sy omvang en impak, **nie ignoreer** nie. Dit veroorsaak konteks-spesifieke nood by lidmate en in gemeentes, wat uitroep om aangespreek te word.
5. Enkele **voorloper-individue** het die veranderings en verliese genoegsaam verwerk en tot dié mate in ’n nuwe identiteit begin ingroei, dat gesê kan word hulle het nuwe ruimtes betree waarin hulle kan leef in die nuwe Suid-Afrika (sien Hamman 2005:29). Die groot meerderheid van die gemeenskap is egter nog nie daar nie.
6. Daar bestaan nood aan inisiatief en leierskap, sodat ’n **onproduktiewe treurproses** kan ontwikkel in ’n doelbewuste en meer **produktiewe rouproses.**

Die omvang van die treurproses, waarna die tweede aspek van die navorsingsdoel verwys, is so algemeen dat dit as kollektief beskryf kan word. Dit is ’n groot werklikheid wat ’n invloed het op individue se lewens en gemeentes se funksionering. In hierdie hoofstuk is beskryf hoedat twee van die drie gemeentes waar gevallestudies gedoen is, tans nie optimaal funksioneer nie. Daar kom nie veel tereg van die missionêre dimensie van hulle bedienings nie. Die fokus is na binne en die twee gemeentes voer (om verskillende redes) ’n stryd om oorlewing. Die versorging van lidmate geniet in gemeentes 1 en 2 voorkeur bo diens aan die gemeenskap ter uitbreiding van die koninkryk van God. Die missionêre en versorgingsdimensies is nie in balans nie. Albei hierdie gemeentes se respondente rapporteer reuse veranderings en verliese, asook chroniese treurprosesse, waarmee hulle lidmate individueel en die gemeentes kollektief te kampe het.

Die treursimptome wat volgens die respondente algemeen voorkom, is:

- ontkenning en isolasie
- emosionele pyn
- vyandigheid/aggressie/woede
- wanhoop/neerslagtigheid/gees van pessimisme

Dit is nie die korrekte respons vir die kerk om ten alle koste positief te probeer wees en die lidmate op al die positiewe aspekte en geleenthede te wys nie (“... *want hoe praat jy daaroor as jou eie gemeenskapsleiers dit ontken? Hoe praat jy oor verliese as jou gemeenskapsleiers vertel hoeveel geleenthede daar is? Vang jy? Dit het op die armoedekongres gebeur. Ds x van die Dopperkerk, toe ek vir hom sê maar wat doen ons met die verlies, toe sê hy nee, daar is nie so iets nie. Dis ’n geleentheid. Dis nie ’n geleentheid nie. As ek my plaas verloor, is dit nie ’n geleentheid nie!*” gevallestudie 1, respondent D). Mense wat nie oor verliese wil praat nie – net oor geleenthede – is besig met ’n vorm van ontkenning. Dit is kontraproduktief in gemeentebou: “Unaddressed, the dynamics of loss will undo any restoration and revitalisation you prayed for and which God granted your congregation” (Hamman 2005:21).

Die verliese en die onvrywillige treurreaksies wat daarmee saamhang, moet eerstens erken en dan begelei word. Daarvoor het die kerk moed nodig, want dit is moeilike werk. Wanneer verlies in die oë gekyk, eerlik hanteer en genoegsaam verwerk is, sal mense gereed wees om self die nuwe

geleenthede raak te sien en aan te gryp – omdat die resultate van 'n sinvolle rouproses nuwe identiteit en nuwe ruimtes vir optrede is.

### 5.5.1 VERGELYKING MET TREURSIMPTOME WAT ANDER WAARNEMERS OPMERK

Van der Merwe (2010:315, 318) haal die volgende gesaghebbende waarnemers aan wat kommentaar lewer oor Afrikaners se belewenisse in die huidige tydsgewrig:

Professor Francois Venter, oudvoorsitter van die Afrikanerbond beskryf die Afrikanergemoed soos volg: "Kan ons verbaas wees as so 'n gemeenskap tekens toon van magtelose frustrasie, onsekerheid, verlies aan vertroue in gevestigde kulturele, politieke en kerklike strukture en selfs ekstremisme? Ek is bevrees dat al hierdie elemente tans te sien is in die Afrikanergemoed. Daar is ook tekens van onderlinge twisgierigheid, 'n selfsugtige inkeer na binne en wegkeer van gemeenskaplike ideale, 'n verlies aan patriotisme en toenemende beginsellose materialisme." Hy merk ook onttrekking, politieke onbetrokkenheid, swartgalligheid en sinisme op.

Professor Danie Goosen, voorsitter van die FAK neem emosies van onsekerheid, vervreemding en woede waar.

SLOT

Hiermee is die doelwitte van die empiriese siklus van die breë navorsingsplan bereik.

Dat die treurproses 'n hindernis vir sinvolle gemeentebou is, is nie meer 'n **navorsingsvermoede** nie, maar 'n **navorsingsbevinding.** Goeie gemeentes wat met goedbedoelde gemeentebouprosesse besig is, maar wat hulle mense se verliese ignoreer, sal aanhou vashaak. Die navorsingsvermoede is versterk dat wanneer die hindernis (onafgehandelde treurproses) hanteer en mettertyd uit die weg geruim word, die goeie gemeente se lewende water *spontaan* vryer sal vloei na die gemeenskap.

Die drie gevallestudies het die studie naby aan die drie gekose gemeentes se geloofspraktyk gebring. Die teologiese teorie wat in die volgende hoofstuk verder ontwikkel word, is dus in die volle sin van die woord 'n empiries-georiënteerde teorie.

Daar is binne die parameters van die gekose metodologie verslag gedoen van die resultate van die kwalitatiewe empiriese ondersoek. ’n Ryk beskrywing is aangebied van die stand van sake in die drie gemeentes ten opsigte van drie verbandhoudende kontekstuele faktore: verandering in Suid-Afrika, verlies wat NG Kerk-lidmate beleef en treurreaksies as gevolg van verlies. Die eerste aspek van die navorsingsdoel is daarmee bereik.

Daar is bevind dat die treurproses inderdaad beskryf kan word as *langdurig*, *kollektief en onvol-tooid*. Die treurproses kniehalter sonder twyfel goedbedoelde gemeenteboupogings in twee van die drie gemeentes. Lidmate van die derde gemeente beleef ook verlies en hulle treur ook, maar hulle verliese was nie so algemeen en so intens dat die *gemeente* daardeur gerem word nie. Met hierdie bevinding is die tweede navorsingsdoelwit bereik.

Die resultate van die empiriese ondersoek is geskik om nou kreatief, saam met al die ander data gebruik te word in die strategiese siklus van die drieslag prakties-teologiese ondersoek.

In die volgende hoofstuk word beide die hermeneutiese en die empiriese siklusse se resultate krities op die heersende gemeentebouteorie en gemeentboupraktyk betrek in die drieslag prakties-teologiese werkswyse. Die fokus verskuif na strategiese, prakties teologiese onderskeiding en die soeke na wysheid en integrasie (vgl Osmer 2008:129–138).

# HOOFSTUK 6

# STRATEGIESE SIKLUS

Die doel van hierdie laaste hoofstuk is:

- om die heersende gemeentebouteorie te verryk met kontekstuele perspektiewe op verandering, verlies en treur, asook perspektiewe op intensionele, gemeentelike rou (derde aspek van die navorsingsdoel, sien p 12)
- om strategies weë te ondersoek vir gemeentes om intensionele rou, as 'n bediening van hoop, te integreer as normale deel van die gemeentebediening (vierde aspek van die navorsingsdoel, sien p 12)
- om 'n hipotese te formuleer as resultaat van hierdie hipotese-genererende studie

In die vorige hoofstuk is 'n ryk beskrywing aangebied van respondente uit drie geselekteerde gemeentes se belewenisse van

- verandering in Suid-Afrika
- verlies wat NG Kerk-lidmate beleef
- individue en gemeenskappe se treur- en roureaksies as gevolg van verlies

Op grond van die empiriese ondersoek se resultate, kan ondubbelsinnig verklaar word dat daar in die drie gemeentes waar die empiriese ondersoek gedoen is, langdurige, kollektiewe en onvoltooide treurprosesse heers. Die treurprosesse veroorsaak 'n spesifieke soort nood by lidmate en gemeentes. Dit het 'n negatiewe uitwerking op gemeentes se strewe na optimale, totale funksionering as tekens van die komende koninkryk van God in hulle bepaalde kontekste. Die heersende geloofspraxis is onbevredigend in die sin dat 'n kollektiewe treurproses baie tyd en geestesenergie van lidmate opslurp, maar min of geen aandag in gemeentes kry nie. Die gevolg is dikwels dat die missionêre dimensie van gemeentes se bediening agterweë bly. Dit behoort te verander en die teologiese teorie wat sodanige verandering kan begelei, kom nou aan die orde.

Die derde deel van die breë, drieslag navorsingsplan is die strategiese perspektief (p 38–40). Dit gaan vir die praktiese teoloog daaroor om toekomstige ontwikkelinge te beïnvloed via beplanning en begeleiding. Die navorsing het begin by aspekte van die geloofspraktyk wat nie na wense verloop nie (p 2–4). Die doel is dat dit reggestel moet word. Die vakgebied praktiese teologie is gerig op verandering, wat op ’n beplande en prosesmatige wyse gestuur word (Heitink 1993:195). Die aanname van die Christelike geloof is dat mense kan verander, dat die kerk en die samelewing kan vernuwe. “Onder strategisch handelen word hier verstaan: beleidsmatig, planmatig, metodisch handelen (Heitink 1993:196).

WERKSWYSE

Elke geloofshandeling is ’n intervensie en het iets met verandering te doen. Elke teologiese teorie wat in die praktiese teologie funksioneer, kan as ’n “op transformatie gerichte strategie” (Heitink 1993:160) beskou word. Die doel van prakties teologiese aktiwiteit is nie om kerklike of teologies-wetenskaplike uitsprake te maak nie. Die **doel is verandering**. Die proses wat begin by ’n onbevredigende praxis, bedoel om uit te mond in ’n verbeterde praxis, wat God se koms na die wêreld meer effektief bemiddel. “Veranderen staat tevens voor het directe object van de praktische theologie, het mediale handelen, de op transformatie gerichte strategie” (Heitink 1993:160).

Volgens die gekose breë navorsingsmodel moet die empiriese en hermeneutiese siklusse op ’n kritiese en innoverende wyse in verband gebring word met die strategiese siklus. Al die insigte van die vorige vyf hoofstukke is dus ter sake wanneer daar nou na integrerende prakties-teologiese wysheid (Müller 1996:2) gesoek word.

## 6.1. VERRYKING VAN GEMEENTEBOUTEORIE

Die doel van hierdie navorsingsprojek is om ’n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die teologiese wetenskap. Hierdie studie se bydrae tot teorievorming in die praktiese teologie wentel rondom die volgende **kern-bevinding** van die empiriese ondersoek:

*Langdurige, onvoltooide, kollektiewe treur- en rouprosesse kniehalter goedbedoelde gemeenteboupogings in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode*

en rondom die volgende **kern-oortuiging**:

*Die heersende gemeentebouteorie van die NG Kerk behoort verryk te word met kontekstuele perspektiewe op verandering, verlies en treur, asook perspektiewe op intensionele, gemeentelike rou.*

Die verryking van die teorie met kontekstuele perspektiewe op verandering, verlies en treur hoort in die heersende gemeentebouteorie by die tweede fase van die gemeentebouproses naamlik gemeente-analise (sien p 198–199). Die hele saak van intensionele, gemeentelike rou hoort in die heersende teorie by die derde en vierde fases van die gemeentebouproses: strategiebeplanning en die implementering van die strategiese plan. Die twee, derde en vierde fases van die gemeentebouproses is daarom vervolgens aan die orde.

### 6.1.1 GEMEENTE-ANALISE: KONTEKSTUELE PERSPEKTIEWE OP VERANDERING, VERLIES EN TREUR

#### 6.1.1.1 GEMEENTEPROFIEL

Die gemeente, onder leiding van predikante en ander leiers, behoort doelbewus aandag te gee aan die **heersende treur- en rouprosesse** in die gemeente. In die huidige tydsgewrig sal die gemeentebouproses in sy geheel mank gaan aan ’n krities belangrike bousteen, as gemeentes die onafgehandelde treur- en rouprosesse sou ignoreer. Daar is voortslepende nood by baie lidmate om verliese verwerk te kry. Die empiriese subjek kan nie genoegsaam beskryf en verstaan word, sonder dat gepoog word om deur te dring na dít wat onderliggend aan die sigbare verskynsel bestaan en ’n rol speel nie: faktore soos persepsies, emosies, motiewe, oortuigings, ensovoorts. Inligting aangaande verandering waaraan lidmate onderwerp is, die verlies wat hulle beleef en hulle hantering van die verlies, is in die huidige Suid-Afrikaanse konteks noodsaaklike nie-tasbare elemente van ’n gemeenteprofiel. Uit die navorsing het geblyk die gemeentes wat in hoofstuk 5 beskryf is, kan hoegenaamd nie beskryf of begryp word sonder om daardie faktore in te reken by die gemeenteprofiel nie.

Volgens die empiriese siklus is die volgende vrae baie **sinvolle vrae om te vra** tydens die saamstel van die gemeenteprofiel: Watse verliese het lidmate beleef sedert 1990? Het lidmate aangepas in die nuwe Suid-Afrika? Gaan dit emosioneel goed met lidmate? Is daar treursimptome wat in die gemeente opgemerk word? Wat is die invloed van emigrasie op verhoudings en op die emosionele klimaat van die gemeente? Kan lidmate beskryf word as doelgerig, entoesiasties, idealisties? Of is mense sinies, skepties, pessimisties? Hoe kan die energievlakke in die gemeente beskryf word? Wat is die geslags- en oudersomsprofiel (gedagtig daaraan dat mans en ouer mense klaarblyklik swaarder kry in nuwe SA – sien p 310–313, 350–351, 365)? Hoeveel lede van die ou bedeling se veiligheidsmagte is daar in die gemeente (dit is ter sake, omdat hierdie groep lidmate klaarblyklik emosioneel en andersins besonder swaar kry – sien p 348–350)? Is daar ander groeperings lidmate wat moontlik ook besonder swaar kry as gevolg van grootskaalse verandering en verlies?

6.1.1.2 OMGEWINGSDIAGNOSE

Faktore wat met die koms van die nuwe Suid-Afrika verband hou en in die op skrif stelling van beide die gemeenteprofiel en die omgewingsdiagnose ’n rol behoort te speel, is:

1. **Verandering** waaraan die gemeente en gemeenskap onderwerp is sedert 1990.
2. **Verliese** wat mense individueel en kollektief beleef het sedert 1990.
3. Hoe hanteer mense hulle verliese? Is daar identifiseerbare **treur- of roureaksies** wat volop in die gemeente en gemeenskap voorkom?

Die ryk beskrywing van die stand van sake ten opsigte van bogenoemde drie faktore in drie gemeentes (hoofstuk 5), is ’n sterk aanduiding daarvan dat gemeentes in die huidige tydsgewrig wys sal wees om daardie sake deeglik te verken in hulle eie omgewing. Die empiriese ondersoek dui daarop dat die volgende kwessies sinvol aandag behoort te kry tydens die omgewingsdiagnose: demografiese tendense in die gemeente se onmiddellike omgewing, veranderings ten opsigte van beroepe in die gemeenskap, insidensie van beroepsverliese en gepaardgaande armoede, stand van misdaad en misdaadvoorkoming in die gemeenskap, sekerheid of onsekerheid oor rol en plek in die nuwe politieke bedeling, verlies aan kundigheid, stand van sake rondom tradisionele gesagstrukture, posisie van plaaslike (Afrikaanse) skole. Wat is algemene gevoel van werksbevrediging, idealisme of negatiwiteit, deelname of isolasie in die gemeenskap? Het (Afrikaanse) mense moed

en hoop? Wat is die stand van sake rondom egte en onegte skuld oor apartheid? Leef mense met of sonder ’n toekomsvisie?

Na aanleiding van die gemeenteprofiel en die omgewingsdiagnose kan die gemeente die teologiese vraag begin oorweeg wat hulle rol is in die gemeenskap waaruit God hulle versamel het (vgl p 199).

6.1.1.3 GEMEENTEDIAGNOSE

Evaluering van die gemeente se huidige funksionering in haar konteks, is ’n noodsaaklike stap van die gemeentebouproses. Vir baie NG Kerk-gemeentes word die konteks in hierdie dae gekenmerk deur verandering, verlies en treur- of roureaksies, wat ’n bepaalde invloed het op die gemeente se taak in daardie konteks.

### 6.1.2 STRATEGIEBEPLANNING: PERSPEKTIEWE OP INTENSIONELE, GEMEENTELIKE ROU

Die onderskeid tussen treur (as ’n spontane, normale menslike reaksie op verlies) en rou (as ’n doelbewuste en begeleide proses) is hier ter sake (sien p 223–226).

In die konteks van omvattende samelewingsveranderings in Suid-Afrika ná 1990, word individue en gemeenskappe gedurig onderwerp aan verandering en verlies (waaroor hulle dikwels geen beheer het nie). Omdat die gepaardgaande treurreaksies **spontaan** is, lei dit nie noodwendig êrens heen nie en dit raak nie afgehandel nie – veral nie in komplekse situasies soos die gemeenskapslewe in Suid-Afrika sedert 1990 nie. ’n Langdurige en rigtinglose treurproses kan mense wanhopig maak. Daar is volop aanduidings in die empiriese data dat party Afrikaners hulle toekomsperspektief en hulle drome verloor het (p 288–289, 326); dat hulle nie meer moed of hoop het nie (p 322).

In ’n situasie waar veelvuldige veranderings en baie soorte verliese, oor ’n lang tydperk oor ‘n hele gemeenskap uitgestort word, is die **treurprosesse baie kompleks.** Die respondente in gevallestudie 1 se verhale oor veranderings en verlies in hulle gemeenskap oor die afgelope twintig jaar is ’n goeie voorbeeld daarvan. Dit raak byna onmoontlik om te peil waar ’n gemeente

of ’n gemeenskap staan ten opsigte van die verskillende stadia van die treurproses. Daar is nie eenvormigheid of ’n patroon nie, omdat mense in ’n gemeenskap verskillende dinge beleef het oor ’n tydperk van 20 jaar en omdat mense se verwerkingsmeganismes soveel van mekaar verskil. Rigtinglose treurprosesse wys egter hul effek in die drie gemeentes se huidige funksionering. Baie lidmate is in die algemeen negatief en sonder energie. ’n Positiewe, energieke respondent rapporteer hy sukkel om mense rondom hom positief te probeer máák (gevallestudie 2, respondent 3).

’n **Rouproses**, daarenteen, is ’n doelbewuste keuse om betrokke te raak by moeilike emosionele werk (sien p 225). Treurtake is in die literatuur beskryf (sien p 212). Wanneer individue of gemeentes kies om nie verder in die verdriet rond te dobber nie, maar die treurtake aan te pak en doelbewus deur al die verskillende stadiums van die proses te werk, is dit per definisie ’n rouproses wat aan die gang kom. ’n Rouproses is gesond, omdat dit rigting gee aan die spontane treurreaksies en die persoon of gemeente help om aan die beweeg te kom. Dit is ’n hoopvolle proses, omdat dit mettertyd nuwe ruimtes vir lewe skep (sien p 224).

Respondente van al drie gevallestudies was dit eens dat die spontane treurprosesse in hulle gemeentes se geledere as *kollektiewe* prosesse beskryf kan word. Dit volg daaruit dat die doelbewuste keuse om die moeilike treurtake aan te pak, ook ’n kollektiewe besluit van ’n gemeente behoort te wees. Wanneer so ’n gemeentelike besluit geneem is, begin ’n kollektiewe rouproses.

Omdat beide ’n rouproses en ’n gemeentebouproses **intensioneel** is, kan dit aan beplanning onderwerp en met mekaar geïntegreer word.

Ek voeg in kursiewe skrif enkele insigte in verband met die strategiese hantering van ’n gemeentelike rouproses in by punte 3, 4, 5, 6 en 7 van Nel (1994:183) se sewe punte van strategiese beplanning (vgl p 200):

1. Dit volg op ’n deeglike gemeente-analise.
2. Dit neem die gemeente se sterk punte doelbewus in ag (uit erkentlikheid dat God reeds baie aan die gemeente skenk en veel deur hulle doen).
3. Dit neem die geïdentifiseerde probleme en behoeftes in ag. *As die leiersgroep tydens die tweede fase van die gemeentebouproses (gemeente-analise) seker gemaak het dat die beskrywing van die gemeenteprofiel die* <u>*verandering*</u> *en* <u>*verlies*</u> *waaraan hulle lidmate*

*onderwerp is en die heersende* *treurreaksies* *in hulle konteks insluit, het hulle die nodige stof om by hierdie stap mee te werk. Om aan te pas by verandering, veroorsaak vir party lidmate probleme. Die verlies wat lidmate en die gemeente beleef, is ook deel van die spektrum probleme wat die gemeente in ag moet neem. Onafgehandelde treurreaksies veroorsaak emosionele en ander behoeftes.*

4. Formulering van 'n breë doel of missie vind plaas. *By die formulering van die gemeente se missie, funksioneer verandering, verlies en treur in die agtergrond, saam met talle ander faktore. Nuwe identiteit en meer energie is van die resultate van 'n sinvolle rouproses, daarom sal 'n gemeente baie onwys wees om dit nie deeglik te verreken wanneer hulle hul missie formuleer nie.*
5. Formulering van doelwitte ter bereiking van die breë doel vind plaas. *Enige een of meer van die praktiese voorstelle wat in 6.2 hieronder volg onder die opskrif HOE KAN GEMEENTES ROU? kan verwerk word in goeie doelwitte. Daar is in gemeentes nood aan leiding, omdat die groot meerderheid lidmate onkundig is oor wat emosioneel met hulle gebeur in 'n omgewing waar verandering en verlies aan die orde van die dag is. Hulle ken nie noodwendig die teorie oor verlies en treur nie en daarom herken hulle nie noodwendig treursimptome by hulleself of hulle gemeenskap nie. Daar behoort doelwitte vir individuele, sowel as kollektiewe rou geformuleer te word.*
6. Keuse van strategiese aksiestappe ter bereiking van die doelwitte. "Doelwitte bereik nie hulleself nie" (Nel 1994:196). *Die doelwitte rakende 'n gemeentelike rouproses behoort in spesifieke, haalbare, praktiese aksiestappe opgedeel word.*
7. 'n Strategiese program met tydskedules, metodes, bronne, verantwoordelike persone word opgestel. *Daar kan allerlei geleenthede vir die begeleiding van rou beplan word, met tydskedules, metodes, bronne, verantwoordelike persone en al. Die strategiese plan moet dan deurlopend bestuur word ter bereiking van kollektiewe roudoelwitte.*

Wanneer gemeentes hulle doelwitte oor die hantering van 'n kollektiewe rouproses deel maak van 'n openbare dokument soos hulle gemeente se doelwitte en strategiese aksieplan, word daar openbare erkenning gegee aan die feit dat lidmate verlies ly en swaar kry in die nuwe Suid-Afrika. Die openbare erkenning van 'n onafgehandelde, kollektiewe treurproses kan help om die ontkenning en die stilswye wat in sekere kringe heers, te deurbreek. Lidmate sal waarskynlik met groot verlig-

ting daarop reageer wanneer die kerk dit raaksien dat haar lidmate swaar kry met aanpassing in hulle eie land.

In die volgende deel van hierdie hoofstuk word weë ondersoek vir gemeentes om ’n voortgaande rouproses deel te maak van hulle normale werksaamhede. Dit sal lig werp op moontlikhede vir doelwitte en strategiese aksiestappe vir gemeentelike rou. Aan die einde van die volgende afdeling sal daar meer duidelikheid wees oor die praktiese vrae: In watter bedienings kan gemeentelike rou aandag kry? Watter soort doelwitte en aksiestappe vir gemeentelike rou kan realisties wees?

## 6.2 HOE KAN GEMEENTES ROU?

Die vierde aspek van die navorsingsdoel kom nou aan die beurt. Dit is om strategies weë te ondersoek vir gemeentes om intensionele rou, as ’n bediening van hoop, te integreer as normale deel van die gemeentebediening.

Eerstens is ’n paar verduidelikende notas nodig oor twee sinsnedes uit bogenoemde formulering:

- Rou as ’n bediening van hoop

Om te rou is ’n hoopvolle proses, ten spyte van die pyn. “Grieving can bring hope as grief can bring despair” (Hamman 2005:28). Die resultaat is nuwe ruimtes vir lewe en ’n nuwe identiteit. Om te moet rou is daarom nie vir ’n gemeente slegte nuus nie. Paradoksaal is dit goeie nuus. “Grieving is the gospel in gospel communities” (Hamman 2005:29).

- Rou as ’n normale deel van die gemeentebediening

Die hoofargument van hierdie publikasie is dat rou, in die huidige omstandighede en tydsgewrig, deel behoort te wees van NG Kerk-gemeentes se bediening, omdat die konteks gekenmerk word deur verandering en verlies.

Party van die respondente in die kwalitatiewe ondersoek was baie entoesiasties toe hulle begin nadink het oor ’n gemeentelike rouproses. Hulle kon die goedheid daarvan insien, as ’n gemeente

rou begin fasiliteer, as ’n bediening van hoop: “*So ek dink die NG Kerk kan nog verskriklik baie doen, maar ek dink hulle moet bietjie uitbeweeg ... So ek dink mens moet daaroor praat en jy moet besluit: ‘Let bygones be bygones’ Jy moet ’n nuwe lewe skep en jy moet liewer die fasiliteerder word van ’n nuwe begin ... ons beperkte verlede moet nie ’n effek hê op ons onbeperkte toekoms nie ... Ons moet begin lewe – meer vir nou. Ons moet die situasie nou probeer aanspreek ons moet nie dink ’n oplossing van die verlede is ’n oplossing vir nou nie. Ons moet nuwe oplossings kry. Ons moet die probleem herdefinieer, nuut formuleer en ons moet ’n nuwe oplossing gee en vorentoe fokus”* (Respondent C, gemeente 1).

Op grond van die literatuurstudie, die empiriese studie en baie prakties teologiese nadenke, het die volgende twaalf aksieplanne na vore getree. Dit is twaalf aspekte van ’n omvattende strategie wat op transformasie van die onbevredigende praxis gerig is:

### 6.2.1 DIE BEGINPUNT: LEIERS WAT ROU

Leiers se persoonlike rou is die skarnier waarop die deur van gemeentelike rou oop- of toegaan (sien p 232–238). “If grief is the news of the moment, ministry implies significant grief work for you as a leader of a Gospel community” (Hamman 2005:35).

Hier sal strategies gedink moet word hoe ’n kerkverband sy leraars en ander leiers kan oorreed om betrokke te raak by hulle gemeentes se doelbewuste en deurlopende, kollektiewe rouproses. Aan die positiewe kant is leiers wat kans sien om self te rou, ’n groot bate vir hulle gemeente. Aan die negatiewe kant is predikante en ander gemeenteleiers wat self nie kan of wil rou nie, soms ’n struikelblok vir gemeentelike rou. Hulle wil nie hierdie moeilike kwessie in die gemeente hanteer nie, omdat dit in hulle persoonlike lewens ’n onaangeraakte probleem is. So bly die leiers en die gemeente se verliese onverwerk. Rings- en sinodale leiers kan dit oorweeg om geleenthede te skep waar leraars en ander diensleiers gesensiteer kan word oor hierdie aspek van kontekstuele nood in hulle gemeentes. Dienende leiers wat die nood van die tyd begryp en besef hoe sentraal hulle persoonlike rouproses vir die gemeente se groei is, behoort nie weerstand te hê om by persoonlike rou-werk betrokke te raak nie (vgl Osmer 2008:183–192). Die Noordelike Sinode se mentorstelsel – as dit goed werk – is ’n helpende krag in hierdie verband.

### 6.2.2 DIE SKEP VAN 'N VEILIGE ATMOSFEER IN DIE GEMEENTE

'n Rouproses is nie geneig om in 'n bedreigende omgewing te gebeur nie. Rou gaan met risiko's en swakheid gepaard en benodig daarom 'n veilige omgewing. Dit is waar van 'n individuele rouproses en in dubbele mate waar van 'n kollektiewe rouproses (vgl Hamman 2005:39).

Die veilige ruimte (*holding environment*) waar mense dit kan waag met God, met hulleself, met pynlike ervarings van verlies en vervreemding en met medemense, kan soms 'n fisiese plek soos 'n kampterrein of 'n kerkgebou wees, maar gewoonlik is dit 'n netwerk van verhoudings. Egte gemeenskap van gelowiges bied sodanige hegte netwerk van onderlinge verhoudings waarin mense veilig kan voel.

Die goeie nuus is dat daardie verhoudingsnetwerk reeds bestaan, omdat God dit uit genade gee: God self leer gemeentelede om mekaar lief te hê (1 Tes 4:9). God het die gemeente saamgevoeg in 'n eenheid ('n gebou, 'n liggaam, ens). Die netwerk van broederliefde is 'n uitvloeisel van gelowiges se gemeenskaplike liefde vir God deur Jesus Christus – wat Hy uit genade inisieer.

Terselfdertyd is 'n sterk verhoudingsnetwerk ook 'n opdrag: Jesus het die vraag oor wat die grootste gebod in die wet sou wees, geantwoord met twee verhoudingsgebooie: liefde vir God en liefde vir die naaste (Mat 22:34–40). Die gemeente is 'n oefenterrein vir naasteliefde. Onderlinge liefde skep 'n sekere atmosfeer in die gemeente. 'n Gesonde gemeente wat besig is met 'n gemeentebouproses en wat besef hoe belangrik 'n rouproses vir gemeentebou is, sal wys optree deur besondere moeite doen om 'n atmosfeer in die gemeente te skep waar mense vrymoedig kan rou. Daarvoor is dit nodig dat gemeentelede mekaar leer ken, mekaar leer liefhê en mekaar genoegsaam leer vertrou, voordat 'n rouproses realisties sal posvat in die gemeente. Daarom behoort die onderlinge verbondenheid, wat 'n prioriteit was vir die Jerusalemgemeente (Hand 2:42), 'n permanente prioriteit te wees vir die hedendaagse gemeente wat deur rou heen wil groei.

Dit beteken prakties dat die leierskap volop geleenthede skep wat die gemeenskap van die gelowiges doelbewus bevorder. Eredienste sal byvoorbeeld 'n sterk verhoudingsfokus hê; vergaderings sal die sake op die agenda hanteer, maar terselfdertyd mensgerig wees; toerustingsgeleenthede, seminare, kampe, ensovoorts, sal die inhoud wat hanteer word, balanseer met bouwerk aan verhou-

dings. Daar sal baie geleenthede van beide sosiale en geestelike aard op die gemeente se program wees wat gemeentelede uitnooi om nader aan mekaar kan kom.

’n Sterk verhoudingsnetwerk gaan nie op sigself ’n rouproses in die gemeente laat gebeur nie, maar is ’n voorwaarde daarvoor.

### 6.2.3 HERWAARDERING VAN DIE BYBELSE KLAAGLIED

Die Bybelse verliesliteratuur was ter sprake in hoofstuk 4 (p 238–243). Dit het geblyk dat die skryf, sing en bid van klaagliedere vir gelowiges ’n belangrike manier geword het om die krisisse van die lewe te hanteer in die teenwoordigheid van God.

Vervolgens word drie gebruike van die klaaglied verken, wat gemeentes op ’n praktiese wyse kan help om toepaslike rouhandelinge te stimuleer:

#### 6.2.3.1 LEER KEN DIE GENRE VAN DIE BYBELSE KLAAGLIED

Gemeentes sal eerstens wys wees om ruimskoots gebruik te maak van die genre van die klaaglied in die Bybel. In preke, pastorale gesprekke, kleingroepe, by konferensies, werkswinkels, kampe, ensovoorts, kan meer dikwels gebruik gemaak word van klaagpsalms, die boek Klaagliedere en ander “oorlewings-literatuur”. Vir die voortgang van die rouproses, wat in gemeentes tot mindere of meerdere mate vasgehaak het, is dit belangriker om **uitdrukking te gee aan verlies** en lyding, as om dogmaties korrek te wees. Die klaagliedere gee aan die gewone gelowige die woorde wat hy nooit self sou kon vind nie, maar waarin hy homself en sy belewenisse spontaan vind by die lees daarvan.

Wanneer ’n gemeente die (relatief onbekende) klaagliedere en ander protesliteratuur in die Bybel leer ken, skrik hulle dalk aanvanklik vir die rou beskrywings van lyding of vir die negatiewe treur-reaksies soos aggressie, bitterheid, wraakgedagtes, neerslagtigheid en wanhoop. As die mense wat die selfopgelegde taak het om die “gewetes” van hulle gemeentes te wees, die klaagliedere leer ken en waardeer, sal hulle dalk ophou om treurende medegelowiges te kasty. As die “gewetes” in-sien dat negatiewe reaksies deel uitmaak van ’n normale rouproses, sal hulle dalk minder sê: ”*’n Christen behoort nie só te praat of só op te tree nie.*” Gemeentes kan mettertyd leer om normale

treurreaksies te onderskei van sonde. My waarneming is dat sommige goeie Christene tans (uit onkunde oor die normale rouproses en oor die genre van Bybelse klaagliedere) hulle medegelowiges se noodsaaklike rouproses doodmoraliseer. Dit is moontlik dat toegewyde gelowiges al begin het om oneerlik te lewe, omdat hulle eerlike treurreaksies so negatief beoordeel word in die geloofsgemeenskappe waar hulle beweeg. Gemeentes wat wil vorder, het nodig om eerlik te kan handel met hulle verliese en die hele spektrum van reaksies daarop – ook daardie reaksies wat vir die oningeligte mag lyk na "onchristelike" reaksies. Kennis van die Bybelse genre van die klaaglied kan mense bevry om normaal te mag rou.

#### 6.2.3.2 SING EN BID DIE KLAAGLIEDERE

Gereformeerde Afrikaanse kerke sal wys wees om in hierdie dae ruimskoots gebruik te maak van die klaagliedere in die liedereskat van die kerk. Die *Liedboek* van die kerk bevat nuwe omdigtings van al die Psalms, wat natuurlik al die klaagpsalms insluit. Naas die klaagpsalms is daar ook enkele ander klaagliedere in die *Liedboek*, byvoorbeeld liedere 572 tot 578 onder die rubriek *Lyding en nood*. Strofes en sinne uit ander liedere eggo ook verlies en smart, byvoorbeeld lied 516, die verwerking van Habakuk 3:17–19. Buiten die *Liedboek* is daar ook ander liedere wat die gemeente kan help om uitdrukking te gee aan verlies en pyn.

Dit is egter so dat musiek in mineur toonaarde en met donker bewoording nie gewild is by meeste kerkmense nie. Die volgende vrae is egter baie toepaslik in die huidige omstandighede:

- *"In an age of praise choruses, how can music facilitate the work of mourning?*
- *How can you have liturgical integrity if your music does not speak to the sorrow and uncertainty your Gospel community is experiencing*?" (Hamman 2005:134).

Kerkmusiek kan 'n kragtige instrument van heling en groei wees. Daar is egter 'n opvoedingstaak van liturge, musiekleiers en gemeentes nodig, voordat die klaaglied sy regmatige plek in die NG Kerk se rouproses kan inneem. Terwyl gemeentes 'n poging aanwend om 'n paar klaagliedere se musiek aan te leer, kan die Bybel en die *Liedboek* se klaagliedere gebid word.

#### 6.2.3.3 SKRYF ’N EIE KLAAGLIED

Die derde gebruik van die klaaglied is om individue en gemeentes te nooi om hulle eie klaaglied te skryf. Die gesamentlike lees van ’n paar klaagliedere en kennis van die struktuur van die klaaglied (p 243), kan kreatiewe, musikale en taalvaardige mense bemagtig om hulle eie klaaglied te skryf en/of te toonset. “Drafting a lament is a life-giving and life-affirming task not only for the leaders of Gospel communities, but for the communities themselves (Hamman 2005:127). So ’n klaaglied wat die eie omstandighede reflekteer, kan op verskeie maniere in die gemeente gebruik word. Dit kan byvoorbeeld in ’n erediens of by ’n ander gemeentefunksie voorgelees word; dit kan in ’n gemeente-publikasie gedruk en versprei word. Op daardie wyse kan die plaaslike klaaglied ’n simbool van die gemeente se reis met haar eie rouproses word. As dit getoonset is, kan dit ’n belangrike deel van die gemeente se liedereskat word. As die klaaglied ’n gebed is, kan dit van tyd tot tyd in liturgiese gebede gebruik word.

### 6.2.4 BENUTTING VAN VLOEK- EN WRAAKPSALMS

Woede en aggressie is volgens die empiriese ondersoek van die prominente treursimptome tans in die Afrikaanse gemeenskap. Baie Afrikaners voel hulle word verontreg en is magteloos woedend daaroor. In die vloek- en wraakpsalms het gelowiges van ouds hulle magtelose woede uitgespreek (sien p 244). Hierdie problematiese literatuursoort in die Bybel kan gelowiges vandag help groei; help om af te sien van wraaksug en eerder te sug na God se geregtigheid.

### 6.2.5 ROU IN GEMEENTELIKE PASTORAAT

Die beginpunt van gemeentelike rou is volgens vorige paragrawe die *persone* van betekenisvolle leiers wat die gemeente as ’n span begelei (sien p 236–238). Die volgende vraag is: Hoe kan die binnekring (die span leiers wat erns maak met hulle persoonlike rouprosesse) die wyer kring van die gemeente bereik en hulle oorreed om van ’n rigtinglose treurproses te beweeg na ’n hoopvolle rouproses?

Die eerste, kort antwoord, is: deur gesprek te voer oor verliese: “By being engaged in life-giving conversations” (Hamman 2005:75).

Binne die raamwerk van narratiewe gemeentelike pastoraat (sien p 150), skep die leiers die atmosfeer deur te begin gesels en fyn te luister na mense se treurreaksies. "If persons can put into words the nameless feelings that overwhelm, they become wiser in their prayers and are beter equipped to turn their tears as unutterable sorrow into meaningful words" (Oates 1997: 20). Die pastor gee nie antwoorde nie, maar skep geleenthede dat lidmate vir hulleself rekenskap kan gee van wat met hulle gebeur het. Terwyl lidmate hul eie verhale van verlies en die verhale van die gemeente se verliese vertel en beoordeel, begin die rouproses in beweging kom. Om te rou, is om pyn en verlies aktief te onthou en te vertolk (Hamman 2005:74–76, 81). Sulke aktiewe onthou kan effektief en persoonlik in 'n goeie pastorale gesprek plaasvind. Vir almal wat betrokke raak by sulke gesprekke, is dit onmoontlik om verder in ontkenning te lewe, want die wêreld van verlies kry kontoere soos die stories wat dikwels vertel word én die stories wat nooit gehoor word nie, 'n gemeenskaplike sosiale werklikheid skep (vgl Müller 1996:32–34, 105).

Die betekenisvolle leiers skram nie weg van gesprekke met individue en groepe oor pynlike verlies in die gemeente nie. "... doing ministry is about having an intentional conversation" (Hamman 2005:81). Hulle eerbiedig lidmate se huidige emosies, vra op kreatiewe maniere uit oor die verliese en aanvaar dat negatiewe ervarings deel van kerkwees in die gebroke bedeling is. Heeltyd stuur hulle die gesprek en vra doelbewus die moeilike vrae. Hulle het die wysheid om te besef dat mense die neiging het om die verlede óf te idealiseer óf te demoniseer. 'n Wyse pastor probeer dit nie na die gebalanseerde middel toe bring nie. Iemand wat deur stryd en trane heen tot vrede gekom het met sy eie verhale van verlies en pyn, kan die lidmate met wie hy gesels, se rou emosies en ongebalanseerde oordeel hanteer, omdat hy dit herken as die gespreksgenote se maniere om verlies en pyn te verwerk.

"Betekenisvolle leiers" (sien p 236–237) kan hierdie proses inisieer, maar geen lidmaat kan van deelname aan gemeentelike pastoraat uitgesluit word nie. Dit is die taak van die hele Christelike gemeenskap. Die ontwikkeling van "lekepastoraat", waar gewone lidmate betrokke raak by die pastorale versorging van ander, is die Bybelse beeld van versorging. Almal dra gelyke sorg vir mekaar en almal dra mekaar se laste (1 Kor 12:25; Gal 6:2). "Onderlinge sorg is binne die Christelike gemeente die grondvorm van alle pastoraat" (De Jongh van Arkel 1992:80). Die ideaal is dat die hele gemeente mettertyd oor en weer by sulke betekenisvolle gesprekke betrokke sal raak. Lidmate, en mettertyd 'n gemeente, kry sodoende die geleentheid om hulle pyn, teleurstelling, aggres-

sie, ontnugtering en ander negatiewe emosies in ’n veilige omgewing te verwoord. Die plaaslike gemeente is ’n veilige netwerk van relatief permanente verhoudings, waar waardes soos respek en onvoorwaardelike aanvaarding nagestreef word. Daar is sterk verhoudings nodig om intense emosionele pyn te dra en die liggaam van Christus bied sulke verhoudings.

Die verrassing is dat waar een lid openlik ly, beleef almal saam die pyn en beween hulle die smart saam-saam (1 Kor 12:26). Dit is ’n groot verligting om te weet “ander mense het die verlies ook só beleef”. Die volgende groepe mense, wat deur die respondente in die empiriese studie geïdentifiseer is as mense wat besonder swaar kry omdat hulle besonder baie verloor het in Suid-Afrika ná 1990, behoort uitgesonder te word en opgesoek te word in gemeentelike pastoraat:

- mans
- middeljarige en ouer mense
- lede van die vorige bedeling se veiligheidsmagte

Nuwe verhoudings word gestig in die proses waar betekenisvolle gesprekke plaasvind. Vir ’n gemeenskap van gelowiges wat op verhoudings ingestel is omdat Christus die vroeëre vyandskap en skeidsmure afgebreek het (Ef 2:14), is dit op sigself reeds ’n groot tree vorentoe – in die rigting van die nuwe gemeentelike identiteit. In gesonde gesprekke kan die idealiserings en demoniserings van die persoonlike geskiedenis en die gemeente se geskiedenis nie oor die langer termyn onveranderd bly nie. Die betekenisvolle leier hou aan om goed te luister, om geïnteresseerd te wees in wat in die gemeente gebeur het, waar die gemeente nou staan en om oop vrae in die verband te vra. Hamman (2005:78–79, 85–87) gee voorbeelde van nuttige vrae wat gesprek in die regte rigting stuur, maar die gesprekke terselfdertyd ook “oop” hou. Ek haal enkeles aan:

- “Why do we want to address the dynamics of loss and grief in our congregation?
- What committments are we as the leaders of this church willing to make to facilitate the grief process?
- What personal and ministry losses do we need to grieve as we lead this congregation?
- At what crossroads do we find ourselves as leaders and as a community?
- What else is happening in our congregation? What do you pray about if you pray for our congregation?

- Who do you think we will be as a community five years from now?"

Vrae wat ('n groter wordende groep) betekenisvolle leiers in gesprekke stel, skep 'n sekere mate van spanning. In die gesprekke moet genoeg spanning behou word sodat die rouproses kan vorder, maar nie op 'n angstige wyse nie. Die persoon wat genoegsaam deur sy eie verliese en rou gewerk het; wat sekerheid het van sy eie identiteit en waardes, kan as leier 'n "nonanxious presence" (Friedman 1985:3) handhaaf en die versoeking weerstaan om die spanning tussen die verskillende gemeentenarratiewe te harmonieer.

Binne die narratiewe teorie kan mense in pastorale gesprekke gedurig en aktief meewerk aan hulle eie groei. Verhale van hulle lewens en hulle gemeentes word met transformerende krag vertel (Hamman 2005:82). Die veranderende krag is in die verhale self, want narratiewe skep nuwe sosiale werklikhede in die kringe waar die verhale vertel word. Die gemeente waar betekenisvolle leiers aanhou om die moeilike vrae te vra en aanhou om na die verhale te luister, kan nie vir altyd die slagoffer van mense of gebeurtenisse bly nie – ook nie van ingrypende verliese nie. Al verhalende skep die gemeenskap van gelowiges vir hulleself 'n nuwe identiteit. Die gemeente raak, as gevolg van wyse pastoraat, al hoe minder die slagoffer van die verlede en al hoe meer die outeur van haar eie toekomsverhaal in die koninkryk van God. Gesprekke wat die rouproses op 'n narratiewe wyse laat gebeur, skep op 'n kreatiewe manier vir die gemeente nuwe lewe; nuwe moontlikhede. "No longer can a community be seen as a system that resists change (through the systemic principle of homeostasis), but rather the congregation is a system telling stories that elicit change and transformation" (Hamman 2005:82).

Die periode van doellose treur en ronddobber in verwarring en pyn gaan verby deur die inisiatief van pastors wat wys genoeg is om hulleself klein genoeg te hou. Die wyse pastor maak baie ander lidmate deel van 'n heilsame, helende proses in die gemeente. Die verandering van die persone van betekenisvolle leiers en narratiewe pastoraat stimuleer verandering "van onder na bo".

Die ekstra dimensie wat in 'n Christelike gemeente toegevoeg word tot die voortreflike moontlikhede van die narratiewe benadering, is dat die hele proses afspeel in die atmosfeer waar almal, in die lig van die Evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus, saam soek na die pad waarop die Gees van God hulle wil uitlei (Heitink 1977:75, 129-130). Die deelnemers aan die

gesprek bou op ’n breë basis faktore wat hulle saambind: *“Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon”* (Ef. 4:4–5). Gemeentelike rou deur gemeentelike pastoraat waaraan baie lidmate sorgsaam deelneem, is nooit klaar nie. Gesprekke hou nooit op nie.

### 6.2.6 HUISBESOEK HERLEEF?

Die rol wat gemeentelike pastoraat kan speel in die rouproses van ’n gemeente, bring huisbesoek (wat in sommige kringe as ’n uitgediende praktyk beskou word) terug na die gemeentebougesprek, maar met ’n nuwe motivering. Pastorale gesprekke wat rou fasiliteer, vind meer geredelik plaas waar daar reeds ’n vertrouensverhouding bestaan. Heelparty respondente van die gevallestudies het opgemerk dat die vertrouensverhouding wat daar tradisioneel tussen NG Kerk-lidmate en hulle predikant bestaan het, nie meer daar is nie. “*Die vertrouensverhouding tussen kerkganger en predikant, het dramaties afgeneem. Daardie waarde? Is nie meer daar nie en dit is bitter jammer. Onthou jy, in die ou tyd het ons alles met die dominee bespreek? ’n Dominee het alles geweet van al sy lidmate. Ek dink daar is dalk nou te min dominees, eerstens, en die geweldstorie het gemaak dat daar nie meer huisbesoek gedoen word nie. Die gebrek aan huisbesoek het mense na binne toe laat keer, want die kerk stel nie meer in hulle belang nie, hoe sal hulle nou met hierdie ou praat*?*”* (respondent 2, gemeente 2).

Huisbesoek as sodanig fasiliteer nie rou nie, maar dit bevorder vertrouensverhoudings en skep geleenthede vir sinvolle pastorale gesprekke.

### 6.2.7 EREDIENSTE AS GELEENTHEDE VIR BEGELEIDE, KOLLEKTIEWE ROU

Die moontlikhede wat die erediens bied vir begeleide, kollektiewe rou, is reeds bespreek (p 244–249).

#### 6.2.7.1 GRONDATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Om in ’n openbare byeenkoms openlik te praat oor die verliese wat met die afskeid van apartheid gepaard gaan, is ’n riskante onderneming. In die jaar 2010 is dit glad nie polities-korrekte ver-

woording van gevoelens nie! Hierdie en ander verliese wat sterk en soms uiteenlopende emosionele reaksies uitlok, het ’n sterk verhoudingsnetwerk nodig. ’n Gemeentelike erediens is dalk die enigste openbare byeenkoms wat die moontlikhede bied om politiek-verwante verliese te betreur. Die erediens is ’n tweegesprek tussen God en gemeente sonder politieke motiewe. Die grondatmosfeer in die erediens is een van aanbidding, verwondering en afhanklikheid. Dit is ’n veilige atmosfeer, wat ’n rouproses kan huisves.

### 6.2.7.2 ’N ROULITURGIE

Die bedoeling is nie om hier ’n volledige rouliturgie uit te werk nie, maar wel om riglyne in dié verband te gee en dit toe te lig met enkele voorbeelde.

Liturge sal wys wees om, oor ’n onderwerp so kontensieus soos hierdie, saam met ’n erediens-werkgroep aan rouliturgieë te werk. So kan al drie die tipes oneerlikheid wat soms by kerklike rituele insluip, voorkom word: *eerstens* dat die liturg stellings oor erediensgangers maak, wat nie op hulle van toepassing is nie, *tweedens* dat die liturg sy eie gevoelens verwoord asof dit die hele gemeente se gevoelens is, *derdens* dat die gemeente in ’n ritueel of formulerings in gemanipuleer word waaraan hulle nie vrywillig sou deelneem nie (vgl Ramshaw 1987:26–27). ’n Eredienswerk-groep wat doelbewus só saamgestel is om verskeidenheid in die gemeente te verteenwoordig, kan die liturg baie help om die gemeente beter te verstaan en sover moontlik almal in die erediens te akkommodeer.

Die gemeente kan ook vooraf ingelig word oor die aard van die betrokke diens (naamlik dat dit ’n erediens gaan wees waar daar oor verlies gerou word) en uitgenooi word om insette te lewer en vriende saam te nooi. As die datum vooraf bekend is, kan lidmate hulle keuses oor insette al dan nie, bywoning of nie-bywoning en voorbereiding vir die diens uitoefen. Dit skep ook ’n gees van afwagting.

Die liturgie hieronder is saamgestel na aanleiding van indrukke uit die empiriese studie. Dit kan as algemene riglyn dien, maar dit behoort gekonkretiseer te word in elke gemeente se eiesoortige konteks.

**Aanvangswoord (votum)** Psalm 6:3–5: *"Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg, maak my gesond, Here, want my liggaam is uitgeteer. Ek is heeltemal gedaan. Hoe lank nog, Here, voordat U uitkoms gee? Neem my weer onder U sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou."* Rede vir tekskeuse: hierdie drie verse van Psalm 6 bevat drie van die geykte elemente van 'n klaaglied: gebed, klag en vertroue.

**Seëngroet:** 1 Korintiërs 1:3: *"Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus."*

**Lof en aanbidding:** Lied 203:1–3 (of enige ander bekende loflied)

Lied 516 (Lof aan God, nie omdat dit goed gaan nie, maar ten spyte daarvan dat die NIE goed gaan nie.)

**Stilte:** Die gemeente word uitgenooi om tot rus te kom by God. Almal kan in stil gebed die dinge wat swaar op hulle harte druk, na God bring. Die gemeente kom in 'n gemoedstemming van vertroue en absolute afhanklikheid (vgl p 245–246).

**Die wet:** Eksodus 20:1–17. Klem op die genade-karakter van die tien gebooie: God bevry eers sy volk (Eks 12:31–51) en versorg hulle in die wildernis met kos en water (Eks 16–17), dan gee Hy sy wet, as die God wat hulle reeds bevry het (vgl Eks 20:2).

**Skuldbelydenis:** Lied 233. Die liturg beklemtoon die ruimte wat God skep: Die gemeente is skuldig en weerloos voor die wet, maar kan dit waag met God, omdat Hy genadig is!

**Genadeverkondiging:** Lees Romeine 8:1 en herinner die gemeente aan hulle posisie in Christus.

**Verbintenis, toewyding:** Lied 491:1,2,4 (Die lied se woorde verwys na ons nood en angs – strofe 1; na die struikelblokke op ons weë – strofe 4).

**Credo:** Apostoliese Geloofsbelydenis. Die liturg lê klem op die sekuriteit wat 'n *ekumeniese* belydenis gee: miljoene Christene oor die hele wêreld bely dieselfde as ons!

**Epiklese:** Vry gebed by die opening van die Woord.

**Skriflesing:** Psalm 13

**Preekskets:**

Preektema: In gebed verander klag in lof.

Hierdie Psalm kan in die preek goedskiks as homilie hanteer word. As dit vers vir vers behandel word, kom die geykte elemente van die klaaglied ter sprake: die klag (vs 2-3), gebed (vs 4-5), vertrouensuitspraak (vs 6a), lofuiting (6b) (vgl Prinsloo 1984:58-61; sien p 241).

Inleiding: Voel u soms om by die Here te kom kla oor wat u alles oorkom in die lewe? Daar is baie dinge wat kan skeef loop in die lewe en wat ons laat voel na ’n klaaglied. U mag maar die negatiewe dinge vir God sê. Ps 13 leer ons ’n gelowige mag sy gevoelens eerlik voor die Here lê. Hy mag selfs sy gevoel dat die Here hom vergeet het of hom ignoreer, uitspreek. Die gelowige het die vrymoedigheid om sy klag in gebed na God toe te bring. Hy kla in hierdie psalm omdat sy vyand hom oorheers (3b) en omdat hy voel God het hom vergeet (2). Dalk kan u identifiseer omdat magtige mense u ook te na kom, of omdat u voel u kry swaar en God hou Hom eenkant.

Klag: Die digter se omstandighede word nie verduidelik nie, maar dit is duidelik dat dit met hom sleg gaan. Hy ondervind moeilikheid met mense wat hom op ’n vyandige manier oorheers en onderdruk. Die krisis is dat God nie ingryp, hom help en sy omstandighede verbeter nie (vs 2). Die digter beleef sy krisis as godverlatenheid en het die vrymoedigheid om dit vir God te sê. Sy emosionele toestand word gekenmerk deur bekommernis (vs 3) en min energie (vs 4b). Die gelowige klag kan gekonkretiseer word in die lig van verliese wat lidmate huidiglik in hulle alledaagse lewe ly. Die liturg word ’n spreekbuis vir die gemeente se klag.

Gebed: Die gebed is dringend: God word drie keer aangespreek. Die bidder vra God om hom raak te sien, te antwoord en krag te gee, letterlik: sy oë te verhelder (Prinsloo 1984:66) Dis duidelik dat daar ’n oop verhouding tussen die bidder en God is, waarin hy God selfs mag beskuldig. God se antwoord sal ’n neerlaag vir die vyand beteken. Die gemeente word opgeroep om, vanuit ’n noodsituasie, eerlik en gelowig te bid.

Vertrouensuitspraak: Die digter vertrou God en juig oor Hom. Daar is egter geen aanduiding dat

die omstandighede al verander het nie. Die krisis van godverlatenheid is egter opgelos deur eerlikheid in gebed. Klagte en bekommernis het verander in vertroue en vreugde. Die vertroue is so sterk dat die Here sal help, dat die digter Hom by voorbaat daarvoor dank! Dit verteenwoordig ’n geloofsoorwinning.

Lofuiting: Die Psalm eindig met ’n antisiperende loflied. Omstandighede het (nog) nie verander nie, maar die bidder se gemoedstoestand het verander. Gelowige worsteling met omstandighede en krisis loop uit op ’n loflied oor die wonderlike verlossing van God. God is groter as die vyande en die omstandighede. Anderkant treur is nuwe energie en nuwe lewe.

Slot: Ons kan baie leer by Psalm 13. Dit gaan nie altyd goed met gelowiges nie. Soms word ons onregverdig behandel, uitgeskuif, te na gekom, oorheers. Eeue gelede was daar al gelowiges met wie dit ellendig sleg gegaan het. Dalk is die belangrikste les dat ons eerlik vir God mag sê wat ons beleef. God is naby aan ons in ons krisisse (ook al voel dit soms nie so nie). Bid en worstel die saak met God uit. Kyk of u nie ook in gebed van ’n klagte af by ’n lofuiting uitkom nie.

Amen

**Dankgebed en voorbidding**

**Getuienisse**, soos vooraf gereël, rakende die tema van verlies en die feit dat God jou help.

**Offergawes**

**Slotlied**: 578:1–3 Vertroue, veiligheid by God, ten spyte van die storms van die lewe.

Ou Franciskaanse seën: “Mag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde...” (Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007:48).

### 6.2.8 ROU IN KLEINGROEPE

Meer as een van die respondente het kleingroepe aangedui as ruimtes waar die gemeente sinvol betrokke kan raak by ’n rouproses. “*Kleingroepe kan help, ja. Maar dan moet jy ’n groepleier hê wat weet wat hy doen*” (respondent 5, gemeente 2). “*Kyk, rou is ’n baie persoonlike belewenis,*

*nè? So, ek sou dit eerder in kleingroepe wou aanspreek as om dit in 'n groot gemeente aan te spreek ... Dit moet in groepe wees*" (respondent X, gemeente 3). Die sterkpunt van kleingroepe is dat daar baie klem is op onderlinge verhoudings. In 'n goed gevestigde groep ken die lede mekaar en hulle vertrou mekaar. Daar is 'n veilige en persoonlike atmosfeer, waar lede vrymoedig gesprek kan voer oor sensitiewe sake. Hierdie is 'n bedieningsveld met baie belofte om 'n hoopvolle rou-proses te huisves.

Afhangende van die aard van die gemeente, kan groepe gestig word om spesifieke soorte rouprosesse te huisves, byvoorbeeld groepe vir weduwees, ondersteuningsgroepe vir families van emigrante, werkloses, mense wat onder misdaad deurgeloop het, ensovoorts. Dit is maklik om by die spesifieke, gemeenskaplike verlies te begin, maar dan mettertyd ook ander verliese deur te werk.

### 6.2.9 BENUTTING VAN BESTAANDE GELEENTHEDE

In die normale gemeenteroetine is daar verskeie geleenthede wat hulle daartoe leen om ingeskakel te word by 'n gemeentelike rouproses en wat nie spesiaal gereël hoef te word nie, byvoorbeeld hospitaalbesoeke, sterwensbegeleiding, begrafnisse, dope, troues, openbare geloofsbelydenis, matriekdiens, gr 7-diens, 'n matriekdiens, 'n gr 1-dag, die verkoop van geboue, geleenthede wanneer die gemeente lidmate groet wat verhuis en die gemeente verlaat, wanneer 'n leraar vertrek of aftree, wanneer 'n ou bedieningspatroon aangepas word, wanneer 'n nuwe Bybelvertaling of liederebundel in gebruik geneem word, wanneer belangrike mylpale in die gemeente herdenk word, ensovoorts. Elkeen van hierdie geleenthede kan effens anders ingerig word wanneer dit, met ervarings van verlies in gedagte, beplan word. Dit kom hier neer op 'n manier van kyk na; 'n manier van dink oor gewone items op die gemeente se jaarprogram. Hoopvolle rou kan by baie "gewone" geleenthede gefasiliteer word.

Gemeentes wat 'n jaarlikse gemeentekamp of gemeentekonferensie het, kan dit oorweeg om daardie geleentheid 'n keer te gebruik om die gemeente te bemagtig met kennis, deur die teorie van verlies, treur en rou te behandel.

### 6.2.10 VRYHEIDSDAG

Een van die nuwe openbare vakansiedae in Suid-Afrika is Vryheidsdag op 27 April. Dit herdenk

die eerste algemene verkiesing waaraan alle burgers, ongeag velkleur en ras, deelgeneem het in 1994. As sodanig is dit ’n dag vir die herdenking van die geboorte van die nuwe Suid-Afrika. Dit is nie nodig om ’n navorsingsprojek te loods om agter te kom dat daardie dag hoofsaaklik deur NG Kerk-gemeentes geïgnoreer word nie. Lidmate geniet gewoonlik die vakansiedag, maar het geen erg aan die vieringe van die dag nie.

Die Sondag naaste aan 27 April kan in NG Kerk-gemeentes gebruik word om bestekopname te maak van hulle afskeid van die ou Suid-Afrika en hulle aanpassing in die nuwe Suid-Afrika. Die minimum effek van so ’n gebruik kan wees om die ontkenning, wat daar nog in sekere kringe heers in verband met die nuwe era wat in 1994 vir die land en die kontinent aangebreek het, te deurbreek. Die maksimum waarna gemeentes kan streef, is om in ’n nuwe identiteit in te groei en met die volle krag van roepingsbewuste Christene betrokke te raak by die land en kontinent waar die Here hulle geplaas het. ’n Datum soos 27 April is ideaal om krities te kyk na die verskil wat die plaaslike gemeente maak in die konteks waar sy bestaan as ’n gawe van God aan daardie betrokke omgewing. Om iets te maak van 27 April, sal moed verg van gemeenteleiers. Hulle sal teen die stroom moet gaan, omdat meeste Afrikaners die betekenis van die dag tans doelbewus ignoreer.

### 6.2.11 NASIONALE KONFERENSIE 27 APRIL 2014

Vir dieselfde rede dat dit wys sal wees vir gemeentes om jaarliks ’n vaste datum te hê om te besin oor haar bydrae in die plaaslike konteks, sal dit wys wees vir die NG Kerk om twintig jaar ná 27 April 1994 ’n nasionale konferensie te hou om te besin oor identiteit, konteks en roeping. Die tema vir so ’n konferensie kan iets soos die volgende wees: “*Die NG Kerk na 20 jaar in die nuwe Suid-Afrika*” of “*’n Afrikaanse kerk vir Afrika*” of “*Identiteit, konteks en roeping*”.

### 6.2.12 ROU OOR VERLIES MAG NIE RASSISME AANMOEDIG NIE

Dwarsdeur die hele doelbewuste rouproses moet die gemeente die *wysheid van onderskeiding* beoefen. Terwyl die veilige ruimtes geskep word vir NG Kerk-lidmate om hulle verliese te verwoord, moet daar gewaak word teen rassisme. Die rouproses waaroor hierdie studie handel, is die gevolg van verliese wat blankes (meer spesifiek Afrikaners) ly. Vir solank as wat die regering dit goeddink om rassekwotas te koppel aan sy transformasiebeleid, sal swartmense die beguns-

tigdes wees en blankes (veral mans) die verloorders. Dit is ’n teelaarde vir rassisme. ’n Gemeente-like rouproses is egter nooit ’n verskoning vir rassisme nie.

## 6.3 HIPOTESE

Hierdie studie in sy geheel is hipotese-genererend van aard (p 13). Daarom is die laaste paragraaf van die studie die wetenskaplike hipotese, wat na vore getree het uit die studie as geheel. Elke woord in hierdie formulering is sorgvuldig geweeg, omdat die hipotese die resultaat van vyf jaar se werk moet dra.

*Gemeentebou sal meer geredelik slaag in gemeentes van die NG Kerk se Noordelike Sinode wanneer die kollektiewe treur- en roureaksies oor verliese in Suid-Afrika ná 1990 grootliks afgehandel is en meer geestesenergie beskikbaar is om die uitdagings van optimale, missionêre gemeentewees aan te pak. Praktiese teologie kan ’n bydrae in dié verband lewer deur*

- *’n gemeentebouteorie te ontwikkel waarin die konteks-spesifieke nood van lidmate en gemeentes, naamlik die noodsaaklikheid om verliese genoegsaam te betreur en te groei na ’n nuwe identiteit, geïntegreer is,*
- *intensionele rou, as bediening van hoop, te integreer as ’n normale deel van die gemeente se bediening.*

# BRONNELYS

Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2002. *Buitelyne van 'n gereformeerde gemeentelike ekklesiologie.* Agenda (bylae A.8.1).

Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2007. *Vir die erediens –'n handleiding.* Wellington: Bybel-Media.

Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2008. Bedieningvreugde met die A–Z Handleiding. CD-ROM. Bybel-Media.

Allen, LC. 2008. *Jeremiah – a commentary.* London: Westminster John Knox Press.

Armour, MC & Browning, D. 1995. *Systems-sensitive leadership: empowering diversity without polarizing the church.* Joplin, Miss: College Press.

Avis, P. 2005. *A ministry shaped by mission.* London: T&T Clark International.

Baarda, DB, De Goede MPM & Teunissen, J. 1998. *Kwalitatief onderzoek: praktische handleiding voor het opzetten en uitvoeren van kwalitatief onderzoek.* 1ste druk, 5de oplaag. Houten: Stenfert Kroese.

Barnard, AC. 1981. *Die erediens.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Bateman, B, Du Plooy, C, Kijko, M. 2006. *Many of SA's super-rich are black.* Available on http://www.iol.co.za/news. Accessed 11-12-2007.

Beerling, RF, Kwee, SL, Mooij, JJA & Van Peursen, CA. 1978. *Inleiding tot de wetenschapsleer*. Utrecht: Bijleveld.

Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof.* Nijkerk: Callenbach.

Berlin, A. 2008. On writing a commentary on Lamentations, in *Lamentations in ancient and contemporary cultural contexts.* edited by Lee, NC & Mandolfo, C. Atlanta: Society of Biblical Literature.

Beukes, JC. 2001. Ongepubliseerde lesing, Sendingnaweek, Louis Trichardt. Mei

Bisschoff, JH. 1993. Die spanning tussen die versorgings- en missionêre dimensie in gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(1):42–56.

Bisschoff, JH. 2008. Sewe "reuse" en die NG Kerk: 'n turksvy ...? *Kruisgewys* 8(2):10–12.

Bosch, DJ. 1979. *Heil vir die wêreld: die Christelike sending in teologiese perspektief.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Boshoff, H. 1995. *Die kerk in die nuwe Suid-Afrika.* Potchefstroom: die outeur.

Boshoff, WS. 1994. Pastorale behoeftes in 'n tyd van verandering. MTh-skripsie, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Botha, PJ. 1999. Aantekeninge by Jeremia, in, *Die Bybellennium eenvolumekommentaar*, onder redaksie van W Vosloo & FJ van Rensburg. Vereeniging: CUM.

Bowlby, J. 1980. *Loss, sadness, depression.* New York: Basic Books.

Bowlby, R. 2004. *Fifty years of attachment theory.* London: Karnac.

Breytenbach, HS & Pieterse, HJC. 1992. Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(2):101–112.

Brierley, PW. 1998. *Future church: a global analysis of the Christian community to the year 2010.* London: Monarch Books.

Brown, D. 2001. Group analysis: a contribution to the understanding of the social unconscious, in *The group-analytic society*. London: SAGE.

Brown, WP. 2010. *Psalms.* Nashville: Abingdon Press.

Browning, DS. [1991] 1996. *A fundamental practical theology.* Paperback edition. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Browning, DS. 2007. *Equality and the family.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation: the Bible and postmodern imagination.* Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W. 1998. *A commentary on Jeremiah: exile and homecoming.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Brueggemann, W (ed). 2001. *Hope for the world: mission in a global context.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Brueggemann, W. 2002. *Reverberations of faith: a theological handbook of Old Testament themes.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Brueggemann, W. 2008. Lament as wake-up call (class analysis and historical possibility), in *Lamentations in ancient and contemporary cultural contexts.* edited by Lee, NC & Mandolfo, C. Atlanta: Society of Biblical Literature.

Buchanan, D & Hendriks, J (eds). 1995. *Meeting the future: Christian leadership in South Africa.* Randburg: Knowledge Resources.

Büchner, EP & Müller JC. 2009. The story of the Department of Practical Theology. *Verbum et Ecclesia* vol 30, no 3:42-46.

Buitendag, J. 1991. Teologie en ekologie, in *Mens en omgewing*, onder redaksie van CJA Vos & JC Müller. Halfweghuis: Orion.

Burden, JJ & Prinsloo, WS (reds). 1987. *Tweegesprek met God. Die literatuur van die Ou Testament. Deel 3.* Kaapstad: Tafelberg.

Burger, CW. 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap: nuut gedink oor gemeentes.* Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, CW. 1994. Die agogiese moment in die prediking in 'n situasie van verandering. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(1):83-92.

Burger, CW. 1995. *Gemeentes in transito: vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.* Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, CW. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus.* Bloemfontein: Buvton, in samewerking met Lux Verbi.

Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (reds). 1996. *Woord teen die lig I/10: riglyne vir sendingprediking tussen Pinkster en Advent.* Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, I. 2010. Kerkloos beteken nie minder gelowiges. *Beeld.* 11 Desember.

Buys, F. 2009. SA het wittes se kundigheid nodig. *Beeld.* 14 September.

Buys, F. 2010. *Die pad vorentoe.* Voordrag gelewer by die Nasionale Raad van die vakbond Solidariteit.

Buys, F. 2011. *Transformation and the future of South-Africa.* Available on http://www.solidariteit. Accessed 01-03-2011.

Claessens,W & Van Tillo, G (eindred). 1990. *Van beneden naar boven: een nieuwe richting in de praktische theologie.* Kampen: Kok.

Combrink, HJB. 1989. *Aantekeninge by Matteus. Verklarende Bybel*. Kaapstad: Lux Verbi.

Conzelmann, H. 1975. *1 Corinthians.* Philadelphia: Fortress Press.

Crafford, D. 1982. *Aan God die dank (I).* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Cronjé, F. 2010. Wittes floreer in nuwe bedeling. *Beeld.* 25 Februarie.

Cronjé, G, Nicol, W & Groenewald, EP (reds). 1937. *Regverdige rasse-apartheid.* Stellenbosch: CSV.

Cronjé, JM. 1981. *Aan God die dank (II).* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Dames, GE & Dames, GA. 2009. Encountering God's faithfulness in the process of loss. *Practical Theology in South Africa* 24(2):38–60.

De Gruchy, JW. 1979. *The church struggle in South Africa.* Grand Rapids: Eerdmans.

Deist, FE. 1988. Prophet and society in transition, in *Paradigm and progress in theology,* edited by Mouton, J, Van Aarde, AG & Vorster, WS. Pretoria: HSRC:335–348.

Deist, FE. 1989. Aantekeninge by Jeremia. *Verklarende Bybel*. Kaapstad: Lux Verbi.

De Jongh van Arkel, JT. 1988. Theology beyond Newton: a quantum leap, in *Paradigm and progress in theology,* edited by Mouton, J, Van Aarde, AG & Vorster, WS. Pretoria: HSRC:223–238.

De Jongh van Arkel, JT. 1991. Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):61–75.

De Jongh van Arkel, JT. 1991. *Sorg. Studiegids vir PTA100-T.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Jongh van Arkel, JT. 1992(a). *Sorg. Studiegids vir PTA200-W.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika,

De Jongh van Arkel, JT. 1992(b). *Sorg. Studiegids vir PTB200-4*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Dekker, G. 1987. *Godsdienst en samenleving: inleiding tot de studie van de godsdienstsociologie.* Kampen: Kok.

Denscombe, M. 2002. *Ground rules for good research: a 10 point guide for social researchers.* Buckingham, Phil: Open Unversity Press.

De Waal, E. 2006. Warm en koue altare, in Nel, M. *Stories van hoop.* Vereeniging: CUM.

Dingemans, GDJ. 1990. *De tijd van de verborgen God.* 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Dingemans, GDJ. 1996(a). *Manieren van doen.* Kampen: Kok.

Dingemans, GDJ. 1996(b). Preken in een postmoderne konteks, in *Prediking: kommunikasie in konteks.* Nel, M. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke.

Doohan, L. 1984. *The lay centered church: theology and sprituality.* Mineapolis: Winston.

Dreyer, JS. 1998. The researcher and the researched: methodological challenges for practical theology. *Practical Theology in South Africa* 13 (1):14–27.

Dreyer, JS. 1992. *Navorsingsmetodologie. Studiegids vir PTA200-W.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Dreyer, JS & Pieterse, HJC (reds). 1993. *Die moderne gemeente en haar funksionering.* Lynnwoodrif: Verba Vitae.

Dudley, CS & Ammerman, NT. 2002. *Congregations in transition: a guide for analyzing, assessing and adapting in changing communities.* San Francisco: Jossey-Bass.

Du Plessis, T. 2009. ’n Land van ons en hulle. *Beeld,* 4 September.

Du Plessis, T. 2010. ’n Stille wit verskuiwing. *Beeld.* 3 Maart.

Du Plessis, T. 2010. Gevolge van UGO gaan land lank byt. *Beeld.* 24 November.

Du Toit, HDA. 1963. *Vier eeue van troos. Preke oor die Heidelbergse Kategismus.* Pretoria: NG Kerk- Uitgewers.

Du Toit, P. 2010. 90% van hervormde grond lê braak. *Beeld.* 3 Maart.

Du Toit, PA & Prins, JMG. 1999. Metodologiese uitdagings in navorsing oor geloofsvorming by kleuters. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):63–73.

Du Toit, JJH & Van Rooyen, HA. 2009. Die eenwordingsverhaal van Vergesiggemeente (NGK): ’n gevallestudie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 24(2):61–80.

Du Toit, PR, Hofmeyr, JW, Strauss, PJ, Van der Merwe, JM. 2002. *Moeisame pad na vernuwing: die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na ’n nuwe relevansie 1974–2002.* Bloemfontein: Barnabas.

Duvenage, H & Van Rooyen, D. 2010. Boere maak reg vir baklei. *Sake 24.* 13 Maart.

Elford, RJ. 1999. *The pastoral nature of theology: an upholding presence.* Londen: Cassell.

Eloff, C. 2008. Die derde groot trek. *Rapport,* 16 Mei.

Erasmus, LM. 1995. “Sola Ecclesia?” – ’n Kritiese vraagstelling na aanleiding van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(2):40–51.

Firet, J. 1968. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kampen: Kok.

Firet, J. 1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologische faculteit, in *Praktische Theologie*, onder redactie van Van Andel, C P, Geense, A & Hoedemaker, LA. 's-Gravenhage: Boekencentrum BV.

Firet, J. 1986. *Dynamics in pastoring.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Firet, J. 1987. *Spreken als een leerling: praktisch-teologische opstellen.* Kampen: Kok.

Freedman, J & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: the social construction of prefered realities.* New York: Norton.

Friedman, EH. 1985. *Generation to generation: family process in church and synagogue.* New York: The Guilford Press.

Forbes Magazine. *Billionaires.* Available on http://www.forbes.com/wealth/billionaires/. Accessed 04-03-2011.

Fourie, M. 2010. Die taal sterf, sê Breyten. *Beeld*, 25 Maart.

Gadamer, H-G. 1976. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: University of California Press.

Gadamer, H-G. 1979. *Truth and method.* London: Sheed and Ward.

Gaum, F. 1981. *Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Garbers, JG (red). 1996. *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing.* Pretoria: Van Schaik.

Gerwel, J. 2010. Hanteer met erns: is ons nog tuis in SA? *Beeld.* 10 Januarie.

Gibbs, E. 2001. *Church next: quantum changes in Christian ministry*. Leichester: Inter Varsity Press.

Gibbs, E. 2005. *Leadership next: changing leaders in a changing culture*. Downers Grove: Inter Varsity Press.

Giliomee, H & Mbenga, B. 2009. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.* Beskikbaar by www.wiki.nuwegeskiedenis.co.za. Besoek 19-11-2009.

Gregersen, NH & Van Huyssteen, JW. 1998. *Rethinking theology and science. Six models for the current dialogue.* Grand Rapids: Eerdmans.

Grobbelaar, R & Steenkamp, L. 2010. ANC trek los teen Cosatu. *Beeld*, 6 Maart.

Groenewald, EP [Sa]. *Die eerste brief aan die Korinthiërs.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hamman, JJ. 2005. *When steeples cry: leading congregations through loss and change.* Cleveland: The Pilgrim Press.

Hancke, SH. 2009. *Economy of Zimbabwe.* Available on http://www.cato.org/Zimbabwe. Accessed 5 February 2010.

Heitink, G. 1984. *Pastoraat als hulpverlening: inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* 3de druk. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1993. *Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden.* Kampen: Kok.

Heitink, G. 2000. *Pastorale zorg: theologie, differentiatie, praktijk.* Kampen: Kok.

Heitink, G. 2007. Ongepubliseerde lesing, Universiteit van Pretoria. 28 November.

Heitink, G, Van de Meent, J & Stoppels, S (reds). 1998. *Een gezamentlijke trektocht: meedenken met Jan Hendriks over gemeenteopbouw.* Kampen: Kok.

Helberg, JL. 1989. Aantekeninge by Jesaja, *Verklarende Bybel*

Hendriks, JH. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Hendriks, HJ. 1994. Missionêre gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(2):180–191.

Hendriks, HJ. 2001. Developing a contextual, missional ecclesiology in a congregation using a practical theological methodology. *Practical Theology in South Africa* 16(1):1–18.

Hendriks, HJ. 2007. Evangelism in Africa. *Practical Theology in South Africa* 22(1):23–40.

Heyns, JA. 1986. *Teologiese etiek deel 2/1: sosiale etiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Heyns, JA & Jonker, WD. 1977. *Op weg met die teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, LM & Pieterse, HJC. 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

Heyns, LM. 1995. Praktiese teologie en die Suid-Afrikaanse samelewing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(2):52–61.

Hofstee, E. 2006. *Constructing a good dissertation.* Sandton: EPE.

Hoffmann, L. 1981. *Foundations of family therapy: a conceptual framework for systems change.* New York: Basic Books.

Jammer, M. 1999. *Einstein and religion. Physics and theology.* Princeton: Princeton University Press.

Janse van Rensburg, J. 2000. *The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.

Jarvis, P. 1999. *The practitioner-researcher: developing theory from practice.* San Francisco: Jossey-Bass.

Jonker, WD. 1977. *Die liefde van Christus dring ons.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD. 1981. *In diens van die Woord.* Goodwood: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD. 1983. *Christus, die Middelaar.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jordaan, W. 2010. Om vry en eiesoortig te kan rou. *Beeld.* 24 Februarie.

Joubert, SJ. 1992. Deelnemers aan 'n vreemde spel: veranderende wêreldbeskouings op kerklike en staatkundige terrein in Suid-Afrika, in *Fokus op die kerk*, onder redaksie van Meiring, PGJ & Joubert, SJ. Pretoria: CUM.

Joubert, SJ. 1999. *Aantekeninge by Handelinge. Die Bybellennium eenvolumekommentaar*, onder redaksie van W Vosloo & FJ van Rensburg. Vereeniging: CUM.

Keeny, B. 1983. *Aesthetics of change.* New York: Guilford Press.

Kelder, N. 2009. Misdaadstatistiek wek kommer. *Afriforum.* Beskikbaar by http://afriforum.co.za. Besoek 23-09-2009.

Kellerman, K. 1979. *Opgebou vir die Here: groepstudie oor Efesiërs.* Kaapstad: Bybelkor.

Kilian, J. 1985. *Form and style in theological texts.* Pretoria: University of South Africa.

Kinghorn, J (red). 1986. *Die NG Kerk en Apartheid.* Johannesburg: Macmillan South Africa.

Knepper, JA. 1991. *Een geestelijk huis van levende stenen: gemeenteopbouw in de praktijk rond het jaar 2000.* Goes: Oosterbaan & Lé Cointre.

Kok, J & Niemandt CJP. 2009. (Re)discovering a missional-incarnational ethos. *HTS* vol 65, no 1:502–508. Beskikbaar by http://www.hts.org.za. Besoek 15-12-2010.

Kritzinger, JJ. 1971. *Die missionêre gemeente.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kritzinger, JJ. 1979. *'n Missionêre bediening: op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kritzinger, JJ. 2000. *Navorsing in die fakulteit teologie.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying.* 8th reprint. London: Tavistock.

Kumar, R. 1999. *Research methodology: a step-by-step guide for beginners*. London: Sage.

Labuschagne, F & Nel, M. 2010. Kerkleierskap as bemiddeling van 'n onmoontlike werklikheid: 'n Prakties teologiese ondersoek na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes. *HTS* vol 66, no 2:1–6. Beskikbaar by http://www.hts.org.za. Besoek 15-12-2010.

Lamb, D. 1985. *The African: encounters from the Sudan to the Cape.* London: Methuen.

Lamprecht, D. 2010(a). Oudsoldate se pelgrimstog op soek na innerlike vrede. *Rapport.* 6 November.

Lamprecht, D. 2010(b). Net n oud-soldaat weet hoe lyk die hel. *Rapport.* 13 November.

Lamprecht, D. 2010(c). Miskien het God besluit dié burg moes nie val nie. *Rapport.* 20 November.

Laszo, E. 1984. *Introduction to systems philosophy.* New York: Gordon and Breach.

Lee, NC & Mandolfo, C (eds). 2008. *Lamentations in ancient and contemporary cultural contexts.* Number 43. Atlanta: Society of Biblical Literature.

Lemmer, JC. 1991. Hipotese-genererende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):10–21.

*Liedboek van die Kerk.* 2001. NG Kerk-Uitgewers: Wellington.

Linafelt, T. 2008. Surviving Lamentations (one more time), in *Lamentations in ancient and contemporary cultural contexts* edited by Lee, NC & Mandolfo, C. Atlanta: Society of Biblical Literature.

Louw, C. 2009(a). Boetman is die bliksem in. *Beeld.* 1 Desember.

Louw, C. 2009(b). Vir oulaas die bliksem in. *Beeld.* 1 Desember.

Louw, DJ. 1980. *Die stad in die mens.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Louw, DJ. 1985. *Sin in lyding: 'n Teologiese besinning rondom kruis en opstanding.* Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, DJ. 1992. Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou.. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(2):119–136.

Louw, DJ. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting.* Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, LK. 1984. *Dienswerk: 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente*. DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Louw, LK. 1993. Dienswerkers vir die opbou van die moderne gemeente in, *Die moderne gemeente en haar funksionering*, onder redaksie van Dreyer, JS & Pieterse HJC. Lynnwoodrif: Verba Vitae.

Lundbom, JR. 2010. *Jeremiah closer up: the prophet and the book.* Sheffield:Phoenix Press.

Malina, B, Joubert, S & Van der Watt, JG. 1995. *Vensters wat die Woord laat oopgaan.* Halfweghuis: Orion.

Marshall, C. 1995 *Designing qualitative research.* Thousand Oaks: Sage.

Mason, J. 1996. *Qualitative researching.* Londen: SAGE.

Mead, LB. 1991 *The once and future church: reinventing the congregation for a new mission frontier.* Washington: Alban Institute.

Mead, LB. 1996. *Five challenges for the once and future church.* Washington: Alban Institute.

Meiring, PGJ. 1999. *Kroniek van die waarheidskommissie: op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika* . Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Meiring, PGJ & Joubert, SJ (reds). 1992. *Fokus op die kerk.* Pretoria: CUM.

Messer, D. 1989. *Contemporary images of Christian ministry.* Nashville: Abingdon Press.

Meylahn, J. 2010. Ongepubliseerde voordrag by die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria. Januarie.

Moch, SD & Gates, MF (eds). 2000. *Qualitative research and the researcher experience.* NY: Sage.

Moltmann, J. 1974. *The crucified God.* London: SCM Press.

Moltmann, J. 2000. *Experiences in theology: ways and forms of Christian theology.* Londen: SCM Press.

Morris, CG. 1979. *Psychology: an introduction.* Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Moses, JW & Knutsen, TL. 2007. *Ways of knowing.* New York: Palgrave.

Mouton, DW. 2007. Vry om die wêreld te dien. *Kruisgewys* 7(4):3–5.

Mouton, J & Marais, HC. 1990. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Mouton, J, Van Aarde, AG, Vorster WS (reds). 1988. *Paradigms and progress in theology.* Pretoria: RGN-Press.

Moyo, J. 2009. *Zimbabwe suffers worst economic crisis ever.* Available on http://www.newzimbabwe.com. Accessed on 17-02-2010.

Mulder, P. 2009. Aanvaarding se prys. *Beeld,* 17 September.

Müller, JC. 1991. Pastoral care in post-apartheid South-Africa. *Practical Theology in South Africa* 6(2):184–192.

Müller, JC. 1996. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

Müller, JC. 2000. *Reisgeselskap: die kuns van verhalende pastorale gespreksvoering.* Wellington: Lux Verbi BM.

Müller, JC. 2005. A postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Practical Theology in South Africa* 20(2):72–88.

Müller, JC. 2009. Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Aids as a case study. *Practical Theology in South Africa* 24(2):199–228.

Nel, A. 2003. *Op soek na God ... buite die kerk?* Wellington: Lux Verbi BM.

Nel, M. 1986. *Teologiese perspektiewe op gemeentebou.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1988. *Fases in gemeentebou.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):22–37.

Nel, M. 1993. Gemeentebou: dinamiese kragte in die vernuwingsproses. Praktiese Teologie in Suid-Afrika 8(2):115–125.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou.* Halfweghuis: Orion.

Nel, M (red). 1996. *Prediking: kommunikasie in konteks.* Voortrekkerhoogte: Makro Boeke.

Nel, M. 1998. Gemeentebou: 'n Reformatoriese bediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(2):26–37.

Nel, M. 2001. *Ek is die verskil: die invloed van persoonlikheid in die prediking.* Bloemfontein: CLF.

Nel, M. 2002. Missionêre koers van 58 gemeentes in Suid-Afrika –'n empiriese verslag. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1):53–75.

Nel, M. 2005. *Teologies nagedink: ons roeping in die wêreld*. Referaat gelewer by die algemene predikantekonferensie van die NG Kerk in Bloemfontein. 20-22 Junie 2005.

Nel, M. 2006. *Stories van hoop: gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop bring.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Nel, M. 2009. Congregational analysis: a theological and ministerial approach. *HTS* vol 65 no 1:432-448. Available on http://www.hts.org.za. Visited 15-12-2010.

Naisbitt, J. 1984. *Megatrends.* London: Macdonald.

Niemandt, JCP. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Lux Verbi: Wellington.

Oates, WE. 1997. *Grief, transition and loss.* Minneapolis: Fortress Press.

Ogden, G. 1990. *Unfinished business: returning the ministry to the people of God.* Grand Rapids, Mich: Zondervan.

Osmer, RR. 2008. *Practical Theology. An introduction.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Osmer, RR & Schweitzer, FL. 2003. *Developing a public faith: new directions in practical theology.* St Louis: Chalice Press.

Palmer, RE. 1980. *Hermeneutics.* 5th edition. Evanston: Northwestern University Press.

Parkes, CM. 1986. *Bereavement: studies of grief in adult life.* 2nd edition. Londen: Tavistock.

Parkes, CM. 2006. *Love and loss: the roots of grief and its complications.* Londen, New York: Routledge.

Payne, S, Horn, S & Relf, M 1999. *Loss and bereavement.* Buckingham: Open University Press.

Pellencin, L. 2009. Jy hoef nie Einstein te wees om dít te sien. *Beeld* (briewe) 14 September.

Pienaar, AM. 2007. *Trauma toets die kerk.* Ongepubliseerde lesing: Predikantekonferensie Universiteit van Pretoria – Lente in teologie en bediening.

Pieterse, HJC. 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):38–51.

Pieterse, HJC. 1993(a). *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, HJC. 1993(b). Die probleem van normatiwiteit en rasionaliteit in die beoefening van die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(2):197–203.

Pieterse, HJC. 1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(1):93–100.

Pieterse, HJC & Theron, JPJ. 1994. Die begeleiding van Afrikaanssprekende kerklidmate deur die prediking in die staatkundige oorgangsproses. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(2):141–154.

Pieterse, HJC. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1):75–101.

Pieterse, HJC. 2010. Response on Richard Osmer's approach to practical theology. Paper read at Society for Practical Theology in South Africa. Pretoria.

Postma, J. 1989. *Aantekeninge by 1 Korintiërs. Verklarende Bybel*. Kaapstad: Lux Verbi.

Potgieter, JH. 1999. Aantekeninge by Jona. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM.

Prinsloo, WS. 1984. *Van kateder tot kansel. 'n Eksegetiese verkenning van enkele Psalms.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Puchta, C & Potter, J. 2004. *Focus group practice.* London: SAGE.

Ramshaw, E. 1987. *Ritual and pastoral care.* Philadelphia: Fortress Press.

Reuters News Pro. 2010. Timeline: Chronology Zimbabwe economic crisis. Available on http://www.reuters.com. Accessed on 5 May 2010.

Roberts, JH & Du Toit, AB. 1978. *Handleiding by die Nuwe Testament (band I).* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Roberts, JH. 1983. *Die brief aan die Efesiërs.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Robinson, PJ. 1996. Die prediking oor sending, in *Riglyne vir sendingprediking tussen Pinkster en Advent,* onder redaksie van Burger CW, Muller BA & Smit DJ. Kaapstad: Lux Verbi:11–19.

Robson, D. 1993. *Real world research: a resource for social scientists and practitioner researchers.* Oxford: Blackwell.

Robson, S & Foster, A. 1989. *Qualitative research in action.* London: Edward Arnold.

Rorty, R. 1983. *Philosophy and the mirror of nature.* Oxford: Princeton University Press.

Rubin, HJ & Rubin, IS. 1995. *Qualitative interviewing: the art of hearing data*. Thousand Oaks: Sage.

Ruef, J. 1977. *Paul's first letter to Corinth.* London: SCM Press.

Schoeman, WJ. 2008. Daal roepingsverstaan in gemeentes? *Kruisgewys* 8(2):15.

Scholtz, L. 2010. Post-Christelike Europa? *Beeld.* 23 Desember.

Schwartz, C. 2005. *Color your world with natural church development.* Brisbane: NCD Australia.

Shapiro, ER. 1994. *Grief as a family process.* New York: The Guilford Press.

Shults, FL. 2009. *Encyclopedia of science and religion*, sv "Postfoundationalism". Available on http://www.enotes.com. Accessed on 3 December 2009.

Sinodale Kommissie vir Gemeentebou Noord-Transvaalse Sinode. 1996. *Gemeenteboubulletin.* Pretoria.

Smit, A (red). 1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes.* Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, AT. 2001. A systems perspective on transformation in the Dutch Reformed Church: a case study from a regional synod. *Practical Theology in South Africa* 16(1):120–141.

Smit, F. 2008. Ongepubliseerde lesing: *Demografiese tendense en die NG Kerk.* Noordelike Sinode van die Nederduitse Gereformeede Kerk. Augustus.

Smit, F. 2009. Tussen "duiwels" en blou see. *Beeld.* 2 Desember.

Smit, F. 2010. Die werklikheid: hulle gaan nêrens, *Beeld* 7 September.

Smit, GH. 2003. Gawegedrewe bediening in missionerende gemeentes. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 18(2):158–178.

Smit, N. 2009. Wittes, pas aan in SA, of pas op, *Beeld*, 11 September.

Smit, N, Geldenhuys, FE O'Brien & Meiring, P (reds). 1981. *Storm-kompas: opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig.* Kaapstad: Tafelberg.

Solidariteit. 2010. Zuma gaan 107 000 misdaadbriewe by Tuynhuys ontvang. *Solidariteit mediaverklaring 2010-3.* Beskikbaar by http://www.solidariteit.co.za/tuis-mediaverklarings Besoek 15-04-2010.

Steenkamp, L 2010. Verslag oor polisie verdoemend. *Volksblad.* 19 Maart.

Störig, HJ. 1972. *Geschiedenis van de filosofie.* Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum.

Swanepoel, FA (red). 1995. *So het die Here gesê.* Pretoria: CB Powel Bybelsentrum, Universiteit van Suid-Afrika.

Thomas, J. 1978. *Het luistert nauw.* Kampen: Kok

Thompson, JA. 1980. *The book of Jeremiah.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Trimp, C. 1983. *De gemeente en haar liturgie.* Kampen: Van den Berg.

Tucker, R & Dugas, J. 2009. *From sad to ugly: Semenya's detrectors "are racists of the highest order"* Available on http://www.sportsscientists.com. Accessed 10-03-2010.

Tutty, LM, Rathery, MA & Grinnell, RM. 1996. *Qualitative research for social workers.* Boston: Altyn and Bacon.

UCT Unilever Institute of Strategic Marketing. 2007. *SA's booming black middle class.* Available on http://www.biz-community.com. Accessed 10-12-2008.

UCT Unilever Institute of Strategic Marketing. 2008. *It's onwards and upwards for SA's Black Diamond women.* Available on http://www.biz-community.com. Accessed 10-03-2010.

Van Aarde, AG. 2004. Postmoderne epistemologie en postkoloniale hermeneutiek. *HTS* 60(3):1105-1125. Beskikbaar by http://www.hts.org.za. Besoek 15-12-2010.

Van Andel, CP, Geense, A & Hoedemaker LA (reds). *Praktische Theologie.* 's-Gravenhage: Boekencentrum BV.

Van der Merwe, JP. 2010. Die Afrikaner se belewing van transformasie en nasiebou in postapartheid Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* Jaargang 50 No 3:313-327.

Van der Ven, JA (red). 1985(a). *Pastoraal tussen ideaal en werklijkheid.* Kampen: Kok.

Van der Ven, JA (red) 1985(b). *Toekomst voor de kerk? Studies voor Frans Haarsma.* Kampen: Kok.

Van der Ven, JA. 1993. *Practical theology: an empirical approach.* Kampen: Kok Pharos.

Van der Ven, JA. 1994. Empirical methodology in practical theology. *Practical Theology in South Africa* 9(1):29–44.

Van der Watt, JG. 1988. *Wat maak 'n Christen anders? Bybelstudie oor 1 Korintiërs in dagboekvorm.* Wellington: Bybelkor.

Van der Watt, PB. 1977. *Gemeentes – en nogmaals gemeentes.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Huysteen, JW. 1997. *Essays in postfoundationalist theology.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Van Huysteen, JW. 2006. *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

Van Jaarsveld, FA. 1979. *Die evolusie van apartheid.* Kaapstad: Tafelberg.

Van Niekerk, SJG. 2003. *Apartheid was nie sonde nie.* Pretoria: Die outeur.

Van Rensburg, APJ. 1979. *Die nuwe Afrika.* Pretoria: HAUM.

Van Schalkwyk, J. 1988. *Gemeentebou ons opdrag.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Van Wyk, AG. 1993. Respons op: "Praktiese teologie as teologiese wetenskap binne die teologiese fakulteit" – Prof HJC Pieterse. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(1):57–62.

Van Zyl, HJ. 1999. Aantekeninge by Matteus. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM.

Vos, CJA. 1995. *Die blye tyding.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Vos, CJA & Müller, JC. 1991. *Mens en omgewing.* Halfweghuis: Orion.

Vos, CJA & Pieterse HJC. 2002. Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(2): 147-158.

Wallerstein, I. 2004. *The uncertainties of knowledge.* Philadelphia: Temple University Press.

Weisstein, EW. 1996–2007. Available on http://www.scienceworld.wolfram.com. Accessed 09-10-2008.

Wepener, CJ. 2005. Researching rituals: on the use of participatory action research within liturgical studies. *Practical Theology in South Africa* 20(1):109–127.

Wepener, CJ. 2007. Instandhouding vs gestuurdheid. *Kruisgewys* 7(4):12–14.

Wessels,WJ. 1987. Die boek Jeremia in *Tweegesprek met God. Die literatuur van die Ou Testament.* Burden, JJ & Prinsloo, WS (reds). Kaapstad: Tafelberg.

Wester, F. 1995. *Strategieën voor kwalitatief onderzoek.* 3de druk. Bussum: Coutinho.

Wester, F & Peters, V. 2004. *Kwalitatieve analyse: uitgangspunten en procedures.* Bussum: Uitgeverij Coutinho.

Wethmar, CJ. 1996. Ongepubliseerde voordrag by Noord-Transvaalse Sinode. Augustus.

White, M & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

*Wikipedia*. 2009. Sv "*Case study", "Economy of Zimbabwe", Einstein-Bohr debates", "Focus group", "General relativity", "Grounded theory", "Participatory action research"*, *Thomas Kuhn", "Qualitative research",* "*Failed state*". Available on http://www.wikipedia. Accessed in November - December.

Worden, JW. 2003. *Grief counseling and grief therapy.* London: Tavistock.

Wysocki, DK. 2004. *Readings in social research methods.* 2nd edition. Belmont: Wadsworth.